Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor | South African Language Rights Monitor
Fokusuitgawe 3 | Special Edition 3

# Universiteit Stellenbosch en die onverkwiklike taalstryd

## VANAF AFRIKAANSE "TAALTAMELETJIE" TOT VOLSKAALSE "TAALOORLOG" (2003-2017)

Johan C. Moll

# Universiteit Stellenbosch en die onverkwiklike taalstryd

VANAF AFRIKAANSE "TAALTAMELETJIE"
TOT VOLSKAALSE "TAALOORLOG"
(2003-2017)

Johan C. Moll

SUN BONANI
SCHOLAR

*Universiteit Stellenbosch en die onverkwiklike taalstryd (2003-2017):*
*Vanaf "taaltameletjie" tot volskaalse "taaloorlog"*

Uitgegee deur Sun Media Bloemfontein (Pty) Ltd.

Druknaam: SunBonani Scholar

Alle regte voorbehou

Kopiereg © 2018 Sun Media Bloemfontein en die outeur

Hierdie publikasie is deur die uitgewer aan 'n onafhanklike dubbel-blinde portuurevaluering onderwerp.

Die skrywers en die uitgewer het alles moontlik gedoen om kopieregtoestemming te verkry vir die gebruik van derdepartyinhoud en om sodanige gebruik te erken. Rig alle navrae aan die uitgewer.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Menings in hierdie publikasie weerspieël nie noodwendig dié van die uitgewer nie.

ISBN 978-1-928424-22-2
ISBN 978-1-928424-23-9 (e-boek)
DOI: https://doi.org/10.18820/9781928424239

Geset in Minion Pro 12/16
Bandontwerp, bladuitleg en produksie deur Sun Media Bloemfontein

Navorsing en akademiese werke word onder hierdie druknaam in druk en elektroniese formaat uitgegee.

Hierdie publikasie kan bestel word by: media@sunbonani.co.za
Die e-boek is beskikbaar by: https://doi.org/10.18820/9781928424239

# INHOUDSOPGAWE


**1. Inleidend** ........ **1**

1.1 Bronne en metodologie ........ 1

1.2 Die grondwetlike bepalings rakende taalonderrig op tersiêre vlak: strydige sienings ........ 6

1.3 Die "luislang van eentaligheid" ........ 14

1.4 Enkele algemene kwessies oor Afrikaans in die tersiêre onderrigsfeer ........ 16

1.5 Tiperings van die strydende groepe en regeringsaandrang op transformasie ........ 19

1.6 Taalopsies in die taalstryd ........ 21

1.7 Die faksies in die stryd ........ 27

**2. Die Brink-fase (2002-2006)** ........ **33**

2.1 Rektor Brink se *No Lesser Place – The taaldebat at Stellenbosch* ........ 33

2.2 Giliomee en Schlemmer se *'n Vaste Plek vir Afrikaans – Taaluitdagings op die Kampus en die agteruitgang van Afrikaans* ........ 40

2.3 Die pro-Afrikaanse kandidate wen die raadsverkiesing (25 Maart 2006) ........ 42

2.4 Die topbestuur se aanvanklike beloftes oor die posisie van Afrikaans ........ 51

2.5 Giliomee se pleidooi vir groter onverbiddelikheid oor taalsake 53

2.6 Die senaat se verwerping van die konvokasievoorstelle ........ 55

2.7 Die "bewys-deur-syfer-fase" ........ 59

2.8 Versoeningsargumente en -optredes ........ 62

2.9 Brink se vertrek en die vooruitsigte vir 'n nuwe taalbeleid ........ 64

**3. Die Botman-fase (2006-2014) .......... 69**

3.1 Die Stellenbosch-beraad (September 2006) oor Afrikaans op tersiêre vlak .......... 69
3.2 Hervatting van die taalstryd na die "wapenstilstand" .......... 71
3.3 Die raad aanvaar die parallelmedium-opsie: Februarie 2009 .......... 74
3.4 Die mobilisering van Afrikaanses vir die taalstryd en voortgesette "bekgevegte" .......... 80
3.5 Botman se gerusstelling oor Afrikaans .......... 83
3.6 Die Zevenwacht-byeenkoms-herrie .......... 89
3.7 Reaksie oor die mobilisering van Afrikaner-organisasies teen die raad .......... 92
3.8 Die taaldebat kry 'n "totaal ideologiese inslag" .......... 94
3.9 Bekendstelling van die nuwe taalplan (Junie 2009) .......... 98
3.10 De Klerk se pleidooi: "Bêre die lang messe" .......... 100
3.11 "Versmoring" van ander standpunte .......... 103
3.12 Nuwe denke oor onderrig en reaksies daarop .......... 112
3.13 Die Vredenheim-debakel (Januarie 2010) .......... 118
3.14 Drie uitvoerende- konvokasiebestuurslede bedank .......... 129
3.15 Die dwang van demografie: US se dae as Afrikaanse universiteit getel .......... 130
3.16 Die nuwe US-kanselier se standpunt oor Afrikaans: 'n "yskoue stort" .......... 132
3.17 Giliomiete teen Hertzogiete: die Maart 2010 raadsverkiesing .......... 134
3.18 Litigasie kom ter sprake .......... 142
3.19 Botman se idee van 'n "linguistiese ubuntu" .......... 145
3.20 Kapp se siening van 'n volwaardige Afrikaanse US en reaksie daarop .......... 147

3.21 Botman oor die stand van Afrikaans by US (Maart 2010) ......... 151

3.22 Uitslag van die Maart 2010 raadsverkiesing: triomf vir die voorstanders vir Afrikaans en die reaksie van die Rektor .......... 154

3.23 Die kwessie van meer bruin studente en die aandrang op Engels ........ 158

3.24 Die konvokasie-ingryping: Afrikaans "verdwyn sonder monitering" ........ 163

3.24.1 Jong Maties se eis vir 'n volwaardige plek vir Afrikaans en steun uit Afrikaanse geledere ........ 163

3.24.2 Reaksies op die mosie ........ 168

3.25 Die De Vos/Heese-woordherrie: 'n "nuwe laagtepunt" ........ 169

3.26 Bruin leiers tree in die bresse vir Afrikaans: US se "spiritus op die bloeiende kleintoontjie van Afrikaans" ........ 177

3.27 Die raad se afkoelmosie en die senaat se weerspreking van die bestuur ........ 180

3.28 "Laai US-raad met Taalbulle" (Giliomee) ........ 182

3.29 'n Stormloop teen 'n fakultêre transformasievoorstel ........ 184

3.29.1 Die Yach-verslag ........ 184

3.30 Onmin oor 'n koshuistoelatingsplan ........ 193

3.31 Nuwe taalreëlings (8 Mei 2013) ........ 196

3.32 Einde van die Botman-era: 27 Junie 2014 ........ 198

**4. Die De Villiers-fase (2014-) ........ 200**

4.1 Die al sterkerwordende eise vir transformasie ........ 202

4.1.1 Die belangrikheid van Engels: die "verengelsde en verengelsende" Suid-Afrika ........ 204

4.2 Die landswye studenteopstande: Oktober 2015 .......... 205
4.2.1 Algemene oorsake: finansiële faktore en transformasie eise .......... 205
4.2.2 Toenemende woede oor die onreg van die verlede en trae transformasie .......... 207
4.3 Die US-opstand (September 2015) .......... 210
4.3.1 Getuienis van skreiende rassisme: opskudding oor die dokumentêre video Luister .......... 210
4.3.2 Open Stellenbosch (0S) se aandrang op transformasie .. 219
4.4 Verduideliking oor US se transformasie in die parlement .......... 223
4.5 Die beveiliging van studente en die stigting van ’n vereniging van oudstudente vir die behoud van Afrikaans: (September 2015) .......... 225
4.6 Die raad se omstrede taalbeleidbesluit: 30 September 2015 ...... 228
4.7 Die problematiek van transformasie .......... 231
4.8 US word betrek by die landswye studente-betogings: Oktober 2015 .......... 235
4.8.1 Agtergrond van die #FeesMustFall-veldtog .......... 235
4.9 Die nuwe rektor se “alles Engels”-bom en die dramatiese ommeswaai in die taalbeleid: 12 November 2015 .......... 236
4.9.1 Die rektor “speel nie oop kaarte nie” .......... 237
4.10 Die raad bekragtig die bestaande beleid: 15 November 2015 .... 239
4.11 Die ANC en senior akademici se steun vir die rektor se nuwe taalplan .......... 241
4.12 Heftige reaksie op die rektor se verklaring en optrede .......... 246
4.12.1 Knievallery voor die regering .......... 246
4.12.2 “Roemlose kapitulasie” .......... 249
4.12.3 “Die skrif vir Afrikaans reeds lank aan die muur” .......... 255

**5. Oorwinning vir die taalstryders: Die bestaande taalbeleid word herbekragtig (1 Desember 2015)** ........ **258**

**6. Oproep om US te bou as meertalige bate** ........ **260**

**7. “Purplegate”: die “blackface-debakel”** ........ **262**

7.1 Die betekenis van “blackface”; verwyte teenoor die rektor ........ 265

7.2 Is die rasbril by Maties uit fokus? ........ 268

**8. Dreigende regsaksie oor die verheffing van Engels tot primêre taal** ........ **270**

**9. Die nuwe konseptaalbeleid (Maart 2016)** ........ **280**

9.1 Amptelike ondersoek na die afwyking van die beleid ........ 281

**10. Beweging vir die behoud van Afrikaans by US: die Gelyke Kanse (GK) inisiatief** ........ **284**

**11. Afrikaans by US: ’n “sterwende perd”** ........ **286**

**12. Afrikaans se verskansing in die weegskaal: “deurlopende aanwending van Engels” (raadsbesluit 21 Mei 2016)** ........ **290**

**13. Bekendmaking van die finale konsepbeleid (22 Mei 2016)** ........ **292**

13.1 “Swart Woensdag”: Afrikaans se beskerming word beëindig (22 Junie 2016) ........ 294

13.1.1 “Vervreemding deur ’n imperiale taal” ........ 294

13.1.2 Die taalbesluit: ’n “bevrydende meganisme” ........ 298

13.2 Die finansiële implikasies van die nuwe taalbeleid ........ 299

**14. Litigasie: Julie 2016** ... **302**

14.1 Die rektor se "tour d'Afrikaans" na die bruin gemeenskappe: September 2016 ... 304

14.2 Gelyke Kanse litigeer teen US: 30 September 2016 ... 305

14.3 Die mobilisering van oudstudente vir herbesinning oor die taalbeleid ... 306

14.4 'Keerpunt vir tale'? Die UV se litigasie-triomf rakende die voorrang van Engels: 28 Maart 2017 ... 307

14.5 Afrikaans se "geleidelike bankrotskap" ... 309

14.6 Nuwe ras-toelatingsplan vir Die US: Februarie 2017 ... 311

**15. US se "voortslepende regstryd"** ... **313**

**16. KH beslis ten gunste van UV: 29 Desember 2017** ... **316**

**17. Nuwe "leefruimte vir Afrikaans"?** ... **318**

**18. Slotgedagtes** ... **320**

18.1 Die verswakking van Afrikaans op tersiêre vlak en die al groter akkommodering van Engels as landswye verskynsel ... 320

18.2 Die stryd om Afrikaans se posisie te beveilig ... 321

18.3 Die voortdurende aanpassings in die onderrrigmodelle ... 323

18.4 Die twee teenpole in die taalstryd ... 323

18.5 Die onvastheid van Afrikaans op tersiêre vlak ... 325

**BRONNELYS** ... **329**

**INDEKS** ... **348**

**LYS VAN AFKORTINGS** ... **356**

**OOR DIE SKRYWER** ... **357**

# Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor / South African Language Rights Monitor

## Fokusuitgawe 3 / Special Edition 3

Die *Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor / South African Language Rights Monitor* is ’n publikasiereeks van die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging aan die Universiteit van die Vrystaat. Aanvanklik is die reeks ingerig om ’n jaarlikse *Monitor* uit te gee waarin daar verslag oor die taal- en taalregteverwikkelinge in Suid-Afrika gedoen word. Aangesien die jaarlikse *Monitor* oorsigtelik van aard is en uiteraard tot een kalenderjaar beperk word, bly die ondersoek van brandende en meestal deurlopende taalvraagstukke agterweë. ’n Behoefte het dus ontstaan om die reeks met die daarstel van spesiale uitgawes as ’n tweede komponent in die reeks uit te brei. Hierdie fokusuitgawes bied dus diepgaande beskrywings van sodanige temas wat slegs oorsigtelik in die ander uitgawes van *Monitor* aan die bod kom. Hiermee spreek ons die hoop uit dat ’n belangrike bydrae gelewer word tot die verdere dokumentering van eietydse taalverwikkelinge hier te lande.

**Theodorus du Plessis** (*Reeksredakteur*)
*Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging*
*Universiteit van die Vrystaat*
Bloemfontein
November 2018

# 1. INLEIDEND

*Hoewel die verloop van gebeure in hierdie verhaal oor Afrikaans se stryd om oorlewing op 'n histories-Afrikaanse universiteit vol drama en intrige verloop het en inderwaarheid die aandag van 'n wye leserspubliek verdien (in die woorde van een van die keurders), is dit in die eerste plek 'n wetenskaplike, objektiewe ontleding van feitelike gebeure rondom 'n verwikkelde taalstryd. By tye het dit tot hoogspanning gelei en die versoeking was inderdaad sterk om dit meer boeiend en populêr aan te bied. Die eise gestel aan 'n wetenskaplike navorsingspublikasie vir subsidievereistes moes egter hier voorrang kry.*

## 1.1 Bronne en metodologie

Hierdie ontleding van die taalstryd[1] op die kampus van die Universiteit Stellenbosch (US) strek van 2003 tot Maart 2018 en put uit 'n verskeidenheid hoofstroom- (tradisionele) media. Namate nuwe diskoerse soos Facebook en Twitter ontwikkel en al sterker aangehang word, word die tradisionele media (koerante, radio en TV) wel gerelativeer, sodat hierdie bronne geensins meer alleenreg op inligtingverspreiding en die vorming of beïnvloeding van die openbare mening het nie (Froneman 2016:6). Vir diegene wat begerig is om agter die waarheid te kom het die tradisionele media egter belangriker geword weens die talle verdraaiings en fiktiewe nuus van Twitter en Facebook. Vir hulle bly koerante steeds 'n belangrike komponent van die mediawêreld. Ontledings het bevind dat die drie hoofstroom- Afrikaanse dagblaaie – *Die Burger*, *Volksblad* en *Beeld* – daagliks minstens 42,6% van die Afrikaanse leserspubliek bereik, wat getuig van die potensiële invloed wat die gedrukte media oor aktuele sake

1 Die oogmerk is 'n wetenskaplike aanbieding en ontleding; nie 'n populêre werk vir die algemene gehoor nie.

van die dag steeds op die leserspubliek uitoefen. Die belangrike invloed van veral koerante kan aan drie faktore toegeskryf word. Eerstens bied koerante ’n belangrike bekendstelling- en voorstellingwyse van gebeure wat belangrik en gemeensaam in ’n samelewing is. Al is koeranttekste baie kortstondig van aard lê die belangrikheid van koerante tweedens daarin dat dit vir die meerderheid lesers die belangrikste en dikwels die enigste geskrewe inligtingsbron is en bly (Reah 1998). Derdens kan die beeltenisvoorstelling van koerante sekere oortuigings en idees in ’n gemeenskap laat posvat en verder stimuleer. Sulke idees kan tot bepaalde vooroordele en vereenvoudigde sienings lei, soos in die onderhawige geval waar die US se taalstryd soms vereenvoudig voorgestel is as enersyds ’n stryd tussen bekrompe taalvegters vir Afrikaans, of andersyds as verraaiers wat die taal geheel en al in die steek gelaat het. Die blote keuse van wat as nuuswaardig geag word, veronderstel reeds ’n mate van sensurering deur ’n redakteur of verslaggewer wie se eie ideologiese vooroordele lesers van ander belangrike(r) perspektiewe en verklarende gebeure kan ontneem en weerhou (Lubbe, Moll & Du Plessis 2011:4). Ook van belang in koerantnuusdekking is die dekkingsvoordeel van berigte wat dui op die prominensie (voor-, middel- of agterblad, byvoorbeeld), grootte van lettertipes, lengte, aard van foto’s, ensovoorts. Inhoudvoordeel waar die persoonlike oortuigings en sienings van joernaliste en medewerkers die oorhand kry, is ook moontlik. Onderskrywing van en simpatie teenoor ’n bepaalde saak (byvoorbeeld vir of teen die handhawing van Afrikaans op tersiêre vlak) kan die boodskap en persepsie wat berigte oordra, sterk beïnvloed. Raadpleging uit ’n verskeidenheid van gedrukte media word gevolglik belangrik ten einde ’n gebalanseerde en objektiewe ontleding te probeer vind en die geldigheid van sienings en interpretasies te probeer vasstel.

Die waaksame navorser besef dat die verskillende media elk herkenbare politieke voorkeure daarop nahou. Boonop het die navorser self sy of haar eie voorliefdes en afkeure. Hoeveel onheile sal egter totaal versluier bly, opbouende nuus geïgnoreer en individue en gemeenskappe benadeel word indien die media nie vrylik oor goed en kwaad kan rapporteer nie? Meer as ooit tevore is akkurate, billike en gebalanseerde nuusverslaggewing “onontbeerlik vir ons

demokrasie", omdat dit meehelp tot "'n beskaafde openbare debat, gegrond op feite en behoorlike kontekstualisering" (Froneman 2016:60; Scholtz 2017a:8). Versigtige aanname van persberigte is belangrik (veral berigte wat anoniem verskyn) en die "ander kant" van die verhaal is dikwels 'n belangrike korrektief wanneer daar oor die oorsake, verloop en gevolge van belangrike en kontensieuse gebeure navorsing gedoen word. In essensie is die eind-ideaal die vasstelling van "*wie es eigentlich gewesen ist*"[2] (Von Ranke) wat die voortdurende opweeg van feite om die waarheid te probeer vind, impliseer.

Ekstremistiese individue en groepe selfbehepte intellektueles met selfvoldane, maar misleidende antwoorde is geneig om by tye 'n oorverdowende openbare rol te speel. Dit is dan wanneer opruiende lawaaimakers en beginsellose leiers smeerveldtogte en onverkwiklike intriges in die mou voer en nugter en rasionele denke die aftog blaas. In 'n wetenskaplike analise van mediadekking van 'n taalkwessie en spesifiek 'n omstrede en emosionele onderwerp soos moedertaalonderrig, of die al groter impak van Engels waardeur baie emosie ontlok word, moet die presiese rol wat die gedrukte media speel, sowel as die dekkingsvooroordele daaraan verbonde voortdurend verreken word. Die navorser het hier te doen met selfsensurering en vooroordele in die berigte, veral gegewe die feit dat taalaktivisme 'n sleutelrol speel. (Sien Lubbe, Moll & Du Plessis 2011.) Die aksies wat rondom die posisie van Afrikaans ter sprake kom, lewer baie duidelike voorbeelde van taalaktivisme in sy talle variante en tentakels: klagtelegging; drukgroepvorming; gemeenskapsmobilisering; litigasie of dreigemente van litigasie; selfs geweldpleging. Ander aktivistiese wapens wat in hierdie taalstryd uitgewys kan word, is appèl op politici, driftige optogte en lokaalbesettings; dreigemente van ekondruk, boikot en selfs leuens en wanvoorstellings en uiteindelik skokkende geweldpleging, brandstigting en eiendomsvernietiging. Dikwels word dit dan 'n kwessie van die student se storie, die universiteitsbestuur se storie en die waarheid êrens tussenin.

Uit die aard van die onderwerp het veral Afrikaanse koerante groot belangstelling getoon en talle berigte oor die US-taalstryd gehad, terwyl

2 Vertaling: Hoe dit eintlik was.

dekking daarvan in veral *Mail & Guardian, The Star, The Cape Times* en die *Cape Argus* soms kritieser, indringender en objektiewer ondersoek en standpuntstelling bevat het. Dikwels is die taalkwessies so belangrik geag dat dit voorblaaie gehaal het en volgens die oordeel van die redaksie, kommentaar in talle hoofartikels geregverdig het. Wat taalsake betref, was hierdie era een van onsekerheid oor die eise en gevolge van transformasie en dit was veral die Afrikaanssprekendes se taal en kultuur wat paradigma-verskuiwings ondergaan het, uitdagings moes trotseer en soms groot aanpassings moes maak. Die besef dat Afrikaanssprekendes sou moes saamstaan en self onwrikbaar vir hulle taal moes stry, het op tersiêre vlak sterk neerslag gevind in die mobilisering van veral alumni wat al driftiger rondom Afrikaans begin verenig het.

In hierdie ontleding van ’n taalkwessie wat reeds bykans twee dekades duur, word die histories-strukturele benadering gevolg, ’n metode in taalnavorsing wat deur verskeie gerespekteerde navorsers as belangrik uitgewys word (Toleffson 1991; Wiley 1999). In wese behels dit ’n kritiese inhoudsanalise van berigte oor die verloop van die US-taalstryd. Baie van die kwessies wat hier aangeroer word, verdien sekerlik dieper analise, terwyl sekere vrae onbeantwoord bly veral weens die tekstuele afwesigheid oor bepaalde aspekte en oor die dieper konteks van gebeure, standpunte en verklarings. Ook van belang is agentskap – die persone aan die woord, hulle agtergrond, denkwêreld en motiewe – waaroor dikwels min gegewens in die berigte verskyn. Desnieteenstaande word ’n hele panorama van gebeure (strydende groepe, taalopsies, weerstand en versoening, mobilisering, kreatiewe taalopsies en taalbeleidsveranderinge, groep- en rasgebaseerde standpuntinnames en transformasie in sy wye veelhoekigheid, ensovoorts) juis deur die inhoudsanalise van berigte aan die orde gestel. In wese staan die historiese element in wat hier aangebied word, sentraal in wat hier aangebied word en bly dit ’n ontplooiende en voortstuwende verhaal waarvan die hoofmomente uitgelig word en belangrike rolspelers, denkers en akademici se sienings en uitsprake belig word. Ook die breër demokratiese ingebedheid daarvan soos

vergestalt in 'n verskeidenheid van (soms onbeholpe, dikwels opruiende, maar dikwels eerlike) menings uit alle lae van die gemeenskap kom aan die orde.

Hoe die taalverwikkelinge by US gedurende die kampus-taalstryd kan verloop het in terme van die heftiger-wordende aanslag teen Afrikaans in drie tydperke verdeel word (soos in die teks aangedui) wat saamval met die bewindstye van drie rektore: Chris Brink (2002-2006), Russel Botman (2006-2014) en Wim de Villiers (2014-). Rektorsperiode na rektorsperiode vertel die verhaal van die feller-wordende stryd teen verengelsing, die heftiger aandrang op transformasie en die driftiger mobilisering rondom Afrikaans. Waarskynlik is die belangrikste tendens en wesenlike werklikheid in die verhaal wat vertel word hoe Afrikaans gaandeweg en onomkeerbaar 'n kreeftegang op tersiêre vlak beleef het. Een van die belangrike uitvloeisels van die woelinge rondom Afrikaans was hoe die aard en opset van die vroeëre feitlik uitsluitlike wit, Afrikaanse HAU's[3] eens en vir altyd radikaal verander het. Tydens Brink se rektorskap het die spanning tussen senaat en raad aan die een kant en die konvokasie aan die ander kant duideliker na vore getree met veral die onverbiddelike standpunt van die taalstryders (en die konvokasie in die besonder) vir die oorheersende posisie van Afrikaans deur streng monitering. Botman se veel langer rektorskap van bykans agt jaar is gekenmerk deur 'n gestoei oor onderrigmediums, toenemende vrese oor die nadelige gevolge van dubbelmedium op die posisie van Afrikaans en die uiteindelike aanvaarding van parallelmedium. Sekere fakulteite het al sterker geluide vir 'n groter rol vir Engels begin maak weens praktiese oorwegings asook groter sensitiwiteit en empatie vir die uitsluiting van studente vir wie Afrikaans 'n geslote boek was. Ontstellender was die duidelike klanke en bewyse dat Afrikaans se posisie al meer weens die dwang van demografie en toenemende Engelse studentegetalle in die gedrang gekom het. Die teenreaksie op die groter toegeeflikheid teenoor Engels het al hoe heftiger geraak en gelei tot groter en

3 *Universiteit Pretoria (UP), Universiteit Stellenbosch* (US) en voor hulle naamsverandering of -wysiging, *Universiteit van die Oranje-Vrystaat*, nou Universiteit van die Vrystaat (UV), *Randse Afrikaanse Universiteit*, nou Universiteit Johannesburg (UJ), *Universiteit Potchefstroom*, nou Noordwes-Universiteit (NWU).

sterker mobilisering van Afrikaanses vir die taal. Veral die US-konvokasie se protes het luider en dreigender geword. Die oorheersende kenmerk van die De Villiers-era was die groter aandrang van regeringskant op transformasie, die veldtogte van die *Open Stellenbosch*-beweging, gesterk deur die algemene studenteonrus in die land. Nogtans is daar voortgeveg vir Afrikaans en so moes De Villiers in een stadium die aftog blaas in sy onnadenkende poging om te midde van ’n bestaande taalbeleid Engels skielik oorheersend te maak. Uiteindelik het Afrikaans tog sy verskanste posisie in die taalbeleidsverklaring verloor, wat deur die stryders vir die taal as ’n groot terugslag beskou is. Die ironie is dat die wesenlike oplossing vir Afrikaans se status en posisie in die laaste instansie nie meer op kampusse en by hulle besture berus het nie, maar by die houding en werklike steun van ouers en studente en gemeenskappe self. Hulle het in toenemende mate die keuse *vir* Engels gemaak. Nogtans lê die finale uitsluitsel oor Afrikaans op tersiêre vlak steeds in die toekoms en tans duur die stryd vir Afrikaans voort.

## 1.2 Die grondwetlike bepalings rakende taalonderrig op tersiêre vlak: strydige sienings

Die feit dat die aandrang op taal- en kultuurregte soos uiteengesit in die Grondwet vanaf 2006 al sterker na vore getree het, was ’n bewys van toenemende kommer oor die erosie van veral taalregte. As agtergrond vir die hewige US-taalherrie is dit verhelderend om daarop te wys in hoeverre taalregte een van die kerndoelwitte van die minderheidspartye gedurende die 1993-onderhandelinge oor die Grondwet was. Deurdat daar besef is dat Afrikaans slegs een van die talle minderheidstale in die nuwe bedeling sou wees, het FW de Klerk en sy mede-ondersteuners probeer verseker dat taalregte beskerm word. Dit was hierdie kommer ten aanskoue van Engels wat al hoe meer veld begin wen het, wat gelei het tot die erns om te verseker dat Afrikaans (op die rug van die argument van die bevordering van al Suid-Afrika se amptelike tale) op gelyke vlak erken en beskerm word. Alhoewel Afrikaans dus in die 1996-Grondwet as een van die 11 amptelike tale erken is, het die verloop van gebeure vanaf daardie datum getoon dat die ooreengekome

beginsel van die nie-inkorting van taalregte gaandeweg ondermyn sou word. Afrikaans het as aanvanklike deel van die regering se gebruikstaal geleidelik feitlik verdwyn, selfs in provinsies waar dit die gebruikstaal van die meerderheid was (Steward 2007:13).

Vanaf veral 2006 het die Histories Afrikaanse Universiteite (HAU's) hulle vasgeloop in regeringsgesteunde pogings om Engels 'n groter houvas op kampusse te gee. Dit het gebeur ten spyte van die feit dat tydens die finalisering van die 1996-Grondwet taalregte só ernstig opgeneem is dat dit ingesluit is by die grondbeginsels in die Handves van Regte (Steward 2007:13). Hierdie grondbeginsels het ook voorsiening gemaak vir die totstandkoming van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) en ander liggame soos die Kommissie vir die Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe (KGT) om "agting vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe te bevorder" (Steward 2007:13). Hierdie rade het egter nooit behoorlik orent gekom nie en al hoe swakker gefigureer in die debat oor die inheemse tale en oor klagtes rakende die gebrek aan die erkenning van al die amptelike tale teenoor Engels.

Universiteitsrade was bykans verplig om taalbeleid ooreenkomstig die beleidsrigting van die regering te bepaal en aan te pas. Presies hoe die regering die posisie van Afrikaans aan universiteite gevisualiseer het, was gevolglik van wesenlike belang. Teoreties gesproke kon elke nuwe minister van onderwys 'n voorganger se beleid wysig of herroep en 'n nuwe beleid aankondig en ten uitvoer bring. Die gevolg daarvan was dat selfs wetgewing "geen permanensie en geen langtermyn-voorspelbaarheid gebied het nie, 'n realiteit wat taalbeplanning vir universiteite ernstig bemoeilik het" (Grové 2006:13). Die November 2002-taalbeleid het wel die reg van universiteite erken om onderrig in Afrikaans aan te bied, maar afwysend teenoor die beginsel van 'n Afrikaanse universiteit gestaan.

Die departement van nasionale onderwys en die staat het ook oor ander beleidsraamwerk beskik met betrekking tot die posisie van Afrikaanssprekende studente. Universiteite kon nie aanspraak maak op finansiële hulp vir lesings in meer as een amptelike taal nie en Afrikaanse universiteite is in

die subsidie-toekenningsmodel gepenaliseer weens te min swart studente. Universiteite moes dus noodgedwonge en in alle erns met die regering oor die langtermynvooruitsig van Afrikaans onderhandel. Soos die US-taalstryd aantoon, het die debat ongelukkig grotendeels ontaard en verval in kwaai en kwetsende woorde tussen Afrikaanssprekendes onderling en twisgeskille met die bruin sprekers van die taal. Dit het die nadelige uitwerking gehad dat in die afwesigheid van 'n eendragtige en omvattende universiteitsplan onder al die belanghebbendes, Afrikaans vinniger verswak het. Ten spyte van die grondwetlike bepalings en die voorskrifte in die onderwysdepartement se beleidsdokument oor taal en hoër onderwys, was Afrikaans se rol deurentyd aan die afneem. By die regering was die kernbeginsel *toegang* tot onderwys en daaruit voortvloeiend totale ongeduld met enige taalvereistes wat individue (en veral jong swart mense) se toegang of aanspraak op universiteitstoelating op enige wyse kon belemmer. Die reg tot toelating het deurgaans veel swaarder geweeg as die uitbouing van die inheemse tale. Dit het tot gevolg gehad dat Engels toenemend die "verstektaal"[4] in die land geword het. Selfs al was dit in sommige gevalle 'n bedryfsvereiste dat dosente in Afrikaans moet doseer, is dit nie in ag geneem in die beoordeling van universiteite se transformasieprestasies nie, met die gevolg dat die aantal dosente wat in Afrikaans kon doseer noodwendig aan die afplat was. Op nagraadse en navorsingsvlak is Engels bevoordeel deurdat Afrikaanse navorsing en publikasies byvoorbeeld min gewig by die liggaam wat navorsingsgradering bepaal het – die Nasionale Navorsingstigting (NRF)[5] – gedra het. Die gevolg was dat Engels in 'n al groter mate die wetenskaplike taal in die land geword het. Veral die geesteswetenskappe het die verarming en ernstige gevolge daarvan begin voel en dra (Grové 2006:13).

4 Dit is 'n woord wat los en vas gebruik word en wat in 'n juridiese sin eintlik "versuim om te verskyn" beteken; dit verskyn nie in Afrikaans nie en Engels neem die plek daarvan in.

5 Algemeen as die NRF (die Engels afkorting vir die National Research Foundation) bekend.

Aanvanklik het die protes teen verengelsing op universiteitskampusse eers net by die UP voorgekom, maar dit het vinnig ook na die US versprei. Aan die begin het die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) die leiding in die US-debat geneem, maar gaandeweg het die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) en al hoe meer ander Afrikaanse organisasies ook tot die debat toegetree. Wat van wesenlike belang sou word, was dat tydens die debat die belemmerende verdelingslyn tussen wit en bruin in Afrikaans begin vervaag het (Rossouw 2006:20).

Die vraag duik onwillekeurig op watter beskerming daar op grondwetlike vlak werklik nog vir Afrikaans bestaan het. Een van die belangrikste dokumente in dié verband is die *Language Policy for Higher Education* (LPHE) van 2002. Daarvolgens is ’n getransformeerde taalbestel vir hoër onderwys in die vooruitsig gestel wat wel erkenning aan Engels en Afrikaans by hoëronderwysinstellings verleen, maar ’n einde gebring het aan eentalige Afrikaanse instellings (Du Plessis, 2014:9). Alhoewel die behoud van Afrikaans binne verskillende taalmodelle soos parallel- en dubbelmedium aanvaar is, was dit met die duidelike voorbehoud dat Afrikaans nie ’n uitsluitingsmeganisme vir studente-inname mag wees nie. Hierdie bepaling het ernstige implikasies ingehou vir die neiging by die regering en onder veral jong swart studente om ’n verband tussen Afrikaans en Afrikaanse identiteit te lê en om agterdog te saai dat uitsluiting (en moontlike bedekte apartheidstrewes) die ware motivering agter Afrikaanse taalbeywering is. Engels is as ’n neutrale en daarom as die aangewese universitêre taal voorgehou. Volgens Du Plessis het studente wel steeds die reg gehad om tussen twee amptelike onderrigtale te kies, ’n reg wat trouens in artikel 29(2) van die Grondwet gewaarborg word. Daar was egter ’n verskil van mening oor hierdie interpretasie. Wat Du Plessis betref, het die keuse oor onderrigtaal in die eerste instansie gegaan oor ’n keuse vir wat die *medium* van onderrig moet wees en moes dit nie sonder meer as ’n identiteitsimbool gesien of voorgehou word nie. Vanuit staatsdepartementele kringe is daar egter steeds ’n oningeligtheid geopenbaar oor die neergelegde taalbeleidsraamwerk en hierdie departemente se steun vir en selfs ophemeling van Engels het “eintlik hul onkunde (of

moedswilligheid) oor hoe 'n taalgetransformeerde universiteit behoort te lyk", verraai (Du Plessis 2014:9). Soos aangedui sal word, is die uitkoms van litigasie om Afrikaans staande te hou al hoe meer in die guns van Engels as primêre taal beslis.

Wat ook van besondere belang was, was die rektore van die HAU's se ooreenkoms met die minister van nasionale opvoeding dat dié universiteite Afrikaans in stand sal hou sodat die minister kon afsien van die aanvanklike idee van 'n noordelike en 'n suidelike Afrikaanse universiteit. Diegene op die kampusse wat Afrikaans probeer beskerm het, is deur die regering met wantroue bejeën as voorstanders van 'n strewe na eksklusiwiteit wat as 'n oorblyfsel van die apartheidsindroom beskou is. Afrikaans as wetenskapstaal is in 'n krisis gedompel weens die toenemende prestige wat aan Engelse vaktydskrifte gekoppel is en al minder akademici het in Afrikaans begin publiseer (Du Plessis 2014:9). 'n Bydraende faktor volgens die yweraars vir Afrikaans was die swak en verdeelde weerstand van rektore in die beskerming van Afrikaans sodat daar selfs na hulle verwys is as "idiote in diens van die regering".

In 'n aanvegbare stelling het minister Nzimande in Augustus 2015 in die parlement beweer sy departement van nasionale onderwys is in die proses van die hersiening van die taalbeleid vir universiteite soos in 2002 opgestel, maar dat Engels vir eers die hoofonderrigtaal bly (Felix 2015:7). Nzimande het daarop gewys dat daar nog vier universiteite (UV, UP, US en NWU) was waar studente graadkursusse in hulle moedertaal kon volg en dat dit nie prakties haalbaar was om behalwe vir Engels en Afrikaans, die ander Afrika-tale as hoofonderrigtale te identifiseer nie. Volgens sy siening was Engels die beste taal om as hoofonderrigtaal te gebruik. Hy het erken dat by die HAU's waar vroeër net in Afrikaans opleiding gegee is, meertaligheid wel toegepas word, maar ook beklemtoon dat daarna gestrewe moet word om die inheemse tale te ontwikkel. Alhoewel sy departement volgens die voorskrifte van die Grondwet 'n oorkoepelende nasionale taalbeleid vir alle instansies moes daarstel, was elke universiteit vir sy eie taalbeleid verantwoordelik (Felix 2015:7).

In die parlement is daarop gewys dat die bestaande beleid onregverdig teenoor nie-Engelstalige studente sowel as teenoor swart inheemse

moedertaalgebruikers is omdat hulle gedwing word om in Engels te studeer (Felix 20115:7). Alhoewel Nzimande se idee van beleidshersiening verwelkom is, is hy uit verskeie oorde aangevat oor sy stelling van Engels as dié universiteitstaal. Du Plessis het dit problematies gevind dat Nzimande Engels as hooftaal verklaar het, omdat daar binne die bestaande taalbeleidsraamwerk geensins so ’n bepaling was nie. By implikasie het dit dus studente se reg op die amptelike onderrigtaal van hulle keuse (artikel 29) verontagsaam en ingeperk. Dit het ook al groterwordende middelmatigheid in die hand gewerk, want studente moes voortsukkel in Engels as hulle nie-moedertaal, terwyl Engelssprekende studente steeds bevoordeel is. Du Plessis se hoop was daarop gevestig dat ’n nuwe beleidsraamwerk deur die minister taalkeusevryheid sou daarstel as teenvoeter teen middelmatigheid (Theo du Plessis 2015:6).

Die grondwetkenner, prof. Pierre de Vos, se uitleg van wat artikel 29(2) van die Grondwet presies bepaal, was dat moedertaalonderrig slegs toegepas kan word indien dit redelik uitvoerbaar is en nie rassediskriminasie teweegbring nie. Taalregte was nie absoluut indien ander menseregte geskend word nie, en universiteite is as nasionale bates beskou waar ander tale en kulture nie uitgesluit mag word nie. Enkelmedium-instellings was dus *per se* diskriminerend (Krige 2011:4). Die vraag waar presies dit dan Engelse universiteite laat wat slegs in een taal funksioneer, is dikwels deur die taalstryders vir Afrikaans aangeraak. Hierop is nooit deur die regering gereageer nie. Een van die oudregters van die Konstitusionele Hof, Johann van der Westhuizen, was ook van mening dat artikel 29 nie opweeg teen artikel 30 nie, wat bepaal dat taalregte nie toegepas of kan geld “op ’n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie”. Hy het dit geïnterpreteer as ’n verbod teen enige diskriminasie. Jonathan Jansen, voormalige UV-rektor, het Van der Westhuizen se siening gesteun deur daarop te wys dat die beskerming van Afrikaans as onderrigtaal vir baie swart mense steeds ’n simbool van “rasse-uitsluitings, wit bevoorregting en marginalisering” is (Scholtz 2017:8). Hierdie menings het Scholtz onthuts, omdat hy van oordeel was dat bogenoemde “swaargewigkommentators” nie besef dat hulle standpunt die Grondwet-artikels wat taalregte beskerm totaal en al waardeloos en

niksseggend maak nie. Scholtz het die geldige vraag geopper of ’n mens dus jou verwerping van diskriminasie toon deur teen Afrikaanstaliges te diskrimineer. Wat hom betref, was daar bewyse dat Afrikaans as onderrigtaal toegepas kan word sonder om nie-Afrikaanssprekendes uit te sluit. Die groot uitdaging was om met alle mag die idee te bestry dat Afrikaanse taalregte diskriminasie en neo-apartheid impliseer, of dat daar hoegenaamd weer daarna gestrewe word (Scholtz 2017:8). Scholtz se beswaar was dat die oudregter nie sy stelling met enige feite staaf nie. Die uitleg van Theo du Plessis was dat die oudregter se standpuntinname van ’n “populistiese, moraliserende” standpunt getuig het en hy van die verdedigers van Afrikaans verwag het om ’n “weg met Afrikaans” standpunt in te neem, terwyl Scholtz se siening ooreengestem het met die “gevestigde internasionale regspraktyk (en literatuur)”. Scholtz was korrek dat Van der Westhuizen se siening oor taalregte in werklikheid die Grondwet ten opsigte van taalregte opgehef het sodat beskerming van taalregte geen sin meer gemaak het nie (Du Plessis 2017a:6).

Die kwessie van minderheidsregte is telkens opgehaal en wel tot so ’n mate dat selfs internasionale bepalings daaroor bygehaal is. Scholtz het aan die einde van 2015 heftig verskil met twee US-professore in die fakulteit regte, wat betoog het dat die Grondwet nie aan Afrikaanssprekendes die reg op moedertaalonderrig gee nie en dat aandrang daarop verkeerd en onaanvaarbaar is weens die taal se verbintenis met apartheid (Scholtz 2015g:6). Hy het hulle beskuldig van angstigheid om politiek korrek te wees en kon nie begryp dat hulle nie kon insien en korrek peil presies wat artikel 29 van die Grondwet rakende moedertaalonderrig stipuleer nie. Dit het wel bepaal dat daar nie teen ander gediskrimineer kan word of dat hulle benadeel mag word nie, maar ’n onderwysinstelling kon wel hierdie hekkie oorkom omdat taal- en minderheidsregte wêreldwyd al hoe meer erken word, soos blyk uit verskeie internasionale bepalings daaroor: die Raad van Europa se Raamwerkkonvensie vir die Beskerming van Minderhede (1995), die Verenigde Nasies se Internasionale Konvensie vir Burgerlike en Politieke Regte (art. 27), Die Europese Handves vir Streek- of Minderheidstale (1992), die Verklaring oor die Regte van Mense wat tot Nasionale of Etniese Religieuse Minderhede

behoort (1992), die Internasionale Konvensie oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte (1966), die Creative Education Institute (CEI) se instrument vir die Beskerming van Minderheidsregte (1994), die Konvensie teen Diskriminasie in die Onderwys (1960), en die Oslo-aanbevelings betreffende die Taalregte van Nasionale Minderhede en Verklarende Nota (1998). Artikel 1 van eersgenoemde dokument stipuleer byvoorbeeld dat die beskerming van nasionale minderhede en van die regte en vryhede van persone wat deel vorm van sulke minderhede ’n integrale deel van menseregte uitmaak en as sodanig binne die bestek van internasionale samewerking val. Wat Scholtz betref, het die pleidooi vir Afrikaans gevolglik op die volle krag van die volkereg berus en nie diskriminasie teen andere veronderstel nie. Om soos die twee US-professore te redeneer was vir hom niks minder nie as bewys dat hulle geensins omgee vir die verdwyning van Afrikaans by die US nie. Hulle redenasie was in werklikheid in stryd met die Grondwet, deurdat hulle teen Afrikaanssprekendes diskrimineer. Hulle argument om die apartheidskwessie weer na vore te bring het hy as “armoedig” bestempel weens hulle onvermoë om te besef dat onreg in baie tale geskied en veral ook in Engels, waardeur enorme koloniale stelsels orent gebring en geperpetueer is. Waarom moet “die klein taal Afrikaans uitgesonder word? Sou dit wees dat daar gekapituleer word onder die druk van studente wat met geweld dreig, of dat die intimidasie van die regerende ANC nie meer verduur kan word nie?” Sy driftige advies aan hulle was: “As jy nie wil hê ’n wolf moet jou vreet nie, moet jy jou nie soos ’n skaap gedra nie.” (Scholtz 2015g:6)

Die uitleg van wat presies die Grondwet voorskryf en nie voorskryf nie en die botsende verklarings daaroor was uiteindelik ’n saak waaroor net die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika (KH) kon besluit, soos later sou blyk in ’n KH-uitspraak oor taalbesluite aan die UV (kyk p. 317). ’n Interessante nuwe perspektief daaroor in daardie stadium was dat die deelnemers aan die onderhandelinge oor en finalisering van die Grondwet ’n “pakt” van swart en wit “elites” was en dat die gewone mense betrokke by die Struggle geen insette daarin gehad het nie. Baie van die grondwetlike kompromieë was volgens Allan Boesak nie in belang van die swart meerderheid nie:

> *"Die ooreenkoms was dat ons die wit mense die rykdom laat behou en neoliberale kapitalisme omarm, hulle die deur sal oopmaak vir 'n klein getal mense om in te gaan in die nuwe kapitalistiese stelsel. Dié mense het die nuwe swart elite geword ... die nuwe politieke aristokrasie."*

Daar het immers wêreldwyd skeptisisme oor neoliberale kapitalisme bestaan. Die versoening wat deur die WVK bereik is, was oppervlakkig, het steeds ongelykheid in stand gehou en geen deurdringende en aftastende gesprekke oor vergifnis is ooit gevoer nie (Kgosana 2017:2).

## 1.3 Die "luislang van eentaligheid"

Nog 'n nasionale faktor en uitdaging waarteen die US-taalstryd hom afgespeel het, was wat weens die toenemende gebruik en aanhang van Engels as die "luislang van eentaligheid" bestempel is (Steyn 2006:10). Die wyse waarop Engels teen Afrikaans veld wen, het van tyd tot tyd dringende waarskuwings uit verskeie oorde ontlok. Vir die bekende taalkenner Jaap Steyn was daar 'n krisis aan die opbou, veral weens globalisering en die vyandige kulturele, ekonomiese en politieke optrede van magshebbers in die land. Dit het op baie terreine moeiliker geraak "vir Afrikaans om die honger van die verstand te versadig" en hy het na NP van Wyk Louw verwys met sy waarskuwing dat daar altyd gesorg moet word dat 'n volk 'n waardevolle taalbesit het wat die moeite werd is om te behou en voor te veg. Hy het dit as 'n krisis vir die taal voorsien indien Afrikaanstaliges al meer van hulle lewe in Engels voer (Steyn 2006:10).

Dit was juis die verskraling van Afrikaans op tersiêre vlak wat bygedra het tot die versterking van die aansien en posisie van Engels. Die denke onder baie swart mense rakende onderrig in Engels is goed verwoord in 'n hoofartikel in *City Press* (2006:22) met die beredenering dat Suid-Afrika 'n gemeenskap is wat in 'n oorgangsfase vanaf ontbering en verknegting tot suksesvolle bestaan binne 'n vry samelewing is. Die vermoë om suksesvol in Engels te kommunikeer was om die brug tussen die onderdrukking van die verlede en die geleenthede wat die nuwe demokratiese staat gebied het, oor te steek. Hiervan was "die ouers bewus, die staat het dit besef en die ekonomie was

daarvolgens ingestel". Baie jong swart (en ook toenemend wit) jongmense het hulle heil in Engels as paspoort tot die moderne lewe gesien en besef dat bedrewenheid in Engels noodsaaklik geword het. Die besef van die sleutelrol van Engels in die moderne samelewing was ook een van die belangrikste redes waarom Engels vir leerders op alle vlakke as die vernaamste komponent in alle kurrikulums beskou is. Ouers in die stede asook op die platteland het naarstiglik na vinniger en versekerde sukses vir hulle kinders gesoek asook, en veral, beter werksekerheid: "Hulle verkies om so 'n keuse ten koste van hulle geliefde moedertaal te maak maar doen dit met droefenis." (*City Press* 2006:22) Vir baie ouers uit alle ras- en kultuurgroepe was dit 'n kwessie van moedertaalsentiment teenoor die praktiese eise van 'n vinnigveranderende en dinamiese Engelsgeoriënteerde lewe. Die argument van "equal misery" ('eenderse ellende') het verdere impetus aan argumente vir Engelse onderrig op tersiêre vlak verleen. Hierin was die kernargumente dat omdat swart studente bereid is om deur medium van hulle tweede taal onderrig te word, Afrikaanse studente bereid behoort te wees om dit ook te doen en te aanvaar. Nog 'n argument was dat deur slegs Engels as onderrigtaal te gebruik, wit en swart studente verplig word om saam lesings in dieselfde lokaal by te woon, wat groter rasseharmonie in die hand sou werk (Govender 2006:6).

Argumente gesteun deur syfers (2010) het die kommer oor Afrikaans by universiteite bevestig en verder aangeblaas. Die tendens dat ook voorgraadse studente aan HAU's toenemend verkies het om in Engels klas te loop en ook só deur hulle ouers aangemoedig word, het al duideliker geblyk. Dit was 'n tema wat deurgaans opgehaal en op uiteenlopende wyses gestel en beredeneer is, soos later aangedui sal word. In 2010 byvoorbeeld, het bykans 18% van die voorgraadse Afrikaanse UP-studente verkies om in Engels klas te loop, terwyl dit op nagraadse vlak tot 35% gestyg het (Peyper 2010b:1). By UNISA was beide Engels en Afrikaans nog die onderrigtaal, maar Engels was besig om heeltemal oor te neem, omdat Afrikaanse studente in Engels begin registreer het en ook hulle eksamens en werkopdragte in Engels gedoen het (Van der Merwe 2010:10). Teen 2010 is die hoop nog toenemend op veral die US, die UV en NWU gevestig om vas te skop vir Afrikaans. Dié aandrang

het veral uit die geledere van die konvokasielede gekom, wat merendeels nie werklik insae gehad het of tred gehou het met die eise van die tyd, die praktiese situasie in die lesingsaal, die presiese taalbepalings deur die Grondwet of die neergelegde beleid van opeenvolgende ministers van onderwys nie. Desnieteenstaande sou die wrewel en protes van die alumni by veral die US hewiger en strydlustiger word, gesteun deur 'n klein minderheid van die doseerpersoneel.

## 1.4 Enkele algemene kwessies oor Afrikaans in die tersiêre onderrigsfeer

Vanweë die omvang, kompleksiteit en belangrikheid rondom die behoud van Afrikaans op tersiêre vlak het die taalstryd op die kampus van die US prominente en deurlopende media-publisiteit ontvang. Tydens die taaldebat sou die meeste van die politieke en ideologiese standpunte en argumente rondom die stand en toekoms van Afrikaans in die land na vore tree. Wat tog gaandeweg al sterker geblyk het, was dat Afrikaans darem gaandeweg sy apartheidsaanklag begin afskud het in ruil vir die persepsie van 'n taal wat kan bevry, versoen en restitusie kan bewerkstellig. Die pleidooie vir 'n nie-rassige en eendragtige Afrikaanssprekende gemeenskap en verskerpte dialoog tussen wit en bruin was 'n belangrike ontluikende ontwikkeling in Afrikaanse taalsake vanaf 2006. Onder sommige wit mense was daar egter nog 'n strewe na taaleksklusiwiteit (ook in die verdediging van Standaardafrikaans) en is Afrikaans steeds op kragtige wyse as deel van hulle identiteit en van Afrikaner-nasionalisme voorgehou en beklemtoon. Wat belangrik is om te besef, is hoe talle bruin mense Afrikaans daarenteen veel eerder as 'n kommoditeit vir oorlewing en vir taalinklusiwiteit gesien het, ook wat betref die beoefening en uitlewing van hulle gesproke Kaapse Afrikaans. Wit taalstryders het veral grondwetlike regte bygehaal in hulle stryd vir die taal, terwyl bruin mense veral die sosio-ekonomiese ontwikkelingsrol van Afrikaans as taal van arm bruin mense beklemtoon het.

Op tersiêre vlak het die "taaloorlog" op die kampus van Stellenbosch in 'n stadium bykans alle ander kwessies oor moedertaalonderrig oorheers.

Talle mediaberigte het die wydvertakkende aard en uiteenlopende gevolge daarvan blootgelê. Daar was deurgaans die verdeeldheid van wit Afrikaanses in ideologiese faksies met, aan die een uiterste kant, die onverbiddelike vegters vir Afrikaans, en aan die ander kant, diegene wat die teruggang van Afrikaans as onvermydelik beskou het en daarin wou berus. Ook bruin mense se toetrede tot die taaldebat het in soortgelyke versplinterende faksies geskied, met talle wat ambivalente gevoelens teenoor Afrikaans openbaar het. Wat ook 'n rol sou speel, was die botsende persepsies en menings tussen bruin en wit oor die aard en oogmerke van die taalstryd met, soos reeds gesuggereer, die bruin instrumentalistiese teenoor die wit sentimentalistiese beskouing oor Afrikaans. Die moeilike en huiwerende deurbreek van die besef dat die US nooit weer 'n uitsluitlik Afrikaans universiteit sal wees nie, het deel van die debat geword en die totaal pessimistiese klank van die onvermydelikheid oor die "sterfte van Afrikaans" het begin opklink. Die US-taalherrie het nuwe denke en inisiatiewe vir 'n vrye Afrikaanse Universiteit losgewoel en selfs vanuit die buiteland is bewuswording van die bedreiging van Afrikaans en blyke van sterker steun vir die stamverwante taal getoon.

In die debat oor moedertaalonderrig en veeltaligheid is Afrikaans en sy rassistiese verlede onverpoos bygehaal. In teenstelling met Engels moes Afrikaans die postapartheid-demokrasie in Suid-Afrika tegemoetgaan met die skuld en straf van 'n rassistiese verlede om die nek. Dit is telkens opgehaal en in baie van die debatte en onderhandelinge selfs op hoë akademiese vlak is beskuldigings daaroor gehoor en skuldgevoelens geopenbaar. Die transformasie wat al dringender opgeëis is, het al hoe meer rasgedrewe en gebaseer geword. Op die terrein van die sosiolinguistiek (dit wil sê, die sosiale funksie van Afrikaans) moes al die sprekers van die taal – wit, bruin en swart – wat so in afsondering van mekaar geleef het, mekaar vir die eerste keer behoorlik probeer vind. Wantroue teenoor veral die wit sprekers moes afgeskud word en die uiteindelike besef moes deurbreek dat alle Afrikaanssprekendes sal moet saamstaan teen Engels wat reeds sy tentakels vinnig en wyd op die kampus ingeslaan het (Du Toit 2009a:2).

Een van die hoofstryders in die taalherrie, prof. Pieter Kapp, het aan die begin van 2014 sy interpretasie van die taalstryd gegee in 'n publikasie, *Kaap se Maties en Afrikaans*, *1911-2011* (Kapp 2014). Soos die titel aandui, bespreek hy 'n hele eeu van Afrikaans by die US. Die eerste vier hoofstukke word gewy aan die voorgeskiedenis en die laaste vyf hoofstukke aan die taalherrie self (Giliomee 2014:25). As president van die konvokasie van US-alumni kon Kapp veral hulle standpunt oor die bevordering van Afrikaans belig en gevolglik die kwessie vanuit 'n bepaalde en subjektiewe gesigspunt beoordeel. Die ander protagonis, Hermann Giliomee, het in sy outobiografie – *Herman Giliomee: Historikus* – 'n *Outobiografie* (2017) aandag gegee aan die verloop van die US se taalgebeure en sy onvermoeide ywer om vir Afrikaans 'n prominente plek by die US te laat behou (Pike 2017:8).

In teenstelling met die publikasies van Kapp en Giliomee, twee werke van vegters vir Afrikaans wat deurgaans midde-in die taalgebeure by die US gestaan het en intens daarby betrokke was, bied hierdie ontleding van die mediaberiggewing 'n wyer verrekening van standpunte aan, vergeleke met Giliomee en Kapp, wie se uitlegte van die taalstryd veral hulle persoonlike belewenis, siening en bydrae uitbeeld. Hulle insette vorm slegs deel van al die standpuntinstellings wat in die loop van meer as 'n dekade deur die media na vore gebring is. Hierdie ontleding maak daarom aanspraak op 'n vollediger en wyer perspektief oor die onderwerp. Selfs Leopold Scholtz wat die stryd vir Afrikaans prontuit gesteun het, wys byvoorbeeld op nadele in Kapp se boek weens sy baie nou betrokkenheid by die gebeure. Scholtz lewer die kritiek dat Kapp ten minste in sy inleiding behoort te erken het dat hy te na aan die gebeure gestaan het. Gevolglik word sy publikasie 'n relaas van sy eie siening wat ander historici oor die US-taalstryd anders sal kan beoordeel (Scholtz 2014:6). Wat Kapp egter duidelik uitgewys het en ook in hierdie ontleding na vore tree, is hoe lank die stryd vir Afrikaans by die US reeds aan die gang was en hoeveel letsels deur al die venynige persoonlike aanvalle daardeur gelaat is (Scholtz 2014:6).

## 1.5 Tiperings van die strydende groepe en regeringsaandrang op transformasie

Die denkwyse en optrede van die teenstellende groepe oor die taalmedium by US is tydens die verloop van die taaldebat by herhaling krities deur die pers ontleed. Uit die talle berigte het duidelik geblyk hoedat die toon van die debat al aggressiewer en bitterder geword het. Die strydende faksies is in die loop van die stryd met baie name geëtiketteer. Enersyds is diegene wat hulle met erns vir die taal beywer het, bestempel as die "beskermers" en dapper bevorderaars – die "taalbulle" – in die stryd, maar ook as die bekrompenes met 'n "volkstaat of the mind"-mentaliteit, die "regs-reaksionêres", die "neo-Afrikaners". Aan die ander kant is diegene wat Afrikaans nie met "strakke reëls" wou probeer afdwing nie, maar vriende vir Afrikaans probeer maak het, beskryf as die "taalglyers", "taaltollies", of "neoliberales" wat die "rustige middelgrond" betree. Daar was ook die tipering in terme van dinamiese jong dosente wat wou vernuwe, teenoor die geslag van ouer akademici, wat Afrikaans ten alle koste op die ou trant wou beskerm. Die US-taalherrie was in hierdie stadium geensins uniek in die tersiêre opset van die land nie. Herbesinning oor die posisie en gebruik van Afrikaans binne die nuwe demokratiese landsbedeling met sy al groterwordende eise vir transformasie het al die HAU's in die spervuur van debatte tussen linkses en regses en middeweg-voorstanders laat beland. In die loop van die debat sou daar by US ook verwys word na die anti-Brinks, anti-opsioniste, anti-regstellers en anti-politiek-korrektes. Daar is selfs gepraat van die "taal-anti's" wat Afrikaners met die "lyding van 'n Engelse taalhel probeer skrik maak, hopende dat hulle in 'n Afrikaanse taalhemel sal spring". Dit was inderdaad 'n emosiegedrewe magstryd waarin die groepe in al hulle akademiese welsprekendheid maar ook soms skreiende skeldtaal uitgebeeld is.

Daar was dieperliggende elemente in die taalstryd wat deur baie van die vurige vegters vir Afrikaans buite rekening gelaat is en kennelik nie behoorlik verreken is nie. Dit was naamlik dat lank voordat die party mag en gesag oor Suid-Afrika verkry het, kultuur- en taalregte in die ANC se denke (en geskrifte) geen hoë prioriteit geniet het nie. Die idee van moedertaalonderrig en daarom

ook die beskerming van Afrikaans is met groot agterdog bejeën "as 'n poging om die swartes te verdeel en agterlik te hou" (Scholtz 2007:14). Veral aan die begin sou die US-taalherrie as 'n oefening in neo-apartheid gewantrou word. Die belangrike aspek van groot agterdog teenoor moedertaalonderrig is duidelik deur Leopold Scholtz uitgewys, asook hoe, in wyer verband, koloniale tale soos Engels Frans en Portugees by bevrydingsbewegings in Afrika die vanselfsprekende taalkeuse in onderwys geword het. Namate die belangrikheid van moedertaalonderrig in die leerproses wetenskaplik bewys is en by herhaling beklemtoon is, het die ANC en sy aanhangers meer ontvanklik en sommige selfs oortuig begin raak van die belangrikheid daarvan (Scholtz 2007:14).

Vir baie wit Afrikaners was taal meer as net 'n kommunikasiemiddel; dit was ook die draer van Afrikaner-nasionalisme. Hierdie beskouing het wel teen die 1990's sterk begin taan en na die vestiging van 'n ware demokrasie het sommige Afrikaners se geesdrif vir hulle taal begin verflou. Afrikaans het selfs weersin by hulle gewek omdat hulle nie daardeur met 'n agtergehaalde en nou grootliks veragte ideologie geassosieer wou word nie. Die sigbare agteruitgang van Afrikaans onder andere op die Stellenbosch-kampus het hulle min geskeel. Scholtz maak die belangrike punt dat bruin Afrikaners die taal histories net as 'n kommunikasiemiddel gesien het. Veral die bruin middelklas het Engels aangehang as die taal van die bevryding en van die nuwe toekoms. Selfs talle bruin mense wat Afrikaans gepraat en nog gekoester het, wou aanvanklik nie met die taalstryd verbind word nie. Die herinnering aan die onderdrukkende en neerhalende wyse waarop hulle deur wit Afrikaanssprekendes en die Afrikaner-bewindhebbers behandel is, was nog vars in hulle geheue en dit wou voorkom asof dit 'n permanente letsel gelaat het (Scholtz 2007:14).

Een van die meer filosofiese verklarings vir die oorsake van US se taaltwis was die siening van die US-filosoof Willie Esterhuyse, naamlik dat dit simptomaties was van die "worsteling onder Afrikaners om vir hulself 'n meer aanvaarbare identiteit, plek en funksie in die nuwe Suid-Afrika, te bemiddel" en van die moeilike proses om daaraan gestalte te gee (Esterhuyse 2010:14). Dit het saamgeval met die landswye worsteling om koers te probeer vind te midde

van menigvuldige uitdagings en vraagstukke. Sy peiling en karakterisering van die situasie was dié van Afrikaners wat hulle in ’n oorgangsproses bevind het, omdat die “pilare van die fortagtige Afrikanertempel” ineengetuimel het en daar “nuwe, meer verrykende maatskaplike kapitaal” opgebou moes word wat “nie rassisties sou wees nie” (Esterhuyse 2010:14). Daarteenoor was van die verklarings vir die US-taalopskudding uit meer behoudende oord dat dit deel gevorm het van ’n taalstryd wat reeds in 2002 begin het toe nuwe taalbeleidsrigtings geformuleer is om deel te vorm van die steeds uitkringende transformasieproses, maar eintlik opsigself rasgebaseerd was. Vanuit laasgenoemde gesigspunt is die US se bestuur beskuldig van politieke gedienstigheid en “boedel oorgee”, terwyl Afrikaanssprekendes oor die kole gehaal is dat hulle afsydigheid en onverskilligheid oor Afrikaans self die grootste gevaar vir die taal ingehou het (Du Toit 2009:8).

Tekenend van die standpunt in die hoogste leiersposisies in die onderwys was die nasionale minister van hoër onderwys, dr. Blade Nzimande se opmerking dat hy saamstem met die rektor van die UV dat sekere HAU’s Afrikaans as ’n verskoning voorhou om transformasie te ontsnap. Wat Nzimande betref, was daar nie Afrikaanse, Xhosa- of Zoeloe-universiteite soos in die era van apartheid nie, maar slegs nasionale Suid-Afrikaanse universiteite wat vir almal toeganklik moet wees. Hy het dit duidelik gestel dat die regering nie gekant is teen Afrikaans as ’n onderrigmedium nie, solank dit nie toegepas word om enige studente uit te sluit nie (Retief 2014:3). Hy het ook daaraan herinner dat daar talle Afrikaanssprekers was wat opleiding in Engels verkies. Wat Nzimande betref, was Afrikaans se voortbestaan nie afhanklik van ’n “vooguniversiteit” nie en sy regeringsdepartement was bereid om Afrikaans as ’n onderrigtaal te steun mits dit vorentoe hand aan hand met Engels gebruik word (Nel 2015b:9).

## 1.6 Taalopsies in die taalstryd

Die US-taalherrie het primêr gegaan oor die keuse en toepassing van uiteenlopende taalopsies. Ten opsigte van die presiese funksionaliteit en uiteindelike doeltreffendheid van die verskillende onderrigkeuses sou

daar eers na 2006 met die praktiese toepassing daarvan duidelikheid kom. Die betrokke onderrig-opsies was: dubbelmedium, of die T-opsie, soos daarna verwys is (Afrikaanse en Engelse onderrig in dieselfde lesinglokaal op 'n 50/50-grondslag); parallelmediumonderrig of die P-opsie (aparte Afrikaanse en Engelse klasse); die A-opsie (Afrikaans as uitsluitlike onderrigtaal); en ten slotte die tolk-opsie (die tolking van lesings uit Afrikaans na Engels en andersom) wat veel later begin oorweeg is. Verskillende kombinasies van hierdie opsies is in hierdie stadium (en later) ook as moontlikhede gestel.

In die oorweging van en die gestry oor die wenslikheid van bogenoemde lesingopsies het dit wesenlik gegaan oor die uiteenlopende kontekste daarin verweef. Daar was groot verskille en dikwels onversoenbaarheid in die standpunte en benaderingswyses in die debat, terwyl persoonlikhede se sienswyses en ego's sake dikwels erg vertroebel het. Een van die kernkwessies was watter taalkeuse die US as akademiese inrigting die verste sou bring: die fokus op onverbiddelike taalhandhawing wat deur sommiges as die enigste voortbestaan vir Afrikaans gesien is, of die fokus op veeltaligheid en selfs die hoofbeklemtoning van Engels met die oog op die groter prentjie van die totale Suid-Afrikaanse sowel as internasionale samelewing. Uit die staanspoor was dit duidelik dat hierdie uiteenlopende sienings feitlik onversoenbaar was. Soos reeds daarop gewys, was daar onderliggend ook die siening van die taalstryd as simptomaties van Afrikaners se stryd om hulle nuwe ondergeskikte rol in die nuwe Suid-Afrika te aanvaar en sinvol te verwerk. Wat gaandeweg al sterker sou manifesteer, was die besef dat bruin mense in die hele debat sou moes meepraat en na geluister sou moes word, omdat hulle getalsgewys op die lange duur die toekoms van Afrikaans in hulle hande gehou het. Die verskillende sienings en interpretasies in die debat het gaandeweg ontaard in 'n emosiegedrewe "bekgeveg" met verkleinerende etikettering uit taalbehoudende en taalversoenende argumente, met toenemende bitterheid en onverdraagsaamheid teenoor mekaar.

Met die aanbreek van 2006 het die US-taalkwessie in volle heftigheid na vore getree as gevolg van die naderende verkiesing van konvokasie- en

donateurslede vir die US-raad. Een van die leiers in die debat wat deurgaans ’n prominente en werklik opsienbare rol gespeel het, prof. Hermann Giliomee, het so ver gegaan om te beweer dat die jaar 2006 bepalend vir die toekoms van Afrikaans by US (en UP) sou wees (Giliomee 2006:8). Hy het die taalstryd aan tersiêre inrigtings wyer probeer aansny, asook die situasie by veral die UP uitgelig, waar ’n senaatskomitee op daardie tydstip aangestel is om die omvang van probleme rondom Afrikaans en veeltaligheid aan te spreek. Die kern van die polemiek voor die US-verkiesing was die onaanvaarbaarheid van die T-opsie vir die taalstryderkringe. Kapp, president van die konvokasie, het laat blyk dat die genomineerde kandidate vir die verteenwoordiging van oudstudente op die raad gevra sou word om hulle standpunte ten opsigte van die kampusvoertaal aan die US openlik te verklaar en in die openbaar uiteen te sit (Giliomee 2006:8).

Volgens Giliomee het die situasie geheers dat Afrikaanse studente klaarblyklik onwillig was om te kla oor dosente wat die 50/50-reël van die dubbelmediumstelsel oortree het. By die US het die vreemde en ongehoorde situasie bestaan dat die persoon wat taalklagtes moes aanhoor, nie vaardig in Afrikaans was nie. Boonop was die redes waarom studente huiwerig was om te kla ingewikkeld van aard. Omdat baie studente ewe vaardig in Engels en Afrikaans was, het van die swakker studente dit moeilik en vernederend gevind om te kla wanneer te veel Engels in lesings gebruik is, wat dan hulle swak kennis van Engels sou openbaar. Vrees vir viktimisasie was ’n ander rede waarom studente bevrees was om oor te veel Engels te kla (Giliomee 2006:8). Giliomee het daarop gewys dat in taalkonflik die wyse waarop voertaalbeleid bestuur word, van deurslaggewende betekenis is. Dit was veral die geval waar dosente in die dubbelmediumsituasie veronderstel was om die twee voertale op ’n 50/50-grondslag op bevredigende wyse te hanteer. Universiteitsbesture se houding was klaarblyklik dat tensy studente protesteer daar geen rede vir inmenging was nie. Wat volgens Giliomee aan die gebeur was, was dat universiteitsbesture wel ingemeng het ten gunste van Engels. Gebruik ’n dosent 75% of 80% Afrikaans in dubbelmediumlesings, ontvang so ’n dosent gou ’n aanmaning, terwyl dosente wat tot 100% Engels

gebruik, totaal vry daarvan afkom. Sommige voorstanders van die T-opsie was ten gunste daarvan dat die A-opsie- en T-opsie-modules saamgegooi moes word om te toon dat Afrikaans nog in die meeste modules as voertaal gebruik word. Dit was wat Giliomee betref onoortuigende oëverblindery, veral indien daar agterdog was dat Afrikaans nie tot sy reg kom in die T-opsie-lesings nie. Sy bykans diktatoriale voorstel vir die oplossing van die probleem was dat die US 'n deurlopende "taaloudit" moes doen waardeur persone onaangekondig in lesings sou insit om te kontroleer of Engels en Afrikaans werklik op 'n 50/50-grondslag gebruik word. Dit het vreemd voorgekom binne 'n universiteitsopset waar akademiese vryheid veronderstel was om hoogty te vier. Veel aanvaarbaarder was sy voorstel vir die aanstelling van 'n onafhanklike taalombudsman by wie studente 'n anonieme klag kon indien (Giliomee 2006:8). Hierdie kontrolevoorstelle het egter soveel teenkanting in raads-, senaats- en selfs studentegeledere ontlok, dat Giliomee dit blykbaar nooit weer geopper het nie en tot die besef moes gekom het dat hy sy idees vir die oplossing van die taalvraagstuk moet heroorweeg.

Van die argumente ten gunste van Afrikaans, wat aan die begin sterk beklemtoon is, was dat Afrikaans die moedertaal van die meeste Wes-Kapenaars is, twee universiteite in die provinsie reeds uitsluitlik in Engels onderrig gegee het en dit dus sinvol gelyk het om (soos 'n mosie van die US-konvokasie voorgestel het) ten minste een universiteit as "'n Afrikaanse universiteit wat meertaligheid bevorder" te behou en te ondersteun (Brand 2006:12). Die oorwig van die raad het in hierdie stadium die rektor in sy siening gesteun dat die US Afrikaans in 'n meertalige opset moet bevorder. Dit was 'n subtiele, maar belangrike klemverskuiwing: 'n *Afrikaanse* universiteit teenoor 'n universiteit met *Afrikaans binne 'n meertalige konteks* (Brand 2006:12). Laasgenoemde standpunt sou deurgaans deur die universiteitsbestuur ingeneem en by herhaling beklemtoon word. Die teenstanders daarvan het dit egter as 'n dubbelsinnige formulering beskou, omdat Afrikaans daardeur nie meer 'n ondubbelsinnige voorkeurposisie behou het nie.

In die loop van die taaldebat is talle voorstelle aan die hand gedoen hoe Afrikaans steeds bevorder kon word. Só byvoorbeeld is dit beklemtoon dat

kursusse wat baie studente lok in parallelmediumlesings aangebied kon word, wat nie noodwendig werkverdubbeling sou beteken indien nagraadse studente ingespan sou word om sulke klasse aan te bied nie. Taalvaardigheidskursusse vir personeel en studente sou in so 'n geval noodwendig 'n belangrike komponent van die US se taalbeleid moes uitmaak. Parallelmediumlesings sou die voordeel inhou om die aanstelling van voortreflike akademici wat Afrikaans nie behoorlik magtig was nie, toe te laat. Dit sou ook nie (soos die T-opsie) neerkom op die vermindering of halvering van Afrikaanse onderrig nie en sou gevolglik nie meewerk tot die geleidelike verengelsing van die US nie (Brand 2006:12).

Politici sou uiteraard in die troebel waters van die taaldebat betrokke raak om politieke munt daaruit te probeer slaan. Reeds in Februarie 2006 het Tony Leon, leier van die DA, in 'n toespraak voor US-studente die reeds emosiebelaaide kwessie van Afrikaans gebruik om steun vir sy party te werf deur 'n idee wat reeds in omgang was te herhaal: "Dit lyk vir my besonder redelik en reg dat ten minste een en indien moontlik meer van SA se universiteite Afrikaans as onderrigtaal behou. Dit lyk beslis in orde in 'n provinsie waar die meerderheid bewoners Afrikaans as eerste taal praat." (Blaine 2006:3). Hy het herhaal dat die Wes-Kaap reeds oor twee Engelsmedium-universiteite beskik het, terwyl 53% van die bevolking Afrikaans as huistaal gebruik het en 60,3% US-studente boonop Afrikaans as hulle huistaal aangedui het (Blaine 2006:3). Die leier van die Federale Alliansie, Louis Luyt, het Leon oor sy uitspraak aangevat en hom daarvan beskuldig dat hy Afrikaans misbruik om stemme te werf. Volgens hom was dit die einste Leon wat tydens die Kempton Park grondwetlike onderhandelinge in 1994 voorgestel het dat Engels die enigste amptelike landstaal behoort te word. Leon se skielike voorspraak vir Afrikaans het hy vreemd gevind en dit was ook in skerp teenstelling met die samestelling van die DA se grootliks Engelssprekende hiërargie. Vir Luyt was dit die "bokspringe van 'n desperate party wat in die moeilikheid is" (Smith 2006:5). Leon se reaksie op hierdie aantyging was dat hy nooit so iets tydens die onderhandeling gesê het nie en dat hy en sy party van die begin af vir die regte van Afrikaanssprekendes geveg het. Waarna Luyt inderwaarheid

verwys het, was 'n interne beleidsvoorstel wat Dene Smuts binne die destydse DP gedoen het dat Engels om praktiese redes die *lingua franca* in Suid-Afrika word, maar met behoud van meertaligheid. Toe haar voorstel uitlek, het die verkeerde persepsie posgevat dat dit DA-beleid is (Jordaan & Joubert 2006:7).

In die beginstadium van die taaldebat was Giliomee die hoofsegsman vir die groep wat Afrikaans deur die A-opsie as oorheersende taal aan die US wou behou. Hy moes in Februarie 2006 'n foutiewe berig regstel dat hy parallelmedium as uitweg vir die US sien. Soortgelyke beweerde verkeerde interpretasies, konflik oor wat presies gesê, bedoel en geïmpliseer is, aandrang op verskonings en regstellings sou al hoe meer kenmerkend word van wat al hoe meer in 'n "taaloorlog" ontaard het. Só moes Giliomee sy presiese standpunt rakende die tipe onderrig verduidelik en beklemtoon dat volgens sy oortuiging die US "primêr in Afrikaans onderrig moet gee en sy ontwikkelingstaak teenoor die hele Afrikaanssprekende gemeenskap moet nakom" (Giliomee 2006a:13). Hy het dit veral gehad oor die dubbelmediumstelsel wat toenemend gebruik is. Sy beswaar daarteen was gegrond op getuienis en bewyse uit internasionale taalervaring dat kleiner tale uiteindelik voor globale tale swig. Giliomee het dit duidelik gestel dat sy eerste keuse Afrikaansmedium was en indien dit nie meer haalbaar was nie dan wel parallelmedium. Hy moes verskeie kere sy siening vir die oplossing van die taalvraagstuk aanpas, totdat hy uiteindelik parallelmedium volledig voorgestaan en bepleit het.

Met verdrag het die bruin gemeenskap al sterker tot die taalgeskil toegetree, ten spyte van die persepsie wat bestaan het dat hulle onverskillig daarteenoor staan. Net soos onder die wit mense was daar ook onder hulle verdeeldheid en uiteenlopende standpunte oor die taalstryd. Die bekende joernalis Zelda Jongbloed (alhoewel sy erken het dat sy self sterk voel oor Afrikaans) wou byvoorbeeld nie geëtiketteer word as ondersteuner van die taal op 'n wyse wat ander te na kom of ontstel nie. Jongmense moes die geleentheid kry om in Afrikaans te studeer, maar nie op 'n wyse wat hulle van Engels sou vervreem nie en veral nie op enige wyse wat die indruk sou skep van 'n nuwe soort taalapartheid nie. Wat haar gehinder het, was dat die vurige stryders vir Afrikaans die indruk gelaat het dat hulle weer taalapartheid voorstaan en najaag (Jongbloed 2006:12).

In hierdie vroeë stadium van die taalgeskil het die US se rektor en bestuur nie daadwerklik tot die debat toegetree nie. Teen wil en dank sou hulle egter duideliker standpunt moes inneem en wal gooi teen veral drie persepsies: dat hulle onverskillig teenoor Afrikaans staan; dat hulle die pleitbesorgers daarvan as regressief en as persone wat hunker na die oorheersing van Afrikaans soos in die verlede beskou; en dat hulle die taalstryd as die kern van 'n nuwe "neo-Afrikaner-agenda" beskou (Steenkamp 2006:17). Een van die briefskrywers in *Die Burger* het gewag gemaak van die feit dat twee Afrikaanse universiteite vroeër onder die voorste 200 universiteite ter wêreld was, maar as gevolg van groter verengelsing dit nie kon handhaaf nie.

Jongbloed se stelling oor "'n nuwe taalapartheid" het skerp reaksie uitgelok. Wit Afrikaners se beskerming van Afrikaans was geensins 'n kwessie van hunkering na die verlede nie:

> *"So dom is ons wit boertjies werklik nie! Enige Afrikaner wat dink ons sal weer regeer, moet sy kop laat lees. Vir 350 jaar het ons en ons voorsate hier rond die septer geswaai. Ons gun ander nou die geleentheid om te sorg dat die land gedy." (Steenkamp 2006:17)*

By bruin Afrikaanssprekendes was daar die groeiende besef dat die situasie onder hulle eie behoeftiges dringende aandag verdien en verengelsing as eksklusief beleef word, omdat dit bruin en swart Afrikaanssprekendes soos buitestaanders laat voel het. Só het een van die bruin leiers, Lionel Philips, gepleit dat die bruin elite minder moet praat en voorskryf en meer na die noodkreet van die armoediges onder hulle moet luister (Steenkamp 2006:17).

## 1.7 Die faksies in die stryd

Mettertyd was daar feitlik geen deel van die universiteitsgemeenskap en die belanghebbende en belangstellende Stellenbosch-publiek wat nie in een of ander stadium by die taaldebat ingetrek is nie. Vanaf die rektor en topbestuur, raadslede, dosente en voormalige dosente, oudstudente en studente, konvokasiebestuur en -lede, en studente-ouers tot selfs die dorpsbewoners en lede van die publiek en politici in baie dele van die land het hulle stemme by

die debat oor Afrikaans gevoeg. Die voorhande verkiesing vir die US-raad het veral die debat op die kampus verder aangevuur, gekenmerk deur talle pogings wat aangewend is om uit te snuffel en te openbaar wie die werklike voorstanders van ’n Afrikaans-oorheersde instelling is. Vroeg in Maart 2006 het raadslid dr. Gerhard Van Niekerk (sy broer was die bekende filosoof Anton Van Niekerk en in daardie stadium ook lid van die raad en voorsitter van die omstrede taalkomitee) vertel van die persoonlike aanval op hom tydens die US-raadsverkiesing deur ’n bekende Stellenbosch-inwoner, Jacko Maree. Hy het dit as tekenend gesien van Maree se obsessie om as raadslid via die konvokasie verkies te word om sodoende ’n “regs-reaksionêre taalbeleid” op die universiteit af te forseer. Wat hom betref, sou so ’n taalbeleid veroorsaak dat die US ’n “geïsoleerde streeksinstelling” word (Van Niekerk 2006:15). Van Niekerk het verduidelik hoe hy self op die raad beland het as verteenwoordiger van die donateurs op grond van sy finansiële kundigheid op bestuursvlak en hy het laat blyk hy was nie bereid om verder ingetrek te word by die “emosionele bekgevegte” nie. Volgens hom het hy en die meerderheid raadslede “die rustige middelgrond” in die taaldebat ingeneem om Afrikaans só op ’n nie-konfronterende wyse te probeer bevorder. In plaas van strakke reëls wou hulle vriende vir Afrikaans probeer wen. Hy was bewus daarvan dat hy beskuldig word van die verengelsing aan die US, wat hy as so verregaande geag het dat hy dit as lasterlik beskou het en selfs litigasie ter sprake gebring het. Sy belofte was dat indien hy herkies word hy sou voortgaan om saam met ander raadslede die US na uitnemendheid te probeer lei deur middel van ’n toenemend diverse studente- en personeelkorps en ’n akademiese kultuur wat sou getuig van redelikheid, akkommodering en oop gesprekvoering (Van Niekerk 2006:15).

As een van Maree se mederaadslede het Giliomee onmiddellik vir eersgenoemde in die bres getree. Hy het erken hy bevind hom saam met Christo Viljoen en Lina Spies (albei professore) en Maree in die dilemma dat hy op sy beurt weer beskuldig word as voorstander van ’n eksklusiewe Afrikaanse universiteit, pleitbesorger vir die heropkoms van Afrikanernasionalisme en ’n “volkstaat van die gees”. Soos Van Niekerk sou hy ook kon dink aan

lastereise, maar hy wou eerder ’n meer konstruktiewe uitweg probeer vind en volg. Sy nie-onbillike voorstel was dat die agt kandidate in die komende twee verkiesings vir konvokasie- en donateursverteenwoordigers openlik moes aandui of hulle ten gunste daarvan is dat sittings van die US-raad en die stemme wat uitgebring word in die openbaar geskied. Hierdie oopstelling van raadsaangeleenthede sou egter slegs vir kwessies van openbare belang soos taalsake geld. Hy en Maree was ten gunste daarvan dat raadsittings oor veral taalsake in oop sittings in belang van “deursigtigheid en verantwoordbaarheid” behoort plaas te vind. Giliomee se argument was dat indien die besprekings oor taalsake reeds in 2005 oop was, almal sou geweet het wie vir verengelsing en wie daarteen gekant is, wat die sluier sou lig oor welke persone voorgee hulle steun en koester Afrikaans, maar nie daarmee erns het nie (Giliomee 2006b:19).

Die US-taaldebat het algaande die kenmerke van ’n verbete ideologiese en selfs politieke stryd begin aanneem en bekende persone in die joernalistiek en taalkunde het ook na vore getree. In sy reaksie oor wat rondom Afrikaans by die US aan die gebeur was, het Max du Preez daarop gewys hoedat rektor Brink verwys het na diegene wat Afrikaans deur vaste reëls wou *beskerm,* teenoor diegene wat oortuig was Afrikaans moet *bevorder* word deur vriende vir die taal te maak. Hyself het hom geskaar by die Afrikaanse taalbevorderaars. Hy het spesifiek verwys na die opvlam van die US-taaldebat as gevolg van die komende konvokasieverkiesing. Die kandidate in eersgenoemde kamp (die beskermers van Afrikaans) was volgens hom almal oudprofessore oor 60, terwyl die kandidate in die ander kamp (die bevorderaars) jong, dinamiese persone was. Beide groepe het gemeen die verkiesing kon deurslaggewend vir die toekoms van die universiteit wees (Du Preez 2006:4).

Du Preez het nie gehuiwer om die verskillende faksies in die debat duidelik te probeer uitwys en te karakteriseer nie. Die een groep was volgens hom die “beskermers” of “neo-Afrikaners” en hulle strewe was ’n Afrikaanse US met Afrikaans as amptelike taal. Onderrig vir voorgraadse studente moes in Afrikaans geskied en studente wat nie Afrikaans verstaan het nie, moes apart onderrig word sodat hulle Afrikaans in hulle tweede jaar kon beheer. Die “bevorderaars”, daarenteen, was tevrede met die bestaande onderrigstelsel

in die fakulteite: dosente praat Afrikaans en Engels in dieselfde klas (die T-opsie) en die persentasie Afrikaans of Engels hang af van elke klas se samestelling. Volgens hom kon die verskille tussen die twee strydende groepe teruggevoer word na een groep se groot ontevredenheid met die demokratiese opset in die land en hulle pogings om ’n nuwe “Afrikaner-nasionalisme en etniese mobilisering” aan te wakker (Du Preez 2006:4). Die ander groep Afrikaners, daarenteen, was begerig om ’n integrale deel van die nuwe nasie te vorm en deur hulle positiewe gesindhede en optrede die steeds bestaande gegriefdheid onder swart Suid-Afrikaners verder probeer afbreek. Vir hom was die probleem dat indien die “beskermers” sou wen, die US ’n Afrikaanse universiteit sou word wat dit nie-Afrikaanssprekendes moeilik sou maak om daar te studeer. Die US sou dan getipeer kon word as ’n “konserwatiewe Afrikaner enklave’” met selfs verdere etikettering as “rassisties”. Akademiese uitnemendheid sou daardeur benadeel en ’n US-kwalifikasie verlaag word. Hy het spesifiek verwys na Brink se publikasie (sien hieronder) en laasgenoemde se oortuiging dat Afrikaans steeds in ’n multikulturele opset, maar sonder dwang en uitsluiting, bevorder kan word (Du Preez 2006:4). Wat Du Preez volgens sy eie uitleg eintlik voorgestaan het, was om sy alma mater te red van verval in isolasie en afgeslotenheid, wat ’n terugslag vir die Afrikaner sou wees. Kwaliteit vereis diversiteit en die probleem met “neo-Afrikaners” was dat hulle meestal doof was vir logiese argumente en suiwer deur sentiment aangevuur is (Du Preez 2006:4).

Alhoewel Ruda Landman en Michiel le Roux, twee van die genomineerde kandidate vir die konvokasie, hulself van enige drukgroep gedistansieer het, het hulle hul duidelik uitgespreek ten gunste van ’n Afrikaanse universiteit van wêreldgehalte. Hulle siening was dat geeneen verengelsing voorgestaan het nie, maar dat die kernkwessie was of Afrikaans met streng reëls en deur uitsluiting gehandhaaf moet word en of ’n vriendeliker weg met groter selfvertroue gevolg kon word om Afrikaans uit te bou (Landman & Le Roux 2006:17). Hulle het die voorbeeld van Mandaryns voorgehou wat by die US deur Amy Yu van Beijing aangebied is en wie se pos deur Naspers gewaarborg is. Ook ’n tweede dosent is aangestel om hierdie grootste taal in die wêreld deur twee

moedertaalsprekers aan die US te doseer. Vir sommige van die "taalstryders" was dit egter ’n ramp omdat die kursus in Engels aangebied is, juis omdat hulle elke dosent wou verplig om Afrikaans te leer en in Afrikaans te doseer. Na vyf jaar kon Yu egter nog nie Afrikaans praat nie, wat beteken het dat sy in hulle terme dus weggewys sou moes word. Hulle het ook die voorbeeld voorgehou van prof. Basil Moore, ’n Amerikaner wat reeds jare lank vir tydperke van ses maande Stellenbosch besoek het om ekonomie te doseer. In ’n uitsluitlik Afrikaanse bestel sou ook hierdie internasionale kenner se dienste ontbeer moes word (Landman & Le Roux 2006:17).

Landman en Le Roux het verskil van diegene wat geglo het dat Afrikaans en Afrikaanse studente met streng reëls teen vreemde invloede beskerm kon word. Wat hulle betref, moes drie doelstellings nagestreef word: "wêreldgehalte, Afrikaans en die bydrae van die universiteit tot Suid-Afrika as geheel". Binne sodanige riglyne moes die taalopsies aan die fakulteite self oorgelaat word, omdat hulle die beste oor die meriete van die verskillende doseerdoelstellings en die voordele van lesinginsette deur oorsese dosente kon oordeel. Dié twee kandidate het ook gewys op die bestaande taalreëling dat daar normaalweg in Afrikaans gedoseer word, maar indien daarvan afgewyk word daarom aansoek gedoen moes word. Eers die betrokke fakulteit, daarna die taalkomitee en uiteindelik die senaat moes fakulteite se taalreëlings goedkeur voordat die raad die finale stempel daarop kon plaas (Landman & Le Roux 2006:17). Daar was meer bruin studente aan die Engelse universiteite van Kaapstad en die Wes-Kaap as aan die US weens ligging en koste, maar volgens hulle (en geen bewyse is daarvoor verskaf nie) ook omdat die US met rigiede reëls oor taalgebruik die bruin gemeenskap met teensin vervul het en nie gelok het nie. Hulle kon nie ’n risiko daarin sien dat die US sou verengels indien die huidige taalbeleid reg toegepas word nie. Die voorbeelde van skole soos Paul Roos Gimnasium en Greykollege wat reeds geslagte lank funksioneer as skole waar Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge tuis is, is as voorbeelde voorgehou van hoe suksesvol ’n meer ontspanne beleid kon werk. Ten slotte het hulle herinner aan dr Anton Rupert se woorde: "Om te vertrou is ’n risiko. Om nie te vertrou nie, is ’n groter risiko." (Landman & Le Roux 2006:17)

Steun vir Landman en Le Roux se standpunte het nie uitgebly nie. Skynbaar was Le Roux in die laat-sestigerjare een van die studente wat leiding geneem het om die aanslag van die "verregse verkramptes" af te weer. Hy en ander is destyds uitgekryt as "kommunistiese *liberals*" wat die Afrikanersaak ondermyn. Landman en Le Roux is vanuit die kamp van hulle teenstanders as "neoliberales" uitgemaak, maar hulle ondersteuners het hulle as uitnemende mense en slim bestuurders geloof uit wie se kringe reeds miljoene rande aan die US geskenk is om ook Afrikaans uit te bou. Kandidate soos Maree, Viljoen en Spies was nooit deel van die "neoliberale" groep nie, terwyl Giliomee "die Engelse weë van die UK verkies" het (Otto 2006:14). Landman en Le Roux is deur briefskrywer De la Bat daarop gewys dat beide Paul Roos Gimnasium en Greykollege nie dubbelmediumskole is nie, maar wel parallelmedium, waar Afrikaanse en Engelse leerlinge in verskillende klasse geplaas word en onderrig in hulle moedertaal ontvang. Hy het dit as frustrerend ervaar om 'n debat te volg waarin die deelnemers nie hulle feite reg het nie en gepleit dat teenstanders se argumente feitelik weerlê word. Die bal, en nie die man nie, moet gespeel word. Die teenstanders van die T-opsie het hulle huiswerk deeglik gedoen; Landman en haar ondersteuners nie. Hulle was naïef oortuig dat Afrikaans in die heersende omstandigheid sou kon voortleef (De la Bat 2006:17).

# 2. DIE BRINK-FASE (2002-2006)

## 2.1 Rektor Brink se *No Lesser Place* – The taaldebat at Stellenbosch

Chris Brink, wiskundige filosoof, was 'n Rhodes-student wat sy doktorsgraad in Cambridge voltooi het en teen die tyd dat hy in 2001 as rektor aangestel is, was hy reeds oortuig dat studente meer en beter leer in 'n omgewing met sosiale diversiteit. Tydens 'n toespraak voor die konvokasie in November 2004 het hy 'n gedagteprikkelende toespraak gelewer oor wie se plek die US is en laat blyk hy sien twee belangegroepe by die US: "'n ouer en 'n nuwer" een, met laasgenoemde wat ook bepaalde eienaarskap begin opeis. Met die taalstryd reeds in volle swang het Brink sy boek, *No lesser Place: The Taaldebat at Stellenbosch* op 5 Maart 2006 bekendgestel, of soos dit in *Rapport* beskryf is, die "bom oor die taalstryd" gelos (Malan 2006:16). Volgens hom is die US steeds "beskou as die kraamsaal van apartheid" en was die keuse daar om Afrikaans klein en geïsoleerd te hou, of om dit lewend te maak as 'n Suid-Afrikaanse taal te midde van veeltaligheid en multikulturalisme. Sy multikulturele standpunt is gesien as die totaal teenoorgestelde van die "proteksionistiese" siening van die "ekstreme taalstryders" wat van Afrikaans die primêre voertaal wou maak. Brink het verwys na die "meganismes van uitsluiting en dwang" en hoe hy en sy ondersteuners beskuldig word dat hulle die US op die pad na verengelsing plaas. Wat Brink betref, was so 'n risiko klein "in vergelyking met 'n gevaarliker glybaan na parogialisme en akademiese isolasie" (Malan 2006:16).

Max du Preez was een die eerste deelnemers aan die debat waarin Brink se publikasie meer uitdruklik aan die orde gestel en ontleed is. Hy het daarop gewys hoe Brink daarin die beskermers van Afrikaans aanvat en die leuens en wanopvattings van diegene wat Du Preez as die "neo-Afrikaners" uitmaak, ontbloot. Hy het gemeen Brink maak 'n sterk saak uit vir multikulturalisme en sy oortuiging was dat die US steeds 'n belangrike rol in die bevordering

van Afrikaans kon speel. Terselfdertyd het Brink egter ook die belangrikheid van ’n inklusiewe toekoms vir die taal gebaseer op ’n “waardetoevoegende benadering” beklemtoon (Du Preez 2006:16). Die taal kon steeds in ’n multikulturele US-opset bevorder word sonder om ’n “reëlsgedrewe Afrikaanse universiteit” te word waar metodes van uitsluiting en dwang soos deur die taalstryders voorgestaan, toegepas word. Vir Brink was die idee van ’n volkstaat verby en sy oortuiging was dat diegene wat in die plek van ’n ruimtelike volkstaat ’n geestelike volkstaat vir hulself skep die agenda van die neo-Afrikaners daargestel het. “In a volkstaat of the mind, when the inhabitants cast their mind’s eye over the world, it would look the same to all of them. They would share the same beliefs, assumptions, views, opinions about themselves and about ‘others’.” (Du Preez 2006:16)

Gedurende die taalstryd sou daar herhaaldelik na Brink se publikasie, optrede en uitsprake verwys word en sy “volkstaat of the mind” sou telkemale deur beide die strydende groepe opgehaal word. Brink het die taaldebat deels as ’n politieke veldtog uitgemaak wat Afrikaans inspan vir Afrikaneridentiteit en nasionalisme. Soos later aangedui sal word, het die geskille tussen Brink en Giliomee só heftig geword dat dit uiteindelik selfs die bemiddeling van Van Zijl Slabbert sou noodsaak.

In die hewige debat wat Brink se publikasie en uitsprake sou uitlok, het die diep kloof tussen Brink se ondersteuners en sy heftige teenstanders duidelik na vore gekom. Een van die oordele daaroor was dié van Cornia Pretorius, vryskutjoernalis van Johannesburg, wat prontuit beweer het sy praat namens die Afrikaanssprekendes wat “lankal van die huidige debat oor Afrikaans vervreemd geraak het”. Sy het Brink se publikasie beskou as die eerste omvattende geskrif wat “’n stem gee aan die persone wat stilweg die hele herrie van die kantlyn af dophou” (Pretorius 2006:8). Hulle weier om deel te neem aan die argumente en manier van doen van die “taktlose” Afrikaanse taalvegters. Volgens haar het Brink op verskeie maniere in sy uiteensetting van die taalgeskil geslaag: hy vat Afrikaanssprekendes se standpunte saam en neem die strydbyl teen die taalstryders op; ’n ander denkwyse oor die kwessie word aan die orde gestel en ’n verduideliking gegee waarom nie baie

Afrikaanssprekendes hulle met die stryders vereenselwig nie; die feit dat Brink se boek in Engels verskyn het, het die "taaldebat suurstof en beweegruimte" gegee om "te ontkom van die Afrikaanse pers"; dit was 'n rektor self aan die woord en universiteitsbestuurders se stemme is juis selde in die debat gehoor. Brink beklemtoon konsekwent die akademiese kant en sien dit nie as die US se taak om Afrikaans te red nie (kyk p. 33) (Pretorius 2006:8).

Soos te verwagte was daar skerp kritiek teen Brink se boek en sienings. Die US probeer sy historiese skuld as "apartheidsuniversiteit" systap deur 'n verengelsingsbeleid te wil volg, was die kras beswaar van Johann Rossouw van die FAK oor Brink se boek (Malan 2006:16). Hy het Brink daarvan beskuldig dat hy die argumente van sy teenstanders verdraai en die "roofsugtige markmodel" vir die universiteit voorhou, wat eintlik beteken dat enige argumente teen die rektor se vergrype "gelykgestel word aan dwang en uitsluiting" (Malan 2006:16). Brink was drie jaar lank besig om sy teenstanders as "potsierlike strooipoppe" uit te maak, net om hulle dan met "geesdrif en selfvoldoening" plat te skiet. Al wat eintlik gevra word, is dat studente oor voldoende vaardigheid moet beskik om in die tweede en derde jaar in Afrikaans te studeer. Vir hierdie standpunt word hulle uitgekryt as voorstanders van 'n "Taal-Orania of 'n volkstaat van die gees" (Malan 2006:16).

Die bekende skrywer George Weideman het die trant en inhoud van Brink se boek in baie opsigte as naïef uitgemaak. Alhoewel akkoord gegaan kon word met sy siening van die veranderende rol van universiteite in 'n transformerende gemeenskap, was sy analise van die verloop van die taaldebat simplisties en eintlik foutief wanneer dit vergelyk word met die nuutste EU-dokumente wat in werklikheid toon dat Engels besig is om veld te verloor (Weideman 2006:14). Brink se propagering van Engels as "doelwittaal vir die US" en sy minagting vir die inheemse tale as "parogiale" tale laat geen ruimte vir 'n sinvolle gesprek oor diversiteit, veeltaligheid en ander kulture nie. Hy bespeur geen bedagsaamheid teenoor Afrikaanssprekendes aan die US nie en Brink toon geen begrip vir die feit dat daar verdeeldheid onder Afrikaners bestaan nie; nog minder toon hy enige kennis van die stryd van skrywers soos Rabie, Small en Breytenbach teen apartheid en die misbruik van Afrikaans. Só ook negeer

hy die bruin stryd vir die bevryding van Afrikaans en gebruik hy die terme 'swart' en 'gekleurd' soos dit hom pas (Weideman 2006:14). Afrikaans was nie meer die onderdrukkertaal nie en daar was beslis teenstanders van die T-opsie wat nie die verlede wou terug hê nie. By hulle was daar 'n ernstige begeerte "om van Afrikaans (die enigste taal met 'n Europese stam waarop Afrika-lote geënt is) 'n ware koelteboom vir almal te maak". Wat wel deur die beskermers van Afrikaans met erns betrag is, was 'n "waaksaamheid oor funksieverlies" en die eksperimentering van 'n verengelsingsklimaat onder die dekmantel van "vrye keuse" (Weideman 2006:14).

Onder die briefskrywers in *Die Burger* was daar steun vir, sowel as kritiek teen Weideman se standpunt. J. Botha het Weideman se metafoor van Afrikaans as 'n "koelteboom" vir andere as veral gepas beskou (Botha 2006:17). Hy het Brink se boek waardevol gevind, omdat dit 'n goedberedeneerde invalshoek op die debat was, weliswaar vanuit 'n bepaalde gesigspunt. Dit was egter geensins waar dat daar by die teenstanders van die T-opsie geen bedekte agenda was nie, want 'n sekere faksie – die neo-Afrikaners – het beslis 'n politieke agenda daarop nagehou (Botha 2006:17). Brink het wel erken diegene wat besorg oor Afrikaans is nie noodwendig die neo-Afrikaner-agenda onderskryf nie en sommiges selfs teenstanders daarvan was. Vir hom het die jonger geslag geglo aan 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse geskiedenis waarin goeie lesse by wit en swart helde geleer kon word. Hyself was ten gunste van 'n US wat vir baie idees gestaan het en het geglo dat Afrikaans aan 'n universiteit soos die UWK uitgebou moet word om Afrikaanses (van alle kleure) uit veral die platteland en die Vlakte te akkommodeer. Dit behoort nie te gaan oor 'n politieke verlede en agenda nie, maar suiwer om mense se tersiêre behoeftes. Afrikaans moet lok en nie afskrik nie, en selfs al is die Afrikanermentaliteit soms afstootlik, moet daar selfs vir diesulkes ruimte gelaat word (Botha 2006:17).

Meerdere kritiek teen Brink se boek was dat sy argumente deur sy vooroordele en deur die faktore wat hy onverreken laat, ondermyn is. Wat hy heeltemal links gelaat het, was hoe tweetaligheid aan universiteite afgeskeep is, waarvan die uitskuiwing van Afrikaans by UJ, UPE en UWK getuig het. Ook sy siening van Afrikanerskap het neergekom op vooroordeel, omdat hy

Afrikanerskap onlosmaaklik aan apartheid gekoppel het. Brink is bestempel as 'n "moderniseringsfundamentalis" wat geheel en al die aansprake van gemeenskappe op "atavistiese" sentimente soos etnisiteit en taal geïgnoreer het. Sy boek het getuig van denke in die "gepolariseerde raamwerk van voor die val van die Berlynse muur: Afrikaners en apartheid teenoor bevryding, eksklusiwiteit teenoor inklusiwiteit". Siende dat sulke eensydige denke Brink se houding gekenmerk het, kon die toekoms van Afrikaans nie met veiligheid aan hom toevertrou word nie. Sy boek het bewys gelewer dat Afrikaans by die US onder hom nie gestabiliseer sou word nie, omdat hy in die greep van die magsbelange van die tyd beland het (John 2006:13).

Die debatvoering oor die taalkwessie het een van sy laagste vlakke bereik met die opmerkings van Breyten Breytenbach in *Rapport* oor Brink se publikasie. Die agtergrond hiervan was dat US se studentekoerant, *Die Matie*, Breytenbach, Giliomee, Anton van Niekerk en verskeie studente gevra het om 'n kort resensie oor Brink se boek te doen. Breytenbach het gereageer met, hy "lesie stront" nie; sy taalgebruik het sy lae dunk van Brink weerspieël. Sy presiese woorde was:

> *"ek het ongelikig nie hn oopennie oor doktir brink se boek ni want ek lesie strond nie ook nie oor hom nie behalwte dat hy intelektaak (sorry) intelteel hn selftevrede fark is, my afferkaans is ook bieter as my ingils u kan hierie skreiwe gerus vir'om gie waner hy nie gesyp, is nie. Dis, my ressensie." (Malan 2006a:8)*

Die SR-voorsitter, Pieter-Schalk Bothma, se oorwoë kommentaar vir die studentekoerant daarenteen was dat die verwagtings in die taaldebat heeltemal buitensporig was en die kwessies só kompleks is dat 'n enkele, duidelike antwoord nie te bedink is nie. Dit het gevolg op die beskuldiging dat die SR op die draad sit, omdat daar nie prontuit vir Brink of Giliomee kant gekies is nie. Bothma wou nie aanvaar dat daar net die twee opsies is nie en sy siening was dat Afrikaans wel beskerm kan word sonder om die US van die buitewêreld te isoleer. Hy het dit buitendien belaglik gevind om te sien hoe die taaldebat "in 'n intellektuele moddergooiery ontaard" het tussen die sogenaamde "neo-Afrikaners" en persone soos Breytenbach wie se reaksie

totaal onaanvaarbaar was (Bothma 2006:17). Moet die SR aan so ’n lae tipe debat deelneem, wou hy weet. Wat Bothma betref, moes die US ’n Afrikaanse universiteit met ’n Afrikaanse karakter bly, maar terselfdertyd ’n plek wees waar studente wat nie Afrikaans verstaan nie, welkom sal voel. “Dit beteken dat daar vir altyd in Afrikaans by die US klasgegee moet word, maar nie uitsluitend in Afrikaans nie. Dit is nodig om te verseker dat die US nie op ’n glybaan na Engels beland nie.” (Bothma 2006:17) Hy kon getuig dat die SR se vergaderings steeds in Afrikaans plaasvind en bygevoeg dat daar gewaak sal moet word om nie Afrikaans dieselfde afwaartse gang te laat gaan as by die ander universiteite nie. Die US kon ook nie afgesonder word van aanpassings oral rondom hom nie. Wat die presiese meganismes moet wees om dit te verseker, het hy in die hande van US se taalwerkgroep gelaat (Bothma 2006:17).

In hierdie stadium het *Die Burger* dit gepas geag om die US se raad te loof vir die wyse besluit om nie in die *Die Matie*-debat betrokke te raak nie. Laasgenoemde blad se redakteur, André-Pierre du Plessis, is geskors as redakteur (hy het wel apologie aangeteken) oor die plasing van die Breyten Breytenbach-artikel en die hele petalje het wel op die raad se agenda verskyn, maar is ter syde gelaat. Die gevoel was dat daar wel ’n meganisme bestaan om klagtes oor studentepublikasies te hanteer ten einde dit eties verantwoordbaar te hou. Geen klag is egter by die mediaraad ingedien nie en dit was onnodig vir die universiteitsraad om by so ’n beuselagtigheid betrokke te raak, siende dat daar meganismes was om so ’n aangeleentheid te hanteer (*Die Burger* 2006a:16).

Breytenbach se beledigende woorde is deur prof. Anton van Niekerk met ongeloof begroet, asook veral die feit dat taalkundiges soos Coetzee en Hambidge Breytenbach se “bisarre resensie” in *Die Matie* as blote satire beskou het. Dit het hy skreiend gevind. Breytenbach het te kenne gegee dat hy nie die rektor se boek gelees het nie en dit ook nie wou lees nie. Kon Coetzee en Hambidge werklik dink dat sy tirade van belediging en veragting deel van die debat behoort uit te maak? Om te vloek, te skel en persoonlike beledigings ontdaan van ’n greintjie waarheid rond te slinger was “die uitweg van mense wie se argument opgedroog het”. Hy was bereid om te werk om Afrikaans as akademiese taal te behou, maar as hy moes kies tussen die verengelsing van die

universiteit en ’n Afrikaanse universiteit waar uitinge soos dié van Breytenbach die norm van die diskoers word, sou hy eersgenoemde kies. Hy het sy skrywe afgesluit met: “Bravo aan die redakteur van *Die Matie* wat sy fout met die publikasie daarvan erken het.” (Van Niekerk 2006:15)

Voor die verkiesing van nuwe US-raadslede is ’n opname deur ’n konsultasiemaatskappy gedoen, wat getoon het dat alhoewel die meerderheid konvokasielede dit ’n eersteklas-universiteit wou hê, byna die helfte van die respondente hulle nietemin vir ’n uitsluitlik Afrikaanse universiteit uitgespreek het. Die opname het ook bevind dat 83% van die konvokasielede daarvan bewus was dat die US Afrikaans bevorder en dat steun vir die bestaande taalbeleid die sterkste onder vroue (81%) was. Terselfdertyd het die viserektor, Russel Botman, sy besorgdheid uitgespreek oor wat hy as die konvokasielede se ‘beperkte begrip’ van die kwessies ter sprake bestempel het (Breytenbach 2006:3).

Die vurige gesprek oor taalmedium het ook wyer kwessies oor taal en taalgemeenskappe laat opduik. Só byvoorbeeld het die US-sosiologiedosent, Koos du Toit, verwys na Nicholas Ostler se *Empires of the World – A Language History of the World,* waarin beweer word dat taalgemeenskappe die ware rolspelers in die wêreldgeskiedenis is; nie konings, state of ekonomieë nie. Du Toit het verwys na sy eie ervaring as dosent aan die US en UWK en vir hom was die taalkwessie op die lang termyn nie bloot ’n keuse tussen die T- of A-opsie om die voortbestaan van US as “ras-inklusiewe universiteit” te verseker nie, maar ook as die vasbeslotenheid “van wit, bruin en swart Afrikaanssprekende gemeenskappe om hulle moedertaal met akademiese uitnemendheid, prestasie en selfverwesenliking” te laat seëvier. Watter kans het inheemse tale as akademici meen studente kan slegs in Engels presteer? Vir hom was die sosiopolitieke bedeling op alle terreine deurslaggewend, nie net op universiteitsvlak nie. In werklikheid was Brink reg; dit gaan om ’n “politieke veldtog en identiteit”. Ostler meen dat Afrikaans, in teenstelling met ander inheemse tale in Afrika, nie voor die “swept aside” verskynsel geswig het nie. Juis daarom, meen Du Toit, moes daar groter erns vir die bepalings in die Grondwet oor veeltaligheid getoon word (Du Toit 2006:10).

## 2.2 Giliomee en Schlemmer se *'n Vaste Plek vir Afrikaans – Taaluitdagings op die Kampus* en die agteruitgang van Afrikaans

Wat publikasies oor spesifiek die taalstryd betref, het Giliomee en Schlemmer se boek, *'n Vaste Plek vir Afrikaans – Taaluitdagings op die Kampus,* in Julie 2006 verskyn. Dit was die resultaat van 'n ondersoek oor Afrikaans by HAU's in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie, en dit het baie kommentaar ontlok. Daarin het hulle 'n debat oor die "kreeftegang van Afrikaans" op pedagogiese en polities-ideologiese vlak gevoer en daarop gewys dat taal en identiteit wêreldwyd faktore is wat verreken moet word, omdat mense daardeur bemagtig of benadeel word. Die boek open met taalsosiologiese beskouings oor taalverplasing, waarna die geskiedenis rakende die agteruitgang van Afrikaans sedert 1994 behandel word. Hulle steun veral op die bevindings van Neville Alexander, Philippe van Parijs, Jean Laponce, en Joshua Fishman en erken dat daar geen totale onpartydigheid oor taalaangeleenthede bestaan nie (Scholtz 2006:8). Die twee skrywers het sterk standpunt ten gunste van die behoud van Afrikaans as universitêre onderrigtaal ingeneem en kon wel "erosiewalle" teen die glybaan van Afrikaans by NWU en die UV vind, maar nie by UJ, UP of US nie. Alhoewel hulle besware teen Brink se sienings en optrede duidelik geblyk het, was die toon in hulle publikasie steeds beskaaf, met vermyding van verdagmaking. Hulle het onder andere 'n virtuele Afrikaanse universiteit – dit wil sê, 'n universiteit wat deur programmatuur funksioneer en nie fisies bestaan nie – voorgestel om Afrikaans te kan uitbou. Leopold Scholtz se oordeel was dat die boek 'n "indrukwekkende korpus van pedagogiese gegewens oor die nadele van die benadeling van Afrikaans" gee. Waaroor hy wel kritiek uitgespreek het, was hulle oorbeklemtoning van die ideologiese aspekte (Scholtz 2006:8). Nog 'n resensent van bogenoemde publikasie, die bekende Afrikaanse skrywer Abraham de Vries, het uitgewys hoe Giliomee en Schlemmer aantoon dat daar nooit onafhanklike ondersoeke na die voorkeure en behoeftes van die US se wit en swart studente en dosente rakende die onderrigmediumkwessie was nie. Studenteregte is ook nie in die taaldebat verreken nie en geen ondersoek is gedoen oor hoe die T-opsie

in die lesingsale funksioneer, asook of dit wel suksesvol verloop nie. Hy het pertinent na hulle stelling verwys dat die Afrikaanse studentetal landswyd tussen 1996 en 2005 met meer as 3 000 tot ’n verstommende 41 00 gestyg het, genoeg om drie universiteite te vul. Die universiteit wat die beste met betrekking tot die beveiliging van Afrikaans daarvan afgekom het, was die UV en NWU vanweë hulle onderrigsituasie rondom parallelmediumonderrig en tolkdienste. Hulle het die grondwetlike eise dat universiteite nie studente op grond van taal mag weier nie, beklemtoon, asook dat maksimale geleenthede aan voorheen-benadeelde studente beskikbaar gestel moet word. Vir hulle het parallelmedium en sy variasies na die enigste onderrigmetode gelyk waardeur die verskillende tale tot hulle reg sou kan kom. Dit is egter nie deur die staat gesubsidieer nie en of hierdie feit toegeskryf moes word aan doelbewuste verengelsing deur die staat of gebrek aan kommunikasie tussen die staat en die universiteite sou net die tyd uitwys (De Vries 2006a:13). Die kwessie of die regering transformasie wou bewerkstellig deur universiteite te verplig om die demografie van die land te weerspieël, is telkens geopper, maar daar was in daardie stadium nog geen duidelikheid daaroor nie. Dit was ’n kwessie wat veral ook deur die rektor van NWU, Theuns Eloff, by meer as een geleentheid aangeraak is en sy sterk standpunt dat universiteite nie sonder meer daarby moes inval nie, het tot gevolg gehad het dat die NWU Afrikaans veel sterker beskerm het.

Reeds op hierdie tydstip is die waarskuwing gehoor dat die taalbakleiery oor Afrikaans en die toenemende verdeeldheid onder die US se oudstudente tussen diegene wat hulle vir of teen Afrikaans uitgespreek het, tot ernstige polarisering kon lei. Só ’n verwikkeling is deur die letterkundige, Charles Malan, as sinneloos bestempel, want in werklikheid was nie een van die konvokasielede teen Afrikaans gekant nie. Hyself was een van dié wat teen die T-opsie beswaar gemaak het uit oortuiging dat dit “bewysbaar reeds die pad vir verengelsing” oopgemaak het. Hy wou weet hoeveel wetenskaplike bewyse daar na JC Steyn se bekroonde *Tuiste in eie Taal* nog nodig was om aan te toon dat “’n minderheidstaal wat nie weerstand bied nie, deur politieke oormag ondergeploeg kan word” (Malan 2006:30)? Dit was reeds lank

duidelik dat Afrikaans se heil nie in eksklusiwiteit lê nie, maar in demokratiese inklusiwiteit. Malan het gewaarsku dat emosie besig was om die debat te beduiwel. Vir hom was die oplossing klinkklaar: "Moedertaalonderrig, veral in die vroeë jare, is die beste. Punt. 'n Student het die reg om hom/haar in die taal van keuse uit te druk. Punt. Daar moet redelik oor taal onderhandel word. Punt." Sy indruk was dat mense hulle eintlik min gesteur het aan die taalstryd en geen toi-toi daaroor op tou wou sit nie, maar bloot wou keer dat Afrikaans baie sigbaar ondermyn word (Malan 2006:30).

## 2.3 Die pro-Afrikaanse kandidate wen die raadsverkiesing (25 Maart 2006)

Alhoewel die vier voorvegters vir Afrikaans as die primêre onderrigtaal uit die geledere van die konvokasie op 25 Maart met 'n oorweldigende meerderheid as raadslede verkies is (8 761 lede het deelgeneem), sou dit nie 'n onmiddellike uitwerking op die US se taalbeleid hê nie. Die vierjaartermyn van Christo Wiese, Ritzema de la Bat en Ruda Landman as konvokasielede op die raad sou eers op 1 April 2006 eindig. Bowendien sou die nuwe raadslede meer steun vir hulle standpunt oor Afrikaans in die raad moes verkry om hulle standpunt deur te voer. Giliomee, Lina Spies en Christo Viljoen het saam ongeveer 75% van die stemme getrek, terwyl Jacko Maree (die pro-Afrikaans yweraar) vir Gerhard van Niekerk (die raad se visevoorsitter) as die donateurs se raadslid verslaan het. Die vier suksesvolle kandidate het na hulle verkiesing laat blyk hulle besef hulle het 'n sterk mandaat ontvang om Afrikaans as primêre akademiese en wetenskapstaal te bevorder, maar ook dat hulle as 'n klein groepie meer steun van die raad sou moes vind om hulle oogmerke te probeer verwesenlik. Die resultaat van die verkiesing is nie deur hulle as 'n oorwinning vir bepaalde individue voorgehou nie, maar as 'n sege vir Afrikaans, vir transformasie in en deur Afrikaans en ook vir veeltaligheid. Die voorwaarde daaraan verbonde was egter dat "Afrikaans 'n sterk en onbetwisbare basis het waarvandaan dit kon ontwikkel en sodoende 'kulturele pluralisme' in die land kon versterk". Intussen is die verslag van die universiteit se nuwe taalkomitee wat teen die middel van 2006 verslag moes lewer, angstig

afgewag (Breytenbach 2006a:1). Die vraag wat nou opgeduik het, was oor die posisie van die dienende konvokasieverteenwoordigers wat nie met hierdie duidelike uitspraak vir Afrikaans saamgestem het nie. Kon hulle werklik nog die konvokasie eerbaar verteenwoordig en kon hulle eerlik en prontuit getuig dat hulle Afrikaans volledig en prontuit steun (Kotze 2006:14)?

Die konvokasie se verkiesingsuitslag is vanselfsprekend met genoegdoening deur die beyweraars van Afrikaans begroet. Vir Jaap Steyn het die klinkklare oorwinning van die Afrikaanse "opsioniste" getoon hoe sterk baie mense se gevoelens teen Afrikaans ten opsigte van die dubbelmediumonderrig-opset was. Deel van die taaldebat was volgens Steyn die opvatting dat 'n instelling wat nie Engels of half ver-Engels het nie, minderwaardig is. Dit was wat hom betref, onsin. Toe sy eie universiteit (UV) met 'n mediese fakulteit begin het, is uit Engelse geledere daarmee gespot, maar dit het van die beste geneeshere in die land gelewer. Hy het gehoop die Akademie neem die inisiatief om met 'n Afrikaanse universiteit te begin (Steyn 2006:10). Dit was een van die eerste klanke en ook nie die laaste nie, oor die moontlikheid van 'n eie Afrikaanse universiteit. Die verkiesingsuitslag is bestempel as 'n triomf vir Afrikaans op Stellenbosch en 'n klinkklare boodskap dat Afrikaans wyer moet uitkring. Die duidelike wekroep van die verkiesingsuitslag, so is gemaan, behoort ernstig deur die louhartiges en die jonges wat totaal sorgeloos teenoor Afrikaans is, opgeneem word (Van Deventer 2006:18). In 'n hoofberig van die streek se invloedryke *Die Burger* is aangevoer die US se oudstudente het duidelik laat blyk hoe hulle oor die taalbeleid voel en dat dit 'n sein is wat gerespekteer behoort te word. Die T-opsie sou egter die universiteit se amptelike beleid bly totdat die taalkomitee se verslag voltooi en in behandeling geneem is. Hopelik sou die taalprobleem teen daardie tyd gestroop wees van al die emosies waarmee die debat gepaard gegaan het. Die raad is daarop gewys dat dit nou die verantwoordelikheid gehad het om seker te maak dat almal ingesluit word en daar inklusief te werk gegaan word (*Die Burger* 2006:10).

Soos te verwagte was daar onmiddellik kritiese reaksie teen wat gesien is as die "eksklusiwiteitsaanhang" van diegene wat 'n Afrikaanse US so sterk propageer. Vanaf die vroegste tye toon wit Afrikaners die neiging tot politieke

en taal-eksklusiwiteit, was een van die argumente wat in die briefwisseling in die pers daaroor gehoor is (Coetsee 2006:16). Daar is onder andere verwys na die Groot Trek en die 1914-rebellie, wat getoon het hoe problematies eksklusiwiteit in 'n multikulturele land kan wees. Deur die apartheidsbeleid is die eksklusiwiteit van die Afrikaner en sy taal op 'n bedenklike wyse beoefen, wat uiteindelik sy verswakking sou bewerkstellig. De Klerk het in 1994 tot die Afrikaner se redding gekom deur die Afrikaner vir die eerste keer vry te maak van die aanklag van afsondering en eksklusiwiteit. Alle Afrikaanssprekendes in die land kon nou die taal as almal se besit opeis en die uitvloeisel daarvan was die versterking en groei van Afrikaans. Dit het die weg gebaan vir die kragtige groei en versterking van die Afrikaanse sprekers soos nog nooit vantevore gevisualiseer nie. Veral wit Afrikaners is genoop tot die besef dat samewerking met almal wat die taal praat, sou verseker dat dit voortbestaan en die uitbouing daarvan "'n nuwe gees van inklusiwiteit ten opsigte van die hele Suid-Afrika" sou vereis en meebring. Afrikaans moes gepraat word sonder om aanstoot te gee en moes spreek van "inherente trots, en spontaan lei tot die nodige erkenning en respek" (Coetsee 2006:16).

Ander briefskrywers wat ook die A-opsie gesteun het uit die oortuiging dat diegene wat daarvoor gestem het lankal rasse-apartheid afgelê het, het die interessante term "ras-inklusief in ons moedertaal" gebruik om hulle is standpunt te definieer (Du Toit 2006a:16). Soos in ander demokratiese samelewings, so is geredeneer, beskou eie-taal-ondersteuners hulle taal en kultuur as "ankers in 'n onstabiele wêreld". 'n Universiteit wat "ras-inklusief in ons moedertaal is, en die voedingsbron van ons denke en prestasies is, [is] 'n absolute noodsaaklikheid" (Du Toit 2006a:16). Die konvokasielede is daarop gewys dat hulle dus eintlik Jan Figel, hoof van die Europese kommissie vir onderwys, opleiding, kultuur en veeltaligheid se diktum onderskryf dat dit tale is wat die mens menslik maak en dat Europa se taalverskeidenheid die kern van sy identiteit vorm (Du Toit 2006a:16).

Die nuwe raadslede wat die stewige mandaat ontvang het om in belang van die Afrikaansprekendes op te tree, is wyd gelukgewens. Wat hulle ondersteuners wel gepla het, was dat die suksesvolle kandidate steeds voorgehou is as

mense wat aan die apartheidsverlede vasklou en teen transformasie is, bloot omdat hulle voorstanders vir Afrikaans as primêre taalmedium is. In hulle teenargument het die verkosenes voor en na die verkiesing dit by herhaling beklemtoon dat waar dubbelmedium ingevoer is, Engels binne enkele jare Afrikaans verswelg het. Alhoewel parallelmedium 'n duur opsie was, is die positiewe daarin gesien deurdat dit beide taalgroepe akkommodeer, en aangesien dit by ander universiteite suksesvol toegepas is, waarom nie ook by die US nie? (Du Plessis 2006:16).

Die uitslag van die verkiesing het gemoedere en tonge losgemaak, maar in werklikheid is die drif in die argumentasie al hewiger en kwetsender aangeblaas en het dit gelei tot opmerkings en aanklagte deur een van die professors wat olie op die reeds knetterende debatsvuur sou gooi. Fanie Cloete, professor in beleidsanalise in die skool vir openbare bestuur en beplanning by die US, het pertinent gewys op wat hy die Afrikaner se historiese weersin in liberalisme genoem het (Cloete 2006:18). Daarvolgens het hy die taalstryd getipeer as 'n aanslag uit konserwatiewe oord op die siel en gees van die Afrikaner en verwys na die NP se "troetelhaat" teen Engelse liberaliste, wat sou uitloop op die Afrikaner se monopolie in die apartheidstaat. In daardie jare was die wit bevolking in twee kampe verdeel, met 'n meerderheid nasionalistiese Afrikaners wat die NP, en 'n meerderheid Engelse wat die liberale partye gesteun het. Wat hom betref, was "'n hernude neokonserwatiewe aanslag op die psige van Afrikaanssprekendes" by die US weer in omloop, met as oogmerk om Afrikaner-nasionalisme te laat herleef in 'n "meer ras-inklusiewe vorm soos die retoriek van kulturele bemagtiging van sowel wit as bruin mense deur middel van inwaartsgerigte, Afrikaans-gesentreerde onderrig" (Cloete 2006:18). Hierop het hy voortborduur dat die konvokasie se verkiesingsveldtog in hoofsaak deur "invloedryke elites" in die SA Akademie, FAK, AB en Naspers gevoer is, met as een van die wapens die FAK-blad, *Vrye Afrikaan* (VA), asook met die redakteur en "selfaangestelde filosoof", Johann Rossouw, as die "nuwe ideologiese veggeneraal". Cloete het selfs die drastiese stelling gemaak dat Marxiste voorgestoot word om die "konserwatiewe dogma van bemagtiging deur slegs Afrikaans te probeer ondersteun, te legitimeer

en selfs om transformasie aan die US wat dit na bewering sal teenwerk, te probeer vertraag". In die VA word Marxistiese intellektueles gebruik om die "neoliberalisme" van die post-apartheidstaat te kritiseer. Hy het dit veelseggend gevind dat een van Rossouw se artikels die opskrif gedra het van "Die neoliberale kanker" en was oortuig die VA voer doelbewuste veldtogte teen die "verloopte liberale Afrikaners" wat Afrikaans skade berokken. Dit was dan ook vanuit hierdie oord dat die universiteit se raadsbesluit om dubbelmediumonderrig te steun, geëtiketteer is as die resultaat van die bose alliansie tussen "die Afro-nasionalistiese staat en sy neokorporatiewe bedmaat se elite pakt". Diegene wat nie 'n "dogmatiese afdwing van Afrikaans aan die US steun nie, asook die nuwe geslag kunstenaars wat gemakliker met Afrikaans omgaan as vorige geslagte" word deur Rossouw uitgeskel as persone wat die Afrikanerdom in die steek gelaat het. Wat Cloete betref, het hierdie ingesteldheid en veldtog daartoe gelei dat vier neokonserwatiewes, waaronder Giliomee (ook lid van die VA se redaksionele komitee), tot die raad verkies is. Vir Cloete het dit neergekom op 'n onheilige alliansie tussen "siniese inwaartsgerigte Afrikaner-elites en Marxiste om hul gemeenskaplike, tradisionele 'liberale' vyand nogeens te probeer stuit, alles in die naam van Afrikaanse taalpolitiek". Die vraag was of die US-raad deur hierdie "drukgroep vir die Derde Vryheidsoorlog teen 'n mitologiese, liberale Engelse 'vyand'" aan die neus gelei gaan word (Cloete 2006:18).

Oor wat bestempel is as Cloete se ideologiese en daarom onwetenskaplike werkswyse is hy heftig deur Francois Viljoen aangeval, onder meer omdat Cloete sy intellektuele opponente stereotipeer en scenario's skets waarin hy hulle "karikatuuragtig" uitbeeld. Deur sy opsienbare en krasse etikettering en "verdagmakery" van die voorvegters vir Afrikaans het Cloete hom blootgestel aan hewige kritiek deur sy opmerking dat slegs 12% van die konvokasielede die nuwe lede gekies het, terwyl 'n resente opname getoon het hoe die ander 88% die bestaande taalbeleid steun (Viljoen 2006:16). Cloete is verwyt dat hy die steun van die nuwe raadslede bevraagteken oor die klein persentasie konvokasielede, naamlik 12% steun wat hulle verkies het, maar tog hoog opgegee het oor die twee verslane lede, Landman en Wiese, wat voorheen

met slegs 5% steun van die konvokasielede verkies is. Cloete het verwys na ’n opname dat die meeste konvokasielede die bestaande taalbeleid steun, sonder om te besef dat dit ’n onwetenskaplike opname was (Viljoen 2006:16).

Nog ’n kritikus het Cloete getakel omdat hy afkeurend na die verlede van die “konserwatiewe en nasionalistiese georganiseerde Afrikanerdom” verwys het, maar dat hy sowel as sy ondersteuners self nie kon loskom van dieselfde Afrikaner-paradigma nie (Stofberg 2006:16). Hy beweer dit is die oogmerk van diegene wat Afrikaans probeer beskerm om Afrikaner-nasionalisme binne ’n ras-inklusiewe opset te laat herleef, wat tot uiting kom in Afrikaansgesentreerde onderrig onder leiding van elites. Die oorsprong van argumente is van minder belang, solank hulle geldig en waar is. Cloete opper nêrens werklike teenargumente nie en verduidelik ook nie wie presies die elite is na wie hy verwys nie. Sy verwysing na slegs 12% steun dra ook nie gewig nie, omdat die geldigheid van argumente ook nie bepaal word deur hoe groot die steun is nie. Cloete se artikel is selfs bestempel as ’n aaklige belediging, wat die vraag ontlok van hoe ’n diskoers gevoer kan word wanneer jou gespreksgenoot jou by voorbaat verdoem as deel van ’n bose sameswering (Steenkamp 2006:16).

Waarom heers daar by sommiges vrees wanneer daar op Afrikaans by die US aangedring word, is gevra. Dit, terwyl tye verander het en die Afrikaanssprekendes nooit weer polities die botoon sal voer nie. Afrikaans het as inheemse taal ontluik en gevorder tot ’n volwaardige universiteitstaal soos by die US en dit is onsinnig om te wil beweer dat dit as ’n Afrikaanse universiteit geen werklike meriete verwerf het nie en die oplossing in “kruipende verengelsing” lê (Viljoen 2006:14).

Die Cloete-debat sou heen en weer wentel en in sy reaksie op die fel kritiek teen hom het Cloete na die “emosionele lesersreaksie” op sy artikel verwys, asook hoe sy standpunte as “lae debatvoering” bestempel word, sonder dat sy argumente weerlê word (Cloete 2006:10). Hy glo vas taal bly ’n effektiewe politieke, sosiale en kulturele middel waardeur mense in- of uitgesluit kan word en dat taalkonflik as gevolg daarvan ontstaan, wat ook by US aan die gebeur is. Die ontleding van die kontekste waarbinne argumente en aksies

gevoer word en wat presies die dieperliggende motiewe daaragter is, vorm belangrike aspekte in navorsingsondersoeke. Word dit egter geïgnoreer of ontken, beteken dit eintlik onderdrukking van vrye spraak en verarm dit enige wetenskapsbeoefening, wat nie strook met die ideale van ’n vrye pers nie. Cloete het dit jammer gevind dat sommige deelnemers aan die debat, insluitende persone uit die Afrikaanse media, so ’n strategie volg om kritiese klanke te smoor en sodoende eerlike debat aan bande lê. Dit was juis sulke persone wat in die verlede in die pad van die US se transformasie gestaan het, deur ’n meer progressiewe taalbeleid en sodoende regstellende aksie te vertraag en verhinder het. Dit was ook die geval toe daar gepoog is om Bram Fischer te vereer. Cloete self was oortuig dat hy nie die peil van die debat verlaag nie; hy het slegs probeer om die vertolking van historiese feite te dekonstrueer (Cloete 2006:10).

Alhoewel daar diegene was wat nie sonder meer aanvaar het dat die teenstanders van die T-opsie rassiste is nie, het hulle tog daarop gewys hoe die behoud van die US as Afrikaanse universiteit dit minder toeganklik vir veral swart studente sou maak. Een van die briefskrywers was verstom oor die duister motiewe wat aan die rektor toegedig word, maar wat sy veral nie kon aanvaar nie, was die nuwe uitbeelding van Afrikaanssprekendes as “slagoffers saam met ander rasgroepe wie se kultuur misken word in ’n ‘globale oorlog’ wat daarteen gevoer word” (Ferreira 2006:14). Die nawerking van apartheid sou nie uitgewis kon word deur ’n nuwe sinistere vyand te vind om daardeur die speelveld tussen alle kleurgroepe in die land tot voordeel van Afrikaanssprekendes gelyk te maak nie. Die taaldebat se kwessies was kompleks, omdat dit besig was om binne ’n groter konteks wat op verskillende maniere verklaar en aanvaar word, af te speel. Die kernvraag was wat die US die verste sou bring: fokus op die kleiner terrein, of op die groter gemeenskap waaraan saam gebou kan word? (Ferreira 2006:14).

Daar is van tyd tot tyd inderdaad wyer besin oor die rol van die Afrikaanssprekende en Afrikaans by die HAU’s binne die nuwe opset van veeltaligheid en nierassige vereistes en oor watter eise en opofferings dit impliseer. Dit was byvoorbeeld die onderwerp van die deelnemers aan die

Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) se oop gesprek in Kaapstad in April 2006 (Jansen 2006:6). Aangesien die taalsituasie by die US in hierdie stadium die kwessie was wat in veral akademiese kringe die aandag getrek het, sou dit tydens dié gesprek ook ter sprake kom en die aandag het veral op die leidende bruin intellektueles se siening daarvan geval. Dr Neville Alexander, taalkenner by die UK, se standpunt het gesentreer om die deurslaggewende belang van Afrikaans, wat hy baie doelbewus ontkoppel het van Afrikaners se doen en late. Hy kon daarop wys dat Afrikaans se identiteit verander het deurdat almal wat die taal praat vir die eerste keer hul politieke en filosofiese opinies openlik kon betuig. Alle Afrikaanse sprekers het nou die verantwoordelikheid gehad om vir hulle eie taalregte asook vir die regte van die ander inheemse tale te stry. Op sy beurt het Van der Rheede, hoof van die SBA, saamgestem dat die samesprekings 'n nuwe betekenis en konteks aan Afrikaans gegee het en die belangrikheid van moedertaalonderrig ook vir tersiêre onderrig en akademiese sukses herbeklemtoon is. Op 'n universiteit soos die US het die verpligting gerus om na die mense van sy streek se behoeftes om te sien en sy deure vir veral arm, bruin studente te open. Hierdie standpunt was een wat herhaaldelik en met al groter drif in die US-taaldebat ter sprake sou kom (Jansen 2006:6).

Een van die briefskrywers wat ook die wyer konteks probeer aansny het, het hom uitgelaat oor hoe daar gepraat word van Brink se skitterende logika en hoe gepas en belangrik logika as ontledingsinstrument in die beskerming van kultuurwaardes word (Spaarwater 2006:11). Een van die onoplosbare groter probleme words egter gesien in die groteske verskansing van elf amptelike tale in die Grondwet, wat allermins om logiese, maar suiwer om akkommoderende en taktiese redes gedoen is. Die onderhandelaars was bewus van die belangrikheid van taal vir Suid-Afrikaners, omdat dit een van die grondliggende waardes verteenwoordig het en taalregte gevolglik grondwetlik beskerm moes word. As logiese uitvloeisel daarvan is 'n nasionale taalliggaam, met subliggame vir elke taal in die lewe geroep (Spaarwater 2006:11), wat die sprekers van 'n taal gemagtig het om hul taal te bevorder. Op grond daarvan het die yweraars vir Afrikaans voorts gemeen die US is so 'n

instelling waardeur Afrikaans uitgebou en in stand gehou kan word. Vir baie belanghebbendes was die taaldebat 'n saak van erns vir hulle eie, maar ook vir die menswees en selfbeeld van die nageslag. Dit is daarom te begrype waarom die taalyweraars angstig viserektor Botman se belofte om 'n presiese uiteensetting te verstrek van hoe die US Afrikaans gaan bevorder, afgewag het. Daar het kommer geheers dat koue logika mense sou "afstomp vir die fundamentele geesteswaardes en emosionele binding van taal". Daar is verwys na Carlos Marighella, Frantz Fanon en ander wat reeds oortuigend aangetoon het dat, sodra onder andere en veral taalwaardes misken word, "vervreemding intree" (Spaarwater 2006:11).

Uit die aard van die saak sou die kwessie van dubbelmediumonderrig sterk in die visier kom. Een van die hoofbesware daarteen is gesien in die feit dat dosente dubbel so hard moet werk, terwyl studente terselfdertyd slegs die helfte van die normale lesinginhoud kry en akademiese standaarde noodwendig daardeur geraak sou word. Dit het ook die finansiële implikasie gehad dat ouers steeds die volle prys vir drie jaar se halwe lesings moes betaal. Een van die briefskrywers het verbitterd die stelling gemaak dat "die rektor se spookstories en donquichotterie" aangevul word met Cloete se verdagmakery van die taalstryders. Ouers het besef wat by die US aangaan en het lankal reeds begin om hulle kinders na NWU en die UV te stuur, is gewaarsku (De Vries 2006:10). Een van die briefskrywers het vertel hoe daar in 2005 'n relletjie onder US swart studentegeledere was en hy deur die leiers vir advies genader is. Dit het vir hom uit die lang gesprekke duidelik geword dat daar by hulle geen sentiment oor Stellenbosch se tradisies was nie en dit net gegaan het oor wat hulle self wil hê. Die gevaar is daarin gesien dat indien hulle die oorhand kry, Afrikaans die aftog sal blaas. Daar is geglo dat die rektor kon keer dat die US verengels deur te vereis dat wie aan die US kom studeer, Afrikaans moet kan beheers (Van Zyl 2006:18).

## 2.4 Die topbestuur se aanvanklike beloftes oor die posisie van Afrikaans

In die loop van die debat is daar teruggegaan op vroeëre uitsprake en beloftes van die topbestuur in 2002 oor wat die posisie van Afrikaans vorentoe sou wees. Een van die briefskrywers, dr. Mauritz Vorster, het verwys na die rektor se toespraak voor die konvokasie in daardie jaar toe hy onder andere erken het dat daar groot getalle arm Afrikaanssprekendes is wat die beste deur Afrikaans gehelp kan word. Brink se presiese woorde is aangehaal:

> *Ons wil graag die universiteit wees wat aan sodanige studente hierdie geleentheid bied. Ons wil Afrikaans gebruik om studente sodanig voor te berei dat hulle hul plek in 'n globale gemeenskap kan vol staan ... Ons wil ons verbintenis met Afrikaans behou ... Eerstens, ons wil hoegenaamd nie op 'n willekeurige glybaan van verengelsing wees nie" (Vorster 2006:18).*

Vir Vorster was die logiese wyse om die US te differensieer deur dit 'n instelling te maak wat in Afrikaans klasgee om sodoende die oorsprong en geskiedenis van die instelling te bevestig en te weerspieël ooreenkomstig die streek waarin dit geleë is. Eers dan kon die doelwit van "Afrikaans is ons erns" verwesenlik word. Wat Vorster betref, het die rektor se beleid gaandeweg radikaal verander as gevolg van 'n taalbeleid wat Afrikaans op 'n syspoor laat beland het en uiteindelik as onderrigtaal sou laat verdwyn. Die foutiewe indruk is begin skep dat Afrikaans nie meer pas by die streek of by die US se geskiedenis en strategiese doelwitte nie. Brink se aanvanklike standpunt het nie meer gerym met die wyse waarop Afrikaans aan die US hanteer is nie. By statutêre vergaderings is Engels gebruik; sommige dosente was nie in staat was om in Afrikaans onderrig te gee nie; en bykans 43% eerstejaarstudente was reeds Engelssprekend. Sulke studente en dosente is wederregtelik toegelaat en het daarna op ondemokraties wyse op Engels as onderrigtaal begin aandring. Niks was in te bring teen die aanstelling van Engelssprekende dosente en studente nie, mits hulle ook in Afrikaans kon klasgee en studeer (Vorster 2006:18). Oor hoeveel dosente nie Afrikaans magtig was nie, sou die topbestuur namate druk toegeneem het, eers veel later presiese syfers bekendmaak.

Die logika van die stelling dat almal, insluitende die rektor, daarna strewe om Afrikaans steeds ’n beduidende rol aan die US te gun, maar terselfdertyd te beklemtoon dat ’n aansienlike deel van die bevolking nie uitgesluit kan word nie, is deur een van die briefskrywers sterk bevraagteken (Botha 2006:19). Indien dit sou beteken dat ’n aansienlike getal studente nie Afrikaans magtig is nie en daar taalkundig vir hulle voorsiening gemaak moet word, sou Engels immers onafwendbaar die oorhand kry en uiteindelik sou die US eentalig-Engels word. Hy het ook die stelling dat die US hom op morele gronde moes losmaak van die verlede toe swart mense op kleurgronde uitgesluit was eienaardig gevind, omdat die US lankal reeds swart studente begin toelaat het. Waarom moes Afrikaans laat vaar word terwyl die politieke regstelling reeds gedoen is? Swart mense is in die verlede uitgesluit, nie omdat die voertaal Afrikaans was nie, maar omdat swart studente om politieke redes nie daar kon studeer nie (Botha 2006:19). Engelse universiteite vereis dat studente sonder enige keuse eenvoudig by Engels moet aanpas, maar by die US moet hulle tegemoetgekom word. Dit was ook nie so dat alle swart studente in Engels sou regkom nie, want baie duisende kon Afrikaans goed gebruik. Die stelling dat die voertaal van ’n universiteit ’n akademiese kwessie is wat deur interne besluitnemingstrukture geneem moet word, is as arrogant bestempel. Ouers het immers groot belang by waarheen hulle hul kinders stuur en betaal die gelde waarmee universiteite in stand gehou word (Botha 2006:19).

Dit is ontken dat Afrikaans as onderrigtaal aan die US dwang en diskriminasie veronderstel, aangesien die universiteit nog altyd taalvriendelik was en studente ook in die T-opsie hul vrae in Engels kon stel en toetse en eksamens daarin kon aflê. Weereens is die kwessie van Suid-Afrikaanse universiteite wat Engels-eentalig is, sterk aangespreek. Hoe anders kon dit vertolk word as dat hierdie universiteite ten opsigte van hulle onderrigtaal dwang toepas, veral as Afrikaanse onderrig by die US as dwang uitgemaak word (Viljoen 2006a:18)?

Uit jong geledere is die stelling dat jongmense geen sê in die taaldebat het nie, ook ontken. Daar het immers 3 500 studente in Oktober 2005 hulle beswaar teen die T-opsie betoon deur ’n beswaarskrif te onderteken wat aan Brink oorhandig is en boonop wye mediadekking ontvang het. Dit was juis mense

soos Kapp, Giliomee en Viljoen wat na die stem van die jonges geluister het (Le Roux 2006:18). In 2002 is 'n petisie deur meer as 3 000 studente onderteken om op klasse in Afrikaans aan te dring en in 2005 is die petisie teen die T-opsie deur selfs meer studente onderteken. Die probleem was dat albei petisies "vriendelik ontvang" maar "daarna totaal geïgnoreer" is (Van Zyl 2006:18).

## 2.5 Giliomee se pleidooi vir groter onverbiddelikheid oor taalsake

Giliomee het kort-kort en met groot erns tot die debat toegetree. Sy onverbiddelike houding oor die handhawing van Afrikaanse onderrig het deurgeskemer in sy aanhang van die sienings van die Europese taalsosioloog, Philippe van Parys.[6] Laasgenoemde het tydens 'n belangrike Europese akademiese konferensie standpunt teen taalvriendelikheid ingeneem en sy standpunt gestaaf deur onder andere te verwys na die sogenaamde *Laponce's Law*, wat neergekom het op "hoe vriendeliker mense teenoor mekaar optree, hoe barbaarser word die geveg tussen tale" (Giliomee 2006c:12). Volgens Giliomee moes taalaansporings en reëls aan die US dramaties versterk word om mense te oorreed om die oorheersende plaaslike taal aan te leer. Philippe het sover gegaan om te beweer dit is "noodsaaklik om die gebruik van die lokale taal af te dwing selfs in kontaksituasies waar dit nie die oorheersende taal is nie en sodoende die taal is waarin kommunikasie die vrylikste plaasvind". Indien Philippe 'n Afrikaner was, sou hy volgens Giliomee beskuldig kon word van hunkering na 'n volkstaat of van outoritêre neigings. Giliomee se bykans tirannieke denke sou toon dat hy hierdie standpunt inderdaad ernstig opgeneem het en aan die US wou probeer toepas. Sy siening was dat die T-opsie aan die US absurd is en hy het voorspel dat indien die 50/50-benadering streng toegepas word, Afrikaans uiteindelik 'n blote "versiering" sal word (Giliomee 2006c:12).

6 Die Laponce na wie Philippe verwys het, was Jean Laponce, outeur van *Languages and Territories*, 'n invloedryke publikasie oor die proses van taalverplasing.

Verskeie keuses was, wat Giliomee betref, vir die US (en UP) moontlik om by ’n bevredigende taalsituasie uit te kom. Indien die US teen Afrikaansenkelmedium sou besluit, was die keuses die volgende: Engels as voertaal wat die US óf openlik kon verklaar, óf op bedekte wyses prosesse kon volg wat die US uiteindelik sou verengels; om te kies tussen parallelmedium wat aparte klasse beteken soos by die UV, of tolkdienste vir spesiale kursusse soos by die NWU. Albei was duur stelsels en in die geval van die UV het parallelmedium die drag van dosente (sonder bykomende vergoeding) verdubbel, wat opoffering geverg het, en inderwaarheid die UV se personeellede tot eer gestrek het. ’n Verdere moontlikheid was die instelling van omvattende tweetaligheid, wat wel aan die US toegepas is, soos in die ingenieursfakulteit, waar eerstejaars hulle sterkste taal gevolg het maar terselfdertyd by ’n taalsentrum in leesvaardighede in die ander prominente taal opgelei word. Nog ’n moontlikheid was groter staatsubsidies om parallelmedium toe te pas, wat ’n verantwoordbare alternatief vir universiteite kon wees. Die probleem was dat die kanse vir groter subsidies van regeringskant baie skraal was. Wat Giliomee betref, is taalbelange by vroeëre Afrikaanse universiteite nie werklik voorop gestel nie, want aan die UP en US het baie dosente dubbelmedium verkies om van die ekstra las (sonder vergoeding) van parallelmedium te ontkom. Sy betekenisvolle slotwaarskuwing was: “Uiteindelik sal die toekoms van ons kwesbare tale van die beginselvastheid, eerlikheid en verantwoordelikheid van die taalgemeenskappe afhang.” (Giliomee 2006c:12)

Dit was onvermydelik dat hierdie US-debat ook die aandag van die Engelse pers sou trek. So het die *Cape Argus* teen die einde van Mei berig dat ten aanskoue van die taalstryd die tyd sekerlik aangebreek het vir die US om sy konseptuele raamwerk rakende die toekomstige taalbeleid openbaar te maak (Mangxamba 2006:6). Vir hierdie koerant se ondersoekende joernalis was die merkbare vrees op die US-kampus dat persone in bestuursposisies die tradisioneel Afrikaanse universiteit in ’n Engelse kampus sou omskep, ooglopend. Botman se reaksie teenoor die *Cape Argus* oor die vrese rondom Afrikaans was dat dit totaal ongegrond is, omdat dit juis die oogmerk van die

US se taalbeleid was om Engels op ’n kampus wat ’n spesiale verhouding tot Afrikaans het te akkommodeer, deur sommige kursusse in Engels aan te bied, maar terselfdertyd Afrikaans as die oorheersende taal te behou. Die vurige voorstanders van Afrikaans as onderrigmedium het bly glo die invoer van Engels sal Afrikaans versmoor en uiteindelik tot die wegdoen van die taal lei. Daar was egter ook diegene wat geglo het daar is ruimte vir Engels by die US, en wat oortuig was die universiteitsowerheid in alle erns poog om die baie netelige probleem van Afrikaansheid en diversiteit te versoen (Mangxamba 2006:6).

## 2.6 Die senaat se verwerping van die konvokasievoorstelle

Vroeg in Junie 2006 het die senaat tydens een van die bes-bygewoonde sittings met ’n oorweldigende meerderheid (115 teen 15 stemme) die voorstelle van die konvokasie, soos gestel deur die voorsitter en ondervoorsitter (Pieter Kapp en Christo Viljoen) dat vaardigheid in Afrikaans verpligtend word vir alle dosente en studente, summier verwerp. Alhoewel dit beteken het dat die konvokasie nuwe taalonderrig-planne sou moes beraam, was die konvokasie onverstoord en steeds ernstig oor hulle bepaalde siening van ’n oplossing. Hulle het volgehou dat hulle verwag dat Engelssprekende akademici en studente Afrikaans binne ’n bepaalde tyd moet bemeester en dat alle studente ’n Afrikaanse taalvaardigheidstoets moet slaag (O’Connor 2006:4). Dit was bekend dat die invloedryke oud-matie, Van Zyl Slabbert, ook teen die T-opsie was, maar terselfdertyd nie die konvokasie se drastiese voorstelle gesteun het nie. Sy standpunt was dat niemand van oorsese akademici kan vereis om Afrikaans binne drie jaar baas te raak nie en die US-gemeenskap sou gevolglik besluit of die instelling sonder bedrewe en knap buitelandse akademici kan vooruitgaan (O’Connor 2006:4).

Die senaatslede se standpunt, soos bevestig deur hulle bykans eendragtige verwerping van die konvokasie se drastiese voorstel, is deur Cloete as rigtinggewend bestempel. Dit het die argument van die taalstryders dat die bestaande taalbeleid deur net ’n klein groepie akademici gesteun word, vir eens

en vir altyd geheel en al geloënstraf. Vir Cloete het dit nie beteken dat Afrikaans vorentoe nie bevorder sou word nie, maar dat akademici beplan om studente in Afrikaans en, waar nodig, in Engels vanuit ’n stewige en dinamiese akademiese kultuur toe te rus (Cloete 2006a:19). Deur hierdie senaatsbesluit het die US nie slegs sy historiese pragmatisme bevestig nie, maar ook die universiteit se “strategiese visie van ’n internasionaal toeganklike en ’n uitnemende instelling met ’n sterk oorwegend Afrikaanse karakter” vooropgestel. Voorgraads was onderrig in Afrikaans die uitgangspunt, maar dit sou op buigsame wyse geïmplementeer word deur ook onderrig in Engels toe te laat, mits behoorlik gemotiveer. Studente uit alle taal- en kultuuragtergronde sou gewerf word en die onderrigtaal sou dit vir hulle moontlik maak om suksesvol te studeer. Soos wat die Grondwet bepaal het, sou diskriminasie nie op grond van taal, kultuur- of rasse-agtergrond by US geduld word nie. Studente sou nie net onderrig in hul moedertaal ontvang nie, maar ook verder in Afrikaans en Engels geslyp word om die uitdagings in die nuwe Suid-Afrika tegemoet te gaan. Die US was nie ’n skool waar net moedertaalonderrig plaasvind nie, maar ’n universiteit wat wêreldgehalte nastreef deur onderrigmetodes wat ooreenstem dié van wêreldklas-universiteite (Cloete 2006a:19).

Uit Engelse oord is die Afrikaanssprekendes wat Afrikaans met soveel luidrugtige ‘benepenheid’ beskerm het, deur Saunderson-Meyer selfs van “bloody-mindedness” beskuldig omdat hulle steeds voortgegaan het om voorkeur vir Afrikaans op te eis en vir die taal te veg (Saunderson-Meyer 2006:7). Afrikaners is daaraan herinner dat Soweto 30 jaar tevore ontplof het oor die grootliks simboliese taalkomponent van apartheidsonderdrukking, naamlik die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigmedium in swart skole. Uiteindelik moes die Natte ingee, maar die vlam van onkeerbare weerstand teen apartheid was toe reeds aangesteek. Nou bly sommige Afrikaners deur luidrugtige en woedende individue voortgaan om te eis dat Afrikaans regsgeldig beskerm moet word en in die praktyk voorkeur bo die ander inheemse tale moet geniet (Saunderson-Meyer 2006:7).

Wat Saunderson-Meyer betref, het die Afrikaanse taalstryders na die beeld van die apokalips gegryp om Afrikaans se verlies aan spesiale regte voor te hou as

’n duiwelse komplot deur die ANC, gesteun deur Engelssprekende sakelui, om nie net hulle taal nie, maar ook hulle eiesoortige kultuuridentiteit te vernietig. Nog erger was die feit dat hulle selfs hul eie verligte en gematigde Afrikanerleiers wat bereid was om die nuwe politieke bedeling en omstandighede te aanvaar, as deel van ’n diaboliese komplot te wantrou. Hierdie kenmerk van broedertwis was vir hom ’n leitmotif in die Afrikaner se geskiedenis wat uiteindelik ook implikasies vir Engels ingehou het. Al wat in werklikheid gebeur het, is dat die gevegsterrein na die US met sy Afrikaner-identiteit verskuif het. Dit het teruggestrek tot die totstandkoming van die taal wat 150 jaar vantevore deur Kitchener as ’n kombuistaal uitgemaak is. Wat by die US gebeur, kon bepalend wees of die gebruik van al die ander swart inheemse tale deur samewerking of deur dwang uitgebrei en bevorder kan word. Ten spyte van sy apartheidswortels het die US goed gevaar in die nuwe Suid-Afrika, want ten opsigte van die agt standaardaanduidings vir akademiese uitnemendheid was die US eerste ten opsigte van vier en tweede ten opsigte van vier ander aanduiders. Dit het die hoogste plaaslike navorsingsuitset vir sy grootte getoon en drie van die sewe nasionale Sentrums van Uitnemendheid was by die US – die hoogste aan enige universiteit – gesetel. Studente het uit alle rasgroepe gekom en dit is van hulle verwag om bedrewe in Afrikaans en Engels te wees (Saunderson-Meyer 2006:7). Saunderson-Meyer het daarop gewys dat dit die US se oudstudente was wat die opruiende voorstel gemaak het dat alle studente en dosente en die hele akademiese korps verplig moet word om bedrewe in Engels en Afrikaans te word. Rektor Brink self het gewaarsku dat so ’n skuif waarskynlik skerp negatiewe reaksie nasionaal en internasionaal sou ontketen. Baie korrek het Saunderson-Meyer voorspel dat alhoewel die senaat die oudstudente se voorstel verwerp het, dit nie die laaste bohaai oor die taalgeveg sou wees nie. Hy het die taaldebat as ’n plaasvervanger vir die herontwaking van Afrikaner-nasionalisme beskou, wat Brink so onder beleg geplaas het dat hy en sy gesin Stellenbosch verlaat het. Hy het sy skrywe afgesluit met die ernstige versugting: “Wouldn’t it be a nice change if Afrikaners, 30 years after Soweto, pointed South Africa towards inclusive ways of solving touchy group issues?” (Saunderson-Meyer 2006:7)

Daar is telkens op gewys dat almal wat vir Afrikaans stry, nie noodwendig neokonserwatief is nie en dat Afrikaans ten spyte van die negatiewe senaatsbesluit steeds steun verdien. Die soveelste poging om die US af te sonder as ’n Afrikaanse enklave het, wat Zelda Jongbloed betref, misluk as gevolg van die senaatsbesluit. Ook sy was onseker of dié besluit die debat in sy spore sou stuit en het gemeen die tyd het wel aangebreek dat diegene wat dit ernstig met Afrikaans bedoel dit op tasbare wyse toon. Mense met “energie en tjekboeke” was nodig om Afrikaans in sy voedingsgebied met ’n reddingsaksie te help bevorder. “Die US as universiteit kan dit nie doen nie, die rektor as rektor kan dit nie doen nie. Wat nodig is, is ’n ontwikkelingsinisiatief wat wyer en groter is as die US.” (Jongbloed 2006:12) Wanneer al die opstandiges klaar lawaai het, was dit nog steeds die rektor en universiteit se plig om die US na uitnemendheid te lei, wat nie slegs op die weg van uitsluitlik Afrikaans kon gebeur nie. Dít was immers waarvoor die rektor betaal word; nie om Afrikaans te beskerm nie. Onder Brink was die US tweede op die ranglys van Suid-Afrikaanse universiteite en die verwagting was dat dit binne vier jaar nommer een kon wees. Jongbloed het ook nie gedink die oplossing is om ’n kompromie met die ‘Giliomiete’ aan te gaan nie, want daar moes breër gesprek gevoer word ook met mense soos Antjie Krog en Landman. Ten slotte het sy gepleit: “Los nou die universiteit om in vrede te doen en meet hom dan daaraan. Die toekoms van Afrikaans lê op stuk van sake nie by die US nie. Dit lê in die gemeenskap wat die taal praat.” (Jongbloed 2006:12)

Dat die taalstryd ver van verby was, het geblyk toe die leiers onder die konvokasielede gereageer het met uitsprake dat die senaatsbesluit hulle met teensin vervul. Lina Spies se reaksie byvoorbeeld was dat, indien daar nie aansporing is om Afrikaans onder die knie te kry nie, geen Engelssprekende die moeite sal doen om dit te bemeester nie. Kapp weer het beweer Brink het in die senaat slegs twee van die voorstelle beklemtoon en tot in daardie stadium nie een van die konvokasielede oor die taalkwessie geraadpleeg nie. Wat hom betref, het die senaat die keuse vir eentaligheid aan die US gemaak. Op sy beurt het rektor Brink laat blyk die senaat is slegs om ’n mening gevra, wat hulle wel duidelik te kenne gegee het. Heel akkommoderend het hy daarop

gewys dat verdere gesprekke gevoer sou word en hy het selfs ’n geskeduleerde vergadering met die konvokasiebestuur in die vooruitsig gestel. Kapp het egter laat blyk dat hy geen kennis daarvan dra nie (O’Connor 2006:4).

## 2.7 Die “bewys-deur-syfer-fase”

In die oë van Abraham de Vries het die US as gevolg van die taaldebat in sy grootste “geloofwaardigheidskrisis” beland. Hy het die rede daarvoor nie net in Afrikaans gesien nie, maar in veral die swak aanbeveling van die taalkomitee waardeur die senaat en die raad die T-opsie goedgekeur het (De Vries 2006:10). Indien Afrikaans aanhou afgeskaal word, kan dit ’n domino-effek hê: vanaf lesingsaal tot voertaal, tot die Afrikaanse uitgewerswêreld, tot die letterkunde en die koerante. Hy het verwys na FW de Klerk se reaksie in ’n toespraak in Nederland dat wat aan die US aan die gebeur was, hom met vrese oor die voortbestaan van Afrikaans vervul het en dat wat die behandeling daarvan betref daar teen die Grondwet ingedruis word. De Vries het gewonder hoe die US se beeld en moontlike akademiese samewerkingsooreenkomste geraak word deur ’n rektor wat voortdurend Afrikaans voorhou as ’n remskoen vir akademiese en internasionale voortreflikheid en erkenning. Die US het immers reeds goeie status en talle oorsese akkreditasies verwerf voordat Brink sy verskyning gemaak het (De Vries 2006:10).

Die voorhou van en gespook met getalle om taalargumente te voer, te verdedig of teen te spreek was deurgaans aan die orde. Volgens Christo Viljoen het, soos Kapp ook reeds beweer het, die A-opsie na die senaatsbesluit nie meer by die US bestaan nie. Heel korrek het hy voorspel dat die volgende fase in die taaldebat gekenmerk sou word deur die bewys deur syfer-fase. Hy het beweer daar is telkens die versekering gegee dat die bedoeling nie was om die US te verengels nie en deur die staande taalbeleid is die versekering gegee dat die A-taal-spesifikasie outomaties vir alle voorgraadse modules sou geld (Viljoen 2006:14). Alhoewel die voorsitter van die taalkomitee dit as bog afgemaak het dat die US verengels of dat Engels die taal is wat die meeste in klasse gebruik word, was die waarheid egter dat die netto totale Afrikaanse voorgraadse aanbod in byvoorbeeld die fakulteit lettere teen 2006

van 48,8% tot 35,3% gekrimp het. Studente wat Afrikaanse onderrig wou hê, kon dit slegs as onderdeel van die T-opsie, "of in die krummels van die 'aparte strome van Afrikaans (A) en Engels (E)' vind. Die E-opsie het feitlik konstant gebly op 9,9%, terwyl die netto totale Engelstalige aanbod van 32,3% tot 44,9% toegeneem het". Engels was reeds die meerderheidstaal in die fakulteit lettere en die beloftes dat Afrikaans nie 'n mindere plek teenoor Engels sal inneem nie, het nie gerealiseer nie (Viljoen 2006:14).

Wat getalle en die afname van Afrikaanssprekende studente betref, het *Die Burger* die oplossing in eenvoudige terme gesien as die beklemtoning van moedertaalonderrig sowel as in die aanmoediging van Afrikaanstaliges om meer kinders te kry. Die vraag was waarom die "wyer span van die taalnet om ook bruin en swart leerlinge in te sluit", nie die US se studentegetalle opgestoot het nie (*Die Burger* 2006b:14). Nog 'n kwessie was hoe Afrikaans se sprekers hulle taal aantrekliker kon maak sodat meer studente gretiger sou wees om daarmee geassosieer te word. Dit was so dat Afrikaans en sy sprekers steeds gebuk gegaan het onder die meulsteen van 'n apartheidsverlede, hoewel die taal en sy gebruikers nie oor een kam geskeer kon word nie. Al die betrokkenes by byvoorbeeld die taaldebat op die US-kampus moes, aldus *Die Burger,* hulself afvra in watter mate die verdagmaking van andersdenkendes en die afbrekende vlak van debatvoering daartoe bydra om die beeld van Afrikaans te skaad. Studente moes sekerlik onseker en ontsteld gevoel het ten aanskoue van twee groepe wat mekaar mateloos beveg en veragtend behandel en dit blykbaar so "geniet" "dat hulle later nie meer die vertrapte aarde sien nie. Die uitdaging is om Afrikaans weer aantreklik vir die jeug te maak" (*Die Burger* 2006b:14).

Die idee dat die Afrikaner deur sy stryd vir Afrikaans steeds gesien word as strewend na die herwinning van verlore mag en na eksklusiwiteit is deur Willie Esterhuyse herbeklemtoon. Sy filosofiese siening was dat elke magstryd in Afrikanergeledere gewoonlik meedoënloos verloop, al beroep die strydendes hulle daarop dat hulle die stryd vanuit hoë morele beginsels voer. Hy was bekommerd oor hoe die "politieke stryd oor die US se taalbeleid" reeds wonde veroorsaak het "wat dringend ontsmetting vereis" (Esterhuyse

2006:11). Die hoe en die wie in die magstryd "het reeds 'n volhoubare toekoms vir Afrikaans polities in gevaar gestel. Ook die institusionele integriteit van die US en sy statutêre liggame, waaronder die konvokasie, is in gevaar" (Esterhuyse 2006:11). Giliomee en Viljoen se wyse van deelname aan die debat was vir hom voorbeelde daarvan. Viljoen laat hom uit oor versekerings deur die rektor en probeer met statistieke bewys dat daar niks gekom het van beloftes oor Afrikaans nie. Sy bedoeling was duidelik, naamlik dat die rektor nie met die toekoms van Afrikaans vertrou kan word nie omdat hy met leë beloftes kom. Viljoen se bewysmateriaal was selektief; hy het syfers oor net een fakulteit met ongeveer 4 000 voorgraadse studente uit 'n totaal van 22 000 voorgehou. Die vraag was watter beeld die statistieke rakende die hele universiteit verskaf het. Giliomee weer tas die integriteit van die raad, ouditkomitee en die bestuursprosesse van die US aan deur die ouditkomitee belaglik voor te stel. Mense is besig om vanweë die aard van hulle deelname aan die magstryd "gladde olie op die glybaan te gooi" (Esterhuyse 2006:11).

Een van die argumente wat in die debat gehoor is, naamlik dat internasionale akademiese erkenning en prestasies die beste deur Engels geskied, is afgemaak as onkundigheid oor die prestasies van miljoene nie-Engelssprekendes wêreldwyd. Prof. Wannie Carstens, direkteur van die Skool vir Tale by NWU, se standpunt was dat sulke onwaarhede verkondig word deurdat Afrikaans nog steeds aanspreeklik gehou word vir die onderdrukking en foute van die verlede. Moedertaalonderrig bly steeds die regte weg en diegene wat Engels so opdring, begaan dieselfde flater as waarvan hulle die taalstryders beskuldig (Malan 2006b:4). Carstens se opmerkings was dat die senaat die saak nie reg begryp nie en dat hulle akademies oneerlik is. Brink het wat hom betref 'n ou taktiek toegepas deur eers sy teenstanders te etiketteer en hulle daarna te ignoreer. Hy het Brink op uitdagende wyse gewaarsku dat die konvokasie 'n beslissende punt oor die taalkwessie bereik het. Wat Carstens betref, was daar plek vir twee Afrikaanse universiteite, die US en NWU, en die US kon by NWU gaan kers opsteek hoe om die taalkwessie te hanteer waar tolkdienste met groot sukses toegepas is, Afrikaans nie in die spervuur beland het nie en die toekoms daarvan as ononderhandelbaar hanteer is.

By die US was die mate van knievallery en inskiklikheid "lagwekkend". Die eenvoudige waarheid was: "Engels is 'n groot taal wat 'n kleiner een insluk." (Malan 2006b:4)

## 2.8 Versoeningsargumente en -optredes

Teenoor Carstens se aanvallende standpuntinname het daar stemme opgeklink vir 'n veel ruimer en vredesoekende visie oor Afrikaans waardeur eenheid bevorder kon word. In die propagering daarvan is na die geskiedenis teruggegryp toe die dramatiese gebeure van 16 Junie 1976 momentum verleen het aan die drang om Afrikaans en Gereformeerdheid vry te maak, aldus prof. Nico Koopman van die US se teologiese fakulteit. Beide die taal en konfessionele tradisie is misbruik om apartheid in stand te hou en as heerserstaal is Afrikaans op ander afgedwing, terwyl Gereformeerdheid misbruik is om apartheid te regverdig (Koopman 2006:24). Hy het daarop gewys hoedat die Afrikaanse Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk reeds in 1978 apartheid as sonde verklaar het en aangetoon het hoe die teologiese regverdiging vir apartheid in stryd met die evangelie is. Dit was een van die redes waarom die Belhar Belydenis opgestel is waarin beginsels opgeneem is waardeur Afrikaans toe reeds 'n helende en bevrydende rol in Suid-Afrika kon speel. Koopman het gepleit vir 'n Afrikaans wat eenheid onder die diverse bevolking kon bevorder deur die so "noodsaaklike interpatie, empatie, simpatie en solidariteit onder voorheen vervreemdes". Afrikaans moes as wetenskapstaal vooruitgaan en die taal moes weer geregtigheid teenoor die histories onderdrukte en verstote groepe nastreef en herstel. Hy het dit veral as ook betekenisvol beskou dat prof. Russel Botman, die US se viserektor, president van die multitalige en multikonfessionele Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), Gereformeerd en Afrikaans was (Koopman 2006:24).

Om misverstande in die taaldebat te probeer opklaar, het prof. Jakes Gerwel in hierdie stadium vir beide strydende groepe in die bresse probeer tree. Dit het hy gedoen deur daarop te wys dat, sover hy weet, niemand in die US-debat 'n enkeltalige universiteit voorstaan nie, ook nie Giliomee nie. Gerwel het beweer dat die persepsie buite die US bestaan dat daar gepoog word om dit 'n

"eentalig Engelse enklave" te maak, asook dat die bemoeienis met Afrikaans "reaksionêr en teenstrydig met die nasionale strewe" is (Gerwel 2006:18). Hy het gesprekke gevoer met senior lede van die rektoraat en dit wou vir hom voorkom asof ook hulle standpunte misverstaan word. Sy indruk was dat Brink die volgehoue bevordering van Afrikaans as wetenskap- en akademiese taal ernstig bejeën het en Afrikaans bowendien ook een van die vyf hoofpunte in US se missiestelling was (Gerwel 2006:18). Gerwel moes erken Brink se boek het wel die indruk gewek dat die universiteitsbestuur Afrikaanstaligheid nie so ernstig opneem nie en selfs as 'n struikelblok sien. Dit is egter nie wat geblyk het uit sy gesprekke met die topbestuur nie. Die strewe was eerder na 'n wêreldklasuniversiteit. Verder het dit ook geblyk dat sommige van die raadslede hulle nie in een van die kampe bevind nie, maar wel besorg was oor hoe ernstig die bestuur se langtermynverbintenis teenoor die bevordering van Afrikaans as akademiese taal was. Sy indruk was dat Brink waarskynlik hulle vertroue moes probeer wen eerder as om die strydbyl teen kleiner groepe op te neem (Gerwel 2006:18).

'n Verdere probleem wat Gerwel geïdentifiseer het, was dat die rektoraat moontlik onbewus die indruk by regeringskringe gewek het dat hulle omring en bedreig word deur "taalbehepte rassiste". Vir hom was een van die oplossings dat die gesprek oor taal en transformasie geskei moes word van al die kwetsende Afrikanerkwessies en -gevoelens. Baie van die meer progressiewes het die indruk geskep dat hulle hul volkome wil distansieer van hulle verlede, selfs al moet dit beteken dat die taal eenkant geskuif word. Ander het weer die glorieryke era van Afrikaner-heerskappy en die destydse vername rol en status van Afrikaans bly aanhang en beklemtoon. Gerwel het dit goed gevind dat iemand soos Van der Rheede van die SBA al hoe meer by die debat betrek word sodat wanpersepsies oor Afrikaans se rol in die verlede reggestel kon word (Gerwel 2006:18). Hiermee is 'n ander dimensie van die debat sterker op die voorgrond geplaas, naamlik die siening en bydrae wat bruin sprekers van die taal kon lewer, 'n ontwikkeling wat algaande sterker na vore sou tree.

Hierdie versoenender klanke het skynbaar tog in 'n sekere mate die gewenste resultaat van meer verdraagsaamheid en pogings tot groter onderlinge

skakeling tot gevolg gehad. Teen Julie 2006 was daar byvoorbeeld ʼn mate van optimisme te bespeur oor Brink en Giliomee se groter toenadering tot mekaar, veral toe Brink sy plan laat vaar het om die konseptuele raamwerk vir die hersiening van die taalplan (wat opponente gemeen het die oorheersing van Engels sou vergemaklik) sonder verdere raadpleging voor die raad te bring. Terselfdertyd het hy die verrassende besluit geneem om Giliomee te vra om ʼn taakspan byeen te bring ten einde ʼn alternatiewe taalplan voor te lê, ʼn versoenende skuif wat Van Zyl Slabbert en Botman skynbaar agter die skerms help bewerkstellig het. Dit het nie noodwendig beteken die stryd was iets van die verlede nie, want die uiteenlopende oogmerke sou nog versoen moes word. Tog was dit positiewer verwikkelinge wat vir *Die Burger* getoon het dat "goeie en gesonde oordeel" die US nog nie heeltemal verlaat het nie. Wat hierdie koerant betref, was dit veral nadat die T- of dubbelmediumopsie deur die fakulteit lettere en wysbegeerte aanvaar is, dat die debat in venynige persoonlike aanvalle verval het, wat die US nie waardig was nie. Twee belangrike voorwaardes het egter steeds vasgestaan: Afrikaans moet die wenner wees, maar ander kultuurgroepe mag nie uitgesluit word nie (*Die Burger* 2006c:10).

## 2.9 Brink se vertrek en die vooruitsigte vir ʼn nuwe taalbeleid

Juis op hierdie kritieke tydstip (Julie 2006) het dit bekend geword dat Brink die US gaan verlaat en daar is allerlei afleidings gemaak waarom hy juis op daardie tydstip besluit het om die rektorsamp neer te lê. Intussen is besluite oor taalopsies nog afgewag om te sien watter faksie aan die wenkant sou wees. Die Giliomee- of Brink-faksie, of soos ook daarna verwys is, die konserwatiewes of die progressiewes. Johan Maarman het gemeen Brink het sekere foute begaan, soos die indruk wat hy na binne en buite geskep het van iemand wat sy taalplan sonder behoorlik deurdagte besluite probeer deurvoer. Brink het nie genoeg waarde aan konsensusbesluite geheg nie en groot kritiek oor sy hoof laat losbars weens sy onwrikbare en hardkoppige aandrang op die dubbelmediumtaalplan, wat hom in direkte konfrontasie met die Giliomee-faksie gebring het. "En laat ʼn mens maar toegee: die

geesteswetenskaplike Giliomee se taalboodskap was soms net hoorbaarder en duideliker as Brink die natuurwetenskaplike s'n." (Maarman 2006:18)

Erkenning is wel teenoor Brink betuig vir die wyse waarop hy die US op die weg van diversiteit en transformasie geplaas het. Die vraag was of die US sterk genoeg sou wees om hierdie belangrike komponente verder te voer, want die taaldebatte het so oorheersend en verdelend geword dat die kernsaak van diversiteit deur die onophoudelike woordestryd op die agtergrond gedwing is (Maarman 2006:18). Wat Maarman betref, was daar nog steeds baie onbeantwoorde vrae: sal Afrikaans as akademiese taal verdwyn indien mense wat nie Afrikaanse moedertaalsprekers is nie in groot getalle as studente toegelaat word; moet transformasie en diversiteit tot bruin en wit Afrikaanses beperk bly; en word swart studente dus van 'n nasionale bate uitgesluit indien hulle wel by die US toegelaat word, op voorwaarde dat hulle bedrewe in Afrikaans moet wees? Brink se oplossing was 'n "differensiële benadering tot die onderrigtaal" deurdat departemente en fakulteite self kon bepaal hoe Afrikaans gehandhaaf kan word. Sonder dwang moes die oogmerk van 'n multikulturele gemeenskap op die kampus gestalte kry (Maarman 2006:18). Die Giliomee-faksie in die raad het volgens Maarman net lippediens aan die strewe na diversiteit gelewer, wat sterk herinner het aan "politieke fopdossery: sê die een ding vir die openbare galery, maar doen iets anders buite sig" (Maarman 2006:18). Die raad sou sy toegewydheid aan diversiteit en transformasie moes bewys, maar veral ook erns en empatie teenoor die treurige toestand van die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekendes in die Wes-Kaap betoon. Een van die groot probleme was die opheffing van die agtergeblewene plattelanders en Maarman het een van die US se wit gegradueerdes aangehaal, wat hom soos volg oor die taaldebat uitgelaat het: "Ek was skaam om 'n wit Afrikaanssprekende te wees. Dit was afgetrede professore of mense wat veertig jaar terug by die Maties was wat steeds die rigting by die US bepaal het. Hulle het nog nie die draai gevat nie. Of hulle wou nie." (Maarman 2006:18)

Selfs Giliomee moes erken die US het onder Brink ten opsigte van navorsing, administratiewe en finansiële beheer sterk vooruitgegaan en dat die pas van transformasie versnel het. In sy poging om te probeer verklaar waarom Brink

die universiteit verlaat, en dit juis na sy verkiesing vir ’n verdere termyn, was Giliomee se insigryke siening dat geeneen van die rektore in die land wat transformasie moes toepas, dit lank kon uithou nie. Die belangrikste redes hiervoor was die uiters moeilike situasie aan universiteite veral as gevolg van die vermindering van staatsfinansiering en die toenemende verdeeldheid van die studentebevolking in terme van klas, kultuur en etniese verskille. As hoogs begaafde individu het Brink eenvoudig nuwe uitdagings gesoek en Giliomee het gemeen dit sou verkeerd wees om sy vertrek oorsee as nuwe rektor van die Newcastle Universiteit in Brittanje aan die taalkwessie te koppel (Giliomee 2006d:8).

Toe aan Brink gevra is waarom hy as rektor bedank terwyl hy in werklikheid besig was om die stryd teen die “taalbulle” te wen, was sy wyse woorde blykbaar: “Jy kan ’n konvensionele oorlog wen, maar ’n taalstryd is ’n guerrillaoorlog en dié sal jy nooit wen nie.” Hy is bestempel as “geen groot vriend van Afrikaans nie”, veral omdat die dubbelmedium-onderrigmodel onder sy bewind staanplek gekry het. Wat hy wel besef het, was dat die taalstryd veel komplekser is as om dit bloot deur ’n raadsbesluit te probeer besleg (*Rapport* 2017:2).

In hierdie stadium is die verloop van die ontwikkeling en vasstelling van die US se taalbeleid deur Giliomee soos volg geskets: voor Brink ’n buigsame taalbeleid, maar tydens sy eerste termynjaar in 2002 die aanvaarding van ’n nuwe taalbeleid waardeur Afrikaanse-onderrig (die A-opsie) as die outomatiese onderrigtaal aanvaar is, maar ruimte ook vir ander alternatiewe gelaat is. Die belangrike verandering was dat dosente voortaan met die nodige motivering van die A-opsie kon afwyk en dat beide Afrikaans en Engels in die eerste jaar op ’n 50/50-grondslag (die T-opsie) gebruik is. Die US was teen Julie 2006 egter weereens besig om ’n omvattende nuwe taalbeleid te finaliseer (Giliomee 2006d:8).

Siende dat daar nog geen finaliteit oor die taalbeleid bereik was nie, was voorstelle daaroor aan die orde van die dag. Een van die sinvolste en op die lange duur een van die akkuraatste ontledings van wat aan die gang was, die uitdagings wat voorgelê het en die moontlike taaloplossings is deur die toekomsanalis, JP Landman uitgespel. In sy soeke na oplossings om

Afrikaans as onderrigtaal aan die US te behou, het hy vier moontlikhede teen mekaar opgeweeg: die afdwing van die aanleer van Afrikaans op nie-Afrikaanssprekendes; die aanbied van parallelkursusse in Afrikaans en Engels; die aanwending van twee tale (dubbelmedium) in een klas; en laastens die gebruikmaking van tolkdienste (Landman 2006:14). Die eerste moontlikheid van uitsluiting en dwang was vir hom tekenend van die Giliomee-groep se idee, waarop die reaksie oorweldigend negatief was. Nie alleen het leidende figure soos Van Zyl Slabbert daarteen gewaarsku nie, maar dit is boonop sterk deur die senaat afgewys en Landman het saamgestem met die verwerping daarvan. Vurige teenstand teen die dubbelmediumopsie het ook dít as oplossing geëlimineer, terwyl tolkdienste te duur was, dit klasbespreking aan bande gelê het en dit nie ’n opsie vir al tien fakulteite was nie. Parallelmediumklasse het gevolglik oorgebly, alhoewel dit as ’n lesingsmodel ook leemtes getoon het, soos oorbelading van dosente, roosterkomplikasies, ensovoorts. Nog ’n probleem was of universiteite beperkte fondse op tolkdienste en parallelklasse moes aanwend en of dit eerder op kernsake soos navorsing en onderrig gespandeer behoort te word. Die Giliomee-groep se dwangmodel was dood en begrawe en wat dus oorgebly het, was tweetaligheid (die T-opsie), wat die Giliomee-groep volstrek geweier het om te aanvaar. Hierdie groep was wat Landman betref besig om teen die langtermynbelang van die universiteit op te tree.

Gooi tweetaligheid uit, en met die praktiese beperkings van tolk en parallelle klasse, is die langtermyngevolg onmiddellike verengelsing! Wat ’n ironie. Waarom tree mense teen hul eie belang op? In hierdie geval omdat daar met ’n valse aanname gewerk word dat reëls en raadsbesluite kan bepaal hoe taal gebruik word, (Landman 2006:14).

Landman het duidelik uitgewys dat die keuse vorentoe nie Afrikaans of tweetalig was nie, maar tweetalig of Engels. Word tweetaligheid verwerp, eindig die US met ’n bietjie tolkdienste en parallelklasse en baie Engels. Deurdat die Giliomee-groep vyande van raadslede, ander Afrikaners en die regering gemaak het, was polarisasie die eindresultaat (Landman 2006:14).

Wat algaande sterker beklemtoon is, was die situasie van die arm Afrikaanssprekende werkersklasgemeenskap in die Wes-Kaap. Die beswaar is al hoe meer geopper dat hulle stem nie in die taaldebat gehoor of verreken word nie. Vir Van der Rheede het dit wesenlik gegaan oor die direkte verband tussen "moedertaal en maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling en die negatiewe uitwerking wat politiek gedrewe transformasie daarop kan hê" (Van der Rheede 2006:19). Waarom moet besluite deur akademici wat oor "taalluukses kan besin" namens hierdie armes geneem word? Die belange van die elite strook immers nie met dié van die werkersklas nie en indien transformasie net op hoë vlak bedink en toegepas word, sal dit langtermyngevolge op die "arm Afrikaanse en anderstalige stem" hê (Van der Rheede 2006:19). Wat Van Rheede betref, was die eintlike vraag hoe die US moet transformeer en die probleem met die wyse van transformasie en die taalkwessie was dat die arm Afrikaanse stem gering geskat is en feitlik nie gehoor is nie. Vir laasgenoemde was die behoud van Afrikaanse onderrig kernbelangrik vir die opheffing van die arm bruin mense en die tot niet maak van die diskriminerende verlede. Volgens hom moes dit deel vorm van die onderbou van die "tradisionele historiese pragmatisme waarop US akademici hulle beroem", anders sou hy persoonlik, soos ook ander in sy gemeenskap verraai voel. Politiekgedrewe transformasie was besig om Suid-Afrika steeds, dieper in die moeras van armoede te dompel (Van der Rheede 2006:19). Sy oplossing was transformasie deur gemeenskapsontwikkeling binne 'n inklusiewe akademiese kultuur en die aksentuering en behoud van Afrikaans as onderrigtaal. Hierdie kultuur moes toeganklik wees vir die armes, maar ook verseker dat die US uitnemend en internasionaal mededingend sou wees. Die senaat en die raad moes eers kennis neem van die al groterwordende kloof tussen die armes en die rykes voordat die elite se posisie verdere aandag kry (Van der Rheede 2006:19).

# 3. DIE BOTMAN-FASE (2006-2014)

## 3.1 Die Stellenbosch-beraad (September 2006) oor Afrikaans op tersiêre vlak

Tydens ’n beraad by Stellenbosch aan die begin van September 2006 oor Afrikaans op tersiêre vlak, is politieke en akademiese leiers gekritiseer dat hulle voortdurend verwys na die noodsaaklikheid van moedertaalonderrig, maar steeds kolonialisties dink. Hulle aanvaar en steun die “oorrompelende” aanhang en gebruik van Engels waardeur hulle hul elitisme en bevestig van hoe die land se topstruktuur Engels as statussimbool aanhang (Malan 2006c:11). Intussen begryp 40% van die land se bewoners nie wat hulle leiers in Engels sê nie. In daardie stadium het minister Pandor na feitlik ’n jaar nog nie gereageer op die rektore se verslag oor hoër onderwys, *Meertaligheid en verwante kwessies in die hoër onderwys in Suid-Afrika* nie, waarin sy versoek is om meertaligheidsprojekte te ondersteun. Dit het die indruk geskep dat Afrikaans en moedertaalonderrig nog steeds deur die regering se gesaghebbendes as skuifmeul vir apartheid gesien is (Malan 2006c:11).

Vir Abraham Phillips, een van die sprekers op die beraad, was die voorstel by die US dat dosente en voornemende studente binne twee jaar Afrikaans moet praat en verstaan, “die dood in die pot” (Phillips 2006:14). Hy het gemeen daar behoort ten minste twee Afrikaanse universiteite te wees, oop vir almal ongeag ras, kleur of geloof, en wou weet wat vir die US die belangrikste was: wêreldwye aansien of die Afrikaanssprekendes se lot? Wat die taaldebat bemoeilik het, was oningeligtheid deurdat Afrikaanssprekende bruin mense hulle in armoedige omstandighede bevind het sonder dat Afrikaanse instansies daarby betrokke geraak het (Phillips 2006:14).

Dat daar nie veel steun en simpatie van regeringskant oor Afrikaans en moedertaalonderrig verwag kon word nie, is deur Scholtz uitgewys. Kultuur- en

taalregte het veel vroeër as 1994 lae voorrang in die ANC se denke en geskrifte ontvang, veral weens die agterdog dat propagering daarvan ’n skuif was om “die swartes te verdeel en agterlik te hou” (Scholtz 2008:19). Oor die kruipende oorname van Engels en die belangrikheid van Afrikaans en die inheemse tale was verskeie kenners die mening toegedaan dat die mate waarin Afrika sy ekonomiese agterstand afskud, grootliks afgehang het van die mate waarop die inheemse tale op onderwys- en openbare vlak tot hulle reg sou kom (Giliomee 2006e:18). PANSAT het vroeër daarop gewys dat skaars ’n vyfde van Suid-Afrika se bevolking iets verstaan van Engelse politieke toesprake en dat 86% te kenne gegee het hulle word deur die oormaat Engelse beriggewing op TV benadeel. Die grootste gevaar vir Afrikaans was egter op universiteitsvlak en Giliomee was oortuig “dat die verswakkende posisie van Afrikaans aan universiteite baie te doen het met ’n gebrek aan ’n eie, besondere saak. Wat is ons? Wie is ons deesdae?” (Giliomee 2006e:18).

Die voorstanders van Afrikaans by die US het egter nie net akademiese teenkanting en nederlaag ervaar nie. Aan die einde van 2006 het die pleitbesorgers vir Afrikaans ’n sege behaal toe die Vereniging van Regslui (VRA) prof. John Mubangizi se onttrekking van sy aansoek vir die US-dekaanspos in die fakulteit regte as ’n oorwinning vir die vereniging beskou het. Dit was nadat ’n storm losgebars het toe dit bekend geword het dat hy nie Afrikaans magtig is nie. Die woordvoerder vir die VRA het verklaar dat dit as vanselfsprekend aanvaar word dat die bestuurslede wat by die US betrokke is die tale van onderrig magtig moet wees. Verder is die hoop uitgespreek dat die US ook by toekomstige aanstellings sonder uitsondering Afrikaans as basiese vereiste sou stel, eerder as politieke korrektheid (Rademeyer 2006:13). Die rede waarom US ’n Afrikaanse dekaan in die betrokke vak moes hê, is deur Tim du Plessis met die sterk argument ondersteun deur te beklemtoon dat dit spesifiek en pertinent oor taal gaan, nie omdat Mubangizi ’n Ugandees is nie. Die US was immers die tuiste van “die oudste, tradisierykste Afrikaanse regsfakulteit in die land” en die behoud van Afrikaans het hy as kritiek belangrik vir die handhawing van Afrikaans se status in die regswêreld beskou (Du Plessis 2006:22).

## 3.2 Hervatting van die taalstryd na die "wapenstilstand"

Die jaar 2007 het bykans 'n totale stilstand in die US-taaldebat meegebring as gevolg van die aanstelling van prof. Russel Botman as nuwe rektor. Deur ooreenkoms tussen die strydendes is besluit om hom 'n jaarlange blaaskans ten opsigte van die taalstryd te gun sodat hy eers sy voete kon vind. In Februarie 2008 sou die stryd rondom Afrikaans na die verstryking van die "wapenstilstand" egter opnuut uitbars en selfs hewiger voortwoed (Malan 2008:2). Soos vroeër voorspel, sou 'n getalleoorlog nou een van die hoofkenmerke van die hernieude stryd word. Een van die eerste beskouings wat weer op die tafel geplaas is, was dat Brink se taalplanne konflik veroorsaak het en Afrikaans tydens sy ampstermyn weens die gebruik van Afrikaans en Engels in een klas verswak het. Op 12 Maart moes vyf lede van die UV-raad weer verkies word en die kampvegters vir Afrikaans het te kenne gegee dat hulle beoog om deur die uitkoms van die verkiesing 'n duidelike boodskap aan Botman deur te gee. Die voorsitter van die konvokasie het by hernuwing laat blyk sy bestuur steun Afrikaans as hoofvoertaal steeds voluit. Giliomee, een van die konvokasieverteenwoordigers op die raad wie se termyn nog nie verstryk het nie, het na konsultasie die volgende kandidate aanbeveel: Koos Bekker, 'n besturende direkteur van Naspers, en twee opvoedkundiges, dr. Marié Heese en dr. Michael le Cordeur. Twee kandidate deur die donateurs benoem, is onbestrede herkies, naamlik Jannie Mouton, stigter van die PSG-groep en Capitec bank, en Paul Cluver, wynlandgoedeienaar. Beide Cluver en Mouton is beskou as ondersteuners van Afrikaans as onderrigtaal (die A-opsie). Die konvokasie het konsekwent daarop aangedring dat Afrikaans 'n vaste plek moet kry en het, soos reeds daarop gewys, daarin geslaag om in 2006 vier raadslede wat hierdie standpunt onderskryf het, verkies te kry. Hulle wou hê dat die US terugkeer na die oorspronklike taalbeleid van voor die Brink-era, omdat hulle gekant was teen Brink se verswakking van Afrikaans (Malan 2008:2). Die raad moes Afrikaans weer beskerm en Brink se oorspronklike belofte nakom dat Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal ontwikkel sal word.

Botman het nie op hom laat wag nie en beloof dat die nuwe taalkomitee die taalkwessies weer dringend sou ondersoek. In hierdie stadium het een van

die voormalige raadsvoorsitters, dr. Edwin de la H Hertzog, wat vir tien jaar raadslid was en intiem betrokke by die taalbeleid was, in duidelike trant sy stem duidelik laat hoor deur sy weergawe van die vasstelling en verloop van die taalbeleid. Vreemd genoeg was dit in hierdie laat stadium die duidelikste weergawe in die media van hoe die taalbesluite werklik geneem en verder hanteer is. Hy het verduidelik hoe daar aan die begin geen formele beleid was nie, waarna verskillende konsepte oorweeg en ’n vaste beleid uiteindelik aanvaar is. Daarna het die taaldispuut na die verkiesing van enkele nuwe raadslede losgebreek. Aan die einde van 2007 het die raad eenparig aanvaar dat die oorspronklike taalbeleid herbevestig word, maar met twee wysigings: voorsiening vir die makliker implementering van parallelmediumonderrig en ook dat die viserektor (onderrig) voortaan as voorsitter van die taalkomitee sou optree. Hertzog het te kenne gegee dat hy altyd verras was oor hoe oningelig belangstellendes werklik oor die groter geheelbeeld rakende die hantering en implementering van die taalbeleid was. Die debat het wat Hertzog betref in werklikheid vasgesteek by slegs een kwessie, naamlik die bedreiging van Afrikaans en die meriete van die verskillende opsies wat gevolg kon word om meertaligheid te bevorder. Drie ander kritiek-belangrike komponente het nooit behoorlike aandag ontvang nie: (1) die rol van fakulteite, hulle uiteenlopende studente- en dosenteprofiele en -taalbehoeftes waarvoor die nuwe taalbeleid voorsiening wou maak; (2) die demokratiese verloop deurdat die taalbeleid van onder na bo gevoer is en nooit afgedwing is nie; (3) die duidelike omskrywing van die besluitnemingsproses van onder na bo; en (4) die noukeurige oorweging van die meriete van onderrigkeuses (Hertzog 2008:19).

Hertzog het probeer verduidelik hoe die motivering en finale goedkeuring vir ’n taalbeleid en die uiteindelike uitvoering daarvan verloop het, vanaf ’n fakulteit se akademiese komitees na fakulteitsrade en uiteindelik daarna na die raad se taalkomitee. Die US se taalkomitee het bestaan uit 15 benoemde en verkose kundiges of belangstellendes uit die breër gemeenskap. Aanbevelings het vanaf die taalkomitee gegaan na die uitvoerende komitee van die senaat, vir aanbeveling daarna deur die volle senaat. Daarna is dit aan die uitvoerende

komitee van die raad voorgelê vir aanbeveling na die volle raad, waarna die finale besluit geneem is. Dit was 'n tydsame proses wat net een keer per jaar sy loop geneem het, maar die belangrike daarin is was die deeglikheid van die proses en besluitneming met verrekening van alle feite. Of die US primêr 'n Afrikaanstalige universiteit sou wees, het wat Hertzog betref, afgehang van die beskikbaarheid van Afrikaanssprekende studente en dosente, met ander woorde, van die demografiese markkragte in die US se geografiese streek. Dit was sy oortuiging dat die bestaande posisie van Afrikaans aan die US in die nabye toekoms nie veel sou verander nie. Die US kon egter nie Afrikaans as uitsluitingsmeganisme vir anderstaliges gebruik nie en na sy oordeel het die meeste mense dit so aanvaar. Dit was net by wyse van parallel- of dubbelmedium of groter tegnologiese steun dat anderstaliges werklik gehelp kon word. Hertzog se slotbetoog was 'n versoek dat die rektor en sy bestuurspan na lange laas die kans gegun moes word om die gekose onderrigmodel behoorlik te laat funksioneer. Daar moes ook besef word dat die topbestuur bo en behalwe die taalkwessie ook aandag aan baie ander belangrike akademiese kwessies moes gee (Hertzog 2008:19).

Hertzog se standpunt en verduideliking het hewige reaksie uitgelok**.** Daar is op gewys hoe die debat eerder primêr gaan oor die bedreiging van Afrikaans en hoe talle lede van die publiek reeds van hulle laat hoor het. Só ook hoe 3 500 dosente en studente 'n petisie onderteken het en vooraanstaande persone soos Van Zyl Slabbert, Giliomee, André P Brink, Richard van der Ross en ander gewaarsku het hoe die "rampspoedige" T-opsie tot die oorname van Engels sou lei, soos wat dit reeds by PU, UPE en UJ gebeur het. Hertzog se idee van meertaligheid het beteken dat Afrikaans sy posisie met Engels moet deel. Waarom word slegs van die US verwag om Afrikaans nie as 'n uitsluitingsmeganisme te gebruik nie en nie ook van die UK en die UWK nie? Afrikaans se posisie sou beveilig word indien Afrikaanssprekende studente gelok word, veral van die benadeelde gemeenskappe in Wes-Kaap, maar juis daarom moes Afrikaans beveilig word (Scholtz 2008:19).

Dit moes as 'n vasstaande feit aanvaar word dat Afrikaans op tersiêre vlak teen 2008 al hoe meer aan die verswak was, was die trant van Giliomee se

toespraak tydens die FAK-konferensie oor Afrikaans se grondwetlike stand op 17 Oktober 2008. Nadat dit in ’n stadium gelyk het asof parallelmedium wel vir hom aanvaarbaar sou wees, het hy by hierdie geleentheid ’n veel ekstremer standpunt ingeneem. Volgens hom het die posisie van die taal op tersiêre vlak reeds drasties verswak en by die UWK en by UJ was dit vinnig aan die verdwyn (Kruger 2008:12). By die UP, UV NWU en US is parallel- en dubbelmedium wyd gebruik en dit was bekend dat sodanige onderrigwyses op die ou einde Afrikaans laat sneuwel. Die getal studente aan die UP en UV wat voorgraads in Afrikaans wou studeer, het met tussen 40% en 45% afgeneem. By die US het wit Afrikaanse studente tussen 2005 en 2008 van 68% tot 63% afgeneem, terwyl bruin studente op 11% gestagneer het. Hy het tereg gewaarsku dat indien planne nie beraam word nie, afname in getalle opsigself tot Afrikaans se verdwyning sou lei. Hy was van mening dat parallelmediumonderrig waarvoor dosente nie vergoed word nie, “’n onding” was. Dubbelmedium was minder van ’n las, maar dit was pedagogies onaanvaarbaar indien dosente nie in albei tale vaardig was nie. Sy aanvallende voorstel was dat 20 of 30 organisasies briewe aan universiteite skryf om te vra of ’n “spesiale pakket van Afrikaanse onderrig” aangebied kan word. Hierdie antwoorde moes dan aan hoërskole besorg word sodat voornemende studente ingelig en voorbereid sou wees vir universiteite se taalbeleid en -situasie. Insgelyks moes die regering daarvan bewus gemaak word dat Afrikaners vasbeslote is om te verhoed dat Afrikaans geleidelik uitgewis word (Kruger 2008:12). Wat Giliomee nie kon voorsien het nie, was dat sy oproep om Afrikaanse organisasies te monster om die taalprobleem op te los, suspisie oor die werklike oogmerke van die taalstryders sou verskerp. Dit sou die idee dat dit bloot weer slegs ’n wit apartheidslenter was, versterk en veral bruin Afrikaanssprekendes se argwaan wek.

## 3.3 Die raad aanvaar die parallelmedium-opsie: Februarie 2009

Nadat die vuurwarm taaldebat tydelik stopgesit is sodat al die strydende groepe met meer kalmte oor sienings en standpunte kon besin, het die raad op 23 Februarie 2009 eenparig besluit om die parallelmediumopsie (die P-opsie),

pleks van die T-opsie voorgraads in die vier groot fakulteite toe te pas. Dit het gegaan oor die aanvaarding van die sogenaamde Arabella-taalmodel (genoem na die US-raadsbyeenkoms by die Arabella-hotel naby Hermanus) om in die eerste jaar voorsiening te maak vir parallelmediumonderrig in vyf fakulteite (Malan 2010c:8). Alhoewel die finalisering van die nuwe taalplan sonder groot geskal aangekondig is, is daar ongetwyfeld agter die skerms gestoei en hewig geargumenteer juis omdat taal soveel sterk emosies loswoel en ontlok (*Die Burger* 2009:16). Daar is na die UV verwys wat hierdie opsie reeds ’n geruime tyd met groot sukses toegepas het, alhoewel die nadele daarvan verdubbeling van werk en meer klasse was sodat akademiese navorsing noodwendig nadelig geraak is. Die grootste voordeel daarin was die eenvoud daarvan, want dit het neergekom op aparte Afrikaanse of Engelse lesings. By die US was Afrikaans die moedertaal van die meeste Wes-Kapenaars en logieserwys moes die US in daardie behoefte voorsien. Alle studente kon nou voordeel trek uit onderrig in die keuse van hul moedertaal. *Die Burger* se pleidooi was dat wie dit erns het oor Afrikaans op akademiese vlak die US nou moes bystaan en ondersteun (*Die Burger* 2009:16).

Die vlak waarop die US-taaldebat gevoer is, die wedersydse verdagmakery en die persoonlike aanvalle is in hierdie stadium as kommervol bestempel. Dit is beklemtoon dat waarop besluit is nie neergekom het op ’n nuwe beleid nie, maar die implementering van die 2002-taalbeleid. Parallelmediumonderrig het voorsiening gemaak vir studente wat nie vaardig in Engels is nie en die universiteit se deure vir hulle wawyd oopgemaak. Dit was immers ’n realiteit dat Engels ’n wêreldtaal is wat internasionaal deure oopmaak en die besef en gevolg daarvan was reeds te bespeur in die afname van die persentasie studente wat in Afrikaans wou studeer (Dawie 2009:20). Botman is geloof dat hy die skerp kante uit die debat gehaal het deur die nuwe taalbesluit, min wetende dat die besluit tot ’n hewige twis sou lei oor wat die nuwe besluit presies behels en hoe dit tot hewige oor en weer beskuldigings tussen die faksies en selfs tot bedankings uit die raad sou lei.

Dit het geblyk dat daar uit die fakulteit lettere (waar dubbelmedium oorheersend was) wel weerstand teen die raadsbesluit was met die klagte dat

die fakulteit nie geraadpleeg is nie. Die raadsbesluit het oënskynlik behels dat fakulteite wat die parallelmedium-opsie in die eerste jaar gebruik, ook die uitbreiding van parallelmedium na die tweede jaar kon oorweeg of andersins dubbelmedium in die senior studiejare kon instel. Verder het die raadsbesluit gelui: "Waar parallelmediumonderrig nie haalbaar of bekostigbaar is nie in kleiner fakulteite of departemente … sal dubbelmedium-onderrig gevolg word." (Brand 2009:15) Dit sou beteken dat hoewel daar op eerstejaarsvlak afgesien word van die dubbelmediumopsie, dié opsie in later studiejare wel toegepas en uitgebrei kon word. Dit het gelyk na 'n besluit met 'n Janus-gesig, want dit sou beteken die A-opsie verdwyn in werklikheid heeltemal wat wesenlik in stryd met die laaste taalbesluit was.

Raadslid Heese het ernstig verskil oor hoe presies die raadsbesluit geïnterpreteer moet word. In haar brief aan *Die Burger* (Heese 2009:13) het sy beweer botsende standpunte heers oor die kwessie van die taalmedium en dat daar verdeeldheid onder die raadslede bestaan. Die foutiewe indruk is gewek dat 'n nuwe taalmodel skielik eenparig aanvaar is, wat naas parallelmedium in die eerste jaar by die groot fakulteite die pad vir dubbelmedium wyd oopgemaak het. Hiermee kon die onwrikbare voorstanders van Afrikaans as primêre voorgraadse taal hulle geensins vereenselwig nie. Volgens Heese is voor die raadsvergaderings ooreengekom dat twee taalmodelle voorgelê sou word – een van die bestuur en een van Giliomee. Op toegeeflike wyse is die Giliomee-model egter teruggehou met die verstandhouding dat 'n subkomitee, waaronder Giliomee en viserektor Fourie, verdere samesprekings sou voer ten einde 'n kompromis te probeer bereik. Heese en ook ander se indruk was dat die subkomitee terugvoering aan die raad sou gee oor 'n taalmodel vir die kleiner fakulteite en opsies vir tweede- en derdejaarstudente en 'n finale besluit eers op die volgende raadsvergadering geneem sou word. Sy het dit betreur dat die besprekings oor 'n onafgehandelde en delikate aangeleentheid voortydig openbaar gemaak is (Heese 2009:13).

Die "nuwe" taalbesluit sou deur die yslike verwarring oor wat presies die raad se besluit behels en beteken het, beduiwel word en beeld van 'n "Janus-gesig"-resultaat is telkens opgehaal. Dat die parallelmediumopsie

in die vyf grootste fakulteite toegepas sou word, was wel duidelik. Een van die grootste knelpunte – en dit was reeds bekend – was dat die T-opsie nie transformasie bevorder het nie. Meer wit Engelssprekendes is gelok en die betrokke fakulteite het meer wit en elitêr begin word. Die fakulteit ingenieurswese wat in die eerste jaar die parallel-opsie en daarna hoofsaaklik die A-opsie gevolg het, asook die fakulteit ekonomiese en bestuurswetenskappe, wat hoofsaaklik die A-opsie gevolg het, was meer suksesvol met die lok van swart studente en Engelssprekende bruin studente. Ook Schlemmer het bevind dat nie net die meeste Afrikaanssprekende studente nie, maar ook sommige anderstaliges ’n voorkeur vir Afrikaanse onderrig getoon het (Brand 2009:15). Daar was steeds diegene wat gehoop het die bykomende besluite is verkeerd aan die raad toegedig en dat, soos Heese volgehou het, die subkomitee se voorstel eers oorweeg sou word. Een gedagtegang was dat die saak vereenvoudig kon word deur te besluit dat volle kursusse of ’n persentasie daarvan in elke fakulteit in Afrikaans beskikbaar móét wees, maar dat kursusse ook in ’n ander taal aangebied mag word. Die voorvegters vir Afrikaans het onbeweeglik volgehou dat daar niks verkeerds en vreemd daaraan was om die US as primêr Afrikaans te beskou en te behou nie (Brand 2009:15).

Onmiddellik na die raadsbesluit het die Afrikaanse Taalraad (ATR) onomwonde en heel voorskriftelik laat hoor dat die US as die voorste Afrikaanse universiteit in Suid-Afrika geposisioneer behoort te word deur sonder huiwering voorkeur aan Afrikaans as medium van onderrig te gee, Afrikaans lewenskragtig in die akademie uit te bou, asook om te help om hoër onderwys vir Afrikaanssprekende studente te verseker en te vergemaklik (Malan 2009:13). Die ATR was hoopvol oor die besluit om vanaf 2010 die parallelmediumopsie in die eerste jaar in die grootste fakulteite in te voer, vergesel van ’n taalwerwingskursus vir studente en personeel en/of die gebruik van tolkdienste. Dubbelmedium is tereg steeds as nadelig vir Afrikaans en sy sprekers beskou, omdat dit nie gepaard gegaan het met spesifieke taalvermoëvereistes vir doserende personeel nie en dus nie moontlike verengelsing uitgesluit het nie (Malan 2009:13). Verder is die US-raad deur die ondersteuners van Afrikaans versoek om ondersoek te doen en hulpbronne beskikbaar te stel ten einde te verseker dat die taalplan waarop

besluit is nie Afrikaans sal benadeel nie. Die mening is ook uitgespreek dat die US as gevolg van sy geografiese ligging gereed moes wees om ’n sleutelrol te speel ten einde eerste- én tweedetaal- Afrikaanse sprekers se toegang tot hoër onderwys te vergemaklik. Duidelike voorkeur aan Afrikaans is as versoenbaar met diversiteit en akademiese voortreflikheid bestempel (Malan 2009:13). Die ATR se optimisme is egter getemper deur die moontlikheid wat oop gelaat is om die dubbelmediumopsie in sy bestaande vorm steeds in die tweede en derde jaar toe te pas. Volgens Carstens was die ATR ook besorgd oor die plek van Afrikaans ten opsigte van nagraadse kursusse, navorsing en administrasie. Heel aanmatigend vir ’n buite-instansie het die ATR die US-raad versoek om konkrete strategieë daar te stel ten einde Afrikaans akademies vooruit te help en die US as ’n Afrikaanse universiteit te posisioneer. Sodoende kon die US ’n sleutelrol speel om toegang vir agtergeblewe Afrikaanse gebruikers te vergemaklik (*Die Burger* 2009b:14). Hierdie duidelike beklemtoning van die agtergeblewe Afrikaanssprekendes sou mettertyd selfs die debat oor die taal begin oorheers.

Giliomee kon hom nie by die raadsbeluit berus nie en het te kenne gee dat die besluit oor parallelmedium ook die deur vir dubbelmedium geopen het en daarom ’n nekslag vir Afrikaans was (Malan 2010c:8). Ook wyer is die kwessie van parallelmedium nie sonder meer aanvaar nie, want vroeg in Mei 2009 is berig dat die US se SR gekant is teen die invoer van parallelmedium. Dit was een van die min kere dat die SR standpunt oor die taalbeleid ingeneem het en verskeie redes vir teenkanting daarteen is uitgestippel: kommer oor die praktiese uitvoerbaarheid daarvan, die groter skeiding (segregasie) van studente daardeur, en die feit dat navorsingstyd daardeur ingeperk sou word. Terselfdertyd het die SR hom uitgespreek ten gunste van ondersoek na ander moontlikhede soos die meer omvattende gebruik van tolkdienste en ander tegnologiese alternatiewe en hom opnuut verbind tot die bevordering van Afrikaans. AfriForum Jeug het die universiteitsowerhede by hernuwing herinner aan die belangrikheid van moedertaalonderrig om gehalte-onderrig en hoë akademiese standaarde te verseker (Venter 2009:10)

Tog was die peiling van *Die Burger* oor die taalstryd in hierdie stadium dat 'n skyn-rustigheid na Brink se vertrek ingetree het. Ervare en vooraanstaande persone het uit die US-raad verdwyn, waarvan sommige uitgestem is en ander net gewoon moeg geword het om hulle energie verder op die "taaltreitering" te vermors. Die konvokasie se stempersentasie is as pateties en oudstudente se getal verteenwoordigers in die raad as buitensporig bestempel. Daarteenoor is Botman en die universiteitsbestuur geloof vir die wenplan waarmee hulle vorendag gekom het deur Afrikaans te posisioneer om steeds 'n verrykende rol binne 'n multikulturele opset te speel. Terselfdertyd is erken dat die taalkwessie weereens vertroebel is deur raadslid Heese se bewering dat die US-bestuur die hele kwessie van die taalbesluit wanvoorgestel het (*Die Burger* 2009b:14).

Intussen het politieke partye by hernuwing in die al driftiger-wordende taalstryd gevis en die DA het minister Pandor in April 2009 versoek om weer die Gerwel-verslag op die tafel te plaas. Die voorstelle hieroor soos vervat in 'n brief van Zille is 'n geruime tyd tevore deur 'n voorste akademikus opgestel en sonder sukses aan die meeste partye vir groter steun voorgelê. Mulder van die VF+ het gereageer dat die plan oorspronklik eintlik sy party s'n was en deur die DA gekaap is. Die DA se plan het 'n vergadering tussen die staatshoof, rektore, verteenwoordigers van die Afrikaanse kultuurgemeenskap, onderwysverenigings en minderheidspartye voorgestel om oplossings vir die geskille oor taal en taalonderrig op die kampusse te probeer vind (Du Toit en Rademeyer 2009:5). Die idee om die Gerwel-plan weer op te rakel is nie entoesiasties deur almal begroet nie. Giliomee se groot kommer was dat indien die plan deur die regering in werking gestel word, die US waarskynlik nie sou kwalifiseer as een van die universiteite waar Afrikaans bevorder en uitgebou moet word nie. Indien gekyk word na universiteite se taalbeleidstoepassing sou slegs NWU en die UV kwalifiseer as die twee universiteite wat aangewys sou kon word om Afrikaans as wetenskap- en voertaal te bevorder. By NWU was Afrikaans die omgangstaal met lesings wat in Engels getolk word, terwyl die UV parallelmedium in byna alle voor- en nagraadse vakke toegepas het. Daarteenoor het die toekoms van Afrikaans by die US vir hom donkerder as ooit tevore gelyk (Oosthuizen 2009:7). Wat die Gerwel-plan betref, het Giliomee

daarop gewys hoe Afrikaans se situasie by die US verswak het. In die fakulteit lettere het die Afrikaans-aanbod tot 45% gedaal en in die fakulteit teologie, waar byna 90% Afrikaans as eerste taal gepraat het, tot ’n skamele 23% gedaal. Vir Giliomee was die beslissende vraag of die US wou kwalifiseer as een van die twee universiteite vir Afrikaanse onderrig, ’n kwessie waaroor die breë US-gemeenskap en die universiteit sonder versuim uitsluitsel sou moes gee (Giliomee 2009:17).

## 3.4 Die mobilisering van Afrikaanses vir die taalstryd en voortgesette "bekgevegte"

Teen Mei 2009 is ’n nuwe fase in die taaldebat bereik met die mobilisering van Afrikaanses vir die taal in gesprekvoering en byeenkomste. Die uitslae van die landsverkiesing die vorige maand het gedui op ’n tree nader aan ’n "nie-rassige meertalige demokrasie" (Du Toit 2009:8). Dit kon beteken dat gelykberegtiging volgens die letter en gees van die Grondwet ook ten opsigte van minderheidstale en -gemeenskappe sou geskied, wat sou kon beteken dat dit ook op universiteitsvlak van toepassing gemaak kon word. As die oudste Afrikaansmedium-universiteit in Suid-Afrika is die taalstryd by die US soms gekenmerk as die direkte gevolg van ’n "taalbeleid wat spruit uit ’n rasgebaseerde ideologie van transformasie en regstellende aksie" (Du Toit 2009:8). Volgens hierdie siening is die taalstryd by die US aangevuur deur dienstigheid en ywer om polities korrek te wees en op te hou stry vir Afrikaans, met talle Afrikaanssprekendes wat self die taal ondermyn het. Afrikaans-moedertaalsprekers moes wat JB du Toit betref, gesamentlik gesprek voer oor die US. Wat wel hoop laat ontstaan het, was dat die Taakgroep vir die Bemagtiging van Afrikaans (Tabema) en die Meertaligheidsgroep (iMag) onder leiding van die SBA in die nabye toekoms ’n byeenkoms by die US sou hou (Du Toit 2009:8). iMag is bestempel as die grootste koalisie van tale wat nog in Suid-Afrika tot stand gebring is met verteenwoordigers van meer as 20 organisasies en met die doel om meertaligheid op alle lewensvlakke te bevorder en gemeenskappe daarvoor aan te wakker (*Die Burger* 2009d:9).

Striemende wedersydse woordtwiste sou teen Mei 2009 al hoe meer kenmerkend van die taalstryd word, soos onder andere geblyk het uit die skerp reaksie op 'n oorsese toespraak van FW de Klerk. Tydens die opening van Afrinetwerk se Europese Buro in Brussel het hy 'n sensasionele, maar totaal foutiewe stelling oor die stand van Afrikaans by die US gemaak. As gevolg van die hewige reaksie daarop was die hoof van die De Klerk-Stigting, Dave Steward, genoop om te verduidelik dat De Klerk in 'n aanhaling tydens sy toespraak verkeerdelik 'n stelling aan prof. Magda Fourie, US viserektor, toegedig het. De Klerk se opsienbarende stelling was: "Volgens 'n kommerwekkende ontleding deur prof. Magda Fourie wat ek onlangs gelees het, is die Universiteit Stellenbosch besig om bo alle twyfel halsoorkop te verengels." (Steward 2009:16) De Klerk het in sy toespraak beweer die US staan by 'n kruispad waar 'n besliste keuse oor Afrikaans gemaak moet word. Na verdere ondersoek moes Steward erken Fourie het nie die spesifieke woorde gebruik nie, maar dat dit oorgeneem is uit 'n ontleding deur Jaco Mare opgestel en aan Fourie gerig. Steward het erken dat hy die toespraak nagevors het en het volle verantwoordelikheid vir die fout waarvan De Klerk onbewus was, aanvaar. Hy het die aanhaling teruggetrek en verskoning aangebied vir enige ongerief wat dit kon veroorsaak het (Steward 2009:16).

Hierby wou prof. Willie Esterhuyse dit nie laat nie en het hy hom gedronge gevoel om in sterk trant te verwys na die swak dienslewering wat landswyd te bespeur was en skynbaar nou ook die Stigting beetgepak het. Hy het te velde getrek teen Steward se "slordige omgaan met bronne" in die wyd-gepubliseerde toespraak van De Klerk oor die sogenaamde "verengelsing" by die US. Wat Esterhuyse betref, het De Klerk se dramatiese bewering oor die woorde wat aan Fourie toegedig is haar akademiese integriteit aangetas. Hy kon nie genoeë neem met Steward se "patetiese verduideliking" oor hoe dit eintlik moes gelees het nie, omdat De Klerk die toespraak gelewer het en laasgenoemde "gesaghebbendheid aan die toespraak gegee" het; nie Steward nie. Hy wou weet of De Klerk self met Fourie geskakel het om verskoning aan te bied. Dit het hom boonop verstom hoe lank dit geneem het om die regstelling te

doen. Was die Stigting vanweë sy doelstellings dan nie juis veronderstel om Fourie se integriteit en regte te beskerm nie? (Esterhuyse 2009:12)

Hierop het Steward heftig reageer dat Fourie wel om verskoning gevra is en dat hy Esterhuyse se bewering dat dit haar regte en integriteit aangetas het, ietwat "vergesog" vind. Terselfdertyd het Steward 'n lansie vir Afrikaans gebreek deur te sê hy meen die wortel van die probleem is nie gebrek aan transformasie nie, maar die dramatiese toename by die US in wit Engelssprekende studente. Hyself het as Engelssprekende aan die US gestudeer en sy beskouing was steeds dat die US 'n Afrikaanse instelling is en dit so behoort te bly. Sy bekommernis was dat sonder een oorwegend Afrikaanse universiteit, Afrikaans moeilik voor die stoomroller van Engels sou kon oorleef (Steward 2009:16).

In desperaatheid het Giliomee, wat in geen opsig sy sin oor Afrikaanse onderrig by die US kon kry nie, in hierdie stadium 'n ontmoeting met die Wes-Kaapse adjunkminister van onderwys, André Gaum gehad. Dit het gegaan oor die wenslikheid van ingryping deur Zuma se administrasie rakende die voortslepende US-taalgeskil. Gaum het onderneem om die kwessie met die minister van onderwys in die inkomende Zuma-regering te bespreek. Hy was van mening dat die regering, en nie die howe nie, 'n oplossing rakende gedinge oor enkelmediumonderrig moes vind, asook dat taalkwessies indringende ondersoek regverdig ten einde te verseker dat al die amptelike tale regmatig behandel word (Barnard 2009:4). Gaum het kommer uitgespreek oor bewerings dat Afrikaans by die US die kreeftegang gaan en dat verskeie belanghebbendes van mening was dat die tweetalige onderrig-opsie Afrikaans benadeel. Die groot beswaar daarteen was dat heelwat klasse in Engels aangebied is en die ure waarin studente deur medium Engels onderrig ontvang het, aan die toeneem was. Daar is ook beweer dat dosente wat nie Afrikaans magtig is nie, toenemend aangestel word. Die toename in Engelse studente het nie bygedra tot transformasie nie, omdat hulle oorwegend wit was. Gaum het spesifiek verwys na die mosie van die US se SR oor parallelmedium (kyk bo) en was van mening dat gedagtes spoedig gewissel sou moes word hoe om die probleem van die onderrigtaal op te los. "Onderhandelings oor die instel van 'n minimum-aanbod van Afrikaans tussen 50% en 85% kan

dalk 'n vertrekpunt wees, so ook die SR se voorstel van die wyer gebruik van tolkdienste." (Gaum 2009:2)

Die politieke dimensie van die taalstryd is al hoe meer ingesien. Ook vanuit ouergeledere is die taalstryd as 'n politieke kwessie uitgemaak, veral omdat klaarblyklik net Afrikaanse universiteite met tweetaligheid geteiken is. Was daar ooit tolke by Wits, is onder andere gevra? Een opstandige moeder van 'n US-student het dit as bog bestempel dat studente beter sal vaar in die sakewêreld indien hulle Engelse onderrig ontvang. Haar seun het aan die US studeer en het hom oral in die wêreld aangepas.

> *Hierdie taalbeleid van die US is niks anders as 'n politieke storie nie. Moenie vir my sê dat Engels sy plek moet kry by die US nie, want nie een Engelse universiteit het ooit moeite gedoen of doen nog steeds moeite om Afrikaanse studente te akkommodeer soos wat die US tans met sogenaamde Engelssprekendes wil doen nie.*

Haar besliste opinie was kort en kragtig: die ANC-regering wil die Afrikaner van alles ontneem en ook sy taal probeer uitroei (Truda 2009:14).

## 3.5 Botman se gerusstelling oor Afrikaans

Te midde van hierdie groeiende pessimisme en kommer oor Afrikaans, ten spyte van en deels ook juis vanweë die nuutste raadsbesluit, was die rektor in Mei 2009 genoop om meer uitvoerig daaroor in *Die Burger* te reageer (Botman 2009:13). Hy het veral een aspek benadruk waarop hy konsekwent sou terugkom, naamlik gerusstelling oor die bevordering van Afrikaans by die US, maar in 'n meertalige konteks, veral omdat die universiteit kon hom nie kon afsonder van die ekonomiese en sosiaal-politieke landsomstandighede nie. Volgens hom het die US reeds bewys gelewer dat dit as akademiese instelling met die veranderende tye kon voortbeweeg deur voortdurend die universiteit se strategiese denke te heroorweeg en aan te pas. Behalwe universele uitdagings soos internasionale mededinging op die gebied van navorsing en relevante onderrig, was daar ook eiesoortige probleme soos diversiteit en toeganklikheid, studentesukses en gelyke geleenthede vir jong mense wat

vroeër uitgesluit was. Botman het die versekering gegee dat die US nie die pad van verengelsing wou volg nie. Die US se vaste oogmerk was om Afrikaans binne 'n meertalige konteks op wetenskaplike en akademiese vlak te bevorder. Hy het erken dat dit besondere uitdagings stel weens die voortdurende spanning tussen eksklusiwiteit en toeganklikheid, veral omdat die US 'n opvallende agterstand ten opsigte van demografiese verteenwoordiging en diversiteit in vergelyking met ander universiteite getoon het. Botman was veral sensitief oor die moontlikheid dat taaleksklusiwiteit vorms van ras-eksklusiwiteit kon aanneem, wat in stryd sou wees met die universiteit se beleid van inklusiwiteit en oop toegang vir almal (Botman 2009:13).

Een van die groot probleme in sy oë was die aandrang op "transformasie in Afrikaans", met die implikasie dat US 'n plek moes word waar studente uit alle gemeenskappe kan studeer, maar op voorwaarde dat hulle Afrikaans moet bemeester. Afgesien van probleme daarmee met regeringsbeleid, het dit nie heersende tendense in die studentemark verreken nie. Demografie het getoon dat wit studentegetalle weens die laer bevolkingsgroei besig was om af te plat, terwyl 'n bykomende faktor die klein getal bruin Afrikaanse skoolverlaters was wat in hoër onderwys beland het en gevolglik nie gou die US se getalle uit daardie oord sou kon voed nie. Die belangrike kwessie van die universiteit se groei was afhanklik van die bruin stedelike studente wat verkies het om in Engels te studeer (Botman 2009:13). Die universiteit se verpligting teenoor die groter Suid-Afrikaanse samelewing het vereis dat swart en Indiër-behoeftes in aanmerking geneem moes word, met die gepaardgaande uitdaging om die onderrigtaal só te struktureer dat voorheen benadeelde groepe nie weer daardeur uitgesluit word nie. Op hierdie wyse moes die universiteit ook sy verpligting teenoor die groter Suid-Afrikaanse samelewing nakom. Hy het verduidelik en verseker dat die raad se goedkeuring van die onderrigtaalmodel waarop besluit is nie toekomstige en voortgesette gesprekke sou uitsluit nie. Die einddoel was die "soeke na 'n verdedigbare middelgrondsituasie", waar Afrikaans se leefruimte verseker sou word met 'n onderrigmodel wat ook ruimte vir Engelse en Afrikaanse onderrig en blootstelling aan beide tale sou bied. Die oplossing hiervoor was die aanwending van parallelmedium

in die eerste studiejaar in groot fakulteite en Afrikaans en Engels as onderrigtale in "verskillende variasies" in die senior studiejare. Hy het erken die taaluitgangspunt was pragmaties, maar vinnig bygevoeg dat deur die toepassing van 'n onderrigtaalmodel wat "verantwoordelik, billik en redelik is teenoor al ons studente", dit steeds inklusief was (Botman 2009:13).

Min kon Botman besef watter wye en hewige reaksie sy vollediger uiteensetting van die taalplan uit hoofsaaklik konserwatiewer oord sou uitlok. Die argumente uit daardie oord teen sy stelling dat "Afrikaans sal bly staan", was konkreet, goed beredeneerd en moeilik te weerlê. Die eerste salvo is afgevuur deur Johann Rossouw, wat op die man af dit veral gehad het oor die "gevaarlike, naïewe politiek" wat die rektoraat besig was om te volg deur die US te "verengels" (Rossouw 2009:5). Hy het sy argument ver teruggevoer deur aan te toon hoe twee Afrikaanse skrywers, Jan Rabie en Van Wyk Louw, reeds in die vyftigerjare beswaar teen die "verstaatliking van Afrikaners en Afrikaans" gemaak het. In daardie jare het Van Wyk Louw ontevredenheid oor die verwydering van bruin mense van die kieserslys uitgespreek met die woorde: "Die bruinmense hoort by ons." Afrikaner-nasionaliste het tussen 1948 en die 1960's hulle "ideaalbeeld" van Afrikaners ook op "ander taal- en etniese gemeenskappe geprojekteer". As gevolg daarvan het die "misplaaste verstaatliking van taal, etnisiteit en gemeenskap" daartoe gelei het dat die "natuurlike merkers van kollektiewe en individuele identiteit deur die apartheidstaat omskep is in instrumente van verdeling". Hy het tereg daarop gewys en herinner aan die tradisionele opvatting in die geledere van die ANC – " taal, etnisiteit en gemeenskap is taboe" omdat dit "mense verdeel" (Rossouw 2009:5).

Rossouw se argument was dat dit ironies is hoe die ANC die apartheidstaat se mites nagevolg het deur Engels in te span om die eenheid en verbintenis van die ANC met die staat daardeur te verseker. Sy pleidooi was dat die valse idee van die staat se absolute gesag aan die kaak gestel moes word en universiteite in die bresse vir tale moet tree. Dit moes gaan oor hoe die staat die gemeenskappe kon reflekteer en nie hoe hulle in diens van die staat moet wees nie. Hy was egter pessimisties dat so 'n gesprek op redelike wyse gevoer

kon word, omdat te veel "intellektueles met uitvoerende mag" nog gely het aan "'n uitgediende staatsverknogtheid" en siening van die land se geskiedenis. Daarbenewens was daar "te veel mag en geld vir die huidige elite betrokke". Moontlik sou dit eers reggestel kon word, het hy gewaarsku "wanneer die gewone, brandarm lede van Suid-Afrika se taal- en etniese gemeenskap, wat die land se 60% armes uitmaak, oplaas tot blinde geweld en opstand oorgaan". Hy het dit veral gehad oor die US-bestuur wat "gevaarlike, naïewe politiek" bedryf (Rossouw 2009:5).

Oor sy standpunt en uiteensetting is Botman ook deur Jan Bosman, direkteur van die Afrikanerbond, en Steward aangevat. Hulle kernargument was dat Afrikaans wel bedreig word en dat die US ook in Afrikaans kon transformeer. Alhoewel Botman die versekering gegee het dat Afrikaans aan die US sal voortleef, was hulle van mening dat sy uiteensetting en verduideliking juis die vermoede versterk dat Afrikaans tog voor Engels sal wyk. Sensusgegewens het getoon dat daar 'n afplatting van wit Afrikaanse studentegetalle te wagte kon wees. Hulle het veral Botman se stelling dat die US ook vorentoe taalgewys in die studiebehoeftes van swart en Indiërstudente wat nie vaardig in Afrikaans is nie, sal moet voorsien, sorgwekkend gevind. Die 2001-sensus vir die land het getoon dat Afrikaans deur 5,9 miljoen mense as eerste taal gepraat word. Dit het beteken Afrikaans-eerstetaalsprekers neem die derde plek in na Zoeloe en Xhosa, met Engelstalige sprekers in die vyfde plek met 'n totaal van 3,6 miljoen sprekers. Die prentjie was egter dramaties anders in die Wes-Kaap, waar uit 'n totaal van 4,5 miljoen meer as 2,5 miljoen Afrikaans eerstetaalgebruikers was, met ander woorde 55,27%. Hierteenoor het Xhosa-eerstetaalsprekers 23,4% van die bevolking uitgemaak en Engels 19,3% (Bosman & Steward 2009:9).

Hulle het dit benadruk dat Afrikaanse onderrig (die A-opsie) wat vir jare die *de jure* besluit was, die aard van die US bepaal het. In die praktyk het taalonderrigtoepassings egter Engels as die hoof- onderrigtaal ten koste van Afrikaans verhef. Die druk op dosente is verhoog sonder dat hulle bykomende vergoeding vir die gepaardgaande dubbele lesingdrag ontvang het. Die argument is dikwels gehoor dat Afrikaans 'n struikelblok vir

transformasie was, maar indien die vermindering van wit studente ten gunste van swart studente daarmee bedoel is, het die US gefaal. Vanaf 2003 tot 2008 het die getal swart studente van 462 tot 875 toegeneem. Wat wel grootliks vermeerder het, was die getal wit Engelssprekende studente van 2 570 (2003) tot 3 246 (2008). Die getal bruin studente het vermeerder van 473 (2003) tot 972 (2008). Transformasie was besig om tot nadeel van die bruin landelike studente, wat meestal Afrikaanssprekend was, plaas te vind. Die verengelsing was tot nadeel van die grootste groep Afrikaans-eerstetaalgebruikers (1,9 miljoen teenoor 454 408 Engels-eerstetaalgebruikers). Hulle het dit veral ironies gevind dat daar meer swart Afrikaans- eerstetaalsprekers as Engels-eerstetaalsprekers in die Wes-Kaap was (Bosman & Steward 2009:9).

Bosman en Steward se gevolgtrekking was dat die US se oogmerk om uitnemend te word soos gestaaf kon word deur syfers, nie gerealiseer het nie. In 2008 het 50,57% van die Afrikaanse studente al hul modules geslaag, teenoor 30,53% van die Engelssprekende studente en dit ongeag die feit dat meer modules in Engels aangebied is, wat die Afrikaanse studente in werklikheid benadeel het. Hulle was oortuig Afrikaans word bedreig, ten spyte van al die versekerings dat die T-opsie nie die taal sal benadeel nie, want indien die tien fakulteite in oënskou geneem word, het dit geblyk dat 581 modules in Afrikaans, 336 in Engels en 684 dubbelmedium aangebied is. Afrikaanse studente het gemiddeld 39% lesings deur dubbelmedium en 21% in Engels ontvang, alhoewel geen monitering oor die aanbieding van lesings gedoen is nie. Die onrusbarende terugvoering was dat modules wat as Afrikaans aangedui is, dubbelmedium geword het en die modules wat as dubbelmedium aangedui is, Engels geword het, bloot vir enkele studente wat nie Afrikaans geken het nie (Bosman & Steward 2009:9). Wat die situasie vererger het, was die aanstelling van dosente wat nie Afrikaans magtig was nie. Dit was vir hulle duidelik dat die afskaling van Afrikaans deur die bestuur word onder die dekmantel van velerlei opsies en modelle dig gehou is In die praktyk was Afrikaans besig om sy status as wetenskap- en akademiese taal te verloor, soos dit reeds by (die destydse) UPE en RAU gebeur het, terwyl die ander HAU's vinnig besig was om dieselfde weg te gaan (Bosman & Steward

2009:9). Hulle onomwonde eis was dat die US-bestuur in duidelike terme en sonder verdere enige versluiering aan studente, dosente, alumni, donateurs en ouers presiese waarborge oor Afrikaans se stand, status en toekoms moet gee. Afrikaans is ’n inklusiewe taal en die wit, bruin en swart studente kon hulle op ’n grondwetlike reg beroep om onderrig in Afrikaans te ontvang. Alhoewel hulle bereid was om aan Botman se opregtheid te glo moes hy tot die duidelike besef kom dat sy herhaaldelike versekering oor Afrikaans se veiligheid nie meer geglo of aanvaar word nie, omdat die US onbetwisbaar besig was om te verengels. Die bestuur moes presies verduidelik hoe Afrikaans aan die US gered gaan word en hulle moes die moed aan die dag lê om eerlik te erken dat die US reeds geswig het “voor die onvermydelike vloedgolf van transformasie en verengelsing” en onafwendbaar “sy tradisionele Afrikaanse karakter sal moet prysgee” (Bosman & Steward 2009:9).

Ook *Rapport* het na Botman se kontroversiële uiteensetting baie ruimte afgestaan aan die standpunte en uitsprake oor die stand van Afrikaans aan tersiêre instellings, en meer spesifiek aan die US-debat. Opmerkings tydens e-poswisselings sou ’n yslike herrie onder wit en bruin taalstryders tot gevolg hê. Dan Roodt was van oordeel dat daar wegbeweeg moet word van die “beneweling van en die ywer om polities korrek te wees” ten einde logies oor Afrikaans te kan besin. Sy stellings het daarop neergekom dat die Afrikaner op grond van sy getalle, belastingbydrae, geskiedenis en aandeel in die oprigting van Afrikaanse universiteite die reg het om ’n universiteit in die noorde en die suide te hê. Dit sou buitendien ook in ooreenstemming met die Grondwet en die internasionale reg wees.

> *Om vir ’n universiteit of skool in Afrikaans te vra, al geskied dit kruiperig, oë-op-die-grond, ekskuserend en huiwerig, verteenwoordig ’n eis om selfbeskikking, vir die reg om self te mag bepaal in watter taal jou kind opgevoed word of waarin jy self lesings gaan bywoon.* (Roodt 2009:20)

Roodt het uitgevaar teen bruin leiers wat by HAU-universiteite, deur Afrikaners tot stand gebring en deur hulle gefinansier, in hoë bestuursposte aangestel is en “volmaakte Trojaanse perde” geword het om die HAU’s “op die glybaan

na haas onstuitbare verengelsing te plaas" (Roodt 2009:20). Hy het ook die verrassende stelling gemaak dat hy meen die tyd aangebreek het om direk met die ANC oor Afrikaanse onderwysinstellings te onderhandel (Prince 2009:8).

Die rektor van UV, prof. Jonathan Jansen, se totaal afwysende bydrae tot die Roodt-polemiek was dat hy nie in debat met iemand soos Roodt wil tree nie wat hy as 'n polemis beskou het wat mense vir die plesier daarvan aanhits. Hy was nie bereid om tot sy vlak te daal nie. Hy het Roodt daarvan beskuldig dat hy dit moeilik maak vir diegene wat nie Afrikaans-eerstetaalsprekers is nie om te fokus op hoe Afrikaans in die samelewing en by universiteite gehandhaaf en uitgebrei kan word (Jansen 2009:20). Ook Van der Rheede het die uitsprake uit regse oord as 'n georganiseerde poging beskou om sake vir Botman te bemoeilik, asook as optrede wat die delikate verhouding en brose eenheid tussen wit, bruin en swart Afrikaanssprekendes vertroebel (Prince 2009:8).

## 3.6 Die Zevenwacht-byeenkoms-herrie

In werklikheid het Roodt se kommentaar gevolg nadat Van der Rheede sy verontwaardiging te kenne gegee het oor die feit dat net sekere wit organisasies na 'n gespreksgroep (begin Junie 2009) oor die toekoms van Afrikaans aan universiteite genooi is. Onder die genooide swaargewigte vir die byeenkoms by Zevenwacht buite Kuilsrivier was Giliomee, Maree, Viljoen en Schlemmer, terwyl lede van die US-konvokasie, Solidariteit, ATKV en Adam Tas ook genooi is. Die oogmerk was om te probeer uitpluis hoe die US se strewe na uitnemendheid met transformasie en die bevordering van Afrikaans versoen kan word. Heel verstaanbaar was daar onmiddellike beroering en eintlik ongeloof omdat geen bruin of swart mense genooi is of teenwoordig was nie. Dit was ook die rede waarom die vergadering kortgeknip, en die besluit geneem is om die kwessie van breër gesprek na die ATR te verwys (Prince 2009:8). Die bruin taalleiers se baie luide en opstandige reaksie was 'n ondubbelsinnige aanduiding dat bruin mense se geduld oor die miskenning van hulle belangrikheid in die taaldebat breekpunt bereik het en onder geen omstandighede langer geduld sou word nie.

Die voorsitter van die Afrikanerbond (AB) in daardie stadium, prof. Pierre Theron, het in 'n e-pos te kenne gegee Botman se uitspraak dat "Afrikaans sal bly staan" ernstige bedenkinge by die AB en ander uitgelok het. Eintlik het Botman meer redes aangevoer waarom Afrikaans as medium van onderrig moet wyk as wat hy 'n saak uitgemaak het hoe Afrikaans beskerm en in stand gehou sal word. Theron se mening was dat Afrikaans ter bevordering van Engels uitgerangeer gaan word (Theron 2009:20). Tesame met bogenoemde proteste in *Rapport* het Botman se verdere reaksie daarop ook verskyn waarin hy probeer wal gooi het teen die verbete en kwetsende stryd tussen die verskillende groepe. Hy het sy vroeëre opmerking dat sensusgegewens daarop dui dat wit Afrikaanse studentegetalle oor die volgende dekades weens 'n laer bevolkingsgroei sou krimp, herhaal. Die meeste kenners was dit ook eens dat die verwagting dat Afrikaanssprekende bruin mense uit landelike gebiede sou help om die voorgenome diversiteitsoogmerke by van die US te bereik, vir eers nie haalbaar was nie (Botman 2009a:20).

Saam met al bogenoemde bydraes in *Rapport* het die koerant in sy hoofartikel die verwyt laat hoor dat die uitsprake van die voorsitter van die AB en Roodt van die Pro-Afrikaanse Aksiegroep (Praag) 'n "opwelling van taal-emosie" veroorsaak. Dit het meer gelyk asof die woordestryd eintlik gegaan het oor verlies van mag sedert 1994. met sterk rassistiese en ideologiese klanke by die anti-Botman-faksie (*Rapport* 2009:20). Dit het voorgekom asof die beswaardes die US wil herower en die rem eintlik deur hulle aangedraai word oor bruin Engelssprekende studente wat die US bo al die ander universiteite verkies: "Ja vir bruin, maar nee vir Engels bruin. Sulke progressiewe treë is te dik vir 'n daalder vir die Roodt-kartel." *Rapport* het daaraan herinner hoe Afrikaans in die verlede as amptelike taal misbruik is en gepleit dat die taal nie weer vir eksklusiewe afsondering gebruik mag word nie. Dit gaan vir die beswaardes nie suiwer oor Afrikaans nie, was die verwyt maar om die uitsluiting van sekeres en dit terwyl "toeganklikheid" swaarder as "taaleksklusiwiteit" moet weeg (*Rapport* 2009a:20).

Giliomee het op sy beurt skerp op bogenoemde hoofartikel gereageer, met die verwyt dat die hele kwessie van die Zevenwacht-byeenkoms weereens tot 'n

rassekwessie herlei word. Hy het erken dit was 'n fout dat geen bruin of swart mense teenwoordig was nie, maar volgehou dat dit geensins die idee by die vergadering was om Afrikaans vir die Afrikaners te probeer "terugvat" nie. Hy was ook nie bewus van enigeen op Stellenbosch wat gemeen het die US moet bruin of swart of wit studente weier omdat hulle Engelssprekend is nie. Waaroor dit vir hom gegaan het, was watter taalvaardigheidsvereistes die US vir Afrikaanse bestendiging sou moes stel. In daardie stadium was die US ongeveer 64% Afrikaans (Giliomee 2009a:17). Bruin Engelssprekendes was volgens hom oor die "algemeen taalgewys beter voorberei as wit Engelssprekendes om aan die US met sy hoofsaaklik Afrikaanse aanbod te studeer". Van die bruin mense het 75% hulle huistaal as Engels aangedui, maar hulle het ook Afrikaans aan huis gepraat, terwyl in die geval van die wit Engelssprekendes die syfer in albei gevalle 40% was. Waar Afrikaans die oorheersende voertaalkeuse by vier fakulteite was, het die proporsie Engelssprekendes tussen 2006 en 2008 onderskeidelik met 31%, 33%, 89% en 85% gegroei. Sy afleiding was dat statisties bewys kon word dat Afrikaans nie 'n belemmering vir transformasie was nie. Die aandrang vir meer Engels in klasse was nie afkomstig van bruin studente nie, maar van wit Engelssprekendes en van slegs een helfte van hierdie groep. Geen bewyse het bestaan dat Afrikaanssprekende studente meer Engels in klasse wou hê nie (Giliomee 2009a:17).

Asof sake nie reeds troebel genoeg was nie, het Nzimande teen die middel van 2009 duidelik laat blyk hy sou geen teenstand teen transformasie meer duld nie en dat die regering 'n nuwe liggaam beplan om transformasie by universiteite te monitor (Du Toit 2009:2). Alhoewel dit vir hom veral gegaan het oor transformasie in die algemeen, het hy die media, die regbank en universiteite uitgesonder waar daar nog te min ten opsigte van transformasie gedoen is. Hy het aangedui dat hy verskeie aanbevelings van die ministeriële taakspan wat in 2008 na die omstrede Reitz-voorval by die UV tot stand gekom het, aanvaar het. Die verslag van hierdie taakspan het hom hewig ontstel en die voorkoms van diskriminasie en rassisme by universiteite het hy bestempel as 'n aanduiding van soortgelyke probleme in die breë samelewing (Du Toit 2009:2). Nzimande het spesifiek na die US verwys en die vertroue uitgespreek dat die universiteit

wys genoeg sou wees om self op te tree en nie 'n taalbeleid te volg waardeur Afrikaans gebruik word om ander uit te sluit nie. Hy het spesifiek ook die UV genoem waar die voorkoms van rassisme nog erger was. Die presiese funksies van die oorsigliggaam wat die regering in gedagte gehad het, moes nog uitgestippel word en alhoewel hy die versekering gegee het daar nie 'n heksejag gevoer sou word nie, sou die regering universiteite vir transformasie verantwoordbaar hou. Sy waarskuwing was dat die toedeling van finansies gebruik kon word om te verseker universiteite wend dit vir dringende kwessies aan. Alhoewel hy toegegee het universiteite moet vry en outonoom wees, kon hulle nie "hindernisse in die strewe na transformasie" wees nie. Daarsonder sou universiteite uiteindelik net "akademiese vryheid vir die elite" beteken (Du Toit 2009:2).

Hierdie geluide wat van die kant van die regering gehoor is, is in politieke kringe nie onbeantwoord gelaat nie. Die DA het die taalbeleid van oorheersend Afrikaanse universiteite verdedig en die regering gewaarsku om nie in te meng met universiteite se taalkeuse of outonomie nie. Op hierdie tydstip is die DA se alternatiewe beleidstuk oor hoër onderwys deur die skadu-minister, Wilmot James, voorgelê waarin die gedagtegang was dat US alle reg het om voort te gaan om Afrikaans as onderrigmedium in die Wes-Kaap aan te bied. Die bevolking daar was 60% Afrikaanssprekend en kommentaar soos dié van die minister sou beslis nie bydra tot die oplossing van die taalstryd nie. Zille se reaksie was dat studente wat Engels verkies, nie toegelaat kon word om taalbeleid by Afrikaansmedium-universiteite voor te skryf nie (Kgosana 2009:5).

## 3.7 Reaksie oor die mobilisering van Afrikaner-organisasies teen die raad

Teen Junie 2009 het die US-bestuur heftig gereageer teen wat die rektor bestempel het as die mobilisering van Afrikanerorganisasies teen die raad. Dit was na aanleiding van 'n e-pos van Giliomee waarin hy beweer het die saak van Afrikaans by die US groot skade berokken word. Terselfdertyd het hy die "enorme krisis" waarin die taal verkeer het, uitgelig en versoek dat

organisasies betrokke moet raak, "al moet hulle spesiaal vir die doel gestig word" (Maarman 2009:2). Die taaldebat het in hierdie stadium veral om die rektor se kop losgebars en tot hewige redetwis gelei. Toe geluide selfs begin opklink dat die rektor moet bedank, het Botman onverskrokke gereageer dat hy geensins van plan was om so iets te oorweeg nie. Indien daar mense was wat gemeen het hy doen die saak van Afrikaans skade aan, moes hulle die US-raad versoek om die saak te ondersoek. "As hulle bevind dat ek dit wel doen – dan moet ek afgedank word. Maar intussen gaan ek nêrens nie." (Maarman 2009:2)

Só erg het die geskil begin word dat Botman in hierdie stadium 'n besoek aan Maleisië vir 'n Statebondsberaad vir rektore moes kanselleer. Onverstoorbaar en bykans uitdagend het Botman laat hoor die taaldebat gee hom in werklikheid baie energie, veral vanweë die steun wat hy uit studentegeledere vir sy siening en standpunte ontvang het. Uit daardie oord het hy die versekering gekry dat die US se studente "nie taal-apartheid op Stellenbosch [soek] nie en ook nie segregasie van watter aard ook al nie. Hulle wil net vorentoe beweeg" (Maarman 2009:2). Hy het belowe dat die top-leierskap op die eerskomende raadsvergadering terugvoering sou gee oor die hantering van en die teikens gestel vir Afrikaanse onderrig in die senior studiefases. Daarbenewens sou 'n onderrigtaalmodel weer voorgelê word met as oogmerk 'n plan vir die heropbou van Afrikaans, asook om studente wat Afrikaans goed magtig is, te lok. Intussen is die ATR deur ontevredenes die verantwoordelikheid opgelê om die taalkwessie met die raad op te neem, terwyl die konvokasiebestuur 'n minimum van 75% vir Afrikaans as voertaal geëis het (Maarman 2009:2).

Nog 'n wending in die herrie op daardie moment was Jannie Mouton se bedanking uit die raad. Hy was een van die ses raadslede wat uit die raad gestap het terwyl raadslid Francois Groepe van Media24 telefonies uit Londen deelgeneem het aan 'n gesprek oor 'n mosie teen Heese. Dit het gehandel oor haar beweerde verbreking van protokol deur raadskwessies in die media openbaar te maak. Sy het dit erken, maar beweer sy het dit ter wille van die "groter saak" gedoen (Pienaar-Brink 2009:7). Terwyl Groepe in die raad op haar kommentaar gereageer het, het Mouton, Giliomee, Spies, Viljoen en

dr. Adelbert Scholtz uitgestap weens hulle beswaardheid oor prosedurereëlings. Wat Botman se verwyt oor die mobilisering van Afrikaner-organisasies betref, het Giliomee dit beklemtoon dat hy reeds tydens 'n informele byeenkoms van dekane en raadslede op 5 Junie waar Botman teenwoordig was, dit kategories gestel het dat die FW de Klerk-stigting se Zevenwacht-byeenkoms gekanselleer is. Daarna is die taalkwessie in die hande van die ATR gelaat, terwyl die De Klerk-stigting se oogmerk gewysig is om ook "die breë, inklusiewe Afrikaanse taalgemeenskap" betrokke te kry. Die beplande vergadering was van die baan en daar is verder verduidelik dat daar nooit "enige sprake van mobilisering teen die raad" was nie. "Dit sou waansin wees. Die raad moet tog die taalbesluit in oorleg met die senaat neem." (Pienaar-Brink 2009:7)

Net soos Giliomee het Le Cordeur van die ATR ook verwys na die *Rapport*-berig dat "wit en bruin baklei oor Afrikaans" (Le Cordeur 2009:17). Hy het dit betreurenswaardig gevind dat die koerant dit as 'n stryd tussen bruin en wit voorstel en dat almal wat Afrikaans wil bevorder met 'n soort rassisme vereenselwig word. Die ATR het tot stand gekom om wit en bruin kragte saam te snoer. Die leuse daarvan was "beskerm, bevorder, bemagtig" en dit het reeds die "mees verteenwoordigende, diverse en nie-rassige Afrikaansgroepering" geword. Die meerderheid Afrikaansgebruikers oor alle grense heen was besig om saam te staan en Le Cordeur het gewaarsku dat diegene wat poog om Afrikaans weer net vir wit mense op te eis nooit die ATR se steun sou ontvang nie. Die taalkwessies kon nie weer oor kleurskeidslyne gaan of 'n geveg tussen bruin en wit word nie. By die ATR was daar eensgesindheid dat Afrikaans bevorder en beskerm moet word, maar terselfdertyd moes Engels ook só aangewend en hanteer word dat dit Afrikaans se posisie kon versterk (Le Cordeur 2009:17).

## 3.8 Die taaldebat kry 'n "totaal ideologiese inslag"

Lina Spies (2009:17) het tereg daarop gewys dat die taaldebat in die media gedurende 2009 'n "totaal ideologiese inslag" gekry het:

dit draai om strewes en sentimente, om persoonlikhede en organisasies, terwyl die pedagogiese belangrikheid van taal as onderrigmedium nie meer

ter sprake kom nie. Dit het gegaan oor die taal en kultuurgroepe waaruit die US studente werf en wat die oorsaak van die wantroue was veral omdat bruin Afrikaanstaliges nie die wit stryders vir die taal vertrou het nie weens agterdog dat hulle poog om die "Afrikanersaak" te bevorder en nie die belange van Afrikaanstalige studente as sodanig nie.

Sy kon nog nooit begryp wat presies die "Afrikanersaak" is waarna verwys word nie. Sy is as Afrikaner gebore en haar ouers en grootouers het hulle as sodanig geïdentifiseer. As kind het sy die minderwaardigheidsgevoel jeens Engelssprekendes leer ken, maar sy het dit afgeskud toe Afrikaans een van die amptelike tale word en Afrikaanse letterkunde ook bevry word (Spies 2009:17). Spies het wel die donker apartheidskant van die taal se verloop en geskiedenis erken toe "geassimileerde bruin Afrikaanstaliges in ghetto's buite dorpe forseer is en poskantore afgeskort is waar wit en bruin apart sake moes doen, iets wat nog vars in die geheue van gevoelige blankes en soveel te meer by verontregte bruines teenwoordig is".

Sy het weldeeglik besef die apartheidsverlede kon nie in 15 jaar (1994 tot 2009) afgeskud word nie en die Afrikaner was steeds besig om sy apartheidskuld te verwerk. Nogtans het sy gewaarsku: "Talente wat sluimer in Afrikaanstalige kinders van agtergeblewenes, wat daardie talente net kan verwesenlik deur in Afrikaans te studeer, sal vernietig word as Afrikaans, sedert 1976, nog steeds in die beskuldigde bank moet staan." Die kernvraag was of dit waar was dat die wit stemme in die US-taalstryd steeds van apartheid beskuldig kan word en of bruin Afrikaanssprekendes die "Soweto-etiket" van Afrikaans kan agterlaat sodat geloofwaardigheid onder alle groepe in die debat bevestig kan word. Eers dan sou werklik sinvolle onderlinge gesprekke kon plaasvind (Spies 2009:17).

*Die Burger* het sy kommer uitgespreek oor die "reuse-onverkwiklikheid" waarin die debat besig was om te ontaard en by name die mobilisering van Afrikaanse organisasies vir die taalstryd skerp veroordeel. Die ingesteldheid van hierdie koerant was dat dit nog altyd voorstander vir Afrikaans was en dat daar 'n vaste plek by die US vir Afrikaans verseker moet word. Wat onaanvaarbaar geword het, was hoe die taalherrie in verdagmakery en

persoonlike aanvalle ontaard het en werklike "konstruktiewe gesprek" begin verongeluk het. Indien die kwaadstekery sou voortduur, kon daar geen wenners wees nie (*Die Burger* 2010a:8).

*Die Burger* is onmiddellik oorval met briewe van wisselende standpuntinnames. Een van die belangrike stemme in die debat, Anton van Niekerk, het gekla dat die gewone dosent se perspektief nooit in die taaldebat gestel word nie. Hy het getuig hy doseer 'n derdejaarmodule vir sowat 65 studente waarvan 54% se huistaal Afrikaans was, maar wanneer dit by opstelle, toetse en eksamens gekom het, het hoogstens 20% Afrikaans gebruik en die res Engels. Sy kursus was 'n module waarin die voorgeskrewe werke feitlik almal in beide tale beskikbaar was en waar daar vir 50% van die tyd Afrikaans in die klas gebruik is. Afrikaanssprekende studente is dikwels deur hul ouers aangeraai om liefs Engels te gebruik omdat dit die "taal van die toekoms is" (Van Niekerk 2009:11). Die tendens was ook dat meer Afrikaanssprekendes Engelse skole bywoon en alhoewel hy nie daarmee saamgestem het nie en studente aangemoedig het om terug te keer na Afrikaans, het hy dit as 'n "verlore stryd" beskou. Voordat die meerderheid Afrikaanssprekende studente nie self aan Afrikaans begin glo nie, sou Engels in die universiteitswese in Suid-Afrika, soos ook wêreldwyd, aanhou veld wen (Van Niekerk 2009:11).

Die taaldebat het nie net by oppervlakkige aantygings gebly nie, maar ook besinning gebring oor wesenlike akademiese en wetenskaplike kwessies. Vir Fanie Cloete was dit belangrik om in die debat weer te besin oor die werklike sin en betekenis van universiteite. Universiteite behoort verantwoordelik te wees vir die "wetenskaplike skep van nuwe kennis en vaardighede, die oordrag daarvan aan studente en die oplossing van bestaande probleme deur die toepassing van daardie kennis" (Cloete 2009:9). Transformasie moes daarom meewerk om die *status quo* te verbeter, maar by die US het sekere akademici en drukgroepe ongelukkig juis die teenoorgestelde houding openbaar. Dit was as gevolg van openlike pogings om op enige wyse en agter 'n akademiese fasade politieke en kulturele oogmerke te probeer bereik wat met die akademie weinig te make gehad het. Cloete het verwys na hoe die uitstap van raadslede ook deur *Die Burger* gesien is as teenstand

teen transformasie en as pogings om die protesteerders se "nie-akademiese kulturele vooroordele" by die US op 'n twyfelagtige wyse te probeer afdwing. Wat Cloete betref, moes drie aspekte weer in die taaldebat herbeklemtoon word: die beginsel van institusionele outonomie; die besef dat individue en drukgroepe Afrikaans die beste kan bevorder deur studente te werf; en dat individue geld kan skenk, maar wanneer hulle terselfdertyd probeer voorskryf watter beleid toegepas moet word, het dit 'n teenproduktiewe reaksie tot gevolg. Hy het ook pertinent herinner aan minister Nzimande se ongeduld met die trae pas van universiteite se transformasie (Cloete 2009:9).

As gevolg van die US-taalstryd was Afrikaans besig om vriende te verloor, wat die taal groot skade berokken het, was die mening van 'n joernalis, Bigalke. Giliomee se oproep dat 'n organisasie gestig moes word om die optrede van die De Klerk-stigting, SA Akademie, Solidariteit en ander te steun is as oneerlik en opportunisties bestempel (Bigalke 2009:4). Die vroeëre wit byeenkoms te Zevenwacht het reeds hond se gedagtes laat ontstaan oor 'n nuwe soort "etniese mobilisasie", wat veroorsaak het dat die Giliomee-groep se pogings "alle geloofwaardigheid verloor" het (Bigalke 2009:4). Daar was Afrikaners wat hulle gedistansieer het van enige optrede wat "hul geliefde taal opnuut onder verdenking" kon bring en dit het verbintenis met persone soos Roodt ingesluit. Dit het egter nie beteken hulle is "taalglyers" soos hulle uit daardie oord bestempel word nie; hulle het bloot hul eie siening dat Afrikaans deur opbouende optrede bevorder kan word. Die "infantiele uitstappery uit vergaderings, agterbakse planne, sameswerings en aggressiewe houding" het Bigalke as verwerplik en vervreemdend bestempel. Daar moet konstruktief en met beheersde emosies met die universiteit se bestuur in gesprek getree word om agterdog teenoor mekaar te verminder. By die Afrikaners wat hulle van kleinlike optrede gedistansieer het, het die simpatieke besef geheers jeens die rektor en sy bestuur se enorme taak om 'n kampuskultuur te skep waarbinne die totale universiteitsgemeenskap behoorlik kon funksioneer en tuis kon voel (Bigalke 2009:4).

Met die aanbreek van 2010 was die politieke en kulturele debat volgens Anton van Niekerk besig om radikaal links en regs te beweeg. Dit het hy

afgelees uit die feit dat die idee van ’n Afrikaner-tuisland besig was om veld te wen en die stryd oor Afrikaans aangegryp en verwring is as tekenend van ’n totale aanslag teen Afrikaners en wit mense. Juis daarom het die “middelgrond” vir hom al belangriker en noodsaakliker geraak met “as spilpunt die besef van ’n gemeenskaplike lotsbestemming onder almal en van saam voortleef of ondergaan”. Daar sou besef moes word dat die grootste deel van Suid-Afrika se bevolking uit Afrikane bestaan en wit mense sou dit vir hulself moes uitmaak hoe hulle aan hulself as Afrikane dink. Die land kon werk indien almal menswaardig leef, wat sou beteken moord en korrupsie, sowel as grootskaalse persoonlike verryking en gulsigheid, afname in emigrasie en ’n ekonomie wat groei om armoede hok te slaan moet aan bande gelê word (Van Niekerk 2010:19). Middelgrond-soekers weier om te aanvaar alles is net swak en sleg en glo daar is wel ook goeie nuus. Hy het dit beklemtoon dat die middelgrond ongewild en moeilik is om te betree en te handhaaf te midde van toenemende ekstremisme en pogings om ekstreme standpunte af te dwing. Vir “linkses is jy te regs, en vir die regses is jy te links”, maar vir hom was die middelgrond die ware oplossing “as ons mekaar nie wil vernietig op grond van ekstremiste se destruktiewe sekerhede op die rante van die spektrum nie” (Van Niekerk 2010:19).

## 3.9 Bekendstelling van die nuwe taalplan (Junie 2009)

Uiteindelik het US se nuwe taalplan die media op 20 Junie bereik toe prof. Leon Stadler, direkteur van die US Taalsentrum, die taalplan uiteengesit het, met die besef dat die reaksie en die opskudding oor die taalplan driftiger as ooit tevore geword het (De Stadler 2009:17). Soos te verwagte sou die hersiene taalplan poog om Afrikaans in ’n meertalige konteks te bestendig met verrekening van die land se diversiteit en binne die visie dat die ideale profiel van ’n US-student meertaligheid moes insluit. Omdat dit so ’n uitdagende opdrag was, was eenvoudige oplossings vir die regte tipe taalonderrig by die US net nie te bedink nie. Volgens Stadler is daar in die formulering op verbeeldingryke wyse gekyk na op welke wyse verskillende taalopsies soos parallel- en dubbelmedium gekombineer kon word. Alle

fakulteite sou vorentoe eie taalplanne moes voorlê, terwyl viserektor Fourie reeds indringende gesprekke met leiers in elke fakulteit gevoer het. Stadler was oortuig die US was besig om 'n "revolusionêre era van taalbeplanning" te betree, wat verrekening van fakulteitsplanne sou moes insluit. Die uitgangspunt was dat taalsteun en -bevordering ook oor die belange van studente gaan. Om dit alles te verwesenlik het die US die Taalsentrum tot sy beskikking gehad, bestaande uit vyf eenhede wat taalkursusse in Afrikaans en Engels kon aanbied, Xhosa deur kortkursusse kon bevorder, skryfvaardighede in Afrikaans en Engels kon aanbied en kundigheid op die gebied van professionele kommunikasie en vertaaldienste kon ontwikkel. 'n Omvattende eksterne evaluering het die Taalsentrum as 'n "wêreldklas-entiteit wat beduidende taalsteun bied in eie omgewing" bevind. Die raad het ook toestemming verleen spesifiek vir 'n bevorderingsplan vir Afrikaans en 'n navorsingsprogram wat taalbemagtiging en ontwikkeling behels het. Na Stadler se wete was daar geen ander Suid-Afrikaanse universiteit waar taalbeplanning op so 'n omvattende skaal gedoen is nie. Hy het hom egter gedronge gevoel om te waarsku en daarop te wys hoe die heftige taaldebat Afrikaans en die US in gevaar gestel het en dat "aktivistiese kragte" en die heel dikwels "oningeligte diskoersvoering die saak van die universiteit en les bes ook die saak van Afrikaans oneindige skade berokken" (De Stadler 2009:17).

In hierdie stadium is daar belangrike punte van ooreenstemming tussen die US en die ATR bereik, wat in 'n gesamentlike verklaring bevestig is (*Die Burger* 2009c:2). Die rektor het die toekomstige fokus op volhoubare akademiese uitnemendheid en groter toeganklikheid en transformasie aangekondig en dit verder verduidelik aan die hand van die universiteit se uitgebreide eerste stappe vir plattelandse opleidingsgeleenthede in die Wes- en Suid-Kaapland, die Kaapse Weskus en die Boland. Daar is ook wedersyds ooreengekom dat:

– Afrikaans as onderrigtaal bestendig en ook op nagraadse vlak bevorder sal word;
– haalbare oogmerke vir die berekening van die voorgraadse aanbod in Afrikaans oorweeg sal word;

– die US inklusief maar geen akademiese "volkstaat"' wil wees nie en Afrikaans nie gebruik sou word om studente uit te sluit nie;
– diversiteit bevorder sal word sonder om Afrikaans te benadeel; en
– deurlopend gepoog sal word om wêreldgehalte te bereik.

Hierdeur is die ATR tevrede gestel dat die US alles in werking sou stel "om met meetbare en moniteerbare ondernemings Afrikaans as onderrigtaal se posisie aan die US te verseker" en dat die bestuur op daadwerklike wyse arm Afrikaanssprekendes sal bemagtig. Van die ATR se kant is die US verseker van steun en die beskikbaarstelling van die ATR se netwerke en kundigheid. Daarbenewens is steun aan die rektor toegesê en 'n beroep op die gemeenskap gedoen om die rektor die geleentheid te gee om die taalkwessie te bestuur (*Die Burger* 2009c:2). Die akademiese gemeenskap het van viserektor Fourie die versekering gekry dat "'n minimum Afrikaans-aanbod" aan die US nagestreef sal word.

Al bogenoemde taalreëlings is deur die raad goedgekeur en daarna ook deur die senaat. Laasgenoemde het ook die publiek versoek om die US vorentoe die geleentheid te gun om sy werk te kan doen en sodoende ook die toekoms van Afrikaans te verseker. In 'n eenparige mosie het die senaat verder nie gehuiwer nie om dit duidelik te stel dat daar saam gespook word om Afrikaans aan die US toerekenbaar te bestuur. Die senaat het ook sy misnoeë te kenne gegee oor die wyse waarop "sommige raadslede, individue en buite-instansies die rektor en bestuurspan se bona fides in die openbaar in twyfel trek". Dit was 'n harde akademiese en openbare hou in die rigting van die Giliomee-faksie (Malan 2009a:8).

## 3.10 De Klerk se pleidooi: "Bêre die lang messe"

Met 'n opskrif wat sterk herinner het aan het die gruwelike episode teen die Jode tydens die Nazi-bewind bekend as die 'Nag van die Lang Messe' is in *Rapport* berig oor De Klerk se pleidooi oorsee dat die "lang messe" in die US-taaloorlog liefs gebêre moet word (De Klerk 2009:17). Tydens 'n toespraak (wat groot applous uitgelok en wyd aandag getrek het) einde Junie 2009

met die honderdjarige bestaan van die SA Akademie het De Klerk daaraan herinner dat dit rondom Afrikaans was dat Afrikaners aangevuur is om op te staan uit die ellende en verwoesting na die Anglo-Boereoorlog (ABO). Dit sou die grondslag vorm vir ʼn nuwe Afrikaner-identiteit en trots. Alhoewel onreg teenoor ander groepe in die naam van die taal gepleeg is, was Afrikaans nou gereed en begerig om ook ʼn beduidende rol in ʼn nuwe, regverdige Suid-Afrika te speel. Hy het verwys na die jare toe die Afrikaner ook erg verdeeld was: sommige het geswig onder die druk om te verengels; ander wou vaskleef aan Hooghollands; terwyl nog ander gekies het om Afrikaans as taal te ontwikkel. Vir De Klerk het dit gedui op die kernrol van taal by mense en gemeenskappe en dat wanneer individue van hulle taalregte weerhou word, dit in werklikheid ʼn aanval op hul "menswaardigheid en hulle reg op gelykheid" word. De Klerk het daarop gewys dat dit om dié rede was dat die grondliggende bepalings van die Grondwet taalregte so nadruklik bevorder en beskerm (De Klerk 2009:17).

Ongelukkig is Afrikaans in die loop van die Afrikaner se geskiedenis binne die raamwerk van kleur en ras verpolitiseer en het baie bruin mense se ervaring van die taal met pyn en bitterheid gepaard gegaan. Dit het geskied ten spyte van die feit dat bruin mense ʼn belangrike bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans gelewer het en "hulle dikwels verstote en verwerp gevoel [het] deur hul wit Afrikanerbroers en -susters". De Klerk (2009:17) het op aangrypende wyse bely:

> *Ons moet in skaamte en skande erken dat apartheidswetgewing gebore en getoë is in Afrikaans. Afrikaans was egter ook die taal waarin ons begin worstel het met die noodsaaklikheid om apartheid te beëindig. Uiteindelik was Afrikaans ook die taal waarin ons ʼn nuwe visie van ʼn regverdige en nie-rassige grondwetlike demokrasie gedefinieer het, die taal waarin Suid-Afrika uitgereik het na ʼn nuwe daeraad. Miskien sal die geskiedenis verhaal dat die kwantumsprong van 1990 en daarna ʼn kruinoomblik vir Afrikaans was – die omdraai van Afrikaans tot bevrydingstaal.*

Na 15 jaar was Afrikaans weer onder groot druk deurdat Engels die *de facto* amptelike taal geword het, Afrikaans uitgeskuif is op nasionale vlak

en al hoe minder deur provinsiale administrasies aangewend is. Suid-Afrika se tale word nie gelyk behandel nie en baie min word gedoen om die inheemse tale te ontwikkel. Talle enkelmediumskole was ook onder kwaai druk (De Klerk 2009:17). Die organisasies wat daargestel is om die landstale en -kulture te ontwikkel was finansieel aan die sukkel en boonop het die Asmal-kommissie aanbeveel dat PANSAT en die KGT ontbind en hul funksie deur ’n Menseregtekommissie oorgeneem word. Afrikaans op universiteit was onder druk en daarmee saam Afrikaans as wetenskaptaal. Wat die US-taaldebat betref, het De Klerk die hoop uitgespreek dat die onverkwiklikheid daarvan uit die weg geruim sou word omdat die hele Afrikaanse taalgemeenskap enorme belang in die positiewe uitkoms van Afrikaans as tersiêre taal gehad het. Suid-Afrika behoort net soveel aan Afrikaanssprekendes as aan enige ander Suid-Afrikaner; Afrikaanssprekendes as die derdegrootste taalgroep sluit almal in wat Afrikaans praat (wit, swart en bruin) op ’n gelyke en inklusiewe grondslag; Afrikaner-identiteit is net soseer deel van die breër identiteit as alle ander identiteite en daar is nie meer ruimte binne die grondwetlike stelsel vir ras- en kulturele hegemonieë nie; Afrikaans staan steeds sterk soos onder andere die Afrikaanse musiek en teater getuig, ongeag die regering se mislukking om alle taal- en kultuurregte te verseker (De Klerk 2009:17).

De Klerk was uiters bekommerd oor Afrikaans se agteruitgang as gevolg van die ignorering van taalregte en daarom het die onderrig daarvan op tersiêre en skoolvlak voortdurende aandag verdien. Dit was in die hande van Afrikaans se eie sprekers om te besluit of die taal voortleef. Dit was immers ’n grondwetlike reg om Afrikaanssprekende kinders in die taal van hul keuse te onderrig. Daar moet genoeg enkelmediumskole met Afrikaans as grondslag wees, maar waar Engels as wêreldtaal ook bemeester word. In gemeenskappe waar daar nie genoeg Afrikaanssprekende kinders is nie, moet aangedring word op dubbel- en parallelmediumonderrig. Minstens twee universiteite moet ’n oorheersend Afrikaanse karakter behou, maar Afrikaanssprekendes sou moes saamstaan, dit self moet “láát gebeur”. Daar moet verder hande gevat word en brûe gebou word in plaas van die heen en weer slinger van verwyte

en onderlinge beskuldigings. "Deur opbouende en inklusiewe dialoog moet ons konsensus bereik oor werkbare strategieë gerig op sinvolle doelwitte". Daar moet egter aangedring word op grondwetlike regte. "Laat ons hande vat en vir mekaar sê: Daar's werk! Bêre die lang messe en verenig agter kreatiewe oplossings en redelike doelwitte. Pak die bul by die horings en aanvaar die uitdagings van 'n nuwe eeu blymoedig." (De Klerk 2009:17)

## 3.11 "Versmoring" van ander standpunte

Ten spyte van die positiewe planne en nuwe besluite oor Afrikaans op die US-kampus, het spanning in die raad daaroor onverpoos voortgeduur en in September het Heese en Mouton uit die US-raad bedank. Hierdie onaangename insident is beskou as die manifestasie van 'n ernstigerwordende krisis. In 'n artikel in *By* (*Beeld*) het Heese meer besonderhede verskaf oor die bedanking en laat blyk dat nie sy of Mouton beskuldig wou word as lede wat die US laat verengels het nie. Sy het geglo die geskiedenis sou uitwys dat die bestuur die US geleidelik laat verengels het, terwyl Mouton laat blyk het hy bedank omdat US "te wit en te Engels raak" (Malan 2009b:10). Die presiese redes wat Mouton later aangevoer het vir sy bedanking was dat hy ontuis gevoel het in 'n raad waar Afrikaanssprekendes met suspisie bejeën word en die US al meer verengels. Hy het hom verset teen die idee dat transformasie nie in 'n Afrikaanse omgewing kan plaasvind nie en daarop gewys dat die rektor intussen 'n voorlegging voor die parlementêre portefeuljekomitee oor hoër onderwys moes doen en voor stok gekry is oor US se onbevredigende "transformasiedoelwitte". Mouton was ook geskok oor die wyse waarop Heese behandel is (Malan 2009c:2).

In haar reaksie oor haar bedanking het Heese haarself probeer regverdig deur te verwys na uitsprake oor bestuurstendense. Sy het dit veral gehad oor die tendens om universiteite te bestuur asof hulle sakeondernemings is en verwys na Marianne Jennings se *The Seven Signs of Ethical Collapse* (2006), wat sy oortuig was ook op universiteite van toepassing gemaak kon word (Heese 2009a:2). Jennings raak verskeie aspekte aan soos vrees en stilswye uitvoerende hoofde wat soos ikone behandel word en ook so optree, swak

rade en konflikvermyding, asook uitmuntendheid op sommige gebiede om te vergoed vir tekortkominge elders. Wat haar betref, was die heersende kultuur op die kampus een van onverdraagsaamheid teenoor ander standpunte. Toe Giliomee byvoorbeeld daarop gewys het dat die fakulteite se taalplanne strydig was met die aanvaarde beleid, het die taalkomitee hom stilgemaak as "moeilikheidsoeker" en uiteindelik van hom ontslae geraak op die taalkomitee. Net soos Rhoda Kadalie meen sy dat "wit universiteite met 'n swart rektor" in die land nie meer oop en vry debat duld nie en "akademici terroriseer wat dit waag om vrae te stel". Die US-rektor word blindelings gevolg "op pad na 'n afgrond". Die US-raad gee geen sterk leiding nie want "hulle volg, hulle lei nie". Die senaat lei aan die verskynsel van groepdenke en daar is weinig tekens van robuuste debat. Die idee word geskep dat die universiteitsorganisasie so besonders is dat "gewone realiteitsbeginsels nie vir hulle geld nie". Die US meen veeltalige onderrig is bekostigbaar, die dominante taal sal nie oorneem nie en "risiko-studente sal nie druip weens mindere begrip in 'n gedwonge tweede taal" nie. Sy erken die US is in sekere opsigte uitmuntend, maar dit vergoed nie vir die taalkrisis in die lesingsale nie en indien die US daar misluk, relativeer dit uitmuntende prestasies op ander terreine (Heese 2009a:2).

Veral Heese se aanklag van versmoring van ander standpunte het weerklank gevind en is byvoorbeeld deur die redakteur van *Rapport Weekliks*, Pieter Malan, verder gevoer. Na sy oordeel het dit mode geword om die "klein bende 'taalbulle'" op Stellenbosch as rassiste af te maak, te beskuldig van anti-transformasie en pogings om US wit te hou. Na sy gesprekke met hierdie taalstryders was sy gevolgtrekking hulle is nie rassisties ingestel nie, maar akademici wat hulle sienings op empiriese navorsing grondves en op rasionele wyse Afrikaanse onderrig bepleit (Malan 2009c:2). Malan het 'n halsstarrigheid van universiteitskant gevind om inligting bekend te maak en verwys na Giliomee en Schlemmer se *'n Vaste plek vir Afrikaans* waarin hulle uitwys dat slegs 1 uit 72 Engelstalige dosente wat tussen 1994 en 2005 vir 'n kursus by US ingeskryf het om hul Afrikaanse vaardighede te verbeter dit bevredigend voltooi het. Die bestuur se traagheid om inligting vrylik beskikbaar te stel het hy uiters vreemd gevind en as tekenend beskou van 'n onwilligheid om

openlike en rasionele debat te voer. Blykbaar was Botman te besig met ander dinge as om volledig op Heese se kritiek te reageer, wat hom genoop het om reguit te vra: "Hoeveel dosente op Stellenbosch kan of wil nie meer in Afrikaans klasgee nie?" (Malan 2009c:2)

As raadslid, maar in sy persoonlike hoedanigheid het Giliomee wie se koppigheid dikwels groot irritasie veroorsaak het, in Oktober 2009 vir die soveelste keer, maar tog met duidelike bewysvoering oor die aandrang op Afrikaans by US uit verskeie oorde, tot die debat toegetree in 'n artikel in die *Mail & Guardian* (Giliomee 2009b:19) met die tekenende opskrif, "A deadly war of languages". Hiermee het hy sy siening helder en onverskrokke in Engels uiteengesit, maar hom terselfdertyd blootgestel om deur veral die US se Engelse dosente aangevat te word. Hy het sy ontleding begin deur na 'n bewering deur een van die raadslede te verwys dat die regering vir swart studente by alle universiteite deur medium van Engels toegang eis. Om hieraan gehoor te gee, maar nog steeds Afrikaanse studente te behou, het die US gereageer deur al meer kursusse in dubbelmedium en parallelmedium in stede van Afrikaans-enkelmedium in te stel. Die idee dat die US 'n oorheersend Afrikaans- enkelmedium-universiteit moet bly, het volgens Giliomee wye steun geniet en in 1996 het selfs Mandela verklaar dat die US se besondere taak is om die "voortgesette ontwikkeling van Afrikaans as 'n akademiese medium" te behou. Hierdie idee is ook in die Gerwel-verslag van 2001 te berde gebring toe aanbeveel is dat twee universiteite, waaronder die US, 'n besondere rol behoort te speel om Afrikaans- enkelmediumonderrig en -navorsing doelbewus te bevorder. Opvoedkundiges soos Alexander en Heugh, die uitvoerende komitee van die US se konvokasie, 'n versoekskrif deur 3 500 studente, en feitlik elke vooraanstaande Afrikaanse skrywer, insluitende André Brink, Breyten Breytenbach en besigheidsleiers soos Koos Bekker het ook hierdie idee gesteun. Giliomee het daaraan herinner dat selfs Van Zyl Slabbert, die uittredende kanselier, dubbelmedium as 'n "akademiese absurditeit" bestempel het. Hy kon daarop wys dat bykans 80% Afrikaanssprekende studente en byna die helfte Engelssprekende studente te kenne gegee het hulle aanvaar Afrikaans as onderrigmedium. Giliomee het

nie net Afrikaans voor oë gehad nie, maar ook transformasie verreken en veral 'n sterk saak uitgemaak dat US weens sy geografiese ligging aanspreeklik was om groot getalle bruin Afrikaanse studente te lok en klinkklaar te bewys Afrikaans staan nie in die pad van transformasie nie. Wat hom betref, het US die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap in die steek gelaat, want bruin studente se deelname aan tersiêre onderwys was in 2009 die laagste van alle gemeenskappe naamlik 'n miniskule 2%. Die persentasie bruin studente op voorgraadse vlak het gewissel van 13% tot 15%. Om meer te lok sou hulle oorbruggingskursusse vir universiteitsgereedheid moes kry, wat groot koste geïmpliseer het. Die US het nie daarin geslaag om swart studente deur dubbelmedium te trek nie, omdat hulle parallelmedium verkies het. Daar was ook bruin Engelssprekende studente uit gemeenskappe waar Afrikaans meer geredelik gepraat en geskryf is as in wit Engelssprekende huise en daar was geen bewyse dat dubbelmedium hulle sou lok nie. Wat Giliomee betref, het dubbelmedium in werklikheid juis studente gelok waarvoor die universiteit nie veronderstel was om voor voorsiening te maak nie, naamlik groot getalle wit Engelssprekende studente. Tussen 1998 en 2009 het die persentasie Engelssprekende voorgraadse studente van 18% tot 36% gestyg, omdat sommige uitgewyk het van wit Engelse universiteite weens groterwordende swart getalle of omdat hulle nie daar toelating kon kry nie. By die US het Afrikaanse studente in alle fakulteite behalwe in een beter as Engelssprekendes gevaar. Die skuif vanaf Afrikaans-enkelmedium na dubbelmedium het Giliomee toegeskryf aan die feit dat parallelmedium nie deur die staat befonds is nie en dat dosente op bykomende vergoeding vir die bykomende lesingherhalings aangedring het. Giliomee het sy aanvallende standpunt herhaal dat universiteitsrade en -besture die wil verloor het om dosente deur 'n streng taalbeleid te dwing om Afrikaans te handhaaf en die taal magtig te wees. Die werklike wenners was die dosente wat nie lesings wou dupliseer nie en Engelssprekendes wat nie Afrikaans wou aanleer nie. Transformasie by die US het vasgeval en Afrikaans het die slagoffer geword: "Dit is 'n groot kulturele tragedie wat hom afspeel. Nie slegs die universiteit nie, maar die hele Suid-Afrika sal oneindig armer wees indien Afrikaans op Stellenbosch fataal verswak word." (Giliomee 2009b:19)

Dit was asof geduld met Giliomee se siening en driftige uitsprake om kragte vir Afrikaans te mobiliseer vanuit dosentegeledere 'n breekpunt bereik het. Hierdie keer is hy uit verskeie oorde bitsig en ongenadig aangeval. Eerstens is hy in die persoon van prof. C Walker getakel wat sy artikel as "bykans ignoreerbaar" bestempel het, maar nogtans beantwoording verdien. Eerstens is die druk op akademici opgehaal wat nie slegs in beide Afrikaans en Engels moet klasgee nie, maar boonop die akademiese vereistes moet nakom van relevante navorsing van publiseerbare internasionale gehalte asook die lewering van professionele dienste. Sy het Giliomee verwyt vir sy bohaai oor eerbied vir taalregte en kulturele diversiteit wat hy op 'n "steriele en verhewe vlak van hoë beginsels" voer sonder enige verrekening van die daaglikse uitdagings wat aan dosente in die lesingsaal gestel word. Hy reduseer dosente tot blote "kliënte en boonop gekategoriseer deur oppervlakkige aanvaardings van maatstawwe oor witheid, moedertaal en akademiese vermoë" (Walker 2009:18). Giliomee se siening van die opset by die US bestaan uit verskillende kategorieë: swart mense; studente wat voor akademiese uitdagings te staan kom; bruin Afrikaanssprekendes; bruin Engelssprekendes wat moontlik minder akademiese uitdagings ervaar; en die belangrikste – die wit Afrikaanse studente – wat veral goed presteer en aan die US studeer weens redes wat niks met ras te doen het nie; asook laastens Engelse studente wat minder goed presteer en aan die US studeer omdat hulle rassiste is en omdat dit die tweedebeste universiteitsopsie vir hulle is. Wat Giliomee geensins verreken nie, is die intellektuele inhoud en voorbereiding van lesings, die verhouding tussen onderrig en navorsing en die vak-eie kwalifikasies van personeel. Sy ideale akademie word bedryf deur dosente wat in Afrikaans kan doseer. Hy verontagsaam kundigheid op gespesialiseerde terreine, innovering in onderrig, insluitende die bereidwilligheid maar groot uitdaging om met individuele studente uit verskillende agtergronde intellektuele projekte aan te pak en deur te voer. Sy beskouing wentel om 'n groot samevoeging van "akademies-uitruilbare Afrikaanse moedertaal-dosente" wat die plek kan inneem van die

> *lui, weerbarstige en taalkundig onbekwame indringers wat moet padgee sodra die bestuur 'n doeltreffende moniteringstelsel kan daarstel om van hulle ontslae te raak. Vermoedelik sal van sy doserende klone ook verwag word om nasionale en internasionaal erkende navorsing te lewer en nagraadse studente in alle dissiplines dwarsoor die wêreld te lok en terselfdertyd die nasionale uitdagings van die tyd aan te spreek. Dit alles raak hy egter nie aan nie* (Walker 2009:18).

Walker was selfs van mening dat Giliomee se standpunt besig was om die integriteit van die US as 'n instelling van innovering en nuwe idees te bedreig. Afrikaans het wel 'n toekoms as medium van kommunikasie en as onderwerp vir akademiese bestudering. Wat werklik noodsaaklik geword het, was meer verdraagsaamheid, aanpasbaarheid en verbeelding wat beleid betref en

> *meer bedagsame sienings deur senior persone ten opsigte van die talle wyses van tegemoetkoming, uitdaging, aanpassing, improvisasie, skikking, hoflikheid, ondersoek en wisselwerking wat reeds daagliks rondom taal in verskillende opvoedkundige ruimtes dwarsoor die land beoefen word* (Walker 2009:18).

Giliomee sou in dieselfde koerant nog erger aangevat word deur agt ander US-professore[7] in 'n skrywe met die opskrif, 'Language of division and diversion' (*Mail & Guardian* 2009:21). Hulle het daarop gewys dat hoër onderwys 'n kosbare hulpbron is wat nie op "identiteitspolitiek vermors behoort te word nie". Vir hulle was van kernbelang wanneer Afrikaans in hoër onderwys ter sprake kom, die uitdagings van 'n multikulturele samelewing van 'n toenemend globaliserende wetenskaplike samelewing en die sosio-ekonomiese behoeftes in Suid-Afrika. Giliomee ontken die moontlikheid dat die stryd oor die toekoms van Afrikaans rassehaat aanwakker en waarvoor hy hom beywer is

7 Kees van der Waal, sosiale antropologie; Christine Antonissen, algemene taalkunde; Amanda Gouws, politieke studies; Ashraf Kage, Tony Naidoo en Leslie Swartz psigologie; Sandra Liebenberg, menseregte-wetgewing; Steven Robins, sosiale antropologie.

’n Afrikaans-enkelmedium US. Deurdat hy konflik en die onmoontlikheid van gemeenskaplike gronde tussen tale uitlig en propageer, betree hy die terrein van linguistiese nasionalisme wat hulle as ’n verlenging van Suid-Afrika se onrusstokende verlede beskou. Hulle meen baie taalaktiviste ignoreer die veranderde omstandighede by universiteite landswyd en hulle vernietigende taalstryd verreken nie die historiese konteks en eietydse uitdagings wat universiteite in die gesig staar nie (*Mail & Guardian* 2009:21).

Bogenoemde professore se uitleg oor die ontstaan van Afrikaans was dat dit as ’n Kreoolse taal ontstaan het en deur kontak tussen Hollandse koloniste, slawe en Khoi-Khoi tot stand gekom het. Met verloop van tyd is die taal egter in diens van Afrikaner-nasionalisme gestel en vir die rassistiese apartheidsplan misbruik. Afrikaans is ter wille van uitsluitlike wit Afrikaanse taalgebruik gestandaardiseer en vir ideologiese doeleindes in politieke projekte misbruik. Die hoër funksies van Afrikaans is polities deur regstellende aksie, enorme beleggings in Afrikaanse universiteite en die ineenstrengeling van ras- en taalprojekte verwesenlik. Die afskaling van Afrikaans in die openbare sfeer was juis in reaksie op en die resultaat van hierdie histories destruktiewe taalbeleid. Enige historikus behoort hierdie feite te erken en deur universiteite nou te beskuldig dat die wil ontbreek om diegene wat nie die streng proteksionistiese siening oor Afrikaans wil steun of onderskryf nie, beteken eenvoudig dat Giliomee Afrikaner-nasionalisme deur taalbeskerming steeds in stand probeer hou (*Mail & Guardian* 2009:21). Giliomee probeer ’n scenario skep waarin Afrikaanssprekende bruin mense as die volgende geslag US-studente uitgebeeld word, maar hy verloor uit die oog dat 60% Afrikaanse sprekers as bruin geklassifiseer word en dat baie van hulle ’n nie-standaard- en gemengde vorm van Afrikaans gebruik. Bruin mense is deur die Afrikaanse elite as gevolg die taalstandaardisering wat hulle daargestel en streng afgedwing het van die taal gemarginaliseer. As historikus het Giliomee self die gedwonge verwydering van gekleurde Stellenboschers wat moes plek maak om die US se kuns- en sosiale wetenskap-gebou op te rig, uitgewys. Sy metafore van die weerwraak, slagofferskap en sterfte van Afrikaans en sy aanklag teen Engels as die roofdier is potsierlike oordrywing. Tale is nie vasstaande biologiese verskynsels nie,

maar fluktueer voortdurend en pas aan na gelang van veranderende kontekste en immerveranderende sosiale prosesse. Giliomee gee te kenne sy standpunt word deur akademici soos Gerwel en Alexander gesteun, maar in werklikheid pleit beide van hulle vir alle Afrika-tale in die land. Alexander het reeds openlik te kenne gegee vrae behoort gevra te word hoe Afrikaans as ’n Afrika-taal ingespan kan word om ’n veeltalige en multikulturele nasie tot stand te bring waardeur diegene wat uit apartheid gebaat het, bereid sal wees om toestande te skep om slagoffers van die rassistiese beleid en praktyke in die verlede was, te bemagtig. Dit kan sekerlik nie geïnterpreteer word as steun vir Giliomee se standpunt nie. Afrikaans kan nie verdedig en gehandhaaf word asof die politieke konteks nie verander het nie. Die US het internasionaal-uitstaande akademici nodig om nuwe geslagte geleerdes vir die land en die kontinent te lewer en Giliomee se voorstelle strek tot nadeel van die verwesenliking daarvan. Wanneer taalkeuses gemaak word, behoort respek getoon te word vir menswaardigheid, diversiteit verreken en wesenlike samelewingsprobleme getakel te word (*Mail & Guardian* 2009:21).

As dosent by politieke studies het prof. Amanda Gouws dit vreemd gevind dat Giliomee stellings gemaak het oor die regsfakulteit sonder om hoegenaamd gesprek te probeer voer met enige van die fakulteitslede. Sy het die standpunt van haar kollegas herhaal dat Giliomee duidelik weinig begrip het vir die probleme van dosente wat midde-in die doseer-spervuur staan. Die vraag was wie presies die Afrikaners is na wie hy so dikwels verwys. Ideologiese verskille was nog altyd onder hulle te vinde en geen kultuur is staties nie. Vir haar was daar arrogansie te bespeur by diegene wat namens Afrikaners wil praat en haar versoek was dat hulle dit gerus kan staak, want sy en baie ander Afrikaners kan hul eie woord doen. Die verskil was egter dat laasgenoemde nie so “behep” was om dit in die openbaar te doen nie (Gouws 2010:14).

Selfs uit verregse oord is dit as “surrealisties” bestempel “hoe ’n klomp slim mense hulle kan verbeel die toekoms van Afrikaans en die Afrikaners hang van hulle af” (Afrikaner 2010:12). Politici het Afrikaans vir hulle eie oogmerke probeer misbruik en die nuwe regering was net so magteloos om die taal se koers te bepaal. “Ironies, die ooreenkomste tussen die nuwe geslag wat Afrikaans wil

red van ondergang en die plaaslike nederlandici van amper 120 jaar gelede wat hul verfynde taal teen die kombuistaal Afrikaans wou verdedig." Wat by US aan die gebeur was, was ook die gevolg van besluite wat 20 jaar tevore geneem is. "Dit is op die Kaapse Vlakte waar die toekoms van Afrikaans gesetel is, nie op Stellenbosch [nie]." (Afrikaner 2010:12). Een van die talle briefskrywers het verwys na 'n township-Matie se opmerking: "Julle Afrikaners met julle taalstryd lyk soos 'n gedierte wat vir homself kwaad is en homself van binne af opvreet." In sy "taalwoede" teen meertaligheid en ter regverdiging van sy geheimhouding oor sekondante, het Giliomee erken dat hy "geen besondere moeite gedoen [het] om 'n goeie verspreiding van sekondante in terme van ras, geloof of geslag te kry nie" (Oubaas 2010:13). Was sy veronderstelling dus dat hy meen die beginsel van diversiteit kan opgeskort word? Giliomee was waarskynlik bang dat hierdie name bekend moes word; so werk dit wanneer 'n mens 'n gevangene word van 'n magstryd en daar selektief met beginsels en feite gewerk word (Oubaas 2010:13).

Die stortvloed van kritiek en genadelose aanvalle het hoegenaamd nie beteken dat die taalstryders hulle kommer oor en stryd vir Afrikaans sou laat vaar nie. Een van die briefskrywers het die sleutelkwessie gesien in die vraag hoe ver die voorstanders van transformasie met verengelsing wou gaan. Vae begrippe soos "etiese uitdagings", "akademiese uitnemendheid" en "'n regverdige samelewing" het geen duidelikheid daaroor gebring nie. Sou 'n Afrikaanse universiteit nog in Stellenbosch vir die nageslagte voortbestaan? Afrikaans was die huistaal van die meerderheid bewoners in die Wes- en Noord-Kaap, maar blykbaar was "etiese uitdagings" en wat daarmee saamhang nie 'n probleem by die aanskoue van die ontoeganklikheid van Engelse universiteite nie. "Dit wil dus voorkom asof Engelssprekendes 'n groter aanspraak het op 'n gevoel van uitgeslotenheid as Afrikaanssprekendes." Die uiteindelike sleutelkwessie bly steeds: "Gaan Afrikaans 'n volhoubare landstaal bly?" (Dink vir jouself 2010:13)

## 3.12 Nuwe denke oor onderrig en reaksies daarop

Intussen het die topbestuur bly skaaf aan die taalbeleid en in Oktober 2010 het viserektor Fourie die US se nuwe denke oor onderrig op die kampus volledig probeer uiteensit. Ten aanvang het sy verwys na "moreel-etiese gronde vir die verbreding van toeganklikheid", asook die sterk druk op universiteite van regeringskant om student- en personeelsamestellings te diversifiseer (Fourie 2009:6). Laasgenoemde het 'n beleidsvereiste geword, soos geblyk het uit die verslae van die ministeriële taakgroep rakende transformasie, die uitwissing van rassisme en die bevordering van sosiale samesyn by hoëronderwysinstellings. Die getalle swart, bruin en Indiërstudente by die US was die laagste aan al die Suid-Afrikaanse universiteite, met die gevolg dat meer studente uit hierdie groepe eenvoudig gelok sou moes word. Terselfdertyd sou die verbreding van toegang ook rekening met sukseskoers moes hou. Omdat toegangshindernisse moes verdwyn, het die US sekere strategiese mikpunte op pad na 2015 daargestel om die aantal swart, bruin en Indiërstudente van 24% na 34% op te skuif en die studente-sukseskoers vanaf 82% tot 84% te verhoog. Nuwe denke was nodig en die onderrigtaal kon geen studente uitsluit nie. Dit het die US met vyf opsies vir meertalige onderrig gelaat:

1) Klasse volledig in Afrikaans, wat problematies was omdat dit nie-Afrikaanssprekende studente sou uitsluit en onrealisties was, siende dat Afrikaans nie meer as eerste of addisionele taal in matriek vereis word nie.

2) Onderrig uitsluitlik in Engels, wat strydig was met die US se nismark van meertalige studente.

3) Parallelmediumonderrig, wat risiko's ingehou het vir navorsingsuitsette deurdat lesings sou verdubbel. Die voordeel daarin was dat studente van die Afrikaanse na die Engelse stroom kon oorskakel indien hulle oortuig begin word dat dit hulle beter vir die beroepswêreld voorberei; weens finansiële en personeelimplikasies was parallelmedium egter nie in alle fakulteite en vakke moontlik nie.

4) Dubbelmedium se nadeel was die aanvaarding dat studente 'n bepaalde vaardigheidsvlak in albei tale het.

5) Gelyktydige tolking kon slegs op klein skaal toegepas word en was duur.

Na oorweging van al bogenoemde opsies waarvan nie een volkome ideaal was nie, is 'n meertalige opsie bestaande uit 'n kombinasie van parallel- en dubbelmedium ontwikkel om Afrikaanstalige studente in staat sou stel om wel moedertaalonderrig te ontvang, maar terselfdertyd ook Engels te bemagtig (Fourie 2009:6).

Hierdie uiteensetting van Fourie en die nuwe denke daarin weerspieël is deur 'n briefskrywer summier as die "doodskus vir Afrikaans aan die US" bestempel (Quo vadis Afrikaans? 2009:2). Die "A-opsie is uitsluitend, die E-opsie is die Heilige Graal tot toeganklikheid van alle kennis, alles volgens 'moreel-etiese' oorwegings". Hierdie skrywer was daarvan oortuig dat die "nuwe denke" en interpretasie van die taalbeleid slegs Engelstalige studente bevoordeel deurdat 'n vaste voorgraadse Afrikaanse aanbod nie vir voornemende studente verseker kon word nie en waarsonder verengelsing sou voortstu. Die US-beleid het geen sekerheid teen verengelsing gebied nie en die neiging om "ongemagtigde de facto-afwykings van die taalbeleid 'reg te stel' deur dit *a posteriori* goed te keur, soos die oorskakeling van die fakulteit regsgeleerdheid na die T-opsie was steeds aan die gang ('n alias vir dubbelmedium)". Deurdat US se bewilliging van R28m uitsluitlik aangewend sou word om Engelse onderrig uit te brei, het die vraag ontstaan hoe van Afrikaanse donateurs verwag kon word om die nuwe taalbeleid te steun (Quo vadis Afrikaans? 2009:2).

Weens die volgehoue kwaai kritiek teen die US-bestuur in die media was Botman genoodsaak om na vore te tree en weereens US se standpunt oor taalmedium breedvoerig te stel en te verdedig. Sy verweer was dat die US sy kernbedrywighede indringend ontleed het om hulpbronne so goed as moontlik vir innoverende denke vir taalontwikkeling en -onderrig aan te wend. Dit was vir hom die klinkklare bewys van 'n bestuur wat probleemoplossend te werk gaan om aan US se "filosofie van hoop" gestalte te gee (Botman 2009b:2). Die US se bestuur en raad moes ook wyer realiteite verreken in besluite oor die universiteit se akademiese taak. Met bravade het hy selfs beweer die nuwe taalbesluite het onder andere plaasgevind teen die agtergrond van die lansering van Suid-Afrika se tweede satelliet. Daardeur het die land die leier in Afrika op die terrein van ruimtetegnologie geword, wat danksy navorsing en

voorste kundigheid aan die US bewerkstellig en bereik is (Botman 2009b:2). Verder het die Afrika Unie (AU) planne bekend gemaak vir ’n Pan-Afrika-universiteit met vyf sentra van wêreldleierskap in Afrika, waarvan die eerste sentrum vir ruimtetegnologie en ruimtestudies by die US ontwikkel sou word. Eiesoortige behoeftes by US en veral ook die uitdagings van akademiese uitnemendheid, waaronder “toeganklikheid, diversiteit, studentesukses en die bydrae wat die US lewer om gelyke geleenthede te bied aan mense wat voorheen van die universiteite uitgesluit was”. Botman het die kwessie van onderrigtaal bygehaal wat al groter uitdagings gestel het vanweë die inherente spanning tussen eksklusiwiteit teenoor die strewe na toeganklikheid vir almal. Wat demografie en diversiteit betref, was die US “beduidend agter” en die gevaar was daarom groter dat taaleksklusiwiteit in enige vorm maklik die vorm (en aanklag) van ras-eksklusiwiteit kon aanneem, wat geensins te rym was met die US se inklusiewe kultuur nie (Botman 2009b:2).

Idealisties en bykans ontroerend het hy die US se afspraak met die toekoms uitgespel en ondersteuning gevra.

> *Die keuse oor die toekoms by die US is duidelik: jy kan die 21ste eeu binnegaan met die vrese van ’n gemartelde taalervaring of met die selfvertroue van ’n amptelike taal wat deur die grondwet beskerm word. Ons nooi alle toekomsgerigte mense om die US te vergesel op die pad van ’n gedeelde visie in die moderne tydvak waar ons intens aandag gee aan hoëvlak-kennisontginning, terwyl ons gelyklopend werk aan transformasie in geregtigheid sodat Stellenbosch so toeganklik sal wees vir die dogter van die plaaswerker soos wat dit is vir die seun van die boer. Ons strewe is ’n Stellenbosch wat staan vir die idee van hoop in geregtigheid. (Botman 2009b:2)*

Vir die eerste keer het Botman inligting verskaf oor die taalvaardigheid van dosente in Afrikaans: die US het 75 dosente in agt fakulteite wat aangedui het dat hulle nie taalvaardig in Afrikaans is nie en van die meer as 576 voltydse dosente in agt fakulteite was daar talle wat hul eerste taal as Frans, Duits of ’n Afrika-taal aangedui het. Nog ’n perspektief wat verreken moes word, was dat die US heelwat kursusse aangebied het wat nêrens anders in die land

aangebied word nie: bosbou en houtkunde, wyn-biotegnologie, akademiese ruimte vir verskeie kerkgemeenskappe in die fakulteit teologie, ensovoorts. Die teenwoordigheid van Engelssprekende dosente was derhalwe ’n “verantwoordbare realiteit” (Botman 2009b:2).

Oor sy verduideliking en uiteensetting is Botman skerp aangevat deur Charl-Pierre Naudé en daarvan beskuldig dat hy die besware en klagtes teen hom ontwyk. Al wat Botman oor sy “ondemokratiese bestuur” te kenne gee, is dat sy bedoelings vertrou kan word. Naudé het die sinvolle vraag gestel waarom die US se nasionale prestasies en getalsverhouding die land se demografie moet weerspieël. Universiteite is eerstens streeksgebonde en dra in baie gevalle die naam van ’n streek of stad. Verder is dit in die eerste instansie ’n “kulturele ruimte” en eers daarna ’n nasionale instelling. Die US moet eerder die demografie van ’n “oorweldigend Afrikaanse streek weerspieël” waarna Botman self verwys het en wat ook bevestig is deurdat sekere vakke slegs by US aangebied word (Naudé 2009:6). Die vraag vir Naudé was wat presies “demografiese verteenwoordiging” behels. Daar is mense wat ander interpretasies het as dié van die staat, maar hulle word doodgeswyg. Botman opper die argument dat die US internasionale studente trek, maar dit doen Nederland ook sonder om die taal deur die akademie te laat ondermyn. Europeërs het nog altyd aan US gestudeer en gedoseer, en dit was not nooit nodig om die universiteit te verengels nie. Sy slim vraag was: “Moet taalvaardigheid en die beginsel van ’n Afrikaanse kultuurruimte totaal opgeoffer word omdat Stellenbosch help om ’n ruimtestasie te bou?” Hy het dit benadruk dat daar eers druk op Botman uitgeoefen moes word om einde ten laaste bekend te maak hoeveel dosente nie Afrikaans magtig is nie (Naudé 2009:6).

Botman se vrees vir rassisme was wat Naudé betref eintlik selfs rassisties wanneer hy beweer die raad se oogmerk is om voorgraadse studente die geleentheid te bied om in die onderrigtaal van hulle keuse te kan studeer “sonder dat dit tot rasseskeiding lei”. Hy stel dus rasseskeiding gelyk aan rassisme. “Waar kom hy daaraan? Volgens watter manifes of definisie of presedent of moraliteit op enige plek ter wêreld kan die blote feit van rasseskeiding op sigself geneem

word as rassisme? Net in Suid-Afrika." (Naudé 2009:6) Indien Botman so behep is oor streeksverantwoording, moet tog besef word die streek het 'n apartheidsverlede en daar kan slegs sprake van rassisme wees indien dit op rasseskeiding berus. Indien die skeiding met taal te doen het en dit neerkom op wit en bruin groepe, watter fout kan daarmee gevind word? Ander oplossings is moontlik en wat Naudé betref, het die gebrek aan kreatiewe oplossings "Eskom [laat] lyk soos Nobelprysmateriaal". Naudé se oplossing was: "Kry 'n burgerlike denkskrum met internasionale oorlegmoontlikhede op die been en laat ons saam uit die boks dink. Nie in die ruimte nie, professor." (Naudé 2009:6)

Teen die einde van 2009 het ook die Suid-Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) weer sy stem in die taaldebat laat hoor deur kommer uit te spreek oor die stand en tanende posisie van Afrikaans by US sedert 2002. Volgens die SAOU was hy met sy meer as 27 000 lede in meer as 3 300 skole die enigste onderwysvakverbond wat die posisie van Afrikaans formeel in die Suid-Afrikaanse skolesektor bevorder het. "Sonder slag of skroom is ons aanbeveling dat dit in die beste belang van die voornemende student is om tersiêre studies in Afrikaans voort te sit." (Rademeyer 2009:6) Die SAOU was vas oortuig dat daar by die US 'n "vaste en voorspelbare aanbod in Afrikaans moet wees" en was terselfdertyd besig om 'n openbare veldtog te voer oor die belangrikheid van moedertaalonderrig en om die akademiese suksesse van Afrikaans onder die aandag van ouers, onderwysers en leerlinge te bring (Rademeyer 2009:6). Voordat die SAOU egter enige universiteit by voornemende studente kan aanbeveel, moes daar die versekering wees dat volgens grondwetlike reg studente hulle tersiêre onderrig in een van die landstale sal kan ontvang. Gerugte het die rondte gedoen dat die US Afrikaans as enkelmedium wil afskaal en dat die gedeelte van voorgraadse modules wat net in Afrikaans aangebied word tot 38% gedaal het. Op heel aanmatigende wyse het die SAOU laat blyk dat dit oorweeg word om vorentoe 'n sosiale kontrak oor Afrikaanse onderrig met 'n bepaalde universiteit te formuleer en in te stel. So 'n universiteit moes dan 'n waarborg verskaf dat Afrikaans vir 'n ooreengekome tydperk beskerm sal word (Rademeyer 2009:6).

In sy reaksie op hierdie voorskriftelike standpunt van die SAOU het die US se topbestuur "sy stem dik gemaak" en tereg laat blyk dat hy hom nie van buite sou laat voorskryf nie. Onbevange is te kenne gegee dat die US 'n universiteit van "akademiese uitnemendheid en gesogte kwalifikasies" is wat altyd sy kwota uitmuntende studente sal lok (Rademeyer 2009:6). Die universiteit was oop vir samewerking met welmenende organisasies wat Afrikaans as taal in 'n meertalige konteks wil bevorder, maar afdreiging en dwang sou allermins geduld word. Vennootskappe sou wel met graagte aangegaan word met organisasies wat 'n belangrike invloed op bruin en swart Afrikaanstaliges skoolverlaters se inskrywingsgetalle aan die universiteit sal hê (Rademeyer 2009:6). Botman het geensins genoeë geneem met die sinspeling dat indien die US nie doen soos die vakbond sê nie, studente afgeraai sal word om daar te studeer (Peyper 2010:2).

Dit was te verwagte dat die konvokasiebestuur weer tot die debat sou toetree. Tydens US se jaarlikse alumni-ete aan die einde van 2009 het die president van die konvokasie, Pieter Kapp, die geleentheid gebruik om die US se taalbeleid by te kom. Hy het Engels vergelyk met monstertrokke op die pad: bruikbaar en 'n noodsaaklikheid, maar gevaarlik indien buite beheer. Wat hom betref, moes die US nie 'n veeltalige universiteit word wat Afrikaans bevorder nie, maar 'n Afrikaanse universiteit bly wat veeltaligheid bevorder. Hy het die beeld gebruik van die Afrikaanse eikeboom wat onherkenbaar op die US teruggesny word sodat geen lafenis meer in sy skadu gevind kan word nie. Gelukkig is die wortel daarvan nog nie aangetas nie en sou dit weer kon groei indien die wil daartoe daar is. Hy het die konsep van 'n 60% Afrikaans-veeltalige fakulteit misleidend gevind, omdat dit nie op elke fakulteit nie van toepassing was nie. Dit was dus moontlik vir 'n klein fakulteit om geen Afrikaans aan te bied nie, waarvoor 'n groot fakulteit met 'n 100% parallelmedium-opset kon vergoed. Minder as 20% van nagraadse onderrig waar werklike wetenskaplike ontwikkeling plaasvind, was in Afrikaans. Dit was duidelik dat die US gekies het vir 'n minimale posisie vir Afrikaans en 'n maksimale posisie vir Engels. Die sein wat die universiteit daardeur uitgestuur het, was dat Afrikaans 'n belemmering vir hoër onderwys en nutteloos as wetenskapstaal is (*Cape Times* 2009:3).

## 3.13 Die Vredenheim-debakel (Januarie 2010)

Die jaar 2010 sou wat die US se taalstryd betref, oorheers word deur veral twee nuwe strydpunte: die furore rondom die De Klerk-stigting se growwe fout in die reëling van ’n selektiewe taalgesprek en die skerp reaksie van bruin taalsprekers oor hulle eie aandeel in Afrikaans. Toe dit in Januarie 2010 bekend word dat De Klerk na aanleiding van die taalstryd by die US ’n gesprek oor Afrikaans (dit is beplan vir 28 Januarie) sonder uitnodiging aan die rektor of die US-bestuur wil fasiliteer, was daar onmiddellik hewige reaksie. Selfs *Rapport* het in sy hoofartikel hieroor die voorgenome aksie as “kommerwekkend” bestempel, omdat dit sou beteken dat daar geen sprake van ’n oop gesprek kon wees nie. Dit het dus die indruk geskep van ’n “mobiliseringsgesprek” wat die deelnemers “nie tot eer strek nie”. De Klerk se inisiatief en deelname is wel waardeer as voortspruitend uit sy diep gevoel vir Afrikaans, maar wat skerp veroordeel is, was dat die Stigting weereens by die US-taalsituasie betrokke geraak het sonder om die US-bestuur daarin te ken. Worsteling oor die taal was aanvaarbaar mits daar *saam* oor besin en gestoei kon word (*Rapport* 2010:16). Alhoewel Van der Rheede van die SBA tereg reeds met die eerste en vroeëre taalgesprek van die Stigting by Zevenwacht beswaar gemaak het oor die selektiewe deelname van gespreksgenote was dit vir hom verstommend en vreemd dat presies dieselfde weer aan die gebeur was. “Die opvallende prentjie is een van ‘gesprek oor die US’ en ‘rondom die US’ pleks van ‘gesprek met die US’.” Indien De Klerk werklik begerig was om vas te stel “hoe klop die taalhart op Stellenbosch is die aangewese deur om aan te gaan klop vir seker aan die deur van die rektor. Ons indruk is dat die deur vir gesprek oop is. De Klerk en die ander ‘belanghebbers’ het nie nodig gehad om “’n oop deur oop te skop nie.” (*Rapport* 2010:16).

Eintlik het die hele aksie gelyk asof dit die US en Botman weereens onder verdenking oor Afrikaans wou bring, al het die Stigting die versekering gegee dat dit nie net oor die US gaan nie. Die ironie was dat die meeste organisasies wat by Afrikaans betrokke is na die beraad genooi is, maar dié wat die *nouste* daarby betrokke was daarvan uitgesluit is. Al was die verduideliking van die Stigting dat universiteite as instellings nie genooi is nie, maar wel enkele

individue verbonde daaraan, moes wat *Die Burger* betref, Botman juis genooi gewees het. Waarmee *Die Burger* veral 'n probleem gehad het, was dat die leierskorpse van universiteite uitgesluit is, 'n benadering wat slegs "tot vervreemding en konflik kon lei" (*Die Burger* 2010:16).

Van Rheede het reguit laat blyk dat, indien De Klerk wou hê dat die samesprekings vrugte moet afwerp, moes hy sy fout regstel deur wel die rektore in te sluit. Steward, uitvoerende hoof van die Stigting, se verweer was dat die organisasie eers oor die situasie wou besin en standpunte wou formaliseer met die oog op verdere besinning. Onoortuig hierdeur het Van Rheede vasberade laat blyk hy sou die kwessie van uitnodiging aan die rektore verder voer ten einde te verseker dat die gesprek nie in neerhalende aantygings ontaard nie sou die organiseerders weier om van plan te verander. Ook die departement van hoër onderwys het laat blyk hulle hou die beraad fyn dop en terselfdertyd bekend gemaak dat die departement self later die jaar 'n beraad beplan met die uitgangspunt dat al die inheemse tale die reg tot bevordering het, mits dit nie aangewend word om studente uit te sluit nie (Azzakani 2010:2).

Die stortvloed van kritiek oor hoe eksklusief die Stigting se taalgesprek vir 28 Januarie beplan is, het De Klerk verplig om Botman in 'n kort telefoniese gesprek persoonlik gerus te stel dat dit nooit die bedoeling was om konflik met die US of enige ander universiteit te veroorsaak nie. Die doel van die taalberaad was om die situasie in oënskou te neem vir "toekomstige konstruktiewe interaksie met Afrikaanstalige universiteite" (Azzakani 2010a:2). Op 22 Januarie het Botman tog De Klerk se uitnodiging na die beraad (wat intussen wel aan verskeie rektore gerig is) van die hand gewys, alhoewel hy steeds die gesprek as belangrik beskou het. Hy was wel bereid om 'n senior afvaardiging in sy plek te stuur in die persone van professore Magda Fourie en Leon de Stadler. Hy het wel sy jammerte uitgespreek dat rolspelers soos die vakbonde, die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie (Naposa) en die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (Sadou) nie ook genooi is nie. Hulle afwesigheid sou wat hom betref die omvang van opinies oor Afrikaans in die onderwys aansienlik en nadelig beperk. Die rektor van NWU het laat blyk hy kanselleer afsprake omdat hy die beraad belangrik

ag, terwyl Jansen van die UV laat weet het dat hy dit ook sou bywoon (Azzakani 2010b:1).

Tydens ’n gesprek met Hanlie Retief oor die hele aangeleentheid het De Klerk ontken dat Stellenbosch se taalstryders hom oorreed het om tot die taalstryd toe te tree om hulle saak te versterk. Sy heftige (en volgens Retief “supergladde”) reaksie tydens die onderhoud oor hierdie aantyging was: “Ek besluit wat ek doen en wat ek glo. My lewe deur kry ek eers al die feite, maak ’n gevolgtrekking en besluit dan op ’n plan van aksie.” Hy was vererg oor die sinspeling dat die beraad *oor* die US-leiers sou gaan en nie *met* hulle nie. Sy verduideliking was: “As eerste stap wou ons ’n konsensusstandpunt ontwikkel en dit dan later in konstruktiewe gesprekke met die rektore verder voer.” Hy het nie gedink hy en Steward het die “bal laat val nie” en het uiteindelik besluit “ons moet hulle nou maar nooi ten einde omstredenheid uit te skakel. Die nadeel is dat ons nou die voorbereiding vir onderhandelinge én die onderhandelinge alles op een dag moet probeer inprop” (Retief 2010:18). De Klerk het in sy onderhoud met Retief nie die kwessie aangeraak van die onbegryplike *faux pas* om aanvanklik iemand soos Giliomee te nooi wat so openlik standpunt teen die rektor ingeneem het en nie die rektor self nie.

Retief wou van De Klerk weet waarom hy as oud-Puk betrokke raak by die US-stryd en hoegenaamd tot die debat toetree? Sy antwoord was dat hy nog altyd betrokke was by Afrikaans en omdat die US beskou word as ’n “soort laaste bastion” vir die taal. Hy het die indruk gekry dat die regering spesifiek teen Afrikaans diskrimineer en het dit jammer gevind dat daar soveel onderlinge twis onder Afrikaners te bespeur was. Hy het ’n “besondere persoonlike verantwoordelikheid” gevoel “om die Grondwet wat ek help onderhandel het en wat ek aan Afrikaanses ‘verkoop’ het te ondersteun, insluitende die reg van alle Suid-Afrikaners op onderwys in die taal van hul keuse” (Oppelt 2010:6). Veral nadat vooraanstaande persone hom genader het om persoonlik betrokke te raak, het hy begin besef dat daar by die US baie rolspelers was wat toenemend bekommerd begin raak het oor die toekoms van Afrikaans. Hy was van mening dat hulle nie uitgekryt behoort te word as “randstandige figure uit die oude doos, wat nie die beste belange van die US op die hart dra nie”

(Maarman en Malan 2010:1). Op Retief se vraag oor kritiek dat bruin mense weer weggelaat is, veral persone soos Gerwel en Alexander, het hy steeds in onoortuigende trant herhaal dat die idee nie was om individue te nooi nie, maar organisasies wat hulle vir Afrikaans beywer. Sy laaste stelling teenoor Retief dat bruin mense lief is vir hom en sy hand kom skud, sou snedige kommentaar uit bruin geledere ontlok. Hy het laat blyk hy voel gekrenk oor die gerug dat sy houding teenoor bruin mense skepties bejeën word. "Twee derdes van die bruin mense het in 1994 vir die NP gestem. Die bruin mense van die Wes-Kaap noem my papa. Nou nog. As ek by 'n vulstasie stilhou, kom skud hulle my hand. As ek in Adderleystraat afstap, oorval hulle my. Ek is lief vir hulle." (Retief 2010:18)

De Klerk se sinspeling dat hy geliefd is onder bruin mense het Johann Maarman rooi laat sien. Hy het verduidelik dat hy in 'n stadium lid was van De Klerk se broer se *Rapport*-redaksie en dat hy nie glo aan oop briewe in die pers nie omdat dit geneig is om "te familiêr te wees. En ons ken mekaar nie werklik nie" (Maarman 2010:16). Hy het dit veral gehad teen FW se opmerking teenoor Retief dat bruin mense hom "oorval" en hom "pappa" noem. Hy hoop nie De Klerk bedoel alle bruin mense nie omdat hy die "oor-dieselfde-kamskeerdery" onaanvaarbaar vind. "U klink vir my al te veel na daardie groep mense wat die storie nou melk dat hulle nooit eintlik rassisties was nie". Dit is hulle wat vertel hoe hulle saam met bruin seuns kleilat gespeel het en hoe hul "pa hulle gebliksem het as hulle saam met die bruines in die plaasdam geswem het; hoe hulle askoek uit Siena se hand geëet het. Eerlik meneer, ek eet langtand aan sulke stories. Skielik was niemand meer rassisties nie. Skielik was daar geen apartheid nie en almal het *happily ever after* gewoon".

Indien dit die geval was, waarom is Suid-Afrika van wie De Klerk die "nommer-een burger" was, nou so 'n "geknelde, onversoende en verdeelde land?" Alles was nie "dooddollies" nie en hy het De Klerk nog nooit "pappa genoem of oorval nie". Hy het daarop gewys dat dit geboekstaaf is hoe tuiniers en skoonmakers by die presidensiële woning Genadendal vir De Klerk en ander voormalige wit presidente weggekruip het (Steyn met Patta 20000:49).

As hulle De Klerk so goedgesind was, waarom die wegkruipery? En wat is die ereskuld wat aan bruin mense verskuldig is? En is die eerste paaiement daarvan al ooit betaal? Bruin mense bly nie meer stil nie en hulle stemme word veral by die US gehoor. Met die woorde “Iets roer, meneer”, het hy sy prontuit brief afgesluit (Maarman 2010:16).

Spyt is deur *Die Burger* uitgespreek dat Botman vanweë die feit dat hy nie aanvanklik genooi is nie, steeds nie sy weg oopgesien het om tog die taalgesprek by te woon nie. Die gevoel was egter nietemin dat daar begrip behoort te wees vir sy besluit. Die indruk is immers gelaat dat die US se taalbeleid die belangrikste rede vir die gesprek was. “Die relletjie rondom die taalgesprek bevestig net weer hoe sensitief die taalkwessie is en hoe belangrik dit is om dit so oop as moontlik te maak. Dit is beter om te veel belangstellendes te betrek as te min.” Ook die weglating van Sadou en Naposa moes as ’n vergissing beskou word. Daar het egter steeds optimisme geheers dat die beraad waardevol kon wees (*Die Burger* 2010:10).

Toe Botman en Steward deur Wyngaard van *Die Burger* uitgevra is oor die presiese stand van sake rakende die voorgenome taalgesprek, was hulle reaksie soos volg. Wat Botman betref, was daar twee wyses om die taalkwessies te benader, vreesagtig of hoopvol. Die vreesagtigheid het gegaan oor ’n klein taal wat deur die groot taal verdruk sal word en die hoopvolheid dat Afrikaans sy “veerkragtigheid sal behou in Suid-Afrika en by die US in die besonder” (Wyngaard 2010:3). Volgens Botman was daar ’n onwilligheid by sommige taalstryders te bespeur dat US as instelling net so besorg as ander oor die posisie van Afrikaans was. Wat die politieke redakteur by *Die Burger*, Heinrich Wyngaard betref, kon daar geen twyfel wees “dat Afrikaans agteruitgegaan het nie; en as ons nie ’n Afrikaanse universiteit in die Wes-Kaap behou nie, waar gaan jou oorgrote meerderheid bruin Afrikaners? Dit het ook ’n implikasie vir Afrikaanse skole; dit is wat mense bekommer” (Wyngaard 2010:3). Steward se reaksie was dat die beraad plaasvind weens die groot kommer onder Afrikaanssprekendes oor die toekoms van die taal op akademiese gebied. Dit was juis die entoesiastiese reaksie op die uitnodiging vir die taaldebat wat bewys gelewer het van hoe wyd die kommer oor die Afrikaans was. Hy het

verduidelik dat die Suid-Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) genooi is omdat die vakbond in Afrikaans belangstel, terwyl Sadou nie spesifiek ingestel was op Afrikaans nie. Die doel van die beraad was "om grondwetlikheid te bevorder" en juis daarom kon hy nie begryp "waarom daar agterdog is nie" (Wyngaard 2010:3). Stewart se verduideliking het gegaan oor die Stigting se ewe groot besorgdheid oor die taalsituasie by die UP, NWU, UV en UJ, maar geen van hierdie instellings is genooi nie; wel individue soos Giliomee van die US en Verhoef van NWU. Volgens die uitnodiging het die Stigting en die ATR "'n gemeenskaplike belang by die bevordering van Afrikaans in die algemeen en die handhawing van Afrikaans aan die US in die besonder" (Maarman & Malan 2010:1).

Botman het by sy aanvanklike, beswaar gebly oor die sleutelrolspelers wat oor die hoof gesien is. Wat hy veral ontstellend gevind het, was dat hy in 2009 'n "volledige voorlegging" aan De Klerk gemaak het oor die situasie van Afrikaans aan die US met 'n ope uitnodiging om verder te skakel. Hierdie uitnodiging het nog steeds gestaan, maar klaarblyklik wou De Klerk nie daarvan gebruik maak nie.

> *"Dit lyk of hy verkies om liewer op sterkte van die persoonlike standpunt van prof. Pieter Kapp, bereid is om die wettige besluite van die US-raad onder verdenking te bring. As dit so is, is dit 'n aantasting van die integriteit van die US-raad."*

Stewart het teen hierdie beskuldiging wal gegooi met die versekering dat dit allermins De Klerk se oogmerk was om met die US in stryd te tree. Alle Afrikaners is daarby betrokke en het die volste reg om daaroor te besin (Maarman & Malan 2010:1).

Teen die einde van Januarie het *Die Burger* met De Klerk se komende Vredenheim-beraad op 28 Januarie 2010 in gedagte, tydig gewaarsku dat gesprekke oor Afrikaans "meer dikwels as nie gekenmerk word deur omstredenheid en meningsverskille tussen mense wat almal hoog opgee oor die bevordering van die taal" (*Die Burger* 2010b:18). Die indruk het bestaan dat die Vredenheim-beraad dieselfde pad volg en die hoop is uitgespreek dat

dit met die regte gesindheid en benadering wel ’n “vertrekpunt vir die diskoers oor Afrikaans en sy plek in die breë samelewing” kon wees. Dit was eenvoudig so dat sommige Suid-Afrikaners die beraad met agterdog bejeën het “as nog ’n onverkwiklike veldslag in eie geslote geledere”. Om dit te bekamp sou daar strategies te werk gegaan moes word ten einde te verseker dat “Afrikaans en sy sprekers oor alle gemeenskappe heen, die fokus sal wees en inklusiwiteit sal seëvier”. Hopelik kon die beraad die saak van Afrikaans vooruit help met De Klerk self teenwoordig om ’n belangrike rol as “staatsman en versoener” te speel (*Die Burger* 2010b:18).

Die vernaamste besluite wat uiteindelik uit die taalberaad voortgespruit het, was dat ’n amptelike ondersoek oor Afrikaans op kampusse gedoen en ’n taakspan op die been gebring sou word om taalkwessies met die regering op te neem. Die besluite het behels dat ’n werkkomitee waarop soveel moontlik organisasies wat hulle vir Afrikaans beywer verteenwoordiging sou kry, die saak met die regering sou opneem. Hierdie werkkomitee moes voorbereid wees om minister Nzimande se beraad oor transformasie later die jaar by te woon en Afrikaans se saak daar te stel (Peyper 2010b:1).

Uit die besprekings tydens die Vredesheim-beraad in Januarie 2010 is die situasie by die verskillende universiteite onder die loep geneem. Dit het ook die US se onderrigsituasie in ’n breër raamwerk geplaas toe die situasie rakende Afrikaans by die HAU’s van nader toegelig is:

**US**: ’n Vaste plek is vir Afrikaans in die vooruitsig gestel en R42 miljoen vir ’n nuwe taalmodel beskikbaar gestel. In die taalbeplanning van elke fakulteit is erkenning gegee aan meertaligheid en die bevordering van Afrikaans deur middel van parallel- en dubbelmedium-opsies. Dit is nie ’n keuse tussen Afrikaans en meertaligheid gesien nie, maar blootstelling van studente aan meertaligheid.

**UP:** Sowat 18% van die voorgraadse Afrikaanse studente het onderrig in Engels verkies wat op nagraadse vlak tot 35% gestyg het. UP se aandrang by die regering was dat staatsfinansiering vir die meertaligheidsopdrag van die owerheid dringend geword het.

**UV**: Parallelmedium-klasse is aangebied, maar was tydrowend en duur. Lesings wat vanaf 07:00 tot 22:00 saans geduur het, het al groter weerstand teen lang werksure ontlok. Tolking is in nagraadse klasse en koshuise se jaarvergaderings toegepas, maar was moeilik uitvoerbaar in groot megaklasse soos ekonomie en sielkunde.

**NWU**: Suksesvolle tolking in Afrikaans, Engelse en Tswana is toegepas met die voordeel dat verskillende ras- en taalgroepe in dieselfde lesingsaal gesit het. Tolking het dosente se werksdruk verlig sodat meer navorsingstyd beskikbaar was en ook heelwat goedkoper was as dubbel- en parallelmedium (Peyper 2010b:1).

Van die ander menings wat tydens die beraad uitgespreek is, was dié van Giliomee dat US se aanbod van Afrikaans die laagste van al die voormalige HAU's was en dat wat dubbelmedium betref, US geïsoleerd was. Die UV en UP het te kenne gegee dat dit nie slaag nie en vir Giliomee was die verrassende die bekostigbare tolking van NWU. Carstens het namens die ATR verduidelik hoe sy organisasie agter die skerms werk en die metodes van oorreding en samewerking verkies het. Die kommer was egter dat slegs Afrikaanse universiteite onder druk was om meertalig te wees en dat die Engelse universiteite "onaantasbaar" gelyk het in hulle eng taalaanbod. Van der Rheede se standpunt was inheemse tale behoort beskou te word as "hulpbronne vir ekonomiese bemagtiging" en ouers moes oorreed word om die belangrikheid van moedertaalonderrig in te sien (Peyper 2010c:5).

In sy eie bydrae na afloop van die agtuurlange gesprek het De Klerk gewaarsku gevaarligte flikker vir die onderwysopset in die land, maar die hoopvolle was dat die beraad tog wegbeweeg het van onderlinge vyandige konfrontasie. In werklikheid was daar onder die deelnemers aan die gesprek ooreenstemming dat Afrikaans binne 'n meertalige konteks 'n billike staanplek in die landsopset verdien (Peyper 2010c:5). Hy moes erken dat meer uitreiking en inklusiwiteit nodig was wanneer daar oor Afrikaans se posisie besin word en dat die beraad nie voldoende verteenwoordigend van die breër Afrikaanse gemeenskap was nie. Onder die ongeveer 60 belanghebbendes uit burgerlike, akademiese en kultuurkringe was daar slegs drie bruin afgevaardigdes.

In aansluiting by hierdie leemte het Van der Rheede groter betrokkenheid by ’n groter spektrum van Afrikaanssprekendes bepleit. De Klerk het ook erken dat die beraad groot omstredenheid ontlok het. “Ek het ook klappe gekry – sommige was ook verdiend”. was sy bekentenis met verwysing na die feit dat rektore aanvanklik nie genooi is nie. Oor wat presies bereik is, het hy ter opsomming gesê: “Ek was bang dat ons sou met ’n gevoel van frustrasie huis toe gaan, maar ek meen ons het almal eerder nuwe moed geskep.” (Peyper 2010b:1)

Daar was egter ook ander sienings oor wat presies in die debat na vore gekom en bereik is. Scholtz byvoorbeeld het verwys na rasondertone en skerp oordele wat uit sommige van die gesprekke geblyk het. Aan die een kant was daar suggesties van die waardeloosheid van sekere Afrikaners se bydrae en andersyds van Afrikaners wat terughunker na apartheid en ’n “ideologiese” agenda daarop nahou. In hierdie aanklag het wel hy ’n mate van waarheid en geldigheid bespeur. Daar was veral taalvegters wat die skyn gewek het dat hulle nog nie apartheid agtergelaat en die prysgawe van politieke mag aanvaar het nie. Dit het veroorsaak dat taalstryders soos Van der Rheede, Le Cordeur en Ton Vosloo met ’n inklusiewe ingesteldheid wat niks van apartheid wou weet nie, dit onaanvaarbaar gevind het om deel te wees van die groter gesprek. Scholtz het gewaarsku en gepleit dat rasionele en oop gesprekke en respek vir teenstanders en vir die feite oor Afrikaans noodsaaklik geword het. Dit was asof wit en bruin Afrikaans verskillend benader het: vir eersgenoemde was dit deel van hulle identiteit en vir laasgenoemde ’n kommunikasie-kwessie wat veral bevestig is deur hulle beduidende verengelsing. Die wedersydse agterdog weens die verloop van die geskiedenis was wel te begrype, “maar dit saboteer die oorlewing van ons gemeenskaplike moeder, Afrikaans” (Scholtz 2010:14).

Sy oortuiging was dat die ANC onverskillig staan teenoor Afrikaans en dit selfs probeer marginaliseer. Dit was ook vir hom onweerlegbaar dat US onder Botman vinniger verengels het, veral as Giliomee se “kliniese ontleding” van die verbroke beloftes sedert 2002 voor oë gehou word en die US-owerheid se “kop in die sand steek”-houding daarteenoor. Scholtz het egter gemeen die taalstryders behoort die voorbeeld van die ATR te volg

waar wit en bruin mekaar steeds getakel het maar met die groter besef die taal se welsyn is baie belangriker as "eie magspeletjies, ego's en dun velletjies". Scholtz was wel hoopvol dat die Vredenheim-beraad kon meewerk om groter taaltevredenheid te bewerkstellig (Scholtz 2010:14). Scholtz se standpunt het die indruk gewek hy speel vernuftig deur voor te gee hy oordeel objektief, maar dat hy op bedekte wyse wel Giliomee se standpunt steun sonder om op laasgenoemde se eiesinnige, voorskriftelike en bra ondemokratiese oplossings vir die taalprobleem te wys.

In sy bydrae tot die Vredenheim-taalgesprek het Dawie van *Die Burger* tot die belangrike gevolgtrekking gekom dat die debat die sterk besef van die noodsaaklikheid van groter inklusiwiteit in die ondersteuning van Afrikaans losgewoel het. Net dít het reeds die debat die moeite werd gemaak. Geen volledige debat kon oor Afrikaans gevoer word "deur in dieselfde ou botterkan rond te krap nie. Dit is eerder 'n debat wat gevoer moet word binne hoorafstand van almal wat 'n belang daarby het" (Dawie 2010:14). Hy het dit beklemtoon dat nie almal wat Afrikaans wou bevorder hulle aan etniese mobilisering skuldig gemaak het nie, maar ongelukkig was dit die wit Afrikaner mobiliseerders wat hulle stemme die luidste laat hoor het en genuanseerder stemme verdring het. In plaas van om inklusiewer vir Afrikaans te ywer het etniese mobilisering hulle die kans gegee om die taalkwessies vir eie belang te kaap. 'n Sprekende voorbeeld hiervan was vir hom die randfiguur, dr. Dan Roodt, en die probleem was dat hy dikwels deur die Engelse media oor Afrikanerkwessies uitgevra en aangehaal is asof hy as die spreekbuis vir die wit Afrikaanse gemeenskap is. Solank dit voorgekom het asof die saak vir Afrikaans gevoer word deur diegene wat nog vasklou aan apartheid was daar nie veel hoop dat Nzimande die taalrumoer ernstig sou opneem nie. Die sprekers en leiers van die inheemse taalgemeenskappe asook swart en bruin Afrikaanssprekendes moes ook hulle stemme laat hoor met die voorvereiste dat daar steeds weggestuur word van etniese mobilisering sodat die ANC en die regering nie daardeur vervreemd word nie (Dawie 2010:14). Dawie het die vereistes vir die suksesvolle beywering vir Afrikaans duidelik probeer uitspel: die voorstanders vir groter inklusiwiteit en nierassigheid

vir Afrikaans, sou hulle stemme sterker moes laat hoor teen die "etniese tamboerslaners." Duidelike bewyse en uitsprake was nodig dat apartheid iets van die verlede was en die nuwe demokrasie gesteun en erken word en daar ywer heers om 'n bydrae daartoe te lewer. "Wat dít betref, is die tyd vir beraad nou lankal verby." (Dawie 2010:14)

Word die Vredenheim-voorstelle en kommenaar per slot van rekening ontleed, aldus die hoofartikel hieroor in *Die Burger*, het die verskuiwing in denke veral op "meertaligheid as ankerpunt", hetsy tweetaligheid, parallelmedium, dubbelmedium of tolkdienste gekonsentreer. "Die haastige gebabbel op Vredenheim sal egter nou in tasbare dade omgesit moet word". Daar was nie meer plek vir "taalkonkelaars of taalfopdossers met verskuilde en geheime agendas nie". *Rapport* het dit goed saamgevat: Die gesprek moes oop wees en die oorlewing van Afrikaans was nie te vertrou in die hande en luide monde van klein groepies wat Afrikaans wou afsonder en bewaar nie. Dit was dikwels in "alternatiewe ruimtes – ver verwyderd van stugge binnekamers, rektorskantore en raadsale – waar die taal floreer" (*Rapport* 2010a:16).

Die bekende letterkundige, Joan Hambidge van UK het gewys op die strydende elemente in die taaldebat en hoe dit in media-opskrifte uitgebeeld is: "Verdeling en verskeuring. Broedertwis. Verdagmakery. Taalbulle." (Hambidge 2010:11) Sy het gemeen Giliomee het 'n punt beet deur met feite te werk en die verloop van die universiteit se beleid te verduidelik, maar sy kon nie glo Afrikaans sal sterf nie, omdat die taal steeds op talle vlakke lewend en sterk verteenwoordig was. Wat wel bekommer het, was die sekondêre funksies van Afrikaans en wat haar betref, het dit 'n deurmekaar-debat geword omdat appels met pere vergelyk is. Op straat was Afrikaans veilig, maar in die klas- en lesingkamer en as wetenskapstaal moes op beveiliging aangedring word. Sy het voorbeelde van die situasie by UK gegee waar Afrikaans saam met Xhosa aangebied is omdat jong dokters beide tale moes kan hanteer wanneer pasiënte ondersoek word.

> *Dis nie nodig om skaam vir jou taal te wees nie. As jy in Kaaps wil praat en soms lekka Engelse woorde wil ingooi, met 'n hoë Pretoriase aksent wil prôt, is dit piekfyn. Of 'n lekka bggy of plat*

> *Namakwalands … Afrikaans het 'n reg om sy (haar?) wetenskaplike status te bewaar.* (Hambidge 2010:11)

In haar reaksie op wat aan die gebeur was rakende die US-taalkwessie, het die rubriekskrywer van *The Times*, Oppelt, haar irritasie uitgespreek oor die Afrikaanse taalstryders wat nie die verlede kan afskud nie. Sy het dit veral gehad oor die meestal wit mans se op- en af-springery oor hoe Afrikaans uit die nuwe Suid-Afrika uitgeforseer word. Meeste Afrikaanssprekendes was nie wit nie en sy kon die patetiese gemor dat Afrikaans in gevaar staan om permanent uitgedoof te word, glad nie meer uitstaan nie. Waarom sien sy nog rakke vol Afrikaanse romans by *Exclusive Books* en waarom bied Johan Stemmet nog *Noot vir Noot* aan, die langsdurende vermaaklikheidsprogram op televisie? Sy was ook totaal verstom dat die De Klerk-stigting daaraan kon dink om 'n Afrikaanse beraad te reël sonder om Botman uit te nooi (Oppelt 2010:6).

## 3.14 Drie uitvoerende- konvokasiebestuurslede bedank

In hierdie stadium (Januarie 2010) het drie lede van die US- uitvoerende konvokasiebestuur – Michael le Cordeur, Sanette Nowers en Johann Aspelin – as gevolg van die konvokasiepresident, Kapp, se "skerp aanval" teen Botman die vorige jaar, bedank. Wat hulle betref, het dit 'n finale wig tussen die bestuur van die konvokasie en die universiteitsbestuur ingedryf. Kapp het onder andere beweer die bestuur "mislei" mense met die versekering dat Afrikaans 'n vaste plek aan die universiteit het. Die drie lede het aangevoer Kapp se optrede was onaanvaarbaar omdat hy die bestuur nie vooraf oor sy standpunt ingelig het nie. Nowers, uittredende hoof van die Hoër Meisieskool Bloemhof, het 'n noodvergadering van die uitvoerende raad aangevra, maar Kapp en die ondervoorsitter Christo Viljoen was nie "op kort kennisgewing beskikbaar nie" (Peyper 2010a:2). Sy het Kapp reeds vroeër gevra om as president te bedank. In reaksie het Botman sonder omhaal van woorde laat hoor sy indruk is die twis in die geledere van die konvokasie hou verband met die spanning veroorsaak oor die brutale wyse waarop die kwessie van Afrikaans hanteer word wat die waardigheid van die konvokasie geraak en Afrikaans skade berokken het (Peyper 2010a:2).

## 3.15 Die dwang van demografie: US se dae as Afrikaanse universiteit getel

Na die jarelange taaldebat oor Afrikaans op US het, volgens JR Landman, die tyd aangebreek om die waarheid oor Afrikaans aan US in brute terme te probeer verwoord. In een van die skerpsinnigste en treffendste ontledings oor die taalkwessie het Landman die waarheid daaroor in konkrete en finale terme probeer uitspel. "Dit gaan nooit weer 'n Afrikaanse universiteit wees nie. Die US is gebore en getoë in Afrikaans en was tot aan die begin van die 1990's oorweldigend Afrikaans. Dit is nie meer nie." (Landman 2010:18) Alles het onherroeplik verander met studentegetalle wat vanaf 1995 dramaties toegeneem het waarvan meeste nie Afrikaanssprekend was nie, "Vir elke een ekstra Afrikaanse student het 2,5 Engelse studente Stellenbosch toe gekom en hierdie tendens het begin lank voor Chris Brink en Russel Botman. In 2009 was 53% Afrikaanssprekend in vergelyking met 62% in 2004. Gaan dit so voort, sal Afrikaanse studente minder as 50% teen 2012 wees." Hy het daarop gewys dat selfs Steward van die FW-Stigting erken het dat niemand meer van 'n "all-Afrikaans institution" kon praat nie (Landman 2010:18).

Die vraag was tot welke mate die US Afrikaans moet bly? Vir hom was die enigste antwoord dat getalle dit sou bepaal. Al vyf HAU's was onder Engelse druk en was dit nog net NWU wat hierdie druk gedeeltelik kon vryspring. Die getal Afrikaanse studente was eenvoudig nie genoeg om die kampusse te vul nie. Indien die FW-Stigting en wie ook al nie hierdie feit voor oë hou nie, sou hulle pogings ter wille van Afrikaans op niks uitloop nie. Die belangrikste wat Afrikaanssprekendes veral moes doen, was om te besef dat Afrikaans geklee in ideologie nêrens sal kom nie. Landman het indirek na Giliomee verwys met sy stelling dat daar taalideoloë was wat getalle wou beheer deur voor te skryf dat studente net by US kan studeer indien hulle Afrikaans bemeester. Afrikaans is dus gebruik as instrument van uitsluiting wat in die nuwe Suid-Afrika hoegenaamd nie meer gedoog sou word nie.

> *Uitsluiting op grond van taal is uit. Ideoloë vervreem ook mense. Botman is so ondersteunend as wat kan kom en het amptelike vergaderings met die konvokasiebestuur en oorlegpleging met*

*raadslede gehad en vir dit alles is hy in die tande geskop deur prof. Kapp op die algemene vergadering van die konvokasie [in 2009].*

Afrikaans kon wel bevorder en gedien word deur "self-help" in die vorm van organisasies soos Afriforum en Solidariteit, die ATKV, ondersteuning van Afrikaanse tydskrifte, boeke en koerante. Suid-Afrikaanse universiteite se dae van net Afrikaans wees, was finaal verby. "Ons kan dit aanvaar en werkbare maniere soek om Afrikaans te bevorder, of ons kan in ontkenning leef. As die taalideoloë wil voortgaan met Don Quiote-stormlopies, is dit goed so. Laat die res van ons die taal bevorder deur self-help." (Landman 2010:18)

Ten opsigte van demografie is 'n ietwat ander aksent deur Solidariteit se Helpende Hand (SHH) met betrekking tot Afrikaans as onderrigtaal in hoër onderwys geplaas, maar eintlik met dieselfde eindresultaat (Rademeyer 2010:15). Afrikaans was slegs volhoubaar indien meer Afrikaanssprekendes op universiteite beland. Volgens dr. Danie Langner, SHH se uitvoerende direkteur, het navorsing getoon dat slegs 16% matrikulante in Afrikaanse skole vrystelling tot universiteitsopleiding verkry het en ten einde Afrikaans volhoubaar te maak, sou dit moes verdubbel. Volgens hom was daar 'n behoefte onder jongmense om in Afrikaans te studeer en uit die 1 100 beursaansoeke wat die SHH se Afrikaanse Beursinstituut in 2009 gekry het, het 97% van die voornemende studente aangedui hulle wil graag in Afrikaans studeer. Wat nagraadse studente betref, was die syfer 93%, terwyl 84% Afrikaanse jongmense aangedui het hulle gaan nie verder studeer nie en 70% het geldelike probleme as rede daarvoor voorgehou. Sowat 67% hoërskoolleerlinge was onseker watter beroepe hulle in Afrikaans kan volg en onder hulle was baie wat verkeerde vakkeuses gemaak het en gevolglik nie toegang tot tersiêre opleiding kon kry nie. Volgens Langner was 16% van die Afrikaanse skole se matrikulante wat wel toegang tot universiteitsopleiding gehad het, te min om selfs net een Afrikaanse universiteit te regverdig. Sy pessimistiese toekomsblik was: "Dit is selfs te min om Afrikaans se langtermyn-volhoubaarheid as wetenskapstaal aan enige universiteit te verseker." (Rademeyer 2010a:15)

Desnieteenstaande was Afrikaanse studente ’n beduidende groep en die 16% van matrikulante uit sowat 21 000 voornemende studente per jaar sou in die bestek van drie jaar meer as 60 000 beteken. Verwesenliking van ’n teiken van 32% Afrikaansprekende universiteitstudente sou ’n omvattende benadering van die bevordering van Afrikaans op alle skoolvlakke vereis. Daarvoor was geldelike steun noodsaaklik. Een standpunt was dat Afrikaanse organisasies se bystand noodsaaklik geword het om ’n minimum-aanbod ten opsigte van die getal kursusse wat in Afrikaans aangebied word, met universiteite te beding. Die SHH het ook gewaarsku dat die groeiende armoede in die Afrikaanse gemeenskappe ernstige aandag verdien. ’n Peiling by ses laerskole in verarmde gemeenskappe het getoon 78% leerlinge nie toegang tot enige Afrikaanse boeke behalwe skoolboeke het nie, terwyl 73% ouers van minderbevoorregte graad 1’s nie Engels magtig was nie. “As daar nie in die toekoms vir dié groter wordende groep kinders opleidingsgeleenthede op tersiêre vlak in Afrikaans gaan wees nie, gaan hulle nie werk kry nie en móét verengels om ’n werk te kry.” (Rademeyer 2010a:15)

Meer spesifiek wat die US betref, was die US se studenteprofiel volgens raadslid Maree wat taalvoorkeure betref aan die begin van 2010 soos volg: 61% Afrikaans, 31% Engels, 3% Afrikaans en Engels, terwyl 5% ander taalvoorkeure getoon het. Alhoewel die meerderheid studente Afrikaanssprekend was, het modules in Afrikaans van 60,7% tot 55,4% in 2010 gedaal, terwyl modules in Engels van 39,2% tot 44,5% gestyg het. Vanaf 2003 het die getal Afrikaanssprekende studente konstant gebly, maar Engelssprekende studentegetalle het gestyg sodat hulle teen 2007 in die meerderheid was. Volgens Maree is Afrikaans aan die US met Engels vervang, sonder dat dit die verwagte magneet geword het wat die bruin en swart komponente vinniger sou opstoot (Rademeyer 2010a:15).

## 3.16 Die nuwe US-kanselier se standpunt oor Afrikaans: ’n “yskoue stort”

Tydens sy inhuldiging as nuwe US-kanselier in Februarie 2010 het Johann Rupert na vore getree om die rektor en sy bestuur sterk te steun rakende hulle

siening en hantering van Afrikaans. Volgens Rupert wou hulle Afrikaans "verdiep en verskans binne die konteks van 'n meer komplekse nuwe realiteit". Hulle taak het egter veel moeiliker geword as dié van hulle voorgangers (Jeffreys 2010:18). Na sy wete wou US die fokus van die debat verskuif vanaf Afrikaans *per se* na die identifisering van hoe dit die beste relevant sou kon bly en uitnemendheid bereik kon word, eerder as om oor Afrikaans te stoei en te stry. Sy opmerkings het die reaksie uitgelok dat sy woorde oor Afrikaans "waarskynlik vir baie in die gehoor soos 'n yskoue stort" was wat waarskynlik presies sy bedoeling was. Rupert het ook beweer dat dit lyk asof die US "byna alleen verantwoordelikheid gekry het vir Afrikaans". Dit was duidelik dat hy "sy streep in die sand getrek" het, wat ook geïmpliseer het dat hy sy visie op 'n hoër strewe en 'n universiteit van wêreldklas vir Afrikaanses en die res van die wêreld gestel het (Jeffreys 2010:18).

Tydens Rupert se inhuldiging het minister Nzimande in sy toespraak as uitgenooide gasspreker dit as 'n foutiewe persepsie bestempel dat die regering met Afrikaans as 'n taal van onderwys en geleerdheid wil wegdoen. Die regering se standpunt was immers deurgaans dat alle amptelike tale insluitende Afrikaans gelyke aansien soos in die Grondwet voorgeskryf, moet geniet. Afrikaans word deur die regering erken as 'n taal van navorsing en wetenskaplike kennis en word as 'n nasionale bate beskou. Waarteen die regering egter in verset gekom het, was enige beleid wat kon veroorsaak dat Afrikaans as 'n struikelblok en uitsluitingsmeganisme teenoor die nie-sprekers daarvan gebruik word. Hy het toegegee dat die US reeds veel bereik het ten opsigte van transformasie, maar ook daarop gewys dat die universiteit voor die wesenlike probleem te staan gekom het om sy inisiatiewe en prestasies in 'n eg Suid-Afrikaans institusionele kultuur te omskep wat ten volle inklusief moes wees deur diversiteit te weerspieël. (Meyer 2010:7).

Soos te verwagte is Rupert aangevat oor sy uitsprake en veral oor sy opmerking dat, hoewel hy lief is vir Afrikaans, uitnemendheid en nie taal as sodanig nie, die hooffokus by die US moet wees. CP Naudé wou weet waarom hy uitnemendheid teenoor taal wil stel, want hy behoort te besef kennis en uitnemendheid gaan hand aan hand met behoorlike taalhandhawing. Kennis

word deur middel van taal geproduseer en die kommer oor Afrikaans het eerstens gegaan oor die agteruitgang van die taal. Daar moes besef word dat in kennisverwerwing die "verbeelding" [die beeltenisvoorstelling] verbonde aan tale wat reeds voldoende ontwikkel was dringend noodsaaklik is en bly (Naudé 2010:16). Rupert het in sy toespraak nuwe tegnieke beklemtoon, maar geen erkenning gegee aan dit wat meer fundamenteel is, naamlik dat die gemeenskap se hele onderbou verander het. Indien aanvaar word, soos die postmoderniteit wel uitwys, dat kennis verbeelding is en nie feite daarbuite nie, word "elke taal wat die wêreld opgelewer het ongelooflik belangrik. Want elke taal is 'n produserende, aanvullende verbeeldingstelsel. In elke taal lê, hipoteties gesproke, ander, daadwerklike wyses om 'in die ruimte' te kom (Stellenbosch is mos trots op sy rol as ruimtenavorser?)" (Naudé 2010:16).

Naudé was ook nie te vinde vir Rupert se gelykstelling van kennis aan die utilitêre nie. Ware uitnemendheid moet ook die ander strewes van verbeelding wat "sluimer in die wêreld se verfynde denk- en gevoelstrukture" verreken.

> *Die utilitêre is nie die belangrikste betekenisdraer nie. Die onderhouding van taal, die vernaamste draer van daardie hoë strukture, is kardinaal. Ware uitnemendheid bespied voortdurend die alternatiewe, nie slegs die spoed van dit wat vanselfsprekend op hande is nie. 'n Noodsaaklike beskermer van diversiteit van uitnemendheidsvorme was nog altyd universiteite.* (Naudé 2010:6)

Daar moet deeglik besef word dat die aftakeling van Afrikaans ook diversiteit sal aftakel (Naudé 2010:6).

## 3.17 Giliomiete teen Hertzogiete: die Maart 2010 raadsverkiesing

Voor die raadsverkiesing van Maart 2010 het die bewering die rondte begin doen dat US se raad wanfunksioneel is (Van Niekerk 2010:11). Die ondervoorsitter van die raad, dr Gerhard van Niekerk, het in 'n artikel in *Rapport* vertel hoe een van die vorige raadslede, Francois Groepe, 'n persoonlike e-pos aan sy mede-konvokasielede gestuur wat as 'n "skerp teregwysing vir die raad"

gesien is en deur voormalige raadslede as "bevestiging" beskou is dat die raad "wanfunksioneel" is. Van Niekerk het toe reeds vir vyf termyne as raadslid gedien en kon die versekering gee dat die "raad sy korporatiewe oorsigrol en -funksie na behore nakom en met die grootste mate van verantwoordelikheid en professionaliteit die beste belange van die universiteit op elke terrein dien" (Van Niekerk 2010:11). Hy het dit veral gehad teen aantygings deur Christo Viljoen dat die ministeriële aanwysings op die raad saam met US-amptenare 'n "stemblok vorm". Van Niekerk het die versekering gegee dat baie van die raadslede mekaar buite die raad feitlik glad nie geken het nie en daar was nog nooit sprake van 'n onheilige sameswering onderling deur hulle nie. Behalwe Viljoen en enkele ander raadslede was daar konsensus oor die strategiese rigting waarop US besluit het. Die aanklag dat die ministeriële raadsaanstellings lakeie van die minister is, was volgens Van Niekerk totaal ongegrond en daar was in vier jaar geen kommunikasie tussen hom en die minister nie. In werklikheid was dit die konvokasieverteenwoordigers wat 'n belangegroep met 'n enkele mandaat verteenwoordig het. Hy het ook verwys na Viljoen se bewering dat die voorsitters onder wie Viljoen gedien het nie in staat was om die vergaderings behoorlik te lei nie. Tog was dit ironies dat albei die voorsitters na wie hy verwys het moeite gedoen het om konsensus ook oor taalsake te bereik. Selfs Viljoen se eie voorstel dat 'n minimum-aanbod van 60% tot 2014 gehandhaaf behoort te word, is deur die raad gesteun en aanvaar. Van Niekerk het te kenne gegee dat hy persone soos Mouton en Heese wat uit die raad bedank het, respekteer omdat hulle dit nie eens is oor strategiese besluite nie, maar nie soos ander raadslede optree wat op die raad bly, maar nogtans die raad onder verdenking bring nie (Van Niekerk 2010:11).

As gevolg van die vurige taalstryd het die naderende US-raadsverkiesing van 2010 feitlik in 'n "nasionale verkiesing" ontaard. Botman is van "onbehoorlike inmenging" beskuldig en 'n voormalige raadsvoorsitter, dr. Edwin Hertzog, het Giliomee verwyt dat hy die taalbeleid tot die enigste faktor in die US-opset verhef (Malan 2010:6). Ook die sekretaris van die konvokasie, Johan Aspeling, het Giliomee daarvan beskuldig dat hy "kreatief met die waarheid omgaan" (Malan 2010:6). Die nuwe rusie het gegaan oor die bekendmaking

al dan nie van die voorstellers en sekondante van die 18 benoemings vir die raad waaruit ses raadslede verkies moes word. Volgens ’n regsmening sou bekendmaking daarvan wel ’n inbreuk op privaatheid beteken. Onder die benoemdes was dr. Rhoda Kadalie (menseregteaktivis), prof. Wannie Carstens (voorsitter van die ATR), Francois Groepe (uitvoerende hoof van Media24), advokaat Jan Heunis (regsgeleerde), prof. Pierre de Vos (grondwetkenner), dr. Hans Heese (historikus) en Natalia da Rocha (sanger en aktrise). Onder die naam van Giliomee, Marié Heese, Lina Spies en Jacko Maree het die FAK ’n brief uitgestuur ter ondersteuning van sekere kandidate. Sommige taalkenners het gemeen die raad kelder Afrikaans vanweë die bestaande taalbeleid, terwyl die Hertzog-ondersteuners van mening was die taalkwessies word oorbeklemtoon. Die uitvoerende hoof van Naspers, Koos Bekker, een van die sittende en onverbonde raadslede, het vol humor beweer: Stellenbosch is ’n “klein dorpie en by gebrek aan vermaak vorm mense graag faksies en beledig mekaar”. Dit het hom herinner aan die dae toe hy kleilat gespeel het en bendes gevorm is om modder na die ander bende aan die ander kant van die rivier te gooi. “Almal geniet dit, maar nou-nou word iemand se oog uitgegooi. Dan gaan almal huil.” Kadalie weer het beweer “vuil politiek” word gevoer (Malan 2010:6).

Anton van Niekerk, bekende US-filosoof en broer van Gerhard, het erken dat Afrikaans aan die US histories ’n belangrike rol gespeel het en moeite gedoen behoort te word om die taal nie te laat verdwyn nie. Wat egter ook besef moes word, was dat hoe belangrik dit ook al mag wees, taalbeskerming as sodanig nie die universiteite van Stellenbosch se “kernbesigheid” was nie (Van Niekerk 2010a:11). Hy wou ook weet wat presies met die versugting wat gehoor word, naamlik van ’n Afrikaanse universiteit, bedoel word. Wat hom betref, het dit waarskynlik verwys na ’n universiteit waar Afrikaans die oorheersende onderrigmedium en die omgangstaal vir algemene kommunikasie sal wees. In die taaldebat was daar volgens hom nie meer werklik persone wat meen daar kan in Suid-Afrika nog so ’n tipe universiteit bestaan nie. Wesenlik het hy Landman se argument herhaal dat die Afrikaanse taalgemeenskap te klein en versplinter was om ’n “eentalige

wêreldklasuniversiteit te onderhou". Indien enige universiteit sou afgesonder word van Engels word dit geïsoleer van die "hoofstroom- akademiese bedrywighede" in die land sowel as van die "internasionale universiteitswese" waar Engels primêr is (Van Niekerk 2010a:11). Dit sou redeliker wees om te dink aan 'n Afrikaanse universiteit waar die taal 'n beduidende rol in die onderrig speel en die taal steeds die oorheersende medium van administratiewe en bestuursake bly. So gesien, was die US steeds 'n Afrikaanse universiteit, want in Van Niekerk se 30 jaar aan die universiteit is bitter min vergaderings ooit in Engels gehou. Weliswaar is Engels al hoe meer in lesingsale gebruik, maar daar was steeds net een fakulteit (krygskunde) wat uitsluitlik in Engels gedoseer het. Parallelmedium is al hoe meer toegepas, waardeur Afrikaans steeds 'n staanplek behou het. Binne sy departement is ongeveer 50% Engelssprekende studente en al hoe meer Engelssprekende dosente, maar in wese is die opset steeds nie minder Afrikaans nie (Van Niekerk 2010a:11). Taalvoorkeure is landswyd aan die verander, so ook by die US, sodat Afrikaans die voorkeurtaal van slegs 47,8% van 2010 eerstejaars geword het en die Afrikaanse komponent dus vir die eerste keer in die minderheid is. Nuwe bruin studente in die fakulteit het in 2010 met 23,3% toegeneem vanaf die vorige jaar, maar die meeste van hulle se taalvoorkeur was Engels. Indien die fakulteit na die A-opsie sou terugkeer, sou die fakulteit dus die helfte van sy studente verloor. Die belangegroepe wat so sterk ywer vir Afrikaans, skep by hom die indruk dat dit vir hulle oor 'n versugting gaan na 'n "verlore paradys" waarin "Afrikaans oorheersend en gemeenskaplik was: 'n plek waar 'n mens aan die ongemak van die bevolkingsdiversiteit kon ontsnap en ontspan tussen mense nes jyself, en waar diegene wat 'anders' was, eenvoudig moes aanpas en inpas". Hierdie strewe het ook gepaard gegaan met 'n oormatige ontsag vir gesag, vandaar die idee dat 'n taalbeleid deur die raad neergelê en dan eenvoudig afgedwing kan word (Van Niekerk 2010a:11). Wat hom betref, moes die US se karakter nie aan 'n bepaalde taal gekoppel word nie en die feit dat 'n universiteit 'n bepaalde taal as onderrigmedium en omgangstaal gebruik, kan nooit deurslaggewend vir gehalte of identiteit wees nie. Die taalstryders wil 'n universiteit hê in diens van die gemeenskap maar werklike voortreflike, moderne universiteite beoefen wetenskap as deel van 'n "internasionaal-beoefende kennisbedryf wat

gerig is op en ter sake is vir alle mense wat in intersubjektief kontroleerbare en daarom betroubare kennisaansprake belangstel". Dit is nie 'n kwessie dat hy en ander dosente nie Afrikaans waardeer nie, maar hulle beskou nie beskerming en stryd vir 'n taal as hulle belangrikste verantwoordelikheid nie. Dosente dien die wetenskap en taal word ingespan om kennis oor te dra en maksimale kommunikasie te bewerkstellig. Daar moet dus ruimte gelaat word vir alle tale wat kommunikasie bevorder. Afrikaans is weliswaar geskik om feitlik alle aspekte van die wetenskap te dien en oor te dra, maar die beskerming van die taal kan nie as die hoofdoel van US uitgemaak word nie. Indien die US op die voorpunt van die wetenskap met sy voortdurende verandering en toenemende uitdagings wil kom, lyk die geweldige energie wat aan die taalstryd gewy word, nie werklik sinvol nie (Van Niekerk 2010a:11).

Van Niekerk se standpunt en uiteensetting is deur Giliomee as 'n "verdraaiing van die feite" bestempel (Giliomee 2010a:15). Hy het erken sy eie standpunt gaan wel oor 'n "volwaardige plek" vir Afrikaans, maar primêr het dit vir hom vir hom gegaan het oor die "historiese feite en 'n verklaring van die feit dat die US-raad aan die einde van 2009 besluit het om 'n minimum-aanbod van 60% in Afrikaans te handhaaf (met die helfte daarvan in dubbelmedium)". Hierdie taalbesluit was vir hom 'n "nekslag" vir Afrikaans. Hy het die taalproses meegemaak deurdat hy vanaf 2006 raadslid was en ook in daardie jaar lid van die raad se taalkomitee geword het. Giliomee het homself beskryf as waarskynlik die enigste persoon wat al die raad en senaat se taalkomitee-notules sedert 2002 deurgewerk het om die taalbesluite na te gaan. Hy het ook moeite gedoen om van die registrateur data oor ras- en taalprofiele in te win. Verder was dit deur sy inisiatief dat Schlemmer opdrag ontvang het om 'n wetenskaplike ondersoek te doen oor die taalhouding van studente, wat Schlemmer in April 2008 voltooi het. Giliomee was die enigste lid van die taalkomitee wat nie amptenaar of dosent was nie en het die komitee probeer bewus maak van die feit dat die taalkomitee nie 'n blote rubberstempel behoort te wees vir die fakulteite se versoeke om weg te beweeg van Afrikaans as onderrigtaal nie. "Die komitee het die raad nege maande lank feitlik eenparig gevra om my as lid te vervang omdat ek as ontwrigtende

invloed beskou is." Uiteindelik het die komitee homself ontbind, want die taak was voltooi: Afrikaans-enkelmedium is voorgraads vanaf 2005 tot 2010 van 75% tot 35% afgeskaal en die dubbelmedium-opsie het vanaf 24% tot 51% gestyg. Volgens sy siening kon Afrikaans nie in so 'n situasie oorleef nie (Giliomee 2010a:15). Die vreemde in Giliomee se uitsprake was dat hy skynbaar nooit dosente se reg om via fakulteite bepaalde opsies te kies, ernstig verreken of aanvaar het nie.

Breedweg het Giliomee veral Van Niekerk se siening dat universiteite se hoofopdrag nie taalbeskerming is nie, bevraagteken. Indien dit oor doeltreffende kennisoordrag gaan, glo hy studente het wel inspraak. Die Schlemmer-verslag (2008) het getoon dat 83% van die Afrikaanse studente Afrikaanse onderrig verkies en dat bruin studente, van wie tweederdes Afrikaans was, ook Afrikaansmedium verkies. Die US was egter "ingestel op die bruin Engelssprekendes wat Engels verkies", sodat minderheidsbelange voorop gestel is. Bykans 50% van die Engelssprekende studente het aangedui dat hulle nie probleme het met 'n oorwegend Afrikaanse universiteit nie, maar 40% het erken hulle Afrikaans is swak. Om hulle ter wille te wees, het in werklikheid US se taalbeleid bepaal en daar was geen behoorlike taalmonitering in die meeste fakulteite nie (Giliomee 2010a:15).

Die verengelsingsbeleid kon wat hom betref eintlik verklaar word in die sin dat die US se taalstelsel as sodanig verkeerd bedryf is en dit as gevolg van die optrede en invloed van enkele individue (hy laat hom nooit uit oor die senaat se oorweldigende steun nie). Die deurslaggewende besluit is reeds vroeg in 2005 deur vier raadslede aangevoer en uiteindelik toegepas: Hertzog as raadsvoorsitter, dr. Gerhard van Niekerk ondervoorsitter, Chris Brink rektor, Anton van Niekerk taalkomiteevoorsitter (Giliomee 2010a:15). Omdat hulle dit problematies gevind het, het hulle hul doof gehou vir die 2002-taalbeleidsbesluite wat entoesiasties ondersteun is en onder andere bepaal het dat Afrikaans-enkelmedium die vanselfsprekende opsie is en dat die T-opsie slegs in die eerste jaar toegepas sal word. Die Hertzog-groep het toe die taalkomitee oorreed om die taalbeleid te verander en die voorsitter van die taalkomitee het bekend gemaak dat die raad se uitvoerende komitee

versoek het die taalbeleid hersien moet word. Die besluit om te wysig het van ’n klein groepie senior raadslede en die rektor gekom, en dit was die fakulteit lettere wat eerste besluit het om alle voorgraadse modules in die T-opsie aan te bied. Hierdie wysiging het ingedruis teen die letter en gees van die 2002-beleid. Van Niekerk verswyg dat die getal Afrikaanssprekendes in die fakulteit lettere tot onder 50% gedaal het as gevolg van die besluit waaraan hy meegedoen het. Giliomee het die indruk gekry dat Hertzog, Brink en Van Niekerk daarop uit was om die US uiteindelik Engels te maak, met die idee dat swart studente daardeur gelok sou word. Daarvan het niks gekom het nie. Die T-opsie het wel uitgebrei as gevolg van meer Engelssprekendes en tussen 2005 tot 2010 het hierdie opsie vanaf 28% tot 36% gestyg (Giliomee 2010a:15).

Giliomee se uitsprake is deurgaans gekenmerk deur navorsing met feitlike gegewens en gevolglik was hy altyd in staat om konkrete statistiese gegewens voor te hou. Hy kon daarop wys dat, gemeet aan sommige van die ander HAU’s, US in 2010 ’n Afrikaanse aanbod van 60% gehad het, terwyl NWU en UV meer as 90% gebied het. Dit het hy as “skandalig” beskou en die afskaling van Afrikaans was vir hom die kernpunt waaroor die 2010-raadsverkiesing moes gaan. “Aan die een kant wil Hertzog die US se swaai ‘in die donker’ na Engels bestendig; aan die ander kant is daar die kandidate wat aan Afrikaans ’n volwaardige plek wil gee saam met parallelmedium en tolkdienste sover die US dit kan bekostig.” Vanaf 2005 tot 2010 is Afrikaansmedium van 75% tot 35% afgeskaal terwyl dubbelmediumonderrig vanaf 24% tot 51% gestyg het. Sy probleem met Anton van Niekerk se uitlatings was veral dat laasgenoemde die indruk probeer skep dat Engelse studente skielik die US oorstroom het en dat hulle ten alle koste geakkommodeer moet word. In werklikheid moet die verengelsingsbeleid toegeskryf word aan die feit dat enkele individue besluit het om verengelsing deur te dryf soos blykbaar ook by UP gebeur het. Volgens hom is die kritieke besluit aan die begin van 2005 geneem, nie deur ’n bepaalde komitee nie, maar deur bogenoemde individue. Giliomee vertel dat een van hulle aan hom sou gesê het: “Moet die hekkie vir Engels as voertaal effens of wyd oopgemaak word? Ons besluit was om dit wyd oop te maak.” Hulle het

probleme gehad met die taalbeleid van 2002, wat in daardie jaar entoesiasties ontvang is (Giliomee 2010a:15).

Ook uit ander oorde is Van Niekerk se standpunt as misleidend en eensydig uitgemaak en daar is op gewys dat die US in die beginjare ontstaan het ter wille van hoër onderwys aan Afrikaans-Nederlands-sprekendes. Alhoewel universiteite wêreldwyd se kernopdrag inderdaad kennisoordrag en navorsing is, word dit immers gedoen in die moedertaal van die studente wat hulle bedien. Afrikaans sou nie as moderne inheemse en wetenskapstaal ontwikkel het as dit nie vir die HAU's was nie (Du Toit 2010:13). Die universiteite wat Van Niekerk noem se voertaal is almal Engels, maar daar is talle ander uitmuntende universiteite wat in die heersende moedertale funksioneer. Van Niekerk maak gruwelike stereotiperings en diegene wat besorgd is oor Afrikaans het beslis nie net Afrikaners in gedagte nie en begeer ook nie 'n "paradys" nie. Dit gaan wel oor die strewe na 'n demokratiese samelewing waarin "volgens eties-morele beginsels, en ingevolge ons Grondwet en taalwetgewing, die onvoorwaardelike voortbestaan van veelrassige instellings in taal- en kulturele verband aanvaar word. Soos 'n Afrikaans-medium universiteit" (Du Toit 2010:13).

Dit was duidelik dat die voorhande raadsverkiesing spannend en veel erger as die aanvanklike stryd vir Afrikaans sou verloop. Voordat dit sou plaasvind, het *Die Burger* die raad se kandidate die geleentheid gebied het om hulle standpunte oor die kwessies in die openbaar te stel (*Die Burger* 2010d:3). Een van die kandidate, die bekende juris, professor Pierre de Vos, het dit jammer gevind dat die taalkwessie so oorheersend beklemtoon is ten koste van die veel belangriker eietydse praktiese en etiese uitdagings. Wat hom betref, het die meerderheid voornemende studente uit veral sekere rassegroepe nog nie oor die nodige vaardighede beskik om op hulle eie 'n sukses van hulle studies te maak nie. Gevolglik het hy die bestaande universiteitstelsel nog baie onregverdig gevind, omdat baie jongmense weens hulle ras nooit die geleentheid gegun is om hul werklike potensiaal te bereik nie. Universiteite sou planne in werking moes stel om voorheen-benadeelde studente beter tegemoet te kom en te akkommodeer, want slegs 'n regverdiger samelewing sou politieke stabiliteit verseker. Hy het die belangrike stelling

gemaak dat juis omdat Afrikaans vir hom belangrik was, hy geen veldtog kon steun waarin taalkwessies belangriker as geregtigheid geag word nie (*Die Burger* 2010d:3). Op sy beurt weer was advokaat Jan Heunis van mening die US moet helderheid verkry oor wat presies uitnemendheid behels en ook deeglik besin oor die onderrigtaal: indien dit Afrikaans is, moes dit duidelik en helder uitgespel word of, indien dit nie die geval is nie, moet ook dit reguit erken word. Sy siening was dat die tyd aangebreek het vir die raad om reguit te sê die US "is Afrikaans en sal Afrikaans bly" (*Die Burger* 2010d:3).

Marié Heese se bydrae was dat mense oral in Suid-Afrika juis deur taal ontmagtig word, wat 'n bron van kommer vir almal behoort te wees. Die Grondwet beskerm wel minderheidstale, maar die *de facto*-situasie was dat Suid-Afrika onverbiddelik in die rigting van 'n eentalige opset beweeg, waardeur baie mense ontmagtig word. Haar oortuiging was dat taalvaardighede, ongeag velkleur, 'n belangrike rol by studenteprestasies speel. Moedertaalonderrig is van kardinale belang en wanneer kinders vanaf 'n vroeë ouderdom in 'n taal anders as hulle moedertaal onderrig word, word dit 'n resep vir mislukking. Juis daarom was die US se taalstryd 'n geveg wat die moeite werd was om te voer. Dit word selfs gesê moedertaalonderrig is Suid-Afrika se "missing link" (Heese 2010:11).

## 3.18 Litigasie kom ter sprake

Dit was eintlik te verwagte dat litigasie oor die posisie van Afrikaans aan die US wel een of ander tyd ter sprake sou kom. Reeds in Junie 2009 het De Klerk hierdie idee in sy toespraak tydens die eeufees van die SA Akademie begin propageer: "Vergeet van die regering en eis self jul taalregte op as julle die toekoms van Afrikaans wil help verseker." (Coetzee 2009:1) Hy het reguit gepraat oor die moeilike drukgang waarin Afrikaans vasgevang was en Afrikaanssprekendes aangemoedig om uit die greep te kom van verskoning aanbied vir alles wat Afrikaans is. Grondwetlike regte oor taal behoort ook vir Afrikaans in terme van moedertaalonderrig toegepas te word, en wat De Klerk betref, moes minstens twee van die universiteite 'n Afrikaanse karakter behou. Sy siening was dat al die taalwaarborge in die Grondwet verontagsaam of

verwater word. Hy was veral uitgesproke oor Afrikaans se handhawing in skole en aan universiteite (Coetzee 2009:1).

In Maart 2010 is die moontlikheid dat die stryd om die status van Afrikaans by die US dalk in die hof kan beland vir die eerste keer gehoor. Raadslid Maree het as raadslid bedank oor wat hy bestempel het as valsheid oor Afrikaans. Hy het gemeen dat wat sekere kardinale beslissings oor taalsake betref die raad onwettig en onregverdig optree. Wat hom veral ontstel het, was die "uiters onbillike wyse" waarop daar teen Giliomee opgetree is deur wanvoorstellings en beswaddering en die beskuldiging dat hy nie by die waarheid bly nie. Maree het sy bedanking voorgehou as protes teen die "dubbelpratery" van mense soos Hertzog en die Van Niekerk-broers (Malan 2010a:10). Volgens Maree is Giliomee daarvan beskuldig dat hy nie ten gunste van 'n oop proses was nie, terwyl Hertzog en die broers Van Niekerk voorgegee het dat hulle Afrikaans wil bevorder terwyl hulle meegehelp het aan besluite om verengelsing aan te help. Die US was besig om 'n Engelse instelling te word, want vier fakulteite het feitlik geheel en al die dubbelmedium-opsie aanvaar en sommige kursusse kon slegs deur medium Engels gevolg word. Binne sewe jaar sou die aantal Engelssprekende studente in die meerderheid wees. Maree het te kenne gegee dat hy bedank om buite die raad wyses te probeer vind om die ongeldigheid van die argumente waarop in die stryd vir Afrikaans gesteun word, aan die kaak te stel (Maree 2010:2).

Die idee van litigasie is ook wyer gehoor. Afrikaans groei wel op grondvlak en die vraag was, waarom dan die kommer? Naudé se argument was: "'n Taal is soos 'n ekologie, 'n biososiale veld waarin betekenisse van 'n oorkoepelende samehang afhanklik is", 'n beskouing wat volgens hom deur feitlik alle taalkundiges en filosowe onderskryf word (Naudé 2010:6). Die gehalte van kollektiewe deelname was bepalend vir die voortbestaan van taal. "Dis die middelpuntvlietende samehang, oftewel integriteit, van 'n taalveld wat 'n taal se bruikbaarheid as betekenisdraer bepaal." Vir hom het die argument gegaan oor Afrikaans se voortbestaan as moderne taal, want indien 'n taal nie aktief bedryf word nie, onttrek die sprekers hulle daaraan, net soos diere 'n area verlaat wanneer die ekologie ineenstort. Afrikaans se onafhanklikheid

was aan die verbrokkel en taalsamehang was op streeksvlak besig om ineen te stort vanweë mense wat oor taalgrense heen trou en Afrikaanssprekendes wat die land verlaat. Waarom kan ten minste een universiteit in die land nie "onversnyde en onverknoeide Afrikaans doseer nie?" Naudé het erken niemand kan presies aandui of verduidelik wat presies goeie bereddering van 'n taal is nie, maar wat wel nadelig was, was die T-opsie van "brabbeltaal/Engels" wat toenemend ontwikkel is en die "Afrikaanse taalveld stelselmatig en met vaste doel voor oë skaad". Vir hom was dit juis die beweegrede vir litigasie teen die US en dit was 'n kwessie "wat die toekoms van die betekenisstelsels van die hele vasteland ten nouste raak" (Naudé 2010:6).

In hierdie stadium het Giliomee en Maree sover gegaan om 'n regsmening in te win oor wat hulle as US se taalbeleid van geleidelike verengelsing beskou het. Indien die geldende beleid nie gestuit en hersien word nie, kon 'n hooggeregshofaansoek volg, omdat die taalbeleid volgens twee senior regslui (advokate Jeremy Gauntlett en Frank Pelser) "onreëlmatig" en "gevolglik nietig" was (Malan 2010c:8). Hierdie regslui se mening was gegrond op prosedurefoute deur die raad en die bestuur begaan tydens die aanvaarding van die nuwe taalmodel. Hulle mening was dat die raad se taalbesluit van 21 Februarie 2009 oor parallelmediumonderrig onreëlmatig aanvaar is. Volgens Giliomee het die raadsbesluit die deur geopen vir dubbelmedium, met Afrikaans en Engels as onderrigtaal in dieselfde klas, wat deur talle as 'n doodhou vir Afrikaans beskou is (Malan 2010c:8).

In Maree en Giliomee se brief aan die voorsitter van die raad, Paul Cluver, is melding gemaak van die feit dat die Afrikaanse taalkwessie aan die US ook groot belangstelling ver buite die kampus uitlok. Hulle het gewaarsku dat as die regsposisie van die taal nie deur US eerbiedig word nie, 'n aansoek aan die hooggeregshof gerig sou kon word vir "'n verklarende bevel tot dié effek" (Malan 2010c:8). Cluver het kalm en vasbeslote vasgeskop en te kenne gegee die US sou self regsadvies inwin "in die lig van die belang en kompleksiteit van die saak en die verreikende implikasies van 'n besluit hieroor". Maree en Giliomee het wel te kenne gegee hulle sou eerder litigasie vermy, maar ook dat die raad kennis behoort te neem van die uitslag van die raadsverkiesing en

die openbare debat. Wat hulle betref, was die US nou in die goeie posisie om uitvoering te gee aan die US se missiestelling ter bevordering van Afrikaans as wetenskap- en onderrigtaal (Malan 2010c:8).

Advokaat Gauntlett het die feit onder die registrateur se aandag gebring dat die raad met die aanvaarding van die Arabella-beleid (kyk p. 74) nie behoorlik uit die vereiste aantal eksterne lede naamlik 60% (nadat Heese en Mouton uit die raad bedank het) saamgestel was nie. Volgens US se direkteur vir kommunikasie was hierdie interpretasie van die 60/40-verhouding in die raad egter foutief, want die kernbepaling of ’n raadsvergadering kan voortgaan, was slegs of daar ’n kworum teenwoordig was. Vanweë die litigasie-dreigemente en geskarrel het die nuwe raad die rektor versoek om ’n vergadering te belê waar die US se visie vir 2015 uiteengesit sou word. Giliomee het ook toegegee die taalstryd behoort eerder deur gesprek opgelos tee word (Gerber 2010:6).

Kommer is deur *Die Burger* uitgespreek oor die regsadvies wat deur sekere raadslede oor die wettigheid van US se taalbeleid ingewin is. Daar was selfs gerugte dat swart Afrikaanses by die UWK ’n beraad sou hou oor hoe ander stemme teen Giliomee in die debat gemobiliseer kon word. Dit weer het die gevaar laat ontstaan dat wat by die US aan die gebeur was as ’n wit aksie, en dit wat by die UWK gemobiliseer word, as ’n swart aksie gesien sou word. Die beginsel moes veel eerder inklusiewe denke en optrede wees ter wille van die breë bevordering van Afrikaans oor rasgrense heen (*Die Burger* 2010f:10).

## 3.19 Botman se idee van ’n “linguistiese ubuntu”

Tydens sy optrede as gasspreker by die Kaapse Persklub in April 2010 het Botman die geleentheid gebruik om te verduidelik en die versekering te gee dat graadkursusse by US ook in Engels aangebied word om hofsake te vermy. Ouers kon die US dagvaar, siende dat die Grondwet stipuleer onderrig moet vir almal oop wees en die universiteit wou hom nie kwesbaar stel vir hofgedinge nie. Hy het beklemtoon dat Afrikaans steeds die hoofonderrigtaal is, maar ook met blootstelling aan Engels, omdat Afrikaans slegs beskerm kon word in ’n meertalige opset, dit wil sê binne die konteks van ’n soort “linguistiese ubuntu”. Wat die kritiek oor dubbelmedium betref, het Botman

vertel dat hy ook briewe van Engelssprekende ouers ontvang het wat hom daarvan beskuldig het dat hy bruin Engelssprekende studente wil de-angliseer. Die US moes bereid wees om voorsiening te maak vir plattelandse arm, bruin studente en Schlemmer se navorsing het getoon dat 75% Wes-Kaapse bruin studente Engelse onderrig verkies (Peyper 2010d:2). Botman se toespraak oor multitaligheid is entoesiasties deur die Persklub-gehoor ontvang, veral sy verwysing na die universiteit se poging om studente uit benadeelde gemeenskappe te lok deur 100 studente te neem vir ’n intensiewe 10-maande program met klem op wiskunde, wetenskappe en tale, waarvan 99% deelnemers uiteindelik vir toelating gekwalifiseer het (Smook 2010:9).

Christo Viljoen se reaksie oor die hofdreigemente waarna Botman verwys het, was dat die spook van hofverrigtinge nooit tydens sy termyn as raadslid in die raad geopper is nie. Hy wou weet volgens welke wetgewing US hof toe geneem kon word indien daar nie Engelse kursusse aangebied word nie. Wat was byvoorbeeld die regsposisie by NWU waar sulke vrese nie bestaan het nie? Ouers van Afrikaanssprekende studente sou Botman ook hof toe kon neem oor die reg van moedertaalonderrig, weliswaar onderworpe aan sekere voorwaardes soos onder andere uitvoerbaarheid. Viljoen wou weet: “Is dit onbillike diskriminasie om voorgraads oorwegend Afrikaanse lesings aan ’n tradisioneel Afrikaanse universiteit aan te bied?” (Viljoen 2010a:15) Botman se opmerkings is verder verdag gemaak toe Schlemmer in ’n brief aan *Die Burger* daarop gewys dat hy onbewus was van die bevinding soos deur Botman beweer, naamlik dat 75% van Wes-Kaapse studente onderrig in Engels verkies. Botman was wel reg dat die kwessie van onderrigtaal

gekompliseerd is en dat "onder-middelklasouers in die stede se keuse toenemend na Engels swaai". Afrikaanssprekende plattelandse bruin studente was egter in die mees benadeelde situasie en van hulle kon nie verwag word om by alle ander hindernisse ook nog Engelstalige onderrig te bowe te kom nie (Schlemmer 2010:13).

## 3.20 Kapp se siening van 'n volwaardige Afrikaanse US en reaksie daarop

As president van die UV-konvokasie was Kapp se amptelike standpunt steeds dat die US in die gunstige posisie is om 'n volwaardige Afrikaanse universiteit te bly en hy kon gevolglik nie insien waarom die universiteit nie 'n maksimum van 60% voorgraadse onderrig in Afrikaans kan waarborg nie. Voorts het hy daarop gewys hoedat die konvokasie in die vorige agt jaar 'n sentrale plek in die taaldebat ingeneem het en reeds in 2002 'n voorlegging aan die taaltaakgroep voorgelê het. Dit was die "enigste US-instansie wat 'n onafhanklike standpunt vir Afrikaans ingeneem het" (Kapp 2010:19). Hy het daaraan herinner dat van die kant van die konvokasie onomwonde nee gesê is vir 'n meertalige universiteit wat Afrikaans bevorder en ja vir 'n Afrikaanse universiteit wat meertaligheid bevorder. Raadsverkiesings sedertdien het verder bewys gelewer dat oudstudente hierdie standpunt sterk steun.

Kapp het stap vir stap probeer aantoon hoedat Afrikaans by die US gaandeweg verskraal is. Volgens hom is daar aan die einde van 2002 grootliks konsensus bereik oor verskeie aspekte rakende Afrikaans: dit sou as verstektaal beskou en hanteer word, wat in werklikheid Afrikaans se posisie verskans het; niemand sou vetoreg hê oor die gebruik van die taal nie; en die US sou tegemoetkomend teenoor studente wees wat nie Afrikaans voldoende magtig was nie, maar nie tot so 'n mate dat hulle beleid sou bepaal nie (Kapp 2010:19). Vanaf 2002 is hiervan weg beweeg en Afrikaans is afgeskaal om vir meertaligheid plek te maak. Die konvokasie het toe planne voorgelê om die onbillikheid van die T-opsie uit te skakel wat sou meebring dat fakulteite verplig word om voorgraads 'n minimum van 75% Afrikaanse onderrig aan te bied, maar enige fakulteit kon egter meer as 25% Engels ook aanbied. Die T-opsie het egter

"volledige meertaligheid" van studente en dosente vereis. "So 'n beleid laat geen student of ouer in enige onsekerheid wat om aan die US te verwag nie." (Kapp 2010:19) Einde 2009 is 'n voorstel voor die raad gelê dat US daarna moet strewe om 60%-aanbod in Afrikaans op voorgraadse vlak te handhaaf, maar die raad het die woord "strewe" met "waarborg" vervang. Die "waarborg" sou egter vir die universiteit as geheel geld, nie vir elke fakulteit nie, wat sou beteken 'n fakulteit wat volledig Afrikaans toepas 'n ander fakulteit kon help om slegs 20% Afrikaans aan te bied. Ten einde die 60% te bereik sou die groot fakulteite na parallelmedium oorskakel en in Maart 2010 was vyf van die tien fakulteite reeds ver onder die 60%-merk. Dit het duidelik geword dat parallelmedium voorlopig slegs vir eerstejaars bedoel was en dat daar later oor die voortsetting daarvan besluit sou word. Dit, ten spyte van die versekering dat US-studente in die taal van hulle keuse kan studeer (Kapp 2010:19). Kapp het dit beklemtoon dat die US bepaalde visiestandpunte uitspel, onder andere "diversiteit, uitnemendheid, dienslewering en die bevordering van Afrikaans", en al vier oogmerke was veronderstel om gelykwaardig te wees. Die praktyk het egter getoon dat die bevordering van Afrikaans nie dieselfde gewig dra nie. In die raadsverkiesing voorhande sou konvokasielede kon kies watter kandidate hulle meen 'n volwaardige plek vir Afrikaans wil verseker (Kapp 2010:19).

Hertzog, raadsvoorsitter vanaf 2004 tot 2008, het in reaksie op Kapp se uiteensetting weer tot die debat toegetree. Hy was destyds ten nouste by die uitvoerende komitee (UK) van die raad, die raad self en die aanbevelings van die taalkomitee betrokke. Sy insiggewende perspektief in hierdie stadium was om weereens te verduidelik presies hoe die US se taalbeleid deur 'n lang konsultasie- en goedkeuringsproses gaan en van onder na bo gekonstrueer is. Hy het toegegee dit is korrek dat die 2002-taalbeleid as outomatiese opsie beskryf is. Hyself het nooit 'n probleem daarmee gehad nie en kon ook nie Giliomee se stelling begryp dat hy (Hertzog) dit problematies gevind het nie. Na 2002 was daar verskeie departemente wat gemotiveer het waarom hulle nie by die verstekbeleid wou of kon bly nie. Die UK van die raad en die raad self het besef dit sou moeilik wees om van die aanbevelings van

die taalkomiteelede te verskil. Hulle het immers veel meer kennis en insae gehad oor wat in die praktyk in die lesingsale aan die gang was rakende afwykings van die verstekopsie en daarom is hulle aanbevelings ondersteun (Hertzog 2010:19).

Hy het vir die tweede keer verduidelik hoe demokraties en deursigtig die taalproses van bo na onder verloop het: departementshoofde, fakulteitsrade, UK van die senaat, UK van die raad met finale besluitneming deur die raad. Volgens hom het Giliomee niks van hierdie langsame proses gehou nie en sou verkies dat besluitneming van bo afgedwing word met taalmonitors wat inspeksie moes doen om te verseker dat die voorgeskrewe beleid stiptelik uitgevoer word. Boonop sou oortreders gedissiplineer word (Hertzog 2010:19). Giliomee en sy ondersteuners was egter nie sterk genoeg om die raad se taalaanbevelings te stuit nie. Waarteen Hertzog veral ernstige beswaar gemaak het, was teen die bewering dat hy en die mederaadslede wat hom gesteun het, beoog het om US te verengels. Die UK van die raad het wel nadat die 2002-taalbeleid reeds in swang was, die taalkomitee gevra om ’n meer “buigsame” beleid te volg, met die bedoeling dat parallelmedium ook as verstekopsie oorweeg moes word. Die gevolg was dat die taalbeleid met die raad se volle goedkeuring wel so aangepas is. Hertzog was steeds oortuig dat die uiteindelike besluit oor Afrikaans in belang van die universiteit was (Hertzog 2010:19).

Dink Hertzog departementshoofde is die onderste vlak, was een van die studente (“student sonder stem”) se reaksie in ’n brief aan *Die Burger* op eersgenoemde se uiteensetting van die historiese verloop van die US-taalbesluite. Is studente dan te “onder” om oorweeg te word? Dit was die rede waarom hy die debat eintlik as ’n binnegeveg tussen raadslede beskou het, eerder as ’n stryd oor die belange van die universiteite en veral die studente. Dit was vir hierdie student ook nie duidelik of die SR byvoorbeeld hoegenaamd ’n rol in die beleidvorming gespeel het nie. Hy het erken hyself is Afrikaans, maar verkies om in Engels onderrig te word omdat dit meer deure vir hom oopmaak en hy het parallelmediumonderrig beskou as die akademiese weg en wyse om “te inkorporeer en te groei” (Student sonder stem 2010:13).

In reaksie op "Student sonder stem" se beswaar het Viljoen daarop gewys dat studente wel in die taalkwessie geken is. Dit het byvoorbeeld gebeur toe Schlemmer deur die US-raad gekontrakteer is om 'n omvattende meningspeiling onder studente te doen, waarvolgens geblyk het dat 91% Afrikaanssprekendes en 75% Engelssprekendes teen die verandering van US se "kultuur en karakter" is (Viljoen 2010:18). Wat die opsie van Engels en Afrikaans in een lesing betref, was sy siening van die kernprobleem dat studente uit veral minderbevoorregte agtergronde probleme met die T-opsie ervaar het, in die sin dat die afwisseling van tale hul konsentrasie verbreek en die herhaling van inhoud waardevolle tyd in beslag geneem het. Dit het ook geblyk dat 83% van Afrikaanssprekendes en 43% Engelssprekende studente ten gunste van 'n oorwegend en deurlopende Afrikaanse lesingaanbod was. Hoofsaaklik Afrikaans met herhaling in Engels is deur 87% Afrikaanssprekende en 72% Engelssprekende studente voorgestaan, terwyl parallelmedium deur 79% Afrikaanssprekende en 94% Engelssprekende studente ondersteun is (Viljoen 2010:18).

Een aspek van die taalstryd is goed deur Leopold Scholtz raakgevat in sy tipering van die kernkwessie van die taaldebat: uitnemendheid versus waarborge vir Afrikaans. Die twee taalkampe was besig om mekaar genadeloos te takel met wedersydse beskuldigings van verdraaiings en onetiese optrede. In werklikheid het die bitsige taalstryd die aandag van die kern van die stryd afgetrek, naamlik of die US 'n seker plek vir Afrikaans moet bied en of taal slegs sekondêr in vergelyking met die strewe na akademiese voortreflikheid behoort te wees (Scholtz 2010a:18). Kort tevore het hy 'n simposium by die Universiteit Antwerpen bygewoon oor "Beter Engels of beter Nederlands" waartydens besin is oor die vraag of die opmars van Engels geduld moet word. Verskillende menings is gelug, maar die oorwegende konsensus was dat Engels in 'n globaliserende wêreld 'n nuttige rol as akademiese lingua franca-wêreldtaal kan speel, op voorwaarde dat dit nie ten koste van Nederlands moet geskied nie. Die Vlaamse denkers het hulle ook heftiger oor die behoud van Nederlands as hulle noordelike kollegas uitgespreek. Soos by die US was een van die kernvrae tydens die simposium was of universiteite uitnemende

wetenskap kan beoefen sonder om te verengels? Een argument het hom sterk beïndruk, naamlik dié van professor Jozef Devreeze, naamlik dat Engels wel ’n plek verdien, maar dat dit insigself nie noodsaaklik is om internasionale dosente en studente te lok nie. Eers moet ’n universiteit uitnemend word, dan sal daar uitnemende akademici en studente belangstelling toon en hulself aanmeld. Daar was ook taamlike konsensus oor die Vlaamse wetgewing (2003) rakende universiteitstaal, naamlik dat die gebruik van Engels as voorgraadse onderrigtaal op 10% vasgepen word. Die meeste deelnemers het erken dat wanneer ’n vreemde taal in voorgraadse lesings gebruik word, die akademiese peil daaronder lei, deurdat dosente so ’n vreemde taal nie so goed beheer as hul eie moedertaal nie en wanneer daar geïmproviseer moet word, probleme opduik. Daarbenewens is die nie-Engelse studente benadeel omdat hulle Engels swakker beheer het en indien die dosent met die taal gesukkel het, was dit erg problematies. Navorsing het getoon dat sulke taalprobleme studente se eksamenprestasie met tot 12% benadeel. In Vlaandere en Nederland word Nederlands se hoër funksies volgens Scholtz nie bedreig nie. Wat voorstanders van Engels aan die US en elders nie begryp nie, is, dat die hoër funksies van Afrikaans uiteindelik daardeur benadeel sal word. Scholtz se pessimistiese slotopmerking was: “Dis ’n ope vraag of die US nog vir Afrikaans gered gaan word.” (Scholtz 2010a:18)

## 3.21 Botman oor die stand van Afrikaans by die US (Maart 2010)

As gevolg van die komende raadsverkiesing het die taaldebat weer ernstig opgevlam en vurige en kwetsende kommentaar ontlok. Uit kommer oor die weerstand teen die bestaande taalbeleid is die rektor met geen keuse gelaat as om weer standpunt oor die taalkwessies in te neem en opnuut en verder te verduidelik nie. Hy het prontuit en tereg daarop gewys dat die posisie van Afrikaans verpolitiseer geraak het en reeds die US se kernvraagstukke oorskadu het. Vir die soveelste keer het hy benadruk dat die verklaarde strewe van die US die volgehoue ontwikkeling en gebruik van Afrikaans binne ’n meertalige konteks is. Die US-raad het na uiteenlopende gesprekke aan die einde van

November 2009 die voorstel vir die handhawing van ’n minimum van 60% Afrikaans op voorgraadse vlak aanvaar. Dit is met deelname van raadslede sowel as die visepresident van die konvokasie geformuleer, waardeur die posisie van Afrikaans op voorgraadse vlak vasgepen en die universiteit in staat gestel is om die versekering te kon gee dat studente wel voorgraads in Afrikaans kan studeer. Dit is en word steeds deur teenstanders daarvan as ’n “minimalistiese plek vir Afrikaans” gereken en mense word met die verkeerde feite verwar, soos byvoorbeeld dat die posisie van Afrikaans agteraf deur die bestuur ondermyn word asof alles in die geheim geskied (Botman 2010:15).

Die rektor het verduidelik dat wat die bevordering van toeganklikheid betref, stedelike bruin skoolverlaters meestal Engels verkies en min studente uit die platteland waar Afrikaans sterk gestaan het, afkomstig was. Wat Botman betref, het die wyse waarop taalhandhawing in lesingsale plaasgevind het, verantwoordelik geskied. Internasionaal was daar ’n neiging in die rigting van meertaligheid, veral as uitvloeisel van die Bologna-ooreenkoms van 1999 waarin ’n eenvormige raamwerk vir hoër onderwys in Europa gevestig is om groter studentemobiliteit te vergemaklik. Meertalige onderwysmodelle het studente die geleentheid gebied om in hul moedertaal of hoofskooltaal te studeer, wat ook kognitiewe voordele ingehou en denkvaardighede bevorder het. Meertaligheid se toepassing by die US kon die duidelikste geïllustreer word deur die toepassing daarvan in twee fakulteite – lettere en sosiale wetenskappe. Dit het in die praktyk beteken dat ’n dissipline se hooflesings in Afrikaans en Engels aangebied word met ’n minimum van 50% Afrikaans sodat Engelse en Afrikaanse studente hulle “reseptiewe luistervaardighede” kon ontwikkel. Daarbenewens is tutoriale klasse en seminare in parallelmedium vir afsonderlike groepe in Engels en Afrikaans (en waar moontlik in Xhosa) deur ’n tutor aangebied, waartydens die vakinhoud van die week bespreek en hersien is (Botman 2010:15). Een van die belangrike kwessies wat hy beklemtoon het, was dat onderrig in Afrikaans gegee kan word mits daar ’n aanvraag voor was. Daar was egter ’n kommerwekkende daling in die aanvraag vir Afrikaans te bespeur. Die redes daarvoor was onder andere dat skole wat Afrikaans as onderrigmedium gehad het al meer aan

die verdwyn was. In teenstelling daarmee het die persentasie bruin en wit Afrikaanse studente wat in Engels en Afrikaans wou studeer, sterk toegeneem omdat hulle uit parallel- en dubbelmediumskole gekom het. Botman se gerusstelling was dat die US erns maak met die "herstel van sosiale geregtigheid én die bevordering van Afrikaans". Wat hom betref, was dié twee strewes wel versoenbaar (Botman 2010:15).

Ter ondersteuning van die rektor het prof. Willie Esterhuyse die kwessie op filosofiese wyse veel wyer en dieper aangesny deur daarop te sinspeel dat die taalstryd by US eintlik simptomaties van iets anders was – die "worsteling onder Afrikaners om vir hulself 'n meer aanvaarbare identiteit, plek en funksie in die nuwe Suid-Afrika, wat self sukkel om homself te vind, te bemiddel" (Esterhuyse 2010:14). Afrikaners was in 'n oorgangsproses omdat die "pilare van die fortagtige Afrikanertempel" ineengetuimel het. Daar moes nou "nuwe, meer verrykende maatskaplike kapitaal" opgebou word wat nie rassisties sou wees nie. Die positiewe element in die taalstryd was vir hom die idee van parallelmediumonderrig wat deur die raad en die senaat gesteun word. Dit het selfs gelyk asof Giliomee nie daarteen gekant was nie. Esterhuyse het erken dit was nie 'n onderrigmodel sonder probleme nie, omdat dit meer geld en onder andere tolkdienste en 'n taalaanbod- of slagboom-persentasie van 60%, 75% of 50% vereis het. Die parallelmediummodel is aanvaar om verengelsing hok te slaan en nuwe demografiese tendense suksesvol te probeer bestuur. Vir hom was dit egter nie duidelik of die taalherrie inderwaarheid oor ego's, mag of parallelmedium gaan nie (Esterhuyse 2010:14).

Een van die briefskrywers (Heydenrych 2010:10) het laat blyk Esterhuyse se idee dat parallelmedium 'n einde aan verengelsing moet bring, vir hom geen sin uitmaak nie. Hy begryp nie wat Esterhuyse met verengelsing bedoel nie, omdat dit blykbaar vir hom iets anders beteken as vir Heydenrych en mense wat soos hy dink. Hulle siening is dat die oorspronklike invoering van Engels by die US deur die uitbreiding van die dubbelmediumopsie plaasgevind het. Was die verengelsing wat die US nou moes "hokslaan" iets anders as die meer Engels wat vroeër nie vir Esterhuyse gevaar ingehou het nie? Die rektor gee die versekering dat voornemende Afrikaanssprekende studente steeds in

Afrikaans kan studeer, maar sê in dieselfde asem dat meer blootstelling aan Engels gegee word. Dit was ook bekend dat Esterhuyse 'n heftige teenstander van die taalstryders was (Heydenrych 2010:10).

In hierdie stadium en gedurende 'n perskonferensie by die parlement (Maart 2010) het minister Nzimande laat blyk die US behoort sy verdedigende houding oor Afrikaans te laat vaar en eerder te kyk hoe daar 'n bydrae tot die ontwikkeling van Afrika-tale gelewer kan word. Die US was immers in die posisie om voorpunt-navorsing oor die ontwikkeling van tale te doen (Kgosana 2010:5). Nzimande se opmerking is in 'n RGN-verslag waarin tersiêre instellings onder die loep gekom het, bevestig en gesteun. Daaruit het dit geblyk dat twee faktore – Afrikaans as voertaal en geldelike beperkings – die belemmernisse vir swart studente was om by die US te studeer. In vergelyking met ander universiteite was die US 'n "unieke eiland van bevoorregting" en die meeste voorgraadse studente was wit Afrikaanssprekendes wat self kon betaal, goeie skoolonderrig geniet het en afkomstig was uit families met 'n middel- en hoër inkomste (Kgosana 2010:5).

## 3.22 Uitslag van die Maart 2010 raadsverkiesing: triomf vir die voorstanders vir Afrikaans en die reaksie van die rektor

Kort na Botman se uiteensetting van die stand van taalonderrig, het die uitslae van die raadsverkiesing op 31 Maart in die pers bekend geword en 'n sterk sein uitgestuur dat Afrikaans aan die US nie verswak moet word nie. Al die kandidate wat die paal gehaal het, het hulle vooraf onomwonde vir die handhawing van Afrikaans as akademiese taal uitgespreek. Die nuwe raadslede was: advokaat Jan Heunis, dr. Rhoda Kadalie, prof. Wannie Carstens en dr. George du Toit. Nie een van die kandidate wat deur die "Matie-kiesersgroep" wat deur Hertzog, Desmond Smith en Gerhard van Niekerk gesteun is, kon die paal haal nie, terwyl al die kandidate gesteun deur Giliomee, Spies, Heese en Maree ingestem is. Meer as 5 000 konvokasielede en 612 donateurs het aan die verkiesing deelgeneem. Die Hertzog-faksie het deurentyd beklemtoon hulle nie vir die *redding* nie, wel vir die *bevordering* van Afrikaans staan. Intriges

het die verkiesing voorafgegaan toe die Hertzog-faksie die name bekend gemaak het van die sekondante wat deur hulle gesteun is, terwyl die Giliomee-faksie dit geweier het omdat dit nie vooraf binne die konvokasie uitgeklaar en goedgekeur is nie. Kadalie weer het beswaar gemaak dat haar kandidatuur deur die Giliomee-faksie bevorder is, terwyl sy onafhanklik wou bly. Die nuwe raadslede se termyn sou vanaf 2 April 2010 tot 1 April 2014 strek (Kruger en Venter 2010:1). In ’n hoofartikel het *Die Burger* dit beklemtoon dat die kandidate wat verkies is, was pro-handhawing van Afrikaans was en die koerant bevoorreg was om vooraf baie ruimte aan die hele debat af te staan ten einde sodoende die demokratiese proses te bevorder. Dit is ook beklemtoon dat die uitdaging wat voorgelê het, sou wees om die verdelings en spanning te oorbrug en verbeeldingryke oplossings vir die komplekse taalprobleem te vind wat deur sowel voor- as teenstanders gesteun kon word (*Die Burger* 2010e:22).

Na die afhandeling van die raadsverkiesing het dit geblyk dat die konvokasie se stemgeregtigdes vanuit ’n spesiale “oorlogskamer” en deur e-posse aangemoedig is om vir bepaalde kandidate te stem. Hierdie kwessie van werwing het bo-aan die sakelys van die raadsvergadering beland en volgens die gedragskode van die raad sou daar ’n “indringende gesprek” met die skuldige(s) gevoer word. Die US wou ter beskerming van dié wat uitgeval het (en in ooreenstemming met hulle neiging tot inligting-weerhouding) nie die stempersentasie of stemgetalle bekend maak nie. Wat die ondersteuners van die seëvierende kandidate betref, het die uitslag ’n helder boodskap aan die US oor taalvoorkeur oorgedra. Die gevoel was dat Botman die boodskap behoort te kry dat “sy belaglike gemiddelde voorgraadse aanbod van 60% eenvoudig nie aanvaar word nie”, veral omdat dit nie op elke fakulteit van toepassing was nie. Vyf fakulteite het nie die 60% Afrikaans gehandhaaf nie, naamlik regsgeleerdheid, teologie, gesondheidswetenskappe, lettere en sosiale wetenskappe, en krygskunde. Die gemiddelde handhawing van Afrikaans in daardie fakulteite was 40% (Malan 2010b:14). Daar was vanselfsprekende reaksie op die raadsvergadering uit die geledere van diegene wat nie so sterk oor Afrikaans gevoel het nie. In ’n brief aan *Die Burger* het “JS” beweer mense is ontevrede en bitter en taalbesluite word agterdogtig bejeën, maar

Suid-Afrika was nie meer die plek van ’n eeu tevore nie en wou kennelik nog nie transformasie behoorlik begryp en aanvaar nie. Mense moet Jonathan Jansen se *Knowledge in the Blood* lees om te probeer besef dat die “voortbestaan van universiteite … in die hedendaagse Suid-Afrika gaan oor baie meer as die persentasie blootstelling aan Afrikaans in die eerste jaar. Wakker word, dit is Suid-Afrika in 2010 – die spel en die reëls het verander” (JS 2010:10).

In ’n verklaring in *Die Burger* na die raadsverkiesing moes Botman uit sy pad gaan om die bestaande beleid te verdedig. Hy het sy nuwe sleutelwoord om die kernbeleid te tipeer – “linguistiese ubuntu” – herhaal. Hy het erken dat daar teen 2010 nog nie veel in Suid-Afrika tereg gekom van veeltaligheid nie, veral omdat Engels bo die ander tale verhef is. Afrikaans as onderrigmedium het egter nog sterk gestaan in vergelyking met ander inheemse tale, alhoewel maar Afrikaans van skurk tot held beweeg het, maar weer van held tot skurk teruggeval het. Die les van 16 Junie 1976 was dat Afrikaans nooit weer gebruik mag word om ander uit te sluit nie, wat ook die rede was waarom nie een van die HAU’s meer uitsluitlik wit was nie. By die US word Afrikaans nie ondergeploeg nie, want Afrikaanssprekendes kry daar nog steeds toegang tot tersiêre onderwys (Botman 2010a:13). Ongelukkig was die deelname van bruin mense aan hoër onderwys op die platteland baie laag. In die ouderdomsgroep van 20 tot 24 het slegs 5% van die Afrikaanssprekende bruin hoërskoolleerlinge op universiteit beland. Daarteenoor was die deelname van swart leerders 12%, Indiërs 48% en wit leerders 57%. Wat die rektor betref, het die US ’n morele plig gehad om Afrikaanssprekende bruin studente te werf. Enkelmedium- Afrikaanse skole was besig om al minder te word, terwyl bruin mense al hoe meer Engels as huistaal gekies het.

Botman het daarop gewys dat die US dié veranderende situasie op verskeie maniere probeer hanteer: Die universiteit se Eerstejaars-akademie help om die slaagsyfer by eerstejaarstudente te verbeter en die SciMathUS-program het deure geopen vir studente uit benadeelde gemeenskappe wat nie aan universiteittoelatingsvereistes voldoen het nie. Verder is heelwat beurse aan bruin studente voorsien. Deur skoolvennootskappe was die US by 24 skole betrokke, met onder andere bekwaamheidsontwikkeling van hoofde en

onderwysers. Die afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste het oor naweke in samewerking met die onderwysdepartement lesings deur top-onderwysers na 120 skole gebeeldsend en daar was reeds versoeke om dit uit te brei na die Vrystaat en Oos-Kaap (Botman 2010a:13).

Die rektor het die versekering gegee dat die US verbind is tot die volgehoue ontwikkeling en gebruik van Afrikaans as akademiese taal binne ’n meertalige konteks en dat dit die hoofonderrigtaal bly (Botman 2010a:13). Die 60%-syfer vir Afrikaanse gebruik is nie as ’n maksimum vasgepen nie en het die posisie van Afrikaans in die voorgraadse leerplan gewaarborg. Studente kon in die voorgraadse onderrigsituasie in hulle moedertaal studeer, maar tesame met Engels. Afrikaans word beskerm as ’n taal tussen ander tale in ’n “soort linguistiese ubuntu”; dus Afrikaans as “taal deur ander tale” Botman 2010a:13). Afrikaans was nie in kompetisie met ander tale nie en moes ’n tuiste tussen die ander tale vind. Suid-Afrika kon nie vergelyk word met Europese lande nie, omdat dit nie ’n enkeltalige land is nie en selfs in Nederland het “internasionalisering” van universiteite al meer die wagwoord begin word. Botman het by hernuwing die versekering gegee dat die US meertaligheid verantwoordelik aanpak en waarskynlik die verfyndste taalbeplanning van alle tersiêre instellings in die land het met ’n unieke taalsentrum en met die ingesteldheid om kundigheid te deel. Dit alles het aansienlike hulpbronne geverg en in 2010 het dit R28-miljoen beloop (Botman 2010a:13).

Selfs Botman se idee van ’n “ubuntu van tale” is indringend bevraagteken en ’n briefskrywer in *Beeld* wou weet of hy dus ’n voorstander daarvan is dat studente in meer as een taal in vakke onderrig moet word? Beteken dit dat studente gelyktydig in twee of drie tale in ’n spesifieke vak met behulp van tolke onderrig moet ontvang? Of bedoel hy Engels, Afrikaans, Zoeloe en Xhosa moet as vakke gedoseer word om studente die geleentheid te gee om in meer as een taal geslyp te word? Die probleem was dat daar subtiel van moedertaalonderrig wegbeweeg word, wat daartoe kon lei dat Afrikaans as onderrigtaal uitgefaseer word, terwyl die oplossing eintlik ’n meertalige US met Afrikaans as hoofonderrigtaal behoort te wees (Christof 2010:17). Wat ’n verdere skaduwee oor Botman se ware gesindheid teenoor Afrikaans

gewerp het, was 'n brief in *Rapport* waarin Smit vertel het hoe hy in Mei 2010 deel van 'n groepie by die Reform Club in Pall Mall, Londen was waar Botman en prof. Gerhard Lubbe gepraat en aanhou praat het en hy tevergeefs gewag het vir een enkele woord in Afrikaans. Dit het vir hom gevoel soos 'n uitvoering van Hamlet sonder die prins van Denemarke (Smit 2010:7).

## 3.23 Die kwessie van meer bruin studente en die aandrang op Engels

Die probleem van die klein getal bruin studente by die US was een van die kwessies wat vanaf 2011 al hoe meer uitgewys en beklemtoon is. In April 2011 het Van der Rheede gereageer op die US se hoof van bemarking en publikasies se skriftelike bevestiging dat die persentasie bruin eerstejaarstudente met Afrikaans as huistaal in die vorige jare dramaties van 57,9% tot 38,8% gekrimp het (Van der Rheede 2011:12). Hy wou weet wat die rede daarvoor was en wat presies die US doen om meer Afrikaanssprekende studente uit die Wes-, Noord- en Oos-Kaapse platteland en stedelike gebiede te lok. Hy kon na die UK verwys, wat 'n strategie aangekondig het om jaarliks vir 100 studente uit Khayelitsha plek by dié universiteit te verseker, 'n strategie wat reeds in graad 10 op skool begin het ten einde begaafde leerlinge akademies en sielkundig in die loop van drie jaar vir die universiteit voor te berei. Alhoewel hy begrip gehad het vir die toelatingsvoorkeur van veeltalige studente wat vinnig in die Afrikaanse omgewing by die US kan aanpas, het Van der Rheede dit as dringend noodsaaklik geag dat die US ook planne beraam en in werking stel om meer talentvolle bruin Afrikaanssprekendes en swart studente te lok: "Afrikaanssprekende studente in al hul kleure en geure behoort by die Universiteit Stellenbosch eerste prioriteit te wees." (Van der Rheede 2011:12) Wat Van der Rheede betref, kon die UWK, UK en die Kaapse Skiereiland vir Tegnologie (KSUT) fokus op die studente wat Engels verkies. Terselfdertyd het hy gewaarsku dat die bevordering en beklemtoning van Engels sosiale binding skaad en dat die breuk tussen arm en ryk daardeur al groter word. Die aksentuering van Engels was voordelig en aanvaarbaar vir die elite en hulle kinders, maar vir die meerderheid jong mense het aanhang van Engels

hul toegang tot ekonomiese, kulturele en onderwysgeleenthede bemoeilik. Sy oortuiging was dat die herposisionering en versterking van die inheemse tale in onderwys en opleiding kreatiwiteit kon versterk met positiewe gevolge vir indiensneming, innovering en mededingendheid, om sodoende ’n beter bestaan vir almal te skep (Van der Rheede 2011:12).

Van der Rheede het ook duideliker probeer uitwys hoe die bevoordeling en oorbeklemtoning van Engels tot nadeel van nasiebou en gemeenskapsontwikkeling is en die meeste Suid-Afrikaners daardeur ontmagtig word, met ’n gepaardgaande gevoel van minderwaardigheid. Engels was immers die moedertaal van slegs 10% van die bevolking en bevoorregtes in die samelewing kon by private Engelse skole inskryf. Ouers het dikwels op Engelse onderrig aangedring, maar met haglike gevolge. Die korrelasie tussen die herhaling van ’n standerd (graad) en moedertaalonderrig het getoon dat Engelssprekende leerlinge wat in Engels onderrig word ’n onbetwisbare voorsprong het. Slegs 9% van hulle druip een keer en 2% twee keer. Ten opsigte van die meerderheid wat nie so bevoorreg is nie, druip 22% een keer en 15% meer as een keer. Engels vorm die hart van Suid-Afrika se kreatiewe sektore soos die pers- en advertensiewese, die elektroniese media, toerisme en verwante beroepe, wat die idee versterk dat die inheemse tale geen ekonomiese waarde het nie. Die opvatting dat ’n eentalige benadering meer koste-effektief as ’n veeltalige benadering is, het wat Van der Rheede betref net op eng ekonomiese aanwysers berus (Van der Rheede 2011:12).

Toe die getal Afrikaanssprekende studente by die US in 2011 vir die eerste keer deur Engelssprekendes oortref word, het Piet le Roux, (in daardie stadium ’n onafhanklike kommentator en later lid van US se raad) sy verbasing uitgespreek dat, veral in die lig van die Afrikaanse ontstaansgeskiedenis van die US, daar nie een keer op die universiteit se webblad melding van Afrikaans gemaak word nie (Le Roux 2011:14). Hy het herinner aan Landman se voorspelling van 2010 (kyk p. 129) dat die Afrikaanse studente binne drie jaar minder as 50% sou wees as gevolg van demografiese faktore buite die US se beheer. Mits die US werklik die wil daartoe openbaar, kon daar egter

wel besluit word om die US Afrikaans te hou deur die aantal voorgraadse studente en selfs die proporsie Engelstalige studente te beperk. Indien die US sy studentegetalle aanpas om die nasionale geografie te weerspieël, sou dit wees omdat doelbewus so besluit is. Die US het in tien jaar van 20 000 tot 28 000 studente gegroei, in plaas daarvan om te hou by die besluit van die US-raad in 2004 om nie verder voorgraads uit te brei nie. Geleidelik is meer T-opsies as A-opsies aangebied, alhoewel die versekering telkens gegee is dat dit die uitsondering sou wees. In 1911 en daarna was dit "doelbewuste besluite wat 'n Afrikaanse universiteit tot stand gebring het, nie omstandighede buite die US-bestuur se beheer nie" (Le Roux 2011:14).

Le Roux is deur die universiteit gekorrigeer met sy stelling dat die meeste eerstejaars nie meer Afrikaanssprekend is nie deur te wys op die studente se huistaalsyfers tydens registrasie: Afrikaans 47,46%; Engels 36,93%; Xhosa 1,76%, ander inheemse tale 2,67% en ander tale 2,41%. Ook interessant was dat die persentasie eerstejaars wat beide Afrikaans en Engels as huistale aangedui het, aansienlik toegeneem het, van 1,36% in 2007 tot 8,77% in 2011. Word dit bygetel by die Afrikaanse groep, was 56,3% Afrikaans- en 45,7% Engelssprekend. Die getal bruin studente wat beide Afrikaans en Engels as huistaal aangedui het, het in 2011 van 1,41% tot 12,93% gegroei (Van der Merwe 2011:12).

Die rektor het geen keuse gehad as om op Van der Rheede en Le Roux se argumente en besware te reageer nie. Hy het sy stelling herhaal dat die US verbind is om Afrikaans as "volwaardige wetenskapstaal" te behou (Botman 2011:17). Sy verweer was dat al die universiteite aanpassings moet maak weens die breër nasionale behoeftes en dat groter diversiteitsbevordering en groter toeganklikheid nie (soos Le Roux beweer het) bestempel kon word as akkommoderende politieke gedienstigheid ten koste van die Afrikaner nie. Die US moet die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap ten dienste wees. Sensusgegewens het aangetoon dat die getal Afrikaanssprekende studente aan al die universiteite vanaf 2002 tot 2008 met slegs 3 199 tot 'n totaal van 17 802 gegroei het, terwyl die Afrikaanssprekende wit studente met 2 040 verminder het. Laasgenoemde syfer was 'n aanduiding dat 'n plafon

bereik is en getalle verder sou daal. Bruin Afrikaanssprekendes se deelname aan tersiêre onderwys het min gestyg, wat wyd as sorgwekkend beskou is. Meer Afrikaanse skole was besig om na parallelmedium oor te skakel, en al hoe meer leerders het Engels begin verkies. Volgens Botman het die US se verbintenis tot Afrikaans talle uitdagings gelewer, onder andere die verrekening van nuwe realiteite in huise en skole, wat besig was om Afrikaans wesenlik te beïnvloed. Hy het ook uitgebrei oor wat presies die US in breër konteks vir Afrikaans doen en gewys op die meer as 60 jaar se bevordering van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*. Daarbenewens was daar ook die instandhouding van die grootste Taalsentrum in die land teen 'n jaarlikse koste van R30 miljoen. Die Afrikaanse Woordfees was 'n verdere projek ter verryking van die taal. Ook belangrik was die navorsing oor onderrigtaalmodules en 'n skolevennootskapsprojek by 30 geselekteerde skole in die Boland en op die Kaapse Vlakte om veral Afrikaanse skole by die US se opvoeding te betrek. Dit is onderneem spesifiek met die oog op hierdie skole se potensiaal om bruin Afrikaanssprekende studente te lewer. In 'n nog wyer konteks is 360 skole landswyd betrek met die fokus op 77 voorheen benadeelde skole. Opleiding aan onderwysers en skoolbesture is ook nie nagelaat nie, omdat die belangrikheid daarvan ingesien is. Wat Van der Rheede se verwysing na die UK-projek betref, kon Botman dit vergelyk met die US se SciMathUS-program vir studente wat nie universiteitstoelating kon kry nie. Die meeste van die 100 deelnemers wat elke jaar ondersteun is, was Afrikaanssprekend, om uiteindelik presteerders op terreine soos ingenieurswese, geneeskunde en die handelswetenskappe te word. Vervolgens het Botman die universiteit se meertaligheidsonderrigmodel uitgesonder, wat hy erken het dalk nie die ideale oplossing was nie, maar voorsiening gemaak het vir enkel-, parallel- en dubbelmediumonderrig, tolkdienste, vertaling en studentesteun, taalontwikkeling en steun aan nagraadse studente. Die algehele oogmerk was om meertalige studente te lewer, juis omdat meertaligheid deur die universiteit ernstig bejeën is. Ten slotte het hy die oortuiging uitgespreek dat dit tyd geword het om die kwessie van finansiële steun vir meertaligheid op tersiêre vlak met die nasionale onderwysdepartement op te neem.

Oorkoepelend beskou, word en is Afrikaans inderdaad by die US bevorder, maar steeds binne 'n meertalige konteks (Botman 2011:17).

Vir die soveelste keer het Kapp die rektor aangevat oor laasgenoemde se siening en verduideliking van die posisie van Afrikaans. Alhoewel hy erken het Botman wys op positiewe dinge oor Afrikaans se stand en status, was die vraag steeds waarom so baie persone steeds ontevrede of onentoesiasties oor die stand van Afrikaans was as alles so goed gaan (Kapp 2011:13). Vir hom was daar 'n verskil tussen wat gewaarborg word en statistieke wat uitwys dat Afrikaans onteenseglik besig is om te verswak. Moet die belangrikste wat die US vir Afrikaans lewer die *WAT* en navorsing oor onderrig wees, of veel eerder "die ontwikkeling van Afrikaans en die aflewer van duisende goed gekwalifiseerde professionele mense wat die taal as onderrigtaal, wetenskapstaal en professionele taal op alle vlakke van die samelewing kan gebruik en terselfdertyd met gemak ook in Engels kan funksioneer?" (Kapp 2011:13)

Wat hom betref, was die oordra van fyn "beskaafde gekultiveerde Afrikaans" wat die US oor soveel jare help opbou het, in gedrang. Hy het die geldigheid van statistieke oor die demografiese veranderinge erken, maar was van mening dat vollediger statistieke 'n meer optimistiese beeld bied om die toename in Afrikaanse getalle te illustreer. Die getal wit studente in Suid-Afrika het gedaal van 223 000 in 1999 tot 178 140 in 2008; hiervan was 110 000 Afrikaans, waarvan 55 000 aan HAU's gestudeer het; NWU se Afrikaanse studente het van 7 150 (1999) tot 14 666 (2008) toegeneem, die US van 11 262 tot 13 523; die UV van 5 169 tot 8 375 en die UP van 15 157 tot 15 805. UJ het van 6 010 tot 3 386 gedaal, terwyl UPE volledig Engels geword het. Waarom groei die UV en NWU se Afrikaanse getalle sterker as dié van die US? Statistieke toon dat baie bruin Afrikaanssprekendes uit die US se hartland verkies om na NWU te gaan: die US se getal bruin studente het vanaf 25,2% tot 23,5% gedaal voordat dit in 2005 weer begin styg het en in 2008 op 28,3% te staan gekom het. NWU se meertaligheidsdiens deur tolkdienste kos R12 miljoen en dié van die US R30 miljoen. Daar was 'n dalende tendens van lesings aan die US in Afrikaans en Kapp wou weet of 60% werklik die maksimum is wat die US bereid

was om in Afrikaans aan te bied? Wat van die diskriminasie in vergelyking met studente aan ander universiteite wat 100% in Engels kan studeer? Hoeveel proefskrifte word nog in Afrikaans geskryf en hoeveel intreeredes en gepubliseerde artikels word in Afrikaans gelewer? Hoeveel interne dokumente op die kampus is slegs in Engels beskikbaar? Die tendens was reeds te bespeur by SR-kandidate wat hulle verkiesingsverklarings in *Matie* feitlik uitsluitlik in Engels gedoen het. Volgens Kapp het sulke analises getoon dat deur die heersende denkwyse van die topbestuur, Afrikaans op die agtergrond geskuif word, omdat die leiding en uitsprake van die bestuur dit aanvaarbaarder maak om Afrikaans as struikelblok vir transformasie en aanpassing by die politieke opset en klimaat van die land voor te hou. Is die gebruik van net Engels by sekere universiteite nie strydig met die Grondwet nie? Kapp se slotbetoog was: "Dit is duidelik dat die teorie van US se meertaligheidsmodel en hoe dit in die praktyk lyk, nie klop nie. Dit kan net klop as die model op alle terreine aan Afrikaans reg laat geskied." (Kapp 2011:13)

## 3.24 Die konvokasie-ingryping: Afrikaans "verdwyn sonder monitering"

### *3.24.1 Jong Maties se eis vir 'n volwaardige plek vir Afrikaans en steun uit Afrikaanse geledere*

Vroeg in November 2011 het 'n berig in *Rapport* verskyn dat die US taalklagtes nie ernstig opneem nie (Malan 2011a:4). Omdat dit baie jong Afrikaanssprekendes se erns was om moedertaal- tersiêre onderrig te ontvang en te beskerm, het 'n aantal hoofsaaklik jong oud-Maties besluit om vir Afrikaans vas te skop en hulle vir die beskerming daarvan op die Grondwet te beroep. Hierdie jonges was van plan om dit as mosie te stel by die November 2011-konvokasie se jaarvergadering wat voorhande was. Die leiding in die opstel van die mosie waarin Afrikaans as volwaardige onderrig- en voertaal en die reg op onderrig in Afrikaans opgeëis is, is deur 'n US doktorale student, Ernst Marais, geneem (Venter 2011:2). Een van die hoofbesware vervat in die mosie was dat die US nie die dubbelmedium-opsie, wat veronderstel is om 'n Afrikaanse aanbod van 50% in elke lesing te verseker, behoorlik

monitor nie. Hierdie stand van sake het geblyk uit ’n ondersoek deur die FW de Klerk-stigting, saamgestel deur Piet le Roux. Dit het geblyk dat slegs in die fakulteite ingenieurswese, ekonomiese en bestuurswetenskappe en opvoedkunde die meerderheid van lesings in Afrikaans aangebied word. By die oorblywende ses fakulteite was die Afrikaanse opsie in die minderheid en die dubbelmediumopsie is in sekere van dié fakulteite tot 100% aangewend. Baie van die T-opsie-lesings is meestal in Engels aangebied, omdat heelwat studente Afrikaans swak of glad nie kon hanteer nie. Uit vrees dat Afrikaans gaan verdwyn, was die mosie se versoek dat ’n volwaardige plek vir Afrikaans by die US verseker word. As ideaal is gestel: “Ons as jong Afrikaanssprekendes wil graag die transformerende en versoenende potensiaal van Afrikaans ’n werklikheid laat word.” (Venter 2011:2) Die woordvoerder oor AfriForum se taalsake, Bailey, het gemeen die mosie kon van groot belang wees. Sy het beweer sy het tevore reeds verskeie kere die kwessie skriftelik met die US-bestuur probeer opneem, asook ’n afspraak met Botman gehad, wat hy nie nagekom het nie. Wat haar betref, het die US ’n “baie geslote houding” teenoor enige poging om hieroor te kommunikeer ingeneem en kritici dan daarvan beskuldig dat hulle uitsprake die US se beeld skade berokken (Venter 2011:2). Studenteklagtes is nie ernstig genoeg gehanteer nie en die belangrikheid van die mosie sou juis wees die jonger stemme wat vol vuur tot die debat toetree. Hoe die US daarop reageer, sou ’n aanduiding vir voornemende studente wees of Afrikaans ernstig bejeën word. AfriForum se steun vir die mosie was om bevestiging te kry oor wat vir US die swaarste weeg – “Afrikaans en akademiese uitnemendheid deur moedertaalonderrig, of gehoorsaamheid aan die ideologie van die regerende party” (Venter 2011:2). Die president van die SAOU met ’n mandaat van 32 000 lede se reaksie op die mosie was dat die toekoms van die taal ook afhang van beurse vir Afrikaanssprekendes omdat slegs 54% van die leerlinge wat vir universiteit kwalifiseer uiteindelik daar tereggekom het. Verdwyn Afrikaans op tersiêre vlak, sou daar geen aansporing meer vir leerlinge wees om na Afrikaanse skole te gaan nie (Malan 2011a:4).

Die konvokasiemosie is deur *Rapport* in ’n hoofartikel met bytende kommentaar en onverbloemde kritiek teen die US se bestuur gesteun as ’n “tydige alarm oor die volgehoue verswakking van Afrikaans as ’n akademiese

taal aan die US" (*Rapport* 2011:2). Daar is op gewys hoe die mosie wyd deur die Afrikaanse gemeenskap gesteun word en hoe belangrik dit was dat dit uit die geledere van die jonges afkomstig was. "Die leierskorps van die universiteit, raad en bestuur is ten beste aktief ongeërg oor Afrikaans, eintlik vyandig. Hulle het die kuns vervolmaak om hul boodskap te kalibreer na gelang van die gehoor." Vir diegene wat dit te Afrikaans vind, word die US se Afrikaanse karakter onderspeel; vir dié wat vir Afrikaans wil optree, is die dubbelsinnige reaksie dat daar geen rede vir kommer is nie omdat die bestuur Afrikaans belangrik ag. Die werklike "tragedie is dat die verwatering gedoen word in die naïewe geloof dat dit die US sal laat inpas by die ras-ideologie hegemonie wat die ANC aan die land probeer opdwing". Boonop word steeds foutiewelik voorgehou dat Engels ’n voorvereiste vir akademiese uitnemendheid is. Die bestuur is daarvan beskuldig en verwyt dat hulle tot in daardie stadium nog nooit op die vraag gereageer het waarom daar nie een volwaardige Afrikaanse universiteit kan wees in ’n landstreek waar die meeste mense Afrikaans praat nie. Die kampus het histories sterk bande met Afrikaans en daar kon talle opvoedkundige, morele en praktiese argumente oor die belangrikheid van Afrikaans geopper word. Al wat ontbreek het, was "’n bietjie ruggraat". Die raad is gewaarsku om ag te slaan op die vrese en eise soos gestel in die mosie, of dit kon dalk te laat wees vir Afrikaans se voortbestaan by die US (*Rapport* 2011:2).

Op die voorblad van dieselfde *Rapport* was die opskrif "Gee terug ons taal", wat gehandel het oor die "inploffing van Afrikaans" (Malan 2011:1). Daar is berig hoe toonaangewende burgerlike organisasies die universiteitsbestuur beskuldig van ’n "sleepvoethouding" oor Afrikaans en dat die taal blykbaar besig was om vanaf 6% tot 11% per jaar in die verskillende fakulteite te verskraal. Die gemiddelde aanbod van Afrikaans het onder Botman met 10% gedaal en het in daardie stadium (2011) op 38% gestaan. Die bestuur by name is vir hierdie drastiese daling verkwalik. Steun vir die jong studente se protesmosie het wye weerklank gevind en wel vanuit die oord van die ATR, die SA Akademie, die SAOU, die SBA, die FW de Klerk-stigting, AfriForum, die FAK, die Regslui vir Afrikaans en die Voortrekkers. Almal het die mosie belangrik geag uit oortuiging dat die agteruitgang van Afrikaans by die US verreikende gevolge

vir die hele Afrikaanse leefwêreld, onder andere die media, kunste, boekbedryf, ensovoorts, sou meebring. Bewerings is ook gemaak dat die taalbeleid van 2002 nog net in teorie bestaan, parallelmedium nooit ingevoer is nie en daar geen deeglike ondersoek na tolkdienste gedoen is nie (Malan 2011:1).

Ook oorsee is belangstelling getoon oor wat met Afrikaans by die US aan die gebeur was. In Nederland het die voorsitter van die Interparlementêre Kommissie van die Nederlandse Taalunie, Martin Bosma (lid van die mees regse party, die Partij voor de Vryheid, wat in die vorige jare al meer steun begin wen het) ’n versoek tot die regering gerig om hulle te beywer vir die behoud van Afrikaans by die US. Bosma was van mening die US-studente die entoesiastiese steun van die Taalunie vir hulle beywering vir Afrikaans verdien het, omdat die oorlewing van die taal op tersiêre vlak van enorme belang vir die oorlewing van Afrikaans (so nou verbonde aan Nederlands) as minderheidstaal was (Scholtz 2011:4).

’n Briefskrywer in *Die Burger* het spesifieke voorbeelde genoem van hoe dubbelmediumonderrig by die US nie behoorlik gemonitor word nie (André 2011:11). Sy bewerings was: wanneer daar net een Engelssprekende in die klas is, word daar na Engels oorgeskakel, omdat van die Engelssprekendes onredelik is en wanneer hulle kla, slaan die dosent oor na Engels; van die sekretaresses en personeel dring daarop aan om in Engels te kommunikeer; fakulteite en departementshoofde is afsydig teenoor Afrikaans; van die notules en agendas is periodiek in Engels; en die bestuur is oningelig oor die werklike situasie op grondvlak (André 2011:11).


Op al bogenoemde bewerings en aantygings het die US deur sy woordvoerder uitvoerig reageer deur te verduidelik dat elke fakulteit ’n “taalimplementeringsplan” het wat “oorhoofs aan die taalbeleid en taalplan van die universiteit uitvoering gee” (Krige 2011:4). Dekane moes dit monitor en daaroor rapporteer; die bestuur moes jaarliks aan die raad verslag lewer daar is meganismes geskep om studente se taalprobleme te hanteer; en ingeval van ontevredenheid was daar geleentheid vir appèl na ’n ombudsman.

Die US het verder ontken dat parallelmedium nie ingestel is nie en dat dit wel in die fakulteite natuurwetenskappe, ingenieurswese, ekonomie en die

bestuurs- en agriwetenskappe toegepas word, Dit sal gaandeweg ook na die senior studiejare uitgebrei word. Dit is ook as onwaar uitgewys dat tolkdienste nog nie behoorlik ondersoek is nie, aangesien 'n ondersoek reeds met die hulp van die NWU gedoen is waarna 'n navorsingsprojek as deel van die onderrigmodel afgehandel is. Die berekening van hoe Afrikaans nog net 38% uitmaak, is ook bevraagteken, want vir 2012 en volgens 'n formule wat deur die raad aanvaar is, was dit 62% (Malan 2011:1). Die woordvoerder van US het ook twyfel uitgespreek oor die syfers van die De Klerk-stigting waarop die mosie gebaseer is en dit as 'n "aanklag teen US se bestuursintegriteit" bestempel omdat US se eie syfers betroubaar verklaar is (Krige 2011a:4).

Die grafiese voorstelling vir 2011 van die onderrigaanbod in Afrikaans en Engels volgens fakulteit het soos volg daar uitgesien (Krige 2011b:4.)

**Onderrigtaal aan die US**




| | A-opsie | E-opsie | T-opsie | A&E-opsie |
|---|---|---|---|---|
| 2004 | 73.7% | 4.8% | 17.8% | 3.7% |
| 2006 | 54.1% | 5.8% | 36.1% | 4.0% |
| 2010 | 36.5% | 4.9% | 45.0% | 13.5% |

| | |
|---|---|
| A-opsie: | Klasse net in Afrikaans |
| E-opsie: | Klasse net in Engels |
| T-opsie: | 'n minimum Afrikaanse aanbod van 50% in die klas |
| A&E opsie: | Engelse en Afrikaanse klasse apart aangebied. |

### *3.24.2 Reaksies op die mosie*

Die konvokasie se mosie is op 10 November na "robuuste debat" in die HB Thom-teater aanvaar en van die persone wat onder andere 'n spreekbeurt gekry het, was professore Lina Spies en Amanda Gouws en raadslede Adelbert Scholtz en Jan Heunis (Krige 2011b:4). Heunis se opmerking was dat die Afrikaanssprekendes wat aandui dat hulle in Engels onderrig wil ontvang tog sekerlik by baie ander universiteite geholpe kan raak. Spies se argument was dat Afrikaans nie baat by die T-opsie nie omdat 'n dosent wat van een taal na 'n oorslaan deur baie studente as baie irriterend ervaar word. Aanvanklik is net 20 minute vir die mosiedebat beplan, maar toe daar versoek is vir meer tyd sodat meer studente hulle saak kon stel, is dit deur Kapp as president geweier, waarop sowat 40 mense die saal verlaat het. By hierdie geleentheid het Botman ook sy rektorsjaarverslag te berde gebring en te kenne gegee dat die parallelmediumopsies uitgebrei moet word. Hy het ook tolking in die vooruitsig gestel. Tydens die vergadering het Kapp uitgetree en is hy deur prof. Christo Viljoen as president vervang (Krige 2011b:4).

Botman het in sy spreekbeurt sy bes gedoen om te probeer verduidelik dat die US lankal reeds nie meer uitsluitlik Afrikaans is nie, dat die Afrikaanse aanbod 60% is en dat hy tevrede is probleme wat betref dubbelmedium is uitgestryk. Hy het ook tolkdienste in die vooruitsig gestel en onderneem dat ondersoek weer ingestel sou word na die stand en verloop van onderrig in Afrikaans, alhoewel daar geen blyke van klagtes by die bestuur aangemeld is nie. Die studente wat Engels verkies het, het dit gedoen omdat dit "in die mode" was en hulle "skaam kry vir hulle Afrikaans". As rektor moes hy studente se vryheid van keuse respekteer asook die geleentheid om hulle studies in meertalige konteks te beoefen. Sy sinvolle standpunt was: "Die toekoms lê in diverse tongvalle, in uitnemendheid en relevansie." (Malan 2011c:10)

Die konvokasie se mosie is verwys na die rektoraat wat in daardie stadium uit Botman as rektor, die drie viserektore – Julian Smith, Magda Fourie-Malherbe, Arnold van Zyl – en Leopoldt van Huyssteen bestaan het. Alhoewel Botman tydens die bespreking van die mosie beklemtoon en herhaal het dat Afrikaans nie by die US tot uitsluiting van ander studente gebruik kan word nie, is die

konvokasiemosie nogtans met 'n oorweldigende 181 teen 26 stemme aanvaar. Die mosie het gelui dat by die US: Afrikaanssprekendes 'n grondwetlike reg op moedertaalonderrig het en die US "by uitstek" die universiteit is waar dit kan geskied; 'n volwaardige tuiste vir Afrikaans in alle fakulteite geskep moet word en indien Engels ook aangebied word dit deur middel van tolkdienste of parallelmedium gedoen moet word; die agteruitgang van Afrikaans omgekeer moet word (Malan 2011c:10).

Die protes van die konvokasie het so wyd en luid steun uitgelok en prominente aandag getrek dat die rektor verplig gevoel het om 'n hand van vriendskap na die konvokasie te reik (Malan 2011c:10). Hy het onderneem om beter saam te werk oor die toekoms van Afrikaans, veral ten opsigte van die bestuur daarvan as onderrig-, voer- en wetenskapstaal. Soos reeds daarop gewys het Botman twee jaar tevore (kyk p. 129) alle bande met die konvokasie se uitvoerende bestuur verbreek na Kapp se "kettingsae wat die eikeboomtakke terugsnoei-toespraak" voor die konvokasie toe Botman summier die bestuur se kwartaallikse ontmoeting met die konvokasie opgeskort het (Malan 2011c:10).

## 3.25 Die De Vos/Heese-woordherrie: 'n "nuwe laagtepunt"

Juis op hierdie moment het 'n hernieude en nog feller taalgeveg die US getref. Prof. De Vos, bekende grondwetkenner en UK-dosent wat in 'n stadium een van die kandidate in die verkiesing van die US-universiteitsraad was, het vroeg in November 2011 sonder omhaal van woorde op sy blog beweer dat die taalbulle besig was om Afrikaans te skaad. Sy aanklag was vanweë die indruk wat hulle geskep het dat hulle agter Afrikaans skuil om die universiteit oorheersend wit te hou (Krige 2011:4). Hy het daarop gewys hoe hulle argumenteer dat hulle reg op Afrikaanse onderrig gewaarborg word deur artikel 29 van die Grondwet, 'n bepaling wat in werklikheid stipuleer dat dit slegs kan gebeur "waar sulke opleiding redelik uitvoerbaar is" en met die belangrike voorbehoud dat rassediskriminasie nie teruggebring kan word deur agter taal te skuil nie. Indien die vegters vir Afrikaans hul wit voorregte wou behou, "moes hulle jare terug gesorg het dat effens minder stompsinnige mense namens hulle by

die Grondwet-vergadering gepraat het" (Krige 2011:4). De Vos het daaraan herinner dat taalregte nie "absoluut" is indien ander menseregte geskaad word nie. Omdat die US 'n nasionale bate was, kon dit nie ander tale of kulture uitsluit nie en indien dit wel nie diskriminerend was nie en prakties moontlik en uitvoerbaar was, kon daar op moedertaalonderrig aangedring word. Die kernprobleem was egter dat 'n enkelmediuminstelling noodwendig diskriminerend is en Afrikaanse eksklusiwiteit het noodwendig diskriminasie teen nie-Afrikaanse sprekers veronderstel. Ten slotte het hy erken hy weet self nie presies hoe 'n "multikulturele, multilinguistiese universiteit" daar moet uitsien nie (Krige 2011b:4).

Die bykans moedelose reaksie van Scholtz op De Vos se stellings was dat die debat nie 'n "enkele millimeter gevorder" het in vergelyking met 'n paar jaar vantevore nie (Scholtz 2011b:10). Hy het daaraan herinner hoe hy reeds met die aanvang van die taalstryd in 2002 herhaaldelik daarop gewys het dat die twee groepe wat mekaar teenstaan by mekaar verby praat met "starre en onbeweeglike standpuntinname aan beide kante". Werklike kommunikasie en oop gesprek tussen hulle het inderwaarheid onmoontlik geword. Diegene wat vir Afrikaans veg, het hy verdedig deur sy oortuiging uit te spreek dat hulle dit op "praktiese, akademiese en pedagogiese gronde" fundeer en deurgaans die wetenskaplik-bewese belangrikheid van moedertaalonderrig aksentueer. Reeds in 'n vroeë stadium (Augustus 2003) het die destydse voorsitter van die US-taalkomitee beloof die Afrikaanse opsie sal 70% uitmaak, wat hoegenaamd nie gerealiseer het nie. Verder het 'n opname reeds in 2006 die ontstellende bevinding gemaak dat kursusse wat veronderstel was om dubbelmedium te wees, eentalig aangebied is.

Scholtz se vertolking van die taalgebeure was dat die teenstanders van diegene wat die US oorwegend Afrikaans wou hou, ideologiese argumente na vore haal en hulle opponente daarvan beskuldig dat hulle taal as 'n rookskerm gebruik vir hulle eintlike oogmerk, naamlik om die US 'n wit universiteit te hou. De Vos het dit pas weer gedoen sonder enige klinkklare bewyse. Wanneer die teenstanders van die taalstryders daaraan herinner word dat leiersfigure soos Van der Ross, André Brink, Breytenbach en ander leiersfigure ook Afrikaans

steun, volg daar doodse stilswye. Scholtz moes met De Vos saamstem dat artikel 29 van die Grondwet eentalige onderwysinstellings wettig, mits dit nie rassediskriminasie veronderstel nie, maar wou hy weet: "Wat is dan verkeerd met 'n Afrikaanse Stellenbosch wat inklusief is en nie diskrimineer nie?" (Scholtz 2011b:10)

Ook Marié Heese het heftig reageer op De Vos se kritiek teen die taalstryders, wat tot 'n hewige, en een van die venynigste woordetwiste in die loop van die hele taalstryd sou lei, asook wyer 'n tamaai polemiek sou ontketen. Sy het onbeteueld haar woede betuig teenoor "Peertjie de Vos wat klasgee by daardie befaamde tweetalige inrigting die Universiteit van Kaapstad" vir sy stelling dat indien die taalbulle weens hulle stompsinnigheid maar net wil verdwyn, Afrikaans beter daaraan toe sal wees (Heese 2011:3). Sy het hom as 'n akademiese liggewig bestempel, wat nie eens Engels reg kan gebruik nie ("Taalbulle argues [sic]") en wat die beyweraars vir Afrikaans by die US as uitsluitlik spierwit uitbeeld asof Afrikaans slegs deur wit mense gepraat word. Hy beweer dat hulle probeer teruggryp na 'n volkstaat en almal wil "deporteer wie se hare krul" en weer vir Verwoerd "laat opgrawe, balsem en ten toon stel in 'n glaskas voor die parlement". Sy het onbeskaamd haar steun vir die pasaanvaarde konvokasiemosie betuig en daaraan herinner dat dit ook deur baie ander wat nie "lelieblankes" is nie, ondersteun word. Vir haar was die mosie nie letterlik 'n mosie van wantroue in die US-bestuur nie, maar eerder 'n gebaar van algehele wanhoop. In 'n reaksie-konvokasiemosie het die bestuur teengekap deur te beweer die mosie was op foutiewe veronderstellings gebaseer, maar sy was om verskeie redes steeds oortuig Afrikaans is aan die agteruitgaan: al die basiese B-grade by US kon nie meer in Afrikaans voltooi word nie; die Afrikaanse aanbod het sedert 2004 al hoe kleiner geword; as gevolg van die T-opsie het Engels al hoe meer oorgeneem, wat in stryd was met die US-raad se taalvoorskrifte; by sommige departemente soos sielkunde, wiskunde en aktuariële wetenskap swaai Engels die septer; Afrikaans se agteruitgang word nie deur die bestuur gestuit nie, en hulle optrede skep nie vertroue dat daar sterk opgetree word om Afrikaans se agteruitgang te probeer keer nie. Ten slotte het Heese gewaarsku sy sou bly veg en nie stilgemaak word

nie. “Beter manne as jy [De Vos] het al probeer. En die gras groei groen op hul grafte.” (Heese 2011:3)

In ’n striemende teenaanval het De Vos op Heese se “ernstig die bliksem”-in wees oor die miskenning van mede-Suid-Afrikaners se regte gereageer. Hy het haar aangeraai om hom eerder oor “ware ongeregtigheid” so te ontstel: oor die honger in die land terwyl korrupsie seëvier; oor hoe sommige Afrikaners met die hulp van Engelse kapitaliste swart Suid-Afrikaners onderdruk weens hulle velkleur of omdat hulle nie Afrikaanssprekend is nie (De Vos 2011:2:2). “Maar nee, die welvarende wit mense kerm luid dat Afrikaans nie meer as die “baas van die plaas en hou jou bek-taal” op die US-kampus kon koning kraai nie”. Tot sy skok moes hy uitvind hoe Heese die “bliksem in is oor die huigelary en morele geheueverlies van sommige Afrikaners”. Sover sy kennis strek, het sy nooit haar stem verhef teen die onderdrukking in die “naam van Afrikaner-Nasionalisme (en met goedpratery uit Matiegeledere) teenoor die meerderheid Suid-Afrikaners” of teen die koshuise se rasse-apartheid nie. Volgens hom het sy nou haar stem verhef omdat die eertydse onderdrukkers dalk die lydendes kan word wanneer hulle dalk deels in Engels onderrig moet word. “Ag, sou hulle kon uitroep, wie gee tog om vir die ses miljoen Jode wat ons vermoor het as selfs een Duitser dalk gedwing word om in Engels of Hebreeus klas te loop.” Heese was in die “apartheidsjare” (toe ’n tweederangse skrywer nog ’n geldjie daaruit kon maak) ’n tweederangse Afrikaanse romanskrywer en om ekstra geld te verdien, nou in haar oudag ’n Engelse romanskrywer. Hy het erken sy beheer die Rooitaal beter as hy, want hy het Engels geleer by ’n Broeder-Afrikaner wat hulle gewaarsku het om ywerig te leer sodat die “zotters” nie hulle werk afvat nie. Van eerlikheid en geregtigheid weet sy kennelik bitter min (De Vos 2011:2:2).

De Vos het onder andere daarna verwys dat daar meer as 35 000 swart studente by die UK en UWK is, terwyl daar sowat 8 000 swart studente by die US is, waarvan minder as die helfte “African” is. Sy afleiding was dat talle swart studente nie kans sien om by die US te studeer nie, omdat dit steeds ’n oorwegende Afrikanerinstelling is, en omdat “ongure karakters soos Heese in die US se raad gedien het” (De Vos 2011:2:2). Volgens hom

sê sy en die taalbulle "te moer met die swart nerwe wat nie aan ons eertydse onderdrukkende taal onderdanig wil wees nie". Om slegs die handvol bruin Afrikaanssprekendes in aanmerking te neem en jouself te probeer wysmaak dat die taalbeleid nie die meerderheid swart Suid-Afrikaners vervreem nie, is "absurd en onlogies". Die meeste van hulle onthou nog dat Malan, Verwoerd, Vorster en Botha kanseliers van "daardie eertydse bakermat van fascisme" was. Eintlik is hy bly oor haar woede, want dit kan die begin wees van haar bekering tot 'n "meer eties regverdigbare bestaan". Hopelik sal sy dan begin besef hoe onaanvaarbaar en onregverdig dit is dat "'n nasionale bate soos die US 'n taalbeleid volg wat dit vir die meeste Suid-Afrikaners (wie se ouers dalk deur Afrikaner-polisiemanne gemartel of vermoor is of in opstand gekom het teen die gedwonge aanleer van Afrikaans in Soweto) onmoontlik maak om daar te gaan studeer". Elkeen behoort eers sy eie aandadigheid in die onderdrukking te erken voordat 'n mens geloofwaardigheid kan bereik. "En dalk sal dit help om te begin deur mens se bek en mens se beursie te laat praat deur romans te skryf in die taal wat mens voorgee om so innig lief te hê." (De Vos 2011:2:2)

Hierdie aanval het Heese in siedende woede laat losbrand oor De Vos se "Afrikaner-*bashing*" waarin 'n karikatuur geskep word van die stryders vir die taal asof hulle wit rassiste is. In 'n gesprek tussen Heese en Hanlie Retief is in groot opskrifte op die voorblad van *Rapport* berig hoe Heese te kenne gee dat De Vos niks van taalnavorsing of linguistiek weet nie (Retief 2015c:1). Heese het verskeie taalkenners aangehaal wat ontkenning, verwaarlosing van en gebrek aan moedertaalonderrig selfs 'n "misdaad teen die mensdom" noem. Wat betref sy neerhalende opmerkings oor haar publikasies kon sy hom driftig weerspreek dat sy al werk in "*beautiful* Afrikaans en in *beautiful* Engels" gelewer het en selfs daarin geslaag het om haar werkwoorde reg in te span. Volgens Retief is Heese se goeie literêre bydrae bevestig in haar bekroonde werke, *Die uurwerk kantel* en *Double Crown,* waarvoor laasgenoemde 'n Statebondsprys verower het, asook in Heese se kort- en reisverhale. Heese se vaste oortuiging was dat studente se taalkennis op universiteit ontoereikend is en wanneer sy die argumente hoor dat studente en hulle ouers Engelse onderrig eis terwyl hulle moedertaal Afrikaans is, weet sy dat om Engels

vanaf eerstejaarsvlak te wil neem, ’n resep vir akademiese mislukking is. Wie bevoordeel word, is die rykes se kinders in private skole, maar wat steeds ontmagtig bly, is hulle wat dit nie kan bekostig nie, veral die Afrikaanssprekende jeug op die platteland. Vir haar was die antwoord tolkdienste. Sy was ook nie bewus van enige navorsing by die US oor die werklike effektiwiteit en voor- of nadele van dubbelmediumonderrig nie. Ten spyte van die positiewe dinge wat vir Afrikaans op die kampus gedoen is, was daar geen sterk wilsbesluit by die US-bestuur om Afrikaans kragtig te ondersteun nie. Sy kon haar stellings oor die agteruitgang van Engels by die US met feite staaf en op wye front het sy ’n *male fide* teenoor Afrikaans by die regering waargeneem. Vir haar was die laaste strooi toe die taalbesluite op die Arabella-landgoed (kyk p. 74) “sommer tjop-tjop en ongekonstitueerd deurgedruk is” en sy na haar protesbrief in die koerant “onder sensuur geplaas is” (kyk p. 76). Sy het wel om verskoning gevra dat sy ’n raadsbespreking openbaar gemaak het, maar is steeds oortuig dat sy dit tot voordeel van die studente gedoen het. Omdat sy in haar jare van onderrig min met wit studente gewerk het, begryp sy die probleem van oorlopens toe vol klasse en gebrekkige hulpmiddels. Verder toon en die geskiedenis van opvoedkundige stelsels wêreldwyd die problematiek wat ontstaan wanneer groot getalle jongmense skielik onderrig moet ontvang. Selfs die politikus dr. Mamphela Ramphele het erken Bantoe-onderwys was beter as die huidige skoolonderrig, maar Heese onthou ook Verwoerd se “absoluut horribale” toespraak dat bruin kinders nie hoef te leer nie, maar houthakkers en waterdraers moet bly. Haar siening was dat rektor Brink die US-skip reeds aan die begin (2002) op die “Engelse glybaan” gedraai het (Retief 2015c:1).

Indien die demokratiese Grondwet as die groot kantelpunt in die geskiedenis van die land beskou word, behoort juis die bepalings daarvan die grondslag van openbare taalbeleid te vorm, was Heunis se reaksie op die De Vos/Heese onverkwiklikheid (Heunis 2011:2). Hy het dit jammer gevind dat De Vos kom nie by die grondwetlike kwessies waarvan hy ’n kenner is, bepaal het nie. Hy moes sy vertolking van artikel 6(2) van die Grondwet gegee het waarin die verpligting op die staat geplaas word om “praktiese en daadwerklike maatreëls” te vind om die status van die inheemse tale te verhoog en hul gebruik te

bevorder. Volgens artikel 6(4) moet Afrikaans gelyke status met al die ander tale gegun word en artikel 29(2) stel die reg van almal om in die taal van hulle keuse onderrig te ontvang. Die staat is onder die verpligting om "alle redelike opvoedkundige alternatiewe" te oorweeg insluitende enkelmediuminstellings. De Vos toon homself onbewus van die US se tegemoetkomende beleid van voorgraadse lesings ook in Engels. Die inperking van Afrikaans by die US sou nie die ander swart tale bevorder nie en slegs Engels – die "mees on-Afrika-taal" – bevoordeel. In sy aanval op Heese het De Vos hom met beuselagtighede bemoei. Hy sou ŉ veel beter bydrae gelewer het as hy grondwetlike kwessies goed deurtrap het en minder skeltaal teenoor Heese kwytgeraak het (Heunis 2011:2).

In die oë van die nuwe president van die konvokasie was De Vos se bydrae ŉ "nuwe laagtepunt in ŉ debat wat in die verlede dikwels gekenmerk is deur neerhalende, persoonlike aanvalle, etikettering en kleinering" (Viljoen 2011:3). Viljoen se versugting was dat "beide kante van die taaldebat-skeurvallei" hulle ongure aanvalle op mekaar moes staak. Die rektor het kort tevore in ŉ TV-onderhoud verklaar dat hy ouers waarborg dat hulle kinders Afrikaanse onderrig by die US sal ontvang. Verder wou Viljoen probeer opklaar waarom, ten spyte van so ŉ duidelike versekering, die taaltwis steeds voortwoed. Volgens hom kon dit toegeskryf word aan vyf wetenskaplike ondersoeke wat almal die agteruitgang van Afrikaans oopgevlek het, sowel as wetenskaplike taalsosiologiese bewyse waarop die taalstryders hulle kon beroep. Hulle teenstanders het nie sulke vaste gronde het nie gehad nie; daarom het laasgenoemdes hulle na bitsige skeldwoorde soos "taalbulle" en "ou omies" gewend om eersgenoemde se standpunte te probeer verkleineer. Hulle argumente wentel hoofsaaklik om die belangrikheid van Engels as ŉ wêreldtaal en hoe studente deur Engels bevoordeel word wanneer hulle werk in die arbeidsmark moet probeer vind. Hierdie sentrale en sterk argument het Viljoen probeer weerlê deur daarop te wys dat baie Maties wat in Afrikaans afgestudeer het daarin geslaag het om selfs op internasionale vlak groot sukses te behaal. Die teenstanders staan sterk krities teenoor tersiêre studie in Afrikaans omdat ŉ inklusiewe Afrikaanse universiteit blykbaar steeds

ongrondwetlik is. Maar wat dan, wil hy weet, van die uitsluitlik Engelstalige universiteite? Telkens gryp hulle die morele argument aan deur na die US se geskiedenis van steun vir die apartheidsregering van destyds te verwys en beweer (wat hom betref foutiewelik) dat Afrikaans gebruik word om die US wit te hou en swart studente te verhoed om daar te studeer. Vir Viljoen was die "elementêre waarheid" dat Engels nie 'n universeel-verstaanbare taal in Suid-Afrika is nie en die sowat 20 Engels-eksklusiewe universiteite nie toeganklik is vir baie studente wat Engels nie behoorlik beheer nie (Viljoen 2011:3).

Volgens Viljoen het die taaldebat weens veral twee redes voortgeduur: die universiteit se belofte en waarborg van 60% gemiddeld Afrikaans, asook die feit dat die helfte van die fakulteite nie daaraan voldoen het nie; en verder die ontevredenheid oor die dikwelse verbreking van die 50% Afrikaanse minimum. Een van die ligpunte was darem dat tolkdienste oorweeg word en die hoop dat die alumni-mosie met erns betrag sal word. Viljoen het die versekering gegee dat die konvokasie se welwillendheid teenoor die rektor betoon sal word en daarom sou hy 'n persoonlike gesprek met die rektor bo openbare debat in die media verkies (Viljoen 2011:3).

Die eskalerende woordetwis tussen Heese en De Vos het wyer uitgekring, sodat selfs een van die vooraanstaande politici in die Wes-Kaap, André Gaum, tot die debat toegetree het. Hy het daarop gewys dat diegene wat vir Afrikaans stry, uitgemaak word as "hiperkonserwatief … die teenpool van redelikheid en verligtheid" (Gaum 2011:11). Die teenstanders gebruik "onverdraagsame retoriek" en een van hulle is nogal De Vos in diens van 'n universiteit wat geensins veeltaligheid nastreef nie. Gaum was van mening Suid-Afrika het reeds verby die punt beweeg waar mense deur sulke aantygings afgeskrik word. Botman se toespraak tydens die konvokasievergadering het nie oortuig nie en nie gestrook met ander getuienis nie, maar wat wel waar was, was sy stelling dat die US 'n plek moet wees waar plaasboere se kinders ook tuis kan voel en in Afrikaans kan studeer. Hy meen sulke studente moet meer aktief gewerf en die nodige beurse vir hulle gevind word. Die argument dat sommige studente skaam is vir hul Kaapse aksent, oortuig ook nie.

Die US kon inderdaad ’n belangrike rol speel om ook negatiewe persepsies oor Kaapse Afrikaans te besweer (Gaum 2011:11).

Vir Gaum was die wesenlike vrees daarin geleë dat wanneer dubbelmedium nie voldoende gemonitor word nie, dit tot Engelse oorheersing kan lei. Dit het egter nie gelyk of US die bedreiging wat Engels inhou ernstig opneem nie. Hy moes selfs hoor dat die US se oogmerk om ’n wêreldklasuniversiteit te word deur Afrikaans gekortwiek word. Indien die US dan deur dubbelmedium moet verengels, wonder hy: “Ruik ons lont hier, professore?” Die UK en Wits is eentalig en het nie juis veel beter as die US op die jongste universiteitsranglys gevaar nie. Die Franssprekende Sorbonne het wel die top 100 gehaal en blykbaar is die Nederlandssprekende Leiden net so ’n goeie universiteit. Deur parallelmedium en tolkdienste kan die US “die mees nierassige, inklusiewe universiteit in die land word”, maar dit verg “visie, verligtheid, leierskap en wilskrag om dit na te streef” (Gaum 2011:11).

Hoeveel keer nog, was C-P Naudé se moedelose reaksie, moet die wetenskaplike feite voorgelê word dat Afrikaans by die US besig is om ten gronde te gaan en dat die T-opsie talle nadele inhou soos dat dit nie transformasie ten goede kom nie, uitgestotenes benadeel, geensins “politiek struktureel bevorderlik of genuanseerd is” nie en nie bevorderlik vir “regverdigheid, taal-inheemsheid, kennisuitbreiding, vrye denke, menseverhoudings, ware demokrasie, Afrika-identiteit of trots” is nie? (Naudé 2011:16). Volgens Naudé het die tyd aangebreek dat die stryd vir inheemse taalontwikkeling hom op die Verenigde Nasies (VN) moet beroep.

## 3.26 Bruin leiers tree in die bresse vir Afrikaans: US se “spiritus op die bloeiende kleintoontjie van Afrikaans”

In sy steun vir Afrikaans het Maarman vertel hoe hy tot sy verbasing ’n uitnodiging na die Afrikaanse “high tea” ontvang het om saam te besin oor Afrikaans en dat hy moes vind hoe “hierdie wêreldklasplek van uitnemendheid in die Eikestad só vinnig aan die verengels is dat jy die Afrikaanse ribbekas al kan sien” (Maarman 2011:12). Om die “taal-anoreksie te stuit” het die uitnodiging aan die “kombuistaalsprekers” gekom om Afrikaans weer “spekvet”

te maak (Maarman 2011:12). Hy het verwys na Heunis se uitlating dat die US ’n belangrike bydrae kan lewer om die neerkyk en negatiewe opvattings oor Kaapse Afrikaans uit die weg te ruim. Maarman het Botman aan sy belofte herinner dat US ook ’n plek vir die plaasarbeider se kinders moet wees en kon hoegenaamd nie begryp dat die universiteit nie die “taaltameletjie kan/wil oplos nie”. Dit was tog deel van die demokratiese proses toe besluit is dat Afrikaans nie sy plek sal verloor nie.

> *Hoekom voel dit dan vir my hierdie oefening is presies die resiprook van die ooreenkoms wat gesluit is. Kortom: Dit kan net verneukery wees as daar nou iets anders kom as wat op die spyskaart gedruk is. Baie van daai studentekorps se identiteit, se kern, se alles lê opgesluit in Afrikaans. Hulle kan niks anders wees nie. Maar dit lyk of die US-bestuur aspris spiritus op die bloeiende kleintoontjie van Afrikaans gooi.* (Maarman 2011:12)

Van der Rheede se bydrae in hierdie stadium was dat hy dit as onsin beskou dat Afrikaans as onderrigtaal swart studente uitsluit (Van Wyk 2011:21). Duisende bruin en swart studente in Afrikaanse skole sal die geleentheid te baat wil neem om aan ’n Afrikaanse universiteit van hoë kwaliteit te studeer indien hulle beurse ontvang. Hulle is egter nie die residensiële universiteit se “voorkeurstudente” nie, want hulle kom nie uit die middelklas nie en is nie finansieel daartoe in staat om universiteit toe te gaan nie. Dit is nie Afrikaans wat uitsluit nie, maar die ekonomiese faktor en hy glo Afrika sal in ’n “bakhand-mentaliteit” vasgevang bly solank dit van Engels afhanklik is. Afrika “sal bevry word die dag as ons die inheemse kennispraktyke op ’n wetenskaplike wyse begin benut en ontsluit vir menseontwikkeling”. Afrikaans behoort by ten minste die US en NWU as volwaardige onderrigtaal behou te word. Sou dit nie realiseer nie, het tale soos Sotho, Zoeloe en Xhosa geen kans om ooit as volwaardige wetenskap- en onderrigtale op universiteitsvlak te ontwikkel nie. Van der Rheede se argument was dat daar meer bruin en swart as wit Afrikaanse moedertaalsprekers is en indien Afrikaans op tersiêre vlak verdwyn, word ook hulle verontreg (Van Wyk 2011:21).

’n Mens skryf ’n verhandeling vinniger in jou eie taal as in Engels en dit kan dan vertaal word, was Heilna du Plooy, prof. in Afrikaans by NWU se standpunt. “Dis ’n politieke argument om te sê taal sluit mense uit, want as alle universiteite in Engels funksioneer, sluit jy per definisie alle Afrikaanssprekendes uit. Wie is geregtig daarop om nié uitgesluit te word nie en wie moet dit verduur?” wou sy weet (Van Wyk 2011:21). Die meeste HAU’s help studente ruimskoots in Engels. Dit is net by die NWU dat Afrikaans nog die enigste onderrigtaal is, en ook daar word studente deur tolking bygestaan, het Visagie, hoof van UP se departement Afrikaans, beklemtoon. Ook Brand, senior lektor in sistematiese teologie by die US, was van mening dat Engels “’n eksklusiewe en klasgegronde taal” is. “Dis die lingua franca van die middel- en hoër klas en nie van die arm, landelike Suid-Afrikaners nie.” Daar is nie een enkele taal wat almal insluit nie (Van Wyk 2011:21).

Wanneer die groter prentjie in ag geneem word, is dit onafwendbaar dat studente wel sekere lesings in Engels sal moet neem, was Le Cordeur se siening, maar Afrikaans het die reg om as onderrigtaal gebruik te word, veral ook omdat dit die ander tale kan bemagtig (Van Wyk 2011:21). Steve Hofmeyr het ook laat hoor hy meen daar wêreldwyd universiteite bestaan waar taal ’n toelatingsvoorwaarde is en waarsonder slegs enkele tale sal oorbly en minderheidstale hul hoër funksies sal verloor. Volgens Hofmeyr het Afrikaans reeds geruime tyd “op presies daardie afgrond” gestaan. “Dis houding en gedrag wat swart studente van sekere universiteite weghou, definitief nie taal nie” was die digter Ronelda Kamfer se standpunt (Van Wyk 2011:21). Wat haar betref, was die aandrang op Afrikaans sinvol en geregverdig, siende dat die meeste mense in die Wes-Kaap Afrikaanssprekend is en twee ander universiteite in die provinsie se primêre voertaal Engels is. Dit het vir haar gevoel asof Afrikaans algaande uitgeskuif word en om dit net aan wit mense te koppel was rassisties. Dit was immers die taal van ses miljoen en die US was “polities al te korrek, die skoothondjie van die regering” in plaas daarvan om outonoom te bly ten einde Afrikaans op akademiese en wetenskaplike vlak te bly bevorder (Gaum 2011a:18).

## 3.27 Die raad se afkoelmosie en die senaat se weerspreking van die bestuur

Ten aansien van die taalherrie wat eenvoudig nie wou bedaar nie en al hoe skerper en onverkwikliker geword het, het die raad aan die einde van November 2011 'n "afkoelmosie" oor die taalkwessie aanvaar (Krige 2011d:4). Die redes hiervoor was dat die twis oor Afrikaans te belangrik geag is om vinnig af te handel en veral ook om die oud-Maties kans te gee om die taalkwessie behoorlik te deurtrap. Die idee was om die hele aangeleentheid op 'n spesiale vergadering in Februarie 2012 deeglik te bespreek sodat taalsake op die geskeduleerde Mei-raadsvergadering gefinaliseer kon word. Intussen het die raad in reaksie op die bestuursverslag oor taal, tolking as bykomende opsie aanvaar, terwyl minister Nzimande van sy kant 'n versoek gerig het om bykomende mense in die US-raad aan te stel en wel soveel as waarop hy geregtig was. Die nuwe raadsvoorsitter was George Steyn (Krige 2011d:4).

Weerspreking van die US-bestuur se aannames oor die T-opsie is stil-stil deur die senaat aanvaar en later ook deur die raad as standpuntdokument goedgekeur. Dit het gegaan oor die feit dat die T-opsie nie 'n waarborg vir 50% Afrikaans was nie en die taalstryders inderdaad daaroor korrek was, hoofsaaklik omrede baie Engelssprekende dosente nie in staat was om 50% Afrikaanse lesings aan te bied nie. Die reaksie van een van die taalstryders was: "Hierdie druis natuurlik in teen die verontwaardiging van US-bestuurskant, al die jare en tot vandag toe nog, dat dit hoegenaamd denkbaar sou wees dat die T-opsie nie minstens 50% Afrikaans beteken nie." (Krige 2011e:4) Dit was inderdaad 'n weerspreking en ontkenning van al die versekerings deur die bestuur dat die T-opsie kan werk en wel behoorlik gemonitor word. Die senaat het egter net daarvan kennis geneem. Botman se reaksie was: "Die standpunt van die senaat verwoord die haalbaarheid al dan nie van 'n 50-50 taalhandhawing tussen Afrikaans en Engels in elke klas waar die T-opsie van toepassing is." Hy het daarop gewys dat dit ter sprake gekom het voordat tolking wat sou help om die wanverhouding grootliks uit te skakel, aanvaar is (Krige 2011e:4).

In reaksie op die berig dat die T-opsie nie 50% Afrikaans waarborg nie, het Viljoen herhaal dat Afrikaans steeds op 'n afdraande koers is en ter stawing

die volgende syfers herhaal: die A-opsie daal van 65% in 2004 tot 33% in 2009; die gemiddelde Afrikaanse aanbod daal van 64,33% in 2011 tot 62,85% in 2012, baie naby aan die 60% grens. Sy hoop was dat die raad die moed sou hê om te doen wat reg is en sodoende die "taalbeleid-Rubicon oor te steek" (Viljoen 2011a:12).

Heese het weer haar stem laat hoor en volgehou dat moedertaalonderrig opvoedkundig nie onderhandelbaar was nie (Heese 2011a:13). Ter ondersteuning van haar stelling het sy na navorsing oor kernaspekte daarvan verwys: *Basic interpersonal communication skills* (*BICS*), met ander woorde, alledaagse sosiale kommunikasievaardighede vir konkrete sake wat dui op 'n relatief lae vlak van taalvermoë; *Cognitive academic language proficiency* (*CALP*), wat te make het met die bemeestering van abstrakte en moeilike begrippe en kritiese denke moontlik maak, wat veral in die akademie ter sprake kom. Alledaagse vaardighede veronderstel nie ook vaardigheid in akademiese taalgebruik nie en indien studente goed is in alledaagse vaardigheid, maar swak is in die gebruik van abstrakte en moeilike begrippe in die taal wanneer hulle dosente moeilike begrippe in Engels verduidelik, raak hulle verward en verlore (en uiteindelik aggressief en opstandig). Hulle moet daarom eerstens moeilike begrippe in hulle eie taal bemeester, wat dan in die tweede taal oorgedra kan word. Indien beide dosent en student swak is in die onderrigtaal word dit "seinteorie" en volgens navorsing verg dit vyf tot sewe jaar met behulp van spesiaal-opgeleide dosente vir studente om van alledaagse taalvaardigheid na die bemeestering van abstrakte en moeilike begrippe en kritiese denke in die betrokke taal oor te gaan. Studente sal Engels wel later nodig kry, maar in die land is dit so algemeen en oorheersend dat hulle dit met verloop van tyd self sal kan bybring. Wanneer die tweede taal die moedertaal vervang, benadeel dit studente weens die verskralende en negatiewe uitwerking daarvan op selfbeeld en denkvermoë. Baie Afrikaanssprekendes uit die gegoede klas is vaardig in Engels, maar studente uit die werkersklas met min kennis daarvan voer 'n stryd daarmee en voel skaam en dom daaroor. Navorsing lewer bewyse dat 'n oorheersende taal in 'n dubbelmediumopset die ander taal binne twee jaar verplaas (Heese 2011a:13).

## 3.28 "Laai US-raad met Taalbulle" (Giliomee)

Aan die een kant is die pleidooi gehoor dat die US die geleentheid gegun moet word om outonoom oor sy eie beleid te besluit, want slegs dan kan dit 'n top- internasionale universiteit word. Taalstryders moet die US uitlos en op hulle eie en buite die universiteit voortgaan om die ideaal van 'n totaal Afrikaanse universiteit tot stand te bring. Hulle is daarvan beskuldig dat daar agter hulle taalstryd die begeerte skuil om beheer oor die US te behou "as die laaste buitepos van wit Afrikanermag" (Pro-US-outonomie 2012:8). Aan die ander kant, ongeag bogenoemde argumente, is oud-Maties vroeg in 2012 landswyd versoek om vir drie raadskandidate te stem wat sonder skroom bereid sou wees om die belange van Afrikaans te bevorder (Malan 2012:4). In 'n ope brief het Giliomee versoek dat gestem word vir Koos Bekker, uitvoerende hoof van Naspers, Ainsley Moos redakteur van *Volksblad,* en Piet le Roux, senior navorser by Solidariteit. Die stemmery sou op 15 Maart sluit en die diensperiode was vir vier jaar. Bekker en Adelbert Scholtz se termyn het verstryk, maar hulle was weer beskikbaar. Kadalie het intussen bedank. Die ander kandidate was Omar Henry, uitvoerende hoof van Boland krieket, Le Roux van der Westhuizen, uitvoerende hoof van Millennium Trust, dr. Prieur du Plessis, voorsitter van Plexus Batebestuur en me. Sanet Nowers, direkteur by die Wes-Kaapse onderwysdepartement. Volgens Giliomee sou Bekker, Moos en Le Roux uitstekend as raadslede vaar, veral ten opsigte van die voertaalkwessie, juis omdat Afrikaans se plek wankelrig geword het en verseker moes word. Giliomee se standpunt was dat die stryd vir Afrikaans voortgaan en hy was optimisties dat 'n keerpunt bereik is vir die taal om sy "regmatige plek" te vind, asook die US se plek onder die top-universiteite in die land te verseker en sy "internasionale aansien" verder uit te bou (Malan 2012:4). In dieselfde berig is statistiek verskaf oor:

**Inskrywings aan die US volgens huistaal**

| | 1995 | 2005 | 2010 | 2011 |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | 73,5% | 60,37% | 50,54% | 47,89% |
| Engels | 20,33 | 31,80 | 36,90 | 37,11 |
| Afr/Eng | 1,75 | 1,63 | 3,57 | 4,49 |
| Xhosa | 0 | 1,78 | 2,19 | 4,02 |

*2011: Studente uit Wes-Kaap 63,1; buitelandse studente 9,1% (Malan 2012:4)*

De Vries het by hernuwing sy steun aan Afrikaans toegesê en daarop gewys hoe dit taalsosiologies vasstaan dat in 'n multitalige opset die oorheersende taal oorheers en bevoordeel word, soveel te meer die bevoorregte groepe in die oorheersende taal (De Vries 2012:9). Die parlement was 'n goeie voorbeeld waar Engels die spreektaal geword het en die Engelse moedertaalsprekers dus die meeste bevoordeel word. Taal het te doen met menswaardigheid, kreatiwiteit en eerbied en "met die ruimte van die volledige lewe (Lucebert)". Hy het herinner aan Jan Rabie se uitspraak, "Sonder my taal is ek niks," en die oortuiging uitgespreek: "Hoe dieper menslik, hoe weerloser iets lê, hoe meer laat die argumente van mag en misbruik dit áltyd na domheid klink." (De Vries 2012:9)

Die konvokasielede het op die ou end twee nuwe lede en een herverkose lid tot raadslede verkies wie se dienstydperk op 1 April 2016 sou verstryk: Bekker is herverkies en die twee ander suksesvolle kandidate was Le Roux en Du Plessis (Malan 2012a:10). Die vurige voorstanders vir Afrikaans het dus twee van die drie vakatures ingepalm. Le Roux se siening was dat die toekoms van Afrikaans afhang van die steun van die groter gemeenskap buite die US sowel as die groepe daarbinne. Die US se taalbeleid moes verantwoording kon doen aan die historiese gemeenskap wat hom steun, "nie aan die arbitrêre staatlike ideale met eenduidige definisie van nasionale belang – naamlik Engels" nie. Sy oortuiging was Afrikaanssprekende studente moet steeds hulle voorgraadse studies in Afrikaans kan ontvang en hulle administratiewe kwessies in hulle moedertaal kan hanteer (Malan 2012a:10).

## 3.29 ’n Stormloop teen ’n fakultêre transformasievoorstel

### *3.29.1 Die Yach-verslag*

Vroeg in April 2012 het die fakulteit gesondheidswetenskappe ’n verslag uitgebring op inisiatief van die dekaan, prof. Jimmy Volmink, oor diversiteit, gelykheid en transformasie. Die verklaarde oogmerk daarvan was om almal in die fakulteit welkom te laat voel, hulle vaardighede en talente te ontwikkel en te benut asook gemotiveerdheid te bevorder ten einde produktiwiteit te verhoog (Volmink 2012:19). Volgens die dekaan is opnames in die fakulteit oor ’n wye front gedoen, met insluiting van dosente en studente, waarna 62 aanbevelings geformuleer is waaronder twee oor taalkwessies. Wat laasgenoemde betref, is eerstens die algemene stelling gemaak dat die fakulteit verbind is tot die voortgesette ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in ’n meertalige konteks. Die twee spesifieke taalaanbevelings het gehandel oor die noodsaaklikheid van sterker en duideliker kommunikasie, tesame met die besef dat die fakulteit binne ’n meertalige konteks funksioneer wat Afrikaans, Engels en Xhosa insluit; die tweede aanbeveling het spesifiek verwys na die taalgebruik by die Tygerberg-hospitaal (deel van die US-kampus) met die onomwonde aanbeveling dat Engels daar die primêre kommunikasietaal behoort te wees. Die motivering ten opsigte van laasgenoemde was dat al hoe meer geneeshere en ander gesondheidspraktisyns nie Afrikaans as moedertaal het nie en dat ’n inklusiewe omgewing by die hospitaal geskep moes word sodat gesondheidspraktisyns met pasiënte in hulle voorkeurtaal kon kommunikeer (Volmink 2012:19). Teen die agtergrond van die plofbare taalsituasie was hierdie aanbevelings oor Afrikaans in die verslag ’n plofbare kruitvat.

In die Yach-verslag is onder andere daarop gewys dat die fakulteit erken word as ’n wêreldleier op die gebied van navorsing oor MIV/Vigs en tuberkulose. Die stelling is gemaak dat die fakulteit saamstem met die rektor dat vernuwing by US slegs bewerkstellig sal word deur “aktiewe burgerskap, transformerende leierskap en bowenal deur ’n kampuskultuur aan te moedig wat ’n diversiteit van mense en idees verwelkom” (Volmink 2012:19). Wat die fakulteit self betref, is die drastiese aanbeveling gemaak dat die onderrig- en voertaal Engels

moet wees ten einde te verhoed dat dit "stagneer tot 'n geïsoleerde Afrikaanse universiteit". Die studie, slegs in Engels opgestel en ook so op US se webwerf geplaas, is deur dr. Dianna Yach, voorheen 'n bestuurskonsultant in Londen, gedoen. Dit het geblyk dat sy 100 studente en dosente ondervra het. Sy het self verduidelik hoe die raamwerk en uitgangspunt van haar studie gewentel het om die strewe na die transformasie van Suid-Afrikaanse universiteite om sodoende die apartheidsgeskiedenis te oorkom en 'n inklusiewe leerkultuur te skep waarin die waardes van die verskillende kulture gereflekteer kon word. Die enigste verwysing na veeltaligheid was dat veeltaligheid by Tygerberg moes geld en die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa aangemoedig moet word (Volmink 2012:19). Yach het bevind baie respondente was bekommerd dat die US aan bande gelê word deur sy taalbeleid, naamlik dat Afrikaans by verstek die institusionele taal is. Die US ding mee om studente uit die vasteland te lok en sy het gemeen tolkdienste met oorfone versterk die idee dat studente buitestaanders is. By Tygerberg was studente ongelukkig oor saalrondtes wat in Afrikaans gedoen is wat kliniese aktiwiteite bemoeilik het, asook oor die feit dat die swart meestersgraadstudente hulle in 'n span bevind het wat uitsluitlik Afrikaans praat (Malan 2012b:14).

Die president van die konvokasie het onmiddellik sy onsteltenis oor bogenoemde "onwetenskaplike verslag" en die "ongebreidelde aanval op Afrikaans as onderrig- en kommunikasietaal" in die betrokke fakulteit uitgespreek (Malan 2012b:14). Dit is as verstommend beskou dat sulke uitsprake gemaak word in 'n gebied soos die Wes-Kaap waar 61% van die bevolking se huistaal Afrikaans is. Yach moes erken dat haar verslag nie 'n wetenskaplike ontleding was nie, omdat dit slegs op mense se ervaring gebaseer was (Malan 2012b:14). Van die universiteitsbestuur se kant is ook beklemtoon dat dit nie 'n wetenskaplike verslag per se was nie, maar "eerder 'n verslag oor kwalitatiewe aspekte van die institusionele kultuur" (Krige 2012:4). Die koste van die verslag was R150 000, wat as baie billik bestempel is vir 'n projek wat ses maande geduur het. Dit is nie deur die universiteitsraad in behandeling geneem nie, omdat dit beskou en gehanteer is as 'n werksdokument ten einde sensitiewe sake binne 'n bepaalde fakulteit aan

die orde te stel. Die universiteitsbestuur het dit as jammer bestempel dat die hele verslag tot ’n aanval op Afrikaans gereduseer is. Hierdie opmerkings het raadslid Le Roux gruwelik ontstel, omdat volgens die bestuur se aanvanklike nuusverklaring dit as ’n “toonaangewende navorsingsverslag in aanloop tot die fakulteit se strategie vir gelykheid, diversiteit en transformasie” bestempel is, nie slegs as ’n gespreksdokument nie. Wat hom betref, het die verslag “verleentheid” veroorsaak en “stellings wat besonder roekeloos voorkom” bevat. Boonop het dit gelyk na oorskryding op raadsterrein (Krige 2012:4). Vir Le Roux was die aanbevelings daarvan nie slegs onversoenbaar met die bestaande beleid nie, maar het boonop “die verkeerde en onaanvaarbare indruk gelaat dat studente wat verkies om in Afrikaans te studeer verkramp is” en hulle na die vorige “apartheidsbedeling” terugverlang. Robbertse, voorsitter van Tygerberg se Behoud van Afrikaans in die Klaskamer (TBAK), het die stellings in die verslag skokkend gevind, asook die feit dat Afrikaans alreeds selde in klasse op die Tygerberg-kampus gebruik is, beslis minder as die voorgeskrewe en vereiste persentasie (Krige 2012:4).

Ander raadslede het ook skerp gereageer en dit as ’n eensydige en onverbloemde aanval op Afrikaans veroordeel (De Wee 2012:1). Raadslid Du Toit het selfs sover gegaan as om dit te bestempel as ’n “fabelagtige feëverhaal van ’n fanatikus met ’n vooropgestelde agenda”, wat boonop van die belangrike rolspelers soos byvoorbeeld die pasiënte totaal geïgnoreer het. Hy wou weet watter etiekkomitee haar stellings goedgekeur het. Die dekaan se verweer was dat die verslag ’n wyse was om gesprek te stimuleer en vas te stel kyk hoe die akademiese funksionering verbeter kon word (De Wee 2012:1).

Die uitvoerende komitee van die konvokasie (UKK) het dit betreur dat die verslag nie in die eerste instansie eers deur die bestuurspan met die UKK bespreek is nie (Viljoen 2012:9). Algaande het die bedenkinge oor die ondersoek al groter geword. Volgens welke kriteria is die ondervraagdes geselekteer? Waarom was die vraelys uitsluitlik in Engels? Waarom is pasiënte nie ook betrek en ondervra nie? Alhoewel die dekaan beweer het die verslag handel nie oor taal nie, is “Afrikaans” 33 keer en meestal met negatiewe konnotasie, en “Engels” 19 keer feitlik deurgaans in positiewe verband geopper. Viljoen

het daarop gewys dat Afrikaans in werklikheid elke aspek van die verslag oorheers en die taal op subtiele wyse afgekraak word deur opmerkings soos dat daar min wetenskaplike tydskrifte in die taal is en dat Afrikaans prakties gesproke nie buite die land gebruik word nie. Afrikaanse studente is negatief gekarakteriseer as plattelanders, ongeneë om te meng en nie progressief in hulle denke nie. Daar is ook neerhalend verwys na afgetrede akademici wat "moet aanbeweeg" en dit ten spyte van die feit dat hulle verantwoordelik was vir "aansienlike internasionale inkomste" (R7 miljoen per jaar) deur onder andere hulle navorsingspublikasies (Viljoen 2012:9). Om by die Tygerberg-hospitaal aan te dring om in Afrikaans te antwoord op prosedureversoeke is in die verslag as "ongemanierd as opponerend" bestempel. Yach se aanmerkings het volgens Viljoen eintlik neergekom op uitdaging van raadsgesag. Geen klagtes van Afrikaanse studente waarvan Yach kennelik onbewus was, is verreken nie. Daar word drie keer aanbeveel dat Engels die primêre kommunikasiemedium by Tygerberg-hospitaal moet wees en die kwetsende stelling word gemaak dat hospitaalrondtes "sowaar nog in Afrikaans" gedoen word. In werklikheid was die hospitaal se taalbeleid die prerogatief van die Wes-Kaapse departement van onderwys. Yach is op hierdie fout gewys en haar verweer in 'n Engelse oggendblad was dat haar opmerking oor taalgebruik tussen studente en dosente slegs na saalrondes verwys. Viljoen se raak reaksie hierop was dat hierdie rondtes deel van die taalplan is wat duidelik voorskryf dat die taal in dieselfde klas Afrikaans en Engels moet wees en dat die gebruik van Afrikaans ten minste 50% moet wees. Afrikaans is dus deur haar as 'n groot hindernis vir transformasie uitgemaak en aangekla (Viljoen 2012:9).

In sy heftige aanval het Viljoen die dekaan wat regulasiegewys persoonlik vir die toepassing van taalbeleid in sy fakulteit verantwoordelik was, summier uitgedaag om die uiters kontensieuse kwessies in die Yach-verslag te bevestig. Hiermee het hy die bal volledig in die dekaan se hande geplaas. Sy pertinente vrae oor die fakulteit se opset was:

– behels onderrig en leer minstens 50% Afrikaans?

– is klasnotas volledig in Afrikaans en Engels, of afwisselend in dié twee tale?

– is mondelinge kommunikasie van dosente in lesings tweetalig?

- is daar kontrole dat Afrikaans minstens 50% uitmaak?
- is eksamen en toetsing tweetalig?
- geskied die beantwoording daarvan volgens studente-voorkeur? en
- word die T-opsie toegepas waar studente oor voldoende taalvaardigheid in Afrikaans en Engels beskik?

Agter die "rookskerm" van 'n ondersoek na diversiteit, transformasie en gelykheid het Viljoen die verslag in werklikheid as 'n openlike aanslag op Afrikaans bestempel (Viljoen 2012:9). Sterk standpunte is uit verskeie oorde oor die verslag ingeneem. Só, byvoorbeeld, het die hoof van die departement anestesiologie en kritieke sorg, prof. Coetzee, die verslag verdoem as waardeloos, weens die feit dat daar soveel vrae oor die onpartydigheid en korrektheid daarvan uitgewys is. Dit is as 'n yslike verleentheid vir die universiteit bestempel (Krige 2012a:7).

Vanselfsprekend sou die rektor in 'n stadium op al die besware moes reageer. In 'n mediaverklaring het Botman laat blyk hy steun volkome die strewe na diversiteit op die Tygerberg-kampus soos uiteengesit deur Yach. Hy het ook beweer Viljoen het apologie aangeteken dat hy onnodig skerp was, wat laasgenoemde op sy beurt ontken het. Viljoen het wel laat blyk dat indien hy te kras en skerp teenoor die rektor en sy bestuurspan was en dit aan hom uitgewys kon word, hy die gewraakte woorde onvoorwaardelik sou terugtrek. Hy respekteer wel die rektor as hoof, maar sy vaste oortuiging was dat gelykheid, transformasie en diversiteit in die slag bly wanneer Afrikaans, Afrikaanse studente en dosente subjektief beoordeel word en op onbillike wyse as struikelblokke in transformasie aangeval word (Krige 2012a:7). Oor die gerugte dat Yach as assistent vir die dekaan aangestel is sonder dat die pos geadverteer is, het die universiteit volgehou dit was 'n tydelike kontrakpos waarvoor adverteer nie 'n vereiste was nie. Alhoewel daar blykbaar nie tenders vir die verslag aangevra is nie, is haar aanstelling as "buite-diensverskaffer" wel deeglik deur die dekaan gemotiveer (Krige 2012a:7).

Viljoen het geensins bes gegee nie en prontuit daarop aangedring dat Yach uit haar posisie wat veronderstel was om transformasie en harmonie

te bevorder, behoort te bedank. Sy was kennelik nie in staat om weens haar vooroordele, rassistiese houding en onwetenskaplike benadering tot veeltalige universiteitsonderrig hierdie prosesse te bevorder nie (Jones 2012:5). Oor die opmerkings rakende die gebruik van Engels by Tygerberg was dekaan Volmink se verweer dat veeltaligheid in die fakulteit deurgaans beklemtoon word, terwyl Yach self laat blyk het daar ’n misverstand was oor die taalonderrig by die onderrighospitaal. Sy het wel volgehou taal bly ’n hoof- uitsluitingskwessie vir diegene wie se moedertaal nie Afrikaans is nie, maar sy het nooit bedoel dat Engels gebruik moes word as kommunikasietaal tussen personeel en pasiënte nie. Hierdie verduideliking wou raadslid Du Toit egter nie aanvaar nie en hy wou weet waarom die aanbeveling aan die departement van gesondheidsdienste gemaak is indien dit nie ook kommunikasie met pasiënte in die oog het nie (Jones 2012:5).

Indien ’n nagraadse student so ’n swak stuk werk soos die Yach-verslag vir hom ingedien het – so was Scholtz se genadelose kritiek – sou hy die persoon gedruip het. Dit was daarom vir hom uiters vreemd dat Botman en die dekaan hulle nie gouer van die verslag gedistansieer het nie. Ook Scholtz was van oordeel Yach se standpunt het daarop neergekom dat “Afrikaans ’n teken van agterlikheid is”, terwyl Engels daarenteen “progressief, vooruitstrewend en toekomsgerig is” (Scholtz 2012:8). Met sy wyer Europese kennis en belewenis kon Scholtz daarop wys dat die ophemeling van Engels by herhaling in die 20ste eeu geartikuleer is, maar Scholtz het nuus gehad vir Yach. Saam met Hindi, Hebreeus en Maleis was Afrikaans die enigste taal wat “vanaf kombuis tot universiteit ontwikkel het”. Ook in die geneeskunde het Afrikaans ’n fenomenale woordeskat ontwikkel en daar behoort duidelik besef te word dat Afrikaans veel groter is en wyer as net Afrikaners strek (Scholtz 2012:8). Robbertse, mediese US-student en voorsitter van TBAK, het daaraan herinner die hospitaal is veronderstel om die omliggende gemeenskap te dien en dat pasiënte met Afrikaans as moedertaal ver in die meerderheid is. Dit het hom en sy komiteelede genoop om ’n eie verklaring uit te reik en te waarsku dat indien Engels as kommunikasietaal afgedwing word, dit sal “oorspoel na die fakulteit se lesinglokale wat reeds oorwegend Engels is” en studente uiteindelik gedwing

sal word om slegs onderrig in Engels te aanvaar. Van die ander akademici het laat blyk hulle was geskok oor die gehalte van Volmink se Afrikaans in sy e-pos, waarin hy gepoog het om die strekking en die vordering rakende die verslag te verduidelik en die talle besware daarteen te weerlê (Malan 2012c:8).

Die US se bestuur het bly vasskop en herhaal dat die media se beriggewing onakkuraat is. Yach se verslag beveel wel aan dat Afrikaans nie in die fakulteit afgeskeep moet word nie en dat Engels slegs by Tygerberg die voer- en onderrigtaal moet wees. Die media se berig het dus neergekom op ’n “selektiewe lees van die verslag” waarin die nodige konteks nie aangedui of verreken is nie. Boonop is die fakulteit nooit die kans gegun om te reageer nie (Malan 2012c:8). Terwyl die bestuur gekla het oor onakkurate mediaverslaggewing, het die media teruggekap oor die universiteit se power terugvoering oor die hele aangeleentheid. Al inligting wat op navraag van US verkry kon word oor die “omstrede, peperduur verslag” was ’n standaard- mediaverklaring waarin die belangrikheid van transformasie en gelykheid geloof is (Malan 2012d:6). Volgens *Rapport* het die bestuur botweg geweier om op direkte navrae oor die aangeleenheid te reageer, terwyl Botman ook nie boodskappe op sy selfoon beantwoord het nie. Op spesifieke vrae het die universiteit se segspersoon bloot net laat blyk dat die doel en aard van die verslag uiteengesit is in Volmink se reaksie en dat die rektor by die eersvolgende raadsvergadering feitelik oor die verslag sou reageer. *Die Afrikaner* se reaksie was dat in die verslag met sy “baie sterk politieke inslag” Afrikaans afgeskiet word “deur die Kleurling dekaan” en sy uitvoerende assistent, omdat dit in die pad van transformasie staan (*Die Afrikaner* 2012:1).

Een van die dosente wat meer as 50 jaar by US se gesondheidswetenskappe betrokke was, prof. Jan Lochner, het dit jammer gevind dat die teenstanders teen die behoud van Afrikaans hul opponente van “hunker na die ou dae” en “verstokte denke” beskuldig. Vir hom was die regte keuse dié een wat ’n tuiste vir almal skep (Lochner 2012:14). Die US se taalreëls sowel as die Grondwet gee aan Afrikaanssprekendes die reg op moedertaalonderrig, mits dit binne bepaalde voorwaardes plaasvind. Afrikaans as mediese vaktaal is oor 90 jaar deur baanbrekers opgebou, terwyl Engels weer die internasionale

literatuur ontsluit, sodat ook dit bemeester moet word. Tygerberg kry veral pasiënte uit die Wes- en Noord-Kaap en meer as 80% van die pasiëntprofiel is Afrikaanssprekend. Dosente en studente moet volgens erkende etiekbeginsels enkele sleutelwoorde in Afrikaans aanleer en dieselfde geld vir Afrikaanssprekendes ten opsigte van Engels en Xhosa. Hy het dit as ’n tragedie beskou dat sekere Afrikaanssprekende dosente en studente luidkeels bereid was om die voorreg van Afrikaanse onderrig op te hef. Tensy drasties opgetree word, sou Afrikaans as vaktaal by Tygerberg binne een of twee dekades tot niet wees. Lochner het gemeen die aanvalle op Afrikaans was onvanpaste welwillendheid en om almal ter wille te probeer wees was nadelig, veral die opvatting dat kultuurerfenisse, waaronder ook Afrikaans, daarvoor opgeoffer moet word en dalk verdwyn (Lochner 2012:14).

Volmink en die bestuur het natuurlik ook hulle ondersteuners gehad. Een van die anonieme briefskrywers en lid van US se personeel het van sy eie verleentheid getuig omdat sy mede-Afrikaners ’n taalrede aangryp en voorhou vir hulle verborge oogmerke (Alumnus 2012:8). Hy was bereid om almal hul plek in die son te laat toekom, maar kon dit nie regverdig om toe te sien dat Afrikaans sekere studente uitsluit nie. Volmink het sy bes gedoen om ’n omgewing te skep waar almal ongeag taalvoorkeur of kultuurafkoms tuis en deel van die fakulteit binne ’n meertalige konteks te voel. Die raads- en konvokasielede wat so vrylik en heftig gekritiseer het, het nie net die betrokke fakulteit nie, maar ook die universiteit benadeel. Transformasie en gelykheid was nie vir hulle ’n prioriteit nie en hulle optrede het die indruk geskep dat nie-Afrikaanssprekendes onwelkom was (Alumnus 2012:8).

Teen die einde van April 2012 het hierdie konflik wat tussen senior akademici en raads- en konvokasielede oor transformasie aan die broei was, duideliker sigbaar en heftiger geword (Nkosi 2012:19). Aan die een kant was daar die transformasie-voorstanders wat meer swart studente by US wou sien en aan die ander kant diegene wat beskryf is as die “bitterbek taalstryders” wat vir die behoud van Afrikaans veg (Nkosi 2012:19). In ’n vlymskerp brief van beswaar aan die rektor is vanuit die departement interdissiplinêre gesondheidswetenskappe ernstig beswaar gemaak teen wat gesien is as die

ongeregverdigde en georganiseerde aanval teen dekaan Vlamink. Vlamink se fakulteit is voorgehou as een wat die ander voor was wat transformasie betref, veral ten opsigte van swart voorgraadse studente. Botman het bevestig dat hy die brief ontvang het en dat dit na die raad verwys sou word. Op sy beurt het Viljoen ontken dat die negatiewe kommentaar oor die verslag deel was van ’n georganiseerde aanval teen die dekaan en personeellede in die gesondheidsfakulteit. Dit was spesifiek gemik teen die eensydige en onwetenskaplike aard van die Yach-verslag. Wat Viljoen betref, kon die dekaan die saak vinnig besleg het deur die versekering te gee dat Afrikaans en Afrikaanssprekende studente ’n inherente deel van die fakulteit is en nie as struikelblokke beskou word nie (Nkosi 2012:19).

Kadalie, kleinkind van die legendariese anti-apartheidsvegter Clements Kadalie, het in hierdie stadium te kenne gegee dat sy Suid-Afrika verlaat omdat sy “siek en sat is” om die nuwe demokrasie te probeer verdedig en te probeer geniet (Malan 2012:5). Sy het as raadslid bedank, omdat luidens berigte ’n swart dekaan van krygskunde by US aangestel is met publikasies van weinig akademiese meriete, teenoor ’n wit kandidaat met ’n uitstekende navorsingsrekord. Was dit nodig vir Kadalie om te bedank terwyl haar ondersteuners gehoop en van haar verwag het om onverpoos sulke belaglikhede aan die kaak stel en ’n voortdurende waaksame oog te hou? Vuurvreters soos sy kon ’n verskil maak, net soos Van Zyl Slabbert dit destyds ook kon gedoen het om PW Botha te bly konfronteer indien hy as parlementslid aangebly het (Malan 2012:5). Die skrywer van die berig, Pieter Malan, een van diegene wat hulle beywer het om haar as raadslid verkies te kry, het hom sterk uitgelaat oor “opeenvolgende universiteitsleiers” wat veral Afrikaanssprekendes en Afrikaans in die Wes-Kaap, maar ook in die res van die land “in die steek laat”. Die grootste aanhangers van Engels was nie onder ANC-lede te vinde nie, maar onder ’n “invloedryke groep Afrikaanse akademici met ’n historiese gebrek aan selfvertroue in die aanskyn van alles wat blink en Engels is”. Hulle is ondersteun “deur ruggraatlose universiteitsbestuurders”, wat besluit het om Afrikaans te versaak ter wille van die eise om te transformeer en “die

misplaaste siening dat ’n universiteit nie tegelyk uitmuntend én Afrikaans kan wees nie” (Malan 2012:5).

## 3.30 Onmin oor ’n koshuistoelatingsplan

Kommer oor Afrikaans by die US was nie beperk net tot die stand van onderrig in die taal nie, maar ook deel van baie ander fasette soos rassisme wat direk en indirek aan Afrikaans gekoppel is. Juis daardeur is die groter prentjie van transformasie voortdurend in gedrang gebring. Só, byvoorbeeld is in Mei 2012 berig dat Afrikaans verder sal verswak deur ’n nuwe US-koshuistoelatingsplan waardeur minder as die helfte van alle koshuise Afrikaans as voertaal sou hê (Malan 2012e:9). Dit het gevolg op die rektor se opdrag om ’n nuwe koshuisbeleidsraamwerk daar te stel met as uitgangspunt om die plasingsbeleid in lyn met die universiteit se missie en strategiese doelwitte te bring. Die leefwêreld van alle studente moes ook op die hele kampus en buite die lesingsaal kontak tussen diverse gemeenskappe bevorder en weerspieël (Malan 2013:13).

Bogenoemde plan het meegebring dat 55% van alle koshuisinwoners nie-Afrikaanssprekend moes wees en hoogstens 45% Afrikaans as huistaal kon hê. Van die plasings sou 60% op akademiese gronde toegeken word en 40% op grond van “meetbare diversiteitskategorieë soos huistaal, ras en eerstegeslag Maties” (Malan 2012e:9). Ander bepalings was dat 40% eerstejaars en 10% vierde- en vyfdejaars moet wees (Malan 2012e:9). Van die studente het kommer uitgespreek oor die plan en gemeen dat dit basies verkeerd en onaanvaarbaar was vanweë die rasdiversiteitstempel daarvan, wat as onderdanigheid aan die regering uitgemaak is. Dit het die indruk geskep dat daar met persentasies rondgespeel word in plaas daarvan om eerder die taalprobleem eens en vir altyd behoorlik te takel en op te los. Wat ook problematies was, was die onderskeid tussen “meetbare” en “onmeetbare diversiteitskategorieë”, asof ras byvoorbeeld wel gemeet kon word, maar nie geloofsoortuiging en seksuele oriëntasie nie (Malan 2012e:9).

Die nuwe plan vir koshuisplasing ten einde die koshuisdemografie meer in ooreenstemming met dié van die land te bring, het vinnig begin dreig om in

’n nuwe konflik te ontaard (Malan 2013:13). Die beleid sou einde April 2013 aan die raad voorgelê word en het in daardie stadium reeds voor die UKK en Institusionele Forum (IF) gedien. Nadat een van die konvokasielede ’n mosie van beswaar oor die taal- en raskwotas en die dramatiese persentasieverhoging na 40% daarvan ingedien het, het die konvokasielede ook ’n debat daaroor aangevra. Een van die belangrike besware was die diskriminasie daarvan op etniese afkoms en kultuur. Altesaam 104 beswaardes het ’n debat daaroor aangevra, maar ’n bykomende mosie met 112 handtekeninge is ontvang ter ondersteuning van die beleid, omdat dit “groter diversiteit, inklusiwiteit en toeganklikheid” sou bewerkstellig en in ooreenstemming met die Grondwet was (Malan 2012e:9).

Volgens die SR-lid vir transformasie het verskeie foute ingesluip met beriggewing oor die koshuistoelatingsplan, onder andere “dat slegs 45% van studente aan die US Afrikaans mag wees”, waardeur die indruk geskep is dat toegang tot die US as sodanig daardeur gereguleer word, terwyl dit slegs oor plektoewysing in koshuise gegaan het (Venter 2013:4). Daar is gepleit dat die nuwe reëling nie as ’n aanval op Afrikaners of enige ander groep beskou moes word nie, omdat die oogmerk slegs was om koshuisbewoning so doeltreffend moontlik te maak ter bevordering van akademiese sukses en sodoende die kwesbaarste studente beter te ondersteun. Statistieke het bewys dat koshuisbewoners beter akademies vaar as studente wat privaat bly. Omdat dit nog slegs ’n konsepbeleid was, is die mediaverslaggewing oor “45%” as onverantwoordelik gekritiseer. Die beleid wat deur die konvokasievergadering aangehaal is, was verouderd en daar was intussen ses ander voorgestelde beleide. In 2012 was Afrikaans die moedertaal van ongeveer 46% van die studente (12 843 uit 27 823) en sou die syfer van 45% nie onbillik wees nie en in ooreenstemming met die US se demografie. Om hierdie redes het die SR die beleid in belang van US ondersteun (Visser 2013:6). Op 21 April is die plasingbeleid deur die raad aanvaar, wat volgens die rektor bewys gelewer het dat die US in ooreenstemming met die eise van die tyd vir gelykheid en diversiteit te bevorder getransformeer word (Venter 2013:4).

Dit het geblyk dat die grootste klagte gewentel het om die feit dat die nuwe skuif geen numeriese riglyne verstrek het nie en die US-bestuurspan die vryheid sou hê om sulke riglyne te bepaal. Die konvokasie het by monde van Viljoen te kenne gegee dat die oopstelling van die debat daaroor verwelkom word en hy kon verwys na nog 'n mosie waarin geëis is dat die konsepbeleid verwerp moet word, omdat daar onbillik teen die regte van persone uit sekere kultuur- en taalgemeenskappe gediskrimineer word. Die bestuur is weereens gekritiseer vir die wyse waarop daar telkens te kenne gegee is dat daar vir Afrikaans ruim plek is binne 'n veeltalige konteks en hulle nie oor die toekoms daarvan bekommerd is nie (Oud-Matie 2013:12). Een van die oud-Maties het die topbestuur se versekering as 'n mite afgemaak, wat dalk goedgelowiges kon sus, terwyl die onderrigpraktyk by die universiteit 'n gans ander beeld uitgedra het. Tweedejaar- geologiestudente se chemieklasse het byvoorbeeld in Engels plaasgevind, alhoewel studente wel toetse daarin in Afrikaans kon aflê; geografie en omgewingstudies is net in Engels aangebied, alhoewel die dosent Afrikaans was; geologie is gedoseer deur 'n dosent uit die buiteland wat glad nie Afrikaans magtig was nie. Die vraag wat onwillekeurig opgeduik het, was hoeveel lewensruimte Afrikaans nog in so 'n opset het? Skynbaar was die studente versigtig om klagtes aanhangig te maak, omdat hulle onder die indruk gebring is dat, indien op Afrikaans aangedring word, dit onbedagsaam en ondemokraties is. Omdat daar so lank met tolkdienste gesloer is, het die agterdog teenoor die bestuur groter geword en is hulle nog erger verkwalik vir voete sleep oor Afrikaans (Oud-Matie 2013:12).

Stemme dat US te stadig transformeer, is egter voortdurend gehoor, veral oor die werklikheid van die min swart studente by US (Mkhwanazi 2014:7). Die universiteit het in 1977 vir die eerste keer sy deure vir swart studente geopen, maar vyftien jaar later was daar nog slegs 151 swart uit 'n totaal van 14 387 studente. Die ANC se provinsiale voorsitter in die Wes-Kaap, Marius Fransman, het in 'n lesing by US in Maart 2014 beweer pogings is aan die gang om US as 'n "Afrikaner nasionalistiese bastion" te beskerm en te versterk. Hy was van mening dat die US nog nie die eksklusiewe erfenis en gedaante van die verlede afgeskud het nie en die taalbeleid het nog trou aan Afrikaans

betoon, wat steeds as die uitsluitlike besit en terrein vir Afrikaanssprekendes beskou is. Pogings word aangewend, so was sy oortuiging, om dit as kragpunt vir Afrikanernasionalisme te behou, met die gevolg dat swart mense steeds benadeel word. Hy het 'n beroep op navorsers en akademici gedoen om hulle te vereenselwig en deel van die transformasieagenda in die land te word (Mkhwanazi 2014:7).

## 3.31 Nuwe taalreëlings (8 Mei 2013)

In April 2014 is bekend gemaak dat volgens die US se nuutste institusionele plan, die voorgraadse program teen 2018 uit 43,7% Engels sou bestaan. Die raad het die bestuur se strategie vir 2013 tot 2018 goedgekeur, wat voortgespruit het uit die raad se versoek in September 2012 dat die bestuur taalplanne moes uitwerk en voorlê ten einde die US in staat te stel om "'n verwelkomende kultuur, gelykheid, diversiteit, en transformasie na te jaag en te verwesenlik" (Venter 2013:4). Die universiteit se doelwit is gestel as "meer inklusief, innoverend en toekomsgerig". Dit is in die vooruitsig gestel dat die opsie vir afsonderlike Afrikaanse en Engelse klasse (die P-opsie) betreklik konstant op ongeveer 10% sou bly. Sommige van die raadslede se pessimistiese reaksie was dat die gestelde persentasie insigself reeds getoon het hoe Afrikaans as onderrigtaal aan die sneuwel was. Hulle vrees was dat die US binne 'n dekade 'n Engelse instelling sou wees, in plaas van om sy Afrikaanse karakter binne 'n meertalige konteks te probeer behou. Hierteenoor was die meerderheid van die raad se pleidooi dat "uiters sensitiewe prosesse" aan die gang gesit is en alle partye hulle daarop moes instel om akkommoderend en nie "onbuigsaam" te wees nie (Rademeyer 2014:1).

Die interessante was dat die stand van Afrikaans by die US in hierdie stadium blykbaar nie so donker was as wat sommige van die doemprofete voorspel het nie. Die US se woordvoerder het verduidelik dat dit geensins die idee was om Afrikaans te verswak of opsy te skuif nie. Inderwaarheid is die Afrikaanse lesingaanbod as gevolg van die P-opsie en tolking sedert 2013 tot 62,3% verhoog, wat in werklikheid hoër was as die beoogde 60% deur die raad gestel. Ook die Xhosa-aanbod is verhoog en in 2014 het die US 'n rekord van 34,2% bruin, swart en Indiër-studente gelok. Ook dit was hoër

as die raad se gestelde teiken van 30,6% (Rademeyer 2014:1). Die deels positiewe reaksie van die konvokasie op hierdie nuwe syfers was gedeeltelike tevredenheid en erkenning dat die US sy gemiddelde Afrikaanse lesingaanbod deur die P-opsie wel bo 60% kon opstoot. Waaroor daar egter steeds kommer in konvokasiegeledere bestaan het, was dat, volgens berekening, die hoop dat dit in die komende jare verder sou verhoog, nie sou realiseer nie. Die konvokasiebestuur wou hê die US moes duidelik aandui waar hulle die universiteit in die land se markopset geposisioneer sien. Studente moes sekerheid kry van die presiese opset en keuses wat uitgeoefen kon word en volkome duidelikheid verkry oor wat die universiteit van studente verwag. Die daarstelling van ’n 60% minimum Afrikaanse voorgraadse aanbod het ’n verkeerde verwagting geskep omdat dit nie in elke fakulteit van toepassing was nie (Rademeyer 2014:1).

Landswyd het dit duidelik geword dat die HAU’s in die toekoms al minder wit en al minder Afrikaans sou word. Dit kon beteken dat universiteite teen 2050 min of meer demografies verteenwoordigend van die landsopset sou wees, met Engels as die oorheersende taal en met al die ander kulture wat gelyke behandeling en aanhang sou geniet. Hierdie scenario is deur Pelser as ’n “ontwerpte eendersheid” en ’n “distopiese drogbeeld” bestempel (Pelser 2014:6). Die idee dat elke akademiese onderdeel die geheel moet weerspieël, was na sy oordeel ’n resep vir “’n kookpot waarin alles en almal later dieselfde dink en klink” sodat “karakterlose klone” voortgebring word, eerder as ’n “mengelslaai wat lekker is omdat elke happie anders smaak” (Pelser 2014:6). Die US-taalstryd was ’n duidelik bewys van die weerstand wat verwek word sodra die minderheid verplig word om deel van die meerderheid te word. Die taalopstandigheid het gegaan oor die feit dat Afrikaans sneuwel en die sprekers daarvan die taal steeds beskerm en verdedig, aldus die leier van die VF+ (Mulder 2015:9).

Die idee om parallelmedium en tolkdienste uit te brei sodat ’n hoër persentasie onderrig in Afrikaans en Engels kon plaasvind, was volgens Schoonwinkel (viserektor leer en onderrig) een van die kwessies wat tydens die raadsvergadering op 8 Mei 2013 bespreek is (Venter 2013a:9). Dit het egter

nie gedui op ’n nuwe taalbeleid nie, maar op die feit dat die aanvraag vir lesings in die T-opsie wel sou verminder namate die belegging in personeel gestalte gekry het en tolking uitgebrei word. Volgens die nuwe model wat aan die raad voorgelê is, is die optimistiese moontlikheid gestel dat daar bo die bestaande 60% in die Afrikaanse lesingaanbod beweeg kon word. Dit kon selfs uitloop op ’n 100% Afrikaans en 100% Engelse aanbod wat binne die bestaande beleid op verskillende maniere toegepas kon word. Klasgroepe van 250 en meer kon in die eerste en tweede jaar in parallelmedium verdeel; klasgroepe van 250 en minder kon vanaf die eerste tot vierde jaar in die taal waarin die dosent die gemaklikste is, aangebied word en die lesings dan oorgetolk word. Engelse lesings kon ook na Afrikaans getolk word, maar siende dat die meeste senior studente voldoende akademies geletterd in Engels in hul vakgebiede was, het Afrikaanse studente meestal nie van die aanbod gebruik gemaak nie. In die besef dat taal ook buite die akademie ’n belangrike rol in sosiale interaksie speel, is taalontwikkelingsondersteuning vir studente en dosente beskikbaar gestel ten einde hulle aan te spoor om meertalig gemakliker tuis te word in Afrikaans, Engels en selfs Xhosa (Venter 2013a:9).

Uit ’n navorsingsverslag sou blyk dat dekane tevrede was met die terugvoering oor die toepassing van parallelmediumonderrig omdat doeltreffende taalbestuur en die vermindering van konflik in die lesingsaal daardeur bereik kon word (Venter 2013b:3). Alhoewel hulle Afrikaans as ’n belangrike wetenskaptaal beskou het, was daar tog by hulle kommer oor Engels wat al meer aangehang is, maar ook die besef van die besondere belangrikheid van Engels in die wêreld van die wetenskap. De Stadler, direkteur van die US se taalsentrum, se oop en ontvanklike siening was onder andere: “Taalbeplanning is moeilik en morsig”, en die erkenning dat voortdurende navorsing daaroor met belangrike insette deur dosente en studente steeds noodsaaklik was (Venter 2013b:3).

## 3.32 Einde van die Botman-era: 27 Junie 2014

Die skielike heengaan van Botman op 27 Junie 2014 sou weer die hele debat van transformasie by US na vore bring, veral vanweë die opvatting dat “wit

nasionalisme" die lewe vir die rektor ondraaglik gemaak het. Pierre de Vos het op sy bekende blog, *Constitutionally Speaking,* sulke stellings kwytgeraak, maar gemeen die US is tog vinniger aan die transformeer, omdat alle kursusse in Engels en Afrikaans in die fakulteite aangebied word. Hierdie transformasie het De Vos in hoë mate toegeskryf aan die werk en ywer van Botman self. UV se rektor, Jansen, kon getuig van die geweldige spannende persoonlike uitmergeling vir rektore rakende transformasie en het beweer onder die persone wat dit moes aanpak "you will often find a battered and disillusioned spirit. It is an impossible task" (TimesLIVE – 2015/08/28). Volgens Jansen was daar swart kollegas wat onomwonde beweer het dit was die weerstand teen transformasie wat genadelose druk op Botman geplaas het en hoe meer hy daarop aangedring het, hoe meer genadeloos is hy deur regsgesinde alumni beswadder, aangehits deur die Afrikaanse pers, in webtuistes, alumni-organisasies en informele byeenkomste op die kampus (TimesLIVE – 2015/14/1). Skynbaar was Botman se groot sondes in die oë van sy teenstanders drieërlei van aard: sy buigsamer taalbeleid ten einde meer swart studente te werf; die naamsverandering van geboue vernoem na "wit baasskapfigure" soos byvoorbeeld DF Malan; en die verandering van die US tot groter inklusiwiteit ten einde rassisme, seksisme en homofobie af te breek. Jansen se siening was dat blanke Afrikaanse universiteitsleiers taal aangryp as 'n ideale verskoning om transformasie te probeer ontduik deur toevlug te neem tot die Grondwet se taalregtebepalings. Sulke kampusleiers moes ingelig, oorreed en tot die besef kom dat, in die voetspore van die land se afgryslike rassistiese verlede, wit oorheersende kampusse nie slegs moreel onaanvaarbaar en demografies onregverdig geword het nie, maar ook opvoedkundig gevaarlik. Afrikaans as taal was wel lewensbelangrik vir die land se demokrasie, maar in die rol van diensbaarheid aan sosiale geregtigheid, nie deur skryende eksklusiwiteit nie (TimesLIVE - 20/14/11).

# 4. DIE DE VILLIERS-FASE (2014-)

Vir die US het ’n nuwe era met ’n nuwe rektor aan die einde van 2014 aangebreek. Prof. Wim de Villiers, oud-Matie en dekaan van UK se fakulteit gesondheidswetenskappe, het die ongemaklike nalatenskap van die “taaldebat-skeurvallei” wat soveel onmin veroorsaak het, geërf. Die kampus was steeds verdeel in onversoenbare faksies en veral gekenmerk deur ’n gespanne verhouding tussen die konvokasie en die rektor. Hy is op 1 Desember met groot eenstemmigheid deur die raad as opvolger van Botman aangestel, maar sou eers op 1 April 2015 die rektorspos begin beklee (Van den Berg 2014:6). De Villiers is as ’n briljante medikus beskryf wat vir 18 jaar in Amerika by hospitale en universiteite werksaam was. Hierdie feit is later deur sy kritici gebruik is om te probeer verklaar waarom hy nooit werklik die ingewikkeldheid van die Suid-Afrikaanse landsopset en veral die taalomgewing korrek kon peil nie, alhoewel hy aan die heel begin korrekte geluide rakende die US se taalopset laat hoor het (*Rapport* 2017:2). Hy was egter ook nie onomstrede nie; hy is onder andere gekritiseer dat hy in die twee dekades nadat hy sy doktorsgraad behaal het slegs vir vier studente as promotor opgetree het (Eybers 2017:3). De Villiers is deur iemand soos prof. Tim Noakes (self ’n aanvegbare akademikus) bestempel as ’n “alfaman” met ’n “tropmentaliteit” wat gedurende sy tydperk as dekaan by die UK alles in sy vermoë gedoen het om Noakes te diskrediteer oor laasgenoemde se aanhang en promosie van die Banting-diëet. De Villiers was een van die aanvoerders van wat Noakes as ’n “georkestreerde komplot” teen homself bestempel het. Noakes se vrees was dat De Villiers se “mandaat” was “om enigiemand te neutraliseer wat verskil van konvensionele menings oor mediese sorg” (Dit het onder andere gelei het tot ’n “lasterlike” brief in die *Cape Times* deur De Villiers en drie UK-kollegas, wat die oorsaak was dat Noakes deur die Raad vir Gesondheidsberoepe in Suid-Afrika aangekla is.) (Eybers 2017:3).

Hierdie eienskap van wrewel teen teenkanting sou meermale De Villiers se later optrede veral in die taalkwessie kenmerk.

Heel aan die begin het hy hom duidelik uitgespreek oor hoe hy die taalsituasie sien, en laat blyk hy besef verdelende interne politiek is deel van sy uitdaging. Wat transformasie betref, het hy hom positief betuig oor byvoorbeeld die naamsverandering van die DF Malan-gedenksentrum na die Coetzenburg-sentrum. Die onmiddellike vraag wat by hom opgeduik het, was waarom die beskerming van Afrikaans skielik universiteite se verantwoordelikheid geword het, want skole, ouers en die media het immers dieselfde verantwoordelikheid. Sy prontuit en saaklike verklaring met die intrapslag was dat hy die kerntaak van universiteite sien as onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens. Met die intrapslag het hy onomwonde te kenne gegee dat hy die meertalige taalbeleid ondersteun het wat enkelmedium-Afrikaans vervang het, veral omdat studente so internasionaal moontlik voorberei behoort te word en die taalbeleid só behoort te funksioneer dat wetenskaplikes en top-studente so goed moontlik toegerus word om so uitmuntend moontlik te presteer (Retief 2014a:12). Hyself is nie as student deur Afrikaans teruggehou toe daar 10 000 studente was nie, maar die situasie het grootliks verander met die aanwas van die studente tot ’n totaal van 28 000, van wie meer as die helfte Engelssprekend was. Sy oortuiging was dat daar weggebreek moet word van insulariteit na die rykheid van diversiteit. Oor die kommer van die stryders vir Afrikaans het hy gereageer met die gerusstelling dat daar ’n vaste taalbeleid is met ’n verbintenis tot gelyke status vir Afrikaans en Engels en meertaligheid wat deur parallelmedium en tolking toegepas moet word, met die moontlikheid voortdurende aanpassings. Indien dosente kortpad sou probeer vat met te veel Engels het hy hom bereid verklaar om teen hulle op te tree (Retief 2014a:12).

Die kernboodskap van sy intreerede in November was dat die US nie ’n Afrikaanse, Engelse, of Xhosa-universiteit is nie, maar ’n meertalige Suid-Afrikaanse universiteit. Volgens Dawie van *Die Burger* het hierdie belangrike uitspraak van De Villiers die taalbeleid verwerklik, waardeur die US verbind word om Afrikaans as akademiese taal te handhaaf, maar

dat Engels ook vir breër wetenskaplike toegang en vorming gebruik en benut word. Waar doenlik, sou Xhosa bevorder word om uitvoering aan die grondwetlike meertalige beginsel te gee (Dawie 2015:6). Die rektor sou weldra herinner word aan sy uitsprake oor taal en taalbeleid toe hy later 'n oorhaastige verklaring oor die aanpassing van die taalbeleid sonder voldoende oorlegpleging aangekondig het.

## 4.1 Die al sterkerwordende eise vir transformasie

Teen Junie 2015 is 'n ongemaklike en uitdagende taalgeluid gehoor toe die fakulteit lettere en sosiale wetenskappe aangekondig het dat daar oorweeg word om Engels in dié fakulteit tot verstektaal te verhef (Malan 2015:8). Volgens die voorstel ter tafel sou dit beteken Engels word die taal van al die bedrywighede binne die fakulteit. Die dekaan, prof. Johan Hatting, het in 'n brief aan al die departementshoofde insette gevra oor die prosesse wat gevolg moet word om die voorstel van prof. Jan Botha, voorsitter van die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (INB) te oorweeg om Engels as verstektaal te aanvaar (Malan 2015:8). Die woordvoerder van die US se reaksie op hierdie aankondiging was dat fakulteite se taalplanne steeds moes voldoen aan die beginsels van die oorkoepelende taalbeleid en dat fakulteite nie 'n mandaat het om veranderinge aan te bring wat strydig is met die heersende taalbeleid nie. Engels kon sodoende nie die uitsluitlike verstektaal word nie en die US se taalbeleid was juis op meertaligheid gerig. Die fakulteit se taalgesprek moes egter ook gesien word teen die gerusstellende agtergrond dat 4% van die fakulteit se kursusse net in Engels aangebied is, 75% in Engels en Afrikaans, terwyl 21% van die kursusse aparte Engelse en Afrikaanse strome was (Malan 2015:8.).

Die vrees is egter weer gewek dat sulke fakulteitsgesprekke net nog 'n tree nader aan verengelsing was en die uiteindelike einde kon beteken vir Afrikaans in die kursusse waar Afrikaans en Engels nog gelyktydig gebruik is. Een van die raadslede se kommentaar was dat die nuwe taalbeleid skaars ses maande oud was en "die jagseisoen is al weer oop" (Malan 2015:8.). Hatting se brief is as die eerste groot taaltoets vir die nuwe rektor beskou

wat in sy inhuldigingstoespraak die gelyke status van Engels en Afrikaans bevestig het (Malan 2015:8.). Vir Scholtz was dit duidelik dat Afrikaans as onderrigtaal sedert 2002 ’n onrusbarende patroon van agteruitgang getoon het. Hy het die verhaal rondom Afrikaans by die US weer teruggevoer na waar die taalstryd eintlik in 2002 begin het. Aanvanklik het rektor Chris Brink beloof Afrikaans sal die “eerste onderrigtaal” wees, maar weldra is Afrikaans die “verstektaal” gemaak, terwyl dubbelmedium slegs na behoorlike motivering toegelaat sou word (Scholtz 2015:6). In Augustus 2003 het die voorsitter van die taalkomitee aangekondig dat 70% van die modules in Afrikaans sou wees en 24% in Afrikaans en Engels. In 2015 het dit uitgelek dat die fakulteit lettere en wysbegeerte besluit het om deurgaans dubbelmedium te gebruik, maar in werklikheid is Afrikaans in die praktyk ongemerk uitgegooi en is talle lesings ten spyte van die beleid gedeeltelik of in die geheel in Engels gegee. Volgens Scholtz was al hoe meer professore nou openlik oor die feit is dat hoe gouer die US Engels word, hoe beter.

Hy het ’n bepaalde patroon in die agteruitgang van Afrikaans gesien. Dit begin eers met tweetalige klasse, maar die studente wat Engels verkies, raak dikwels opstandig en begin eis dat alles wat in Afrikaans gesê word ook in Engels herhaal moet word (Scholtz 2015:6). Daardeur word die lesingtyd gehalveer en mettertyd slaan die dosent om “vredesonthalwe uitsluitlik oor na Engels”, wat weer die opening laat vir die argument dat die fakulteit hoofsaaklik Engels is en dat praktyk en teorie moet klop. Stap vir stap verdwyn Afrikaans uit die lesinglokaal soos dit die geval by UJ, UP en die UWK was. Selfs by die UV word die druk groter om van Afrikaans ontslae te raak, terwyl NWU onder die nuwe rektor, Kgwadi, ook in dieselfde rigting beweeg. Gesaghebbende taalsosioloë soos Fishman, Laponce en Grin het reeds duidelik aangetoon dat ’n swakker taal onvermydelik oorrompel word wanneer dit op gelyke vlak met ’n sterker taal wedywer. Scholtz het daaraan herinner hoe hy vroeër gewaarsku het dat indien daar nie by die US ingegryp word nie, dit binne 15 tot 20 jaar eentalig Engels kan word. Sy pessimistiese gevolgtrekking was: “Dit lyk my ek was hopeloos te optimisties. Dit kan reeds binne vyf jaar die geval wees.” (Scholtz 2015:6)

### *4.1.1 Die belangrikheid van Engels: die "verengelsde en verengelsende" Suid-Afrika*

Indien Afrikaanssprekendes nie Engels leer nie, gaan hulle in die toekoms 'n ellendige bestaan voer, was een van die standpunte oor Afrikaans se relatiewe belangrikheid. Dit mag onaangenaam wees om daarop attent gemaak te word, maar die "verengelsde en verengelsende" Suid-Afrika het mense agtergelaat indien hulle dié taal nie goed kon hanteer nie, was Waldimar Pelser se siening (Pelser 2015:6). Bevoegdheid in Engels was onontbeerlik vir ekonomiese bemagtiging, waarsonder Afrikaanses onsuksesvol sou wees, omdat ekonomiese en politieke oppermag vir die Afrikaner in Suid-Afrika vir altyd verby was. Die nuwe bedeling het nuwe uitdagings meegebring en diegene wat die gouste daarby aangepas het, het die vinnigste vooruitgegaan. Pelser het daaraan herinner dat Afrikaners wat in hulle ekonomiese bedrywighede Engelse in die sakesektor kon oorreed om hulle te steun, die suksesvolste was. Indien die Afrikaner ekonomies voorspoedig was, het die taal ook gedy en juis daarom was dit van die uiterste belang om bruin mense wat die taal praat, maar onder groot armoede gebuk gaan, by te staan. Dit moes as die langtermynbelegging beskou word om Afrikaans kragtiger te laat groei (Pelser 2015:6). Hy het die voorbeeld van die Atlantis-woongebied geneem waar Afrikaanse skole vinnig besig was om te verengels, ook omdat privaatskool-onderrig in Afrikaans vir bruin ouers te duur was. Pelser se oplossing vir meertaligheid was om 'n omvattende koalisie te vorm wat wyer as slegs Afrikaanssprekendes strek en vanuit so 'n breë samewerking meertaligheid, asook Afrikaans te ondersteun en te bevorder (Pelser 2015:6). Waarop hy nie uitgebrei het nie, was in welke mate dit die "hoër Afrikaans" wat die meeste wit mense gepraat het, sou beïnvloed en verander.

In antwoord op 'n parlementêre vraag in Augustus 2015 het Nzimande te kenne gegee dat die departement van hoër onderwys besig was om sy taalbeleid te hersien, maar dat Engels voorlopig die "hoofonderrigtaal" sou bly (Felix 2015:7). Hy het egter gemeen dit is onprakties om behalwe vir Engels en Afrikaans die ander tale as tersiêre onderrigtale in te stel en daarop gewys dat elke tersiêre inrigting vir sy eie taalbeleid verantwoordelik is. Die US is pas

vantevore ernstig deur die Open Stellenbosch-groep (OS) vir die volgehoue gebruik van Afrikaans gekritiseer, omdat dit studente wat die taal nie verstaan of praat nie, vervreem het  Slegs  UP, US, UV en NWU het nog graadkursusse in Afrikaans aangebied (Felix 2015:7).

Kritiek het onmiddellik op Nzimande se parlementêre uitlating gevolg. Theo du Plessis kon hom wel by die idee van gereelde beleidshersiening skaar en kon verwys na die LPHE se 2002-raamwerk, waarin bepaal word dat Engels en Afrikaans die enigste twee voertale aan universiteite is, en die ander tale akademies ontwikkel sal word, maar dat daar nie meer so iets as 'n uitsluitlik Afrikaanse universiteite mag bestaan nie. Hy het dit daarom vreemd gevind dat Nzimande skielik verklaar dat Engels die tersiêre hooftaal is, omdat die bestaande raamwerk geen voorsiening vir so 'n bepaling gemaak het nie. Boonop sou dit studente se reg tot taalkeuse-uitoefening verontagsaam. Na Du Plessis se mening sou dit middelmatigheid aanhelp en die eintlike rookskerm wat hom betref, was: alle studente moet eerder saamsukkel in 'n nie-moedertaal as wat sekere studente voordeel uit hulle moedertaal trek. Hy het egter steeds positief en hoopvol gebly dat Nzimande se nuwe taalbeleidsraamwerk groter taalkeusevryheid sou beteken, taaldwang sou uitskakel en uitnemendheid sou bevorder om die enorme probleem van toenemende middelmatigheid te bekamp (Theo du Plessis 2015:6).

## 4.2 Die landswye studenteopstande: Oktober 2015

### *4.2.1 Algemene oorsake: finansiële faktore en transformasie-eise*

Die stryd op kampusse (die #FeesMustFall-veldtog wat in Oktober 2015 begin het) van veral jong swart studente om universiteitstoegang te kry, het in werklikheid 'n lang aanloop gehad. Dit sou geleidelik al feller en gewelddadiger word (*Rapport* 2015:2). Die meeste van hulle wou by die naaste instelling of by die HAU's probeer inkom, verkieslik een van gehalte waarvan die graad werklik iets beteken het. Aanvanklik het hulle blykbaar geen besware teen Afrikaans gehad nie en hulle opstandigheid was daarop gemik om gehoor en

ernstig opgeneem te word, veral uit frustrasie om net fisies te probeer oorleef met genoegsame kos en bekostigbare verblyf. Die erns en omvang van die opstande het geen twyfel gelaat nie dat hierdie jonges se "rasionele en redelike versugting na selfverbetering" ernstig opgeneem en op die een of ander wyse dringend opgelos sou moes word. Universiteite is gesien as openbare instellings wat die hele land moet dien en Afrikaans het in toenemende mate onder beleg gekom, omdat baie swart studente begin vermoed het dat dit tussen hulle en 'n universiteitskwalifikasie staan. Die belangrikste eis van die #FeesMustFall-veldtog was egter ten diepste gratis tersiêre onderrig, omdat talle dit geensins kon bekostig nie (*Rapport* 2015:2).




**Opruiende optrede oor Afrikaans as onderrigtaal.**
**(Foto: Denzil Maregele, *Volksblad*, 24 Junie 2016:7)**

Ook die studente-opstande en ontevredenheid by die US kan nie los gesien word van die algemene redes vir die studente-ontvredenheid in die land nie. Een van die studente se hoof-eise tydens die opstande was dat hulle die reg het op goedkoper universiteite, al is hulle daarop gewys dat universiteitstudie duur is as gevolg van die hoë koste van veral akademiese personeel en infrastruktuur (*Rapport* 2015a:2). Wat sake vererger het, is dat universiteite sedert 1994 self die uitgawes van oorbruggingsopvoeding moes dra, wat al noodsaakliker geword

het weens haglike skoolonderwys en totaal ontoereikende standaarde om werklik enige graadstudie aan te durf. As gevolg van die daling in standaarde deur die toelating van studente wat hoegenaamd nie Engels taalvaardig was nie, is universiteite geforseer om duur middele aan te wend ten einde studente enigsins op 'n gangbare akademiese standaard te probeer kry. Een van die groot probleme was dat studente reeds in hulle eerste studiejaar frustrasie en woede beleef het omdat hulle weens hulle skoolagterstand akademies nie die mas kon opkom nie, en boonop moes sukkel om die nodige geld bymekaar te kry bloot vir kos en klere. By die US sou klasgeld in 2016 met 11,5% styg en by Wits was die voorgenome styging 10,5%.

Die opposisie het hulle aanvalle op Nzimande toegespits en "#BladeMustFall" is meermale gehoor. Uit ANC-geledere was die beskuldiging dat universiteite agter hulle outonomie skuil en dit as wapen en verskansing teen transformasie gebruik. Die US in die besonder is geteiken en heftig gekritiseer. Die kernbeswaar was dat Afrikaanssprekendes se regte, taal en kultuur nie hoër aangeslaan mag word en groter beskerming mag geniet as die regte van anderstaliges nie. Die tyd was verby dat enige universiteit in die land die behoud van slegs een kultuur kon voorstaan, was een van die ANC-parlementslede se onversetlike eis. Die "wit instellings" en "wit media" het herhaaldelik onder skoot gekom (Gerber 2015:2).

### 4.2.2 Toenemende woede oor die onreg van die verlede en trae transformasie

Swart jongmense se woede oor die onreg van die verlede het al hoe groter geword en gemanifesteer in die onrus en opstand op kampusse. Hierdie magtelose woede was volgens Max du Preez die rede vir die kampus-opstande (Du Preez & Smith 2015:7). Hy het gepleit dat wit mense empatie moes probeer toon vir hulle swart landgenote en hulle indink hoe húlle as swart studente Suid-Afrika se universiteitsinstellings by Stellenbosch, Potchefstroom en Bloemfontein sou ervaar het (Du Preez & Smith 2015:7). Daar was 'n bewustheid dat daar in hierdie stadium belangrike onderhandelinge oor Afrikaans by die US aan die gang was en De Villiers is gesien as die regte persoon vir die rektorsamp.

Die situasie onder jong swart studente op kampusse het egter al dreigender geword, met geweldenaars ook van buite die kampusse wat met kieries en swepe en brandstigting begin het. Selfs topbestuurslede is gyselaar gehou en topbestuursvergaderings en lesinglokale is binnegedring, beset en met dreigemente ontwrig. Die woede is veral toegespits op die klem wat veral by die US nog op Afrikaans geplaas is. Uit wit geledere is die geweld en intimidasie as onaanvaarbaar in 'n demokratiese staat bestempel, want daar moes ruimte vir almal – ook vir Afrikaners en Afrikaanssprekendes – gelaat word om hulle eie siening te huldig en hulle ideale te verwoord, ongeag ander meer radikale sienings (Du Preez & Smith 2015:7).




**'n Beangste minister moet 'n dreigende storm ontlont.** **(Zapiro, *The Times*, 20 September 2016:13)**

Selfs uit swart oorde was daar kritiek oor die wyse van optrede deur jong swart studente. Dit wou voorkom asof swart jongmense besig was om hulle swart bewussyn te herdefinieer, maar hulle arrogansie en eiewysheid is selfs in eie geledere veroordeel as verloëning van iemand soos Steve Biko se standpunt

en ideale, wat in swart bewussynsgroepe as navolgenswaardig voorgehou is (Msila 2015:15). Die OS se *Luister*-video oor rassistiese gebeure by die US is in swart kringe geloof, omdat die video uitgebeeld het waarvoor Biko hom beywer het, naamlik weerstand teen die gebruik van ’n taal by byvoorbeeld die US om swart studente uit te sluit. Biko en sy volgelinge het tale as uiters belangrik in die inperking en onderdrukking van swart studente beskou, omdat dit veroorsaak het dat studente nie hulle saak behoorlik kon stel nie en die klem op en die gebruik van Afrikaans verhinder het dat hulle hulself behoorlik kon uitdruk. OS is ondersteun, omdat dit waardigheid en die herwinning van menseregte en sosiale geregtigheid by die US voorgestaan het. Daar was talle klagtes dat baie swart studente uitgesluit en apart gevoel het op grond van die dominante Afrikaanse taal en kultuur op die kampus (Msila 2015:15).

Afrikaanse studente is gemaan om wakker te word deur hulle self vir die behoud van Afrikaans by die HAU’s te beywer. Die agteruitgang van Afrikaans aan universiteite is aan veral drie faktore toegeskryf: Afrikaans het die “slagoffer van universiteitsbesture” geword wat ’n “marklogika” aanhang; dit is “een van die nagevolge van die isolasie deur apartheid veroorsaak”; en dit spruit uit die optrede van ’n regering wat alles wil beheer en beheers waarvan “militante studente-energie” deel gevorm het (Janse van Rensburg 2015d:7). Die opstandelinge by die US, UV en UP was nie verteenwoordigend van die meeste swart studente nie en die besture by universiteite is vasgevang “in ’n knyptang tussen die Fascistiese, ongrondwetlike regering se eis vir demografiese verteenwoordiging en militante studente-energie”. Universiteite was besorgd oor wêreldranglyste, terwyl hulle die belangrikheid van hulle bydrae op plaaslike vlak van mindere belang geag het (Janse van Rensburg 2015d:7).

## 4.3 Die US-opstand (September 2015)



**Van die studente wat in die video *Luister* te sien is, spreek studente op die Rooiplein toe.**
**(Foto: Leánne Stander, *Volksblad*, 2 September 2015:2)**

### *4.3.1 Getuienis van skreiende rassisme: opskudding oor die dokumentêre video* Luister

’n Nuwe salvo oor die voorkoms van rassisme by die US is in Augustus 2015 afgevuur in berigte dat die ANC self by die US wil ingryp ten einde die pas van transformasie te bespoedig weens die al groter wordende bewerings van swart studente oor rassistiese praktyke. Die studente wat in ’n optog hierteen geprotesteer en met luide stemme besware geopper het, was skynbaar almal lede van OS (Janse van Rensburg 2015:7). OS se optrede het die regering aangevuur om groter druk uit te oefen sodat die US se transformasieplanne so gou as moontlik aan die parlementêre portefeuljekomitee oor hoër

onderwys voorgelê en verduidelik kon word. Die groot beswaar was dat die US se taalbeleid ’n struikelblok in sommige studente se opleiding was. Ook die DA het te kenne gegee dat die rassespanning nie daargelaat kon word nie en dat ondersoek na die presiese feite noodsaaklik was. De Villiers het nie teruggedeins nie en te kenne gegee dat die US die geleentheid sou aangryp om die portefeuljekomitee in te lig oor watter vordering gemaak word deur wat hy as die US se omvattende transformasieplanne bestempel het (Janse van Rensburg 2015:7). Op 1 September 2015 het ’n US-betoging van bykans 1 500 studente onder aansporing van OS vreedsaam verloop. Verskillende rasgroepe, politieke partye, instansies en verenigings het daaraan deelgeneem. Verskeie sprekers het op US se Rooiplein die woord gevoer en een van die studente het dit beklemtoon dat die protes nie teen mense van ’n sekere ras gemik was nie, maar teen die stelsel wat wit bemagtiging beskerm. Die hoofteiken was Afrikaans, wat volgens die protesterendes gebruik is om ander groepe wat dit nie verstaan nie, te onderdruk. Die duidelike waarskuwing is gehoor dat die tyd aangebreek het om die “wittebrood van wit bevoorregting” te beëindig (Moses 2015:2). Daar is deurgaans ’n beroep op die betogers gedoen om vreedsaam te betoog en die hoofoogmerk was om by die bestuur op kragtige wyse aan te dring op transformasie. As voorsorgmaatreël is baie van die geboue tydens die optog gesluit en die hoofgebou van die universiteit is met staalversperrings afgesluit (Moses 2015:2).

Die aanleiding tot die ontevredenheid was ’n dokumentêre video met die titel *Luister,* waarin die ervarings van rassisme deur swart studente en ’n US-dosent, en veral hulle gevoel van uitsluiting as gevolg van Afrikaans, uitgebeeld is. Die video het onmiddellik groot opspraak verwek en is meer as 200 000 keer van YouTube afgelaai (Gouws 2015:6). Tydens ’n latere kampusdebat het ’n lid van OS op ’n vraag of transformasie nie in ’n deeglike debat uitgepluis moet word nie, gereageer dat dit nie swart studente se taak is om wit studente oor rassisme op te voed nie. Daarmee het prof. Amanda Gouws saamgestem en gemeen OS het beslis “baie mense uit hul gemaksone” geruk en selfs met angs vervul. Sy het daarop gewys dat die woord ‘transformasie’ los en vas gebruik word, maar dat dit wou voorkom asof niemand werklik leiding

wou gee of presies geweet het hoe dit verwesenlik moet word nie. Wat haar betref, sou rassisme slegs verander indien die US se institusionele kultuur meer inklusief word en vooroordele teen swart mense, vroue, gays, ensovoorts hoegenaamd nie meer geduld word nie. Tog het sy gepleit dat die positiewe wat die US doen om transformasie te bevorder erken word om sodoende diegene wat die dapperheid toon om daarvoor op te staan en transformasie te bevorder, te ondersteun en te erken (Gouws 2015:6). Wanneer OS egter plakkate rondswaai met die woorde "One settler one bullet", word hulle eie saak daardeur benadeel en het dit vir haar begin lyk na 'n wye sameswering om alle kampusse te destabiliseer. Die US het lankal reeds nie meer vir 'n uitsluitende "idee" gestaan nie en behoort toegespits te wees op die skepping van kennis, die stoei met kritiese kwessies en 'n strewe na uitnemendheid. Dit kon slegs deur diversiteit bereik word sonder om enigeen op enige gronde uit te sluit. Sy het gewaarsku daar moet na die stemme van die jong "born-frees" geluister word, want hulle was die "barometer" vir "die ongeduld met die slakkegang van transformasie" (Gouws 2015:6).

De Villiers se siening het basies ooreengestem met dié van Gouws, naamlik dat die US-opstande deel van 'n algemene opwelling van studente-onrus dwarsoor die land was (Retief 2015:3). Oor die kritiek dat hy agteroorbuig om OS ter wille te wees, het hy verduidelik dat kennisname van OS se besware deel gevorm het van sy siening van die oop gesprek en van geldige vrae wat na 21 jaar van demokrasie gevra behoort te word. "Die born-free-generasie is nou oud genoeg om ongelykheid, armoede en korrupsie en werkloosheid te bevraagteken, maar jonk genoeg om die probleem te wil aanpak." (Retief 2015:3) Ruimte moes gelaat word vir gesprek en die uitdaging was om toegang vir die jeug tot die US te gee, maar steeds 'n suksesvolle instelling te bly. Die *Luiste*r-video was ook vir hom 'n slegte ervaring wat hy met erns bejeën het, maar terselfdertyd met die besef dat dit nie alle elemente verreken nie en deels onakkuraat was deur byvoorbeeld Elsenburg-landboukollege, waar dit veel erger gegaan het toe sambokke en swepe gebruik is tydens die studente se betoging om Afrikaans as onderrigtaal te verwyder, verkeerdelik as deel van die US uit te maak. Die universiteit kon nie verantwoordelikheid

aanvaar vir rassistiese insidente wat in kroeë op Stellenbosch plaasvind nie, maar kon dit ook nie goedpraat nie. Hy was bewus van die kritiek teen hom dat hy wit, Afrikaans en ’n man is en byvoorbaat ’n teiken vir agterdog en verdenking is. Juis daarom wou hy sensitief wees vir wit bevoorregting sonder dat dit beteken het dat hy homself ’n teiken gevoel het. Hy het herhaal dat die US vir hom nie ’n Afrikaanse of Engelse universiteit is nie, maar ’n “wêreldklas-meertalige” universiteit met ’n taalbeleid van gelyke status vir Afrikaans en Engels. Hy was vol vertroue dat die US op pad was om dit 100% te verwesenlik, met die volle besef dat die uitdaging in die praktiese uitvoering en verwesenliking daarvan gelê het. Hy kon nie onverdedigbare dinge soos seksisme, rassisme, diskriminasie verdedig nie, maar wanneer onaanvaarbare optrede soos klasontwrigting plaasvind, was dissiplinêre optrede onvermydelik en noodsaaklik. Die aanklag oor die wit US-raad het hy ook in breër verband gesien as ’n weerspieëling van hoe maatskappydireksies landswyd lyk. Die raad moes belis meer divers saagestel word. Die situasie vorentoe was dat die raad self drie lede kon aanwys, te wete ’n bruin man en twee swart vroue. Die toenemende polarisasie in die land, wat neerslag gevind het in ekstreme standpunte soos weerspieël in die sosiale media en die rassistiese kommentaar wat daarin tot uiting gekom het, het groot kommer by hom gewek (Retief 2015:3).

De Villiers het vertel hoe hy en sy vrou na die *Luister*-video gekyk het, hoe ontstellend dit was om na die swaarkry van studente te kyk en hoe diep dit hom geraak het (Loots 2017:6). Hy het vinnig op dié verleentheid vir die US gereageer en reeds ’n dag nadat die video uitgereik is skerp afkeur teenoor wat daarin blootgelê word, uitgespreek. Hy is egter verwyt vir sy trae en afsydige reaksie oor ’n kontra-video, *Die ander kant,* wat deur die bestuur “met dawerende stilte begroet” is. Dit is opgeneem op inisiatief van Mercy Kannemeyer, een van die US se knap nagraadse studente, waarin die rektor en sy bestuur getakel is oor die miskenning van Afrikaans, die feit dat Engels die oorhand het, die bestuur se leë woorde oor hoe hulle Afrikaans steeds ’n plek gun, en oor die wyse waarop “veral arm swart en bruin Afrikaanssprekendes daardeur benadeel word” (Loots 2017:6). Die enigste reaksie van die bestuur

op alles was om net nog ’n meningspeiling te loods. Tydens die 2017 Woordfees op Stellenbosch in die Van Zyl Slabbert-gespreksreeks het De Villiers op ’n vraag wat sy opinie van *Die ander kant*-video is, na Kannemeyer verwys as ’n “bondeltjie energie”, maar met ’n verkeerde standpunt. In haar gereelde rubriek in *Rapport* het Sonja Loots hierdie reaksie as chauvinisties en oneerlik bestempel, omdat die rektor en sy studente en almal wat by laasgenoemde gesprek teenwoordig was, besef het dat Afrikaans as onderrigtaal “meedoënloos uitgefaseer” word. Sy het daaraan herinner hoe 2017 begin het met die dekaan van die mediese fakulteit se aankondiging (sien hierbo) dat lesings voortaan slegs in Engels aangebied sou word. Haar verwyt was dat De Villiers een ding sê en dan presies die teenoorgestelde doen, wat weereens geblyk het toe ’n student tydens ’n gespreksgeleentheid geprotesteer het dat haar ervaring nie rym met wat die rektor beweer nie, siende dat haar Afrikaanse chemievraestel minder gedetailleerd was as die Engelse vraestel. Die rektor se reaksie was kortaf dat hy nie op bewerings kan reageer nie; so ook was sy reaksie “knorrig” op ’n vraag van ’n oudstudent tydens die konvokasie se jaarvergadering oor Afrikaanse beregtiging. Indien die rektor dit werklik erns het met sy versekering oor Afrikaans, behoort hy hom ook te steur aan reaksie van “die ander kant”, en wat Loots betref, moes sy reaksie eintlik gewees het: “Ek is jammer om te hoor dat die beloftes wat ek pas gemaak het nie eerbiedig word nie. Kom sien my sodat ons dit kan oplos.” De Villiers was wel bereid om na “anekdotes” van OS te luister, maar vir die ander kant se anekdotes was hy kennelik “allergies”. Oor die video *Luister* was sy reaksie dat hy dit jammer vind dat studente meen dat hy nie na hulle klagtes luister nie en hy het hulle uitgenooi om met hom en die bestuur te praat. Sy optrede en reaksies het egter van hierdie uitnodiging ’n bespotting gemaak en volgens Loots het die rektor by herhaling getoon dat “sy woord nie sy eer is nie” en sy hantering van ’n “formidabele” student soos Kannemeyer waarskynlik Botman en Van Zyl Slabbert in hulle grafte sou laat omdraai het. Die leiers van hulle kaliber wat nog leef, kon maar net hulle “koppe in ongeloof skud” oor die rektor se optrede en reaksies (Loots 2017:6). Daar is later beweer dat De Villiers wel vroeg in 2017 in gesprek met Kannemeyer getree het en te kenne gegee het dit “sleg” sou wees om Afrikaans te sien verdwyn: “Dit is glad nie wat ons

voorstaan nie. Ek dink daar is ’n baie belangrike plek vir Afrikaans. Ek dink Afrikaans differensieer ons van ander universiteite.” (Malan 2017:6)

Met die aanbreek van 2010 was die politieke en kulturele debat volgens Anton van Niekerk besig om in twee pole radikaal links en regs te beweeg. Dit het hy afgelees uit die feit dat die idee van ’n Afrikaner-tuisland besig was om veld te wen en die stryd oor Afrikaans verwring en aangegryp is as tekenend van ’n totale aanslag teen Afrikaners en wit mense. Juis daarom het hy die middelgrond bepleit en al noodsaakliker geag met as spilpunt die besef van ’n gemeenskaplike lotsbestemming onder almal en van saam voortleef of ondergaan. Daar sou besef moes word dat die grootste deel van Suid-Afrika se bevolking uit Afrikane bestaan en met die gepaardgaande kwessie hoe wit mense aan hulself as Afrikane dink. Die land kon werk indien almal menswaardig leef, wat sou beteken dat moord en korrupsie aan bande gelê moet word, so ook grootskaalse persoonlike verryking en gulsigheid, 'n afname in emigrasie en ’n ekonomie wat groei om armoede hok te slaan (Van Niekerk 2010:19). Van Niekerk se belangrike bydrae was sy sobere pleidooi vir in-die-middel-denke en -optrede. Middelgrond-soekers weier om te aanvaar dat alles net swak en sleg is en glo daar is wel ook goeie nuus. Hy het dit beklemtoon dat die middelgrond ongewild en moeilik is om te betree en te handhaaf te midde van toenemende ekstremisme en pogings om ekstreme standpunte af te dwing. Vir “linkses is jy te regs, en vir die regses is jy te links”, maar vir hom was die middelgrond die ware oplossing “as ons mekaar nie wil vernietig op grond van ekstremiste se destruktiewe sekerhede op die rante van die spektrum nie” (Van Niekerk 2010:19).

Daar is op die ironie gewys dat beide Solidariteit en selfs die “morsige aktivisme” van die studente-aktiviste op uiteenlopende wyse en vir verskillende groepe die hoop brandend gehou het dat “iemand vir húl saak veg, terwyl ons uitgevrete leiers die brandende land ongeërg in sy peetjie stuur” (Pelser 2015a:6). Pelser het spesifiek verwys na die optrede van Flip Buys van Solidariteit, Khule Duma van OS en Breytenbach, wat by verskillende geleenthede hulle menings gelug het oor wat in die land haper en verkeerd loop. Solidariteit het sy Helpmekaarplan 2020-aksieplan bekend gestel om almal wat hulself Afrikaners noem, deel te

maak van 'n aksie teen staatsverval en hulle tot selfstandigheid en kreatiwiteit op kultuurgrondslag aan te spoor. Kommer en frustrasie is egter uitgespreek dat bruin mense nie spesifiek genoem of inherente deel van Solidariteit se aksie gesien of gemaak is nie en dat mobilisering op wit "etniese" grondslag weer van vooraf vyandigheid teenoor Afrikaners kon ontketen. Dit het nie beteken dat laasgenoemde aksie volgens Pelser afgeskryf moet word nie, veral omdat dit so sterk deur Afrikaanse gemeenskappe gesteun is en dit soveel sou benadeel indien dit geskrap word. Duma self het ook gestrewe na swart "selfverwesenliking" en die behoefte om op die kampus te "behoort". Talle studente vir wie OS in die bresse getree het, het bloot die begeerte gekoester om nie soos vreemdelinge uitgesluit te voel nie deurdat lesings by een van die beste universiteite in die land in Afrikaans aangebied word. Hulle voel dat hulle op 'n kampus leef en beweeg waar verskeidenheid en andersheid te oormatig benadruk word. Duma se grootste besware was dat staatsgeld ter sprake was en dat die US Afrikaans voor kennis stel, terwyl dit net "lippediens" aan transformasie betuig. Vir Duma het die reg om te studeer eerste gekom en daarna eers die reg om in Afrikaans te studeer. Pelser het ook verwys na Breytenbach as een van diegene wat die hede net so veragtend as die verlede veroordeel het. Hy het die "eendimensionele fokus op ras" verafsku, uitgesien na die "hibriede resultate" wat uit die verlede en die toekoms kon voortspruit maar was veral uiters besorgd oor die "kanker van neerslagtigheid" wat reeds die land beetgepak het en die rede vir die hoë emigrasiesyfers was (Pelser 2015a:6).

Teen 23 Oktober was die US reeds deel van die landswye betogings en twee van die voorste segspersone vir die aktiviste was Marc Rudolph, sekretaris van die SR, en Mathume Majaletje, lid van OS (Rudolph & Majaletje 2015:31). Beide het erken dat betogings as sulks emosioneel uitputtend en tydrowend is, maar dat protesteer noodsaaklik geword het omdat tersiêre onderrig by die US en elders die beginsels wat deur die land se demokrasie gewaarborg en in die vooruitsig gestel is, geloënstraf het. Toegang tot onderrig en die voorsiening daarvan vir diegene wat dit die meeste nodig het – die armes – was vir hulle 'n sentrale kwessie. Die protesterende studente se siening was dat die

US se voorgestelde fooiverhoging van 11,5% primêr op ’n samelewing van bevoorregte gelykes ingestel was en sou bydra om die status quo van diegene wat deur afkoms en geboorte ryk of arm is, te laat voortduur. Die stelselmatige meerderwaardigheid en onderdrukking van geslag- en rassegroepe wat die land verdeel en verdruk het, is wat hulle betref tot in daardie stadium nooit aangespreek of reggestel nie. Die eis van die betogers by die US was dat gelde by die US nie verhoog moet word nie, veral omdat die US soveel reserwekapitaal gehad het. Breër beskou, en indien die regering werklik ernstig was oor die land se ontwikkeling, moes meer geld aan universiteite voorsien word, anders sou betekenisvolle transformasie nooit ’n werklikheid word of bewerkstellig kan word nie en die nie-bevoorregtes nooit die kans kry om te deel in die land se vooruitgang en ontwikkeling nie (Rudolph & Majaletje 2015:31). Hiervoor was die regte kampusleierskap noodsaaklik, en wat hierdie studente betref, was die US se raad in die hande van bejaarde wit mans wie se denke nog in die verlede vasgevang was. Die ouer geslag het te min begrip vir die land se armes gehad om die bestaande situasie behoorlik te begryp en ook te vasgeval in hulle verstarde denke om na die jonges te luister. Studente het nog steeds geworstel en nie genoeg geleentheid gehad om van die pyn van die verlede te verwerk nie. Daarom moes universiteite gesien en bedink word as plekke van kennisheling. “Ons vertrou nie die ou stelsel nie: die is inherent uitsluitend.” (Rudolph & Majaletje 2015:31)

Die oproer by die US sou weereens aanleiding gee tot ’n openbare debat oor hoe Afrikaans geteiken word en wie die eintlike skuld daarvoor moet dra. Max du Preez het vertel hoe hy aan die begin van Oktober die betogers van die ANC-geaffilieerde Sasco by die US hoor sing het: “Een land, een taal!” (Du Preez vs. Bosman. 2015:7) Hy het op die ironie gewys dat die taal wat die jong mense in gedagte gehad het, die taal van die Britse Ryk was – Engels – die taal waarin Suid-Afrika en talle ander lande gekoloniseer is. Afrikaans waarvan hulle ontslae van wou raak, daarenteen, was nie net ’n inheemse taal nie, maar ook die derdegrootste in die land. Hy was op soek na antwoorde en ’n logiese verklaring oor swart mense se aanhang van Engels wat deur ’n onderdrukkende koloniale owerheid na Suid-Afrika gebring is. Engels is

nie slegs deur hulle aanvaar nie maar grootliks bewonder. Was die redes: "'n Minderwaardigheidskompleks? Opportunisme? Onkunde?" Die studente se protesbeweging het veral in die beginfase Afrikaans uitgekryt en gelykgestel aan "rassisme, wit bevoorregting, 'n simbool van apartheid en 'n hunkering na die verlede" (Du Preez vs. Bosman 2015:7). Die rede hiervoor was vir Du Preez geleë in die feit dat wit Afrikaners deur die jare Afrikaans selfsugtig vir hulself toegeëien het sodat dit meerderwaardige en uitsluitende etniese nasionalisme versimboliseer het. "Ons het dit die taal van die wit baas, die hovaardige dominee en die rowwe poliesman gemaak, dit 'n apartheidsbaadjie laat aantrek, kapstewels en 'n sambok gegee." (Du Preez vs. Bosman 2015:7) Enige ander variante van die taal is met minagting verwerp en Afrikaans en die aanleer daarvan is op ander kultuurgroepe afgedwing. Juis daarom was die koms van demokrasie in 1994 so 'n enorme bevryding en die aanbreek en dagtekening van die persoonlike vryhede en regte van die onderdruktes. Daarna het Afrikaans weereens in die vaarwater beland, omdat wit Afrikaners hulle verbeel het hulle verdien lof vir die ommekeer in die land en dat hulle sondermeer die afgryslike verlede kan afskud en vergeet. Nogtans behoort 1994 steeds aangegryp te word as 'n nuwe begin om die verlede reg te stel en ongedaan te maak. Dit kan onder andere gedoen word deur die oopstel van universiteite en deur almal in dieselfde moontlikhede om prestasies en sukses te behaal te laat deel. Daar moes veral nie weer besitlik om Afrikaans "begin kloek" word nie, maar Afrikaans se gemeenskaplikheid, inheemsheid en vriendelikheid moet beklemtoon en so bemark word (Du Preez vs. Bosman 2015:7).

In reaksie op Du Preez se stellings het die hoofsekretaris van die AB, Jan Bosman, spesifiek verwys na die term "taalbulle" wat so negatief wyd en syd en veral uit eie Afrikanergeledere in die US-taaldebat rondgegooi is om stryders vir Afrikaans te probeer kwets en die swye te probeer oplê. Omdat Afrikaanssprekendes nie self die taal verdedig het nie, is "die deur toe wyd oopgemaak vir 'n deesdae raserige geskreeu oor Afrikaans" en die voorhou van beskuldigings oor wat in die verlede gebeur het. Die oplossing was nie om oor Afrikaans te swyg en uit skuld en gedienstigheid te verengels nie.

Hy het Mandela se eie woorde voorgehou, naamlik dat die instandhouding en beskerming van Afrikaans nasionaal eerder as seksioneel is en Afrikaans op wetenskaplike, akademiese en algemeen intellektuele terrein uitsonderlik presteer het en beskerming verdien. Bosman kon geen laertrekkery bespeur nie; Afrikaans het immers gevorder van die taal van die onderdrukker tot versettaal teen 'n regering wat korrup en tot nadeel van Suid-Afrika aan bewind is. Die grootste vyande van Afrikaans was politieke gedienstigheid en stilswye. Afrikaners is nie "taal se vyand nie – stilswye is" (Du Preez vs. Bosman. 2015:7).

### 4.3.2 Open Stellenbosch (OS) se aandrang op transformasie




**Die groep Open Stellenbosch betoog teen onder meer die gebruik van Afrikaans op die US-kampus.** **(Foto: Edrea du Toit, *Beeld*, 1 Oktober 2016:8)**

Tesame met die gewelddadige betogings by Elsenburg aan die begin van September 2015 het die US ook skerp onder skoot gekom (Germishuys & Van den Berg 2015:1). Die OS-groep het kapsie gemaak teen die 21 "leliewit mans-raadslede" en wou weet wat die presiese program en oogmerke vir transformasie was. Tesame daarmee is 'n drastiese ultimatum aan die bestuur gerig dat as daar nie binne 'n dag gereageer word nie,

OS genoodsaak sou wees om te eis dat die ongetransformeerde raad bedank. OS wou ook die taalbeleid op ’n buitengewone raadsvergadering hersien hê. Op hierdie drastiese eise het die US se bestuur gereageer met ’n verklaring dat die raad al die verwikkelinge en eise op ’n raadsvergadering reeds die einde van die maand in behandeling sou neem. Terselfdertyd is ’n oop uitnodiging aan OS gerig om konstruktief met die bestuur in gesprek te tree (Germishuys & Van den Berg 2015:1).

Intussen was daar toenemende besware oor studente wat Afrikaans as ’n taalstruikelblok (weens swak onderwys op skool) ervaar het en as gevolg daarvan nie die mas kon opkom nie. Hierdie beswaar is inderdaad deur die bestuur met erns bejeën en sou een van die klagtes wees wat ’n US-taakspan moes ondersoek (Van den Berg 2015:2). Verdere studentegriewe en aanbevelings sou ook tydens die komende raadsvergadering ter tafel gelê word. Voor die parlementêre komitee is gewag gemaak van die feit dat so ’n taakspan reeds in Junie saamgestel is om aanbevelings oor taal (wat nie as die enigste faktor wat studentesukses bepaal, uitgewys is) en transformasie te doen, asook om verdere en verbeterde metodes om swak geletterdheid aan te spreek, te ondersoek. Verswarende faktore wat genoem is vir swak prestasie was knypende persoonlike finansies, haglike huislike omstandighede en swak en gebrekkige skoolonderrig. Hiervoor het die universiteit reeds eerstejaar- ondersteuningshulp vir taal asook mentorprogramme in plek gehad. Omdat van die studente ook sosiaal vervreemd en uitgesluit gevoel het weens Afrikaans, moes planne beraam word om studente wat ander tale praat in staat te stel om, ongeag Afrikaans, beter en nouer met mekaar te kommunikeer (Van den Berg 2015:2).



**Studente van die beweging Open Stellenbosch hou bordjies met die ou vlag wat doodgetrek is in die lug op die geleentheid waar 'n plaket ter ere van voormalige eersteminister dr. HF Verwoerd verwyder is.** **(Foto: Denvor de Wee, *Volksblad*, 2 Junie 2015:7)**

Die eensydigheid wat Scholtz in die taalstryd by die US en NWU opgeval het en veral OS se dreigemente, het hom genoop om te pleit dat beide kante van die Afrikaanse taalsaak aangehoor en verreken moes word. Te veel van die opstandiges wat die strydbyl opgeneem het, het subjektief net hulle eie standpunte ingeneem en gepropageer (Scholtz 2015a:6). Hy het verwys na die Video *Luister* waarin US-studente vertel het hoe ontuis hulle weens die gebruik van Afrikaans voel en waarin ander afgryslike rassistiese insidente ook aan die lig gebring is. Sulke rassisme en barbaarse optrede kon hoegenaamd nie geduld word nie, was sy reaksie, maar aan die ander kant was daar ook die minagtende optrede van sommige swart mense teenoor wit mense. Die ontwrigting van klasse by die US, asook geweldpleging by NWU en Elsenburg was vir hom 'n duidelike bewys dat nie net een kant die blaam kon dra nie. Scholtz het iemand soos Du Preez verwyt dat hy steeds afgesaagde en niksseggende terme soos "taalbulle" gebruik en selfs twyfel uitspreek of Afrikaans-georiënteerde universiteite hoegenaamd nog aanvaarbaar behoort te wees. Scholtz het probeer verduidelik dat die taalstryders eintlik van identiteit praat, nie taal nie. Hy kon homself daarmee vereenselwig en sonder skaamte erken dat hy 'n

Afrikaner is. Afrikaner-identiteit het in die loop van die geskiedenis heelwat verskuiwings ondergaan en hy dink nie sy eie Afrikanerskap is "geleë in my pienk vel … en my gelaatstrekke nie. Dis inklusief en sit tussen my ore, daar waar dit saak maak" (Scholtz 2015a:6). Scholtz het verwys na dr. JA Heese se bevinding dat 7% Afrikaners afstammelinge van ingevoerde slawe is, wat Afrikaners bloot "minder bruin as die bruines" maak. Die saambindende faktor was die Grondwet, en indien agter Afrikaans geskuil word om swart studente uit die US te weer, het dit nie slegs teen die Grondwet ingedruis nie, maar was dit ook onregverdig en verwerplik. Die probleem was egter dat talle van die OS-aanhangers geheel en al vyandig teen Afrikaans was en daardeur in werklikheid self die Grondwet geminag het. Een kant in die rasseherrie sê "rassisme" en die ander kant "Afrikaans" en "Grondwet" en steeds word daar verby mekaar gepraat. Die US was reeds verby die "kantelpunt om ooit weer oorheersend Afrikaans te bly en sou nooit meer slegs Afrikaans wees nie". Dit alles het beteken dat De Villiers reeds 'n "agterhoedegeveg" voer om Afrikaans nog 'n staanplek te laat behou. Indien albei kante se sienings nie verreken word nie, het Scholtz gewaarsku, sal die US totaal verengels (Scholtz 2015a:6).

## 4.4 Verduideliking oor US se transformasie in die parlement




**Prof. Nico Koopman, waarnemende viseroktor vir maatskaplike impak, transformasie en personeel aan die Universiteit Stellenbosch (US), en prof. Wim de Villiers, rektor en visekanselier, verduidelik US se konseptaalbeleid om groter inklusiwiteit teweeg te bring namate die "taaldemografie en -voorkeure" verander, voor die parlement.**
**(Foto: Lulama Zenzile, *Volksblad*, 24 Maart 2016:7)**

In die parlement het Nzimande die versekering gegee dat die US gesteun sal word, op voorwaarde dat daar verandering kom en transformasie sterker deurgevoer word, want daar sou nie meer universiteite geduld word wat hoofsaaklik wit is nie. Hy was veral geskok en gebelgd oor die bewyse van rassisme soos in die *Luister*-video bevestig. Volgens Nzimande was deel van die probleem die "konserwatiewe belangstellendes rondom die US wat hulle teen transformasie verset en dit 'n eksklusiewe Afrikaanse universiteit wil hou … soos in die 1980's. Ons moet hulle aan die kaak stel" (Van den Berg 2015a:2). In sy aanbieding voor die parlement en voordat hy die belangrikste

aspekte van US se transformasie uitgelig het, het die rektor erken die *Luister*-video het hom ontstel en uiters ongemaklik laat voel. Hy het daarop gewys dat die US 30 000 studente het, waarvan 62% wit was en net 38% uit bruin, swart in Indiër-gemeenskappe kom. Slegs 17% van die akademiese personeel was uit hierdie gemeenskappe afkomstig. Die US glo transformasie is noodsaaklik en hy het erken dat die instelling se volle toepassing daarvan nog geensins bereik is nie. Terselfdertyd het hy die versekering gegee dat die toewyding om dit te verwesenlik daar was en met erns voortgesit sou word. Die viserektor in beheer van transformasie, prof. Nico Koopman, het vertel dat bykans R70m bestee sou word om twee professore spesifiek vir versoening, transformasie en geregtigheid aan te stel. Wat die taalbeleid betref, is uitgewys en herbevestig dat die US 'n veeltalige beleid volg, omdat diversiteit erken word en die taalbeleid ook toegang vir bruin, swart en Indiër-studente nastreef. Tweederdes van die modulekrediete sou in 2016 in Engels aangebied word en tweederdes in Afrikaans, terwyl die teiken vir 2020, 75% elk was (Van den Berg 2015a:2).

Die dokumentêre video het wyd reaksie uitgelok en in haar rubriek het Loots US berispe dat daar te lank gesloer is om aan klagtes van verontregting behoorlike aandag te gee. Die dokumentêr was 'n hartseer saak, want die sogenaamde vrygeborenes was reeds veronderstel om meer verdraagsaamheid te openbaar (Loots 2015:6). Nzimande was korrek om die gebeure by die US as skokkend te bestempel, maar dit het oor meer as net Afrikaans as onderrigtaal gegaan.

Sommige wit, Afrikaanse studente aan die Universiteit Stellenbosch is rassisties om dieselfde redes as wat sommige Engelssprekende studente van Kaapstad en Wits rassisties is: hulle is dom en dikvellig omdat hulle ouers hul nie behoorlik opgevoed het nie en omdat hulle die produkte is van 'n siek land met 'n traumatiese verlede. (Loots 2015:6)

Sy kon egter nie glo Engels as voertaal sou rassisme beëindig nie en het met Nzimande saamgestem dat die rassisme by die US bemoeilik word deur die rassistiese ingesteldheid binne die breër sosiale milieu rondom die US. Rassistiese voorvalle het egter ook by Wits en die UK onder swart studente teenoor Indiër- en bruin studente voorgekom. Rassisme onder

studente moet bestry word, maar sy het gemeen Nzimande "speel vuil wanneer hy hom – onder die dekmantel van verontwaardiging oor rassisme op Stellenbosch – self tot stereotipes en diskriminasie wend. As jy oor die meriete van Afrikaans as voertaal wil debatteer, doen dit asseblief met meer intelligensie en logika as Nzimande" (Loots 2015:6).

Loots was geneig om in baie sterk trant kommentaar en genadelose kritiek te lewer en algaande sou sy in haar gereelde rubriek in *Rapport* die rektor se lastigste en grootste nemesis word – die ongenadige kritikus teen wie hy keer op keer te staan sou kom.

Wat soos 'n paal bo water gestaan het, was dat rassisme by tersiêre instellings totaal onaanvaarbaar geword het en streng optrede daarteen noodsaaklik geag en wyd ondersteun is. Daar is egter ook op die gevaarlike wanopvatting gewys dat, omdat Afrikaans een van die onderrigtale by US is, die universiteit vanselfsprekend rassisties moet wees (*Volksblad* 2015:6). Die gelyke status van al die inheemse tale is immers in die Grondwet vasgelê. Die rassistiese voorvalle by US het nie beteken dat die US nie aandag aan transformasie gee nie, of dat die instelling nie transformeerbaar is nie. Die uitdaging was om rassespanning só te hanteer dat die universiteit toenemend verdraagsaam teenoor alle groepe sou wees, 'n plek waar respek teenoor mekaar geleer en gehandhaaf kon word. Vir die soveelste keer is die vaagheid van transformasie geopper en hoe noodsaaklik dit geword het om uit te klaar wat transformasie aan tersiêre instellings presies behels (*Volksblad* 2015:6).

## 4.5 Die beveiliging van studente en die stigting van 'n vereniging van oudstudente vir die behoud van Afrikaans: September 2015

Selfverdedigingskursusse vir studente asook die wetlike aspekte daarvan was deel van AfriForum Jeug se inisiatief om Afrikaanse kampusse en studente weens toenemende gewelddadige betogings te beskerm. Die studenteverset en -onluste het daartoe gelei dat 'n "voorkomingsplan" deur hulle bekend gestel is om studente paraat te maak (Germishuys 2015:7). Dit het die opleiding van studente in selfverdediging ingesluit, beter veiligheidstrukture in samewerking

met kampusowerhede, en die huur van veiligheidswagte. Veral laasgenoemde was problematies, omdat rektore ongeneë sou wees om private sekuriteit op kampusse aan ander oor te laat. Elsenburg se bestuur het byvoorbeeld geweier om aan AfriForum toegang tot die kampus te verleen (Malan 2015a:4).

Die omvattende plan was om beskermingsdienste by sewe universiteite in te stel, maar navraag by onder andere die UP en NWU het negatiewe kommentaar ontlok, soos dat dit totaal onaanvaarbaar is dat die universiteit "met private veiligheidsmense gemilitariseer word" (Van Zyl 2015:7). Die standpunt was dat universiteite die veiligheid van hulle studente ernstig opneem en volle vertroue in hulle eie veiligheidsdienste het. As gevolg van die negatiewe terugvoering is die idee van kampusbeveiliging deur AfriForum blykbaar laat vaar, maar die drif vir die beskerming van Afrikaans het as gevolg van die gewelddadigheid en die toenemende fisiese geweld teen wit studente net verder verskerp.

Die plan was om vir die behoud van Afrikaans deur optogte, memorandums en versoekskrifte te stry en te betoog. As gevolg van die "doodsklokke" wat vir Afrikaans op tersiêre vlak begin lui het deurdat Afrikaans op al drie onderwysvlakke al hoe meer uitgeskuif is, het 'n groep Afrikaanse akademici en oudstudente aan Afrikaanse universiteite laat besluit die tyd het aangebreek om meer daadwerklik op te tree. Dit was die rede agter die aankondiging in September 2015 van die stigting van 'n landswye oudstudentevereniging vir die behoud van Afrikaans as onderrigtaal by universiteite. Die stigterslede was Le Roux (ekonoom by Solidariteit), Giliomee (historikus), Venter (regsgeleerde), Geldenhuys (politokoloog), Van der Elst (letterkundige), Herman (Solidariteit) en Colditz (onderwyskenner). Die oogmerk was om die nuwe organisasie oorkoepelend te struktureer en dinamies te laat funksioneer om sodoende die transformasie-beheptes se verwerping en aftakeling van Afrikaans teen te staan en te ontmasker en hulle "morele bankrotskap" voor die jonger geslag aan die kaak te stel (Venter 2015:7).

Die geleidelike inperking van Afrikaans is opnuut ook deur Scholtz beklemtoon deur sy uitwysing hoe daar aanvanklik by die US geredeneer is dat dit onnodig was om Afrikaans formeel as onderrigtaal te veranker; daarna die idee dat dit

as verstektaal sal geld; toe die uitsondering oor verstektaal wat gaandeweg die reël geword het; totdat die amptelike beleid van gelyke status vir Afrikaans en Engels aanvaar is. Blykbaar is die 50/50-beginsel in klasse nie streng toegepas nie en al meer ten gunste van Engels oortree. Nogtans moes hy ook erken dat die "rassistiese optrede van 'n klomp dom Afrikanerstudente 'n wapen op 'n skinkbord" gebied het vir diegene wat geheel en al met Afrikaans wou wegdoen (Scholtz 2015b:6). Sy vermoede was dat wanneer De Villiers se rektorskap tot 'n einde kom, dieselfde sal gebeur as by die UV onder Jansen. Eers was daar parallelmedium, maar Jansen het getoon dat hy min omgee vir Afrikaans en hy is deur UV se SR-voorsitter gesteun in sy oortuiging dat Afrikaanse klasse die studente verdeel. By NWU het Kgwadi uitnemendheid as rede vir afskaling van Afrikaans gestel en hy het die indruk gewek dat Afrikaans uiteindelik moet verdwyn. Struikel Afrikaans op tersiêre vlak, sou dit ook die uiteindelike dood van Afrikaans op skool beteken. Hy het herhaal dat wat egter nie mag gebeur nie, was om agter Afrikaans te skuil om universiteite wit te probeer hou en dat dronk Afrikaanse studente hulle taal 'n nekslag toedien deur onbeskofte en rassistiese optrede. In ernstige trant het Scholtz gewaarsku as daar verder gedraal word om vir die behoud van Afrikaans op te staan, dit die uiteinde van die taal kan beteken (Scholtz 2015b:6).

As gevolg van die "doodsklokke" wat begin lui het vir Afrikaans op tersiêre vlak deurdat Afrikaans op al drie onderwysvlakke (primêr, sekondêr, tersiêr) al hoe meer uitgeskuif is, het 'n groep Afrikaanse akademici en oudstudente aan Afrikaanse universiteite besluit dit het tyd geword om meer daadwerklik op te tree. Scholtz het die geleidelike inperking van Afrikaans uitgewys deur aan te toon hoe daar aanvanklik by die US geredeneer is dat dit onnodig is om Afrikaans formeel as onderrigtaal te veranker; toe die idee dit sal die verstektaal bly; daarna het die uitsondering gaandeweg die reël geword totdat die amptelike beleid bepaal het Afrikaans en Engels geniet gelyke status.

## 4.6 Die raad se omstrede taalbeleidbesluit: 30 September 2015

Toe die US-raad op 30 September ’n omstrede besluit aankondig vir die verwydering van die bepaling in die amptelike beleid dat Afrikaans beskerm word, het OS daarop aanspraak gemaak dat dit aan hulle te danke was dat dié besluit geneem is (Jansen van Rensburg 2015a:4). ’n Prominente lid van OS en dosent in Engels, dr. Kylie Thomas, het beweer die nuwe taalbesluit was die gevolg van OS se opstand en eise. Reeds vier maande tevore het hulle die nadelige gevolge van die spesifieke woord “beskerming” uitgelig en gevolglik was hulle oortuig dat die OS ’n sterk impak op die besluitneming gehad het. Die weglating van die woord het soos te verwagte in kringe wat Afrikaans probeer beskerm het, groot ontevredenheid veroorsaak, juis omdat daar die vorige jaar lank daaroor gedebatteer is. Ook die raad se aanvanklike voorneme om Xhosa waar doenlik op sinvolle wyse te ontwikkel het gesneuwel. In die besef dat die verandering uitkringende gevolge sou hê, het een van die raadslede anoniem die wysiging as kommerwekkend beskryf, want sneuwel Afrikaans eers by universiteite, sou die skole op die lange duur ook in die taalgedrang kom (Janse van Rensburg 2015a:4).

Intussen het OS ’n skrywe aan minister Nzimande gerig waarin gevra is dat die US se raad ontbind moet word. As motivering is genoem dat baie van die raadslede teen transformasie is en twee raadslede, Carstens en Le Roux, is by name genoem. Verder is daar beweer “wanbestuur” kom voor omdat “onbehoorlike finansiële verhoudings” tussen raadslede soos Durand (hoof van Remgro), Bekker (voorsitter van Naspers) en Theron (van die prokureursfirma Werksmans) bestaan (Jansen van Rensburg 2015a:4). Hierdie brief van OS was nie onderteken nie, maar dit het geblyk afkomstig te wees was van Thomas se rekenaar. Sy het dit nie ontken nie, maar verduidelik dat dit nie onderteken is nie omdat dit ’n gesamentlike aksie was. Sy het daarop gewys dat ander gesamentlike ondernemings soos die Treatment Action Campaign (TAC) ook sulke ononderteken de briewe uitstuur. Alhoewel sy erken het dat OS nie konkrete bewyse vir die aantygings oor wanbestuur het nie, was daar volgens haar voldoende redes om te glo dat daar “erge korrupsie” onder die raadslede

voorkom. Die besware is aan Nzimande gerig, omdat nie sy of die opstandige studente die magsmiddele gehad het om die aantygings te ondersoek nie, maar die minister wel (Janse van Rensburg 2015a:4).

Carstens se reaksie op hierdie persoonlike aanval was dat hy regstappe oorweeg omdat sy naam beswadder word, dit onwaar is dat hy teen transformasie gekant is, en dat Thomas haar aan "selektiewe uitsprake" skuldig maak (Jansen van Rensburg 2015a:4). Die US wou nie op die aangeleentheid reageer nie, omdat die skrywe nie aan die bestuur gerig is nie en dit is herhaal dat die taalbeleid op die November 2015-raadsvergadering gefinaliseer sou word. Op haar beurt het Thomas laat blyk sy val nie die reg van mense aan om Afrikaans te praat nie en dat universiteite vir sprekers van alle tale oopgestel moet word. In 'n onderhoud met Retief het sy te kenne gegee dat OS geweld verwerp en nog nooit die woorde "One settler, one bullet" gebruik het nie, maar volgens Retief het Facebook die teendeel getoon (Retief 2015a:3). Vir Thomas was Carstens 'n voorbeeld van 'n persoon behorende tot 'n bepaalde belangegroep (die ATR), wat sy as strydig met die wet op universiteitsrade beskou het. Sy het talle besware uitgelig rakende die raad en die onderrig-situasie: wapennavorsing word steeds by US gedoen en Van der Walt, buitengewone professor in ingenieurswese, is 'n stigter van Reutech, een van die grootste wapenvervaardigersmaatskappye in die land; van die ander raadslede het talle sakeverbintenisse met mekaar en niemand ontken haar bewerings nie, behalwe om vir bewyse te vra; OS het genoeg geweet om seker te wees van korrupsie en van die feit dat raadslede oor en weer op mekaar se rade dien (soos die raadsvoorsitter wie se vader ook op die US-trust dien); dit is as problematies beskou dat Mediclinic 'n ooreenkoms met die mediese skool het en dat Media 24 'n mediaskool by US ingestel het; OS wou vir alle studente in die land toegang verseker in 'n taal wat hulle verstaan; baie studente het Engels verkies en wit studente behoort soos swart studente ook Engels te aanvaar omdat dit as bindende faktor tussen studente dien en buitendien die wêreld se internasionale kommunikasietaal is; in parallelmediumlesings het studente uit verskillende kultuurgroepe apart gebly, wat nadelig op transformasie ingewerk het; die min studente wat nie Engels verstaan het nie, was nie 'n geartikuleerde

groep op die kampus nie; en ten slotte het Thomas die versekering gegee die oogmerk was nie om Afrikaans opsy te skuif of tot niet te maak nie. Sy het dit ook duidelik gestel dat sy nie beweer of geglo het dat alle Afrikaanse mense teen transformasie gekant is nie, want onder hulle was en is daar byvoorbeeld mense soos Beyers Naudé, Bram Fischer en Antjie Krog (Retief 2015a:3).

Carstens het heftig reageer met die stelling dat die feit dat OS erken hulle beskik nie oor bewyse vir hulle stellings het nie, baie duidelik hulle "uitermate lae taktiek" blootlê (Carstens 2015:7). Hy het vertel hoe hy as konserwatief uitgemaak is omdat hy die eerste voorsitter van die ATR was waarvan VF+ en die Orania-beweging ook lede is. Wat egter verswyg word, is die 41 ander lidorganisasies wat lidmaatskap van die ATR het en die belangrike feit dat dié liggaam nie op politiek ingestel was of iemand probeer uitsluit het nie. Hy sou graag onthou wou word as iemand wat die foute van die verlede probeer regstel het. Wie het in elk geval vir OS die reg gegee het om links en regs eise te stel, en wat van die regte van meer as 100 000 konvokasielede wat hy in die raad verteenwoordig? Hy is wit en 'n man omdat hy so gebore is en die verband wat getrek word van wit+man+Afrikaans=anti-transformasie (en ook rassis) kan hy hoegenaamd nie begryp nie. OS se politieke agenda behoort ontmasker te word, want dit is "die bedenklike opportunisme van 'n klompie randfigure". Hy was onder die diep besef dat die raad se uiteindelike taalbesluite 'n groot impak op Afrikaans se hoër funksies sou hê (Carstens 2015:7).

## 4.7 Die problematiek van transformasie




**Polisie bewaak 'n universiteitsgebou by Maties tydens die #FeesMustFall-veldtog.**
**(Foto: Jonathan Lestrade, *Volksblad*, 7 Desember 2016:3)**

"Kolonialisme en eurosentrisme" is deur Thomas gesubjektiveer en haar idees is lankal nie meer van toepassing op Suid-Afrika nie, was Loots se beswaar teen eersgenoemde se standpunte en beskuldigings (Loots 2015a:6). Met Thomas se stelling dat Engels die taal is waarin mense internasionaal kommunikeer, het sy die indruk geskep asof groot wêrelddele en baie ander lande vir haar glad nie bestaan nie. Thomas het geredeneer dat swart studente reeds 'n agterstand het met die nie-moedertaal waarmee hulle gekonfronteer word en dat Afrikaanse studente derhalwe voor dieselfde uitdaging in terme van die gebruik van Engels gestel behoort te word. Haar voorstelle bevorder egter hoegenaamd nie 'n gedekoloniseerde US nie en bevoordeel sy net uiters subjektief haarself met die taal waarin sy bedrewe is. Sy gee voor dat Engels gedepolitiseer is en maak valse aannames oor Engels se "sogenaamde inklusiwiteit en bemagtigingspotensiaal", maar in werklikheid is sy totaal

kolonialisties in haar denke en afwysend van alles wat daarbuite gedink en verbeeld word. Sy leef volkome in ’n wêreld van haar eie van waar sy haar eie opvattings op aanmatigende wyse en trant as die “meesternarratief” beskou en verhef. Loots se beswaar was dat haar subjektiewe, kolonialistiese siening geen gewig behoort te dra of deel behoort te vorm van die gedagtewisseling oor hoe die US se universiteitsomgewing behoort ná apartheid en koloniale oorheersing te funksioneer nie (Loots 2015a:6). Sy was verstom om te dink dat Thomas werksaam is in ’n geesteswetenskaplike fakulteit, wat veronderstel is om studente te leer onderskei tussen wat van kernbelang en wat periferaal is. Haar eenogige en eensydige beskouings loënstraf dit egter totaal. Indien sy OS se belangrikste segspersoon is, dra sy die beeld uit van “internalisering van kolonialisme en eurosentrisme”; beslis nie pro-transformasie nie (Loots 2015a:6).

In die soeke na die ware redes vir die studenteopstande was ene Van Eeden se antwoord (na die ervaring wat sy opgedoen het deur na studente te luister), dat transformasie waaraan die oproere gekoppel is wesenlik oor “deelname, eienaarskap” en ’n begeerte “om-te-behoort” gegaan het, nie oor “getalle of teenwoordigheid” nie (Van Eeden 2015:6). Sy het ’n gesprek met drie jong aktiviste by US gevoer: ’n wit Afrikaanssprekende man, ’n swart vrou wat reeds afgestudeer het en ’n swart Xhosasprekende man, al drie OS-ondersteuners. Die swart student het aangevoer dat die US se beursaanbiedings aan swart studente slegs gebruik word om die regering tevrede te stel en dat die US se interpretasie van transformasie weinig meer is as die bevestiging dat daar ’n diverse groep studente op die kampus is. Dit behoort egter oor veel meer te gaan, naamlik volle deelname van alle groepe aan kampusaktiwiteite en die gevoel dat almal tuis voel en op hulle gemak is. Die krisis ontstaan wanneer die vervreemde groep se getalle so groot geword het dat hulle suksesvol in opstand kan kom omdat hulle weliswaar universiteitstoelating verkry het, maar steeds uitgesluit voel en bly. Nog ’n oorsaak is wanneer die universiteitsbestuur se beleid nie tred hou met die veranderende studentedemografie nie; iets wat ook kenmerkend geword het van Amerikaanse universiteite soos Princeton en Stanford. Daar word studente uit ryk families bevoordeel, terwyl arm

studente uit minderheidsgroepe bykans geen kans het om as studente aanvaar te word tensy hulle beurse verower nie. Die gevolg is verskillende dat groepe mekaar nie deur deelname aan ʼn gedeelde waardestelsel kan vind nie en onderlinge bande kan vanweë die aanwesigheid van rassisme nie gesmee word nie (Van Eeden 2015:6).

Van die driftigste argumente van die arm swart studente was dat hulle reg op onderrig elke dag op verskillende maniere gekompromitteer word vanweë ʼn stelsel wat deur besigheidsbeginsels gevorm en gedryf word. Terselfdertyd het studente daarop begin aandring dat die wat en die hoe wat geleer word, verander moet word, omdat dit steeds koloniale en apartheidskulture se onderrigwyse weerspieël. Hulle drastiese optrede was gemik om die normale en bestaande funksionering van die bestaande stelsel te verander omdat dit studente "geweld aandoen" (Naidoo 2015: 30).

Een van die witsentriese beskouings van transformasie was dat die regering met ʼn "briljante propaganda-greep daarin geslaag het om ʼn inhoudlose konsep van transformasie tot stand te bring" en verwagtinge by swart mense geskep het waaraan nie voldoen kan word nie (Venter 2015:7). Venter omskryf die begrip 'transformasie' baie sinies as "kaderontplooiing, die uitwissing van Afrikaanse invloed en die Afrikanisering van alles" en in die proses die vernietiging van dit wat werk en produktief is, net omdat dit nie onder swart beheer staan nie. Hy beskryf dit as destruktief, omdat medemenslikheid en versoening plek maak vir "vergelding, viktimisering en wraaksug. Kortom, dit is rassisties". Dit lei ook daartoe dat Afrikaans op tersiêre vlak geteiken word en rassisme volgens Venter aan die gebruik van Afrikaans gelykgestel word. Die opvatting in ANC-geledere was blykbaar dat indien die presterende Afrikaanse onderwysinstellings gekaap word, hulle sal aanhou presteer, "nie meer tot voordeel van die nageslag van die gehate ontwerpers van diskriminerende apartheid nie, maar tot die gewaarborgde wins van die seëvierende swart massa". Venter was oortuig kampusse se strukture en fasiliteite kon weliswaar ingepalm word, maar nooit prestasievermoë nie. Deur Afrikaans te verwyder word ʼn sleutelmiddel wat versoening en transformasie kan bewerkstellig, vernietig (Venter 2015:7).


Vir Scholtz het die taaldebat onder andere ook gegaan oor die "karakter en siel" van die Suid-Afrikaanse universiteite. Die debat is hoofsaaklik gekenmerk deur "swart akademici en studente wat die inrigtings blameer vir hulle Westerse en kolonialistiese benadering", in plaas daarvan dat universiteite hulle toespits op die kultuur van hulle eie Afrika-kontinent (Scholtz 2015c:6). Die eis dat daar van Afrikaans ontslae geraak moet word, het hy as slegs deel van die opstand en onrus gesien. Indien daar aan die geskiedenis van Afrikaans gedink word, kom daar by hom inderwaarheid meer begrip vir die swart ongeduld en opstandigheid. Honderd jaar tevore het die Engelse neergesien op alles Afrikaans, terwyl Engels opgehemel is as die sleutel tot vooruitgang. Hy meen swart mense ervaar 'n soortgelyke houding onder wit mense, wat hulle intens grief en net soos die Afrikaners van vroeër laat oorreageer. Hy het hom onverskrokke uitgelaat oor wat die wese en kenmerke van ware wetenskap en die "akademiese gemors" is wat uit sommige swart oorde as wetenskap gedefinieer word. Wat hom betref, is goeie wetenskap universeel en verhewe bo taal- en kultuurgrense en kan daar nie 'n verskil tussen Afrika- of Westerse wetenskap getrek word nie. Die wette en reëls van die wetenskap word nie deur geografiese grense beperk nie, want "goeie wetenskap is goeie wetenskap en basta, ongeag of dit vanuit Afrika of Europa bedryf word" (Scholtz 2015c:6). Hy het toegegee dat die kulturele agtergrond van 'n navorser wel 'n rol speel in die vrae wat aan bronne gestel word en die gevolgtrekkings wat gemaak word, waarmee hy nie fout te vind het nie. Swart Suid-Afrikaanse historici sou eerder belangstel in gebeure wat met hulle eie kultuur en agtergrond te make het, soos byvoorbeeld die Zoeloes se reaksie op die koms van wit mense, as wat temas uit die Westerse Europese geskiedenis hulle sou interesseer. Die eis dat universiteite egter van hulle Westerse en koloniale benadering ontslae moet raak, het hy onomwonde en blatant as onakademies en "reguit gestel, akademiese gemors" afgemaak (Scholtz 2015c:6).

## 4.8 US word betrek by die landswye studente-betogings: Oktober 2015

### *4.8.1 Agtergrond van die #FeesMustFall-veldtog*

Die studente-protesbeweging wat in ’n historiese week vanaf 21 Oktober losgebreek en die hele land oorspoel het, en tot betogings na sleutelpunte soos die parlement gelei het, het binne dae reggekry wat ander protesaksies in jare nie kon bereik nie. Dit is daarom as ’n keerpunt beskryf, wat veral getoon het dat studente nie langer die wyse van finansiering en die bestaande universiteitstrukture sou duld nie. Dit is ook bestempel as slegs die vonk in die kruitvat van die skreiende armoede, werkloosheid onder veral die jong mense en ongelykheid in die land (Calland 2015:21). Vir die skerpsinnige ontleder, Richard Calland, was die opstande en protesbeweging ’n toetssteen vir ’n hele aantal fundamenteel belangrike sosiale kwessies. Die krag en sukses van die studenteprotes het hy beskryf as ’n “catalysing, shake-the-place-up wake-up call” (Calland 2015:21). Alhoewel dit gepaardgegaan het met “polisieknuppels, skokgranate en betogende massas studente”, het veral een ding getref, naamlik die “gedemptheid daarvan”, aldus die rektor van Wits (Retief 2015b:13). Universiteite het voor die dilemma te staan gekom van immergroeiende studentegetalle en terselfdertyd akademiese gehalte wat gehandhaaf en verhoog moes word, terwyl die finansiële uitgawes in hierdie stadium handuit geruk het deur die verswakking van die rand. Alhoewel vingers ook na die universiteitsbesture gewys is, kon die opstandigheid waarskynlik verhoed gewees het indien die regering betyds ag geslaan het op die aandrang van universiteite op groter subsidiëring en die ontevredenheid van studente (Calland 2015:21). Die minister van finansies het in sy mediumtermynbegroting op 21 Oktober nie hoër subsidies aan onderwys bewillig nie, maar twee dae later moes president Zuma aankondig dat geen klasgelde in 2015 verhoog sou word nie.

## 4.9 Die nuwe rektor se "alles Engels"-bom en die dramatiese ommeswaai in die taalbeleid: 12 November 2015



**Prof. Wim de Villiers, rektor van die Universiteit Stellenbosch, in sy kantoor, en in die spervuur oor sy "alles Engels"-bom** (Foto: Leánne Stander, *Rapport*, 15 November 2015:6)

Teen die agtergrond van die algemene opstande en studente se aggressiewe eise het die rektor op 12 November onverwags 'n verklaring uitgereik waarvolgens alle onderrig by die US vanaf Januarie 2016 in Engels gefasiliteer sou word. De Villiers het die betrokke dokument aan die senaatslede gestuur net kort voordat dit op 'n buitengewone senaatsvergadering bespreek en ook aanvaar is (Van den Berg 2015b:7). Die verklaring van die rektor aan die senaatslede het verduidelik dat klagtes van onder meer OS ontvang is oor die gebruik van Afrikaans en aangesien "Engels die gemeenskaplike taal in Suid-Afrika" is, sou alle onderrig by die US voortaan in Engels gedoen word. Sy presiese aanbevelings was: in alle onderrig en kommunikasie in koshuise, huisvergaderings, amptelike geleenthede en ander leefomgewings sal Engels die gemeenskaplike taal wees; alle onderrig geskied in Engels met bykomende

akademiese ondersteuning volgens behoefte in ander tale; die uitbouing van Afrikaans en Xhosa as akademiese tale is in die vooruitsig gestel; die toepassing van parallelmediumonderrig vir modules met baie studente; onderrig in kleiner klasse slegs in Engels met bykomende ondersteuning in Afrikaans en Xhosa vir begrip van die lesings; alle studiemateriaal en evaluering, eksamens en toetse moet steeds in Afrikaans en Engels wees; met Engels as amptelike taal van kommunikasie en administrasie. Die voorstelle sou op 30 November aan die raad voorgelê word en ook aan studente, personeel en ander belanghebbendes gekommunikeer word. Die oogmerk was om bogenoemde uitgangspunte vanaf Januarie 2016 toe te pas (Van den Berg 2015b:1).

### *4.9.1 Die rektor "speel nie oop kaarte nie"*

Vreemd genoeg het die rektor sy dramatiese aankondiging gedoen voordat dit aan die raad voorgelê is of werklik vooraf ter inligting met alle belangegroepe uitgeklaar is. Die vraag was waarom die rektor nie twee weke daarmee gewag het sodat voorlegging aan en goedkeuring daarvan eers deur die raadsvergadering gedoen kon word nie. Die rektor se argumente dat daar wyd daaroor gekonsulteer is, het geensins oortuig nie; dit is ook aangekondig voordat De Villiers sy eerste vergadering met die konvokasie kon hê. Sy aankondiging is deur *Die Burger* beskryf as sprekend van "'n besluit wat reeds in 'n binnekamer geneem is óf van bedenklike advies oor hoe professionele oorlegpleging en kommunikasie behoort te geskied" (Dawie 2015:6). Die ernstige aanklag was dat Afrikaans nie sonder meer as 'n hindernis vir toeganklikheid bestempel behoort te word nie. Veral in die lig van die demografie van die streek waar die taal 'n groot bate is en die US sekerlik ook daardeur sy gemeenskap gedien het. Die onbeholpenheid van die bestuur se vorige veeltaligheidsaksies is ook in die nuwe aankondiging bespeur en die bestuur is sonder omhaal van woorde aangeraai om vinnig 'n "beter greep op optrede" te vind en toe te pas (Dawie 2015:6).

Soos te verwagte was groot ontevredenheid onmiddellik na die rektor se bekendmaking van sy nuwe taalreëlings onder die Afrikaanse taalstryders merkbaar. Carstens het die gevolge daarvan as 'n groot terugslag vir Afrikaans

bestempel, want indien Afrikaans by tersiêre instellings sou wyk, sou dit 'n "domino-effek" tot gevolg hê en ook elders begin verdwyn. Die ATR het te kenne gegee dat dit as 'n "ernstige terugslag" vir Afrikaans as volwaardige wetenskaptaal beskou word (Nel 2015:2). Onder die treffende opskrif "Slim Wim het sy baas gevang" (*Rapport* 2015c:2), het *Rapport* gesuggereer dat die jammerlike in die jongste taalgebeure was dat dit skietgoed verskaf aan diegene wat begin wanhoop het of rasionele debat oor die kwessie enige aanvaarbare resultate hoegenaamd meer kon lewer. Die geskiedenis van die taaldebat by die US is gekenmerk as een van kompromieë en toegewings waarin Afrikaans telkens die aftog moes blaas en ter wille van die vrede terugtree. Al wat uiteindelik bereik is, was De Villiers wat trompop in Engels verklaar het die primêre taal van administrasie en kommunikasie by die US sal Engels wees, met die skamele troosprys van Afrikaans en Xhosa as bykomende tale. Wie kon vorentoe nog die rektor vertrou dat Afrikaans nie sal verdwyn nie? (*Rapport* 2015c:2). Terselfdertyd het *Rapport* erken OS kan nie weggewens word nie en dat daar geen eenvoudige oplossings was nie. Veral Afrikaanse slagspreuke soos "Praat Afrikaans of hou jou bek" het geen antwoord gebied nie. Die koerant het prontuit bygevoeg dat die raad "waaragtig nie die plan wat De Villiers op die tafel plaas net sito-sito" kan aanvaar nie, want 'n uitkoms waar "Open Stellenbosch totaal triomfeer en Afrikaans as akademiese taal alles verloor, sal geen oplossing vir blywende vrede bied nie" (*Rapport* 2015c:2). Die rektor het by die senaat duidelik laat blyk dat hy sy plan aan OS vir goedkeuring voorgelê het, maar die logiese vraag is onmiddellik gevra wie dan werklik die septer by die US swaai – die raad of 'n "amorfe studenteorganisasie"? De Villiers is daarvan beskuldig dat hy die maklike uitweg gekies het deur OS, wat nog nooit bereid was om enige toegewings te maak nie, tevrede te stel. By universiteite behoort kultuurverskille bespreek en geduld te word en moet pogings om net die meerderheid of markkragte tevrede te stel, krities bejeën word. Dit is as ironies beskryf dat die US wat wêreldgehalte nastreef met 'n "slim Wim" as rektor, nie kreatiewer oplossings kon prakseer nie. "Jammer Wim, maar werklike wêreldklasuniversiteite is slimmer as dit." (*Rapport* 2015c:2)

In reaksie op die voorstel dat Engels die primêre taal word, het die SR in ’n verklaring laat blyk hulle steun die rektor en vir die soveelste keer herhaal dat die US se taak nie die beskerming van Afrikaans is nie, maar wel die versekering dat studente die beste onderrig ontvang. Die SR het sy tevredenheid en trots betuig oor die “historiese stap” om onderrig op gelyke vlak vir almal te verseker en by die raad en die konvokasie gepleit om dit nie as ’n aanval teen Afrikaans te vertolk nie, maar as die korrekte besluit vir die US se toekoms (Barnard & Van Rensburg 2015:2.

## 4.10 Die raad bekragtig die bestaande beleid: 15 November 2015

Op 15 November het De Villiers se eerste groot toets oor sy omstrede taalverklaring aangebreek met die noodvergadering van die UKR om sy “alles-Engels-bom” in behandeling te neem (Malan & Rooi 2015:6). Sommige raadslede het pessimisties hulle weifel laat blyk of die raad De Villiers se optrede sou teengaan en het gemeen die uitkoms sou Afrikaans laat wankel en sodoende die druk op ander Afrikaanse universiteite verhoog om Afrikaans staande te laat bly. Ander stemme het egter daaraan herinner Afrikaans by die US nog nie heeltemal in ’n totaal gevaarlike posisie was nie, want die rektor kon nie sy planne implementeer voordat die raad dit as beleid goedgekeur het nie. Intussen het OS by monde van Thomas hul vreugde oor De Villiers se optrede te kenne gegee, omdat dit sou lei tot groter akademiese toeganklikheid. Terselfdertyd is daar ontken dat bruin studente in die Wes-Kaap daardeur benadeel sou word. Indien almal Engels deel en dit die primêre taal word, sou dit ’n gesamentlike institusionele kultuur bevorder en die US vir almal toeganklik maak. OS se verdere argument was dat hulle deur navorsing vasgestel het studente wat onder apartheid as “kleurlinge” geklassifiseer is, op die kampusse en in die koshuise uitgesluit voel. Afrikaans op sigself was nie vir hulle die probleem nie, maar wel die totale kultuursituasie op die kampus (Malan & Rooi 2015:6). In hierdie kritieke stadium het Thomas laat blyk dat sy om verskeie redes besluit het om as lektor te bedank, maar die hoofrede was blykbaar omdat US geweld goedgekeur het toe polisie en private

veiligheidsbeamptes ingebring is, alhoewel die optog tog vreedsaam verloop het. Of is die ware redes vir haar bedanking dalk om een of ander duister rede verswyg?

As president van die konvokasie het Viljoen daaraan herinner dat die fakulteitkomitees gebonde is aan die raadsbesluit om "die aanbod van voorgraadse lesings in Afrikaans op te stoot, en om mettertyd die meerderheid van voorgraadse lesings ook in Engels aan te bied" (Viljoen 2015:7). Hy het gemeld dat die goedgekeurde lesingaanbod vir 2016 vir Engels en Afrikaans 65% sou wees, wat as haalbaar beskou is. In die fakulteite ekonomiese en administratiewe wetenskappe sou die voorgraadse kursusse vir 100% in beide tale aangebied word. Volgens Viljoen was die oogmerk van die konvokasie geensins om US eksklusief Afrikaans te probeer maak, of om Afrikaans of Engels as uitsluitingsmeganisme te gebruik nie, omdat daar besef is dat politieke druk ook verreken moet word. Hy het gemeen dit was tyd vir kalm en beredeneerde optrede en 'n oop akademiese gesprek om 'n werkbare en suksesvolle oplossing te beding. Juis dit is as die taak van die US-raad beskou, naamlik om beleid te bepaal, waarna verseker moes word dat dit uitgevoer word. Hy het tereg op die noodsaaklikheid gewys om langtermyn-finaliteit oor die taalbeleid te kry (Viljoen 2015:7).

Ook die voorsitter van die raad het beklemtoon dat enige verandering van die taalbeleid aan 'n vasgestelde proses onderworpe was, wat ook wye raadpleging vereis het. Enige taalbesluite het na insette deur die senaat steeds finaal by die raad berus. Hy het bygevoeg dat die UKR begrip het dat taal wel as 'n uitsluitingmeganisme ervaar kan word, soos deur die bestuurspan uitgewys (Van den Berg 2015:7). Die bestaande taalspesifikasies sou egter nog steeds vir 2016 geld en so toegepas word. Tydens die spesiale UKR-vergadering bestaande uit die rektor, professors Van der Walt, Du Plessis, Van Huyssteen, Knoetze en dr. George du Toit, is die wye reaksie van verskillende belangegroepe en mediaberigte oor die rektor se drastiese stap deeglik bespreek. Dit sou weer op die raadsvergadering van 30 November ter tafel geneem word.

Die situasie was dus dat die amptelike taalbeleid voorlopig nie verander sou word nie, maar intussen sou die bestuur voortgaan met sy plan om Engels as onderrigtaal in 2016 uit te brei (Janse van Rensburg 2015b:4). De Villiers het te kenne gegee dat daar 'n belangrike onderskeid tussen "taalinwerkingstelling" en "taalbeleid" bestaan. Die aanvanklike oogmerk was om teen 2020 'n 75%-aanbod in Afrikaans en Engels te verseker, maar in 2015 het dit aan die lig gekom dat die belange van die US-studente vereis het dat die proses verhaas sou moet word. Die veel vinniger inwerkingstelling van beter wyses vir taaltoepassing het inderdaad noodsaaklik en spoedeisend geword Die rektor se aanvanklike aanbeveling kon vorentoe nog steeds deur die raad goedgekeur word, maar die presiese formulering daarvan kon nog geruime tyd duur (Janse van Rensburg 2015b:4).

## 4.11 Die ANC en senior akademici se steun vir die rektor se nuwe taalplan

Intussen het die ondersteuners van die rektor se drastiese nuwe taalplan nie stilgesit nie en in November 2015 is dit uit twee belangrike oorde gesteun; die ANC en talle van die senior akademici op die kampus. Die ANC het in reaksie op die DA en VF+ se bevraagtekening van die rektor se verklaring sy steun aan die voorstelle gegee, terwyl 226 top US-akademici en senior personeellede in 'n sterkbewoorde skrywe steun aan die rektor se taalplan betuig het. In sy reaksie het die bestuur kwaai na die DA en VF+ gekap, naamlik dat hulle standpunt die "inherente rassistiese praktyke in dié partye" weerspieël wat inklusiwiteit propageer wanneer die regering ter sprake kom, maar teenstand bied vir pogings om eksklusiwiteit rondom en deur Afrikaner-nasionalisme te beëindig (Janse van Rensburg 2015b:4). Die akademici en personeellede se steun vir die rektor is beskou as die sterkste nog en sy ondersteuners uit hierdie oord was onder meer 62 professore en 60 doktore, waaronder swaargewigte soos Fourie-Malherbe, vroeëre viserektor, Gouws van politieke wetenskap en Karaan, dekaan van die fakulteit landbou. Hulle verklaring in Engels het gelui dat hulle die bestuur steun omdat dit op die grondslag van inklusiwiteit en maatskaplike geregtigheid berus en aan die US die geleentheid sal bied

om 'n "ware Suid-Afrikaanse universiteit te word" met volle toegang vir alle personeel en studente, nie net in Suid-Afrika nie, maar op die kontinent en wêreldwyd (Nel & Janse van Rensburg 2015:2).

Die inhoud van die steunbrief vir die rektor se besluit vir Engelse oorheersing het die betrokke personeellede se denkwyse en diepste gevoelens oor die taalkwessie duidelik openbaar:

> *Die voorgestelde nuwe taalbeleid word uitdruklik aangedryf weens die kommer om die toegang van die universiteit vir studente van diverse agtergronde te bevorder en te verseker dat hulle nie gemarginaliseer voel deur die feit dat hulle nie Afrikaans praat of verstaan nie. Hierdie kommer het veral in 2015 verdere steun gekry en sigbaarder geword in die vorm van byeenkomste en protesoptogte deur studente en personeel en die senior bestuur moet geloof word dat hierdie griewe ernstig opgeneem word.*
>
> *Die negatiewe reaksie teen die voorstelle wat bestempel is as 'n vasskop om Afrikaans as belangrikste taal van onderrig en kommunikasie te behou, is as kommerwekkend bestempel. Dit is as 'n teenreaksie om die eksklusiwiteit van Afrikaans op te hemel veroordeel en veral skerp gekritiseer omdat dit terselfdertyd die deure vir die US se moontlikheid om mense van alle taalgroepe en kulture in te sluit, sou toemaak.*
>
> *Die raad is aangemoedig om te verseker dat die US 'n ware inklusiewe onderrigomgewing vir alle personeel en studente sal wees.*
>
> *Indien Engels die taal word waarin die US sake doen en kommunikeer, sal dit ook 'n bydrae lewer om die universiteit van sy politieke verlede te bevry* (Nel & Janse van Rensburg 2015:2).

Die woordvoerder van die US het die ontvangs van die akademici se steun erken en laat blyk dat dit ingesluit sou word in die besprekings- en konsultasieproses met belangegroepe. Die ondertekenaars van bogenoemde verklaring is weldra "geteister en gedemoniseer" en prof. Gouws kon getuig dat sy daarvan beskuldig is dat sy Afrikaans uitverkoop het en die universiteit tot niet maak.

Sy het erken dat sy aanvanklik ambivalent was om die verklaring te steun, omdat Afrikaans as haar eie taal vir haar belangrik is. Wat haar egter oortuig het om die rektor te steun was haar vaste oortuiging om groter inklusiwiteit te verseker en voortgesette onrus te vermy. "As ons nie hierdie Rubicon oorsteek nie, dan sal die destabilisering van die universiteit voortgaan. Ons wil nie werklik konstante ontwrigting hê nie." (Nel 2015a:7) Sy het egter saamgestem en beklemtoon dat dit nie die taak van die US is om Afrikaans te beskerm nie. Nog 'n ondertekenaar, Van Waal, het laat blyk dat hy dit onderteken het om te verhoed dat taalgebruik en vrye akademiese toegang teen mekaar stry. Die sterkste Suid-Afrikaanse professionele taal in die akademie, die politiek en die ekonomie is Engels en by die US het dit reeds 'n stewige staanplek, dat dit al hoe meer die studente se voorkeurtaal word en die medium is waardeur almal bereik kan word (Nel 2015a:7). Die verlies van bevoorregting wat Afrikaans mag beleef, kon in 'n bate vir die taal omskep word en die versekering van 'n onbelemmerde en dinamiese wisselwerking met al die ander dialekte en tale op die kampus bring. Die bevryding van bevoorregting en beskerming kon Afrikaans in al sy vorms net tot groter wasdom laat kom, was Gey van Pittius se verduideliking vir sy steun. Hy bly trots Afrikaans en 'n Matie, maar hy wou Afrikaans vir die eerste keer vry beleef en sonder dwang sien ontwikkel, veral sonder die "swaar bagasie van die verlede en sonder om 'n strooipop te wees wat voos geslaan en mildelik gebruik word om politieke gevegte mee te wen" (Nel 2015a:7).

Bogenoemde deurdagte argumente van steun vir die rektor was weer die vonk in die kruitvat vir die taaldebat om vir die soveelste keer op te vlam. Die dekaan van die fakulteit lettere en wysbegeerte, Johan Hattingh, het perspektief probeer bring oor die nuwe stand van sake, deur die aanloop van die voorstelle te probeer verduidelik en hoedat dit nie 'n keuse teen Afrikaans of vir verengelsing impliseer nie (Hattingh 2015:10). Hy het vertel hoe hy reeds vroeër op sy eie besluit het om sy fakulteit se vergadering van 13 Mei in Engels te lei, omdat heelwat kollegas nie Afrikaans magtig was nie en daar die noodsaak was om almal te laat deel in die gewigtige aangeleentheid van 'n rassistiese voorval op die kampus. Hy is daartoe gemotiveer toe daar twee

uur voor die vergadering ’n massavergadering op die universiteit se Rooiplein plaasgevind het waartydens ’n memorandum aan die rektor oorhandig is waarin onder andere die ernstige probleme met Afrikaans as onderrigtaal uitgelig is. Daar is ook gekla dat tolking meer frustrasie veroorsaak as wat dit probleme uit die weg ruim. Studente het ook uitgesluit gevoel wanneer onderrig 50/50 in beide tale aangebied word. Een van die studente het op treffende wyse vertel dat sy as gevolg van die taalbeleid, vergeleke met Afrikaanssprekende studente, twee keer so hard moet werk. Dit het ook duidelik geword dat dit nie net ’n klein groepie was wat probleme ervaar het nie (Hattingh 2015:10). Nog ’n rede was dat Hattingh ’n paar uur voor die vergadering berig ontvang het dat van die personeel ’n georganiseerde protes reël om die fakulteitsvergadering te verlaat indien hy as dekaan nie die taalkwessie bevredigend hanteer nie en dit net in Afrikaans voer. Afrikaans sou dus “tot ’n politieke speelbal verhef word, of Afrikaans nou in feite wel in die administratiewe konteks as uitsluitingsmeganisme gefunksioneer het al dan nie” (Hattingh 2015:10). Hy wou nie Afrikaans waarvoor hy lief is omdat dit sy eie taal is op so ’n manier ’n teiken van protes laat word nie. Hattingh was oortuig die bestuurspan se verklaring van 12 November is voor dieselfde keuse gestel want hy was deel van die gesprekke tussen die gefrustreerde studente en die bestuur. Hy het die bestuur se voorstelle nie gesien as ’n “keuse téén Afrikaans of vir verengelsing nie”, maar as ’n uitdaging om US toeganklik vir die jeug te maak, te sorg dat die universiteit werklik ’n nasionale bate is en geen seksionele belange voorkeur kry nie. Nogtans moes hy erken “dit verander die konteks waarin Afrikaans as akademiese taal” tot in daardie stadium by die US ontwikkel het, maar die uitdaging vir Afrikaanssprekendes was nou om nie die rug te draai nie maar eerder Afrikaans meer as ooit voorheen te ondersteun (Hattingh 2015:10).

Verdere steun vir die rektor het gekom van die joernalis André le Roux, wat in ’n skerpsinnige ontleding laat blyk het dat hy die “binnedebat oor Afrikaans” van die vurige taalstryders as te beperkend beskou het en bevrees was Afrikaners “muf in dié klein dampkring” (Le Roux 2015:6). Wat hom betref, het die visie oor die toekoms van Afrikaans soos dit in daardie stadium

gevoer is, nie veel verder gestrek as wit Afrikaners wat mekaar beledig en kwets en eintlik mekaar self vernietig nie. Hy het op Afrikaans se relatiewe onbelangrikheid in die land se besigheid- en arbeiderswêreld gewys soos byvoorbeeld dat Afrikaans gewoon nie op die "hoofspeelveld" gehoor word nie. Afrikaans is byvoorbeeld geen agendapunt by Cosatu nie en daar kan geen verband tussen Afrikaans en Suid-Afrika se terugval in 'n ekonomiese resessie getrek word nie. Die stryders en ondersteuners van Afrikaans moet aanpas by die snelle ekonomiese en politieke omwentelinge. Die taaldebat was vir Le Roux steeds kleinlik en het getuig van "kleinburgerlikheid" en 'n "kleindorpse" mentaliteit. Hy het die idee van 'n rondetafelgesprek gesteun om kompromieë oor die taal te probeer vind, waarin diegene wat hulself as "ware Suid-Afrikaners" sien, mekaar in die middel ontmoet. Die vraag was watter kompromisvoorstel die uiteenlopende sienings en standpunte in so 'n samespreking sou kon saamtrek om aan die gesprek deel te neem. Daar was talle Afrikaanssprekende professionele persone soos onderwysers, regslui, wetenskaplikes, medici, ekonome en joernaliste wat onbelemmer hulle bydrae binne die normale verloop van sake in die land gelewer het. Hulle tree kalm en nugter op, is bereid om taalkompromieë aan te gaan, indien nodig, sonder om bedreig te voel en sonder die vertoon en grootpratery van die eertydse Afrikaner-arrogansie en die huidige "taalbulheethoofde" se hartstogtelike aansprake. Afrikaans het voldoende inherente krag en sterkte om vorentoe te floreer mits dit inklusief en aktief meespeel op alle terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing. Wat hom bekommer het, was hoe Afrikaans al hoe meer deur te veel wit sprekers "met woede, frustrasie en rasseweersin gepraat word", mense wat die verlede romantiseer, sonder enige empatie en begrip vir die onderdruktes en nie kan insien en probeer inleef hoe wreed en gruwelik hulle die verlede ervaar het nie, asook oor hoe dit aan die "born-free"-nageslag oorgedra is. Hy het gemeen die studenteproteste teen Afrikaans en Suid-Afrika se koloniale erfenis vloei veral voort uit "botsende stereotipes wat in drog-karikature van wit en swart omsit" (Le Roux 2015:6). Die ergste was dat dit uit eie bodem kom. "Aan die een kant hunker apartheid bittereinders na 'n soort selfverordende kloosterdom deur lewe te probeer blaas in 'n nuwe slagoffer - nasionalismee … Daarteenoor staan die wanregering en

die gevolglike verdere radikalisering van ANC-leiers wat deur die Economic Freedom Fighters (EFF) op sleeptou geneem word. Die neweproduk van hul magsmisbruik is dat alle swart mense onverdien gestereotipeer word as onbevoegde, korrupte afbrekers". Le Roux het (soos Willie Esterhuyse en Anton van Niekerk) die middelgrond tussen die twee rasgebaseerde politieke uiterstes as die oplossing vir saamleef en meeleef bepleit. Afrikaans se voortbestaan op kampusse kon slegs verseker word deur dit inklusief saam met Engels, wat in elk geval verreweg meeste Suid-Afrikaners se tweede taal was, te beoefen en uit te bou. Dit was duidelik dat die nuwe geslag wit en swart kampusstudente op soek was na 'n nuwe geskiedenis waarin geen groep of kultuur verheerlik of afgekam word nie (Le Roux 2015:6).

## 4.12 Heftige reaksie op die rektor se verklaring en optrede

### *4.12.1 Knievallery voor die regering*


Teenoor hierdie positiewe sienings was daar skerp kritiese stemme en Eben Dommisse het namens die Helpmekaar-studiefonds 'n ope brief aan die raad gerig met die kernargument dat dienstigheid aan wat polities korrek en aanvaarbaar beskou word, onaanvaarbaar is (Dommisse 2015:10). Dommisse het die rektor se taalskuiwe as 'n gevaar vir alle Afrikaanssprekendes se opvoeding bestempel. Hy was ook onthuts dat dit so in die geheim geskied het en nooit openlik bespreek is nie. Erkenning is deur die bestuur aan OS en Sasco gegee, maar daar is nooit geraadpleeg met die talle instellings wat ook ten nouste daarby betrokke was soos die raad, die personeel, die konvokasie en die Adam-Tas-studentevereniging nie. Die aankondiging is as "diep beledigend" beskou en as die rede gesien waarom die UKR inderhaas moes vergader. Kenners het tevore reeds uitgewys wat die oorsaak van die taaldilemma was – die toeloop van Engelssprekendes na die US (sien onder). Alhoewel die rektor gemeen het die universiteit is nie daar om Afrikaans te beskerm nie, was die US medeverantwoordelikheid vir die taalgemeenskap in die streek. Stort Afrikaans in duie, wat gaan van Afrikaanse departemente by universiteite word, waarheen wend dramaturge en skrywers hulle, hoe raak dit die Afrikaanse skole? Die aksentuering van Engels sou op die lange

duur beteken dat (soos Pelser ook probeer uitwys het) eenselwigheid op almal afgedwing word, wat totaal in botsing met die land se leuse van 'eenheid in verskeidenheid' was (Dommisse 2015:10).

Die dwingende opskrif van Tim du Plessis se rubriek in *Rapport* oor die verloop van die US se taalbeleid-ontsteltenis was: "Moord op Afrikaans kan nooit reg wees" en heel dramaties het hy verklaar dat Afrikaans by die HAU's "met die stadige gif van verwaarlosing en stigmatisering om die lewe gebring" is (Du Plessis 2015a:6). Alhoewel die UKR tog vir De Villiers voor stok gekry het en laat blyk het hy gaan oorhaastig te werk deur vinnige taaluitsprake te maak, het laasgenoemde geensins enige verskoning aangeteken of te kenne gegee hy neem die teregwysing ernstig op nie. Sy verklaring oor Engels as primêre taal het nie slegs onreg teenoor Afrikaans gepleeg nie, maar teenoor die hele land. Afrikaanssprekendes het regte, is belastingbetalers en was deel van die onderhandelde skikking, en hulle taal het die reg om behoue te bly. In sy beleidsverklaring onderskryf die US taaldiversiteit en Du Plessis het gemeen die pro-Afrikaanses hoef hulle hoegenaamd nie aan die belaglike verwyte te steur dat dit weer wit mense se taktiek is om Afrikaans te gebruik vir eksklusiwiteit nie. Niks verhoed swart studente om hulle by die US in te skryf nie. Daarteenoor aanvaar die UK slegs studente wat die versekering kan gee dat hulle Engels magtig is. Sy sterk aanklag was: "Dalk is dit nie só bedoel nie, maar in werklikheid tjap die verheffing van Engels tot Stellenbosch se enigste ampstaal duisende Afrikaanssprekende Maties as tweedeklas-burgers." (Tim du Plessis 2015a:6). Baie Afrikaanssprekendes glo saam met die Wits-filosoof, prof. Mbembe, dat die studente opstandig geraak het omdat hulle geglo het 'n "leuen is aan hulle verkoop". Net so glo die Afrikaanse gemeenskap ook "'n kat in die sak" is aan hulle verkoop met die beloofde en gewaarborgde beskerming van inheemse tale in die 1996-Grondwet. Du Plessis se slim vraag was: "As die ANC, die EFF, Open Stellenbosch en die US se topbestuur en dosente wegstap van inklusiwiteit, nie-rassigheid en ware diversiteit, hoekom sal die Afrikaanse gemeenskap 'n dooie baba bly abba?" (Du Plessis 2015a:6).

Ook die Adam-Tas-studentevereniging het hom nie onbetuig gelaat nie en die voorsitter, Frederik van Dyk, het na vore getree met die fyn argument dat Afrikaans op sigself "nie 'n onreg is nie, dit is misbruik" (Van Dyk 2015:3). Sy groot beswaar was ook die beperkte raadpleging van die rektor en dat sy vereniging byvoorbeeld nooit betrek is nie. Die verslag oor die nuwe taalreëling is oorhaastig "ingesmokkel in eksamentyd" en selfs die bestuurspan het nie almal met De Villiers saamgestem nie. Hy het gedink OS is studente nes hulle en hy het dit bevredigend en verstaanbaar gevind dat hulle sekere kwessies oopgekrap het. Hy was deeglik bewus van die baie woede, vooroordeel en haat op die kampus, want sy onrusbarende waarneming was dat rasseverhoudings aan die versleg was en polarisasie besig was om te vergroot. Nydige medestudente het van sy kennisse geïntimideer en selfs een van sy swart vriende was verstom oor hoe studente mekaar "ontmens" oor taal, terwyl 'n bruin student in trane was omdat sy weens haar akkommoderende houding as 'n "sell-out" uitgeskel is. Van Dyk se beswaar was dat sodra enige kritiek oor taalsake of die hantering daarvan uitgespreek word, word sulke studente met die rassekwas getakel. Die breër prentjie is nooit voldoende verreken nie, want verskillende tale op 'n kampus behoort tog juis kennisverwerwing en debatvoering te verryk. Dit was onregverdig dat Afrikaans keer op keer aan sy stereotipes gekoppel is net omdat onregte jare tevore in Afrikaans gepleeg is. Sy vereniging was nie ten gunste van die ou taalbeleid nie en het geglo dit moet aangepas word, omdat dit Engelse studente wat Afrikaans nie magtig was nie, uitgesluit het. Nogtans moet daar steeds gelyke verteenwoordiging van alle tale wees en daarom was hulle gekant teen eentalige universiteite soos die UK. Parallelmediumonderrig was moontlik by die US. Daar was reeds veeltaligheid in die koshuise en daar behoort innoverend gedink te word soos byvoorbeeld 'n HK-pos vir Xhosa. "Vorentoe, nie terug nie. Veeltalig, nie eentalig nie." (Van Dyk 2015:3)

## 4.12.2 "Roemlose kapitulasie"




**Die Trojaanse perd vol taalondermyners word deur die rektore van die UV, US en UP en met 'n selftevrede minister agter die stuur van die Engelse koloniale lawaaiwa, na Afrikaans se ondergang gelei.** **(Niel van Vuuren, *Volksblad*, 24 Junie 2016:6)**

In 'n ongebreidelde aanval op die "drywers van Engels" by die US, UV en NWU het Scholtz in November in bykans lasterlike trant verwys na die "nuttige idiote" in die hande van die regering, met verwysing na die rol van die rektore (Scholtz 2015e:9). Sy skerp reaksie was van drieërlei aard: Engels is nie 'n gemeenskaplike taal wat mense insluit nie want deur die optrede van die ANC het dit Engelse oorheersing geword; Engels word geensins so wyd verstaan nie en volgens 'n PANSAT-ontleding van 2002 kon slegs 22% van die bevolking die regering se uitsprake in Engels begryp; en Nzimande misbruik Afrikaanssprekendes as middel in sy offensief teen Afrikaans. Scholtz het vertel van 'n Afrikaner-politikus wat aan hom vertel het minister Pandor

(toe minister van nasionale opvoeding) het laat blyk dat sy nie ’n vinger verroer het om Afrikaans te ondermyn nie omdat die rektore self Afrikaans se voete onder die taal uitgeruk het. Dit was ook die rede waarom hy na “nuttige idote” verwys, ’n frase wat Lenin gebruik het om sy minagting teenoor die weifelende kapitulerendes uit te druk. By die rektore het Scholtz ook “professore en verloopte joernaliste” ingesluit. Wat hom betref, het die US en die UV reeds onherroeplik die Rubicon na Engelse oorheersing oorgesteek en in die US se geval was Nzimande en De Villiers nou besig om die “doodsvallei van Afrikaans se ondergang” – die Styx – oor te steek. Scholtz het gesuggereer bogenoemde kampusse behoort in die hof te beland weens skending van demokrasie en menseregte. Sy slotwoorde was: “Dalk is die Afrikaanse toekoms tog Solidariteit se Akademia.” (Scholtz 2015e:9)

Wat Giliomee betref, het die US reeds vir alle praktiese doeleindes “’n Engelse universiteit” geword as gevolg van die “roemlose kapitulasie” deur die bestuur se wyse van die hantering van Afrikaans. Hy het daarop gewys dat die rektor se verklaring spesifiek die bydrae van OS noem om die US vir almal toeganklik te maak, maar die werklike rede was die fenomenale toename van Engelssprekende studente wat gewyk het van kampusse wat aan die transformeer was. Hy het tabelle verstrek om te toon hoe Engelssprekende studentegetalle by die US gestyg het: 1995 – 74% Afrikaans en 20% Engels; 2005 – 59% Afrikaans en 32% Engels; 2015 – 44% Afrikaans en 44% Engels. Meer as 85% van die Engelssprekende studente was wit en juis daarom het Afrikaans toenemende druk ervaar as gevolg van die viervoudige toename in Engelssprekende studente en die vermeerdering van Engelssprekende studente het steeds voortgeduur. Die aanvanklik plan in 2000 was om nie meer as 15 000 studente by die US toe te laat nie, maar dit is mettertyd geïgnoreer. Daar was ook geen toename in die proporsie swart studente nie maar bruin studente het wel met die helfte vermeerder, van wie baie goed vaardig in Afrikaans was (Giliomee 2015:2).

Giliomee het ook die ontstaan en ondersteuning van die T-opsie verduidelik en hoe Engels vanaf 1998 in die fakulteit lettere en sosiale wetenskappe Afrikaans al hoe meer oorskadu het. Van die departemente was bevrees dat

krimpende studentegetalle tot die besnoeiing van poste kon lei, met die gevolg dat dosente volgens hom al hoe meer Engels "taalvriendelik" geword het en al hoe meer verduidelikings ook in Engels begin gee het. Swart studente het deurgaans parallelmedium aangevra, maar dosente het dit probeer vermy omdat dit 'n ekstra werkslading sonder bykomende vergoeding beteken het. Die meeste raadslede het taalmediumbesluite goedsmoeds aan die bestuur oorgelaat, wat dit weer na fakulteite afgewentel het (Giliomee 2015:2).

Al hoe meer Engels is toegelaat soos wat die dekane mekaar opgevolg het, maar nie een wou verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. Al drie rektore – Brink in 2002; Botman in 2007; De Villiers in 2014 – het aan die begin van hulle termyn beloof dat Afrikaans sy regmatige plek sou behou. Vanweë die eise vir "transformasie en politieke gedienstigheid" het die US se bestuur die beskermde en versekerde posisie van Afrikaans verwater. Die onbetwisbare feit dat moedertaalonderrig die grootste akademiese sukses verseker, is geheel en al verontagsaam en in al die jare is slegs een onafhanklike meningsopname in 2008 daaroor in die Schlemmer-verslaggedoen. Sy bevinding in daardie stadium was dat 83% van die Afrikaanse en 43% van die Engelssprekende studente die US as 'n hoofsaaklik Afrikaanse enkelmedium-universiteit wou handhaaf. Hierdie belangrike bevinding het die raad met min erns hanteer.

Giliomee het 'n duidelike beeld gegee van hoe die taal in drie fases agteruitgegaan het:

– van amptelike onderrigtaal tot "verstektaal" in 2002;

– beskerming vir Afrikaans, maar gelykgestel aan Engels in 2014;

– uiteindelik gelyke status sonder beskerming in 2014 (Giliomee 2015:2).

Met die groot instroming van studente wat binne 20 jaar verdubbel het, was dit vir die US onmoontlik om sy oorspronklike Afrikaanse karakter te behou. Die voorgestelde beleid het uiteindelik uitgeloop op die toepassing van Afrikaans in klasse van 250 en meer as deel van die parallelmedium-opset. Die nuwe reëling was dat Engels in alle kleiner klasse sou geld en, afhangende van die taalvaardigheid van dosente, Afrikaans ook gebruik sou mag word. Die raad sou op 30 November besluit wat die presiese aanbod van Afrikaans sou wees

en sy oortuiging was dat indien dit verder verskraal word, dit die finale sterfte van Afrikaans as US-onderrigtaal sou beteken (Giliomee 2015:2).

Op De Villiers se vraag waarom daar van die US verwag word om Afrikaans te red, het Scholtz gereageer met die argument dat ’n universiteit nie ’n “neutrale ivoortoring” behoort te wees waar net “suiwer” akademie beoefen word nie. Enige universiteit staan volledig binne die bepaalde gemeenskap waarin hy hom bevind (Scholtz 2015d:6). Hy het die voorbeeld van Montreal-universiteit in Kanada binne die Quebec-gemeenskap genoem waar Frans die onderrigtaal was en waar Frans nie as uitsluitingsmeganisme gesien is nie, maar gewoon gebruik is om die gemeenskap te dien “en basta”. Die UK en UWK het egter in die Wes-Kaap Engels verkies om hul hoofsaaklik Afrikaanse gemeenskap te dien. Hy het verwys na die Wes-Kaap se taalsprekende persentasies vir 2011: 50% Afrikaans, 25% Xhosa, 20% Engels en waar die US geleë was, was die Afrikaanssprekende getalle selfs hoër. De Villiers en die voorstanders van Engels se argument was egter dat Afrikaans swart mense uitsluit. Scholtz het herhaal dat hy dit onaanvaarbaar vind en gekant is teen ’n geveg vir Afrikaans indien daardeur gepoog word om van die US ’n Afrikaner-enklave te probeer maak. Die grashalm waarna hy gegryp het om die US steeds as ’n primêre Afrikaanse instelling te behou, was deur die aanwending van tolkdienste en om studente wat die taal nie goed kon hanteer nie, met ’n voorbereidende Afrikaanse kursus te bemagtig. Hy het egter wanhopig verklaar dat “Slim Wim” dit nie kon insien nie en dit hom kennelik min geskeel het dat Afrikaans sonder steun en redding ’n noodlottige einde tegemoet gaan (Scholtz 2015d:6).

Wanneer OS-lede hulle teen Afrikaans as primêre taal by die US uitspreek, klink dit logies en aanvaarbaar; veral in die lig van ’n universiteit se strewe om markverwante kwalifikasies aan te bied, was een van die opmerkings van ’n briefskrywer. Wat egter nie verreken word nie, is dat die voortbestaan van enige universiteitstaal altyd samehang toon met die behoud van so ’n taal se kultuur, of dit nou dié van wit mense of bruin mense is. Die verrekening daarvan lê dieper en is belangriker as om net die markkragte van die sakewêreld of die eise van politieke ingesteldhede of oogmerke te eerbiedig (Fourie 2015:6). Die rektor is verwyt dat hy grootliks vasgekyk het en beïnvloed

is deur korporatisering (met ander woorde, om universiteite soos besighede te bedryf en besigheidsbeginsels eerste te stel). Sy argument dat markkragte teen Afrikaans inwerk, het die vermoede laat ontstaan dat sy belewenis by Amerikaanse universiteite hom verblind het vir belangrike dimensies buite markkragte en besigheidsbeginsels. Indien hy dit te veel aanhang, wat sou van departemente soos Duits, Frans, Latyn, Afrikatale en musiek word en sal die US nog ’n ware universiteit sonder sulke dissiplines wees? (Van der Merwe 2015:10). Hoewel Amanda Gouws alles behalwe ’n Afrikaanse taalstryder was, het sy hierdie argument gesteun en verder voortborduur op die nadelige gevolge van die idee van korporatisering en die miskenning of onderwaardering van die menswetenskappe, wat studente juis tot kritiese denke lei om probleme te identifiseer en kreatief met oplossings worstel. Die druk om studente net bloot vir ’n beroep op te lei was ’n verskraling van die wesenlike waarde van kennisoordrag (Gouws 2016).

Jammerte is uitgespreek dat so min op die kampus gedoen is om sosiale samehang tussen selfs die verskillende groepe wat Afrikaans praat te bevorder (Wyngaard n2015:4). Wyngaard het vir Kaapse Afrikaans gepleit en gemeen wit bevoorregting moet eers verdwyn voordat die taal op gelyke vlak doeltreffend beoefen kon word en gedy. Ook sy wou van OS weet waarom hulle in die taal van die aartskoloniseerder onderrig wil word en of hulle so totaal gekoloniseer en gekondisioneer geword het dat hulle nie meer daarvan bewus was nie? Een van die mistastings van die rektor se taalplan was die verkeerde aanname dat Afrikaanssprekende dosente Engels met dieselfde vaardigheid as Afrikaans kan hanteer, want kennisoordrag verg taalvaardigheid. Sy het voorspel groot probleme lê voor indien die US nie aandag daaraan en aan die onderliggende magstrukture gee en dit verander sodat die tale op ’n gelyke vlak kan funksioneer nie (Wyngaard 2015:4).

Daar is telkens teruggekom op die belangrike feit dat Afrikaans die hooftaal van die Wes-Kaaplanders en Bolanders is en deur 50% gepraat word, teenoor Engels en Xhosa beide in die 20% (Bezuidenhout 2015:10). In die US-taaldebat het dit dus gelyk asof die stert die hond swaai en ’n stert wat die leiers met vandalisme en ander vernietigende metodes intimideer om die betogende

studente hulle sin te gee. Wat het van die leiers met "ruggraat" geword, want dit lyk asof 'n "kompromitterende manipulasie plaasgevind het wat die ruggraat van die leierskap herdefinieer het" (Bezuidenhout 2015:10).

Omdat taal deel van identiteit is, het Marnus Kok op sinvolle wyse geargumenteer dat dit 'n emosionele saak bly; daarom is die aanvalle op Afrikaans ook as baie emosioneel ervaar (Kok 2015:10). Uit die aanval op en "beleëring" van die taal kon die afleiding gemaak word dat daar vir die sprekers van Afrikaans nie plek in die reënboognasie is nie. Dit het beelde van Zimbabwe opgeroep waar wit Zimbabwiërs van plase verjaag is. Indien Afrikaans 'n vaste staanplek in die land kry, sou dit 'n teken kon uitstuur dat Afrikaners/Afrikaanssprekendes steeds welkom in Suid-Afrika is en die demokratiese bestel van 1994 nie 'n hersenskim was nie (Kok 2015:10). Indien die raad vir OS en De Villiers hul sin sou gee oor Engels, "seëvier strooipop-argumente, halwe waarhede, politieke leuens en wanpersepsies" het Loots gewaarsku (Loots 2015b:6). De Vos het valslik beweer die taalkwessie gaan ten diepste oor die begeerte om Afrikaans as hoof-onderrigtaal te behou. Max du Preez is ook verkeerd om te beweer die stryd gaan in die eerste plek om die US 'n Afrikaanse universiteit te hou. Indien met werklike insig en eerlikheid oor die taalkwessie gedebatteer word, word dit baie duidelik dat dit basies gaan oor die gelykwaardigheid en behoud van Afrikaans as akademiese taal naas Engels. Mense soos Gouws en Kylie kla dat hulle gedemoniseer word, maar dit is net so waar vir diegene wat vir Afrikaans opkom. So word Giliomee as "regs" uitgekryt en die DA se steun word as totaal stompsinnig veroordeel en verwyt dat dié party teen inklusiwiteit is. Die ander valse argumente vir Loots was dat Engels 'n waarborg vir uitnemendheid is en dat alle bruin mense Engels kies. Sy het een saak in die taaldebat aangeraak – die standpunt en optrede van fakulteite – wat inderdaad selde na vore gekom het. Wat sy veral vreemd gevind het, was OS se doodse stilte met betrekking tot die taalproblematiek: die regsfakulteit oor die onontbeerlikheid daarvan as hoftaal; die fakulteit opvoedkunde oor die belangrikheid en waarde van moedertaalonderrig; die mediese fakulteit oor hoe wesenlik belangrik dit vir kommunikasie tussen geneesheer en pasiënt is. Vir Loots was dit skandalig dat

die geesteswetenskaplikes sonder enige kritiese debat deur die departemente wat ingenieurs en rekenmeesters opgelei, voorgesê en oortuig is dat Engels en Afrikaans noodwendig 'n rookskerm is. Dit lyk asof De Villiers wat die grootste deel van sy akademiese loopbaan in die VSA deurgebring het, daarin gaan slaag om verkeerdelik die tipe opset en onderrig wat hy in die VSA beleef het, sonder verrekening van die unieke Suid-Afrikaanse omstandighede ook by die US te wil toepas (Loots 2015b:6).

In 'n toespraak het Steve Hofmeyr beweer dat "transformasie, regstellende aksie en alles wat van die Afrikaner weggeneem word" die "onrusbeheer" van Suid-Afrika geword het. "Bloeddorstige, barbaarse mense word beheer deur aan hulle eise te voldoen deur die erfgoed van die Afrikaner, soos 'n standbeeld van Totius van 'n kampus te verwyder." (Van der Walt 2015:2) Is dit te veel gevra dat net een Afrikaanse universiteit in die land oorbly? Hy het veral De Vos, Du Preez en Croucamp aangevat oor alles wat hulle van die Afrikaner in die naam van versoening wou prysgee (Van der Walt 2015:2).

### *4.12.3 "Die skrif vir Afrikaans reeds lank aan die muur"*

In die mediabriefwisseling is daarop gewys dat die skrif vir Afrikaans reeds lankal aan die muur was, ten spyte van pogings na 1994 om opvoedkundige inrigtings eksklusief Afrikaans te hou. Dat dit grootliks misluk het, is toegeskryf aan die rol wat politiek in taalkwessies gespeel het en veral die rol van die Afrikaner se apartheidsverlede en die hunkering en opvattings op kampusse oor hernieude Afrikaner-eksklusiwiteit. Dit alles is gekompliseer deur die problematiek van elf amptelike landstale (Jacobs 2015:6). Die taalkwessies op tersiêre vlak was veel ingewikkelder as bloot pro- of kontra-Afrikaans. Die meeste handboeke was in Engels en een van die briefskrywers het vertel hoe alles in sy studentedae en in sy werksomstandighede geleidelik meer Engels geword het. Daar is gewaarsku dat die persepsies en gesindheid in die land se samelewingsopset só verander het dat enige indrukke van en pogings tot opvoedkundige taaleksklusiwiteit opstand ontketen en in die proses Afrikaans se status en aanhang al kleiner sou laat word (Jacobs 2015:6).

Veel krasser was die onverbloemde siening dat Afrikaans tot ’n val moet kom omdat dit betaaldag geword het vir die jong wit mense wie se voorgeslagte rassisties was en teen anderskleuriges en anderstaliges gediskrimineer het (Bergh 2015:6). Die voorreg van Afrikaans moet weggeneem word om te probeer vergoed vir die vernederende behandeling as gevolg van wit eksklusiwiteit wat so baie van die vrygeborenes se nie-wit grootouers moes ervaar. Dit het tyd geword het vir die wit Afrikaanses om self iets van hierdie vernedering te ervaar om te probeer vergoed vir hulle voorgeslagte se verwaandheid. “Dit het niks te doen met rassisme of etniese vooroordele nie, dis doodgewone, noodsaaklike ‘transformasie’.” (Bergh 2015:6)

Afrikaans by die US moet onvermydelik verdwyn weens die brute realiteit van studentevoorkeure, was die standpunt van een van die US-dosente in ekonomie, Johan Fourie (2015a:5). In sy klas van 50 waarin die geskiedenis van ekonomie behandel is, was net tien Afrikaanssprekend, waarvan slegs drie in Afrikaans onderrig wou word. Dit was slegs die wit en swart Engelssprekendes vir wie baie van hulle Engels nie hulle eerste taal was nie, wat die kursus lewensvatbaar gemaak het. Baie van hierdie studente het uitstekend gevaar, hulle studie binne die minimumtydperk voltooi, verder gestudeer en uiteindelik navorsing gedoen en begin publiseer. Fourie het nog steeds ’n Afrikaanse klas in makro-ekonomie gehad, maar sy ervaring was dat “die dinamiek van ’n Engelse klas” by die klas in Afrikaans ontbreek het. Daar was wel Engelse universiteite waarheen Engelssprekende studente kon gaan, maar die US behoort toonaangewend in Afrika te word en die room van studente te lok. In baie gespesialiseerde vakgebiede was daar nie Afrikaanssprekende kenners nie en sy departement se vergaderings het in Engels plaasgevind om die Chinese, Amerikaanse, Malawiese en Suid-Afrikaanse kollegas wat nie Afrikaans magtig was nie, te akkommodeer. Minder Afrikaanse lesings word by die UV en UP gegee, maar volgens hom het Afrikaans steeds in Pretoria en Bloemfontein gefloreer. Ook in Nederland het universiteite besef hulle sal moet verengels om wêreldklas te word en te bly en die uitkoms was duidelik. Op die *QS World University Rankings* was daar vyf Nederlandse universiteite onder die top 100, terwyl van die Duitse en Franse universiteite met veel

groter bevolkings slegs vier en twee onderskeidelik dié rangorde kon haal. Die Nederlandse taal het steeds gefloreer en studente het gekuier, geoefen en gevry in die taal. By die US sou Afrikaans nie oorleef deur dit voorgraads op 'n paar duisend studente af te dwing nie, "maar omdat dit 'n pragtige, vriendelike en veelsydige taal is". Fourie was oortuig die rektor se nuwe taaldokument behoort ondersteun en aangegryp te word, omdat dit die geleentheid geskep het om die US nie deur die bevoordeling en aanhang van Afrikaans te isoleer nie (Fourie 2015a:5).

Fourie is deur prof. Rudie Botha daarop gewys dat sy stelling dat Nederlandse universiteite besluit het om na Engels oor te skakel, misleidend is (Botha 2010:10). Botha moes wel erken dat Nederlandse universiteite al hoe meer Engels gebruik, maar nie in voorgraadse programme nie, terwyl gegewens vir vyf van die groot universiteite getoon het dat Nederlands nog bykans 90% van die voorgraadse programme uitmaak. Dus, by die US sou die gebruik van Afrikaans in voorgraadse programme die moontlikheid om internasionaal te presteer geensins benadeel nie (Botha 2010:10).

Die gekerm oor Afrikaans behoort end te kry en Engels moet die voertaal word, was die bondige oplossing van nog 'n briefskrywer (Van der Merwe 2015:10). Dit is nie omdat Afrikaans nie bestaansreg het nie, maar baie mense is moeg daarvoor dat eers apartheid en nou Afrikaans die skuld moet kry vir studente se mislukkings en onvermoë om akademiese sukses te behaal. Indien Afrikaans verdwyn, sal van die beste oorsese akademici aangestel kan word om navorsing van internasionale gehalte te lewer en sal die US nie dieselfde weg gaan as ander universiteite in die land nie (Van der Merwe 2015:10).

# 5. OORWINNING VIR DIE TAALSTRYDERS: DIE BESTAANDE TAALBELEID WORD HERBEKRAGTIG (1 DESEMBER 2015)

Op 1 Desember het die raad in weerwil van die senaat en die SR se instemming en talle ander dosente en persone uit die publiek se skriftelike steun vir die rektor se nuwe taalskuif, met ’n oorgrote meerderheid die bestaande beleid wat gelyke status aan Engels en Afrikaans gee, herbekragtig (Nel 2015b:9). Die presiese besluit van die raad was:

> *Die raad bly verbind tot die taalbeleid soos aanvaar op 22 November 2014 en die interpretasie daarvan deur prof. Wim de Villiers (die rektor) in sy inhuldigingsrede dat Stellenbosch ’n meertalige Suid-Afrikaanse universiteit is – een van min in hierdie kategorie, wat bitter nodig is in ’n land met 11 amptelike tale.*

Die raad se besluit is uit die voorstanderkringe vir Afrikaans as reg en dapper bestempel (*Volksblad* 2015:6).

Dit het dadelik geblyk dat daar groot verdeeldheid oor die raadsbesluit tussen personeel, studente en alumni geheers het. Terwyl die OS ernstige kommer daaroor uitgespreek het, het die Afrikaanse Alumni-vereniging (AAV) die raadsbesluit verwelkom. Een van die ondertekenaars van die dokument ter ondersteuning van die rektor, Gouws, het besorgdheid oor die behoorlike inwerkingstelling van die bestaande beleid uitgespreek, veral weens die finansiële implikasies daarvan en die moontlike opstandige reaksie van talle studente wat uitgesluit gevoel het (Nel 2015b:9). Vir die AAV weer was die besluit ’n oorwinning vir Afrikaans en Engels as amptelike tale en ’n oorwinning vir inklusiwiteit en meertaligheid. Dit is ook duidelik gestel dat daar nie aanspraak gemaak word op ’n enkelmedium-universiteit of ’n US wat

nie oop is vir alle rasse en studente in die land nie. Dit was immers logies en prakties in die Wes-Kaap, waar Afrikaans die oorhand het, dat die taal beskerm moet word as gelyke administratiewe taal en gelyk aan Engels (Nel 2015b:9). Die SR se reaksie was dat daar groot kommer by hulle en onder baie studente oor die raad se beleidsherbevestiging geheers het, wat in werklikheid beteken het dat daar geen verandering betreffende taal sou kom nie en baie studente sodoende steeds uitgesluit sou bly en vervreemd voel. ’n Strydlustige OS het beloof om nie te rus voor ’n nuwe taalbeleid aanvaar word of die raad ontbind nie. Die raad is weereens as ’n “white boys’ club” getipeer, wie se uitgangspunt steeds uitsluiting was as oorblyfsel van die apartheidsideologie. OS het hom daarop beroep dat hy ’n veel beter taalbeleid opgestel het en steeds gereed hou, waarop die raad, indien nodig, kon verbeter (Janse van Rensburg 2015c:9).

Dit was vanselfsprekend dat baie van die akademici wat die rektor gesteun het uiters teleurgesteld was en hulle houding was dat die rektor deur die raad ondermyn word. Kommer is uitgespreek oor die toekoms van die rektor se rol as leier. Prof. Patman van die departement sosiologie en antropologie het die verloop daarvan vergelyk met ’n Kersgeskenk wat gegee en toe teruggeneem is. Hy het gemeen dat dit ook onsekerheid veroorsaak het oor waar die gesag setel en wie die besluite neem (Nel 2015:7). Meertaligheid kon die idee skep dat diversiteit omarm word, maar in werklikheid het dit ruimte gelaat vir uitsluiting. Patman en diesulkes het kort en kragtig verklaar dat ’n universiteit een taal moet hê wat almal praat en niemand uitsluit nie. Van Waal het weer as ondersteuner van die rektor na vore getree met die blatante stelling dat die raad se besluit slegs die noodwendige toekomstige oorgang na Engels as hooftaal vertraag, omdat die aanvraag vir Afrikaans afneem as gevolg van demografiese verandering en dat studente Engels vir hulle professionele vorming benodig. Sy oortuiging was dat die US opnuut weer as deel van die identiteitspolitiek van ouer, wit Afrikaanssprekendes misbruik sou word. Hy het ook Gouws se waarskuwing herhaal van die moontlikheid van groter opstandigheid en aktivisme onder studente. Groter verwydering en polarisasie onder studente sou verder aangevuur word en juis daarom was ’n pragmatiese beleid nodig, nie die verstokte handhawing van uitgediende simboliek nie (Nel 2015:7).

# 6. OPROEP OM DIE US AS MEERTALIGE BATE TE BOU

Die positiewe raadsbesluit ten gunste van Afrikaans en die opstandigheid daarteen het Scholtz gemotiveer om 'n pleidooi te rig vir die versoening tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes. Sy treffende woorde was: "Ons het dieselfde moeder. En haar naam is Afrikaans in al haar variante." (Scholtz 2015f:6) Hierby het Wyngaard aangesluit en gemeen die tyd het inderdaad aangebreek dat daar oor die ekonomiese belangrikheid en uitdagings van Afrikaans gepraat word. Die belangrikste was hoe die bruin Afrikaanssprekendes gehelp kon word om ekonomiese selfbemagtiging te verkry (Wyngaard 2015:7). Ander ondersteuners van die raadsbesluit weer het die vertroue uitgespreek dat die besluit "stabiliteit sal bring in 'n situasie wat aan meer as een front nie in bedwang was nie" (*Volksblad* 2015a:6). Die rektor se beleidsaanpassing het nie gerym met die amptelike beleid nie, wat groot ongelukkigheid in die Afrikaanse gemeenskap veroorsaak het. Indien parallelmedium doeltreffend toegepas word, kon dit daartoe lei dat Afrikaans sonder enige klagtes van uitsluiting as onderrigtaal gehandhaaf word. Meertalige kampusse was in ooreenstemming met die Grondwet en het die beskuldiging dat dit ongewens is, ander taalgroepe uitsluit en hulle regte skend, weerlê (*Volksblad* 2015a:6).

Wat wel herhaaldelik as 'n probleem oor die gebruik van parallelmedium en tolkdienste uitgelig is, was die finansiële koste daaraan verbonde en of voldoende fondse beskikbaar sou wees. Dit is as die morele plig van die regering beskou om volgens die grondwetlik-verskanste beginsel van meertaligheid universiteite tot parallelmedium en tolkdienste te verplig. Die US is aangemoedig om meertaligheid met erns aan te pak en tot voordeel van sy voedingsgebied en die land as geheel suksesvol deur te voer (*Volksblad* 2015a:6).

Baie ongewoon juis omdat die opvatting dat US vir ’n bepaalde idee staan waarmee die apartheidsverlede van die universiteit verbind is en meermale heftig gekritiseer is, is dié pleidooi weer gehoor. Lizette Rabe het gepleit dat US vir ’n “núwe idee” moes staan en wel na aanleiding van DF Malan (die “eerste eersteminister van apartheid”) se destydse uitspraak dat Stellenbosch vir ’n idee staan (Rabe 2015:9). Sy het pertinent na Malan se toespraak verwys wat sy as emosionele lawaai en hoogklinkende taal gekritiseer het en wat sy gemeen het plek moet maak vir ’n nuwe, maar eenvoudige slagspreuk om al die faksies en slagspreuke oor die hele spektrum saam te snoer. Deur eenvoudig te verenig rondom die spreuk – die US staan vir ’n nuwe idee – kon ’n “poolster” geskep word vir ’n werklik nuwe ontdekkingsreis vir die nuwe geslag in Suid-Afrika. Dit moes gesien word in die lig van ’n nuwe soort Kodesa waar die botsende groepe bymekaar saamgebring kon word omdat die situasie veel ingewikkelder as ’n “helde-en-skurke-verhaal” was (Rabe 2015:9). Stellenbosch met sy pragtige natuurskoon was vir haar die ideale plek om aan ’n ware multikulturele omgewing gestalte te gee waar al die tale en kulture op die kampus op inklusiewe wyse erkenning en respek kon ontvang, met Afrikaans as deel daarvan. So kan Afrikaans as inherente deel van die ruimer kultuuropset ontslae raak van sy duister bagasie van die verlede. Die “kwetsende gevegte moes stopgesit word omdat Afrikaans vir die streek waarin dit geleë is belangrik bly en die taal nie opgeoffer mag word ter wille van politieke korrektheid nie. Slegs binne ’n veeltalige benadering kan Afrikaans uitgebou en versterk word” (Rabe 2015:9). Haar goeie voorstel het blykbaar min steun ontvang, waarskynlik omdat dit te veel van ’n naklank van die gehate apartheidsbedeling gehad het.

# 7. “PURPLEGATE”: DIE “BLACKFACE-DEBAKEL”



**Poekie Briedenhann op die Heemstede-partytjie waaroor sy van “blackface” beskuldig is. (Foto: Verskaf, *Volkblad*, 9 Februarie 2016:3)**

Hoe delikaat die rasseverhoudings op die kampus in werklikheid was, sou na vore tree met ’n onskuldige voorval wat hemelhoog opgeblaas sou word. Dit het met ’n klein beriggie begin oor twee Maties (Poekie Briedenhann en Jo-Anne Cloete) wat geskors is omdat hulle met “swartgesmeerde gesigte” by ’n byeenkoms van die Heemstede-vrouekoshuis op 6 Februarie 2016 opgedaag het. Briedenhann het ’n foto van hulle op haar Instagram-profiel gedeel en dit het blitsig op sosiale media versprei. Nadat klagtes daaroor gelê is, het die US-owerheid in ’n formele verklaring bekend gemaak dat die twee studente uit die koshuis geskors en ook as studentementors onthef is (Jansen & Burger 2016:2). Verskeie faktore het die onskuldige insident hemelhoog aangevuur en US se bestuur genoop om die saak ernstig te bejeën: die verklaring van die huiskomitee- en SR-lede wat die betrokke byeenkoms bygewoon het;

die "woede, misnoeë en seerkry" van sommige studente oor die voorval; 'n soortgelyke geval in 2014; die nasionale debat oor rassisme wat op daardie oomblik landswyd aandag getrek en vurig gedebatteer is. Briedenhann het kort na die voorval verskoning aangebied en verduidelik wat die konteks daarvan was. Veral OS het 'n groot bohaai opgeskop alhoewel die voorval van die heel begin af deur meer nugterdenkendes as 'n "rashisterie" uitgemaak is oor twee "pers gesiggies op 'n koshuispaartie". Kon almal dan nie sien dit is in werklikheid bloot pers gesigte met blinkertjies nie, is gevra. Een van die briefskrywers het laat hoor: "Dit is hierdie soort Jannie Jammergathouding wat veroorsaak dat 'rassisme' met soveel sukses geopper kan word elke keer as iemand te na gekom voel." (Marais 2016:6) Dit sou gaandeweg blyk dat die US inderdaad 'n groot bohaai oor 'n nietigheid gemaak het, wat helaas ernstige gevolge sou hê. Op 8 Februarie moes OS verskoning aanbied aan Heemstede se studente, by name Briedenhann en Cloete, nadat dit geblyk het dat dit inderdaad nie 'n kwessie van swartgesigsmeerdery was nie. Wat presies gebeur het, is dat die betrokke twee studente hulself donkerpers geverf het vir 'n verwelkomingspartytjie waar die tema *Interstellar* was. In 'n verklaring het OS nou hulle oorspronklike standpunt teruggetrek en die twee betrokkenes om verskoning gevra het maar hulself tog probeer regverdig het hulle lede se misplaaste reaksie die gevolg was van "volgehoue rasse-ongelykheid" by die US en in die hele land. Hierdie OS-verklaring is egter spoedig van Facebook verwyder, met die verskoning dat dit nie met konsensus van die hele groep geskied het nie (Janse van Rensburg 2016:3).

Kort daarna het OS verder en sterker teruggekabbel met die eienaardige argument dat dit nie saak maak of dit pers was nie want dit was steeds "blackface" en aangevoer:

> *Ons besef dat die voorval nie meer algemeen (deur die media en die gemeenskap van die Universiteit van Stellenbosch) as 'n geval van 'blackface' aanvaar word nie. Ons hou egter vol dat die feit dat die student 'n filter op die foto geplaas het sodat dit swart lyk, en dit willens en wetens op sosiale media geplaas is, dit wel 'n geval van 'blackface' maak. (Van den Berg 2015a:7)*

OS het nou geëis dat die twee studente geskors en die huismoeder en huiskomitee verwyder word. Wat OS betref, was dit belangrik om te besef dat die voorval in ’n tyd van ernstige rassespanning plaasgevind het en dit naïef van wit studente was om so ’n foto op te laai sonder om te voorsien dat dit moontlik as ‘blackface’ beskou kon word (Van den Berg 2015a:7).

Die insident is gesien as ’n toonbeeld van Maties se ernstige rasdilemma toe selfs ’n universiteitsondersoek daaroor noodsaaklik geag is. Reaksies het gewissel vanaf verontwaardiging oor die groot bohaai oor onskuldige studentepret tot gekwestheid oor rasmeerderwaardigheid. Dit was ook gou duidelik dat daar buitendien baie moeilik eenvormige reëls – wat almal tevrede sou stel – vir optrede rondom dié saak gevind sou kon word. Selfs nie die Menseregtekommissie sou daarin kon slaag om as voorsorgmaatreël ’n stel voorbeelde en reëls daar te stel om sulke tipe raskwetsende voorvalle te vermy nie. In vergelyking met die wrede geweldsmisdade in die land was dit moeilik om die heftige reaksie op pers-verfery van gesigte en die bestuur se soortgelyke reaksie heeltemal te begryp.

Die hele insident het eintlik elemente van die teater van die absurde bevat, want daar kon ook verwys word na ander voorbeelde soos die deelnemers aan inisiasieskole wat hulself wit werf, spelende kinders wat hulself met allerlei kleure bemors en veral sportondersteuners wat moeite doen om hulle op te tooi in die kleure van die spanne wat hulle ondersteun. Wat die ondersoekspan oor die insident sou moes probeer vasstel, was wat die ware bedoeling van die twee studente was, watter blyke en presiese bewyse van rassisme daar wel was en die werklike erns en egtheid van die aanstoot wat gegee is. Net so belangrik was die regte van die betrokke “skuldige” studente en die trauma wat hulle moes deurmaak (*Volksblad* 2016:6). Die rektor se reaksie in ’n brief aan personeel en studente was dat die US wel ’n verantwoordelikheid het om die saak te ondersoek en die proses begin is met die skorsing van die twee studente uit hulle koshuis solank die ondersoek aan die gang was. Dit moes egter volgens die bestuur nie as ’n skuldigbevinding beskou word nie. Oor die wyse waarop die universiteitsowerheid die saak hanteer het, is onmiddellik ernstige kritiek uitgespreek en die vakbond Solidariteit het aangedui dat hy

'n "mosie van wantroue" in die bestuur beplan weens die "onaanvaarbaarheid" van die "ondeurdagte, ongenaakbare optrede" teen die twee studente (Van den Berg 2015a:7).

Dat daar polarisasie oor die insident was, het geblyk toe 'n week nadat die universiteit erken het dat dit nie "blackfacing" was nie, die SR nog steeds gedebatteer het of die gesigte pers of swart was (Marais 2016:7). Volgens die SR-woordvoerder sou daar gewag word vir die uitslag van 'n ondersoek omdat dit beskou is as 'n sensitiewe en ideologiese strydpunt. Baie studente het dit as 'n *comedy of errors* bestempel, terwyl beswaardes van mening was die studente is op 'n tegniese punt vrygespreek. Op 10 Februarie het AfriForum Jeug op die Rooiplein vergader om 'n versoekskrif aan die US te oorhandig waarin gevra is waarom die twee studente skuldig bevind is voordat die saak behoorlik ondersoek is en watter versekering vorentoe gegee sal word dat dit nie herhaal word nie. Die versoekskrif-oorhandigers was in pers gesigte en het met die oorhandiging daarvan 'n inkleurboek aan die direkteur van studentestrukture oorhandig. Dit is gedoen om hom te leer om binne die lyne te bly wanneer dit by onskuldige studentepret kom. Briedenhann se pa, dr. Joggie Briedenhann, was uiters ontstoke dat die SR en bestuur so vinnig veroordelend opgetree het maar daarna in doodse stilswye verval het (Marais 2016:7).


## 7.1 Die betekenis van "blackface"; verwyte teenoor die rektor

"Blackface" is afkomstig van 'n teater-tradisie in die 18de eeu van witttes wat hulle gesigte swart smeer vir die genot van wit kykers waardeur swart mense dikwels verkleineer is en negatiewe stereotipes oor hulle geskep en versterk is. Die idee agter die swart teatergesigte is vernederend omdat dit heenwys na die mees rassistiese periode in die Amerikaanse geskiedenis en veral die uitbuiting en onderdrukking van swart mense in die Suide. Hedendaags word gesigswartsmeerdery gesien as 'n deel van verontmensliking en is "nooit 'n neutrale vorm van vermaak nie, maar 'n gelaaide manier om skadelike stereotipes te skep" (Nel 2016:7). Een van die briefskrywers se reaksie daaroor weer was dat daar net sowel ernstige beswaar gemaak kan

word teen die witgesmeerde gesigte van Afrika-seuns tydens hulle inisiasie (De Lange 2016:6).

Enkele dae na die twee studente se skorsing en nadat US se Eenheid vir Gelykwaardigheid ’n omvattende ondersoek gedoen en die opheffing aanbeveel het, was die twee aangeklaagde studente terug in hulle koshuis en Briedenhann weer as senior mentor in die koshuis aangestel (Potgieter 2016:2). Die bevinding was dat daar “geen regstreekse of onregstreekse bedoeling was om enige studente of personeellede aanstoot te gee of skade te berokken nie” en dit nie as ’n “blackface”-voorval uitgemaak kon word nie. Die twee studente wat onskuldig pret wou maak, is dus valslik as rassiste uitgemaak. Rektor De Villiers het die “trauma” wat deur die betrokke studente, Heemstede se huiskomitee en die inwonende hoof beleef, is betreur en die belangrikheid van opbouende gesprekke beklemtoon. Hy het veral die woordelikse slegsê en beledigende optrede van sommige studente teenoor medestudente en personeellede as onaanvaarbaar bestempel. Die SR was egter nog steeds in tweespalt of daar verskoning teenoor die studente gemaak behoort te word (Potgieter 2016:2).

Hiermee was die debakel geensins op ’n einde nie, want op 15 Februarie het Solidariteit verklaar dat daar met ’n regsaksie teen die US begin word op grond van Pepuda (Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination) se aandrang op keuring van mediese studente op grond van ras en die reservering van 67% mediese plekke vir swart, bruin en Indiër-aansoekers (Potgieter 2016a:2). Dit is in dieselfde lig beskou as Solidariteit se mosie van wantroue weens die “blackface”-insident. Uit verskillende oorde is die rektor skerp gekritiseer, onder andere vir sy lafhartigheid om nie dadelik stappe te gedoen het om die onreg te herstel nie; onderdanigheid aan OS; en sy wyse van optrede as “voorbok-keffertjie” om sy “eiegeregtige magte” op die onskuldige damestudente af te dwing (Maties 2016:6). Woeste woorde is na sy kant geslinger soos dat hy ’n “Jannie Jammergat” en ’n “regte boelie” is vir wie die universiteitsbestuur na die hele herrie steeds beskerm. Hy word kamtig as slim bestempel, maar openbaar min wysheid en emosionele intelligensie (Maties 2016a:6).




**'n Satiriese blik op die onbesonne optrede van die die bestuur in die "black face"-debakel.** **(Niel van Vuuren, Volksblad, 17 Februarie 2016:6)**

Die verskillende groepe het mekaar heftig die stryd aangesê en dit was duidelik dat 'n wyer "blackface"-katgeveg aan die opbou was. AfriForum het te kenne gegee dat hulle met 'n dissiplinêre klag teen die US en Mathew Smorenburg van die universiteit se sentrum vir studentestrukture begin het oor die wyse waarop die situasie hanteer is, ten einde enige soortgelyke herhaling te verhoed. Intussen het die VF+ reeds 'n klag daaroor by die Menseregtekommissie ingedien (Marais 2016a:2. Met foto van die twee studente). Blykbaar het Smorenburg op sosiale media die studente geïntimideer en hewig aangeval sodat die woordvoerder van VF+ selfs gewaarsku het dat as hy "hierdie klein verskoning van 'n mens op straat moet raakloop, sal sy gesig ook pers raak. Maar nie van verf nie" (Marais 2016a:2). In *Rapport* is beweer dat hy die studente geïntimideer en gedwing het om verskoning op hul Facebook-bladsye te plaas. Smorenburg se weergawe was dat hy toestemming van die US gekry

het om op sosiale media te reageer. Hy het ook ’n ontleding van sy SMS aan Briedenhann en Cloete op Twitter geplaas waarin hy onder andere aangevoer het dat: die tema van die partytjie duidelik in die SMS genoem word; daar aangedui word hulle was donkerpers geverf; dat dit vir sommige soos swart gelyk het; sy SMS duidelik aangedui het dat hulle bedoeling nie kwaadwillig was nie; en ondersteuners gevra is om nie verdere kwetsende opmerkings te maak nie in ’n poging om die twee aangeklaagdes te steun (Marais 2016b:2).

## 7.2 Is die rasbril by Maties uit fokus?

In sy kommentaar oor die hele ‘brouhaha’ het Scholtz daarna verwys hoe vinnig OS gereageer het en hoe venynig en liggeraak hulle was met hulle dreigement dat as die US nie optree nie, hulle dit self sal doen. Die bestuur het die indruk geskep dat hulle angsbevange was. Die studente is inderdaad onmiddellik uit die koshuis gesit sonder dat hulle hoegenaamd kans gekry het om hulle eie saak te stel. Vir Scholtz het dit voorgekom asof die “rasbril” by US “heeltemal uit fokus” is en die bestuur wanhopig, maar op bespotlike wyse en tot elke prys hulle teensin teen rassisme wou bewys. Die vraag wat by hom opgekom het, was of ’n mens vryheid van spraak slegs aan menings toeken wat jou aanstaan, maar nie vir menings wat jou in die krop steek nie? (Scholtz 2016:7). Die Suid-Afrikaanse reg trek die grense van vryheid van spraak wyd en dit is slegs by haatspraak waar die Grondwet die element van geweld as grens stel en waaraan geen beskerming verleen word nie. “Blackfacing is walglik. Maar dis nie haatspraak nie en mag dus nie verbied word nie. Purplefacing is gewoon studentepret. Hou tog op om alles deur die bril van rassisme te sien,” was sy siniese versoek (Scholtz 2016:7).

In ’n lang onderhoud met Hanlie Retief is die rektor met vrae gepeper oor die hangende regsgeding tussen hom en die ontstoke vader van Briedenhann oor die hele herrie. Briedenhann, wat met litigasie gedreig het, wou van De Villiers weet waarom hy “links en regs verklarings uitgereik” het en hom eers agt dae later persoonlik gekontak het om verskoning aan te bied (Retief 2016:11). Teenoor Retief het die rektor erken dat die gesigte duidelik pers was op die eerste foto’s wat hy gesien het, maar toe was die ondersoek reeds aan die

gang. Na sy oordeel was die Afrikaanse woord "skorsing" 'n kras woord vir die Engelse uitdrukking, "temporary suspension pending an investigation". Hy het die hele episode gesien as deel van die baie stormagtige en ingewikkelde jaar vir al die universiteite in die land. Uiteindelik het die US heel goed gevaar deurdat dit die enigste universiteit was waar eksamens en gradeplegtighede tydens die landswye onluste op die gesette tye kon plaasvind. Sy verduideliking was dat hy nie die ouers self gekontak het nie, want toe die reg en regsgeleerdes betrokke raak, is die saak bemoeilik en is hy persoonlik geadviseer om nie met hulle in verbinding te tree nie. Uiteindelik het hy besef dié advies was "belaglik" en hy en Briedenhann, wat gemeenskaplike kennisse het, het 'n goeie gesprek gehad. Die ouers van die studente is wel deur viserektor Schoonwinkel ontmoet, maar De Villiers erken hyself moes vroeër met die ouers kontak gemaak het. Terselfdertyd het hy gewaarsku sy persepsie is dat die heersende Zeitgeist onder blankes is om hulself baie vinnig as wit Afrikaanssprekende slagoffers van oordrewe politieke korrektheid te beskou. In groot erns was sy woorde: "Dis 'n gevaarlike en onbehulpsame narratief waarin ons betrokke raak as 'n groep." (Retief 2016:11)

Rakende sy hantering van die "blackface"-debakel is die rektor vanuit die publiek as so "insiggestremd" bestempel dat gesuggereer is hy eerder sy Amerikaanse handboeke moet vat en verkas, want soos die Franse uitdrukking sê: "Début du message réexpédie." (Vertrek liewers en word elders gehoor.) Dit sou seker nie Ikeys toe kon wees nie, want daar het studentewoede dit net so haglik gemaak, maar êrens "behoort daar darem 'n heenkome te wees vir 'n insiggestremde" soos die rektor (Blackface. 2016:6).]

# 8. DREIGENDE REGSAKSIE OOR DIE VERHEFFING VAN ENGELS TOT PRIMÊRE TAAL




**Die dramatis personae in Gelyke Kanse se litigasie oor die taalbeleid.**
**(Foto: Lerato Maduna, Rapport, 6 Augustus 2017:2)**

Dit het duidelik geword dat stormagtige tye uit regse maar veral linkse oord vir die US voorgelê het. Dit sou van 2016 een van die moeilikste jare in die geskiedenis van US maak. Die onstuimige studente-opstande van 2015 onder die #FeesMustFall-vaandel was aan die begin van 2016 kennelik nog geensins besweer nie en dwarsoor die land het universiteite hulle op 'n gereedheidsgrondslag geplaas vir verdere onluste, studente-dreigemente en veral ook kampusbeveiliging. Vir die US was die veiligheid van sy dosente en studente 'n hoë prioriteit en ononderhandelbaar (Van den Berg 2016:9). Veiligheid op die verskillende US-kampusterreine is deurlopend gemonitor en aanvullende veiligheidsdienste moes gekontrakteer word. Daar was gerugte dat die 2016-registrasieproses moontlik ontwrig kon word (soos wel op ander kampusse gebeur het) en op 21 Februarie sou

die eerstejaarverwelkomingsprogram plaasvind. Veiligheidsmaatreëls het patrollies, ’n reaksie-eenheid en alarmstelsel ingesluit (Van den Berg 2015:9).

Met die aanbreek van 2016 het die Matie-tak van AfriForum Jeug begin dreig om die US met ’n hofinterdik te verplig om klasse in Afrikaans aan te bied. Dit was na aanleiding van die besluit van die fakulteit ingenieurswese om Afrikaanse klasse drasties te verminder en die fakulteit regswese se Juridiese Vereniging se verklaring op Facebook dat Engels voortaan die hoof- onderrigtaal sal wees. Lesings sou egter wel nog in Afrikaans saamgevat en ingelei word en studente sou nog steeds vrae in Afrikaans kon vra (Malan 2016:1). AfriForum Jeug se standpunt was dat sulke besluite is teenstrydig met US se amptelike taalbeleid sowel as met die kontraktuele verhouding tussen studente en US met betrekking tot die beleid is. Die ernstige versoek was dat die bestuur die bepaalde fakulteite tot orde moes roep en in hulle prokureursbrief aan die registrateur is summier geëis:

> *Tensy ons voor op of Dinsdag 2 Februarie van u ’n onomwonde versekering ontvang dat die bestuur stappe sal doen om die implementering van hierdie afwykende besluite te verhoed, sal ons kliënt sonder verdere verwysing na u ’n dringende hooggeregshofaansoek teen die US bring om die implementering van hierdie besluite te voorkom en die implementering van die taalbeleid af te dwing.* (Malan 2016:1).

Die regsfakulteit het blykbaar reeds geruime tyd tevore op ’n informele vergadering besluit om voortaan hoofsaaklik Engels in lesings te gebruik. Die ironie was dat die rektor slegs ’n dag later in ’n toespraak voor 2 000 konvokasielede beloof het om parallelmediumonderrig uit te brei. Na die onophoudelike en driftige teenstand teen eensydige Engelse besluite was dit totaal vreemd en totaal onduidelik of fakulteite skynbaar toegelaat sou word om die aanbod van Afrikaanse kursusse wat amptelik in die jaarboek uiteengesit is en deur die raad goedgekeur is, te verander. Uiters vreemd wou die bestuur aanvanklik geen vrae daaroor beantwoord nie en bloot laat blyk daar sou op die dreigende regsaksie gereageer word nadat gesprek daaroor gevoer is. Die

voorsitter van die raad sou op 1 Februarie met die rektor samesprekings voer en wou ook voorlopig geen kommentaar lewer nie (Malan 2016:1).

Oor die eienaardige en ondemokratiese optrede van die bestuur is daar selfs gevra of "slim Wim dan eintlik slinkse Wim" geword het, want tydens die jongste konvokasievergadering is die konvokasielede nooit ingelig oor die feit dat daar reeds besluit is om Afrikaans as onderrigtaal in die fakulteit regte te skrap nie (Loots 2016:6). Die besluit was blykbaar ook klaar geneem om Afrikaans in ander fakulteite op te skort, maar ten spyte van hierdie finalisering het die rektor selfs daarna nog sekere positiewe waarborge oor Afrikaans gegee, naamlik dat daar groot aanvraag vir Afrikaans by die US is, die Afrikaanse aanbod sou voortgaan en dat die US verbind is tot meertaligheid en parallelmediumonderrig uitgebrei word. Kort hierna het Afrikaans in die meeste fakulteite gesneuwel, nieteenstaande die November 2015-raadsbesluit dat Afrikaans gelykwaardig is en as onderrigtaal sy posisie naas Engels sou handhaaf. Die demokratiese proses waaraan die raad ook deel gehad het, is nou as 'n klug en bespotting uitgemaak omdat De Villiers juis tydens sy konvokasietoespraak 'n oop en eerlike gesprek bepleit het. In haar rubriek wou Sonja Loots weet hoedat die rektor dit kan verklaar dat sy konvokasietoespraak nie met gebeure daarna gerym het nie en hoe hy op deursigtigheid kon aanspraak maak deur nie vir die konvokasielede die volle waarheid te vertel nie. Dit was sy plig en dure verantwoordelikheid om spoedeisend sy optrede te verduidelik, anders kon duisende oudstudente begin glo dat hy hulle doelbewus onder 'n wanindruk probeer bring het. Die "versoeking sou dan groot wees om nie meer van Slim Wim te praat nie maar eerder van Slinkse Wim of Wolhaarwim", met gepaardgaande ernstige wantroue in sy integriteit. In skerp trant het Loots die openlike aanklag gemaak dat met die skraping van Afrikaanse lesings, die US se uitvoerende gesag openlik geminag word en dit niks anders beteken het nie as dat "sekere belangrike besluitnemers, ondanks die bedrieglike sjarmante aanslag en kastige beroepe op eerlikheid … hulle soos rampokkers gedra" (Loots 2016:6). Net so vreemd was dit vir haar dat iemand soos prof. Anton Van Niekerk "een van De Villiers se getrouste hosannasingers nou verwytende opmerkings maak oor die hofstryd, wat

dreig en sonder meer die skuld op die beswaarmakers pak". Eintlik moes die "korporatiewe kultuurvernielers" as die agitators uitgewys en aangekla word. De Villiers kon nie meer die luukse bekostig om hom in sy kantoor skuil te hou nie en hy moes tot verantwoording geroep word vir gebeure of anders erken die taaldebat is nek omgedraai. Indien hy nie integriteit bewys nie, "laat hy sy universiteit se studente, raad en konvokasie met 'n dialoog tussen doofstommes, pleks van 'n debat" (Loots 2016:6).]

So luid was die protes uit talle oorde dat binne 'n week na die rektor se verklaring en na 'n besluit van die UKR die amptelike versekering gegee is dat die bestaande taalbeleid in Desember 2014 soos deur die raad goedgekeur steeds van krag bly. Die finale oordeel oor die rektor se verklaring en die bekragtiging van die UKR-besluit sou egter deur die raad gefinaliseer moet word. Dit het later aan die lig gekom dat daar tydens die vergadering van die UKR "'n helse botsing" tussen De Villiers en die UKR plaasgevind het waartydens die rektor gedwing is om verskoning te vra dat hy gefouteer het om Engels eensydig as "primêre" taal te verhef en aan te kondig (Malan 2016:1).

Skaars was bogenoemde geskil buite die hof besleg en hiermee nog nie tevrede nie, het twee studente, Bernard Pieters, meestergraadstudent in geologie en 'n bruin student, Mortimer Bester, 'n landbou-ekonomie-student, saam met AfriForum hul inderdaad op 6 Februarie tot die hooggeregshof gewend om die US te dwing om sy bestaande taalplan te eerbiedig (Malan 2016a:7). Hulle saak het op twee motiverings berus: die US verontagsaam sy eie taalbeleid "eensydig en op groot skaal" en moet gedwing word om sy bestaande beleid te eerbiedig; die US het 'n kontraktuele verpligting teenoor studente om die kursusse in die taal aan te bied soos in die jaarboek uiteengesit. Volgens die hofstukke het die dekaan van die regsfakulteit aan studente te kenne gegee die nuwe taalbeleid geld totdat die US-bestuur die taalplan verander. Dit het daarop gedui dat die bestuur die reg voorbehou om self die taalbeleid te verander, omdat geglo is die regsfakulteit se besluit waarskynlik op "inisiatief" van die bestuur geneem is. Bester het in sy ondersteunende verklaring vertel hoe hy as bruin student 'n beperkte kennis van Engels het en juis by die US kom studeer het vir Afrikaanse onderrig. Sedert die begin van 2016 was die

lesings egter alles in Engels en hy was in ’n verleentheid omdat hy dit nie kon volg nie. “Ek word wesenlik benadeel omdat ek nie meer in Afrikaans onderrig ontvang nie en ek word by die dag meer gefrustreerd omdat ek agter raak weens my gebrekkige begrip van Engels.” (*Rapport* 2016: 2)

Dit het nou aan die lig gekom dat die regsfakulteite se nuwe beleid wat twee weke vantevore geneem is, geïnspireer is deur ’n sogenaamde nuwe M-taalopsie wat in die kantoor van die viserektor geformuleer is. Hiervolgens sou alle lesings uitsluitlik in Engels wees met ’n inleiding en opsomming in Afrikaans. Volgens *Rapport* se inligting is dekane aangemoedig (deur die bestuur?) om die nuwe taalopsie toe te pas met die versekering dat dit nie in stryd met die amptelike taalbeleid was nie. Die US se woordvoerder het die bestaan van die M-opsie erken, maar dit bestempel as deel van ’n gespreksdokument wat nooit formeel goedgekeur is nie, maar het die stilswye bewaar of die bestuur ’n regsmening oor die geldigheid daarvan ingewin het. Die voorsitter van die Adam Tas-vereniging het die situasie as ’n fiasko bestempel, omdat daar by niemand duidelikheid was oor wat die presiese stand van sake was nie. Buite die kampus is die hele debakel as komies beskou, wat kommer gewek het oor die negatiewe beeld wat dit oor die beleid en bestuursoptrede na buite uitgedra het. Ook die raadsvoorsitter moes erken dat hy bekommerd was oor die moontlike skade wat die hofsaak die US kon berokken, omdat daar klaarblyklik afgewyk is van die amptelike beleid. Hy het die versekering gegee dat die rektor versoek is om dringende aandag aan die saak te gee. Volgens hom het die raad nie onmiddellik vergader om die dreigende interdik te bespreek nie, maar geensins omdat die saak nie ernstig opgeneem is nie, want die raad was in die proses om sy komende vergadering van 9 Mei te vervroeg (Malan 2016a:7).

In sy hoofartikel oor die aangeleentheid onder die opskrif “Ons sidder oor situasie met taal by Maties” het *Rapport* dit duidelik gestel dat AfriForum Jeug se optrede nie soos beweer word ’n poging is om die US ’n Afrikaanse instelling te hou nie, maar eenvoudig om die US te dwing om neergelede beleid te respekteer en toe te pas (*Rapport* 2016: 2). Wat die saak kommerwekkender gemaak het, was dat selfs die raadsvoorsitter erken het daar van die neergelegde

beleid afgewyk is en die US nie ’n hofsaak daaroor behoort te trotseer nie. Wat as veral ongelooflik beskou is, is dat ’n aksie van minagting en verontagsaming van eie gevestigde bestuursreëls uit die universiteit se regsfakulteit (een van die land se bekendste regsfakulteite) gekom het. Verbystering is uitgespreek dat die dekaan van die fakulteit en privaatregkenner, prof. Sonia Human, waarlikwaar van die land se voorste mede-regskenners oorreed het om ’n hoofsaaklik Engelse taalbeleid te aanvaar. Skynbaar het sy nie geweet of besef dat verandering aan ’n universiteit se taalbeleid deur ’n nasionale wet bepaal word nie. “Almal vir wie Stellenbosch na aan die hart lê, behoort te sidder.” (*Rapport* 2016: 2)

Ter elfder ure het US egter met AfriForum Jeug geskik nadat die regspanne in ’n lang onderhandelende gesprek gewikkel was (Janse van Rensburg 2016:4). Die skikkingsooreenkoms het bepaal dat die US steeds die bestaande taalplan soos op 22 November 2014 deur die raad aanvaar, sal toepas sodat Afrikaans en Engels steeds gelykberegtiging sal geniet. Die klasse in beide tale in die regs- en ingenieursfakulteite is reeds dae vantevore weer ingestel. Die US het ook onderneem dat elke module se spesifieke riglyne toegepas sal word soos in die 2016-jaarboek uiteengesit. AfriForum het dit as ’n oorwinning nie slegs vir US-studente nie, maar ook vir die Afrikaanssprekende gemeenskap bestempel en die hoop is uitgespreek dat so ’n dreigaksie nie in die toekoms weer nodig sou wees nie. Heunis se reaksie namens die konvokasie was dat AfriForum opgetree het in ooreenstemming met die konvokasie se siening van Afrikaans as ’n primêre onderrigtaal en dat daar groot tevredenheid was dat die US onderneem het (en eintlik daartoe verplig is) om die bestaande taalbeleid “gestand te doen”. OS het wel aansoek gedoen om as tweede respondent toe te tree en sou onder andere met die interessante argument na vore kom dat die raad nie eksklusiewe jurisdiksie oor die hersiening van taalbeleid het nie en dat die twee fakulteite se taalkeuse-uitoefening in ooreenstemming was met die Wet op Hoër Onderwys se siening dat die verlede se ongeregtighede reggestel moet word. Die US-raad sou op ’n spesiale vergadering die toepassing van die beleid vir die soveelste keer weer in oënskou neem (Janse van Rensburg 2016a:4).

Hierdie spesifieke raadsvergadering is angstig afgewag en alhoewel die agenda nie vooraf bekend was nie, is van buite die provinsie daarop gewys dat die besluite deel sou wees van ’n groter werklikheid buite die raadsaal en dat ’n verkeerde besluit tot ’n vertrouensbreuk tussen US en die breër gemeenskap kon lei. Talle kritiese vrae is oor die optrede van die rektor gevra: beweeg hy te vinnig vir die raad?; por ’n faksie van die raad hom aan?; is hy te eiesinnig?; was daar ’n “kopknik” van goedkeuring deur die bestuur teenoor die twee departemente?; is die rektor omring met swak adviseerders? (*Volksblad* 2016a:6). Dit is ook duidelik uitgewys dat die geloofwaardigheid van die bestuur, die raad en die rektor in die gedrang was en dat die gelyke status van Engels en Afrikaans nie ongedaan gemaak mag word nie. Kommer is veral uitgespreek of die rektor en die raad werklik oortuig was van die bestaande taalbeleid en dit daadwerklik gesteun het. Indien dit nie so was nie, is dit voorsien dat wantroue teenoor die rektor en bestuur sou toeneem en sou die US heel waarskynlik nie sy verklaarde ideaal van ’n wêreldklas meertalige universiteit kon verwesenlik nie. “Sonder goeie trou is dit ’n reis na wie weet waar.” (*Volksblad* 2016a:6)

In ’n onderhoud in Februarie en op ’n vraag waarom dit nodig was om deur ’n interdik die US te dwing om sy eie beleid toe te pas, was De Villiers se reaksie dat die antwoord eintlik eenvoudig is: taal mag nie uitsluit nie, parallelmediumonderrig moet uitgebrei word, en kennisoordrag in die lesings moes minstens ook in Engels geskied. Sommige van die fakulteite het egter sekere bepalings van hulle modules verander en AfriForum was korrek dat dit nie binne die bestaande bepalings gedoen kon word nie (Retief 2016:11). Waarom het hy as rektor nie die betrokke dekane summier stopgesit nie? Sy antwoord hierop was dat akademici graag hulle eie kop volg en jaloers waak oor hulle outonomiteit en daar dikwels agterdog teenoor die bestuur bestaan. Volgens hom het die bestuur wel sy les geleer, in die sin dat ’n taalplan nie te veel detail moet bevat nie en aan dosente ruimte gegun moet word omdat hulle die beste weet hoe om met verskillende taalgroepe betreffende kennisoordrag te handel. Hy het erken die taalkwessie het reeds so kompleks geword dat selfs hy sukkel om dit aan sy vrou te verduidelik, maar hy het volkome met die raad saamgestem dat Afrikaans en Engels gelyke status

moet geniet en dat veeltaligheid strategiese voordele inhou. De Villiers het die onomstootbare argument gebruik deur daaraan te herinner dat daar reeds ’n meerderheid Engelse studente op die kampus is, ’n neiging wat sou voortduur en die Engelse aanbod gevolglik groter sou word. Hy het egter die versekering gegee dat, solank daar ’n aanvraag vir Afrikaans was, daarin voorsien sou word. Op die beskuldiging dat hy doelbewus Engelse studente werf om Afrikaans se posisie te verskraal, was sy standpunt dat daar nie aan ouers voorgeskryf kan word nie. Die vorige drie jaar het Afrikaans egter as huistaal vanaf 48% tot 44% afgeneem en die terugvoering van dekane was dat waar daar geleentheid vir parallelmediumonderrig geskep is, 75% van die studente Engelse onderrig verkies het, waarskynlik veral omdat Engels die gebruikstaal in die arbeidswêreld was. De Villiers se argument was verder dat Stellenbosch nie in ’n lugleegte bestaan nie en diegene wat verwag dat die US transformasie moet teenstaan ten einde die US die laaste vesting vir Afrikaanse kultuur en tradisies te wil maak en verder totale misdaadvryheid en ononderbroke orde op die kampus verwag, strewe na geluksaligheid wat nie meer te bereik of te beding is nie. Hy het die insigryke argument aangehaal dat die “moontlikheid bestaan dat ’n universiteit homself so kan laat annekseer deur die partikuliere sosiale en kulturele aansprake, eise en strewes van sy ondersteunersgemeenskap dat daar geen sprake meer is van kulturele horisonverruiming nie” (Retief 2016:11). Hy was nie oortuig OS, wie se ledetal slegs ongeveer 80 was, *per se* teen Afrikaans was nie. Verder het hy dit beklemtoon dat OS se persepsie verkeerd is dat die raad teen transformasie is. Vir De Villiers was die US se toekoms belowend en solank die “presiese hoofweg nog nie gelê is nie, moet sypaadjies soms gevolg word” ten einde die US uiteindelik ’n nasionale bate met internasionale aansien te maak (Retief 2016:11).

Hierdie reaksie van die rektor het nie almal tevrede gestel nie en daar is hardop gesuggereer dat De Villiers eintlik maar dieselfde koers as sy twee voorgangers inslaan. Ook hulle het hul onophoudelik verbind tot die bevordering van Afrikaans binne ’n meertalige opset, terwyl dit gaandeweg al duideliker geword het dat hulle in werklikheid Engels deur hulle standpunte en optrede

bevorder het en dat dit uiteindelik reeds te laat was om die oorheersing van Engels om te keer (Heydenrych 2016:10). Wat die oudstudent Carolus Heydenrych betref, het die rektor reeds bewys gelewer dat hy weinig omgee vir die "Afrikaans-goedgesinde" beleid wat in November 2015 aanvaar is en was hy in werklikheid doelbewus besig was om Afrikaans te verswak en daarmee weg te doen. De Villiers het immers reeds "'n vlieër opgestuur" dat hy beoog om Engels die "primêre onderrigtaal" te maak. Die taktiek word gevolg om kritiek teen die taalbeleid as verdagmakery uit te maak, terwyl die ironie is dat die bestuur hulself reeds verdag gemaak het deur hulle voortgesette aftakeling van Afrikaans. 'n Empiriese waarneming van hulle hantering van Afrikaans kon tot slegs een gevolgtrekking lei, naamlik hulle voorneme om Afrikaans by die "agterdeur uit te vee". Die bestuur het hulle handeling met allerlei sogenaamde "akademiese en wetenskaplik verantwoordbare" argumente gemotiveer, wat terugstrek tot by rektor Brink se argument dat Afrikaans die US sal isoleer en daartoe sal lei dat die US 'n plattelandse universiteit van mindere status en swakker standaarde sal word. Ook is die "pseudo-akademiese onsin" bygehaal dat dit nie die US se verantwoordelikheid is om akademiese Afrikaans wat om voortbestaan stry, te red nie. Heydenrych glo dat indien De Villiers vir verdere argumente gevra sou word, hy waarskynlik na OS sal verwys, wat nie hulle eise vir "Weg met Afrikaans" sal laat vaar nie, 'n dreigement wat die bestuur kennelik met groot erns bejeën het (Heydenrych 2016:10).

Die taalsituasie het al komplekser geword, want juis in hierdie stadium is die hoogste studentegesag aan die US – die Matie-parlement – ontwrig oor die EFF se beswaar dat dit heeltemal te wit is (*Die Burger* 2016:4). 'n Sitting is gehou om 'n mosie van wantroue in die SR-voorsitter te bespreek na 'n verklaring deur hom en 'n mede-SR-lid waarin hulle die universiteitsowerheid versoek het om 'n hofbevel te kry teen lede van die #FeesMustFall-beweging wat een van die administrasiegeboue beset het. Die klagte was dat hulle nie die res van die SR in die saak geken het nie. Die parlement se byeenkoms het chaoties begin toe te veel studente by die vergaderplek opgedaag het en die byeenkoms na die Ou Hoofgebou verskuif moes word. Beskuldigings is deur die EFF na wit studente geslinger deur na hulle as "mayonnaise" te

verwys wat altyd beangs word wanneer swart mense vryheidsliedere sing. Die chaos het vererger toe die EFF-lede se leiersbevel op die banke begin ronddans het, met een wat die woorde "fuck your church" geskreeu het en ander wat herhaaldelik die verrigtinge onderbreek het. Toe die waarnemende speaker se gesag nie eerbiedig word nie, het die vergadering verdaag. Ook op die kampus het rassespanning weer voorgekom toe EFF-lede AfriForum-lede uittartend voorgekeer het nadat laasgenoemde 'n versoekskrif oor Afrikaans as onderrigtaal aan die hoof van studentebehuising oorhandig het (*Die Burger* 2016:4).

# 9. DIE NUWE KONSEPTAALBELEID (MAART 2016)

Die rektor en sy span het reeds op 16 Maart aan die parlementêre portefeuljekomitee laat blyk die taalbeleid sou in die loop van die jaar hersien word (Marais 2016c:12). Die belangrikste oogmerk sou wees om toegang vir meer studente sowel as gelyke geleenthede vir almal te verseker en tekortkominge rakende studente wat nie Afrikaans kon hanteer nie, uit te skakel. In weerwil van die US se aankondiging het die studenteraadslid vir transformasie met ongeduld gereageer op die trae pas van die taalbeleid se hersiening: "Ons ervaar glad nie 'n dringendheid om die taalbeleid te verander nie – veral nie van die US-raad nie. Daar is studente wat vandag in klasse sit wat eenvoudig nie verstaan wat die dosente sê nie." (Marais 2016c:12)

Uiteindelik is die US se hersiene konseptaalbeleid op 22 Maart bekendgemaak, wat 'n verbintenis tot meertaligheid behels het, maar terselfdertyd die *handhawing* van, en nie meer die *beskerming* van Afrikaans nie voorop gestel het. Die belangrikste wysiging was die weglating van die US se belofte om die akademiese potensiaal van die taal te bevorder en te beskerm soos in die vroeëre beleid gestipuleer. Die nuwe konsep het nou bepaal dat die US slegs verbind bly om die status van Afrikaans vir akademiese, administratiewe en kommunikasiedoeleindes te handhaaf. Wat Engels betref, sou dit saam met ander tale op akademiese en institusionele vlak gebruik word, omdat sprekers van verskillende tale dit in sosiale kommunikasie gebruik het. Afrikaans en Engels bly die onderrigtale en op voorgraadse vlak word Afrikaans en Engels tot by die derde jaar gebruik. Verder sou modules met groot getalle studente in taalvoorkeurgroepe vir parallelmediumonderrig verdeel word, terwyl kleiner groepe dubbelmedium sou gebruik waar deurgaans in Engels gekommunikeer sou word (Marais 2016e:4). Hiermee was die vegters vir die Afrikaans soos te verwagte geensins tevrede nie en die voorsitter van ATR, prof. Anne-Marie

Beukes, se afleiding was dat die "subteks" kennelik "pro-Engels" geword het. Dit wou voorkom asof die US "hom onttrek van die verdere ontwikkeling van Afrikaans as wetenskapstaal" (Marais 2016e:4).

Die konseptaalbeleid is onmiddellik op US se webtuiste bekendgemaak met as hoofoogmerk om inklusiewe deelname te bevorder en die publiek die geleentheid te bied om ook daarop te reageer voordat die bygewerkte konsepbeleid aan die fakulteitsrade voorgelê word (Janse van Rensburg 2016c:7). Die kern van die beleid het groter inklusiwiteit in die vooruitsig gestel, wat ook aanpassing sou verg na gelang dat taalvoorkeure en -demografie verander het. Ten spyte van geldelike beperkings sou die universiteit alles in sy vermoë doen om alle taalgroepe te akkommodeer. Dit is wel duidelik bepaal dat ten spyte van die US se verbintenis tot groter inklusiwiteit, dit nie ten koste van die ooreengekome minimum-teiken vir die Afrikaanse aanbod toegepas sou word nie. Indien die nodige fondse verkry kon word, sou die Afrikaanse aanbod verder verhoog word. In hierdie stadium (2015) was die meerderheid eerstejaars Engels (45%) teenoor 42% Afrikaans. Die ondervoorsitter van die raad het tydens die raadsvergadering laat blyk dat dit in die loop van 2015 duidelik geword het dat die bestaande taalbeleid nie die uitsluiting van sekere studente uitskakel nie. Studente wat nie Afrikaans magtig was nie, het benadeel en uitgesluit gevoel. Die SR se reaksie was dat hulle parallelmedium en die gebruik van Engels as omgangstaal steun sodat alle studente ten alle tye kan begryp wat gekommunikeer word. Die SR het ook twee verteenwoordigers op die taalkomitee wat die proses bestuur het, gehad (Janse van Rensburg 2016c:7).

## 9.1 Amptelike ondersoek na die afwyking van die beleid

Die feit dat litigasie en 'n juridiese ondersoek weer ter sprake gekom het, het veroorsaak dat druk uit meer as een oord toegeneem het, selfs vir US-bestuurslede se "koppe om te rol" (Malan 2016c:2). Op 11 Maart moes die voorsitter van die US-raad 'n beëdigde verklaring voor die Kaapse hooggeregshof aflê in erkenning dat die US "onregmatig" gehandel het in die toepassing van die beleid waardeur Afrikaans en Engels "gelyke status"

as onderrigtaal ontvang het, soos in 2014 deur die raad aanvaar. Dit was 'n raadsbesluit wat toe met net twee teenstemme aanvaar is. Die president van die konvokasie, adv. Jan Heunis, het gemeen dit was duidelik dat die bestuur met opset hierdie besluit geïgnoreer het, al het dit op wetverbreking neergekom. Boonop het die rektor se adjunk, prof. Schoonwinkel, die bestuur se optrede agterna probeer wettig deur middel van 'n mosie dat die bestuur die beleid "met buigsaamheid" moet toepas. Die voorsitter van die raad het voor regter Jeanette Traverso erken dat gemelde mosie "regtens aanvegbaar" was, siende dat dit 'n wysiging van die taalplan behels het en die wetlike voorskrifte nie nagekom is nie (Malan 2016c:2).

Hierdie erkenning het Heunis tot die oortuiging gebring dat dit voldoende gronde verskaf om sekere van die bestuurslede dissiplinêr te kan aankla. Daar is ook op die regskoste gewys wat sowat R500 000 sou beloop indien 'n kostebevel toegestaan word. Al hierdie maneuvrerings en erkennings het die meeste van die raadslede se geduld met die voortslepende taalprobleem so beproef, dat hulle op 'n onafhanklike ondersoek deur 'n afgetrede appèlregter aangedring het (Malan 2016c:2).

Diegene wat verantwoordelik was vir afwyking van die taalbeleid, so is in Maart 2016 berig, sou deur 'n onafhanklike kommissaris ondersoek word. Die voorsitter van die raad het te kenne gegee daar sou eers gewag word op die bevindinge van hierdie kommissaris voordat enige verklaring oor die aangeleentheid uitgereik word (Janse van Rensburg 2016b:6). Reeds op 'n buitengewone raadsvergadering in Februarie is die besluit geneem om op 'n kommissaris se bevinding te wag, wat onder andere sou moes vasstel hoe afwykings ontstaan het en hoe dit in die toekoms hanteer behoort te word. Die besluit is geneem ondanks 'n vroeëre ooreenkoms van die bestuur met AfriForum Jeug dat die bestaande beleid vorentoe korrek toegepas sal word. Laasgenoemde het intussen 'n interdik teen die US bekom om die US te dwing om die bestaande taalbeleid met gelyke status vir Afrikaans en Engels te handhaaf. Die kommissaris sou ook die verontagsaming van die US se ooreenkoms met AfriForum Jeug ondersoek en die moontlikheid of bestuurlede wat die taalbeleid willens en wetens verontagsaam het, gedissiplineer

behoort te word. Die raad het in hierdie stadium die versekering gegee dat 'n deelnemende proses gevolg sal word met, wye geleentheid vir insette (Janse van Rensburg 2016b:6). Aan die parlementêre portefeuljekomitee het die rektor te kenne gegee dat die US se taalbeleid gedurende 2016 hersien sal word om hopelik in Junie weer voor die raad te dien (Marais 2016d:13). Die keuse van 'n onafhanklike ondersoekkommissaris het uiteindelik op die baie gerespekteerde regter Craig Howie, afgetrede regterpresident van die appèlhof, geval. Hy is in Maart aangestel en sy uiteindelike 24 bladsy-bevinding was dat US korrek opgetree het deur sy eie taalbeleid in belang van die universiteit te verontagsaam en te oortree deur daardeur veral te voorkom dat geen studente taalgewys uitgesluit word nie (Janse van Rensburg 2016e:1). Hy het bevind dat die US se bestuur die "werkinge, reputasie en welstand" van die US beskerm het toe daar op sekere punte van die taalbeleid afgewyk is. Indien hulle nie so besluit het nie, sou die US "hom aan 'n grondwetlike uitdaging" deur studente wat nie Afrikaans magtig is nie, blootgestel het. Hy het dit ironies gevind dat die bestuur deur sy oortreding hom aan regstappe deur Afrikaanse studente uitgelewer het. Met al die dokumente tot sy beskikking was Howie die mening toegedaan dat almal betrokke begerig was om die welstand van die universiteit te handhaaf sonder om ander studente se grondwetlike regte te oorskry (Janse van Rensburg 2016e:1).

Een van die raadslede, Jannie Durand, het kort daarna as genooide spreker by die Helpmekaar-studiefonds se prestige-toekenning op Stellenbosch te kenne gegee dat daar 'n verkeerde persepie oor Afrikaans bestaan. Meertaligheid was vir hom een van die groot bates in die land, wat benut behoort te word. Hy was 'n voorstander van parallelmediumonderrig. Hy het dit self as skolier beleef en nooit gevoel sy Afrikaanse identiteit word daardeur aangetas of van hom weggeneem nie (Marais 2016d:13). Die voorsitter van Helpmekaar het in sy repliek Durand se siening van Afrikaans gesteun en gemeen daar heers inderdaad die verkeerde opvatting dat diegene wat dink Afrikaans is belangrik, die US daarom 'n uitsluitlik Afrikaanse universiteit wil maak. Al wat nagestreef en beoog is, was gelyke status vir die twee tale, maar juis omdat daarin gefaal word, het dit op minagting en miskenning van tweetaligheid en oortreding van die neergelegde beleid neergekom (Marais 2016d:13).

# 10. BEWEGING VIR DIE BEHOUD VAN AFRIKAANS BY DIE US: DIE GELYKE KANSE (GK)-INISIATIEF

Soos te verwagte het die nuwe verwikkelinge en die bevinding van Howie ’n stroom van reaksie uitgelok. Leidende geeste in die Afrikaanse en selfs Engelse letterkunde in die samelewing het luid vir Afrikaans opgestaan. AfriForum Jeug het onmiddellik laat weet dat hulle besig is om die nuwe wysiging met die bestaande te vergelyk en ongegag die Howie-bevinding regstappe te oorweeg omdat Howie se siening steeds en weereens studente uitsluit. Wat US se bestuur en raad blykbaar nie na behore kon begryp nie, was dat meertaligheid beteken studente het die reg op moedertaalonderrig en bowendien was Engels nie die belangrikste taal in die Wes-Kaap nie (Marais 2016f:6).

In April het ’n nuwe drukgroep vir Afrikaans – Gelyke Kanse (GK) – sy verskyning onder leiding van Breyten Breytenbach gemaak om vir Afrikaans se behoud by die US te veg (Janse van Rensburg 2016d:8). Van die stigterslede was Giliomee, Flip Smit (oud- UP-rektor), Viljoen, De Vries en Dommisse. Die kerndryfveer daaragter was dat ’n “vaste, volwaardige en volhoubare aanbod in Afrikaans aan die US” ononderhandelbaar is. In ’n ope brief aan die rektor het Breytenbach dit as ’n “kwade dag” bestempel dat daar in die openbaar “gepleit moet word om die erkenning en versterking van diversiteit en vir die behoud van veelvuldigheid as onderskraging van die gedeelde, oorkoepelende waardes waarop Suid-Afrika se Grondwet berus” (Janse van Rensburg 2016d:8). Sy oortuiging was dat die US leiding behoort te neem om in die behoefte van die bevordering en ontwikkeling van die inheemse tale te voorsien en veral die tale wat in die streek gepraat word. Wat dringend gedoen moes word, was om met moed en deeglike planne objektief en inklusief te dink en op te tree. Die nuwe groep het ’n beswaarskrif

opgestel wat op die nuwe aksie se webwerf onderteken kon word. Talle ander bekendes het die inisiatief gesteun, soos byvoorbeeld die Nobelpryswenner JM Coetzee, Fritz Brand (’n voormalige appèlregter), RW Johnson, Tony Leon, David Welsh, Rhoda Kadalie, John Miles, Sonja Loots en talle ander (Janse van Rensburg 2016d:8). Hulle het die voorgenome taalbeleid as vol gebreke bestempel. Coetzee het dit veral gehad oor die feit dat daar nêrens na kultuur verwys is nie, wat die indruk geskep het asof die bestuur taal bloot as ’n instrument vir kommunikasie sien en die kulturele belangrikheid daarvan negeer. Fedsas weer het gewaarsku dat die wetenskaplike ontwikkeling van Afrikaans moet voortgaan in die lig van die verengelsing van die land se universiteite en veral ter wille van die behoefte van Afrikaans op skool. Vanuit die GK-platvorm is die mening uitgespreek dat die US elke jaar 50% plekke vir eerstejaars vir Afrikaanse studente behoort te reserveer (Malan 2016:2).

Op 14 April het Breytenbach ’n ope brief aan die rektor gerig wat opspraak sou verwek, maar ook sterk steun sou ontvang. Die oomblik toe hierdie taalswaargewig sy verskyning maak, is die taaldebat weer tot een van die belangrikste kwessies in die media verhef. Sy redenasie was dat Engels wel die wêreld se voertaal mag wees, maar dat groot aanhang van Engels die mens se bestaan kultureel verskraal en dat die wêreld interessanter en veel wyer is as die US se “eenvlerkige, visielose” taalbeleid wat in die vooruitsig gestel word (Van Staden 2016:8). Die US behoort die werklikhede van sy omgewing en van Afrikaans wat inheems is te verreken, want die uitbouing daarvan kon eenheid en vooruitgang in die land bevorder. Universiteitsbesture moes eintlik hul koppe in skaamte laat hang oor die inperking en verskraling van Afrikaans en die politieke aanhitsers teen Afrikaans moes in die openbaar gekonfronteer word, sodat gelyke kanse vir Afrikaans ’n werklikheid kan word en tot sy reg kan kom (Van Staden 2016:8).

# 11. AFRIKAANS BY DIE US: ’N “STERWENDE PERD”

Anton van Niekerk se reaksie in ’n ope brief aan Breytenbach was dat om Afrikaans aan studente aan die US “op te dwing is soos om ’n sterwende perd te looi om regop te bly” (Van Niekerk 2016:12). Die “pragtige ideale” waaroor Breytenbach skryf, het doodeenvoudig nie meer gerym met die realiteite op die US-kampus nie en alhoewel hy self gehoop het dat Afrikaans staande sal kan bly, het die tanende belangstelling vir Afrikaans onder studente vir hom ’n heel ander verhaal vertel. Die groep wat Afrikaans verstaan en die studente wat dit as onderrigtaal kies, word al minder. Sy versugting was: “Hoekom beveg ons mekaar nie minder en praat liewer konstruktief saam oor hoe om daardie perd sonder geweld nuwe lewe te gee nie?” Van Niekerk het erken Afrikaans lewer ’n bydrae tot konstruktiewe diversiteit, maar die noodsaaklike hersiening van die taalbeleid was in sy oë ’n gans ander kwessie (Van Niekerk 2016:12).

In sy reaksie wou Breyten van Van Niekerk weet hoe hy dit regkry om steeds aan die retoriese en leë argument van transformasie vas te klou. Ook Tim du Plessis het transformasie aangevat, omdat dit vir hom ’n staatsideologie geword het wat vir die ANC eenvoudig slegs een ding beteken het: “Wees redelik, word soos ons jou wil hê.” (Du Plessis 2016:6) Dit het egter nie beteken dat hy gekant was teen transformasie en dit verwerp het nie. Hy het geglo Breytenbach anker die begrip ‘transformasie’ binne die konsep van diversiteit en het gemeen dat ware progressiewes diversiteit voorstaan, terwyl neo-verkramptes die politieke dwangstrukture van die verlede wou terugbring. Afrikaans was weer besig om nuwe lewe te toon en die “stigmatisering van die taal, veral deur Afrikaanse neo-hensoppers, is minstens gestuit”. Hy het verwys na die woorde van die Gautengse ANC-sekretaris, Hope Papo: “Ons verstáán nie hierdie onlogiese redenasie om ’n koloniale taal soos Engels voor te trek

nie, selfs al word dit in die sakewêreld gebruik. Afrikaans is 'n inheemse taal nes Zoeloe, nes Noord-Sotho, nes die ander." (Du Plessis 2016:6)

In 'n skreiende aanval op Breytenbach se siening het Piet Croucamp, in daardie stadium politieke wetenskaplike by UJ, hom beskuldig dat wat hy oor Afrikaans te sê het altyd met meerderwaardigheid en skerp sarkasme gepaard gaan (Croucamp 2016:8). Vir dekades het Breytenbach Afrikaans "soos 'n hoer behandel" en net soos dit hom gepas het die taal beswadder, wat hy as uitgeweke "Fransman" blykbaar heel maklik gevind het. Nou het sy rol verander en tree hy skielik as segsman daarvoor op. Sy onbegryplike gedigte wat eers meineed was, word nou opgehemel en waarom moet na sy stem geluister word? Die "taalbulle" hunker nog terug na die wonderlike verlede en dit is vir Croucamp vreemd dat mense nie wil insien universiteite in die land is nasionale besit en behoort aan almal, nie net Afrikaners nie. Vir hom was dit 'n mite dat kulturele verskeidenheid onvermydelik kwaliteit veronderstel en dat ingewikkelde denke en belangrike uitvindings en lewensbeginsels slegs voortspruit uit kultuur- en taalverskeidenheid. Hy het Breytenbach aangeraai om weg te kom uit die AfriForum-dampkring en die misleidende idees wat oor Afrikaans se posisie en roeping kwytgeraak word. Hy moes en eerder na jongmense luister wat nie Breytenbach se "duursame Paryse verblyf" en "benepenheid met Afrikaans" gedeel het nie. Ook by UP het meningsopnames aangedui dat Afrikaans nie meer genoeg aanhang geniet nie. "Taal en kultuur soos ander ismes het 'n morsige verlede en hoe ook al jy die geskiedenis van Afrikaans wil oorskryf, jy sal nie die bloed van die mure af kry nie." (Croucamp 2016:8)

Ook die rektor van die UV het gemeen dat Breytenbach eintlik nie die reg het om vanaf 'n veilige afstand in Parys op tone te trap nie (Waldeck 2016:9). Hierop het Breytenbach per e-pos uit Frankryk gereageer en te kenne gegee hy dat nie in 'n polemiek met Jansen wil betrokke raak nie, want die vorige keer toe hy direk met hom probeer skakel het, is hy deur 'n UV-woordvoerder in swak Afrikaans geantwoord. Wat hom betref, het Jansen nie die moed van sy oortuiging nie, of sien hy nie kans om te reageer op al die lawaai nie, waarvoor hy hom nie verkwalik nie. Sarkasties het Breytenbach te kenne gegee hy begryp

die moeilike situasie van universiteitsbesture, want hulle voorland is om van universiteite "bush colleges" te maak en voor te gee goeie standaarde word nog gehandhaaf. Dit alles het geskied onder owerhede wat niks anders begryp as om aan mag vas te klou en ou griewe uit te buit nie (Breytenbach 2016:9).

Croucamp is op sy beurt aangevat deur Rudie van Rensburg, Afrikaanse skrywer en joernalis, vir sy afgesaagde argumente oor "taalbulle" en oor hunkering na die verlede. Wat hom veral gegrief het, was die talle Suid-Afrikaners wat nie meer ordentlik en beskaaf van mekaar kon verskil nie (Van Rensburg 2018:6). Geen persoon met normale verstand het nog daaraan gedink dat die HAU's hulle eertydse Afrikaanse karakter moet behou nie. Croucamp gee geen bewyse vir sy vae uitspraak oor die onbelangrikheid van diversiteit en kreatiwiteit nie en ignoreer totaal die bewyse van die waarde van moedertaalonderrig. Die vegters vir tersiêre onderrig wil nie laer trek of Afrikaans op ander afdwing nie, maar slegs verseker dat toekomstige geslagte hulle nog in keurige Afrikaans sal kan uitdruk (Van Rensburg 2018:6).

Volgens Willie Spies was een van die grootste foute wat die Afrikaners gemaak het, was nie apartheid nie, maar die wyse waarop sienings uit eie geledere wat nie in ooreenstemming was met die heersers nie "met brute boeliegedrag stilgemaak is", en hy het die voorbeelde van Beyers Naudé en Breytenbach voorgehou (Spies 2016:6). Hy het Croucamp se reaksie op Breytenbach as "opspraakwekkend" beskryf en gewonder of eersgenoemde weer in "'n ou Afrikanergat" val. Croucamp takel nie Breytenbach se opvattings en die "dinamika waarbinne dit afspeel" nie, maar kom hom met venyn as persoon by en skep selfs die indruk dat hy hom met ruwe geweld wil platslaan (Spies 2016:6).

Breytenbach sou later nog heftiger reageer en beweer dit is nie die ANC wat Afrikaans vermoor nie. "Dit is die Universiteit Stellenbosch wat Afrikaans doodmaak" en die "hol mense" wat "veronderstel is om die morele leiers te wees, wat menings moet vorm. Die mense wat beweer hulle is postmoderniste … Hulle is gekke, lafaards en verraaiers. Hulle is kruipers." (Prince 2017:2)

Fedsas (Federasie van Beheerliggame van SA Skole) se reaksie was dat die US ’n nuwe taalbeleid behoort neer te lê waarin Afrikaans die ankertaal bly (Anthony 2016:2). As rede hieroor is die belangrikheid en omvang van die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in Wes-, Oos- en Noord-Kaapse skole voorgehou: van die 1 460 openbare skole in die Wes-Kaap was 560 enkelmedium-Afrikaans of skole wat Afrikaans in dubbel- of parallelmedium aanbied; die Noord-Kaap het 235 skole met Afrikaans as onderrigmedium gehad en die Oos-Kaap 336. Die belangrikheid van moedertaalonderrig vir jonger kinders is weereens as ononderhandelbaar en onontbeerlik voorgehou, veral vir benadeelde gemeenskappe waar Afrikaans die taal is wat feitlik uitsluitlik gebruik word. Fedsas was nie daarop uit om vir ’n uitsluitlik Afrikaanse US te pleit nie, maar dit was onaanvaarbaar dat Engels die studente wat in Afrikaans onderrig wil ontvang, uitsluit (Anthony 2016:2). Kritiek is uitgespreek dat die US se taalbeleid die belangrikheid van moedertaalonderrig misken en dat die universiteit juis leiding behoort te gee oor die voordele daarvan (Smuts 2016:4).

Tydens die Rapportryersbeweging (RRB) se byeenkoms in April 2016 is besin oor Afrikaans by HAU’s. Die algemene siening was dat universiteitsrade moet toesien dat Afrikaans beskerm word en onderrig daarin voortduur (Roos 2016:6). US het immers ’n gemeenskap bedien wat hoofsaaklik Afrikaanssprekend is en Afrikaans was ’n hoogs ontwikkelde wetenskaplike taal met ’n ryk letterkunde en wat deur die Grondwet beskerm word. Die RRB het die “meerderheidsdoelwit” van die US verwelkom, maar ook besorg gebly oor Afrikaans se toekoms as akademiese en hoëfunksietaal (Roos 2016:6).

# 12. AFRIKAANS SE VERSKANSING IN DIE WEEGSKAAL: "DEURLOPENDE AANWENDING VAN ENGELS" (RAADSBESLUIT 21 MEI 2016)

Op 21 Mei het Afrikaans ’n groot terugslag as onderrigtaal by US beleef toe die raad met 13 teen 8 ’n mosie gestel deur advokaat Jan Heunis (verteenwoordiger van die US se konvokasie van 150 000 lede) dat Afrikaans en Engels gelyke status as onderrigtale moet geniet, verwerp het. Dit het die deur geopen om Engels "deurlopend (maar nie uitsluitlik nie) in sy akademiese, sosiale, administratiewe en professionele kontekste" by US aan te wend (Burger & Malan 2016:2). Kritici het gemeen dit sou Afrikaans tot ’n tweederangse posisie verskraal, alhoewel Afrikaanse lesings en tolkdienste steeds sou voortgaan. Daar is aan herinner hoe die aksie rakende Afrikaans as ’n poging binne die raad begin het om Afrikaans ’n hupstoot te gee, maar presies die teenoorgestelde toe gebeur het toe Afrikaans deur die verwerping van die Heunis-mosie in ’n baie swakker posisie gelaat is. Die voorstanders vir Afrikaans het die verswakking van Afrikaans se stand en status gesien as veroorsaak deur die US-raad, wat sy rug gekeer het op die beginsel van meertaligheid en die onbetwisbare voordele daarvan vir die US (Rossouw 2016:4).

Heel neerslagtig het Viljoen, voorsitter van die konvokasie, laat hoor dat bogenoemde mosie veroorsaak het dat die US sy eeufeesviering "tegemoet gaan as Engelstalige universiteit waar Afrikaanssprekendes, wat akademiese Engels nie magtig is nie, uitgesluit word" (Burger & Malan 2016:2). Die nuwe konsepbeleid sou eers deur die senaat bespreek word voordat dit binne ’n maand weer voor die raad sou dien, om daarna vanaf Januarie 2017 as nuwe beleid te geld. Bogenoemde raadsvergadering het na AfriForum Jeug se

hofaansoek om die hersieningsproses van die taalbeleid te keer, plaasgevind. Dié organisasie het tog laat blyk dat daar meer tevredenheid daarna gekom het weens die groter mate van sigbare raadsmonitering oor taalhersiening. Danie Rossouw, prokureur vir AfriForum, het te kenne gegee dat indien die nuwe aanbeveling wel deur die raad goedgekeur word, hulle weer die hof sou nader. Die drukgroep GK se reaksie was dat die konsepbeleid bruin mense se belange ignoreer, ’n groep van besondere belang in enige skuiwe om transformasie te verwesenlik. Ook die SA Akademie was krities en het gekla dat die Afrikaanse weergawe van die beleidstuk ’n swak weergawe is van die besluit in Engels, wat insigself reeds vrese geskep het van hoe Afrikaans minderwaardig hanteer word (Burger & Malan 2016:2).

In die oortuiging dat die stryd vir Afrikaans moet en sal voortgaan (en dit net nadat ’n inklusiewe ATKV-meertaligheidsweek in Soweto plaasgevind het), is die stryders vir Afrikaans aangemoedig om te volhard en nie tou op te gooi nie (*Rapport* 2016a:2). Die verengelsing wat by die US aan die gang was, kon wel die voorstanders van Engels verbly, maar die groot probleem en nadeel daaraan verbonde was die verskraling van toegang tot Afrikaanse tersiêre onderrig vir bykans 50% van die Wes-Kapenaars wie se moedertaal dit was. Indien Afrikaans se posisie op universiteitsvlak, wat oor bykans ’n eeu met geweldige inspanning en koste opgebou is, ingeperk word, sou die taal op die ou einde slegs in huise en bepaalde omgewings gepraat word, het *Rapport* gewaarsku. Baie Afrikaanssprekendes was egter steeds positief in die oortuiging dat daar veel is wat nog gedoen kan word “om Afrikaanssprekendes se grondwetlike regte te beskerm en verder uit te bou en Afrikaans lewendig en dinamies te hou” (*Rapport* 2016a:2).

# 13. BEKENDMAKING VAN DIE FINALE KONSEPBELEID (22 MEI 2016)

Op 23 Mei is die finale konsepbeleid soos dit aan die senaat en raad voorgelê sou word, gepubliseer (Janse van Rensburg 2016f:4). Hierin is die meertaligheid by die US as "belangrike onderskeidende eienskappe van die US en sy gegradueerdes" sterk beklemtoon, asook die feit dat daar nog steeds veel ruimte vir Afrikaans as akademiese taal gelaat word. Veel positiefs oor Afrikaans is in die dokument gestel, onder andere dat dit as akademiese taal groot en wye seggingskrag ontwikkel het, waarin die US in die verlede ʼn belangrike rol gespeel het. Erkenning word ook daaraan gegee dat Afrikaans ʼn instrument is wat die diverse gemeenskap op en om die kampus help bemagtig. Terselfdertyd is dit in die nuwe beleidsdokument baie duidelik gestel dat Engels veral belangrik is omdat dit die onderlinge kommunikasietaal tussen die studente op die kampus is, wat uiteenlopende tale praat. Vanweë Engels se verdere belangrikheid as internasionale akademiese en beroepstaal sou dit in hoofsaak en deurlopend, hoewel nie uitsluitlik nie, in akademiese, professionele en administratiewe kontekste op die kampus gebruik word. Parallelmedium sou voortaan in voorgraadse kursusse aangewend word en waar praktiese oorwegings dit vereis, sou dubbelmedium steeds toegepas word. In laasgenoemde klasse sou inligting in Engels gegee word en indien die tyd dit toelaat, in Afrikaans herhaal word. Opsommings van belangrike en beklemtoonde dele sou ook in Afrikaans beskikbaar wees en vrae sou in die taal van die vraesteller beantwoord kon word. Saam met dubbelmediummodules vir eerstejaars sou tolkdienste in elke fakulteit na gelang van behoefte beskikbaar gestel word. Indien alle studente in ʼn klasgroep in ʼn geheime stemming daartoe instem, sou die module slegs in Afrikaans of Engels aangebied word. Die beleid het verder bepaal dat Afrikaans se akademiese potensiaal versterk moet word deur "onderrig, navorsing, simposiums, kortkursusse en steun aan taalonderwysers en gasdosente in Afrikaans" (Janse van Rensburg 2016f:4).

Afrikaans sou ook bevorder word deur parallelmediumonderrig en die gebruik van Afrikaans in dubbelmedium, sowel as onderrighulp in Afrikaans en die beskikbaarstelling in Afrikaans van leermateriaal en taalverwerwingskursusse. Daar sou ook voortgegaan word met "Afrikaanse akademiese en professionele ontwikkelingsgeletterdheid" en verpligte leesstof wat in kursusse vereis word, sou in Afrikaans en studiegidse in beide Afrikaans en Engels beskikbaar wees. Toetse en vraestelle sou in beide tale beskikbaar wees en afgesien van Afrikaans en Engels, sou Xhosa ook deur die ontwikkeling van onder andere meertalige woordelyste gesteun en bevorder word (Janse van Rensburg 2016f:4). 'n Verdere bepaling was dat die omgangstaal op die kampus en in die koshuise oordeelkundig gekies moes word. Op die eerste konsepbeleid is meer as 500 kommentare van belanghebbendes en die publiek ontvang en ook die raad het insette gelewer. Die finale dokument sou op 3 Junie aan die senaat voorgelê word.

Dit sou spoedig blyk dat nie een van die strydende groepe tevrede gestel is deur die konsepbeleid nie. Die SR, wat van die begin af parallelmedium gesteun het, se reaksie was deels positief, maar kommer is uitgespreek of al die planne finansieel volhoubaar sou wees. Heunis van die US-konvokasie het buite die raad steeds die ontevredenheid uitgespreek dat die raad hom nie aan gelyke status vir Afrikaans en Engels wou verbind nie, met die gevolg dat Afrikaans sy gelyke status met Engels sou verloor. Wat AfriForum Jeug betref, kon Afrikaanse studente se reg op moedertaalonderrig nie meer gestand gedoen word nie, terwyl die ATR van mening was dat die konsepbeleid nie voldoen aan die "basiese vereistes vir die volhoubare bestuur van Afrikaans of Xhosa" nie. Engels word die verstektaal in verskeie opsigte, veral weens die verdere bepaling dat dit jaarliks uitgebrei sal word, met volle akademiese aanbod binne vyf jaar. Afrikaans, daarenteen, sou slegs "bevorder" word (Janse van Rensburg 2016g:3).

Op 9 Junie het die senaat die gewysigde konsepbeleid met 113 stemme teen 10 aanvaar, nadat dit vroeër versoek het dat die raakvlakke tussen die Grondwet en die konsepbeleid duideliker uiteengesit en taaltoepassing verder toegelig word. Hierdie wysigings is voor die senaat se sitting aangebring en

die konsepbeleid sou op 22 Junie aan die raad vir finale goedkeuring voorgelê word (Janse van Rensburg 2016h:2).

## 13.1 "Swart Woensdag": Afrikaans se beskerming word beëindig (22 Junie 2016)

### *13.1.1 "Vervreemding deur 'n imperiale taal"*

Op 22 Junie 2016 het die US se raad met 'n oorweldigende meerderheid die nuwe taalbeleid soos bo uiteengesit aanvaar na 'n bespreking van slegs twee uur, ten spyte van besware dat die beleidsdokument nie aan die ministeriële siening of die Grondwet voldoen nie (Janse van Rensburg 2016g:3). Raadslid Heunis se sinvolle voorstel in die raad was dat die besluit uitgestel word tot na die hooggeregshof se uitspraak oor die kwessie van die plek van Afrikaans by die UV, wat duidelike juridiese riglyne ook vir die ander universiteite sou verskaf. Die raad was nie daarvoor te vinde nie en na die stemming het Jannie van der Westhuizen (rektor van Paul Roos Gimnasium) na sy vurige betoog vir Afrikaans onmiddellik uit die raad bedank omdat hy hom hoegenaamd nie met die nuwe beleid kon of wou vereenselwig nie. Wat hom betref, het die bepalings daarvan geen versekering gebied dat die bestaande Afrikaanse lesingaanbod gehandhaaf sal word nie en dat dit die weg kon open vir interpretasies wat Afrikaans in die toekoms kon bedreig. Hy was ook oortuig dat dit 'n radikale uitwerking op die universiteitswese en die grondwetlike regte van 'n groot segment van die samelewing sou hê. Saam met Van der Westhuizen het Heunis, Johan Theron, Hein Gonzales en professore André Coetzee en Wannie Carstens ook die raadsvergadering verlaat (*Die Burger* 2016:6). Theron se kras verduideliking vir sy eie optrede was dat hy nie verder geassosieer wou word nie met "oneerbare raadslede wat twee vorige besluite, wat kategories gestel het dat die aanbod van Afrikaans nie verminder mag word nie, negeer het". Op sarkastiese wyse het hy die raad as baie "dinamies" bestempel deurdat die nuwe besluit binne twee uur afgehandel is en die raad sy besluit van 21 Mei dat die Afrikaanse aanbod nie verskraal mag word nie, binne 'n maand tot niet gemaak het. Twee vorige raadsbesluite wat bepaal het dat Afrikaans se aanbod nie verskraal sal word nie, is eenvoudig geïgnoreer. Boonop is dié eensydige

optrede beide kere deur die hof gekeer. Wat as "werksdokumente" bestempel is, het skielik beleid geword (Retief 2016a:11). Die raad is vertel daar is wyd geraadpleeg, maar die 80%-reaksie ten gunste van gelyke status vir Afrikaans is sonder meer genegeer. Nogtans het Theron steeds geglo: *Illegitimi non carborundum* (moenie dat die maaifoedies jou onderkry nie) (Retief 2016a:11). Carstens se siening was die Afrikaanse gemeenskap vorentoe self sal moet besluit hoe om teenoor die US te reageer, want wat hom betref, was die taalbeleidsbesluit teen Afrikaans 'n "waterskeidingsoomblik vir Afrikaans en die US". Desnieteenstaande het hy dit moedig slegs as die "begin van die taalstryd" gesien. Hy het selfs gemeen Afrikaanse ouers moet goed besin of hulle nog die US wil ondersteun, aangesien die raadsbesluit 'n "dubbele slag vir Afrikaans" was, omdat ook die UP op dieselfde moment 'n soortgelyke en selfs meer drastiese taalbeleid aanvaar het waardeur Engels in werklikheid die primêre voertaal gemaak is (Janse van Rensburg 2016g:3).

Die feit dat die UP juis in hierdie stadium, en die UV en Unisa kort tevore, taalbesluite tot nadeel van Afrikaans geneem het, het daartoe bygedra dat die kritiek uit Afrikaansondersteunende geledere op die nuwe US-beleid des te feller was. Afrikaans is bestempel as "vertrap" en die taal is bestempel as 'n "pasiënt in die "waaksaal" (*Volksblad* 2016c:1). Breytenbach se reaksie was dat die nuwe besluit moontlik nie die doodsklok vir Afrikaans lui nie, maar eerder "die einde van die beginproses om weg te doen met Afrikaans."

> *En daarmee saam veeltaligheid. En daarmee saam die verruiming van gees en begrip wat 'n weerbare Suid-Afrikaanse gemeenskap met haar rykdom aan diversiteit sou kon daarstel. En daarmee saam werklike dekolonisering. En daarmee saam aanspreeklikheid. (Volksblad* 2016c:1*)*

Vir hom was die besluit 'n voorafskaduwing van die "skisofrenie waar die wêreld (en Afrika) slegs ervaar gaan word deur die vervreemding van 'n imperiale taal (en daarom verdom)" (*Volksblad* 2016c:1).

AfriForum se reaksie was dat die bewese belangrike rol van moedertaalonderrig misken is en die moedertaal van die meeste Wes-Kapenaars gewoon geïgnoreer

is. Die besluit is kras veroordeel as bewys van "politieke gedienstigheid en 'n kniebuiging voor anargie". Boonop was dit in stryd met die Grondwet. Die groot jammerte was dat die US die enigste van vier universiteite in die provinsie was wat Afrikaans nog as verstektaal toegepas het (Janse van Rensburg 2016h:2). In die toekoms sou 22 Junie gebrandmerk staan as 'n "swart dag in die geskiedenis van Afrikaans", want van Jan Marais se ideaal dat Afrikaans "geen mindere plaats" by die US moes beklee nie, het juis dít gebeur, aangevoer deur mense met Afrikaanse vanne soos Steyn en De Villiers. AfriForum sou belangegroepe en sy regspan raadpleeg oor moontlike verdere litigasie, veral omdat die bewese belangrikheid van moedertaalonderrig ontken is en geen wedersydse respek vanuit Engelsgesinde oord teenoor Afrikaans getoon is nie (Janse van Rensburg 2016k:7).

Volgens die FAK se woordvoerder was die raadsbesluite van die US en UP deel van die proses van taalvernietiging deur die regering. Tóg was die FAK steeds positief oor Afrikaans op universiteitsvlak, maar in die vorm van Solidariteit se Akademia, en die organisasie sou voortaan volle steun daaraan verleen. Die akademiese hoof van Akademia, Piet le Roux, was oortuig dat die afskaling van Afrikaans gemeenskappe sou laat besef Afrikaans dat in die laaste instansie hulle eie verantwoordelikheid is en dat die taal se toekoms steeds blink kan wees. Vir die bestuurder van die NP van Wyk Louw-sentrum vir gemeenskapstudies, Christoff van Wyk, was die nuwe beleid 'n kwessie van "equal discrimination", want Engels is beskou as almal se tweede taal en daarom moes teen "almal gediskrimineer word deur slegs Engels as volwaardige uinversiteitstaal te erken". Die onaanvaarbare daarvan was dat deur "gelyke diskriminasie" "grondwetlike taalregte geskend, diskriminasie geïnstitusionaliseer en strukturele taalgeweld gelegitimeer" word (Pelser 2016:6). Die beeld is selfs gebruik van Afrikaans op tersiêre vlak wat in die "intensiewe sorgeenheid" is en daar beland het omdat Afrikaanssprekende studente al hoe meer onderrig in Engels gekies het, wat die taal laat wankel het tot op die punt waar Engels die *de facto*-universiteitstaal geword het. Afrikaans kon vorentoe slegs in die "gemeenskapshospitaal" weer gesond gemaak word en Afrikaanssprekende gemeenskappe sou dit voortaan self moes vertroetel

en versorg (Bruwer 2016:7). Een van die VF+-parlementslede was van oordeel dat politieke gedienstigheid vir Afrikaans se ondergang verantwoordelik was. Hy het dit as 'n "menseregte verkragting" bestempel en daarom sou sy party vorentoe optrede vir die taal in die parlement en op kampusse loods. Vir die hoof van die ATR, dr. Conrad Steenkamp, het die besluit nie voldoen aan die "mees basiese voorvereistes vir volhoubare bestuur van meertaligheid nie". Die hoof van die AB, Jaco Schoeman, het Afrikaans as "teen die toue" beskryf, maar het positief gebly dat kreatiewe denke weer die "nuwe taalkolonialisme" sou oorkom (Bruwer 2016:7).

Volgens Roodt, leier van Praag, is 'n "taaloorlog verklaar" deur die US-raad se besluit (Roodt 2016:3). Hy het verskeie groepe as vyande van Afrikaans geïdentifiseer: diegene wat rooi barette en hemde dra; dié wat skuil agter woorde soos die Grondwet, demokrasie en toeganklikheid; of afgedwaalde Afrikaners wat Engels aanhang deur Engelse skole te steun. Hy was van oordeel dat weerstand teen hulle almal op alle wettige wyses moontlik noodsaaklik geword het, al was die "stelsel dermate teen ons gelaai, dat wetlike metodes haas uitgeput is. Daar word implisiet aanvaar, ook in die howe, dat die Afrikaner so magteloos en skaakmat gestel is dat ons vyande so te sê kan maak wat hulle wil. Demografie is alles en getalle troef elke beginsel". Praag sou nietemin voortstry en by die "gehate grondwet met sy Engelse en swart voorkeure hou", maar die uiteindelike vraag was of die "dwingelandy van die Bantoe-empaaier" geduld behoort te word (Roodt 2016:3).

Een van die beskuldigings wat telkens opgeklink het en beklemtoon is, was Afrikaanssprekendes se eie aandeel in die agteruitgang van Afrikaans. Dit is deur Sonja Loots getipeer as die "kortsigtige tropmentaliteit van Afrikaanssprekendes wat sélf hard teen Afrikaans" stry en eintlik die negatiewe besluite moontlik gemaak het. Die feit dat twee voorste HAU's – UP en US – 'n voorkeurposisie aan Engels gegee het, het vir haar beteken dat Afrikaans as akademiese taal sou doodbloei, want van die versekering dat Afrikaans nog op akademiese vlak uitgebou sal word, sou niks kom nie (Loots 2016:6).

Wat as ontstellend ervaar is, was hoe liefde vir Afrikaans en pleidooie vir die billike behandeling daarvan "chauvinistiese-afbrekende etikettering" uitgelok het en as agterlik en boers uitgemaak is (*Volksblad* 2016b:6).

### *13.1.2 Die taalbesluit: 'n "bevrydende meganisme"*

Tydens sy onderhoud en in reaksie op die stortvloed van kritiek op die aanvaarding van die nuwe taalbeleid was die rektor se positiewe standpunt en versekering Afrikaans by die US "gaan nêrens" nie en dat hy die taalbesluit eerder sien as 'n "besonder bevrydende meganisme. Ons is in die verlede geëtiketteer as 'n wit, Afrikaanssprekende enklave en dit is nie so nie. Dit is nie wat ons as universiteit wil wees nie" (*Volksblad* 2016c:1). Hy het weer die kern van die taalbeleid uitgelig en bygevoeg hy meen lesings behels meer as net kennisoordrag en leer, want wat die nuwe taalbeleid as totale pakket aangebied het, was behalwe lesings ook "lesingmateriaalaanbiedings, tutoriale, konsultasies in die kantoor, ensovoorts. 'n Lesing as sodanig is eintlik die kleinste deel daarvan". Hy het die twyfel oor die bestuur se bedoelings begryp, maar ook geglo dat die beleidsmeganismes vir die handhawing van Afrikaans die twyfelaars tevrede behoort te stel (*Volksblad* 2016c:1). Die rektor het gemeen dit is onhaalbaar om die presiese tyd te bepaal wat aan Afrikaans in lesings bestee word. Daar word nie altyd onthou dat die US meer as R80 miljoen bykomend bestee om Afrikaans aan te bied nie en dit word steeds voortgesit. Net soos die voorsitter van die raad was hy verstom oor raadslid Theron se aanklag teen die ander raadslede se optrede as "oneerbaar", want hy het geglo dat sienings en standpunte binne die groter gemeenskap verander en, indien menings verander en aangepas word, verdien ook dit respek. Nie hy asook die meeste lede van die raadslede deel Theron se siening nie. Die nuwe taalbeleid "verskuif die klem van 'n taalaanbod in minute gemeet na toegang tot akademiese kennis vir studente" en dit bly steeds studente se goeie reg om tussen Afrikaans of Engels te kies. Toegang en meertaligheid is vir albei groepe aan die verbeter en vorentoe is sterker beheer oor taalsake aan die raad verleen (Janse van Rensburg 2016k:7).

OS se voorsitter, Simone Cupido, het te kenne gegee dat haar organisasie tevrede was met die nuwe beleid, alhoewel die sukses daarvan sou afhang van die behoorlike toepassing van die beleid. Twyfel is uitgespreek of die tolke opgewasse genoeg vir hulle taak sou wees. Die SR het laat blyk dat die raadsbesluit verwelkom word, maar daar was ontsteltenis oor die negatiewe uitsprake dat Afrikaans in die "waakeenheid" beland het. Die besluit was immers nie teen enige groep gemik nie, omdat die oogmerk daarvan juis was om oplossings vir die uitdagings van meertaligheid te vind (Janse van Rensburg 2016l:7).

Alles was in hierdie stadium nie reeds summier verlore vir Afrikaans op universiteitsvlak nie, en Pelser het daaraan herinner dat: by die UP, 74% van voorgraadse kursusse steeds in Afrikaans aangebied word; by die US het die aantal modulekrediete in Afrikaans sedert 2011 van 64,3% tot 65,9% toegeneem; terwyl NWU-studente nog alle voorgraadse lesings in Afrikaans of Engels volg (Pelser 2016:6). Die groot probleem en onomkeerbare tendens vir die toekoms was egter dat al minder Afrikaanse studente by die US en UP die Afrikaanse baan sou kies, terwyl die kultuur van geweld en herhalende eise vir "dekolonisering" die stryd vir Afrikaans al meer bemoeilik het. Die uitdagings vir universiteitsbesture het bykans onuithoudbaar en ondraaglik begin word (Pelser 2016:6).

## 13.2 Die finansiële implikasies van die nuwe taalbeleid

Dit was duidelik dat die US miljoene rand sou verloor deur die verskraling of afskaffing van Afrikaans. Maatskappye wat die taal goedgesind was, sou volgens die woordvoerder van die AAV twee keer dink voordat hulle in die toekoms by 'n bepaalde universiteit belê. Skenkings en bemakings uit trusts wat R100 miljoen oorskry het, was reeds besig om na Akademia gekanaliseer te word (Swanepoel 2016:6). Solidariteit het namate Afrikaans se posisie by die US en UP in gedrang gekom het, talle navrae ontvang van persone wat geld vanaf HAU's na Akademia wou kanaliseer. Binne 'n kort rukkie het 1 803 alumni hulle debietorders na die Solidariteit Boufonds verskuif en die verwagting was dat dit teen die einde van 2016 tot 10 000 sou groei (Swanepoel 2016:6).

Ook individue met 'n US-verbintenis het in woede en weersin hulle steun aan die US onttrek. So was daar die afgetrede botanis van die US, Deon Kotze, wat aanvanklik die US en spesifiek die botaniese tuin in sy testament begunstig het, maar herbesin het toe hy van die nuwe taalbeleid hoor. Hy was reeds in 2012 ontnugter oor besluite rakende Afrikaans, maar met die jongste besluit het hy besef die raadslede is nie werklik so besorg oor Afrikaans as wat hulle voorgee nie, met die gevolg dat hy besluit het om Solidariteit te steun. Reeds voor die raadsbesluit van 22 Junie het die digter Daniël Hugo sy gedigteversameling vanaf die US na Akademia verskuif, omdat hy onseker geword het of 'n universiteit wat nie aan Afrikaans voorrang gee nie, ernstig oor Afrikaanse letterkunde sou wees (Swanepoel 2016:6). Vanuit die publiek se kant is prontuit gehoor dat as universiteite nie Afrikaans wil hê nie, Afrikaanse geld ook nie welkom behoort te wees nie en die advies was: "onttrek alle finansiële ondersteuning en belê in 'n onafhanklike Afrikaanse universiteit" (Anoniem 2016:8).

Dit is as onverstaanbaar uitgemaak dat Afrikaans "tot leedvermaak van die haters daarvan, ook in eie geledere, in die laaste loopgraaf" beland het. Maar die uiteindelik kwessie was nie of Afrikaans aan die sterf was nie, maar die positiewe pogings en planne wat beraam kon word om dit te laat oorleef. *Volksblad* het gewaarsku Afrikaans se voortbestaan sou nie op die lange duur deur litigasie of allerlei beleidsdokumente afgedwing kon word nie. Dit moes vorentoe as "bouer, samesnoerder en rigtinggewer vir 'n land onder beleg" ingespan word (*Volksblad* 2016b:6). Talle akademici en belanghebbendes het ernstige vrae en bedenkings oor die bestuur, die raad en die rektor se optrede rakende Afrikaans gehad. Op hartroerende wyse het 'n Paarliet (wat homself "Plaasman" genoem het) De Villiers daaraan herinner dat sy voorganger as ideaal 'n US in die vooruitsig gestel het waar die boer en sy werkers se kinders welkom sou wees. Die briefskrywer wou weet:

> *Ek vra baie mooi, prof. Wim: Is dit nog jou ideaal? Dit is nog ons mense se ideaal, maar kan ons nog daarop hoop? U het gesê dat u weens weerstand teen die nuwe taalbeleid geld vir Afrikaanse onderrig moes gebruik wat bedoel was vir swanger werknemers*

*van die US. Wat wou u daarmee te kenne gee? Wou u nie regtig geld aan die onderrig aan Afrikaans bestee nie, of wou u hê Afrikaanssprekendes van alle rasse moet skuldig voel omdat geld wat vir voordele vir swanger werknemers bestem was, aan Afrikaanse onderrig bestee moet word? My vrae kom uit die diepte van my hart. Antwoord asseblief ook uit die diepte van u hart.* (Loots 2016b:6)

Sonja Loots het nie veel hoop gehad dat "Plaasman" anders deur die rektor en bestuur as deur "burokratiese dubbelpratery" geantwoord sal word nie (Loots 2016b:6).[8] Universiteite buig agteroor om die rebelse studente van die #FeesMustFall-beweging te akkommodeer, maar geen poging word aangewend om Afrikaans as "progressiewe verandering op kampusse te gebruik nie. Daar is geen fout met Afrikaans nie en dit is nie naastenby een van die land se knellendste probleme nie", was Pelser (2016:6) se beswaar.

Die wyse waarop die voorstanders van Engels opgetree het en die standpunte wat hulle daarvoor aangevoer het, is as "gebrek aan fynsinnigheid, vindingrykheid en geesrykheid" deur die bekende skryfster Marlene van Niekerk bestempel (Loots 2016:6). Sy het 'n aantal ongemaklike vrae gevra:

Waarom kies die bestuur "téén die geleentheid vir kreatiewe korrigering van historiese misdade in die Afrikaanse taal- en kultuurwêreld? Waarom kan hulle nie, op die einste plek waar die apartheidsmeesters hul rassistiese agendas gekonsepsualiseer het, ruimte skep vir presies die teenoorgestelde nie? Waarom wil hulle Afrikaans nie 'n kans gun om vernuwe te word as kulturele produk wat polities progressief, eties en inklusief is nie? (Loots 2016:6).

8 Of die rektor ooit hierop gereageer het, is sover vasgestel kon word nooit in die pers te berde gebring nie.

# 14. LITIGASIE: JULIE 2016

Aan die einde van Julie 2016 het die stryd oor Afrikaans op tersiêre vlak na die howe verskuif toe AfriForum te kenne gegee het hy gaan Unisa, die UP, US en die UV in die howe oor hulle taalbeleid rakende Afrikaans aanvat (Swanepoel & Malan 2016:8). Op 19 Julie het AfriForum ’n dringende aansoek tot die Pretoria-hooggeregshof gerig om Unisa te verhoed om sy nuwe taalbeleid, waardeur Engels die enigste onderrigtaal sou word, toe te pas, alhoewel die senaat se goedkeuring nooit daarvoor verkry is nie en belanghebbendes nooit ’n geleentheid gegun is om insette te lewer nie. Enkele dae later (21 Julie) het die UV bloedneus in die hof gekry oor sy “slegs Engels”-beleid, maar aangedui dat appèl aangeteken sou word. Ook die US sou volgens AfriForum in die voorsienbare toekoms sy besluit in Junie om Engels die voorkeurtaal te maak in die hof moes verdedig ten opsigte van die grondwetlikheid daarvan en die prosedure wat gevolg is. Die proses is volgens die Forum op ’n wyse gevoer om ’n spesifieke uitkoms te verseker, naamlik Engels as verstektaal en daar was vermoedelik redes (soos by die UV) dat US-raadslede “mislei” is (Swanepoel & Malan 2016:80). Die nuus dat die US ook voor die hof gedaag sou word, het ’n dag nadat Heunis uit die US-raad bedank het, bekend geword en die bespiegeling daaroor was dat Heunis dit gedoen het ten einde AfriForum in die taalsaak te verteenwoordig. In sy bedankingsbrief verwys hy na ’n “vertrouensbreuk” tussen die raad, die konvokasie en die bestuur en gee hy te kenne dat hy voortaan sy steun aan twee inisiatiewe sou verleen wat ontstaan het om Afrikaans te beskerm – Gelyke Kanse en Kans in Afrikaans. Heunis was bewus van die moontlikheid van ’n etiese beswaar, omdat hy kort tevore nog raadslid was en nou vir AfriForum sou optree. Hieroor het hy die balieraad gekonsulteer, wat tevrede was dat solank hy president van die US-konvokasie is en sy standpunte daarmee ooreenstem, daar geen belemmering vir hom kon wees om die taalbeleid te probeer stuit nie. Soos reeds daarop gewys, het Heunis reeds voor sy uittrede uit die raad voorgestel

dat besluite oor die taalbeleid tot na die hof se beslissing oor die UV-saak uitgestel word, maar dit is verwerp.

Wat die UV betref, was die beslissing van die hof dat Afrikaans, ingevolge die Grondwet en die minister se beleid oor onderrigtaal in hoër onderwys, bevorder moet word "mits dit redelikerwys prakties moontlik is" (Swanepoel & Malan 2016:8). In hulle uitspraak het die regters na die Gerwel-verslag verwys en beklemtoon dat HAU's 'n verantwoordelikheid het om Afrikaans te beskerm. Hulle kon ook geen bewyse vind dat parallelmedium-onderrig tot rassesegregasie sou lei nie, wat juis die UV se kernargument was.

Op 1 Augustus het die US se studentehof ('n onafhanklike beslissingsraad vir grondwetlike studente-geskille) die sewe AfriForum-kandidate vir die studenteraad geskors en hulle verbied om verder aan die verkiesing deel te neem, aangesien hulle blykbaar meer as die toelaatbare geldbedrag vir hulle verkiesingsveldtog aangewend het. Die verkiesing wat tussen 2 en 8 Augustus sou plaasvind, is ook uitgestel tot na uitsluitsel oor die saak en die verkiesingskoördineerder en die geskorste studente moes op 12 Augustus voorleggings doen voordat enige besluit bekragtig sou word, 'n besluit wat later sonder opgaaf van redes tot die 15de uitgestel is. AfriForum se prokureur het egter laat weet dat die geskorste studente nie die sitting sal bywoon nie, omdat die studentehof se bevel strydig met die US se studentegrondwet was. Hulle was selfs bereid om 'n hof vir 'n dringende interdik daaroor te nader (*Die Burger* 2016b:4). Die geskorste AfriForum-kandidate het daarop aangedring dat die besluit teen hulle teen middernag op 15 Augustus opgehef moes word, sodat hulle die volgende die SR-vergadering kon bywoon (*Die Burger* 2016b:4). Geen reaksie is op AfriForum se aandrang ontvang nie en op 19 Augustus het Afriforum 'n dringende aansoek in die Kaapse hooggeregshof gebring om die US te dwing om die sewe kandidate vir die SR se kandidatuur te herstel. Skynbaar is die saak op die nippertjie in der minne geskik en geen verdere berigte het daaroor verskyn nie.

## 14.1 Die rektor se "tour d'Afrikaans" na die bruin gemeenskappe: September 2016

Teen die einde van 2016 en te midde van toenemende anargie op kampusse dwarsoor die land het aandrang op en argumente oor die dekolonisering en Afrikanisering van kampusse die botoon begin voer. Terselfdertyd het die aksie teen Afrikaans al hoe stiller geword namate ekonomiese bekommernisse en gepaardgaande opstandigheid onder studente al heftiger na vore getree het. Die worstelstryd het nou gegaan oor die finansiering van studies in 'n ekonomiese klimaat wat al hoe swakker geword het. Die studente-opstandigheid het nie meer wesenlik oor taal gegaan nie, maar oor finansiële oorlewing (Pelser 2016b:6).

By die US het hierdie woelinge egter nie beteken dat die taaldebat agtergelaat is nie, en een van die positiewe verwikkelinge was dat die rektor onderneem het om besoek te bring aan Afrikaanse gemeenskappe in die Wes-Kaap. Hy wou homself vergewis waarom Afrikaans "vir miljoene Kapenaars die poort tot naskoolse onderwys is" (Pelser 2016b:6). Terselfdertyd sou die rektor die geleentheid benut om die US se taalbeleid aan die hoofsaaklik bruin gemeenskappe te verduidelik en die versekering te gee dat Engels en Afrikaans steeds gelyke status sal behou. Studente uit die bruin gemeenskappe sou dus nie weer teruggedruk word in 'n "opvoedings-ghetto" en vir die tweede keer in die US se geskiedenis in 'n "tweedeklassituasie" beland en verontreg word nie. Dit was immers eers in 1978 dat hulle aan die US kon begin studeer, waarna hulle bloot "verduur" is. Die rektor se "tour d'Afrikaans" was die uitkoms van 'n vergadering op inisiatief van die rektor met vooraanstaande bruin leiers enkele maande tevore. Die oogmerk was 'n rondborstige gesprek met bruin Afrikaanssprekendes en die rektor is aangemoedig om, met die besef en ten spyte van skuld teenoor swart studente, seker te maak dat die US se verpligting teenoor bruin en ook wit studente nagekom word. Daar was waardering dat De Villiers ten spyte van die onrus op die kampus nogtans voortgegaan het met hierdie tipe samespreking (Pelser 2016b:6).

## 14.2 Gelyke Kanse litigeer teen US: 30 September 2016

Ten spyte van die bestuur se groter aandag aan Afrikaanssprekendes in sy onmiddellike geografiese omgewing is die strydbyl vir Afrikaans geensins begrawe nie. Op 30 September 2016 het die groep Gelyke Kanse 'n hofaansoek ingedien ten einde die US te dwing om sy taalbeleid te hersien. As deel van die aansoek oor spesifieke kwessies was vooraanstaande Suid-Afrikaners[9] bereid om eedsverklarings daaroor af te lê (Breytenbach 2016:8). GK se hofversoek het verskeie eise behels: om die taalbeleid wat op 22 Junie deur die senaat en die raad aanvaar is, ter syde te stel; die US te gelas om die taalbeleid van 22 November 2014 toe te pas; en om te erken en te verklaar dat Afrikaans "nie meer 'n gelyke plek" by US het nie. Volgens die regsverteenwoordiger van GK was die US se taalbeleid teenstrydig met die Grondwet en spesifiek artikel 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys. Die hofaksie het veral die beskerming van Afrikaans as wetenskap- en akademiese taal ten doel gehad met die argument dat die dreigement van geweld teen Afrikaans wat geen rol behoort te gespeel het nie, wel ter sprake was en die raad afgewyk het van sy eie beleidstandpunt. Die afwyking het feitelik beteken dat die Afrikaanse aanbod verminder sal word. GK het te kenne gegee dat die litigasieroete met spyt gevolg word, maar die US se "hardkoppige versuim" om gehoor te gee aan die aandrang op die behoud van Afrikaans as 'n primêre akademiese, wetenskap- en onderrigtaal en dit met erns toe te pas, het GK met geen ander keuse as litigasie gelaat nie (Breytenbach 2016:8). Die US het besluit om GK se hofaansoek vir hersiening teen te staan.

Die bekende letterkundige Abraham de Vries het GK onmiddellik gesteun en wou weet wat eintlik die verskil is tussen studente wat vandalisties optree "en die besture en rektore van universiteite wat die rykdom van tale en 'n beskermende Grondwet aan die verniel is?" Albei was vir hom in die woorde van Langenhoven "donker spore" in 'n "duister en verwikkelde drama van verval en ontkenning, waarvan die spelers self nog nie die teks goed begryp

9 Breyten Breytenbach, RW Johnson, Hermann Giliomee, Johann Rossouw, Marié Heese, Francis Galloway, Abraham Phillips, Anne-Marie Beukes.

nie". Hy het nietemin gereken die studente se opstandigheid en woede was meer begryplik as die rektore se optrede (De Vries 2016:10).

Een van die stigterslede en sterk stemme in GK was die digter en taalstryder Willa Boezak, wat in 'n onderhoud met Hanlie Retief prontuit gepraat het van die "Stellenbosse here" wat "hierdie lekkerkry-taal van ons, hierdie kleinood, so agterlangs en agterbaks smoor. Dit was boonop op Taaldag (14 Augustus) toe ek daar in Hof 6 gaan aantree het om te baklei vir Afrikaans" (Retief 2017:11). Hy wou weet watter sin daarin is om kinders na Afrikaanse skole te stuur, maar dit word nie meer op universiteitsvlak aangebied nie. Sy term vir die taaluitsluiting wat aan die gebeur was, was "ont-taling" en hy moes erken dat dit inderdaad waar was dat die enigste koloniale taal van die elf amptelike tale – Engels – besig was "om die sielkundige stryd te wen".

## 14.3 Die mobilisering van oudstudente vir herbesinning oor die taalbeleid

Vroeg in 2017 is 'n oproep op konvokasielede gedoen om voor die organisasie se jaarvergadering wat op 26 Januarie 2017 sou plaasvind, verdere druk op die US uit te oefen vir herbesinning oor die besluit om Afrikaans as voertaal in te perk, weens die gevaar dat dit onafwendbaar verengelsing vinnig in die hand sou werk. Die US moes verplig word om volle rekenskap te gee oor die nuwe beleid, wat in die vooruitsig gestel het dat Engels in die toekoms voorkeur sou kry. Hierdie konvokasie-inisiatief het gekom voor die hofsaak wat deur GK aangevoer is en einde Maart in die Kaapse hooggeregshof aangehoor sou word (Malan 2017:7).

In 'n ope brief aan die konvokasie het Giliomee dit vir die soveelste keer uitgespel dat indien Afrikaans uitgefaseer word, dit nadelige gevolge nie net vir Afrikaans as skoolvak nie, maar ook vir "Afrikaanse kultuuroordrag" sou inhou. Hy het dit ontstellend gevind dat studente slegs by die NWU hulle nog vir die onderwys met Afrikaans as voertaal kon bekwaam en ook daarin hulle grade en onderwysdiploma kon voltooi. Hy het verder daarop gewys dat die konvokasie die enigste US statutêre organisasie was wat konsekwent sedert 2002 "bly aandring het op 'n vaste, volwaardige en volhoubare aanbod

in Afrikaans". Giliomee het dit duidelik gestel dat dit nie beteken Engels moet opsy geskuif word nie, maar Afrikaans moet sy regmatige plek behou en nie "ondergrawe" word nie. Die alumni was wel nie by magte om enige beleid voor te skryf nie, maar kon sekerlik regtens aandring op 'n volle verduideliking van die redes vir en verloop van enige taalbeleidwysigings (Malan 2017:7).

Ook 'n voormalige Wes-Kaapse premier, Peter Marais, het sy stem laat hoor uit kommer dat Engels besig was om Afrikaans by die US te verdring (*Die Burger* 2017:7). Saam met Giliomee en die sanger Stef Bos was hy in Januarie 2017 een van die sprekers by 'n protesaksie voor die US se administrasiegebou. Die protesoptrede is deur 'n Stellenbosch pro-Afrikaanse aksiegroep georganiseer met die doel om te verseker dat voldoen word aan die grondwetlike reg van moedertaalonderrig. Marais se pleidooi was dat alle Afrikaanssprekendes as 'n verenigde groep moet saamstaan. "Ons (wit en bruin mense) is een volk. Een pa maar twee ma's. Julle het hom (die bruin man) nou nodig, want sonder hom kan julle nie 'n meerderheid wees nie". Giliomee het gepleit dat daar nie moed verloor of minder opgeëis behoort te word nie, behalwe 'n "volwaardige aanbod" van Afrikaans soos deur die Grondwet bepaal en erken (*Die Burger* 2017:7).).

## 14.4 'Keerpunt vir tale'? Die UV se litigasie-triomf rakende die voorrang van Engels: 28 Maart 2017

Dit het gelyk asof die jaar 2017 dalk 'n keerpunt sou bring oor die wetlike reg en rol van Afrikaans by dié universiteite waar dit nog enigsins 'n rol gespeel het. Dit het gesentreer om die teenstand teen UV se taalbeleid wat in Bloemfontein in appèl geneem is. Hierdie hofaksie is landswyd in Afrikaanse kringe met groot belangstelling gevolg, omdat die uitslag leiding sou gee oor in watter situasie Afrikaans vorentoe ook by die US sou beland. Volgens die UV het die dubbelmediumbeleid wat in 2003 daar aanvaar is, transformasie teengewerk en rasseskeiding bevorder en die nuwe beleid is met 'n klinkklare meerderheid deur die raad en senaat aanvaar (Van Rooyen 2017:7). AfriForum en Solidariteit se regspan het betoog dat die UV weer van vooraf moet besin oor die kwessie dat Afrikaanse onderrig ter wille van politieke en

maatskaplike oorwegings opgeoffer is, feite wat nie die UV se argument dat dubbelmedium verdeeldheid tussen swart en wit veroorsaak het, gestaaf het nie. Ook vir Afrikaanssprekendes wat in Engels onderrig wou word, het die nuwe beleid waardeur Afrikaans verdwyn ook geen voordele ingehou nie (Van Rooyen 2017:7). Waarskuwende stemme is deurgaans gehoor dat Afrikaans se voortbestaan nie deur litigasie of beleidsdokumente afgedwing kan word nie. Die grootste bedreiging vir die taal was die Afrikaanssprekendes se eie onverskilligheid teenoor hulle taal. Die sprekers van die taal moet dit self kreatief praat, lees, daarin vermaak vind en veral ander groepe deurgaans daarby insluit (*Volksblad* 2016:6).

Dit was al hierdie taalverwikkelinge wat Theuns Eloff op 27 Februarie 2017 tydens 'n konferensie van Solidariteit en AfriForum in Centurion laat verklaar het dat Afrikaans nog net agt jaar by universiteite sal oorleef. Hy het gemeen dat Afrikaans ongeveer nog vier jaar by die US sou figureer en nog een of twee jaar by die UV en UP (Kruger 2017:2). Ook rektor Kgwadi by NWU wou sentraliseer en nie meer die hoofkampus Afrikaans hou nie. Volgens Eloff sou die US binne vier jaar bykans volledig Engels wees, omdat die transformasieaksies Afrikaans ondermyn en omdat Afrikaanssprekende bruin en wit studente daar deur dosente "geviktimiseer" word (Kruger 2017:2).

Vanaf Stellenbosch is die pleidooie vir en weerstand teen Engels by die UV noukeurig dopgehou. Toe die UV se appèl op 28 Maart met koste slaag, is dit volgens die waarnemende rektor, prof. Nicky Morgan, as 'n "mylpaal in die geskiedenis van die universiteit bestempel" (Van Rooyen 2017:7). Engels sou voortaan as primêre taal die UV se talesituasie kenmerk. Die appèlhof se volle bank het uitspraak gelewer dat die UV wettig opgetree het toe die nuwe taalbeleid in Maart 2016 deurgevoer is, siende dat daar 'n grondige rede was waarom die nuwe taalbeleid ingestel is en parallelmedium wel klagtes onder studente en dosente veroorsaak en rassespanning laat toeneem het. In werklikheid is die UV geloof vir die omsigtige en deeglike wyse waarop die nuwe taalbeleid aangepak en deurgevoer is (Van Rooyen 2017:1).

Die moontlikheid het bestaan dat AfriForum en Solidariteit hulle tot die Konstitusionele Hof kon wend, veral omdat die UV-uitspraak wel erken het

dat taalregte innig verweef is met kulturele identiteit. Dit het gepas gelyk het vir die hoogste hof om uitspraak te lewer oor Afrikaans as onderrigmedium in tersiêre onderwys in breër kultuurverband. Vanaf 2016 het die UV reeds op eerstejaarsvlak Engels as primêre taal begin toepas in die fakulteite medies, regsgeleerdheid en geeseswetenskappe, waar die meeste studente onderrig in Engels verkies het. Dit sou vanaf 2018 in alle fakulteite behalwe opvoedkunde en teologie ingestel word. Studente wat reeds met Afrikaans begin het, sou wel hul studies in Afrikaans kon voltooi (Van Rooyen 2017a:7).

## 14.5 Afrikaans se "geleidelike bankrotskap"

Bogenoemde hofbeslissing het die duidelike besef gebring dat die dalende stand en status van Afrikaans as universiteitstaal geensins meer slegs hipoteties of 'n "paranoïese sprong die distopiese donker in" was nie – "ons is reeds amper daar", was Waldimar Pelser se onverbloemde uitspraak tydens sy voordrag vir die Johan Combrink-gedenklesing op Stellenbosch in Februarie 2017 (2017:11). Volgens hom het die meeste universiteitsbesture die bestaande Afrikaanse lesings as slegs 'n tussentydse reëling beskou, "'n fraai verversingspos op pad na die eindbestemming van eentaligheid wat haar voordoen as apolities, inklusief en 'n voldonge feit". Weens onkeerbare Engelse indringing selfs in streke soos die Wes-Kaap, waar die meeste van die bevolking Afrikaans gepraat het, was Afrikaans ernstig aan die verswak. Nietemin kon Pelser met meer optimisme daarop wys dat waar Afrikaans uitgeskuif is, Afrikaanssprekendes self die inisiatief geneem het om hulle eie kultuurprojekte te organiseer en selfs vol sale te lok (Pelser 2017:11). Uiters onthutsend was egter die voldonge feit dat Afrikaans as universiteitsonderrigtaal met die aanbreek van 2017 by die UV, UP en Unisa ten gronde gegaan het. Die voorstanders vir Afrikaans se saak is veral verswak deurdat hulle onophoudelik van "wit opperheerskappy" beskuldig is. Desnieteenstaande was daar in die land nog 140 000 Afrikaanse tersiêre studente waarvan 60% wit en 40% bruin was, maar onder hierdie studente en selfs hulle ouers het die wil om vir taaldiversiteit op kampusse te bly veg en Afrikaans nog altyd te beskerm, ontbreek. Pelser het verwys byvoorbeeld na Breyten Breytenbach, wat die gebeure by die US as "tekstuur-

vernietigend en reaksionêr" bestempel het. Omdat Pelser gemeen het alle energie kan nie na kampusse gekanaliseer word om Afrikaans te red nie, was die enigste oplossing om Afrikaans te beskerm en selfs uit te bou, vir Afrikaanssprekendes om self in te spring om Afrikaanse boeke, lesings, dramas voort te bring en kultuuraktiwiteite te steun, al word selfs sulke "privatisering" gekritiseer. Daar was inderdaad nog ondersteuners wat optimisties gebly en geweier het om moed te verloor en die durf en die kreatiwiteit aan die dag gelê het om self die taal te beoefen en te verlewendig. Een van die vaste bakens in hulle ondersteuning van Afrikaans was om hulle op die Grondwet en op dié wyse indirek op die regering te beroep. Litigasie by die UV en US kon nie die enigste inisiatiewe wees om Afrikaans by universiteite te red nie, want indien die taal sy status as gevolg van negatiewe hofbeslissings verloor, sou dit bykans 'n totale nekslag vir die status van die taal wees. Indien die poorte van die akademie vir Afrikaans gesluit word, was die logiese vraag of die taal nog kon bloei en hoegenaamd sterker word (Pelser 2017:1).

Daar was steeds die siening dat talle Afrikaanssprekendes se aandrang op meertaligheid niks anders was as bloot 'n rookskerm om Afrikaans te bevorder nie, en dat die ander inheemse tale slegs bygesleep word om die stryd teen Engels te versterk. Dít was die waarneming en waarskuwing van prof. Rufus Gouws van die US tydens die Suidoosterfees in April 2017 in gesprek met die joernalis Freek Robinson (*Die Burger* 2017:4). Gouws se pleidooi was dat ware meertaligheid nagestreef moet word, wat beteken het dat die versterking en uitbreiding van elkeen van die amptelike tale se funksies aktief bevorder behoort te word. By hierdie geleentheid het Carstens gewaarsku Afrikaans se voortbestaan is nie verseker omdat mense dit praat nie, want die ervaring het getoon Afrikaanssprekendes maklik afstand doen van hulle taal. Tydens die Robinson-gesprek is verwys na Gerwel se opmerking jare tevore dat Afrikaans se ontwikkeling en voortbestaan net gewaarborg sal kan word deur nie-rassige Afrikaanssprekendes. Meertaligheid sal bevorder kan word indien Afrikaanssprekendes ook "meertalig leef", was ook prof. Angelique van Niekerk van die UV se standpunt (*Die Burger* 2017:4).

## 14.6 Nuwe ras-toelatingsplan vir dat US: Februarie 2017

’n Nuwe koshuistoelatingsplan van die US is onmiddellik deur kritici veroordeel omdat dit indirek ook Afrikaans geraak het. Die beswaar was dat die ras- en taaldemografie van die land as kriterium vir toelating gebruik is, eerder as die geografiese streek waarin die US geleë was en wat volgens die beswaardes eintlik heel eerste oorweeg en weerspieël behoort te word (Swanepoel 2017:8). Solidariteit het te kenne gegee dat die nuwe plan op rassediskriminasie kan neerkom en die feit dat studente se huistaal nie tydens die keuringsproses in aanmerking geneem word nie, is veral bevraagteken. Op 11 Februarie 2017 is die nuwe plan deur die raad aanvaar en dit sou in Maart in werking tree. Die presiese toelatingsbesonderhede was: tydens die eerste rondte word studente by fakulteite net op akademiese gronde oorweeg, ongeag ras, afkoms of sosio-ekonomiese faktore; daarna word aansoekers oorweeg op rassegronde om sekere teikens te bereik, waarna die sosio-ekonomiese status van studente oorweeg sou word ten einde sekere teikens te haal. Indien daar dan nog plekke beskikbaar was, sou die akademies-sterkste aansoekers oorweeg word; alle studente sou egter aan sekere minimum toelatingsvereistes moes voldoen om te verseker dat die US akademiese uitnemendheid bly handhaaf. Transformasie-oogmerke sou bevorder word ten einde ’n meer verteenwoordigende, inklusiewer en nie-rassige universiteitsopset te verseker (Swanepoel 2017:8).

Kritiek het losgebars omdat wit en selfs bruin Afrikaanse studente dit voortaan moeiliker sou vind om plek te kry. Solidariteit se reaksie was dat die US die rug gekeer het op blanke middelklasstudente wat ondergemiddeld presteer en nie nie-wit, behoeftig of slim genoeg was nie. Vir Christo Viljoen het dit na raskwotas geklink en die kwotas vir swart, wit, bruin en Indiër-aansoekers het onversoenbaar met uitnemendheid gelyk (Swanepoel 2017:8). Volgens die US se woordvoerder was die rasverteenwoordiging in 2016: 61,3% wit, 18,3% swart 17,6% bruin, en 2,8% Indiër. Van hierdie studente het 46% Engels, 40% Afrikaans en 13,2% ’n ander huistaal gehad. Dit was hernieude bewys en bevestiging dat Engelssprekende studente reeds in die meerderheid was en al hoe meer Afrikaanssprekende studente verkies het om in Engels te studeer.

Daar was wel ook positiewe reaksie op die nuwe plan om die eenvoudige rede dat voortaan meer benadeelde studente toegang tot US sou verkry, alhoewel niks vermeld is van finansiële steun vir sodanige studente nie. Vir dr. Dioné Prinsloo, hoof van die SA Akademie, het dit voorgekom asof die US deur die nuwe plan die posisie van Afrikaans as onderrigtaal wou verswak en sy kon nie sien waarom universiteite moes instaan vir die regering se "brouwerk op skoolvlak nie" (Swanepoel 2017:8). Dit het inderdaad universiteite se grootste las en bekommernis geword om power-voorbereide studente op universiteit-studeervlak te kry. Dit het geskied met allerlei bykomende hulp en hulpmiddels waarvoor daar geen regeringsteun beskikbaar gestel is nie en waarvoor universiteite ook nie gerat was nie.

# 15. DIE US SE "VOORTSLEPENDE REGSTRYD"

Ten spyte van die appèlhof se eenparige uitspraak in Maart 2016 dat die UV wettig opgetree het met die aanvaarding van sy nuwe taalbeleid, het GK nogtans besluit om litigasie voort te sit ten einde verengelsing te probeer stuit. Die verrassende aanklag is gemaak dat die rektor en bestuur die raad op so 'n wyse om die bos gelei het, dat dit in sigself rede genoeg was om hulle die trekpas te gee (Malan 2017a:2). Dit was slegs een van die opspraakwekkende aanklagte in hofstukke vir voortgesette litigasie wat op 3 Augustus 2017 in Kaapstad voorgelê is in die voortgesette stryd vir gelykberegtiging tussen Afrikaans en Engels. Verder is beweer die voorsitter van die raad (George Steyn) het in 'n stadium te kenne gegee De Villiers en die topbestuur het "geen geloofwaardigheid meer nie". Die nuwe litigasie het gevolg nadat die aanklagte teen twee raadslede – Wannie Carstens en Johan Theron – ingebring is dat hulle die raad se gedragskode oortree het. Die aanklag teen Theron was oor sy uitlatings in 'n onderhoud met Hanlie Retief (kyk p. 295) in 2016 en is by die raad aanhangig gemaak deur 'n mederaadslid, Usuf Chikte. Theron, 'n prokureur op Stellenbosch, het in sy verweer onstellende bewerings oor die topbestuur en die voorsitter van die raad gemaak. Die oortuiging was dat indien dit as waar bewys sou kon word, dit die hangende saak van GK (kyk p. 306) teen die universiteit oor die gelyke status van Afrikaans en Engels sterk kon beïnvloed. Theron se aanklag was onder andere: die rektor en die raad se ondervoorsitter (prof. PW van der Walt) het op "slinkse" wyse nie die raad behoorlik ingelig oor die plan om die US te verengels nie; daar is 'n oor aan OS verleen terwyl die SR se standpunt geïgnoreer is; die voorsitter van die raad het die vreesaanjaging gesteun dat die kampus verwoesting in die gesig staar indien Afrikaans en Engels gelyke status kry; en die topbestuur het die kritiese regsmenings oor hulle taalbeleid verontagsaam. Theron het verder aangevoer dat spanning tussen die rektor en die dekane ontstaan het nadat die

rektor ontken het van die dekane het wel goedkeuring vir taalplanwysiging ontvang; dat toe AfriForum teen die US litigeer, die US se eie advokate nie bereid was om beëdigde verklarings van die rektor en topbestuur in te sluit nie omdat die topbestuur as "ongeloofwaardig" geag is. GK het gemeen dat Theron se verklaring "onteenseglik" aantoon "dat die rektor se bestuurspan die raad mislei het". Die voorsitter van die raad het blykbaar later 'n "pion" van die rektor en sy "adjudante" geword, waarskynlik omdat dit die maklikste uitweg was (Malan 2017a:2).

In die oorspronklike aansoek van GK is die gedeeltes van die rektor en Theron se gesprek waar die rektor beweer Engels as onderrigtaal onderrig en soveel ander dinge makliker sal maak, op Theron se aandrang weggelaat omdat dit 'n vertroulike gesprek was. GK het egter in hulle aansoek versoek dat Theron wel toegelaat word om hieroor te getuig. Die US se reaksie en argument deur hulle prokureur (Lorinda van Niekerk) was egter dat Theron nie toegelaat behoort te word om te getuig nie, omdat sy stellings irrelevant en hipoteties van aard was, nie feitelik gestaaf kon word nie, en geen nuwe perspektiewe sou lewer nie, waardeur die US gevolglik benadeel sou word. Verder was die US se prokureur se verdere beswaar dat GK voldoende tyd gehad het om Theron te verplig om te getuig en dat die nuwe getuienis te kort voor die verhoor aanhangig gemaak is (Malan 2017b:6).

Die verhoor het op 14 Augustus begin en na verwagting sou die uitslag waarskynlik "vir etlike maande, dalk jare, sy pad deur die hooggeregs- en appèlhof tot in die konstitusionele hof beur" (Malan 2017a:2). In 'n baie kritiese uitspraak deur regters Daniel Dlodlo en Kate Savage in Oktober is GK se versoek met koste van die hand gewys. Al die argumente van GK is van die tafel gevee en die twee regters het geweier om bykomende verklarings deur studente oor die uitwerking van die nuwe taalbeleid sowel as raadslid Theron se getuienis oor sy interaksie met die rektor as pleitstukke te aanvaar. Hulle redes daarvoor was gebaseer op die regsbeginsel dat die applikant nie onophoudelik kan voortgaan om nuwe getuienis voor te lê nie, veral nie argumente wat nie direk verband hou met die oorspronklike aansoek nie. Wat

hulle betref, was GK se bykomstige bewerings "vaag, onspesifiek, hoorsê en/of eenvoudig vals" (Malan 2017a:2).

Hierdie uitspraak is nie goed ontvang nie en in November het GK laat blyk dat daar aansoek om verlof tot appèl teen bogenoemde uitspraak gedoen sou word. Terselfdertyd sou die KH versoek word om toestemming tot direkte toegang tot dié hoogste hof te verleer (Malan 2017:2). Hulle oortuiging was dat appèl in hulle guns sou verloop, omdat studente se ervarings van die nuwe taalbeleid uiters relevant was en GK nie geargumenteer het dat die nuwe beleid tot die algehele verdwyning van Afrikaans sou lei nie. GK was ook geensins tevrede met die kostebevel nie en veral nie met die regters se argument dat die kwessie van toekenning van koste nooit ter sprake gebring is nie. Volgens GK het 'n transkripsie van mondelinge vertoë getuig hoe Heunis betoog het dat daar nie van 'n "vrywillige organisasie" soos GK met ook studentelede, verwag kon word om die US se regskoste te dra in 'n saak wat grondwetlike implikasies het nie. Heunis het die KH se "Biowatch"-saak aangehaal, waarin beslis is dat "private individue of organisasies sonder winsbejag wat 'n staatsliggaam hof toe neem om konstitusionele regte af te dwing" nie vir regskoste aanspreeklik gehou kan word nie (Malan 2017c:2).

# 16. KH BESLIS TEN GUNSTE VAN DIE UV: 29 DESEMBER 2017

Nog ’n verdere slag het GK getref toe die KH op 29 Desember uitspraak ten gunste van die UV se ‘Engelse’ taalbeleid gelewer het (*News 24*, 29 Desember 2017). Nege maande tevore (Maart 2016) het die UV ’n nuwe taalbeleid aanvaar wat Afrikaans en Engels as parallelmediumonderrig vervang het met Engels as hoofmedium. In ’n meerderheidsuitspraak het hoofregter Mogoeng Mogoeng AfriForum se aansoek om verlof teen die uitspraak van die hooggeregshof van Maart 2016 (kyk hierbo) van die hand gewys. Die UV se hoofrede vir afwyking van die bestaande beleid was dat dit die “nie-doelbewuste” gevolg gehad het van segregasie tussen Afrikaanssprekende en swart studente wat besluit het om in Engels te studeer. Dit het, soos wat dosente en studente getuig het, tot rassewrywing gelei (*News 24*, 29 Desember 2017).

AfriForum se reaksie oor die KH se hofuitspraak was dat die minderheidsuitspraak van regters Johan Froneman en Edwin Cameron getoon het hoe diep die KH versink het in die “rasideologie van die huidige politieke orde en heersende elite” (Kriel 2018). In hulle destydse minderheidsverslag oor straatnaamverandering het Cameron en Froneman gewaarsku teen enige meerderheidsbesluit wat uitloop op ’n situasie waar “enige beroep wat deur wit Suid-Afrikaners gedoen word op ’n kulturele tradisie gebed in die geskiedenis geen erkenning vind nie omdat “so ’n geskiedenis blykbaar gebed is in onderdrukking” (Kriel 2018). Volgens Kriel van AfriForum het die KH bevind dat die “rassediskriminasie teen wit mense in die werksplek aanvaarbaar is; dat Afrikaanse skole verplig kan word om hulle taalbeleid te wysig; dat proses-gedrewe openbare deelname van mindere belang is tydens straatnaamveranderinge” (Kriel 2018). Sy oortuiging was dat sulke bevindinge in direkte konflik was met die beloftes wat tydens die politieke oorgang aan Afrikaners gemaak is. Afrikaners is toe om die bos gelei dat, indien hulle

sou afstand doen van hulle politieke oorheersing, die beskerming van hulle eiendom, onderwys en taal gewaarborg sou word. Dit het egter duidelik geword dat die KH nie Afrikaners en Afrikaanse regte sou beskerm nie. In optimistiese trant het Kriel nietemin die versekering gegee dat Afrikaners steeds nie in moedeloosheid sou verval nie, want in die loop van sy geskiedenis moes Afrikaners reeds groter uitdagings die hoof bied. Die geslagte vorentoe sou wel onafhanklike instellings oprig en indien die bestaande opset nie ’n Afrikaanse universiteit en ander kultuureie ruimtes vir Afrikaanssprekendes gun nie, sou hulle, as een van die minderheidsgemeenskappe, hulle eie instellings ontwikkel om sodoende hulle oorlewing te verseker (Kriel 2018).

Wat steeds ’n werklikheid gebly het, was dat diegene vir wie Afrikaans belangrik is, ongeag hulle kleur of kultuuraanhang, sou bly agiteer en stry vir ’n taal wat hulle na aan die hart lê en belangrik is (*Rapport* 2017:2).

# 17. ’N NUWE “LEEFRUIMTE VIR AFRIKAANS”?

Of GK sal voortgaan om hulle op die KH te beroep in die lig van die UV se oorwinning om Engels as onderrigmedium sentraal te stel, is onseker. Gerugte wil dit hê dat dit inderdaad sal gebeur. Dat daar steeds sprankies hoop vir Afrikaans bly voortbestaan, het geblyk toe Theo du Plessis vroeg in Maart 2018 nuwe optimisme getoon het dat die voorgestelde konsepbeleid van die departement hoër onderwys vir “Afrikaans weer leefruimte as ’n volwaardige akademiese taal aan universiteite” in die vooruitsig gestel het (Du Plessis 2018:7). Hersiening sou deel wees van die periodieke beleidshersiening ten einde tred te hou met die steeds veranderende beleidsomgewing en deel vorm van die ministeriële adviesraad vir die ontwikkeling van Afrikatale in hoër onderwys se taakopdrag. In bogenoemde konsepbeleid word die universiteite van gesloer met die ontwikkeling van Afrikatale (uitgesonder die Universiteit Limpopo, KZN en Rhodes) en voorrang van Engels beskuldig. Ter wille van transformasie sou universiteite verplig word om alle akademiese Afrikatale (waaronder ook Afrikaans) daadwerklik te steun deur hulle behoud, taalberegtiging en keusevryheid te verseker. Die meertalige samelewing in die land moes sodoende ook by universiteite verreken word. Volgens Du Plessis het die HAU’s ’n “bejammerenswaardige obsessie” getoon om na die studenteopstande en bewegings soos #RhodesMustFall van Afrikaans ontslae te raak. Dit was “ter wille van vrede en kamstige eenwording en nog allerlei mooiklinkende en vertroostende redes om te verengels” (Du Plessis 2018:7). Die nuwe beleid het dus taaltoevoeging eerder as wegneming voorgestaan en Du Plessis het dit as ’n “drastiese denkskuif oor taal” by universiteite gesien. Ten minste sou dit verseker dat taalbeleide by universiteite hersien moet word. Wat hy egter nie aanraak nie, is wat al hierdie pogings sal baat indien die meeste studente en ouers Engelse onderrig voorstaan en kies.

Een van die negatiewe faktore vir die uitbouing van Afrikatale was volgens *Rapport* dat baie Afrikaners geen belangstelling toon om Afrikatale te bemeester nie. Van swart mense word steeds verwag om Engels of Afrikaans te praat (*Rapport* 2017:12). In reaksie op stellings wat Julius Malema in sy MA-skripsie gemaak het, kon *Rapport* daaraan herinner hoe Afrikaans nie meer ongelykheid by universiteite veroorsaak nie, omdat geen universiteit in die land meer uitsluitlik in Afrikaans doseer het nie en baie kursusse slegs in Engels aangebied word. Dit was klinkklare aanduiding en bewys van die oorheersing van Engels. Die sprekers van Afrikatale self sal vir die beregtiging van hulle tale moet opstaan. Intussen het Afrikaans die "mees-etnies-diverse sprekers" in Suid-Afrika opgelewer en was die taal gewoon nie meer 'n "wit konstruk" nie (*Rapport* 2017a:12).

# 18. SLOTGEDAGTES

## 18.1 Die verswakking van Afrikaans op tersiêre vlak en die al groter akkommodering van Engels as landswye verskynsel

Die geleidelike inkrimping en verswakking van Afrikaans by talle skole en by al die HAU's het reeds in 1994 begin en was deel van 'n nasionale verskynsel. Van uitsluiting met die doel om uitsluitlik Afrikaans te wees of 'n oorheersende Afrikaanse etos te probeer behou, kon daar by die HAU's geen sprake meer wees nie, omdat die regering al strenger eise oor transformasie begin stel het. Daarmee saam was daar die toenemende aanhang van Engels as onderrigtaal onder ouers en studente, sowel as die afname in wit Afrikaanssprekendes se geboortesyfer. Die uiteindelike gevolge wat dit vir die US ingehou het, was dat daar teen 2017 en selfs vroeër meer Engelssprekende as Afrikaanssprekende studente op die kampus was. In werklikheid het US se topbestuur en die meeste dosente die brute werklikheid hiervan al dringender besef en was daarom nooit te vinde vir die Afrikaanse eksklusiwiteit of selfs die voortgesette beskerming van die taal wat sommige van die Afrikaanse taalstryders na 1994 voorgestaan en probeer opdwing het nie. Die een duidelike boodskap van al die rektore gesteun deur die oorwig van die topbestuurslede, senaat en raad, asook selfs die fakulteite was dat die al groter aandrang op Engels geakkommodeer moet word om sodoende enige uitsluiting van studente op die kampus te voorkom. Daar kon geen sprake wees van enige verpligting dat alle dosente en studente Afrikaans magtig moet wees nie of dat studente deur Afrikaans uitgesluit en afgesluit mag word van akademiese bedrywighede op enige vlak op die kampus nie. Ook De Villiers het deurgaans die middelgrond vir die bevordering van Afrikaans binne 'n veeltalige opset gekies en nie een van die rektore is ooit deur die senaat nie en slegs by hoë uitsondering (by name De Villiers) deur die raad daarin gerepudieer.

## 18.2 Die stryd om Afrikaans se posisie te beveilig

Die konsekwente uitgangspunt van die topbestuur oor die posisie van Afrikaans teenoor Engels het tot hewige konflik met die Giliomee-faksie gelei, wat aanvanklik 'n heel diktatoriale standpunt oor die posisie van Afrikaans ingeneem het met vreemde, onakademiese voorstelle vir beheermaatreëls daaroor. Al drie die rektore wat in hierdie studie figureer, het by tye weggeskram van die duidelike beantwoording van netelige taalkwessies en van aanvanklike Afrikaanse taalbeloftes wat hulle gaandeweg verbreek of omseil het. Hulle aanvanklike versekering vir steun vir Afrikaans het (weens die eise van die tyd waaronder veral transformasie, regeringsdruk en demografiese realiteite) algaande verwater en reeds aan die begin tydens die rektorskap van Brink tot 'n bykans totale *volte face* gelei. Nie een van die rektore het werklik hulle standpuntommekeer ooit onmiddellik erken of 'n behoorlike verduideliking of volledige motivering vir hulle standpuntwysiging verskaf nie. Die taalstryd het eintlik reeds 'n kritieke fase binnegegaan met die publikasie van rektor Brink se boek oor die US-taalstryd en sy dapper keuse om te midde van groot vyandigheid onder sommige personeellede en die groot meerderheid van oudstudente (maar met die steun van die meerderheid senaat- en raadslede), 'n differensiële benadering tot die keuse van onderrigtaal aan te kondig. Sy keuse was vir 'n "oop, multikulturele en diverse universiteitsgemeenskap" waar die departemente en fakulteite self kon bepaal hoe Afrikaans gehandhaaf sal word en watter onderrigmodel die studente die beste dien. Onder sy rektorskap is die verengelsingsproses onteenseglik verhaas, veral deur die strewe na wêreldgehalte en die keuse om Afrikaans nie as 'n geïsoleerde taal in 'n benouende enklave te beskerm nie, maar van die US 'n werklik Suid-Afrikaanse universiteit in 'n multikulturele en veeltalige omgewing te maak. Brink se opvolger, weereens gesteun deur die meerderheid raad- en senaatslede, het konsekwent die beleid gesteun vir die bevordering van Afrikaans, maar gekoppel aan die belangrikheid van veeltaligheid en die beginsel dat geen student deur taalbepalings uitgesluit behoort te word nie.

Dit was in wese niks anders as Brink se oorspronklike beleid van ’n multikulturele en diverse opset nie. De Villiers se standpunt was dat hy die meertalige taalbeleid wat enkelmedium-Afrikaans vervang het, steun en sy oortuiging was dat daar vanuit geïsoleerdheid na die rykheid van diversiteit weggebreek moes word.. Oor die kommer van die stryders vir Afrikaans het hy gereageer met die gerusstelling dat daar ’n vaste taalbeleid is met ’n verbintenis tot gelyke status vir Afrikaans en Engels en meertaligheid wat deur parallelmedium en tolking toegepas moet word. Tog was hy die eerste rektor wat op sy eie gepoog het om Engels die primêre taal op die kampus te maak en hy het in die proses groot argwaan, weerstand en repudiëring op die lyf geloop. Hy het egter deurgaans volgehou dat die US nie ’n Afrikaanse, Engelse, of Xhosa-universiteit is nie, maar ’n meertalige Suid-Afrikaanse universiteit. Gedurende sy termyn is ’n dramaties veranderde taalbeleid aanvaar waarvolgens meertaligheid sterk beklemtoon is en Engels ’n voorste rol gespeel het vanweë die belangrikheid daarvan as internasionale akademiese en beroepstaal. Die feit dat dit eintlik die lingua franca op die kampus geword het, het beteken dat dit deurlopend op die kampus gebruik is. Hierdeur het Engels inderdaad die primêre taal op die kampus geword en na die UV se litigasiesukses juis oor Engels het dit onwaarskynlik geword dat dit vorentoe deur litigasie omgekeer sou kon word. Die aandrang op ’n hoofrol vir Engels het steeds sterker geword namate minder Afrikaanssprekende studente Afrikaans as onderrigtaal gekies het en die getal Engelssprekende studente teen 2016 die meerderheid uitgemaak het. Die uiteindelike weglating van die US se belofte om Afrikaans te bevorder en te beskerm het Afrikaans se posisie vir die toekoms ernstig gekortwiek.

Alhoewel die verkiesings vir raad- en konvokasielede elke keer oorweldigend in die guns van die taalhandhawers verloop het, wou die akademiese instellings op die kampus desnieteenstaande nie die beleid wat die taalhandhawers voorgestaan het, steun of aanvaar nie. Die aanvanklike topbestuurbeloftes was inderdaad sterk Afrikaansgeoriënteerd, maar die verloop van die land se politieke geskiedenis en die vereistes van ’n nuwe demokratiese samelewing het dit uiteindelik ontoepaslik en ontoepasbaar gemaak. Die

regering se toenemende aandrang op transformasie, onbelemmerde toegang tot universitêre studie en volgehoue regstelling van die agterstande deur die toepassing van apartheid veroorsaak, is deur die vurige studenteopstande op die spits gedryf. Daar was vir die regering geen uitkoms meer as om Engels op te eis nie.

## 18.3 Die voortdurende aanpassings in die onderrrigmodelle

Die oogmerke en oortuigings van die botsende groepe in die taalstryd het die pedagogiese belangrikheid van moedertaalonderrig telkens verdring en verwring. Die differensiële benadering tot die onderrigtaal wat uiteindelik deurslaggewend was, het daarop neergekom dat die departemente en fakulteite self kon bepaal hoe Afrikaans toegepas word en watter onderrigmodel die voordeligste vir die betrokke studente sal wees. Die seëvierende wagwoorde was ’n “oop, multikulturele en diverse universiteitsgemeenskap”. Wat die keuse van onderrigmodelle self betref, was daar voortdurende aanpassings. In 2009 is die parallelmedium-opsie in plaas van die dubbelmedium-opsie op voorgraadse vlak in die vier groot fakulteite aanvaar. Die moontlikheid is egter oopgelaat om dubbelmedium steeds in die tweede en derde jaar te implementeer. In werklikheid het dit daarop neergekom dat fakulteite hulle eie taalplanne kon voorlê. Uiteindelik is in Oktober 2010 as uitgangspunt geneem dat alle toegangshindernisse in lyn met die regeringsbeleid moet verdwyn en vanaf daardie datum is op ’n kombinasie van parallel- en dubbelmedium tesame met tolkdienste besluit. Alhoewel daar geargumenteer is en ook bewyse voorgelê is dat dubbelmedium tot verengelsing lei, het dit dwarsdeur die taalstryd een van die opsies gebly. Parallelmedium is egter grootliks toegepas en die nut en waarde van tolking is gaandeweg ingesien en in gebruik geneem, maar ook algaande al kritieser bejeën.

## 18.4 Die twee teenpole in die taalstryd

Twee teenpole (en dit in sigself is ’n vereenvoudiging, want daar was dikwels geen eenvormige sienings onder die aanhangers van beide standpunte

nie) in die taalkwessie was deurgaans te onderskei en het enduit debat gevoer met standpunte wat geensins te versoen was nie. Daar was die wit Afrikaanssprekendes met ’n laertrek-mentaliteit (ook genoem die neo-verkramptes) wat die US vir Afrikaans wou opeis en inpalm, en wit en bruin Afrikaanssprekendes met ’n ruimer transformasie-ingestelde uitkyk (die sogenaamde progressiewes) wat vir Afrikaans ’n waardige plek langs Engels probeer beding het. Hulle het gepleit vir die middelgrond en vir Afrikaans om ’n vriendeliker en meer akkommoderende gestalte aan te neem. Hierdie twee groepe het mekaar met agterdog bejeën en dikwels beledigend gekonfronteer. Die bewering is selfs gemaak dat Afrikaans stadig om die lewe gebring is deur die verwaarlosing en veragting van die taal deur die sprekers daarvan self. Al die kras en kwetsende redekaweling oor soveel jare het nie net wedersydse onverdraagsaamheid oor een van die mees emosionele kwessies in die menslike bestaan – taal – getoon nie, maar ook bewys gelewer tot welke uiterstes die liefhebbers vir Afrikaans sou opoffer Selfs kru taal en bedenklike metodes was in die taalstryd aanvaarbaar.

Die ander teenpool was persone met die vaste oortuiging dat die beoefening van die akademie en die wetenskap deur medium Engels groter lewensukses en uitvlug uit armoede sou bring. Dit sou ’n kragtige aansporing vorm om selfs moedertaalonderrig opsy te skuif en stelling teen Afrikaanse onderrig in te neem. Die gang van die geskiedenis, die onafwendbaarheid van die vereistes vir ’n demokratiese bestel en die dwingelandy van die demografie het onomkeerbaar die terugkeer na ’n uitsluitlik Afrikaanse Universiteit Stellenbosch in ’n onbereikbare skimbeeld laat verdwyn. Die venynige debatte, die twisgeskille tydens berade, die mobilisering van kragte kon weliswaar nie die glybaan na Engels stuit nie, maar het ten minste die verengelsingsproses van tyd tot tyd gestuit en vertraag en sterker stimulus aan die gedagte van ’n eie Afrikaanse universiteit gegee.

Die gang van Afrikaans aan die US is ongetwyfeld steeds afwaarts, maar daar was tog ’n voorlopige keerpunt toe rektor De Villiers gerepudieer is in sy verstommende skuif om sonder volledige raadpleging Engels ’n meerderwaardige plek op die US-kampus en onderrig toe te ken. Die raad

het vir die eerste keer vasgeskop en die bestaande beleid herbevestig, maar dit was slegs 'n tydelike verposing vir die taal. Die taalbesluit van 22 Junie 2015 met die oorweldigende steun van die senaat en weliswaar 'n veel kleiner meerderheid in die raad, het die teruggang van Afrikaans in die toekoms by die US verseker.

## 18.5 Die onvastheid van Afrikaans op tersiêre vlak

Al die aanduidings is daar dat Afrikaans op nasionale tersiêre vlak besig is om ernstig te verswak omdat die regering, die meerderheid dosente, ouers en studente die keuse vir Engels as die bemagtigingstaal vir die toekoms maak. Die US (tesame met NWU) is as die laaste bastion beskou om Afrikaans as universiteitstaal (alreeds in 'n beperkter mate) te laat voortbestaan. Belangrike nuwe akademiese en wetenskaplike ligpunte vir Afrikaans is die positiewe steun wat deur 'n instansie soos LitNet se bevordering van Afrikaanse publikasies en die nuwe Jan H Marais-prys vir wetenskaplike werke in Afrikaans beskikbaar gestel word. Die kreatiewe en dinamiese uitbreiding van sulke aksies op alle moontlike wyses om akademici en navorsers aan te moedig en ruim te beloon om steeds in Afrikaans te publiseer, sal vorentoe van deurslaggewende belang wees om Afrikaans as wetenskapstaal staande te hou; só ook die voortgesette ondersteuning van vakwetenskaplike tydskrifte op kampusse en waar ook al vakwetenskaplike artikels in Afrikaans nog in al minder wordende publikasies aanvaar en gepubliseer word.

Die kernvraag vir die toekoms is of die demografie en die groter keuse vir en aandrang op Engelse onderrig, Afrikaans staande sal kan laat bly. Die effense middelgrond wat tans nog tot 'n mate by die US gehandhaaf word, verskans Afrikaans ietwat, maar die invloedryke en dreigende aanhang, prestige en kruipende gewildheid van Engels verdring en oorweldig Afrikaans op universiteitsvlak op onafwendbare wyse. Al bly NWU die enigste baken van hoop (maar ook met sterk bevraagtekening deur die rektor) vir Afrikaans se hoër funksies, lyk dit asof die enigste ware uitweg uiteindelik 'n Afrikaanse universiteit sal wees. Die taal is op baie ander vlakke nog springlewendig en daar word entoesiasties in die taal feeste gehou, saam gedebatteer en gesing

en in populêre trant gepubliseer, maar die toekoms vir die hoër funksies van die taal lyk bedroewend. Wat die taal self betref, sal elke individu oor sy eie bydrae moet oordeel en besin. Afrikaanse boeke, kuns en musiek sal op positiewe wyse gesteun moet word en die taal vriendelik gemaak moet word deur so wyd moontlik kontak te maak en in te sluit. Deur ook bedag te wees op wat Afrikaans vir ander kan doen en beteken, kan die oorlewing van die taal versterk en die toekoms daarvan rooskleuriger gemaak word.

Die veranderde demografie van wie almal die taal praat en veral die toenemende vasskop, bevraagtekening en afwysing van Standaardafrikaans deur die meerderheid van sy sprekers bring na vore die vaste wete dat Kaapse Afrikaans die voorland van die taal is. "Deftige" of "suiwer" Afrikaans sal sneuwel weens die al kritieser bevraagtekening van die tans gereguleerde, aanvaarbare gebruiksvorm van "behoorlike" gesproke Afrikaans en sal onafwendbaar die omhelsing van 'n ander soort Afrikaans beteken. Die handhawing van Standaardafrikaans lyk na weinig meer as 'n al futieler-wordende gespartel om die hoër funksies van die taal te laat voortbestaan. Dalk lê daar vir Afrikaans 'n nuwe ommekeer voor in iets vreemder en eenvoudiger, maar beslis meer demokraties. Dit sal verander in hoe die meerderheid van sy sprekers Afrikaans sal en wil praat. Gaan dít die geskiedenis van Afrikaans wees – vanaf "kombuistaal" tot verhewe akademiese taal en weer terug in die hand, hart en mond van diegene teenoor wie apartheid-Afrikaans soos kombuisslawe opgetree het? Sal Afrikaans van sy wit verhewenheid (ook sy Standaardafrikaans) afgedwing word deur die meerderheid van wie dit praat? Kaapse Afrikaans lyk onafwendbaar, omdat dit die variant is wat deur die meeste Afrikaanssprekendes in die land gepraat word, of ten minste 'n heel andersklinkende Afrikaans as waaraan sy wit sprekers tot nog toe gewoond was. Dalk iets soos: "Ek's oorie veld en ampe byrie hys. Klein hondjie kom van nêrens af en begin blaf. As klein hondjie soe begin blaf, dan kom'ie groot hone gewoonlik agtena, ek skrie vi hom: 'Jou mase …' en skop en gly ampe. 'n Mooi meisie kom veby my gehaloep innie rien. Ek's bly 'it rien te ha vi haa om te sien ek baklei mette klein hondjie innie rien. Ek haloep verbyrie skool, ommie drai, in my

pad, sopnat. Die tikkoppe het ’n moerse bonfire gemaak inne oil drum.” (Trantraal 2016:15) Word Afrikaans werklik êrens ‘korrek’ gepraat deur wit, swart of bruin? Dalk is die belangrikste les te leer uit die US-taalstryd: “Taal is mens wees, maar dit mag nie jou menswees bepaal nie” (Cupido 2016:10). Die sleutel is waarskynlik om die “obsessie oor oorlewing” eenkant te skuif en Afrikaans voluit te laat leef en die taal met almal wat dit praat te geniet (Van der Westhuizen 2017:8). Die versterkende argument vir Afrikaans is dat dit nie net as middel gebruik is om te onderdruk nie, maar ook ontstaan het as verset teen imperialisme. Deur die taal behoort die Afrikaanssprekendes blyke te gee dat hulle die dilemma van die werkloses en armes wat sukkel om siel en liggaam aan die lewe te hou, beroof en verkrag word en familielede deur moord en doodslag verloor, begryp en met empatie bejeën. Die taal moet plesier gee en droefheid uitdruk en altyd weer bemoedig en besiel.

Wat vir Afrikaans wel ’n ligpunt kan wees, is die feit dat alle leerlinge vanaf 2018 in graad 1 ’n Afrikataal as deel van die skoolkurrikulum in staatskole sou begin moet neem en teen 2029 sal alle leerlinge van graad 1 tot 12 ’n Afrikataal leer. Dit vorm deel van die Toenemende Inleiding van Afrikatale Strategie (Tias) waarvan die verklaarde oogmerk is om meertaligheid ter wille van sosiale kohesie te bevorder deur beter begrip vir mekaar aan te wakker. Die strategie sal onder andere wees om Afrikatale as huistale te versterk (Kruger2017a:2). Navorsing het getoon dat Suid-Afrika se eertydse tweetalige opset (ten spyte van Soweto 1976) tog tweetaligheid bevorder het, “linguistiese burgerskap gekultiveer en sosiale kohesie onder bepaalde sektore van die bevolking bewerkstellig” het. Theo Plessis is van mening dat Tias dieselfde kan vermag “mits die drietaligheidsverpligting proaktief ingevoer en nie as strafmaatreël toegepas word nie” (Theo du Plessis 2017:6).

Die ANC is kennelik aan die verswak en hopelik sal ’n nuwe bedeling die Grondwet sterker beskerm en toepas en die bepalings daarvan (ten spyte van kritiese bejeëning deur selfs sekere regskenners) oor moedertaalonderrig volgens reg behandel. Vir Afrikaans *la luta continua,* maar hopelik met ’n vriendeliker aanskyn.

Word die "grafkelder" van Afrikaans dalk 'n "kraamkamer", siende dat die taal het nog altyd onder druk beter presteer het, was Flip Buys se vraag (Buys 2017:4). Hy het geglo die taal sal al hoe meer "privatiseer" en verwys na die Verenigde Nasies se ontwikkelingsprogram wat verklaar: "As die geskiedenis van die 20ste eeu iéts bewys, is dit dat pogings om kultuurgroepe weg te wens eerder 'n lewenskragtige kulturele herlewing ontlok." (Buys 2017:4)

# BRONNELYS


Afrikaner. 2010. Toekoms van taal nie in Stellenbosch. *Die Burger* 15 Maart:12.

Alumnus en personeellid. 2012. Maak US-fakulteit ’n tuiste vir almal. *Die Burger* 18 April:8.

Anoniem. 2016. Nee vir Afrikaans. *Volksblad* 15 Junie:8.

André, ? 2011. Stellenbosch, Maties se “taalreëls sienderoë vertrap”. *Die Burger* 9 November:11.

Anthony, E. 2016. ‘Afrikaans moet ankertaal wees’. *Volksblad* 25 April:2.

Azzakani, R. 2010. FW fouteer deur rektore nie na taalberaad te nooi nie. *Die Burger* 18 Januarie:2.

2010a. De Klerk stel Botman gerus oor motiewe met taalberaad. *Die Burger* 19 Januarie:2.

2010b. ‘Nee’ vir FW se beraad. *Die Burger* 23 Januarie:1. [Op voorblad in groot opskrifte.]

Barnard, M. 2009. Regering ‘moet ingryp oor taal’. *Die Burger* 6 Mei:4.

Barnard, M. & Van Rensburg, A. 2015. Vergeet Afrikaans se Maties. *Volksblad* 14 November:2.

Bergh, I. 2015. Betaaldag vir voorgeslagte se rassisme. *Volksblad* 23 November:6.

Bezuidenhout, D. 2015. Gordonsbaai Afrikaans is net die simbool vir iets anders. *Rapport Weekliks* 29 November 2010:10.

Bigalke, I. 2009. Nie die dát nie, maar die hóé van taal-stryd. *Die Burger* 17 Junie:4.

Blackface. 2016. Buiteblaf oor e-pos. Ander heenkome vir US se Siener de Villiers. *Volksblad* 22 Februarie:6.

Blackface – Wikipedia.https://en.wikipedia.org. Toegang op 2016/03/26.

Blaine, S. 2006. Afrikaans should be kept. *Business Day* 13 February:3.

Bloomberg, ? 2015. SA ‘het hulpbronne nodig’ vir gratis universiteitsonderrig. *Volksblad* 29 Oktober:2.

Boesak, A. 2017. 1994 was ’n pakt van elites. *Die Burger* 20 Augustus:2.

Bosman, J. 2015. Ons is nie meer taal se vyand – stilswye is. *Beeld* 15 Oktober:1.

Bosman, J. & Steward, D. 2009. Transformeer in Afrikaans. *Die Burger* 9 Junie:9.

Botha, J. 2006. US moet staan vir baie idees. *Die Burger* 17 Maart:17.

Botha, J. 2006. Lynnwoodrif. Anderstaliges kan maar gerus ook hier aanpas. *Rapport* 7 Mei:19.

Botha, R. 2010. Engels is nié die voertaal in Nederland. *Rapport Weekliks* 29 November:10.

Bothma, P-S. 2006. Tyd vir ’n skietstilstand. *Rapport* 23 April:17.

Botman, R. 2009. Afrikaans sal bly staan. *Die Burger* 23 Mei:13.

2009a. Minder wit Afrikaners gaan studeer. *Rapport* 7 Junie:20.

2009b. Stellenbosch moet staan vir idee van hoop en geregtigheid. *Rapport* 11 Oktober:2.

2010. Die stand van Afrikaans aan US. *Die Burger* 20 Maart:15.

2010a. US: Afrikaans se toekoms. *Die Burger* 14 Julie:13.

2011. So help US Afrikaans. *Die Burger* 30 April:17.

Brand, G. 2006. Hoe gemaak met die taaltameletjie? *Die Burger* 11 Januarie:12.

2009. ’n Raadsbesluit met ’n Janusgesig. *Die Burger* 7 Maart:15.

Breytenbach, B. 2016. ‘Tragies om u so te sien spartel’. *Volksblad* 27April:9.

Breytenbach, J. 2016. Groep na hof oor US en Afrikaans. *Beeld* 1 Oktober:8.

Breytenbach, K. 2006. 44% of Maties council candidates want Afrikaans campus. *Cape Times* 20 March:3.

2006a. Pro-Afrikaans wins by a landslide in Maties poll. *Cape Times* 27 March:1.

Bruwer, R. 2010. Afrikaans in ‘waakeenheid’. *Volksblad* 24 Junie: 7.

Burger, A. 2016. Maties se ‘Parlement’ ontwrig oor EFF voel dis gans te wit. *Rapport* 21 Februarie:4.

2016a. US se rekord bring onsekerheid. *Rapport* 26 Junie:6.

2016b. Hou SR-verkiesing eis AfriForum by US. *Rapport* 14 Augustus:4.

2017. Volwaardige aanbod’ van Afrikaans geëis. *Rapport* 22 Januarie:7. [Met foto van Marais.]

2017a. Moet nie veg net vir Afrikaans, sê prof. *Rapport* 30 April:4.

Burger A. en Malan P. 2016., Afrikaans nie gelyk aan Engels by US. *Rapport* 22 Mei:2.

Buys, F. 2017. Grafkelder word kraamkamer. *Rapport Weekliks* 23 Julie:4.

Calland, R. 2015. Student protest signals a sea change for SA. *Mail & Guardian* 6–12 November.

*Cape Times*, 2009. The English language is like monster trucks which threaten Afrikaans, Maties alumni are warned. *Cape Times* 11 December:3.

Carstens, W. 2015. Dit is nie my skuld dat ek wit is en ’n man nie. *Rapport* 4 Oktober:7.

Christof, A. 2010. Skep eerder ruimte vir hooftale om te groei. *Beeld* 1 September:17.

Cloete, C. 2006. Neokonserwatiewe aanslag op die psige. *Die Burger* 30 Maart:18.

Cloete, F. 2006. Taal-protestering is naïef. *Die Burger* 4 April:10.

2006a. Luister ’n bietjie na wat dié Stellenbossers oor taal te sê het. *Rapport* 16 Julie:19.

2009. Drukgroepe by US kontra-produktief. *Die Burger* 16 Junie:9.

Coetsee, W. 2006. Hermanus. *Die Burger* 29 Maart:16.

Coetzee, G. 2009. Eis Afrikaans-regte op, sê FW. *Volksblad* 16 Junie:1.

2017. Lesse van die HuffPost-geval. *Volksblad* 27 April:6.

Croucamp, P. 2016. Taalbloed aan mure. *Beeld* 21 April:8.

Cupido, S. 2016. Taal bepaal nie jou menswees. *Rapport Weekliks* 26 Junie:10.

Dawie, 2009. US se taalbesluit bring die uitdaging. *Die Burger* 28 Februarie:20.

2010. Etniese tamboerslaners laat Afrikaans skade ly. *Die Burger* 30 Januarie:14.

2010a. Tolkdiens kan beslis baie besware besweer. *Die Burger* 2 Oktober:14.

2015. Laat US oop kaarte speel. *Volksblad* 17 November:6.

De la Bat, H.C. 2006. *Die Burger* 17 Maart:17.

De Klerk, F.W. 2009. Taaldebat: FW sê daar is werk, maar … Bêre die lang messe. *Rapport* 28 Junie:17.

De Klerk, S. 2015. Afrikaanses moet vir regte dinge opstaan. *Volksblad* 4 September:6.

De Lange, E. 2016. Tree ook op teen 'Whiteface'. *Volksblad* 13 Februarie:6.

De Stadler, L. 2009. Die A, B en C van US-taalplan. *Die Burger* 20 Junie:17.

De Vos, P. 2011. Raak liefs kwaad oor ware ongeregtigheid. *Rapport* 20 November:2:2.

De Vries, A. 2006. Watter beeld het US? *Die Burger* 5 Junie:10.

2006a. Kampus-taaldebat in 'n neutedop. *Beeld* 21 Augustus:13.

2012 Sonder my taal is ek niks, sê Rabie tereg. *Die Burger* 29 Februarie:9.

2016. Dié vandalisme is 'donker spore'. *Rapport Weekliks* 28 September:10.

De Wee, M. 2012. Taalplan 'werk van fanatikus'. *Die Burger* 2 April:1.

De la H Hertzog, E. 2008. 'Gee taalkaptein van Maties 'n kans'. *Die Burger* 26 April:19.

Maties wil Afrikaans verder uitskuif. 2012. *Die Afrikaner* 12 April.

*Die Burger*, 2006. Stellenbosch. *Die Burger* 29 Maart 2006:10.

2006a. Wyse besluit. *Die Burger* 17 Mei 2006:16.

2006b. Taal-verlies. *Die Burger* 19 Junie 2006:14.

2006c. US-Afrikaans. *Die Burger* 3 Julie 2006:10.

2009. US se besluit oor sy voertaal. *Die Burger* 25 Februarie 2009:16.

2009a. Taalraad verwelkom US se nuwe strategie. *Die Burger* 9 Maart 2009:4.

2009b. Dialoog die weg uit US-taalgeveg. *Die Burger* 15 Junie 2009:14.

2009c. Taalraad hou 'vrugbare gesprek' oor Afrikaans. *Die Burger* 24 Junie 2009:2.

2009d. iMag sorg vir groot sprong vir tale in SA. *Die Burger* 22 Augustus 2009:9.

2010. Rektore en die FW-taalgesprek. *Die Burger*, 15 Januarie 2010:10.

2010a. Nuwe gesprek oor Afrikaans. *Die Burger* 18 Januarie 2010:8.

2010b. Vredenheim se uitdaging vir taal. *Die Burger* 28 Januarie 2010:18.

2010c. Uitnodiging aan US- raadskandidate om hulle standpunte te stel. *Die Burger* 12 Maart 2010:3.

2010d. Die nuwe raad by Maties. *Die Burger* 1 April 2010:22.

2010e. Afrikaanse energie. *Die Burger* 20 April 2010:10.

2010. Dink vir jouself, Malmesbury. Agterstand sonder 'n Afrikaanse US. *Die Burger* 17 Maart 2010:13.

Dommisse, E. 2015.Plig teenoor 'n nasionale bate. *Volksblad* 27 November:10.

Du Plessis, J. 2006. Strand. *Die Burger* 29 Maart:16.

Du Plessis, Theo. 2014. So sê beleid oor hoër onderwys. *Volksblad*, 3 Oktober:9.

2015. Blade 'maak' lengliesjh' taal van SA universiteite. *Volksblad* 24 Augustus:6.

2017. Verpligte Afrikatale: Leer uit ons verlede. *Volksblad* 7 Julie:6.

2017a. Dan maak Grondwet nie sin oor taal nie. *Volksblad* 25 Julie:6.

2018. Leefruimte vir Afrikaans. *Volksblad* 7 Maart:7.

Du Plessis, Tim. 2006. Dis oor taal, nie oor 'n Ugandees. *Rapport* 3 Desember:22.

2015. Moenie vra vir wie die klok lui. *Rapport Weekliks* 25 Oktober.

2015a. Moord op Afrikaans kan nooit reg wees nie. *Rapport Weekliks* 22 November:6.

2016. Breyten help om raserny te stuit. *Rapport* 24 April:6.

Du Preez, M. 2006. Save Stellenbosch from 'neo-Afrikaners'. *The Star* 9 March:4.

Du Preez, M. & Bosman, J. 2015. 'Ons het weer begin laer trek'. 'Ons is nie taal se vyand – stilswye is'. *Volksblad* 26 Oktober:7.

Du Preez M. & Smith, C. 2015. Goedkoop populisme' of nie". *Volksblad* 8 September.

Du Toit, E. 2017. Appèl is 'keerpunt vir tale'. *Volksblad* 17 Februarie:1.

Du Toit, J.B. 2009. Afrikaanses moet praat oor US. *Die Burger* 5 Mei:8.

2009a. Hoe voel jeug oor Afrikaans as universtiteitstaal? *Die Burger* 26 Oktober:2.

2010. 'Kernopdrag' moet in moedertaal wees. *Die Burger* 11 Maart:13.

Du Toit, K. 2006. Stellenbosch. *Die Burger* 20 Maart:10.

2006a. Taal, kultuur bly ankers. *Die Burger* 29 Maart:16.

Du Preez, M. 2006. Save Stellenbosch from 'neo-Afrikaners'. *The Star* 9 March:4.

Du Preez, M. en Smith, C. 2015. 'Goedkoop populisme' of nie". *Volksblad* 8 September:7.

Du Toit, P. 2009. Tersiêre instellings 'moet nou verander'. *Die Burger* 11 Junie:2.

Du Toit, P. & Rademeyer, A. 2009. DA stuur brief aan Pandor oor Afrikaans. *Beeld* 18 April:5.

Esterhuyse, W. 2006. Debat is olie op politieke glybaan. *Die Burger* 13 Junie:11.

2009. *Die Burger* 7 Mei:12.

2010. Taaltwis simptoom van pynlike proses. *Die Burger* 24 Maart:14.

Eybers, Johan. 2017. Slim Wim het Tim in trane. *Rapport* 27 November:3.

Felix, J. 2015. Engels bly eers die hooftaal, se Blade. *Volksblad* 21 Augustus:7.

Ferreira, A. 2006. Durbanville. *Die Burger* 31 Maart:14.

Fourie J. blog 2015. (TimesLIVE – Print article. http://timesslive.co.za/thetimes/20/14/11 Accessed 28/08/2015.

2015a. US moet beste ter wêreld lok. *Rapport Weekliks* 22 November:5.

Fourie, M. 2009. Nuwe denke om US-beleid uit te voer. *Die Burger* 10 Oktober:6.

Fourie, O. 2015. Taal ook van kulturele belang. *Volksblad* 30 November:6.

Froneman, J. 2016. Die joernalistiek bly onontbeerlik. *Volksblad* 28 November:6.

Gaum, A. 2009. Beskerm liewer Afrikaans se vaste staanplek op kampus. *Rapport* 10 Mei :2.

2011 Ons ruik lont, professore. *Die Burger* 15 November:11.

2011a. Rhoda Kadalie. *Kerkbode* 2 Desember:18.

Gerber, J. 2010. Giliomee wil eerder praat as in hof baklei. *Die Burger* 20 April:6.

2015. ANC gooi wal in debat oor klasgeld. *Volksblad* 29 Oktober:2.

Germishuys, G. 2015. AfriForum wil studente selfverdediging leer. *Volksblad* 8 September:7.

Germishuys G. en Van den Berg, S. 2015. Stryd teen taal, 'wit mans' feller. *Volksblad* 3 September:1.

Gerwel, J. 2006. Die taaldebat wemel van misverstande. *Rapport* 11 Junie:18.

Giliomee, H. 2006. Studente kan nie veg. *Volksblad* 11 Januarie:8.

2006a. Dit is 'n laaste opsie. *Die Burger* 15 Februarie:13.

2006b. Maak die sittings van die US-raad oop. *Die Burg*er 9 Maart:19.

2006c. Taaldebat vra eerlikheid, integriteit. *Die Burger* 18 Mei:12.

2006d. Stellenbosch on horns of dilemma over Afrikaans. *Sunday Independent* 16 July:8.

2006e. 'Wat is ons? Wie is ons deesdae? *Beeld* 21 September:18.

2009. Beslissende vraag wag vir die US. *Die Burger* 23 April:17.

2009a. Alles nou weer 'n rassekwessie. *Rapport* 14 Junie:17.

2009b. A deadly war of languages. *Mail & Guardian* 8 October:19.

2010. Rampspoed van Matie-taal. *Rapport* 20 April:25.

2010a. Só is US se hekkie vir Engels geopen. *Die Burger* 11 Maart:15.

2015. 'n Roemlose Kapitulasie. *Volksblad* 29 November:2.

2017. *Herman Giliomee: Historikus – Outobiografie van 'n Afrikanergetuie*. Kaapstad: Tafelberg.

2017a. Skande dat US verengels. *Volksblad* 19 Julie:9.

Gouws, A. 2010. Die US-taaldebat en multikulturalisme. *Die Burger* 4 Maart:14.

2015. Ons behoort na jonges te luister. *Volksblad* 8 September:6.

2016. Universiteite is nie besighede. Vlugskrif 20 April 2014. www.netwerkgev. Toegang 16/05/2016.

Govender, P. 2006. 'Easy' Afrikaans chosen over African languages. *Sunday Times* 22 October: 6.

Grové, N. 2006. As ons mense se tale steel, steel ons ook hulle toekoms. *Beeld*, 2 Mei:13.

Hambridge, J. 2010. Afrikaans: 'Ooms' en 'tannies' het 'n punt beet. *Die Burger* 20 Februarie:11.

Hattingh, J. 2015. Dis nie Afrikaans se dood. *Volksblad* 17 November:10.

2015a. Dié akademici se steun verbaas nie. *Volksblad* 1 Desember:2.

Heese, M. 2009. US-raad besluit Mei oor taalbeleid. *Die Burger* 6 Maart:13.

2009a. Maties se leierskorps trap in al die bestuurslaggate. *Rapport* 27 September:2.

2010. Empowerment through language is rife in all sectors of our country. *Cape Times* 12 March:11.

2011. Taal op Maties. Ouma Heese 'strip' haar moer. *Die Burger* 13 November:3.

2011a. Om in jou taal te leer. *Die Burger* 23 Desember:13.

Hertzog de la H, E. 2008. Gee taalkaptein van Maties 'n kans. *Die Burger* 26 April:19.

2010. Taalproses loop van bo na onder. *Die Burger* 18 Maart:19.

Heunis, J. 2011. Hou op skel en kyk wat se Grondwet oor taal. *Rapport* 27 November:2.

Heydenrych, C. 2010. Werp meer lig op verengelsing. *Die Burger* 31 Maart:10.

2016. US-bestuur maak hulself verdag. *Rapport Weekliks* 28 Februarie:10.

Jacobs, D. 2015. Taalkwessie verg groter omsigtigheid. *Volksblad* 20 November:6.

Jansen. J. 2006. Afrikaanspraters voer oop gesprek. *Rapport* 23 April:6.

2009. 'Roodt is sleg vir die taal'. *Rapport* 7 Junie:20.

Jansen J. en Burger, A. 2016. Maties geskors oor 'blackface'. *Rapport* 7 Februarie:2.

Janse van Rensburg, A. 2015. NC wil self by US ingryp. *Volksblad* 27 Augustus:7.

2015a. 'Ons wen', se drukgroep oor taal. *Rapport* 4 Oktober:4.

2015b. US-bestuur sal voortgaan om Engels in 2016 uit te brei'. *Beeld* 8 November:4.

2015c. Stellenbosch se raad 'n "white boys' club". *Volksblad* 2 Desember:9.

2015d. #FeesMustFall vergelyk met IS. *Volksblad* 3 Desember:7.

2016. Open Stellenbosch: 'Ons is jammer oor misverstand'. *Volksblad* 9 Februarie:3. [Met belangrike foto.]

2016a. US gee toe oor Afrikaans. *Volksblad* 13 Februarie 2016:4.

2016b. US wag vir kommissaris oor toepassing van beleid. *Die Burger* 15 Maart:6.

2016c. US se konsepbeleid 'moet groter inklusiwiteit aanmoedig'. *Volksblad* 24 Maart:7.

2016d. Breyten lei drukgroep oor US-taal. *Beeld* 14 April 2016:8.

2016e. US was 'reg' om eie taalbeleid te oortree. *Volksblad* 12 Mei 2016:1.

2016f. US se finale konsep oor taalbeleid gereed. *Die Burger* 23 Mei 2016:4.

2016g. US-taalplan stel talle groepe nie tevrede. *Die Burger* 31 Mei:3.

2016h. US-taalbeleid: Meerderheid in senaat stem ja. *Die Burger* 10 Junie:2.

2016i. US kies Engels, *Die Burger* 23 Junie:3.

2016j. Dink mooi of jou kinders Maties moet wees, sê Wannie. *Volksblad* 24 Junie:7.

2016k. US 'bestee steeds ekstra geld aan taal'. *Volksblad* 24 Junie:7.

Janse van Rensburg A. & Nel, C-A. 2016. Dubbele slag vir Afrikaans. *Die Burger* 22 Junie: 2.

Jeffreys, H. 2010. US kry 'n stofsuier-leier. *Beeld* 24 Februarie:18.

John, P. 2006. In diens van vandag se magsbelange. *Beeld* 8 Mei:13.

Jones, M. 2012. Row over report sparks call to resign. *Cape Times* 3 April:5.

Jongbloed, Z. 2006. Debat oor T-opsie moenie seermaak nie. *Die Burger* 22 Februarie:12.

2010. Debat oor Afrikaans is groter as Stellenbosch. *Die Burger* 5 Junie:10.

Jordaan, W. & Joubert, J-J. 2006. DA ontken Leon misbruik Afrikaans. *Die Burger* 17 Februarie:7.

JS. 2010. Taal-briewe oor US raak nou afgesaag. *Die Burger* 5 Julie:10.

Kapp, P. 2010. As die hekke vir Engels op Stellenbosch oopgaan. Afrikaans al hoe meer teruggeskuif. *Die Burger* 18 Maart:19.

2011. Taalmodel nie gesond. *Die Burger* 8 Junie:13.

2014. *Kaap se Maties en Afrikaans, 1911-2011*. Kaapstad: Maroela Media 2014.

Kok, M. 2010.Afrikaans is net die simbool vir iets anders. *Rapport Weekliks* 29 November:10.

2014. *Kaap se Maties en Afrikaans*, *1911-2011.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Krige, I. 2010. Verslag dui op onmiddellike behoefte aan tolkdienste by US. *Die Burger* 2 Oktober:1.

2011. 'Afrikaans se dood sal taalbulle se skuld wees'. *Die Burger* 9 November:4.

2011a. Mosie is 'n 'aanklag een US se bestuursintegriteit'. *Die Burger* 11 November:4.

2011b. Tolkdiens is 'n oplossing vir US sê regskenner. *Die Burger* 11 November:11.

2011c. Maties sê ja vir Afrikaans in lesingsale. *Die Burger* 11 November:4.

2011d. Maties stel besluit oor taalbeleid uit. *Die Burger* 1 Desember:4.

2011e. T-opsie 'waarborg nie 59% Afrikaans'. *Die Burger* 10 Desember:4.

2012. Verslag 'moedig gesprek aan'. *Die Burger* 3 April:4.

2012a. Verleentheid is al wat oorbly ná taalverslag. *Die Burger* 25 April:7.

Kgosana C. 2010. Nzimande tackles Stellenbosch over use of Afrikaans. *Cape Times* 26 March:5.

2017. Boesak: 1994 was 'n pakt van elites. *Cape Times* 20 Augustus:2.

Koopman, N. 2006. 16 Junie het ook Afrikaans bevry. *Die Burger* 15 Junie:24.

Kotze, JC. 2006. US se raadslede moet sê. *Die Burger* 31 Maart:14.

Kriel, K. 2018. Kalie Kriel, Constitutional Court tangled up in racial ideology. *News 24*, 15 Januarie 2018.

Kruger, C. 2008. Afrikaans raak op tersiêre vlak agter. *Rapport* 19 Oktober 2008:12.

2010. Taal en geld hou US wit. *Rapport* 28 Maart:13.

Kruger, H. 2017. Afrikaans het nog net 8 jaar by universiteite. *Volksblad* 28 Februarie 2017:2.

2017a. Afrikataal deel van leerplan. *Volksblad* 7 Julie:2.

Kruger, I. en Venter, M. 2010. Afrikaans-groep slaan slag in die verkiesing van Maties-raad. *Die Burge*r 31 Maart:1.

Lubbe, J., Moll, J. & Du Plessis, T. 2011. Taalaktivisme en moedertaalonderwys in Suid-Afrika: 'n analise van gedrukte mediadekking tussen 1976 en 2005. *Acta Academica*, *Supplementum*, 1. SUNMedia, Bloemfontein, 2011.

Landman JP. 2006. Keuse lê nie tussen Afrikaans of tweetaligheid. *Die Burger* 12 Julie:14.

2010. Afrikaans op Maties: Dis die demografie! *Die Burger* 28 Januarie:18.

Landman, R. & Le Roux, M. 2006. Loop risiko met vertroue. *Rapport* 12 Maart:17.

Le Cordeur, M. 2009. ATR sal nie dié tree terug neem. *Rapport* 14 Junie:17.

Le Roux, A. 2015. Ons muf in dié klein dampkring. *Volksblad* 30 November:6.

Le Roux, P. 2011. ’n Engelse Matieland sou Manyi bly maak. *Die Burger* 6 April:14.

Le Roux, ?. 2006. Bloedjong student. *Die Burger* 13 Mei:18.

Lochner, J. 2012. Bewaar so ’n kosbare erfstuk. *Die Burger* 24 Mei:14.

Loots, S. 2015. Rassisme gaan oor meer as bloot Afrikaans. *Rapport* 6 September:6.

2015a. Thomas-idees hoort lankal nie meer in SA. *Rapport* 18 Oktober:6.

2015b. Wees eerlik oor wat op die spel is in die taaldebat. *Rapport Weekliks* 29 November:6.

2016. Is Slim Wim dan eintlik Slinkse Wim. *Rapport* 7 Februarie:6.

2016a. Beheerrade moet hoop en rigting bied. *Rapport Weekliks* 26 Junie:6.

2016b. Prof. Wim, Plaasman wag op ’n antwoord. *Rapport Weekliks* 24 Julie:6.

2017. Laat ‘Die ander kant’ US se rektor koud? *Rapport Weekliks* 19 Maart:6.

Maarman, J. 2006. ’n Rapport vir Maties se rektor. *Die Burger* 9 Julie:18.

2009. Botman sal nie bedank. *Rapport* 14 Junie:2.

2010. FW se peper in die neus laat my nies. *Rapport* 31 Januarie:16.

2011. Spiritus op die US se taaltoon. *Die Burger* 21 November:12.

Maarman J. & Malan, M. 2010. FW de Klerk in warm taaltwis. *Rapport* 27 Januarie:1.

Malan, C. 2006. Regte en Respek. *Beeld* 23 Maart:30.

Malan, M. 2006. Rektor los bom oor taalstryd. *Rapport* 12 Maart:16.

2006a. Ek lees nie twak nie, sê Breyten oor Brink-boek. *Rapport* 23 April:8.

2006b. Engels ‘g’n nodig’ vir akademiese prestasie. *Rapport* 11 Junie 2006:4.

2006c. Staat, akademie gekap oor eie tale. *Rapport* 3 September:11.

2008. Maties knoop weer die stryd om Afrikaans aan, *Rapport* 10 Februarie:2.

2009. Maties kies ‘onbeskaamd’ Afrikaans’. *Rapport* 8 Maart:13.

2009a. ‘Los US-taalsake nou uit’. *Rapport* 30 Augustus:8.

2009b. Jannie Mouton bedank oor US 'te wit, Engels' word. *Rapport* 20 September:10.

2009c. Mouton sê hoekom loop hy by US. *Rapport* 18 Oktober:2.

2010. Titaniese stryd woed by Maties. *Rapport* 7 Maart:6.

2010a. Afrikaans by Maties word dalk binnekort hofgeding. *Rapport* 14 Maart:10.

2010b. Maties: strateeg voor stok. *Rapport* 11 April:14.

2010c. Taalbeleid by US is 'onreëlmatig'. *Rapport* 18 April:8.

2011. Gee terug ons taal. *Rapport* 6 November:1.

2011a. Stellenbosch vat nie taalklagtes ernstig op nie. *Rapport* 6 November:4.

2011b. Afrikaans verdwyn sonder monitering. *Die Burger* 8 November:2.

2011c. Matie-rektor reik die hand. *Rapport* 13 November:10.

2012. Laai US-raad met Taalbulle, vra Giliomee. *Rapport* 12 Februarie:4.

2012a. Verkiesing gee Afrikaans hupstoot aan Maties. *Rapport* 18 Maart:10.

2012b. 'Maties se Tygerberg-kampus moet Engels word'. *Rapport* 1 April:14.

2012c. Nie so erg, paai US ná taalherrie. *Rapport* 8 April:8.

2012d. Maties-verslag oor diversiteit loop deur. *Rapport* 15 April:6.

2012e. Maties beplan minder Afrikaanses in koshuise. *Rapport* 13 Mei:9.

2013. US-storm broei oor koshuise. *Rapport* 31 Maart:13.

Malan, P. 2009. *Rapport* 4 Oktober:2.

2012. Kadalie moes soms 'langer rondhang.' *Rapport* 15 April:5.

2015. US-fakulteit oorweeg Engels as verstektaal. *Rapport* 14 Junie:8.
[Met foto's van Hatting en die dekaan.]

2015a. Veiligheid bekyk vir studente in tye van protes. *Rapport* 6 September:4.

2016. Regsaksie by Maties dreig oor Engels in die klasse. *Rapport* 31 Januarie:1.

2016a. Studente hof toe oor Afrikaans. *Rapport* 7 Februarie:7.

2016b. Afrikaans by US kry nog steun van gesienes. *Rapport* 4 April:2**.**

2016c."Koppe moet rol by Maties' oor taal". *Rapport* 13 Maart:2.

2017. Maties en taal: 'Dink weer'. *Rapport* 22 Januarie:7.

2017a. De Villiers en kie 'mislei Maties-raad'. *Rapport* 6 Augustus:2.

2017b. 'Engels is maklikste, sê prof. Wim lankal. *Rapport* 13 Augustus:6.

2017c. Taal: 'Luister na studente'. *Rapport* 12 November:2.

Malan P. en Rooi J. 2015. Die rektor vs. US se raad. *Rapport* 15 November:6.

*Mail & Guardian,* 2009. Language of division and diversion. 15 October:21.

Maluleke, T. 215.We should all follow Biko's teachings. *Mail & Guardian* 2-3 October:21.

Mangxamba, S. 2006. Fears for Afrikaans over Maties review. *Cape Argus* 23 May:6.

Marais, A. 2016. Maties se SR steeds kleurblind. *Volksblad* 10 Februarie:7.

2016a.'Blackface': Katgeveg begin nou. *Volksblad* 16 Februarie:2. [Met foto van die twee studente.]

2016b. Smorenburg 'wou net help dat situasie nie vererger'. *Volksblad* 17 Februarie :2.

2016c. 'Taalbeleid word vanjaar hersien'. *Die Burger* 18 Maart:12. [De Villiers, professor Koopman waarnemende rektor van maatskaplike impak, Yvonne Phosa, ANC-LP en voorsitter van die portefeuljekomitee, verskyn op 'n foto by die berig.]

2016d. 'Verkeerde persepsie van Afrikaans bestaan. *Die Burger* 18 Maart:13.

2016e. Konsepbeleid wil Afrikaans net 'handhaaf' en nie meer 'beskerm'. *Die Burg*er 23 Maart:4.

2016f. 'US water só Afrikaans af'. *Die Burger* 2 April:6.

Marais, W. 2016. 'Blackface': Rashisterie in SA raak banaal. *Volksblad* 10 Februarie:6.

Maree, J. 2010. Matie-besluite oor Afrikaans moet in howe beveg word. *Rapport* 14 Maart:2.

Maties, J. 2016. Wolhaar Wim moet begin pa staan. *Volksblad* 16 Januarie:6.

2016a. 'Jannie Jammergat' is 'n regte boelie'. Debat op Netwerk24. *Volksblad* 18 Februarie:6.

Meyer, W. 2010. Afrikaans is a national asset, says Nzimande. *Cape Argus* 29 February:7.

Mkhwanazi, S. 2014. Maties 'need makeover'. *The New Age*. 3 March:7.

Moses, S. 215. Betoging op Stellenbosch-kampus vreedsaam. *Volksblad* 2 September:2.

Msila, V. 2015. Remembering Biko again: What have the youth learnt? *The Star* 11 September 2015:15.

Mulder, P. 2015. Minderheid deel van die meerderheid. *Rapport* 2 Mei 2015:9.

2015a. Minderheidsregte is 'n moderne begrip'. *Rapport* 10 Mei:9.

Naidoo, P. Crisis opens up crucial transformation debate. *Mail & Guardian* 23–29 October:30.

Naudé, C.-P. 2009. Goeie bedoelings is geen verweer teen slegte bestuur, prof. Botman. *Rapport* 18 Oktober:6.

2010. Want taal is verbeelding. *Beeld* 3 Maart:6.

2011. 'n Plek aan die magstafel. *Beeld* 27 November:16.

Nel, C.-A. 2012. De Villiers is ondermyn, sê Matie-akademici. *Volksblad* 3 Desember:7.

2015. Terugslag vir Afrikaans'. *Volksblad* 14 November:2.

2015a. Kollegas verstaan nie, sê Gouws. *Volksblad* 20 November:7.

2015b. Maties bly verdeeld na bekragtiging van taalbeleid. *Volksblad* 2 Desember:9.

Nel, C.-A. & Janse van Rensburg, A. 2015. Maties se top-akademici steun voorstel oor Engels. *Volksblad* 19 November:2.

Nel, J. 2016. Waar kom 'Blackface' vandaan. *Volksblad* 10 Februarie:7.

News24. 2017. UFS language policy is lawful, ConCourt rules. 29 December.

2018. Kalie Kriel, Constitutional Court tangled up in racial ideology. 15 January.

Nkosi, B. 2012. Stellenbosch faculty claims bullying over report. *Mail & Guardian* 25 April 2012:19.

2015. Government 'giving varsities less'. *Mail & Guardian* 23 to 29 October:8. [Met grafika.]

2015a. Student victory back to square one. *Mail & Guardian* 30 October to 6 November:9.

O'Connor, M. 2006. US-konvokasie beraam ander planne. *Die Burger* 6 Junie:4.

Oud-Matie Stellenbosch. 2013. Ruimte vir Afrikaans 'n mite. *Die Burger* 26 April:1.

Oosthuizen, N. 2009. Toekoms van Afrikaans by US 'meer somber as ooit tevore'. *Die Burger* 22 April:7.

Oppelt, P. 2010. Taal alive and well in new SA. *The Times* 26 January:6.

Otto, C. 2006. Hulle het alles veil vir die US. *Die Burger* 15 Maart:14.

Oubaas. Brackenfell, 2010. Taalstryd blyk ook magstryd te wees. *Die Burger* 17 Maart:13.

Pelser, W. 2014. Ontwerpte enersheid. *Rapport Weekliks*:6.

2015. Let's fight for Afrikaans. *Rapport* 9 Augustus:6.

2015a. Dis lomp, maar dit bring hoop. *Rapport Weekliks* 18 Oktober:6.

2016. Afrikaans privaat uitgebou as hy hier gesmoor is. *Rapport Weekliks* 26 Junie:6.

2016a. Kreatiewe oplossings nou nodig vir Afrikaans. *Rapport Weekliks* 24 Julie:6.

2016b. Stoompot ontplof, maar nie oor taal. *Rapport Weekliks* 25 September:6.

2017. Hand in boesem is hoe Afrikaans gedy. *Rapport Weekliks* 19 Februarie:11. Geredigeerde weergawe van sy Johan Combrink-gedenklesing op 16 Februarie.

Peyper, L. 2010. Botman maak sy stem dik in taalstryd. *Die Burger* 27 Januarie:2.

2010a. Drie los konvokasie. *Die Burger* 28 Januarie:2.

2010b. 'Uitreiking nodig oor Afrikaans'. *Die Burger* 29 Januarie:1.

2010c. Afrikaans op kampusse: so sê hulle. *Die Burger* 30 Januarie:5.

2010d. 'Engels verdring Afrikaans nie by US. *Die Burger* 24 April:2.

2014. Moenie dat inklusiwiteit diversiteit insluk nie. *Rapport* 8 Junie:6.

Phillips, A. 2006. Miskenning van taal trap op armes se regte. Uittreksel uit toespraak van die Afrikaanse skrywer Abraham Phillips op 1 September op die Stellenbosse beraad. *Die Burger* 6 September:14.

Pienaar-Brink, J. 2009. Afrikaans se saak groot skade berokken – rektor. *Beeld* 13 Junie:7.

Pike, D. 2017. Giliomee on Afrikaner identity in SA. *The Witness* 1 February:8.

Potgieter, S. 2016. Gesigte rooi na herrie. *Volksblad* 13 Februarie 2016:2.

2016a. US-herrie nie verby. *Volksblad* 16 Februarie:6.

Pretorius, C. 2006. 'The Taaldebat'. Ons en Brink. *Die Burger* 25 Maart:8.

Prince, L. 2009. Wit en bruin baklei oor Afrikaans. *Rapport* 7 Junie:8**.**

2017. 'Verraaiers lei land'. *Volksblad* 26 Junie:2.

Pro-Afrikaans, 2009. Wes-Kaap. US se taalstryd ontaard in sepie. *Die Burger* 12 Maart :14.

Pro-US-outonomie. 2012. Vir 'taalbulle' gaan dit om beheer van US. *Die Burger* 3 Januarie :8.

Quo vadis Afrikaans? 2009. 'Nuwe denke' is doodskus vir Afrikaans aan die US. *Die Burger* 24 Oktober:2.

Rabe, L. 2015. Stellenbosch staan vir 'n núwe idee. *Volksblad* 18 Desember:9.

Rademeyer, A. 2006. Vereniging verwelkom Mubangizi se onttrekking. *Beeld* 2 Desember:13.

2009. Afrikaans by Maties kwel onnies. *Beeld* 3 November:5.

2010. Meer Afrikaanses kort toegang tot universiteite. *Beeld* 28 Januarie:15.

2010a. 'Staat moet help met dié tale'. *Beeld* 9 Februarie:15.

2014. Maties se 2018-plan: 43% Engels. *Rapport* 30 Maart:8.

*Rapport*. 2009. Taal-bekgeveg. 7 Junie:20.

2010. Stoei, maar stoei saam oor taal. 17 Januarie:16.

2010a. Vredesheim vra nou eerlike dade. 31 Januarie:16.

2011. Hoofartikel: Dis nie te laat vir Afrikaans by US. 6 November:2.

2015. Hoofartikel: Taal: Die stryd om toegang sal feller word. 6 September:2.

2015a. Waarom is studente so kwaad? 18 Oktober:2.

2015b. Studente gooi hul eie granate. 25 Oktober:2.

2015c. Slim Wim het sy baas gevang. 15 November:2.

2016. Ons sidder oor situasie met taal by Maties. 7 Februarie:2.

2016a. Stryders vir Afrikaans moenie tou opgooi. 22 Mei:2.

2017. Hoofartikel: Maties; Só wen jy nie taalstryd. 20 Augustus:2.

2017a. Hoofartikel: Malema is reg – maak egter kru denkfoute. 26 November:17.

Reah, D. 1998. *The Language of Newspapers*. London/New York: Routledge.

Retief, H. 2010. Onderhoud met FW. 'Ek sou dit weer doen'. *Rapport* 24 Januarie:18.

2014. Retief gesels met Blade Nzimande. Sy lem is geslyp vir taal-misbruik. *Rapport* 3 Augustus:3.

2014a. Wat die Maties kort, is Wim. *Rapport* 14 Desember:12.

2015. US toon maar net simptome van tydsgees. *Rapport* 6 September:3.

2015a. Laat Engels band tussen studente word. *Rapport* 11 Oktober:3.

2015b. 'n Blik op ons toekoms. *Rapport* 25 Oktober:13.

2015c. Retief gesels met Marie Heese. *Rapport* 20 November:1.

2016. Pimpel en blackface. *Rapport* 21 Februarie:11. [Met foto van rektor.]

2016a. Soos 'n Breipaal bo water. *Rapport* 26 Junie:11.

2017. Maak-of-breek vir Afrikaans. *Rapport* 20 Augustus:11.

Roodt, D. 2009. Dis tyd vir logies besin. *Rapport* 7 Junie:20.

2016. Tyd om op te staan vir Afrikaans. *Die Burger* 22 Junie:3.

Roos, J. Moedertaal gee voorsprong. 2016. *Die Burger* 26 Maart 2016:6.

Rossouw, J. 2006. Kan Afrikaans weer seëvier in demokrasie? *Beeld,* 6 Julie:20.

2009. Dieselfde ou(taal)fout. *Beeld* 6 Junie:5.

2016. Moedertaal gee voorsprong. *Die Burger* 26 April:6.

Rossouw, D. 2016. Wat van al die Gavins. *Rapport Weekliks* 29 Mei:4.

Rudolph M. & Majaletje, M. 2015. Universities need the right leadership. *Mail & Guardian*, 23 to 29 October:31.

Saunderson-Meyer, W. 2006. The new language debate: protectionism vs multiculturalism. *Daily Dispatch* 12 June 2006:7.

Schlemmer, L. 2010. Bruin plattelandse studente benadeel. *Die Burger* 29 Junie:13.

Scholtz, L. 2006. Akademiese blik op Afrikaans aan US. *Die Burger* 1 Julie:8.

2008. Afrikaans móét beveilig word. *Die Burger* 30 April:19.

2010. Respek vir feite én ander. *Beeld* 30 Januarie:14.

2010a. Uitnemendheid is eerste. *Beeld* 19 Maart:18.

2011. Taal by US in Nederland dopgehou. *Die Burger* 9 November:4.

2011a. Gee Afrikaans nou sy plek by Stellenbosch. *Die Burger* 11 November:10.

2012. Taal is sterker as sulke idees. *Beeld* 21 April 2012:8.

2014. Lang stryd vir Afrikaans by US. *Die Burger* 25 April:6.

2014a. Universiteit se leë taalbeloftes. *Volksblad* 29 April:6.

2015. Vyf jaar en US uitsluitlik Engels. *Volksblad* 19 Junie:6.

2015a. Sien albei kante van die munt raak. *Volksblad* 4 September:6.

2015b. Doodsklok lui vir Afrikaans. *Volksblad* 10 September:6.

2015c. Puik wetenskap ken geen kultuur. *Volksblad* 2 Oktober:6.

2015d. Taal is ook US se roeping. *Volksblad* 20 November:6.

2015e. Nzimande se 'nuttige idiote'. *Volksblad* 27 November:9.

2015f. Vat nou hande oor Afrikaans. *Volksblad* 3 Desember:6.

2015g. Die Grondwet beskerm taal. *Volksblad* 24 Desember:6.

2016. Rasbril is by Maties heeltemal uit fokus. *Volksblad* 12 Februarie:7.

2016. Smorenburg 'wou net help dat situasie nie vererger'. *Volksblad* 17 Februarie:4.

2017. Die fundamentele misverstand oor Afrikaans. *Volksblad* 21 Julie:8.

2017a. Beoordeel die media eerder so. *Volksblad* 30 November:8.

Smit, J. 2010. "Asseblief", Daar weier prof Russel toe Botweg om Afrikaans te besig. *Rapport* 23 Mei:7.

Smith, A. 2006. Luyt looi 'Engelse' Leon oor steun vir Afrikaans. *Die Burger* 16 Februarie:5.

Smook, E. 2010. SA not multilingual enough – rector. *Cape Argus* 24 June:9.

Smorenburg, M. 2015. Daar is gesprek oor verandering op Stellenbosch. *Rapport* 24 Mei:5.

Smuts, R. 2016. Taal en denke kan nie geskei word nie. *Die Burger* 26 April: 4.

Spaarwater, M. 2006. Onrusrivier, logika hier dalk gevaarlik. *Die Burger* 24 Mei:11.

Spies, L. 2010. 'n Taal is nie skuldig nie. *Rapport* 14 Junie:17.

Spies, W. 2016. Val Piet in 'n ou Afrikanergat? *Beeld* 21 April:6.

Steenkamp, J. 2006. Bruin elite moet luister. *Die Burger* 17 Maart:17.

Steenkamp, N. 2006. Aanslag uit psige van 'n individu. *Die Burger* 1 April:16.

2007.Taalregte verder verwater. *Die Burger,* 18 September:13.

2009. Apologie na De Klerk se toespraak. *Die Burger* 7 Mei:12.

2009a. Esterhuyse se bewering vergesog. *Die* Burger 14 Mei:16.

Steward, D. 2007. Taalregte verder verwater? *Die Burger* 18 September:13.

2009. Esterhuyse se bewering vergesog. *Die Burger* 14 Maart:16.

Steyn, J. 2006. Afrikaanse universiteit. *Volksblad* 29 Maart: 10.

Steyn R. with Patta D. 2000. *One step behind Mandela: The story of Rory Steyn*. Johannesburg: Zebra Press. 49.

Stofberg, K. 2006. Argument geldig ondanks 12%. *Die Burger* 5 April:16.

Student sonder stem. 2010. Ken ook student in debat oor taal. *Die Burger* 23 Maart:13.

Swanepoel, E. 2016. Hy wip hom vir Maties se beleid, en verander toe sy testament. *Rappor*t 26 Junie:6.

2017. Maties het 'n nuwe ras-plan. *Rapport* 19 Februarie:8.

Swanepoel, E. 2017. US waarsku teen kultus na klagtes. Rapport 29 Oktober:5.

Swanepoel E. en Malan P. 2016. Afrikaans: Nog vier hofsake kom. *Volksblad* 24 Julie:8.

Theron, P. 2009. Kritiek op artikel van Botman. *Rapport* 27 Junie 2009:20.

TimesLIVE – http://timeslive.co.za/thetimes/20/14/11 Toegang 2015/08/28**.**

Toleffson, J.W. 1991. *Planning language, planning equality*. London: Longman & Wiley. Comparative historical analysis of a U.S. language policy and planning: extending the foundations. Huebner & Davis (eds). 1999:17-37.

Tough choices for parents and the Education Minister. 2006. *City Press* 8 October:22.

Trantraal, N. 2016. Min goed soe quietly satisfying. *Rapport Weekliks* 26 Junie:15.

Truda, 2009. Kuilsrivier. US-taalbeleid net 'n politieke storie. *Die Burger* 9 Mei:14.

Van Eeden, J. 2015. Transformeer oor méér as taal. *Volksblad* 16 Oktober:6.

Van den Berg, S. 2014. Oud-Matie as rektor van US aangestel. *Volksblad* 2 Desember:4.

2015. US kyk na bewerings oor studente wat druip. *Volksblad* 3 September:2.

2015a. Maties in die spervuur na video. *Volksblad* 2 September:2.

2015b. Onmin oor Taalplan. *Volksblad* 13 November:1.

2015c. Afrikaans bly vir eers by Maties. *Volksblad* 17 November:7.

2016. US dalk weer ontwrig. *Volksblad* 18 Januarie:9.

2016a. Pers steeds swart sê Open Stellenbosch. *Volksblad* 10 Februarie:7.

Van der Merwe, S. 2015. Durbanville, Afrikaans is net die simbool vir iets anders. *Rapport Weekliks* 29 November:10.

2015. Onmin oor Taalplan. *Rapport Weekliks* 13 November:1.

Van der Merwe, T. 2015. Korporatisering verblind Wim. *Rapport Weekliks* 22 November:10.

Van der Merwe, S. 2011. Meeste eerstejaars by US wel Afrikaans. *Die Burger* 9 April:12.

Van der Rheede, C. 2006. Dié stemme word nie gehoor in die debat. *Die Burger* 23 Julie:19.

2011a. We're divided by a common language *Cape Argus* 13 April:12.

2011b. Afrikaanses moet US-prioriteit wees. *Die Burger* 14 April:12.

Van der Walt, A. 2015. Afrikaner het pion geword, sê Steve. *Volksblad* 17 Desember:2.

Van Deventer, H. 2006. Melkbosstrand. *Die Burger* 30 Maart:18.

Van der Westhuizen, J. 2017. 13 gebooie wat Afrikaans kan red. *Volksblad* 21 Julie:8.

Van Dyk, F. 2015. Die taal is nie 'n onreg nie, dit is misbruik. *Rapport Weekliks* 22 November:3.

Van Eeden, J. 2015. Transformasie oor meer as taal. *Volksblad* 16 Oktober:6.

Van Niekerk, Anton. 2006. Dié prul hoort nie in taaldebat. *Die Burger* 10 Mei:15.

2009. Afrikaanses by US gebruik Engels. *Die Burger* 10 Junie:11.

2010. Hou koers in die sentrum. *Die Burger* 24 Februarie:19.

2010a. Taal nie US se kernopdrag. *Forum* 9 Maart:11.

2016. Afrikaans by Maties 'soos sterwende perd'. *Die Burger* 19 April:12.

Van Niekerk, GS, 2010. Wil US lei na uitnemendheid. *Die Burger* 8 Maart:11.

Van Rensburg, R. 2016. Repliek op Croucamp, *Beeld* 21 April:6.

Van Rooyen, M. 2017. UV-taalbeleid: Fel kritiek op regters se besluit. *Volksblad* 16 Februarie:7.

2017a. UV verwelkom taaluitspraak. *Volksblad* 29 Maart:7.

Van Staden, P. 2016. Breyten se ope brief oor taalbeleid is toonkrullekker. *Volksblad* 20 April:8.

Van Zyl, B. 2006. Durbanville. G'n simpatie vir tradisie. *Die Burger* 30 Maart:18.

Van Zyl, C. 2006. Eversdal. *Die Burger* 13 Mei:18.

Van Wyk, A. 2011. Die middelklas se lingua franca. *Beeld* 24 November:21.

Venter F. 2015. Dié soort transformasie is vir niémand voordelig nie. *Rapport* 4 Oktober:7.

Venter, M. 2009. SR is teen parallelmedium. *Die Burger* 7 Mei:10.

2011. Afrikaans verdwyn sonder monitering. *Die Burger* 8 November:2.

2013. Plan vir vernuwing kry groen lig by US. *Die Burger* 23 April:4.

2013a. Meer tolke by US verwater wel T-opsie. *Die Burger* 9 Mei:9.

2013b. US-taalbeleid 'stel tevrede'. *Die Burger* 3 Julie:3.

Viljoen, C. 2006. Bettysbaai. Hier is nie meer A-opsie. *Die Burger* 8 Junie:14.

2011. Twee fakulteite wys US kan taal laat werk. *Rapport* 27 November:3.

2011a. Om die taalbeleid-Rubicon oor te steek. *Die Burger* 13 Desember:12.

2012. Afrikaans in trauma. *Die Burger* 11 April:9.

2015. Matie-konvokasie soek wen-wen oplossing vir taalkwessie by Universiteit Stellenbosch. *Volksblad* 17 November:7.

Viljoen, F. 2006. Oude Westhof. *Die Burger* 1 April:16.

2006a. Doseertaal is nie diskriminasie nie. *Die Burger* 13 Mei:18.

2010. US-studente se mening ís geken. *Die Burger* 25 Maart:18.

2010a. Vrae oor regsreëls agter US-uitspraak. *Die Burger* 26 Junie:15.

Viljoen, N. 2006. Hoekom Afrikaans vrees? *Die Burger* 31 Maart:14.

Visser, W. 2013. Koshuisbeleid in die belang van US. *Die Burger* 29 Januarie:12.

*Volksblad*. 2015. Hoofberig. Afrikaans nié ras-gegrond. *Volksblad* 4 September:6.

2015. Hoofberig. Oë op UV se raad ná Maties se ja vir Afrikaans. *Volksblad* 3 Desember:6.

2015a. Hoofberig. Bou Maties nou as 'n uitnemende, meertalige bate. *Volksblad* 4 Desember:6.

2016. Hoofberig. 'Blackfacing' by Maties wys S.A. se rasdilemma. *Volksblad* 9 Februarie:6.

2016a. Hoofberig. Is Maties op 'n moeisame reis na nêrens? *Volksblad* 9 Februarie:14.

2016b. Hoofberig. Vra eerder wat Afrikaans vir ander kan doen. *Volksblad* 24 Junie:6.

2016c. Verslagspan. Afrikaans sal nie lê nie. *Volksblad* 24 Junie: 1.
[In groot letters op voorblad met foto's van De Villiers en Cheryl de la Rey, rektor UP.]

Volmink, J. 2012. Transformasie by US. *Die Burger* 5 April:19.

Vorster, M. 2006. Maties ondemokraties op glybaan. *Die Burger* 12 April:18.

Waldeck, E. 2016. Hy trap nou op tone. *Volksblad* 27 April:9.

Walker, C. 2009. The language debate. *Mail and Guardian* 15 October:18.

Weideman, G. 2006. Maak taal 'n koelteboom. *Die Burger* 15 Maart:14.

www. dailydot.com/opinion. Toegang 2016/03/26.

Wiley, T.G. 1999. Comparative historical analysis of a U.S. language policy and planning: extending the foundations. Huebner & Davis (eds). 17-37.

Wyngaard, B. 2015. Dié soort 'taalgelykheid' benadeel almal ewe veel. *Rapport Weekliks* 22 November:4.

Wyngaard, H. 2010. Botman en Steward beantwoord vrae. *Die Burger* 26 Januarie:3.

2015. Is bruines uit boedel uitgesluit? *Volksblad* 8 Desember:7.

Zwane, T. 2015. Even if they point their guns at us. *Mail & Guardian* 23-29 October:6.

# INDEKS


#BladeMustFall 207
#FeesMustFall-beweging 278, 301
#FeesMustFall-vaandel 270
#FeesMustFall-veldtog 205-206, 231, 235
#RhodesMustFall 318
Adam Tas-vereniging 274
afgetrede professore 65
afkoelmosie 180
African National Congress (ANC) 13, 19-20, 57, 70, 85, 89, 126-127, 165, 195, 210, 241, 247, 249, 286, 288, 327
AfriForum 78, 164-165, 225-226, 265, 267, 271, 273-276, 282, 284, 290-291, 293, 295-296, 302-303, 307-308, 314, 316
Afrikaans 1-134, 136-145, 147-180, 182-199, 201-209, 211-222, 224-230, 233-234, 236-261, 271-272, 274-313, 315-328
 Afrikaans as akademiese taal 38, 63, 65, 154, 157, 184, 201, 238, 244, 254, 292, 297
 beskermers van Afrikaans 29, 33, 36
 voorstanders van Afrikaans 55, 70, 76

Afrikaanse
 Afrikaanses 6, 17, 36, 65, 80, 120, 133, 145, 204, 256
 koerante 4
 kultuuroordrag 306
 leefwêreld 166
 lesingaanbod 150, 196-198, 294
 onderrig 25, 52-53, 60, 68, 74, 77, 80, 82, 84, 86, 93, 104, 116, 139, 147, 169, 175, 191, 273, 300-301, 307, 324
 student 130
 studentetal 41
 taalbeywering 9
 taalregte 12

Afrikaanse Alumni-vereniging (AAV) 258, 299
Afrikaanse Taalraad (ATR) 77-78, 89, 93-94, 99-100, 123, 125-126, 136, 165, 229-230, 238, 280, 293, 297
Afrikaanses, swart 145
Afrikaanse Woordfees 161
Afrikaansheid 55
Afrikaanssprekende(s) 4, 7-8, 12-13, 16-17, 20-21, 25-27, 34-35, 39, 44-45, 47-48, 51, 56, 60, 65, 68-69, 73-74, 77-78, 80, 89-91, 95-96, 100, 102-103, 105-107, 109, 111, 122, 126-127, 129-132, 140, 142, 144, 146-147, 150, 153-154, 156, 158-164, 168-169, 173-174, 179, 181, 183, 190-192, 196, 204, 207-208, 213, 218, 232, 244-247, 249, 252-254, 256, 259-260, 269, 275, 290-291, 296-298, 301, 304-305, 307-311, 316-317, 320, 322, 324, 326-327
Afrikaner 27, 30, 44-45, 53, 57, 60, 83, 88, 95, 101, 110-111, 127, 160, 190, 195, 204, 222, 255, 297
Afrikanerbond (AB) 45, 90, 218, 297
Afrikanerskap 36-37, 222
Afrikanisering 233, 304
Afrika Unie (AU) 114
Afrinetwerk 81
Akademia 250, 296, 299-300
Alexander, Neville prof. 40, 49
alternatiewe taalplan 64
amptelike tale 6-7, 49, 82, 95, 133, 258, 306, 310
ANC-leiers 246
Anglo-Boereoorlog (ABO) 101
anti-Brinks 19
anti-opsioniste 19
anti-regstellers 19
apartheidsaanklag 16

apartheidsindroom 10
apartheidsuniversiteit 35
ATKV 89, 131
ATKV-meertaligheidsweek 291
beginsellose leiers 3
bekgeveg 22
bekrompe taalvegters 2
beleidshersiening 11, 205, 318
Bester, Mortimer 273
Beukes, Anne-Marie prof. 280, 305
Bigalke, I 97
Biko, Steve 208
blackface-debakel 262
Boesak, Allan 13
Boezak, Willa 306
Bosman, Jan 86, 218
Botha, Jan prof. 202
Botha, PW 192
Botha, Rudie prof. 257
Bothma, Pieter-Schalk 37
Botman, Russel (rektor) 5, 39, 62, 71, 130
Brand, Fritz regter 285
Breytenbach, Breyten 35, 37-39, 43, 105, 170, 215-216, 284-288, 295, 305, 309
Briedenhann, Joggie dr. 265
Briedenhann, Poekie 262
briefskrywers 27, 36, 44, 48-52, 111, 153, 191, 255, 263, 265
Brink, André P 73
Brink, Chris (rektor) 5, 33, 130, 139, 203
bruin afgevaardigdes 125
bruin gemeenskap 26, 31
Buys, Flip 215, 328
Carstens, Wannie prof. 61, 136, 154, 294, 313
Cloete-debat 47
Cloete, Fanie prof. 45, 96
Cluver, Paul 71, 144
Coetzee, André 294
Coetzee, JM 285
Coetzenburg-sentrum 201
Croucamp, Piet 287
Cupido, Simone 299
de facto-universiteitstaal 296
De Klerk FW 6, 59, 81
De la Bat 32
demografie 5, 41, 114-115, 130-131, 194, 237, 324-326
Demokratiese Alliansie (DA) 25, 79, 92, 211, 241, 254
departement van nasionale onderwys 161
De Stadler, Leon prof. 119
De Villiers, Wim prof. (rektor) 5, 200, 223, 236, 258
- beperkte raadpleging 248
- intreerede 201
- maklike uitweg 238
- meertalige Suid-Afrikaanse universiteit 201, 258, 322
- ope brief aan die rektor 284-285
- Slim Wim 238, 252, 272
- Slinkse Wim 272
- tour d'Afrikaans 304
- Wolhaarwim 272

De Vos, Pierre prof. 11, 136, 141, 199
De Vries, Abraham 40, 59, 305
diversiteit 30, 33, 35, 55, 65, 78, 83-84, 98, 100, 107, 110-111, 114, 133-134, 148, 184, 186, 188, 194, 196, 201, 212, 224, 247, 259, 284, 286, 288, 295, 322
donateurs 28, 42, 71, 88, 113, 154
dubbelmedium 5, 9, 22, 45, 54, 67, 73-78, 87, 98, 105-106, 112-113, 125, 128, 138, 144-145, 168, 170, 177, 203, 280, 292-293, 308, 323
dubbelmediumstelsel 23, 26
Duma, Khule 215
Du Plessis, Prieur, dr. 182
Du Plessis, Theo prof. 11-12, 205, 318, 327
Du Plessis, Tim 70, 247, 286
Du Plooy, Heilna prof. 179
Du Preez, Max 29, 33, 207, 217, 254
Durand, Jannie 283
Du Toit, JB prof. 80

Du Toit, Koos prof. 39
eendimensionele fokus op ras 216
eentalig-Engels 52
Eerstejaars-akademie 156
eeufeesviering 290
Economic Freedom Fighters (EFF) 246-247, 278
eksklusiwiteitsaanhang 43
ekstreme taalstryders 33
Eloff, Theuns, prof. 41, 308
Engelse universiteite 11, 31, 52, 106, 111, 125, 256
Engelssprekende(s) 11, 25, 31, 51, 55, 57-58, 77, 82-83, 87, 90-91, 95, 105-107, 111, 115, 132, 137, 139-140, 143, 146, 150, 159-160, 166, 180, 201, 224, 246, 250-251, 256, 311, 320, 322
Engelssprekende studentegetalle 132, 250
Engelstalige aanbod 60
Eskom 116
Esterhuyse, Willie prof. 20, 60, 81, 153, 246
etniese mobilisering 30, 127
eurosentrisme 231-232
FAK-blad 45
Fanon, Frantz 50
Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) 9, 35, 45, 136, 165, 296
Fedsas 285, 289
Figel, Jan 44
filosofiese verklarings 20
finale konsepbeleid 292-293
Fischer, Bram 48, 230
Fishman, Joshua 40
Fourie, Johan prof. 256
Fourie, Magda prof. 81, 119
Gaum, André 82, 176
gebalanseerde nuusverslaggewing 3
gees van inklusiwiteit 44
geloofwaardigheidskrisis 59
geregtigheid 62, 114, 142, 153, 172, 199, 209, 224, 241
Gerwel, Jakes prof. 62
Gerwel-verslag 79, 105, 303
Giliomee, Hermann prof. 18, 23-24, 26, 28-29, 32, 34, 37, 40, 42, 46, 53-54, 61-62, 64-66, 70-71, 73-74, 76, 78-80, 82, 89-94, 97, 104-111, 120, 123, 125-128, 130, 135-136, 138-141, 143-145, 148-149, 153-154, 182, 226, 250-252, 254, 284, 305-307
Gonzales, Hein 294
Gouws, Amanda prof. 108, 110, 168, 211, 253
Gouws, Rufus prof. 310
Greykollege 31-32
Groepe, Francois 93, 134, 136
Grondwet 6, 9-13, 16, 39, 49, 56, 59, 80, 88, 101, 120, 133, 141-142, 145, 163, 169, 171, 174, 190, 194, 199, 222, 225, 260, 268, 284, 289, 293-294, 296-297, 303, 305, 307, 310, 327
Grondwetlike regte 142
Hatting, Johan prof. 202
HB Thom-teater 168
Heese, Hans dr. 136
Helpmekaar-studiefonds 246, 283
Henry, Omar 182
Heydenrych, Carolus 278
Histories Afrikaanse Universiteite 7
Histories Afrikaanse Universiteite (HAU) 5, 7, 10, 15, 19, 21, 40, 48, 87-88, 124-125, 130, 140-141, 156, 162, 179, 197, 205, 209, 247, 288-289, 297, 299, 303, 318, 320
Hofmeyr, Steve 179, 255
Howie-bevinding 284
Howie, Craig regter 283
Hugo Daniël dr. 300
Human, Sonia prof. 275
ideologiese vooroordele 2
iMag 80
Indiërs 156
insiggestremd 269
Institusionele Forum 194
Interaktiewe Telematiese Dienste 157

interdik 274, 276, 282, 303
internasionale studente 115
Jannie Jammergat 266
Jansen, Jonathan prof. 11, 49, 89, 120, 156, 199, 227-229, 262, 287
Jennings, Marianne 103
Johnson, RW 285, 305
Jong Maties 163
Kaapse Afrikaans 16, 177-178, 253, 326
Kaapse Vlakte 111, 161
Kadalie, Rhoda dr. 104, 136, 154, 285
Kamfer, Ronelda 179
Kannemeyer, Mercy 213
Kapp, P prof 18, 23, 53, 55, 58-59, 117, 123, 129, 131, 147-148, 162-163, 168-169
Karaan, Mohammed 241
kerntaak van universiteite 201
Khoi-Khoi 109
koloniale stelsels 13
koloniale tale 20
kolonialisme 232
Kommissie van die Nederlandse Taalunie 166
Kommissie vir die Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe (KGT) 7, 102
Konstitusionele Hof van Suid-Afrika (KH) 13, 315-318
konvokasiebestuur 27, 59, 93, 117, 129-130, 197
konvokasie-ingryping 163
konvokasielede 16, 39, 41-42, 44, 46-47, 58, 148, 154, 183, 191, 194, 230, 271-272, 306, 322
Koopman, Nico prof. 62, 223-224
korporatisering 253
koshuistoelatingsplan 193-194, 311
Kotze, Deon 300
Kreoolse taal 109
Krog, Antjie 58, 230
kultuur- en taalregte 19
Landman, Ruda 30, 42
Language Policy for Higher Education (LPHE) 9, 205
Laponce, Jean 40, 53
Le Cordeur, Michael dr. 71, 129
leierskorps 165
leliewit mans-raadslede 219
Leon, Tony 25, 285
Le Roux, André 244
Le Roux, Michiel 30
lingua franca 26, 179, 322
linguistiese ubuntu 145, 156-157
Litigasie 142, 302, 310
Loots, Sonja 214, 272, 285, 297, 301
Lubbe, Gerhard prof. 158
Luister-video 209, 212-213, 223-224
Luyt, Louis 25
Maarman, Johan 64
Malan, Charles, dr. 41
Malan, DF 199, 261
Malan, Pieter 104, 192
Malema, Julius 319
Mandela, Nelson 105, 219
Marais, Ernst 163
Marais, Jan 296
Marais, Peter 307
marginalisering 11
Marighella, Carlos 50
Marxistiese intellektueles 46
Matie, Die 37-39
Matie-parlement 278
Mbembe, prof. 247
Media 24 229
meertalige Suid-Afrikaanse universiteit 201, 258, 322
meertaligheid 10, 24, 26, 72-73, 80, 98, 111, 124, 128, 147-148, 152, 157, 161, 201-202, 204, 258, 260, 272, 280, 284, 290, 292, 297-299, 310, 322, 327
Menseregtekommissie 102, 264, 267
middelgrond 19, 28, 98, 215, 246, 320, 324-325

MIV/Vigs 184
moedertaalonderrig 3, 11-12, 16-17, 19-20, 49, 56, 60, 69, 78, 113, 116, 125, 142, 146, 157, 159, 164, 169-170, 173, 181, 190, 251, 254, 284, 288-289, 293, 295-296, 307, 323-324, 327
moedertaalsentiment 15
moniteringstelsel 108
Moore, Basil dr. 31
Moos, Ainsley 182
Mouton, Jannie 71, 93
multikulturalisme 33
Naposa 119, 122
Nasionale Navorsingstigting (NRF) 8
Naspers 30, 45, 71, 136, 182, 228
Natte 56
neo-Afrikaners 19, 29-30, 33-34, 36-37
neokonserwatiewe aanslag 45
Newcastle Universiteit 66
nismark 112
Noakes, Tim prof. 200
nuwe demokrasie 128, 192
nuwe raadslede 42, 44, 46, 72, 154-155
nuwe taalapartheid 27
nuwe taalbeleidsraamwerk 205
Nzimande, Blade (dr.) minister van hoër onderwys 10-11, 21, 91, 97, 124, 127, 133, 154, 180, 204-205, 207, 223-225, 228-229, 249-250
onderrigmodelle 323
onderrig-opsies 22
ongetransformeerde raad 220
ontwikkelingsinisiatief 58
onverkwiklike intriges 3
oogmerke 17, 42, 64, 74, 96, 99, 110, 148, 191, 219, 252, 323
oorbeklemtoning van Engels 159
oorlogskamer 155
openbare mening 1
Open Stellenbosch (OS) 205, 209-212, 214-216, 219-221, 228-230, 232, 236, 238-239, 246-248, 250, 253-254, 258-259, 263-264, 266, 268, 275, 277-278, 299, 313
opruiende lawaaimakers 3
Orania-beweging 230
Oslo-aanbevelings 13
Ostler, N 39
Pandor, Naledi minister 69, 79, 249
Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) 7, 70, 102
Papo, Hope 286
parallelkursusse 67
parallelmediumlesings 25, 229
parlement 10, 154, 171, 183, 223, 235, 278, 297
parlementêre portefeuljekomitee 103, 210, 280, 283
Partij voor de Vryheid 166
Paul Roos Gimnasium 31-32, 294
Pelser, Frank adv. 144
Pepuda 266
Philips, Lionel 27
Pieters, Bernard 273
Praag 90, 297
pragmatisme 56, 68
Pretorius, Cornia 34
Prinsloo, Dioné dr. 312
QS World University Rankings 256
raadsverkiesing 42, 134, 141, 144, 148, 151, 154-156
Raad van Europa 12
Raad vir Gesondheidsberoepe 200
Rabe, Lizette 261
Rabie, Jan 85, 183
Rapportryersbeweging (RRB) 289
rasbril 268
rasdilemma 264
rashisterie 263
ras-inklusiewe universiteit 39
rasseharmonie 15
rasse-uitsluitings 11

rassiste 48, 63, 104, 107, 173, 266
rassistiese insidente 213, 221
rassistiese verlede 17, 199
Regslui vir Afrikaans 165
regs-reaksionêres 19
reg tot toelating 8
Reitz-voorval 91
Retief, Hanlie 120, 173, 268, 306, 313
Reutech 229
Robinson, Freek 310
Roodt, Dan 88, 127
Rooiplein 210-211, 244, 265
Rossouw, Danie 291
Rossouw, Johann dr. 35, 45, 85, 305
Rupert, Anton dr. 31
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns 9
Sadou 119, 122-123
Schlemmer-verslag 139
Schoeman, Jaco 297
Scholtz, Adelbert dr. 94, 168, 182
Scholtz, Leopold 18, 20, 40, 150
Schoonwinkel prof. 197, 269, 282
SciMathUS-program 156, 161
senaat 5, 31, 55, 57-59, 61, 67-68, 72, 94, 100, 104, 138-139, 149, 153, 180, 238, 240, 258, 290, 292-293, 302, 305, 307, 320, 325
Sentrums van Uitnemendheid 57
skeldtaal 19
skikkingsooreenkoms 275
skorsing 264, 266, 269
Smit, Flip prof. 284
Smith, Desmond 154
Smorenburg, Mathew 267
Solidariteit se Helpende Hand (SHH) 131-132
sosiale samehang 253
sosiolinguistiek 17
Spies, Lina prof. 28, 42, 58, 94, 136, 168
Spies, Willie 288
Standaardafrikaans 16, 326
Steenkamp, Conrad, dr. 297
Stellenbosch-beraad 69
Steward, Dave dr 81
Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) 9, 49, 63, 80, 118, 165
streeksverantwoording 116
Struggle 13
studentebehuising 279
studentegetalle 5, 60, 84, 86, 90, 130, 132, 160, 235, 250-251
studenteprofiel 132
studentevoorkeure 256
subsidie-toekenningsmodel 8
Suid-Afrikaanse universiteite 21, 52, 58, 112, 131, 185, 234
swart akademici 234
swart studente 8-9, 15, 40, 48, 52, 65, 77, 87-88, 105-106, 140, 154, 158, 172, 176, 178-179, 191, 195, 199, 205-211, 222, 224, 229, 231-233, 247, 250, 304, 316
swart Suid-Afrikaners 30, 172-173
Swart Woensdag 294
taalaktivisme 3
taal-anti's 19
taalapartheid 26-27
taalbehepte rassiste 63
taalbeleid 6-7, 10, 25, 28, 31, 39, 42-43, 46-48, 51, 54-55, 59-60, 64, 66, 71-72, 74, 78, 80, 83, 92, 106, 109, 112-113, 117, 122, 135-137, 139-141, 144-145, 148-149, 151, 166, 173-174, 183, 185, 187, 195, 198-199, 201-202, 204, 211, 213, 220, 224, 229, 236, 240-242, 244, 248, 258-259, 270-271, 273-276, 278, 280-283, 285-286, 289, 291, 294-295, 298-300, 302-308, 313-316, 322
taalbeleid-Rubicon 181
taalbulle 19, 66, 169, 171, 173, 175, 218, 221, 287-288
taalfopdossers 128
taalgeskil 26-27, 34
taalglyers 19, 97

taalkomitee 28, 31, 42-43, 59, 71-72, 104, 138-139, 148-149, 203, 281
taalkonkelaars 128
taalombudsman 24
taaloorlog 16, 26, 297
taalopsies 4, 21, 31, 64, 98
taaloudit 24
taalplan 64, 75, 77, 85, 98, 166, 187, 241, 253, 273, 275-276, 282
Taalsentrum 98-99, 161
taalstryders 5, 11, 16, 31, 33-34, 50, 55-56, 61, 74, 88, 104, 111, 120, 122, 126, 129, 137, 154, 170-171, 175, 180, 191, 221, 237, 244, 259, 320
taaltollies 19
taaltreitering 79
taalvriendelikheid 53
Tabema 80
teen die T-opsie 41, 52-53, 55
teenpole 323
Theron, Pierre prof. 90
tolk-opsie 22
T-opsie 22-25, 30, 32, 36, 40-41, 43, 48, 52-53, 55, 59-60, 66-67, 73, 75, 77, 87, 113, 139-140, 144, 147, 150, 168, 171, 177, 180, 188, 198, 250
tradisionele media 1
transformasie 4-6, 17, 19, 21, 41-42, 45-46, 48, 63, 65-66, 68, 77, 80, 82, 84, 87-89, 91-92, 97, 99, 103, 106, 111-112, 114, 124, 133, 156, 163, 177, 184-188, 190-194, 196, 198-199, 201-202, 207, 210-212, 216-217, 219-220, 223-225, 228-233, 251, 255, 277, 280, 286, 291, 307, 318, 320-321, 323
transformasieagenda 196
Traverso, Jeanette regter 282
Treatment Action Campaign (TAC) 228
tuberkulose 184
tweespalt 266
Tygerberg-hospitaal 184, 187
ubuntu 145, 156-157
unieke eiland van bevoorregting 154
Universiteit(e) 1, 5, 17, 44, 66, 81, 150, 158, 171, 223-224, 236, 263, 288, 318, 324
- NWU 5, 10, 15, 40-41, 50, 54, 61, 74, 79, 119, 123, 125, 130, 140, 146, 162, 167, 178-179, 203, 205, 221, 226-227, 249, 306, 308, 325
- SAOU 116-117, 123, 164-165
- UJ 5, 36, 40, 73-74, 123, 162, 203, 287
- UK 32, 49, 73, 128, 148-149, 158, 172, 177, 200, 224, 247-248, 252
- UP 5, 9-10, 23, 40, 54, 74, 123-125, 140, 162, 179, 203, 205, 209, 226, 249, 256, 287, 295-297, 299, 302, 308-309
- US 1-2, 5, 9-10, 13, 15-33, 35-43, 45-75, 77-93, 95-100, 103-120, 122-126, 130, 132-179, 182-185, 190-213, 216-217, 219-229, 231-232, 235-244, 246-278, 280-287, 289-292, 294-315, 320-322, 324-325
- UV 5, 10, 13, 15, 21, 40-41, 43, 50, 54, 74-75, 79, 89, 91-92, 120, 123, 125, 140, 162, 199, 203, 205, 209, 227, 249-250, 256, 287, 294-295, 302-303, 307-310, 313, 316, 318, 322
- UWK 36, 39, 73-74, 145, 158, 172, 203, 252
- Wits 83, 177, 207, 224, 235

Van der Ross, Richard dr. 73
Van der Walt, PW prof. 313
Van Niekerk, Anton prof. 37-38, 96-97, 136, 139-140, 215, 246, 286
Van Niekerk, Gerhard dr. 42, 134, 139, 154
Van Niekerk, Lorinda 314
Van Parijs, Philippe 40
Van Rensburg, Rudie 288
Van Wyk, Christoff 296
Van Wyk Louw, NP 14
veeltaligheid 17, 22-23, 33, 35, 39, 42, 44, 48, 117, 156, 176, 185, 189, 248, 277, 295, 321
veiligheid 37, 88, 226, 270

beskermingsdienste 226
verbeeldingryke oplossings 155
verengelsing 5, 9, 25, 27-30, 33, 38, 41, 47, 51, 67, 77, 81, 84, 87-89, 111, 113, 126, 140, 143-144, 153, 202, 243-244, 285, 291, 306, 313, 323
versoening 4, 14, 224, 233, 255, 260
verstektaal 8, 147, 202-203, 227, 251, 293, 296, 302
vertrouensbreuk 276, 302
Verwoerd, H 171, 173-174, 221
viktimisasie 23
Viljoen Christo, prof. 28, 42, 55, 59, 129, 135, 146, 168, 311
Viljoen, Francois 46
volkstaat of the mind 19, 34
Volmink, Jimmy prof. 184
voorgraadse studente 15, 29, 61, 106, 115, 154, 160, 192
Voortrekkers 165
Vorster, Mauritz dr. 51
Vosloo, Ton 126
Vredenheim-debakel 118
vrees 47, 54, 103, 115, 164, 177, 196, 200, 202
Vryheidsfront Plus (VF+) 79, 197, 230, 241, 267
Waarheids en Versoeningskommissie (WVK) 14
Walker, C prof. 107-108
weerspreking van die bestuur 180
Weideman, George 35
Welsh, David prof. 285
Wet op Hoër Onderwys 275, 305
wit Afrikaanses 17, 65, 256
wit Afrikaners 20, 43-44, 218, 245
wit bevoorregting 11, 211, 213, 218, 253
wit sentimentalistiese beskouing 17
witsentriese beskouings 233
Woordeboek van die Afrikaanse Taal 161
Yach, Dianna, dr. 185
Zevenwacht 89, 97, 118
Zevenwacht-byeenkoms 90, 94
Zimbabwe 254

# LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AAV | Afrikaanse Alumni-vereniging |
| AB | Afrikanerbond |
| ABO | Anglo-Boereoorlog |
| ANC | African National Congress |
| ATR | Afrikaanse Taalraad |
| AU | Afrika Unie |
| DA | Demokratiese Alliansie |
| EFF | Economic Freedom Fighters |
| FAK | Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings |
| HAU | Histories Afrikaanse Universiteite |
| KGT | Kommissie vir die Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe |
| KH | Konstitusionele Hof van Suid-Afrika |
| LPHE | Language Policy for Higher Education |
| NRF | Nasionale Navorsingstigting |
| NWU | Noordwes-Universiteit |
| OS | Open Stellenbosch-groep |
| PANSAT | Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad |
| RRB | Rapportryersbeweging |
| RAU | Randse Afrikaanse Universiteit |
| SHH | Solidariteit se Helpende Hand |
| SBA | Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans |
| UJ | Universiteit Johannesburg |
| UP | Universiteit Pretoria |
| US | Universiteit Stellenbosch |
| UV | Universiteit van die Vrystaat |
| VF+ | Vryheidsfront Plus |
| WVK | Waarheids en Versoeningskommissie |

# OOR DIE SKRYWER

**Johan C. Moll** is tans ’n navorsingsgenoot by die Departement vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is ’n voormalige dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe en ’n historikus van beroep. Tydens die afgelope dekade het hy verskeie boekpublikasies oor naamsverandering en moedertaalonderrig gepubliseer en hy is veral ook bekend vir sy bevordering van die kunste en musiek in die besonder.

Hierdie ontleding van die taalstryd op die kampus van die Universiteit Stellenbosch strek vanaf 2003 tot Maart 2018 en put uit 'n verskeidenheid hoofstroom media, maar veral vanuit Afrikaanse dagblaaie – *Die Burger*, *Volksblad* en *Beeld* – wat daagliks minstens 42,6% van die Afrikaanse leserspubliek bereik. Uit die aard van die onderwerp het veral Afrikaanse koerante groot belangstelling getoon en talle berigte oor die US-taalstryd gehad, terwyl dekking daarvan in veral *Mail & Guardian*, *The Star*, *The Cape Times* en die *Cape Argus* soms kritieser, indringender en objektiewer ondersoek en standpuntstelling bevat het. Dikwels is die taalkwessies so belangrik geag dat dit voorblaaie gehaal het en volgens die oordeel van die redaksie, kommentaar in talle hoofartikels geregverdig het.

Ander aktivistiese wapens wat in hierdie taalstryd uitgewys kan word, is appèl op politici, driftige optogte en lokaalbesettings; dreigemente van ekondruk, boikot en selfs wanvoorstellings en uiteindelik geweldpleging, brandstigting en eiendomsvernietiging.

Hoewel die verloop van gebeure in hierdie boek oor Afrikaans se stryd om oorlewing op 'n histories-Afrikaanse universiteit vol drama en intrige verloop het en inderwaarheid die aandag van 'n wye leserspubliek verdien (in die woorde van een van die keurders), is dit in die eerste plek 'n wetenskaplike, ontleding van feitelike gebeure rondom 'n verwikkelde taalstryd.

ISBN 978-1-928424-23-9

9 781928 424239

SUNBONANI SCHOLAR